

DIE TUG OOR AMPSDRAERS

'N KERKREGTELIKE EN KUBERNETIESE STUDIE

Proefskrif aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die
graad

THEOLOGIAE DOCTOR

in die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

deur

JAN VISSER (BA., Th. M)

Promotor : Prof. dr. G. P. L. van der Linde

Dankbetuiging

Dit is my innige begeerte om ootmoedig my dank teenoor die HERE te betuig met die voltooiing van hierdie studie. Dat ek hiertoe in staat was, is slegs deur sy genade, besieling en onderskraging.

Prof. dr. G. P. L. van der Linde, my gewaardeerde en hooggeagte promotor, verdien 'n besondere dankwoord. U goed-gefundeerde, logiese en heldere leiding, wat getuig van wyse belesenheid en meesterlike beheersing van die betrokke vakrigting, was vir my 'n inspirasie. U aanmoediging het my telkens weer bemoedig om te volhard. Wees daarvan seker dat dit vir my 'n eer en voorreg was om hierdie studie onder u toegewyde leiding te kon doen. Die vriendelike en gasvrye ontvangs wat my altyd by u aan huis te beurt geval het van die kant van u eggenote en uself, sal my steeds bybly.

'n Woord van spesiale dank en waardering word gerig aan mev. P. S. Jacobs vir die netjiese tikwerk, wat onder baie moeilike persoonlike omstandighede verrig is.

Vir die taalkundige versorging bedank ek graag my dogter, mej. M. J. Visser.

Dr. H. W. Simpson en ds. I. D. Wylie het bystand verleen by sommige Latynse vertalings en die Engelse opsomming van die proefskrif. Daarvoor my hartlike dank.

Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, veral mev. Riana Scheepers by die Teologiese Skool, het altyd vriendelike en hulpvaardige diens gelewer. Ek betuig daarvoor graag my opregte waardering.

Gedurende die afgelope studiejare moes my vrou, Marieta, dikwels volhardend en geduldig aanmoedig. Hierdeur het sy 'n groter aandeel aan hierdie taak gehad as wat sy self besef. Daarvoor, asook vir haar hulp met proeflees en haar liefdevolle onderskraging, my innige dank. Ook my kinders, Marietjie, Walter en Elsabé, wat tydens die studie sekere dinge moes ontbeer, moet versekerd wees van my dank en waardering teenoor hulle.

Aan die Kerkraad en heelwat lidmate van die Gereformeerde Kerk, Brakpan-Suid, wil ek die versekering gee van my nederige dankbaarheid teenoor hulle. En dan nie slegs vir 3 maande studieverlof nie, maar bo alles vir die voorbidding, die liefde, die begrip, die belangstelling en die aanmoediging tydens die studie. Ek sal dit steeds in dankbare herinnering hou.

My bede is dat hierdie beskeie arbeid die eer van die HERE en die welsyn van die kerk van Jesus Christus sal dien. Mag dit ook vir ampsdraers en lidmate tot hulp en voordeel wees.

J. VISSER

BRAKPAN
November 1981

A F K O R T I N G S

Die volgende afkortings is in hierdie werk gebruik:

C.R.C.	=	Christian Reformed Church in North America.
G.K.N.	=	Gereformeerde Kerken in Nederland.
G.K.S.A.	=	Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ¹⁾
K.O.	=	Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, behalwe waar anders vermeld.
N.G.K.	=	Nederduitse Gereformeerde Kerk.
N.H.K.A.	=	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

1) Hierdie naam is ook gebruik by werke wat verskyn het toe die offisiële naam van die Kerk nog "Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika" of "Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika" was.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING

HOOFSTUK 1

VERANTWOORDING

1.	TERREINVERKENNING	1
2.	DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE	7
3.	DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TUG OOR AMPSDRAERS	8
3.1	Kenmerk van die ware kerk	8
3.2	Die onmisbaarheid van die tug oor amps- draers vir die wese en die welsyn van die kerk	13
3.3	Deformasie deur tugverval	16
4.	VERANTWOORDING VAN SEKERE ASPEKTE IN DIE BEHANDELING VAN DIE ONDERWERP	18

HOOFSTUK 2

KERK, KONINKRYK EN AMP	22
1. INLEIDING	22
2. WAT DIE KERK IS	25
3. WAT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE IS	37
4. DIE VERBAND TUSSEN KERK EN KONINKRYK VAN DIE HEMELE	43
5. WAT DIE AMP IS	51
5.1 Die oorsprong en wese van die amp	51
5.2 Amp en roeping	59

5.3	Amp en gawe	63
5.4	Buitengewone en gewone ampte	65
5.5	"Algemene" en "besondere" amp	75
5.6	Amp of diens?	80
6.	AMP EN KERK, AMP EN KONINKRYK VAN DIE HEMELE	85
7.	SAMEVATTING	91

HOOFSTUK 3

DIE TUG OOR AMPSDRAERS AS SLEUTELMAG: DOEL EN AARD	98
---	----

1.	INLEIDING	98
2.	SLEUTELS EN TUG VOLGENS SKRIF EN BELYDENIS	99
2.1	Wat beteken: "Sleutels van die hemel- ryk"?	99
2.2	Aan wie die sleutelmag toevertrou is	101
2.3	Die verband tussen sleutels en tug	104
2.4	Bind en ontbind	105
3.	IS DIE TUG OOR AMPSDRAERS OOK SLEUTELMAG?	107
4.	DIE DOEL VAN DIE TUG OOR AMPS- DRAERS	110
4.1	Die eer van God	112
4.2	Die heil van die gemeente	115
4.3	Die behoud van die sondaar	119
4.4	Die reinheid van die bediening	122
5.	DIE AARD VAN DIE TUG OOR AMPS- DRAERS	125
5.1	Die tug geskied uit liefde	125
5.2	Die tug is geestelik	130
5.3	Vermaning en/of skorsing en/of afset- ting	134
5.3.1	Al drie maatreëls in alle gevalle?	134

5.3.2	"Judisiële" en "justisiële" tug oor ampsdraers	141
5.3.3	Artikel 81 K.O.	149
6.	SAMEVATTING	152

HOOFSTUK 4

DIE SUBJEK VAN DIE TUG OOR AMPSDRAERS		157
1.	INLEIDING	157
2.	CHRISTUS, AS HOOF VAN DIE KERK, DIE ABSOLUTE SUBJEK	158
3.	DIE OWERHEID 'N SUBJEK?	161
3.1	'n Universele vraagstuk	162
3.2	Reformatoriese kentering	163
3.3	Die Leidense stryd	168
3.4	Die "Algemeen Reglement ..." van 1816	170
3.5	Ds. Hendrik de Cock	176
3.6	Die posisie in die Kaap, 1652-1843	182
3.7	Die Shand-saak	188
3.8	Konklusies	192
4.	DIE "INSTRUMENTE" VAN CHRISTUS AS BEDIENENDE SUBJEK	194
4.1	Die onderlinge vermaning	194
4.2	Die ouderlinge en hul opdrag	199
4.3	Begrensing van die taak van die kerk- raad	204
5.	SAMEVATTING	208

HOOFSTUK 5

MINDERE EN MEERDERE VERGADERINGS		212
1.	INLEIDING	212
2.	PLAASLIKE KERK EN KERKVERBAND	214
2.1	Kerkverband - 'n roeping?	214

2.2	Die kerk gaan aan die kerkverband vooraf	218
2.3	Kerkverband en die selfstandigheid van die plaaslike kerk	220
2.4	Is kerkverband ook <i>kerk</i> ?	222
3.	MEERDERE VERGADERINGS AS SODANIG	231
3.1	Wat meerdere vergaderings beteken	231
3.2	Handelinge 15 - 'n prototipe van latere sinodes?	233
4.	DIE SAMESTELLING VAN MEERDERE VERGADERINGS	241
4.1	Meerdere vergaderings is vergaderings van kerke	241
4.2	Die afvaardiging na meerdere vergaderings	248
4.2.1	Die afvaardiging as sodanig	249
4.2.2	Wie afgevaardig word	251
4.2.3	Geloofsbriewe	254
4.2.4	Opdragte	264
5.	DIE GESAG IN MEERDERE VERGADERINGS	267
6.	BEPERKING VAN GESAG IN MEERDERE VERGADERINGS	275
6.1	Artikel 30 K.O.	276
6.2	Die Geelkerken-saak	279
6.3	Die Wiersinga-saak	283
7.	BESLUITTE VAN MEERDERE VERGADERINGS HET BINDENDE KRAG	285
7.1	Die meerderheid van stemme	285
7.2	Gods Woord die grens van alle gesag	286
7.3	Wat behels "vas en bindend" in art. 31 K.O.?	288
8.	KERKVISITASIE	292
9.	SAMEVATTING	296

HOOFSTUK 6

DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADERINGS	304
1. INLEIDING	304
2. DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADE- RINGS IN DIE KERKORDE	308
3. DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADE- RINGS IN DIE ALGEMEEN	311
4. MEERDERE VERGADERINGS HET BEPERKTE TUGREG	316
5. IS DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGA- DERINGS BLOOT 'N BESLISSINGSREG, OF OOK 'N REG TOT UITVOERING?	320
6. ARTIKEL 30 KERKORDE	324
7. KAN 'N MEERDERE VERGADERING 'N HELE KERKRAAD AFSIT?	336
8. DIE REG TOT EKSKOMMUNIKASIE	341
9. UITSETTING UIT DIE KERKVERBAND	351
10. DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADE- RINGS EN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE	355
11. BESPREKING VAN VERSKILLENDEN TUGGE- VALLE	357
11.1 Coolhaes	357
11.2 Die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en daarna	363
11.3 Voor die Doleansie van 1886	366
11.3.1 Skorsing van die Dordtse ouderlinge	367
11.3.2 Skorsing van di. Eigeman en Van Hoogenhuyze	368
11.3.3 Skorsing van 80 ampsdraers in Amsterdam	369
11.4 Geelkerken	371
11.5 Schilder en Greijdanus	374
11.6 Burgers en Kotzé	376
12. SAMEVATTING	381

HOOFSTUK 7

TUG OOR LEER EN LEWENSWANDEL	390
1. INLEIDING	390
2. DIE TUG OOR LEWENSWANDEL	392
3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEERTUG	399
3.1 Die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis	403
3.2 Binding aan die Belydenis	416
3.2.1 Beswaarskrifte	432
3.2.2 Die vryheid van profesie	434
3.2.3 Die verdraagsaamheid	435
4. TOELATING TOT DIE BEDIENING VAN DIE WOORD	439
5. BESPREKING VAN VERSKILLENDE GEVALLE	447
5.1 Coolhaes	447
5.2 Die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en daarna	450
5.3 1834 en 1886	453
5.4 Geelkerken	463
5.5 Schilder en Greijdanus	464
5.6 Die huidige toestand in die G.K.N.	470
5.6.1 Die besluit van die Sinode van Assen (1926) herroep	470
5.6.2 Kuitert	472
5.6.3 Wiersinga	478
5.7 Die kerke in die Kaap gedurende die 19e eeu	483
6. SAMEVATTING	484

TOEPASSING IN DIE PRAKTYK 490

1.	INLEIDING	490
2.	"OPENBARE GROWWE SONDE ..."	492
2.1	Onderskeid tussen geheime en openbare sondes	492
2.2	"Growwe" sonde	499
2.3	Die "sondelys" in art. 80 K.O.	501
3.	HOE KOM 'N TUGSAAK ORDELIK TER TAFEL?	511
4.	VOORLOPIGE SKORSING	515
5.	HULP VAN DIE KERKVERBAND	517
5.1	Die verpligting daartoe	517
5.2	Die funksionering daarvan	520
5.3	Waarom teenoor predikante anders opgetree word as teenoor ouderlinge en diakens	523
6.	VERSKILLENDE TUGMIDDELS IN VERSKILLENDE GEVALLE	526
6.1	Die skorsing van ouderlinge en diakens	526
6.2	Die afsetting van ouderlinge en diakens	527
6.3	Die skorsing van predikante	528
6.4	Die afsetting van predikante	532
6.5	Die tug oor teologiese professore	536
7.	DIE VERHOUDING TUSSEN DIE TUG OOR AMPSDRAERS EN DIE "GEWONE" TUG	538
8.	ARTIKELS 11 EN 79 K.O.	541
9.	DIE TUGOEFENING OOR PREDIKANTE WAT NIE LIDMATE VAN HUL "ROEPENDE" KERKE IS NIE	546
10.	TUG IN GEVALLE VAN EIEWILLIGE AMPSNEERLEGGING EN OPSEGGING VAN KERKLIKE GEMEENSAP	548
10.1	Eiewillige ampsneerlegging	548
10.2	Opsegging van kerklike gemeenskap	553

10.3	Bespreking van enkele gevalle	554
10.3.1	S. Greijdanus	554
10.3.2	N. J. R. Swart	555
10.3.3	S. D. Venter	558
11.	OPHEFFING VAN DIE TUG	560
12.	SAMEVATTING	566
HOOFSTUK	9	
SAMEVATTING		573
BIBLIOGRAFIE		598

VERANTWOORDING

1. TERREINVERKENNING

"Een wat die tug liefhet, het kennis lief; maar wie die teregwyding haat, is dom." (Spreuke 12:1).

Hierdie woord van die Spreuke-digter kan as tiperend beskou word van die groot waarde wat in die Skrif aan die gedagte van tug geheg word (vergelyk die gebruik van die Hebreeuse woord "jasar" en die afgeleide "moesar" in die Ou Testament, asook die Griekse "paideuoo" en "paideia" in die Nuwe Testament. Bertram, 1967, p. 596-625).

Hoewel die woorde "tug", "tugtig", "tugtiging" en ander verwante woorde verskeie kere in die Bybel voorkom (kyk byvoorbeeld Trommius, s.j., p. 371, 422, 733, 734; Van Daalen, Van Dooren, Dijk, Korlvinke, Schweitzer, 1953, p. 145; Moulton en Geden, 1957, p. 745, 746), kom die uitdrukking "kerklike tug" as sodanig nêrens voor nie. Die *saak* kom wel voor, aangedui deur verskillende woorde en begrippe soos verder uit hierdie studie sal blyk en waarvan die mees-fundamentele is: "Die sleutels van die koninkryk van die hemele" (Matthëus 16:19). Van die begrippe "kerklike tug" en "sleutels van die koninkryk van die hemele" sal 'n breedvoeriger bespreking

in hoofstuk 3 van hierdie studie gedoen word.

Grosheide (1952, p. 5) sê dat daar in die Nuwe Testament geen woord voorkom wat aan ons woorde "tug" of "disipline" beantwoord nie. In dié sin kan daar dan ook nie van tug in die Nuwe Testament gespreek word nie. Tog is daar in die kerk van die nuwe bedeling in feite tug uitgeoefen.

"Kerklike tug" is meer 'n kerkordelike begrip, hoewel die "tug van die kerk", "die ekskommunikasie of die ban" ook in die Belydenis genoem word (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32). Aan die ander kant is "Die sleutels van die koninkryk van die hemele" weer meer 'n skriftuurlike en konfessionele begrip (Matthéüs 16:19; Heidelbergse Kategismus, Sondag 31).

Basies egter bestaan daar tussen hierdie twee begrippe geen teenstrydigheid nie en word dieselfde saak deur albei aangedui.

In Matthéüs 16 vind ons die verskynsel dat Jesus die begrippe "kerk" ("gemeente", "ekklésia" - vers 18) en "koninkryk van die hemele" (vers 19) in dieselfde situasie opeenvolgend gebruik. In die lig hiervan moet daar dus 'n noue verband bestaan tussen "kerk" en "koninkryk van die hemele" - in Matthéüs 16 spesifiek met betrekking tot die sleutelmag (vergelyk Visser, 1980, p. 5-6).

Dit spreek dus vanself dat in hierdie studie aandag gegee sal moet word aan die begrippe "kerk" en

"koninkryk van die hemele".

Aangesien dit hier egter besonderlik gaan om die tug oor *ampsdraers*, sal ook die *ampsbegrip* bespreek moet word. In so 'n bespreking sal onder andere aandag gegee word aan die verhouding waarin die amp tot die kerk en tot die koninkryk van die hemele staan.

In hierdie studie sal ook duidelik onderskei moet word tussen die "gewone" tug oor lidmate (artt. 71-78 K.O.) en die tug oor *ampsdraers* (artt. 79-81 K.O.). Die een sluit die ander nie uit nie. Soms moet die tug oor *ampsdraers* gevolg word deur die "gewone" tug; ander kere weer nie, afhangende van die besondere omstandighede in verskillende gevalle. Dit sal egter later in hierdie studie meer uitvoerig bespreek word.

Volgens Calvyn (1949, Derde Deel, p. 256-257) het die "geestelikheid" behalwe die "algemene" tug ook nog hul eie tug (vergelyk Caswell, 1960, p. 29-30). Jansen (1913, p. 349-350; 1952, p. 336) wys daarop dat 'n *ampsdraer* 'n lidmaat van die gemeente is en daarom ook onderworpe aan die tug oor die gemeentelede, die "gewone" tug. Maar aangesien hy bowendien *ampsdraer* is, kom daar vir hom nog 'n tweetal spesiale tugmiddels by. Oor die algemeen geld tog die reël dat 'n *ampsdraer* wat byvoorbeeld van die nagmaal afgehou word, ook nie meer sy amp kan bedien nie. Die afhouding van die nagmaal het vanself ook die skorsing in of afsetting uit die amptelike bediening tot gevolg. (Kyk ook Du Preez, 1955, p. 21).

Volgens H. Bouwman kan 'n gesensureerde onmoontlik 'n kerklike amp beklee, want dit sou alle eer en waardigheid aan die amp ontnem. Juis omdat die sensuur oor die ampsdraers dadelik skorsing in die diens meebring, het die tug vir hulle 'n veel groter gevolg as vir die gewone lidmate. Hulle amp is daarmee gemoeid, en vir die predikante selfs hulle hele kerklike posisie, hul inkomste, hul brood. Om hierdie rede is die gang van die sensuur oor kerklike ampsdraers enigsins anders as dié van gewone lidmate; meer versigtigheid word betrag. Die tughandelinge oor hulle berus nie slegs by die plaaslike kerkraad nie, maar ook by die kerkraad van 'n naburige kerk of by die klassis (1912, p. 264; 1934, p. 660).

Met hierdie bepaling, sê Bouwman, word nie bedoel dat die ampsdraers mense is van 'n hoër orde, soos die Roomse geestelikes nie. As gelowiges staan al die lidmate van die gemeente voor God gelyk met hulle wat 'n besondere amp beklee. Maar die ampsdraers het 'n ander posisie. Hulle is aangestel as opsieners en versorgers van die gemeente en daarom moet gewaak word teen 'n sondige aanranding van hul amp en eer (1912, p. 265; 1934, p. 661).

Die Weselse Artikels bepaal in Hoofstuk VIII, waar oor die tug gehandel word, dat daar ten opsigte van die predikante en ouderlinge 'n enigsins ander handelwyse gevolg behoort te word, sodat hulle nie ligvaardig aan lasteringe blootgestel word nie (para-graaf 12; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 30).

⁂ Ampsdraer wat homself *as persoon* misgaan het, het homself die amp onwaardig gemaak, sodat hy nie langer beantwoord aan die streng vereistes wat die Skrif stel vir diegene wat in die besondere ampte dien nie (I Timótheüs 3; Titus 1). Dit volg dus vanselfsprekend dat hy in so 'n geval uit die amp afgesit moet word.

Nauta (1971, p. 403) sê dat as 'n ampsdraer hom *as persoon* misgaan, hy hom tegelyk *as ampsdraer* misgaan; by die tugtoefening moet hy van die begin af behandel word as ampsdraer van die gemeente. Monsma sluit hierby aan as hy opmerk dat *persoonlike* tug ook vanselfsprekend *ampstug* noodsaaklik maak (1967, p. 322; alle kursiverings van my, J.V.).

Die standpunt van Rutgers in hierdie verband is dat afhouding van die nagmaal of sensuur by kerkdienare meebring dat, solank die sensuur duur, ook die amp nie waargeneem kan word nie. By kerkdienare word deur sensuur teweens dus ook skorsing in of afsetting uit die diens uitgespreek (weergegee deur De Jong, 1918, p. 101).

By hierdie standpunt van Rutgers moet egter die opmerking gemaak word dat daar slegs in hoogs uitsonderlike gevalle die toestand kan ontstaan dat 'n ampsdraer van die nagmaal afgehou word *terwyl hy nog in die amp staan*. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer 'n ampsdraer op die Saterdag, voorafgaande aan die Sondag waarop nagmaal gevier word, 'n tugwaardige sonde begaan. Dit kan ook gebeur wanneer 'n ampsdraer

reeds *geskors*, maar nog nie uit die amp *afgesit* is nie. Normaalweg, egter, moet 'n ampsdraer *eers* uit die amp afgesit word; *daarna* moet, indien nodig, die "gewone" tug op hom toegepas word.

Dit is ook in hooftrekke die siening van Nauta. Volgens hom het die tug oor ampsdraers in die besonder betrekking op die vervulling van die amp wat aan hulle toevertrou is. Daarnaas bly die ampsdraers egter onderworpe aan die "gewone" tug, met dien verstande dat tot hierdie "gewone" tug eers oorgegaan mag word nadat die skorsing in die vervulling van die amp uitgespreek is. Eers dus skorsing in die amp, voordat oorgegaan word tot die "gewone" tug, die afhouding van die nagmaal en wat daarop volg (1971, p. 399-402). Monsma (1967, p. 321-322) en Van der Vyver (s.j., ongenommerde bladsye, by art. 79) sluit hierby aan.

A. Kuyper maak die stelling dat 'n dienaar wat sleg leef of sleg leef, skuldiger is as 'n afgewekene of afgedwaalde onder die lidmate van die kerk. Alle tug begin dus met tug oor hulle wat in die amp dien (1883, p. 132).

Samevattend kan dus gesê word dat die begrip "tug oor ampsdraers" 'n aanduiding is van die spesifieke tugstappe wat toegepas word op diegene wat in die besondere ampte staan. Dit word onderskei van die "gewone" tug volgens artt. 71-78 K.O., sonder dat die een die ander uitsluit.

Die versamelnaam "ampsdraers" word gebruik in aansluiting by die ooreenstemmende woordgebruik in art. 79 K.O.

2. DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE

In die gereformeerde teologie is daar, sover bekend, geen omvattende kerkregtelike en kubernetiese studie gemaak van die tug oor ampsdraers as sodanig nie.

Met betrekking tot verskeie aspekte van tugtoepassing op ampsdraers bestaan daar baie misverstand en wyd-uiteenlopende beskouinge, soos duidelik uit hierdie studie na vore sal kom.

Nou is dit voor-die-hand-liggend dat onkunde, misverstand, onsekerheid en gebrek aan leiding met betrekking tot die toepassing van die tug op ampsdraers, of 'n nalatige of foutiewe toepassing daarvan tot gevolg sal hê. Dit bring onvermydelike skade vir die eer van God, die kerk van die Here en die betrokke ampsdraer self mee.

Die doel van hierdie studie is dan die volgende:

- * om die beginsels en riglyne vir die tug oor ampsdraers op te diep en suiwer te stel in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde;
- * om deur kritiese verwysing na en bespreking van die kubernetiek in sekere gevalle pertinente

gehare en afwykings uit te wys en die korrekte optrede in soortgelyke gevalle te probeer aandui;

- * om sodoende leiding te probeer gee op 'n gebied wat vir die kerk van Jesus Christus van die allergrootste betekenis is.

3. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TUG OOR AMPS-DRAERS

3.1 Kenmerk van die ware kerk

In art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gesê: "Die merktekens om die ware Kerk te ken is die volgende: As die Kerk die suiwere prediking van die evangelie uitoefen, as dit die suiwere bediening van die sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het, as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf".

Dit spreek vanself dat, indien ampsdraers, aan wie Christus sy kudde toevertrou het (Handelinge 20:28), met leer en/of lewenswandel in sonde volhard sonder om daarin gestuit en daaroor getug te word, die ware kerk nie gebou nie, maar afgebreek word.

Nou kan dit wees dat die feit dat Calvyn die toepassing van die tug (dus ook die tug oor ampsdraers) nie met soveel woorde as een van die merktekens van die ware kerk aandui nie (kyk byvoorbeeld Calvyn, 1949, Derde Deel, p. 18, 19, 21) die belangrikheid van die tug moontlik in Calvinistiese geleedere kan verswak,

⁊ Noukeurige ontleding van die belangrike plek wat Calvyn aan die tug toeken, wys egter baie sterk in die teenoorgestelde rigting. Die tug was vir hom *in werklikheid* tōg ⁊ kenmerk van die ware kerk.

Hy skryf byvoorbeeld die teenwoordigheid van baie huigelaars - valse Christene dus - in die kerk aan die feit toe dat daar nie altyd ⁊ behoorlike gestrengheid van tug in die kerk heers nie (1949, Derde Deel, p. 17).

Uitdruklik sê hy ook dat dit niemand *ongestraf* vry staan om die *gesag* van die ware kerk te verag, sy *vermaninge* te verwerp, sy *raadslae* te weerstreef of sy *kastydinge* te bespot nie (1949, Derde Deel, p. 19). Die lidmate van die kerk mag ook die vrede en die goed-gereëlde *tug* nie versteur nie (1949, Derde Deel, p. 22; kursivering van my, J.V.).

Volgens hom is dit ⁊ groot skande wanneer "zwijnen en honden" ⁊ plek onder Gods kinders het, en ⁊ nog groter skande wanneer die heilige liggaam van Christus aan hulle prysgegee word. Indien die kerke egter "wel geaard" is, sal hulle geen kwaaddoeners in hul midde verdra en ook nie waardiges en onwaardiges tegelykertyd, sonder onderskeid, tot die nagmaal toelaat nie. Maar, sê hy, omdat die herders nie altyd so ywerig waak soos dit behoort nie, gebeur dit soms dat die slegtes nie altyd uit die geselskap van die "heiliges" verwyder word nie. "Ik erken, dat dit een fout is, en ik wil die niet verzachten, ..." (1949, Derde Deel, p. 25).

Calvyn noem die regspraak die vernaamste deel van die kerklike mag; en die hele regspraak van die kerk het betrekking op die tug. Hierdie "macht der rechtspraak" is in hoofsaak niks anders nie as 'n orde wat tot bewaring van die geestelike regering ingerig is. Vir hierdie doel is daar van die begin af in die kerke kerkrade ingestel om sensuur te oefen oor die sedes, foute te straf en die amp van die sleutels te bedien (1949, Derde Deel, p. 235).

In sy verklaring van Romeine 12: 4-8 lê Calvyn ook baie nadruk op die belangrikheid van die *tug* vir die *suiwerheid* van die kerk (1950, p. 380-384). In hierdie Skrifgedeelte praat Paulus van die kerk as die een liggaam van Christus. In hierdie een liggaam is daar verskillende lede, elkeen met sy eie genadegawes. Hieronder val ook die gawe om te *vermaan* en die gawe om 'n *voorganger* te wees (vers 8). Calvyn wys daarop dat die *vermaning* geskied met behulp van die leer. Die "voorgangers" is die ouderlinge aan wie die regering van die kerk opgedra is en wat die tug moet uitoefen (p. 383 en 384). Dan maak hy dié belangrike opmerking dat, as elkeen die genadegawes wat hy van God ontvang het (dus ook die vermaning en die tug, J.V.), reg gebruik, die kerk *ongeskonde* in stand gehou word (p. 381; alle kursiverings van my, J.V.).

Baie belangrik is in hierdie verband ook die kardinale betekenis wat Calvyn aan die tug toeken in Hoofstuk XII van sy Institusie. Hy noem die saligmakende

leer van Christus die siel van die kerk. Die tug vorm in die kerk die senuwees, waardeur die lede van die liggaam, elkeen op sy plek, met mekaar verbonde is. "Daarom soeken allen, die de tucht begeren weggenomen te zien of haar herstel verhinderen, ... ongetwyfeld de uiterste verstrooiing der kerk" (1949, Derde Deel, p. 257).

Hierby kan opgemerk word dat die senuwees tog 'n *wesensdeel* van die liggaam is. Calvyn sê die tug, as die "senuwees", verbind die lede van die liggaam met mekaar. As die tug dus weggeneem word, sal die kerk, as die liggaam van Christus, verbrokkel.

Laastens kan ook verwys word na die invloed van Calvyn op die Nederlandse Geloofsbelydenis (waarin die tug wel as merkteken van die ware kerk vermeld word, art. 29). Polman (s.j. Eerste Deel, p. 108), Feenstra (1950, p. 12) en De Klerk (1954, p. 49) wys daarop dat die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel is in navolging van die Galliese Konfessie van 1559. In hierdie Galliese Konfessie is weer tot 'n groot mate die ontwerp van Calvyn gevolg (Polman, s.j., Eerste Deel, p. 108; De Klerk, 1954, p. 49, vergelyk p. 67-68).

Om dus 'n beroep op Calvyn te doen, ter stawing van die bewering dat die tug nie 'n kenmerk van die ware kerk is nie, sal weinig of geen krag hê nie.

Met betrekking tot die tug oor ampsdraers sê Calvyn

(1949, Derde Deel, p. 256-257) dat die "geestelikheid", behalwe die algemene tug, nog 'n eie tug het (verge-lyk Plomp, 1969, p. 250).

Hy sou graag wou sien dat die praktyk van die ou kerk, in verband met die tug oor ampsdraers, in ere herstel word. Hy skryf byvoorbeeld aan Sadoletto dat hy geen enkele beswaar daarteen het as die tug, vas-gestel in die ou "canones", ook vandag sou geld en sorgvuldig, eerlik en opreg in ag geneem sou word nie (1866, p. 406). Plomp (1969, p. 253) merk hierby op dat Calvyn hier slegs die "geestelikheid" in gedagte het.

Die bekende hervormer van Straatsburg, Martin Bucer, het die kerklike tug wel opgeneem onder die merk-tekens van die ware kerk, saam met die suiwere leer van die heilige Evangelie en die bediening van die sakramente (Van 't Spijker, 1970, p. 251).

Waar Christus deur sy Woord en sakramente en deur sy tug die heil bedien, daar ontstaan die ware kerk en word dit sigbaar. Bucer se nadruk op die tug, as derde kenmerk van die ware kerk, vloei voort uit die oortuiging dat Woord en sakramente, wat in die Naam van Christus deur die ampsdraers bedien word, nie ydel kan wees nie. Die onderlinge verbondenheid in die gemeente van Christus blyk op sy allerduidelik-ste in die kerklike tug. Die derde kenmerk maak die eerste twee kompleet. Die suiwere leer en sakraments-bediening gee op sigself nie voldoende waarborg nie.

Die kerk sou daarmee kon verstar tot ortodoksie of tot uiterlike institutionalisme. In die tug, as eksponent van die gemeenskap van Christus, blyk dat die Gees en genademiddele funksioneer as "der dienst Christi" (Van 't Spijker, 1970, p. 252-253; vergelyk Visser, 1980, p. 3).

Bucer het ook besondere aandag aan die toesig en tug oor die "geestelikes" bestee. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die protestantse kerkreg gee Bucer hier 'n sonderegister, waarby hy onderskei tussen sondes wat aanleiding gee tot korreksie en sondes wat in 'n ampsdraer onverdraaglik is (Van 't Spijker, 1970, p. 235).

Die afleiding kan dus gemaak word dat die tug oor ampsdraers vir Bucer sō belangrik was dat dit ook deel vorm van die derde kenmerk van die ware kerk.

Die voortbestaan van die kerk, *as ware kerk*, hang dus inderdaad ook ten allernouste af van die streng toepassing van die tug oor ampsdraers.

3.2 Die onmisbaarheid van die tug oor ampsdraers vir die wese en die welsyn van die kerk

In die vorige onderafdeling is reeds gewys op die groot waarde wat Calvin aan die tug geheg het.

Polman (s.j., Derde Deel, p. 331) sê tereg dat Calvin sy lewe lank vir die regte uitoefening van die kerklike tug gestry het.

Op goeie grond kan dieselfde seker gesê word van die tug oor ampsdraers (kyk 3.1 hiervan).

Tog ag Calvyn die tug (en daarom vanselfsprekend ook die tug oor ampsdraers) nie noodsaaklik vir die *wese* van die kerk nie, maar wel vir die *welsyn* ("bene esse") van die kerk (Plomp, 1969, p. 127; Polman, s.j., Derde Deel, p. 331). Hierdie siening word onder andere ook gedeel deur Jansen (1913, p. 89). In die standpunt van Kleynhans hieroor kan 'n mate van teenstrydigheid bespeur word. Die tug raak volgens hom die *welsyn* van die kerk en is daarom *lewensnoodsaaklik* (1974, p. 269; kursivering van my, J.V.).

As die kerk egter beskou word as 'n "heilige volk" (1 Petrus 2:9) en 'n "heilige vergadering" (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27) moet die toepassing van die tug, en dan spesifiek ook die tug oor ampsdraers, wel deeglik beskou word as noodsaaklik vir die *wese* van die kerk. Sonder getroue toepassing van die tug, op lidmate en ampsdraers, sal die kerk nie kan voortbestaan as "*heilige vergadering*" en as "*liggaam van Christus*" (Efésiërs, 1:22, 23) nie.

Volgens Bucer behoort die kerklike tug dan ook wesenlik by die kerk (Van 't Spijker, 1970, p. 173).

Vir Weijland (1965, p. 7) staan die hele kerk-wees op die spel met die tug oefening (vergelyk by die voorgaande verwysings en argumente: Visser, 1980, p. 4).

Belangrik is dit wat A. Kuyper in hierdie verband sê: die verwaarlosing van die tug is 'n afsny van die gesag van Koning Jesus. Vandaar dan ook dat hierdie krankheid die *wese* van die kerk so dodelik aantast. Meestal ontstaan hierdie krankheid by die ouderlinge. As die geestelike en sedelike besef van plig en roeping by hulle gaan kwyn, word hulle op laas kragtelos en geesteloos. Hulle laat geen tug meer oor hulleself oefen nie, en die moed om tug oor ander te oefen, ontbreek ook by hulle (1883, p. 105-106; kursivering van my, J.V.).

Kamphuis (1977, p. 358) bespreek die algemene verval van die kerklike tug as sodanig. Hy lê dan nadruk op die noodsaaklikheid van geloofsgehoorsaamheid en bo alles op besinning oor die Skriftuurlike grondslae van die christelike tug.

Die onmisbaarheid en noodsaaklikheid van die tug oor ampsdraers word ook deur Jansen beklemtoon. Die tug oor lidmate is noodsaaklik, maar die tug oor ampsdraers nog meer. Die rede hiervoor is dat hul verantwoordelikheid as ampsdraers soveel groter is as dié van gewone lidmate (1952, p. 339).

Die toepassing van die tug, ook oor ampsdraers, is onmisbaar vir die kerk; nie slegs vir die *welsyn* daarvan nie, maar beslis ook vir die *wese* daarvan as die heilige liggaam van Jesus Christus.

Daarom vermaan Paulus ook die ouderlinge van Efeze sê dringend om ag te gee op hulleself en op die hele

kudde waaroor die Heilige Gees hulle as opsieners aangestel het. Hy beklemtoon hul roeping en opdrag om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Ja, juis omdat die kerk die eiendom van God is en Christus daarvoor so 'n duur prys betaal het, is die ampsdraers geroepe tot voortdurende en noulettende sorg.

Spesifiek waarsku Paulus hier teen die "wrede wolwe" wat onder hulle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Hy het hier die dwaalleraars in gedagte, wat uit die gemeente self sal opstaan en nie slegs van buite sal kom nie (vergelyk hier Grosheide, 1948, p. 244-247).

Só wys A. Kuyper ook op die reg van die "amptelike organe" om met gesag te vermaan en te berispe en om by die indring van wolwe in die gemeente die gelowiges teen hulle te beskerm (1883, p. 55).

Die verwaarlosing van die tug, ook oor ampsdraers, lei onteenseglik tot die geestelike "verskeuring" van die kudde van die Here.

3.3 Deformasie deur tugverval

Soos reeds aangetoon, is die toepassing van die kerklike tug, insluitende die tug oor ampsdraers, 'n merkteken van die ware kerk. Dit word tewens noodsaaklik geag vir die wese en die welsyn van die kerk as 'n "heilige" vergadering.

As die tug in die kerk dus nie nougeset uitgeoefen word nie, kan die kerk, streng gesproke, nie *ware* kerk wees nie. Dit geld, miskien met sterker nadruk, ook die ampsdraers. Hier kan weer verwys word na die reeds-vermelde stelling van A. Kuyper, dat 'n dienaar wat sleg leer of sleg leef, skuldiger is as 'n afgewekene of afgedwaalde onder die lidmate van die kerk (1883, p. 132).

Logies moet dus die gevolgtrekking gemaak word dat daar deformasie intree as die tug verval.

Van 't Spijker (1970, p. 173) wys daarop dat Martin Bucer die verval in die Roomse Kerk herlei tot 'n nalating van die tugtoefening. Hy skryf ook die sedelike verval in die kerk toe aan nalatigheid in die uitoefening van die sleutelmag (Van 't Spijker, 1970, p. 235).

"Die verwaarlosing van die tug moet in enige kerk noodwendig afstuur op die verwording van die kerk ... Dit is die sekerste teken dat die kerk nie meer Nieu-Testamenties is nie, as hy geen plek vir die tug meer het nie" (Jonker, 1959, p. 35). (Vergelyk hier Visser, 1980, p. 4).

Volgens A. Kuyper is die verwaarlosing van die tug in die kerk van Christus nie slegs 'n nie-handhaaf van die belydenis of 'n nie-suiwer-hou van die sakrament nie, maar in sy diepste kern 'n prysgee van die gesag. Dit is 'n afsny van die gesag van Koning Jesus. Vandaar dan ook dat hierdie krankheid die wese van

die kerk so dodelik aantas (kyk 3.2 hiervan).
Kuyper skryf dit toe aan 'n ontarding van die ouder-
lingskap, wat uitloop op deformasie van die kerk
(1883, p. 105-106).

Vorster maak die stelling dat die noodsaaklikheid van
die tug opgesluit lê in die wil van Christus. Wat
Christus verorden het, is van lewensbelang vir sy
kerk. Wat Hy nodig geag het, mag geen mens minag
nie. Hierop lewer die kerkgeskiedenis hierdie spre-
kende kommentaar: as die tug verslap, kwyndie
kerk. Met die Reformasie het die kerke, wat erns
gemaak het met die dissipline, nie slegs die heer-
likste gegroei nie, maar ook die sterkste gestaan.
Waar die tug verwaarloos is, het die wêreld in die
kerk gekom en het die heerlijkheid van die Here van
die kerk gewyk (1950, p. 2).

Treffend sê Van der Linde: "Die kerk moet deur die
tug kerk gehou word" (1977, p. 2).

Dus: waar die tug verval, tree daar deformasie van
die kerk in; dan kan die kerk nie meer waarlik
kerk wees nie.

4. VERANTWOORDING VAN SEKERE ASPEKTE IN DIE BEHANDELING VAN DIE ONDERWERP

Vir die deugdelike en sinvolle behandeling van die
onderwerp sal sekere sake, wat oënskynlik buite die
bestek van hierdie studie val, ook aandag geniet.
Aan die ander kant sal sekere aangeleenthede, wat na

verwagting wel in hierdie studie behandel moes word, nie aan die orde kom nie.

S6, byvoorbeeld, sal sekere aspekte van die "gewone" tug behandel moet word. Die tug oor ampsdraers vloei uit die kerklike tug as sodanig voort en staan met die "gewone" tug in 'n besondere verband.

In hoofstuk 3, punt 3 sal aangetoon word dat daar tussen die tug oor ampsdraers en die "gewone" tug geen *wesensverskil* bestaan nie.

Baie gegewens vir die "gewone" tug is dus ook van toepassing op die tug oor ampsdraers, soos uit hierdie studie sal blyk.

In die behandeling van die onderwerp sal ook aandag gegee moet word aan die posisie, betekenis en tugreg van meerdere vergaderings. Dit word naamlik uit art. 79 K.O. duidelik dat die tughandelinge oor 'n ampsdraer nie deur die plaaslike kerk alleen afgehandel mag word nie. Die klassis en die partikuliere sinode tree ook in die tugproses handelend op. Daarom sal die tugreg van meerdere vergaderings breedvoerig behandel word.

Die belangrikheid hiervan kan moeilik oorskat word. Uit die kerkgeskiedenis word dit duidelik dat oor hierdie saak baie meningsverskil bestaan. In hierdie verband is baie beweerde onreg gepleeg en as gevolg hiervan het selfs kerkskeuring plaasgevind (dit sal in hoofstuk 6 aan die orde kom).

Die behandeling van die tugreg van meerdere vergaderings sal egter in 'n afsonderlike hoofstuk voorafgegaan word deur 'n bespreking van die wese, betekenis en posisie van meerdere vergaderings, sodat daar in hierdie opsig soveel as moontlik duidelikheid kan bestaan.

'n Belangrike aspek wat verantwoord moet word, is waarom eietydse gevalle in die G.K.S.A. nie bespreek sal word nie.

Dit word om die volgende rede nagelaat: selfs al sou in so 'n bespreking geen name genoem word nie, sal die meeste van die bronverwysings, byvoorbeeld notules en bylaes van kerklike vergaderings, identifikasie van persone vergemaklik; dit is begryplik dat op so 'n wyse verleentheid, ongerief en leed veroorsaak kan word.

Die riglyne, probleme, foute en gevare wat uit verskeie eietydse tuggevalle afgelei kan word, word egter wel in hierdie studie verwerk, maar op 'n "onpersoonlike" wyse.

Laastens moet opgemerk word dat wanneer tuggevalle kuberneties ter illustrasie behandel word, nie die volle *materie* van elke geval bespreek sal word nie, maar slegs die *formele* meriete. Redes hiervoor is dat die proefskrif anders te uitgebreid word, aangesien die materie in sommige gevalle genoeg stof bied vir afsonderlike selfstandige proefskrifte. Verder moet in gedagte gehou word dat daar in die verskillende

tuggevalle veral baie dogmatiese en ander nie-
kerkregtelike kwessies in geding was, wat buite die
bestek van 'n kerkregtelike studie val.

Indien nodig, sal die materie slegs ter verduideliking
bespreek word.

HOOFSTUK 2

KERK, KONINKRYK EN AMP¹⁾

1. INLEIDING

Om ten volle reg te laat geskied aan die onderwerp van hierdie studie, is 'n basiese bespreking van wat kerk, koninkryk van die hemele en amp is, onontbeerlik.

Die bedoeling is nie om 'n volledige en afgeronde kerkbegrip, koninkryksbegrip en ampsbegrip te bied nie - dit val streng gesproke buite die opset van hierdie proefskrif - maar slegs om 'n oorsigtelike uiteensetting te gee van wat onder die kerk, die koninkryk van die hemele en die amp verstaan moet word.

In hoofstuk 1 is reeds daarop gewys dat die uitdrukking "kerklike tug" nie in die Nuwe Testament voorkom nie; dieselfde geld van die uitdrukking "tug oor ampsdraers". Dit beteken egter nie dat die gedagte van kerklike tug oor lidmate en ampsdraers aan die kerk van die Nuwe Testament vreemd is nie; inteendeel, in die Nuwe-Testamentiese kerk is daar wel deeglik tug uitgeoefen. Bewyse daarvoor is ruim beskikbaar en sal ook in hierdie studie gepaste aandag ontvang.

1) Vergelyk by 2,3 en 4 van hierdie hoofstuk:
Visser, 1980, p. 14-24.

Die *gedagte* van tug, in die kerk van die Nuwe Testament, word egter deur verskillende ander woorde en uitdrukkings weergegee.

Christus het in sy kerk 'n eie regering en tug ingestel en dit die sleutelmag van die koninkryk van die hemele genoem. Uit die wortel van die sleutelmag het die apostels, deur die Heilige Gees verlig, die tug in die Nuwe-Testamentiese kerk afgelei (Jansen, 1913, p. 27). Die vraag of die tug oor ampsdraers ook *sleutelmag* is, word in die volgende hoofstuk bespreek.

Opmerklik is die verskynsel dat die Griekse woord "ekklēsia", wat in Afrikaans met "kerk" of "gemeente" vertaal word, slegs twee maal in die evangelies gebruik word, naamlik in Mattheüs 16:18 en 18:17. In albei gevalle is dit Jesus wat die woord gebruik en in albei gevalle kom dit juis op daardie plekke voor waar daar van tug oefening sprake is (Grosheide, 1952, p. 35, 36).

Verder is dit van belang dat daar in Mattheüs 16:18 gepraat word van die "bou" van die gemeente. Dit impliseer dus 'n *nuwe organisasie* en direk daarna word gepraat van die oorhandiging van die sleutelmag (Visser, 1980, p. 7).

Dit sal dus noodsaaklik wees om vas te stel wat die woord "ekklēsia" in die breë raamwerk van die kerklike tug, insluitende die tug oor ampsdraers, beteken.

Maar ook die begrip "koninkryk van die hemele" sal ontleed en verklaar moet word, omdat Jesus die "sleutels van die koninkryk van die hemele" opdra in direkte verband met die "bou" van sy "ekklésia". Die uitoefening van die sleutelmag is 'n beslissende regeerdaad (soos wel later uit hierdie studie sal blyk). In watter verband staan hierdie regeerdaad in die koninkryk van die hemele nou met die kerk? Daarom sal ook die *verband* tussen kerk en koninkryk van die hemele bepaal moet word (Visser, 1980, p. 8). Die begrip "koninkryk van die hemele" en die verband tussen kerk en koninkryk van die hemele is ook van belang vir 'n antwoord op die vraag of die tug oor ampsdraers ook *sleutelmag* is.

Aangesien dit in hierdie studie spesifiek gaan om die tug oor *ampsdraers*, sal daar ook aandag gegee moet word aan verskillende aspekte van die *amp*, ook met betrekking tot die kerk en die koninkryk van die hemele. In hierdie verband moet opgemerk word dat 'n suiwere *kerk-* en *koninkryksbegrip* noodsaaklik is vir 'n suiwere *ampsbegrip*.

Ten slotte moet daarop gewys word dat in die titel van hierdie proefskrif ooglopend die ampsdraers in die kerk, soos in die *Nuwe Testament* geopenbaar, bedoel word. Daarom sal skriftuurlike gegewens insake kerk, koninkryk van die hemele en amp hoofsaaklik beperk word tot die *Nuwe Testament*. Daarbenewens sal ook nagegaan word watter stof die Belydenisskrifte en die Kerkorde in hierdie verband bied.

2. WAT DIE KERK IS

In die vasstelling van die kerkbegrip is die verhouding waarin die ondersoeker tot die gekruisigde Christus staan, van die uiterste belang. Vir dié een wat nie in Christus glo nie, is die Bybel nie Gods Woord nie, terwyl die kerk 'n bloot menslike vereniging of gemeenskap is, wat op vrywillige grondslag rus, gelykstaande met alle ander verenigings. Maar die gelowige ondersoeker besef dat hy in sy kennis afhanklik is van die Woord van God; daarom gaan vra hy in sy ondersoek allereers wat die Heilige Skrif van die kerk sê (Van der Linde, 1965, p. 18, 19).

Duvenage (1962, p. 41) waarsku dat om die hele kerkbegrip met 'n enkele beeld te probeer verduidelik, op eensydigheid sal uitloop. Die gegewens van die Skrif is daarvoor veels te ryk en gevarieerd.

"Die Kerk van die Nuwe Testament is die voortsetting van die Ou-Testamentiese volk van God, 'n historiese eenheid, so oud as die mensheid self." (Snyman, 1977, p. 36).

Die heilshistoriese betekenis van die Nuwe-Testamentiese gemeente, as volk van God, kom reeds in sy mees gangbare naam van "ekklēsia" duidelik tot uitdrukking. Dit kan as vasstaande aangeneem word dat aan die christelike gemeente daarmee die titel van die Ou-Testamentiese volk van God toegeken is (Ridderbos, 1971, p. 365).

Die kerk van Israel is genoem met twee name: "eedah" en "kahal". In die vertaling van die Septuagint word "kahal" gewoonlik vertaal met "ekklésia", en "eedah" met "sunagoge". Wanneer Christus dan in Matthéüs 16:18 praat van sy "ekklésia", wat Hy gaan bou, was dit nie iets nuuts nie, maar die Nuwe-Testamentiese voortsetting van die Ou-Testamentiese "kahal" (Sillevis Smitt, 1910, p. 32, 33, 36. Die-selfde gedagtegang word in hooflyne ook gevind by Jansen, 1913, p. 28; H. Bouwman, 1928, p. 53, 54; Ridderbos, 1957, p. 21; Van der Linde, 1969, p. 218).

Die woord "ekklésia" kan egter ook verstaan word vanuit die Siriese taal, wat nou verwant was aan die Palestynse Aramees wat Jesus gepraat het. En dan blyk dat "ekklésia" die vertaling is van die woord "kenischita", wat in Grieks deur "ekklésia" sowel as "sunagoge" weergegee kan word. Dan is 'n "ekklésia" 'n gemeenskap van plaaslike aard met 'n kultiese doel. Die konklusie kan dan gemaak word dat "ekklésia" 'n Griekse begrip is waarin die inhoude van die Hebreeuse "kahal" en die Aramese "kenischita" saamgevloei het (Bronkhorst, 1947, p. 25-27. Vergelyk hierby Schmidt, 1965, p. 524-526 en Van der Linde, 1965, p. 23).

In die Nuwe-Testamentiese kerk sien ons die vervulling van dit wat in Israel nog slegs skadu was. Daarom geld van die kerk met geestelike verdieping dat die kerk is wat Israel was: die volk van God. In Exodus 19:6 sê die Here van Israel: "En julle sal

vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees". En Petrus sê van die uitverkorenes van God: "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, ..." (1 Petrus 2:9) (Snyman, 1977, p. 26).

Dit blyk dus duidelik dat ons in die Nuwe-Testamentiese "ekklēsia" te doen het met die een volk van God. Die "ekklēsia" het uit die volk Israel voortgekom. As sodanig is "ekklēsia" 'n heilshistoriese begrip. Tog het die "ekklēsia" per slot van rekening nie uit die volk as geheel voortgekom nie, maar uit Christus, die Seun van God, die eintlike en enigste Regverdige wat tegelyk verteenwoordiger van God se volk is in wie die volk inbegrepe is (Du Plooy, 1979, p. 15).

Christus is dus die Hoof van die kerk en die gemeente is sy liggaam (Efësiërs 1:22; Kolossense 1:18). Hy het die gemeente gekoop met sy bloed (Handelinge 20:28; 1 Petrus 1:19). (Vergelyk hier Calvyn, 1949, Derde Deel, p. 7-8; ook Goumaz, 1964, p. 117).

Hierdie kardinale feit moet die *basis* en die *uitgangspunt* wees van die suiwere kerkbegrip en kerkregering. In die kubernetiek (dit is die ondersoek na die regering van die kerk) is dit van deurslaggewende belang.

Daarom *begin* die kerkorde van die G.K.S.A. reeds in art. 1 (wat 'n inleidende en kwalifiserende karakter

het) met hierdie Skrifwaarheid, as daar gepraat word van "die kerk van *Christus*" (eie kursivering, J.V.).

Dat die kerk "van Christus" is, bepaal die hele kerk-regering in al sy fasette, ook die tug oor ampsdraers. Hiermee sal in hierdie studie deurlopend rekening gehou word, ook met betrekking tot die kubernetiese aspek. Die kerkregering moet daartoe dien om die "ekklēsia" in alle opsigte "kerk van Christus" te laat wees en bly.

Die Griekse woord "ekklēsia" wat ons vertaal met "kerk" of "gemeente" kom in die Nuwe Testament 112 keer voor (Moulton en Geden, 1957, p. 316, 317). Hiervan word dit 107 keer gebruik vir die Nuwe-Testamentiese kerk: 91 keer vir die plaaslike gemeente en 16 keer vir die kerk in sy groot "geheel"; maar *nie só* dat dit gemeentes omvat nie. Kerk is altyd gemeenskap van *gelowiges*, hetsy dan soos hulle verenig en georganiseer is in 'n plaaslike gemeente, of soos hulle verspreid is oor die ganse aarde. Die woord *kerk* word in die Nuwe Testament nooit gebruik in die sin dat dit gemeentes omvat nie (Snyman, 1977, p. 35, 36).

Selfs Handeling 9:31, waar die beste handskrifte die *enkelvoud* "ekklēsia" gebruik (Metzger, 1971, p. 367), is nie 'n uitsondering op bogenoemde reël nie. Die "ekklēsia" deur die hele Judēa en Galilēa en Samariā (Handeling 9:31) was inderdaad die universele kerk (Snyman, 1977, p. 36, 37).

Hierdie verklaring van Snyman word egter twyfelagtig as in aanmerking geneem word dat daar ook *buite* Judéa en Galiléa en Samaríá Christene was. Handeling 9: 10, 19 toon duidelik dat die kerk ook al in Damaskus, in Sirië, was.

Du Plooy bied as verklaring aan dat daar op die tyd-stip van Handeling 9:31 nog slegs een kerk bestaan het wat toe baie groot was. Dit blyk byvoorbeeld uit Handeling 2:41, 4:4 en 6:7 dat die kerk van Jerusalem baie vinnig uitgebrei het. Handeling 8:1-4 openbaar duidelik dat die kerk van Jerusalem vanweë die vervolging verstrooi is oor Judéa en Samaríá. In daardie tyd het Saulus meegedoen aan die vervolging van die kerk (enkelvoud) (kyk Handeling 8:3). As Paulus in 1 Korintiërs 15:9, Galásiërs 1:13 en Filippense 3:6 daarna terugverwys, dan sê hy telkens dat hy die "ekklésia" (enkelvoud) vervolg het. Dit was *die kerk van Jerusalem* wat verstrooi geraak het deur Judéa en Samaríá. Handeling 9:31 praat dus van die een kerk wat, ná die vervolging en ná Paulus se bekering, vrede gehad het toe dit verstrooi was oor Judéa, Galiléa en Samaríá. Handeling 9:31 sien nie op die universele kerk nie, maar op die uitgebreide plaaslike kerk van Jerusalem (1979, p. 25; kursivering oorspronklik, J.V.).

Hierdie verklaring lyk meer aanvaarbaar as die reeds-genoemde van Snyman. Die feit dat daar ook in Sirië Christene was, lewer hier ook geen probleem op nie, aangesien dit klaarblyklik nie die bedoeling van

Handelinge 9:31 is om 'n "katalogus" te gee van al die verskillende plekke waarheen lidmate van die kerk van Jerusalem verstrooi is nie, maar bloot om te konstateer dat daar nou *vrede* vir die kerk gekom het.

Met betrekking tot die verband tussen die universele en plaaslike kerk bestaan daar uiteenlopende gedagtes. Snyman toon aan dat in die Rooms-Katolisisme die dele opgaan in die geheel. By Rudolph Sohm gaan die geheel op in die dele. By Harnack staan die dele teenoor die geheel, en by die Kollegialisme word die geheel saamgestel uit die dele (1977, p. 43-44).

Die Nuwe Testament leer egter anders. In die Evangelies is daar net twee keer sprake van "ekklësia": in Matthëüs 16:18 en 18:17. In albei gevalle is dit Jesus wat spreek. Die eerste keer gaan dit oor die universele kerk soos gebou op die Apostolaat en die tweede keer is dit die plaaslike kerk met 'n eie adres ("sê dit aan die gemeente"). Van belang is dat Matthëüs 18:17 *op* en *uit* Matthëüs 16:18 volg. Ons kry dus nie 'n *in*mekaar of *teen*mekaar of *naas*-mekaar nie, maar 'n *na* mekaar. Die universele kerk gaan aan die plaaslike kerk en aan die afsonderlike gelowiges vooraf (Snyman, 1977, p. 44. Dieselfde basiese standpunt word gevind by Ridderbos, 1950, p. 309 en 313; gedeeltelik ook by Sillevis Smitt, 1910, p. 36-37).

Uit die voorgaande kan nou die volgende afgelei word:

Die plaaslike kerk (gemeente) is 'n nadere organisasie van die universele. Die plaaslike kerk *is* die algemene wat hom op elke plek organiseer. Om hierdie rede heet dit ook "kerk", want dit is altyd die één kerk van Christus wat hom hier en daar plaaslik openbaar. Maar soos die gelowiges hulle moet verbind tot 'n gemeente, so moet die gemeentes hulle verenig in kerkverband. Dit is egter nie om *een* te word nie, maar omdat hulle *een* is (Snyman, 1977, p. 44, 45).

A. Kuyper beklemtoon die feit dat ons vaders, met Calvyn aan die spits, gesê het dat slegs die plaaslike kerk op aarde *die kerk* is. Nie die provinsie het 'n kerk nie, nie 'n land of 'n volk het 'n kerk nie. Daarom het ons vaders so sterk nadruk daarop gelê dat elke kerk in 'n stad of 'n dorp 'n "ecclesia completa" was, dit wil sê 'n instelling wat alles in hom gehad het wat tot die begrip "kerk" behoort (1892b, bladsye ongenommer; kyk ook 1901, bladsye ongenommer).

Dit is nie sô dat die "ekklésia" (enkelvoud) verdeel in "ekklésiai" (meervoud) nie. Die "ekklésia" (enkelvoud) word ook nie saamgestel uit die somtotaal van die "ekklésiai" (meervoud) nie. Die kerk sal nie verstaan kan word as die "whole Church" uitgespeel word teen die "individual congregation" nie (Schmidt, 1965, p. 505, 535).

Die plaaslike kerk *behoort* nie maar net tot die kerk nie, maar die plaaslike kerk *is* die kerk. Ook is die hele kerk nie 'n "collection" of "association" van

plaaslike kerke nie. "The local Church is not a small cell of the whole ... It is the real Church, ..." (Küng, 1976, p. 85)

Direk die teenoorgestelde is die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: "Ter wille van die goeie orde word almal wat deur die genadeverbond tot die Kerk behoort, byeengebring in gemeentes. 'n Gemeente is die verskyningsvorm van die Kerk op elke aangewese plek. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit al dié gemeentes" (N.H.K.A., 1979, p. 1).

In "Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk" word die woord "kerk" soms oënskynlik deurmekaar vir plaaslike kerk en kerkverband gebruik. Voorbeelde hiervan is te vinde in die tweede paragraaf van Artikel 2, waar "die Kerk" klaarblyklik nie konsekwent dui op die plaaslike kerk nie (N.G.K., 1978, p. 1). So ook in Artikel 19 (N.G.K., 1978, p. 5); Artikel 43.9, veral in vergelyking met Artikel 70.4 (N.G.K., 1978, p. 11 en 19); Artikel 50, waar sowel van "die gemeente" as "die Kerk" gepraat word (N.G.K., 1978, p. 12, 13); Artikel 55.1, waar gesê word dat "*die lidmate van die Kerk* geaktiveer moet word om *as Kerk* werksaam te wees ..." (N.G.K., 1978, p. 13, 14; kursivering van my, J.V.); Artikel 66.1, met sy dubbelsinnige woordgebruik: "Die Kerk, plaaslik sowel as in sy verband, ..." (N.G.K., 1978, p. 17). Hierdie voorbeelde is toereikend om bostaande stelling te staaf.

Ook die "Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" gaan mank aan 'n verwarrende gebruik van die woord "kerk". Alhoewel die woord "kerk" feitlik deurgaans gebruik word vir die plaaslike kerk, kom daar 'n verwarrende uitsondering voor in Artikel 9: "Predikers wat uit ander kerke ... aansluit, ...", waar beslis nie ander *plaaslike* kerke bedoel word nie (G.K.S.A., 1979, p. 16; kursivering van my, J.V.). Ook die laaste sin van Artikel 28 klink bedenklik, waar "kerklike vergaderings" gelyk gestel word met "kerk van Christus" (G.K.S.A., 1979, p. 20).

Ook die *naam* van die G.K.S.A. is nie suiwer nie: "Die Gereformeerde Kerk (enkelvoud) in Suid-Afrika" (G.K.S.A., 1979, p. 32). Studiedeputate wat in 1955 aan die 32ste Sinode van die G.K.S.A. oor hierdie aangeleentheid gerapporteer het, het die volgende motivering gegee: "Hoewel ons daarvan bewus is dat die naam streng genome *Kerke* moet wees, beveel ons tog die naam *Kerk* aan (met beklemtoning daarvan dat dié naam nie in kollegialistiese sin bedoel word nie) om die volgende redes: (a) Dit hou die gevaar in dat die naam Gereformeerde Kerke opgevat kan word as die Gereformeerde Kerke in die verskillende provinsies ... (b) *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* kan opgevat word en word ook opgevat as 'n samevatting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Nederduits Hervormde of Gereformeerde kerk in Transvaal en die Nederduits Gereformeerde Kerk in K.P., O.V.S. en Natal en veroorsaak gevolglik verwarring..." (H. Venter, 1955, p. 79).

Die Veertigste Sinode van die G.K.S.A. het egter besluit om weer 'n studie te maak van die naam: "Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" (De Bruyn, 1979, p. 560, 561).

Dit moet dus beklemtoon word dat die woord "ekklésia" in die Nuwe Testament gebruik word vir die *plaaslike* kerk en die *universele* kerk, maar nooit in dié sin dat dit *gemeentes* omvat nie (Snyman, 1977, p. 35, 36; eie kursivering, J.V.).

Telkens kom dit ook in die Nuwe Testament na vore dat die kerk *heilig* is in Jesus Christus (byvoorbeeld Romeine 1:7; 1 Korinthiërs 1:2; Efésiërs 1:1; Filipense 1:1).

In art. 27 sê die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die kerk "n *heilige* vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, *geheilig* en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, ..." (eie kursivering, J.V.).

As Calvyn praat van die heiligheid van die kerk, dan sê hy dat die kerk op hierdie manier heilig is dat dit daagliks vorder, maar nog nie volmaak is nie, daagliks voortgaan maar nog nie tot die eindpaal van die heiligheid gekom het nie (1949, Derde Deel, p. 28).

Die kerk is egter nie 'n willekeurige vergadering nie, maar 'n vergadering van *geroepe*nes. Die gedagte van "roeping" sit opgesluit in die woord "ekklesiá" (ek-kaleoo = uitroep, oproep, byeenroep; kyk Liddell en Scott, 1961, p. 509, 866). In Romeine 1:7 spreek Paulus die geadresseerdes aan as "geliefdes van God, *geroepe* heiliges wat in Rome is: ..." (eie kursivering, J.V.); en in 1 Korinthiërs 1:2 praat hy ook van die "gemeente van God" as "geroepe heiliges".

Ook in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, kom die gedagte van roeping na vore. Van die "heilige, algemene, Christelike Kerk" word daar gesê: "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe *vergader*, beskerm en onderhou; en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly" (eie kursivering, J.V.).

Van Ruler sê dat die kerk enersyds die vergadering van gelowiges, die getal van die uitverkorenes, die gemeente van die heiliges is. Maar andersyds is die kerk ook die geheel van die instellinge van Christus: die een prediking, die twee sakramente, die drie ampte. Hierdie tweeheid van mense en dinge vind hy terug in die woord "vergadering". Dié woord het 'n passiewe en 'n aktiewe betekenis. Dit dui eers op die saam-wees van die gelowiges in een verband. Dit wys dan 'n toestand aan. Maar dit beteken ook die saam-bring, die vergadering van die gelowiges in één

verband. Dit wys dan 'n handeling aan (1945, p. 24-25, 89-90).

Verder word die kerk ook, in noue aansluiting by Matthëüs 16:18, waar Jesus sê: "... en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, ...", die *gebou* van God genoem (1 Korintheërs 3:9; Efësiërs 2:20,21). Die Skrif spreek ook van die kerk as die *liggaam* van Christus (Efësiërs 1:22, 23; 4:16; Kolossense 1:18, 24) en as die *bruid* van Christus (Efësiërs 5: 25-32).

Soos reeds eerder aangedui, word die woord "ekklësia" in die Nuwe Testament gebruik vir sowel die *universele* as die *plaaslike* kerk. In die raamwerk en opset van hierdie studie sal hoofsaaklik toegespits word op die kerk soos dit plaaslik tot openbaring kom met 'n eie organisasie, bedieninge, byeenkomste, aktiwiteite en grense, terwyl ook aandag gegee sal word aan kerkverband en meerdere vergaderings.

H. Bouwman (1934, p. 594, 595) wys tereg daarop dat die organisasie van die kerk nie net "charismaties" was nie, maar ook institutêr. Sô was dit die wil van Christus. (Vir 'n nadere aanduiding van hierdie organisasie van die kerk, kyk Visser, 1980, p. 17).

Die plaaslike kerk is egter nie volmaak nie. Bavinck (1930, p. 290) sê tereg dat daar in hierdie kerk ook huigelaars as lidmate is, soos wat die slegte ranke tot die wynstok behoort en die kaf tot die koring; maar hierdie ongelowiges is nie die wese van die kerk nie.

Die kerk kan dus samevattend omskryf word as 'n heilige vergadering van geroepe gelowiges wat waarlik in Christus glo en deur Hom verlos is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk kom tot openbaring op elke plek waar gelowiges is, hoewel dit nog onvolkome is vanweë die huigelaars in sy geledere. Hierdie kerk word plaaslik georganiseer onder leiding van eie ampte met eie bedieninge, byeenkomste, aktiwiteite en grense en dit bestaan selfs ook wanneer die lidmate daarvan nie amptelik byeen is nie.

3. WAT DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE IS

In Psalm 10:16 sê die digter: "Die HERE is Koning vir ewig en altyd; ...". Dieselfde gedagte kom ook na vore in Psalm 29:10 en verskeie ander plekke in die Skrif. Nooit was daar 'n tyd dat God nie Koning was nie.

As sodanig is Hy ook vóór die sondeval vrywillig erken deur Adam en Eva. Maar met die sondeval het hierin verandering gekom: die mens het sy rug op God gedraai; hy het God se heerskappy oor hom nie meer erken nie. God het nog wel Koning gebly, want niemand kan Hom sy koningskap ontnem nie, maar die mens het Hom nou nie meer vrywillig as Koning erken en gehoorsaam nie. Van daardie uur af het die groot worsteling tussen die ryk van God en die ryk van Satan begin.

God gaan egter sy heerskappy weer tot openbaring en erkenning bring. Alle mense sal, gedwonge of vrywil-

lig, erken dat God Koning is en Hy alleen. God laat uit die hemel 'n nuwe ryk kom: die koninkryk van die hemele. Die uitbreiding van daardie ryk beteken die bestryding en die uiteindelijke vernietiging van die ryk van Satan, wat nou die owerste van hierdie wêreld is. (Vergelyk hier Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus, Antwoord 123: "... vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, ..."). En in hierdie koms van Gods koninkryk staan die groot werk van Christus as Messias in die middelpunt. Hy is dit wat die Satan oorwin, wat die wêreld weer bring tot die erkenning van die reg van God op aarde. Sy werk verbreek alle teenstand. Hy stry dan ook hierdie geweldige stryd deur te sterf en te oorwin in sy opstanding (Grosheide, 1954, p. 459. Vergelyk 1952, p. 37, 38).

Van Ruler omskryf die koninkryk van God as die uiteindelijke en heilryke handeling van God met hierdie wêreld. Hy onderskei tussen die *vervulling* (teenwoordigheid van die ryk in die hede) en die *voleinding* (kursivering oorspronklik, J.V.). Hierdie onderskeid tussen vervulling en voleinding speel in die denke van Van Ruler 'n beslissende rol (volgens Hendriks, 1977, p. 52-53; kyk Van Ruler, 1947b, p. 40, 51).

In die koms van die koninkryk openbaar God vóór alles *Homself*, as Skepper en Koning wat die wêreld nie prysgee aan die mag van die verderf nie, as "Behouder en Belover" van sy volk, aan wie Hy Homself plegtig tot verlossing verbind het (Ridderbos, 1950, p. 38).

Die koms van die koninkryk van die hemele word dus werklikheid in en deur Jesus Christus en sy Messiaanse heilswerk. Daarom is die evangelie van Jesus Christus ten diepste "die evangelie van die koninkryk" (Matthéüs 4:23; 9:35; 24:14). Die belangrikheid van die Woord van God in die koms van die koninkryk van die hemele word erken in Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus, antwoord 123: "... vernietig ... alle bouse planne wat teen u heilige Woord bedink word,..."

In die Nuwe Testament het die uitdrukkings "koninkryk van die hemele" en "koninkryk van God" (of koninkryk van Christus), wat deurmekaar gebruik word, presies dieselfde betekenis (Ridderbos, 1950, p. 36; Schmidt, 1964, p. 582; T. van der Walt, 1962, p. 32).

In die vier Evangelies kom die gedagte van die koninkryk van die hemele (koninkryk van God, koninkryk van Christus) ongeveer 110 keer voor (Moulton en Geden, 1957, p. 141, 142). Ook is dit opmerklik hoe uitvoerig Jesus die koninkryk van die hemele in sy verskillende fasette verduidelik deur middel van verskeie gelykenisse (byvoorbeeld Matthéüs 13, 18, 20, 21, 22, 25).

Die uitdrukking "koninkryk van die hemele" loop ons die eerste keer raak by Johannes die Doper, Matthéüs 3:2. (Vir 'n uiteensetting van die plek wat Johannes die Doper se persoon, prediking en optrede inneem in die koms van die koninkryk van die hemele, kyk Visser, 1980, p. 8-12, 19).

Johannes die Doper verkondig aan die volk: die koninkryk van die hemele het naby gekom!

Dit beteken: die verwagte koninkryk is nou, met die koms van Jesus Christus, gerealiseer, maar nog nie voltooi nie. Christus self sal by sy wederkoms die koninkryk voltooi (Snyman, 1977, p. 142. Vergelyk hier Lukas 22:29,30). Die koninkryk is dus teenwoordig, maar ook nog toekomstig. Dit is teenwoordig, vir sover God dit reeds aanvanklik op aarde verwesenlik; die ryk *is* op aarde. Dit is toekomstig, omdat die vrugte van Christus se oorwinning nog nie ten volle gesien word nie, omdat daar nog teenstand is, al is dit in beginsel reeds oorwin (Grosheide, 1954, p. 460. Vergelyk Bavinck, 1929, p. 224-226; Du Plooy, 1979, p. 33). Die einde van die werk van Christus is dat Hy die koninkryk volmaak aan die Vader oorgee, I Korintheërs 15: 24 (Grosheide, 1953, p. 26; vergelyk hier ook Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus, Antwoord 123: "... totdat die volkomeheid van u ryk kom, waarin U alles sal wees in almal").

Küng (1976, p. 47, 48) beskryf die koninkryk van God as die eskatologiese, ten volle gerealiseerde, finale en absolute regering van God aan die einde van die tyd, wat as 'n gebeurtenis nou op hande is (Markus 1:15); dit het "by julle gekom" (Matthëus 12:28).

Maar die koninkryk van God is nie (soos in die prediking van verskeie rabbi's) iets wat tot stand gebring of verwerf kan word deur getroue wetsvervulling nie. Dit verskyn as 'n kragtige, soewereine daad van

God self. Die mens mag *bid* om die koms van Gods koninkryk (Matthéüs 6:10 par.) en hy mag dit *soek* (Matthéüs 6:33; Lukas 12:31). Tog is dit nie die mens nie, maar *God* wat die koninkryk "gee" (Lukas 12:32). Hy "beskik" dit (Lukas 22:29) en Hy besluit aan wie dit sal behoort (Matthéüs 5:3 par; Markus 10:14). (Küng, 1976, p. 48-49). Volgens Küng (1976) is die koninkryk van God vir Jesus nie 'n aardse, nasionale, religieus-politieke teokrasie nie, maar eerder 'n "purely religious kingdom" (p. 49). Die koninkryk van God wat Hy aankondig, is nie 'n politieke ryk van aardse goedere nie, maar die regering van God wat voorafgegaan moet word deur berou en geloof (p. 50). Ingang in daardie koninkryk geskied nie deur farisese wetsonderhouding nie, maar deur bekering, geloof en wedergeboorte (Bavinck, 1929, p. 224).

Reid (1976, p. 3) sê Jesus het die profesie van die Ou Testament vervul terwyl Hy die koninkryk van die hemele tot stand gebring het ... nie op 'n fisies-politieke grondslag nie, maar geestelik in die hart van die mens. Dit blyk volgens hom duidelik uit onder andere Lukas 17:21: "... want die koninkryk van God is binne-in julle."; Johannes 3:3: "... as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."; Johannes 18:36: "...: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; ...". (Hier kan ook verwys word na Romeine 14:17: "Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.")

Reid se interpretasie van Lukas 17:21, soos hierbo genoem, vind geen steun in die res van die Evangelies nie. Die vertaling "tussen julle" of "in julle midde" verdien voorkeur bō "binne-in julle" (Stauffer, 1965, p. 116).

In die begrip "koninkryk van die hemele" kan dus duidelik twee kante onderskei word: eerstens dui dit die heerskappy van God aan, waarvoor die vromes, deur die genade van Christus, kniel en waartoe voorts alles behoort wat voor God buig en wat leef na sy Wet. Vervolgens dui dit ook die burger-wees van daardie ryk aan, die genieting van die saligheid deur die werk van Christus (sō veral in die saligsprekinge) (Grosheide, 1952, p. 38).

Die stelling kan dus gemaak word dat die koninkryk van die hemele dāār is waar daar versoening en vrede tussen mens en God is, deur die verdienste van Christus en die werking van Gees en Woord.

Die burger-wees van die koninkryk sluit vanselfsprekend die vrywillige, liefdevolle, dankbare gehoorsaamheid teenoor God in. Sō neem die toepassing van die tug, oor lidmate *en* ampsdraers, in hierdie opset 'n baie belangrike plek in, spesifiek ter handhawing *van* en aansporing *tot* die gehoorsaamheid aan God.

Dit is dus duidelik dat die koninkryk van die hemele tot openbaring kom waar God as Koning erken word. Die ganse geskiedenis sentreer dan ook om die inbring van God se uitverkorenes in die koninkryk van die

hemele. Die evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies en dan sal die einde kom (Matthëus 24:14). (Vergelyk Reid, 1976, p. 4).

Die koninkryk van God in sy volkommenheid is "niets minder dan eene gansch vernieuwde wereld met eene ... vernieuwde menschheid" (J. Ridderbos, aangehaal deur Spoelstra, 1970, p. 45).

4. DIE VERBAND TUSSEN KERK EN KONINKRYK VAN DIE HEMELE

Uit die voorgaande uiteensettings van wat die kerk en die koninkryk van die hemele is, kan reeds met sekerheid afgelei word dat daar tussen kerk en koninkryk 'n baie noue verband bestaan. In die bede om die koms van Gods *koninkryk* neem die gedagte van bewaring en vermeerdering van Gods *kerk* 'n baie prominente plek in (Heidelbergse Kategismus, Sondag 48, Antwoord 123).

Hierdie noue verband tussen kerk en koninkryk word onder meer gesteun deur die feit dat in die ekklesio-logie steeds meer erken word dat die naam "Godsvolk" die eintlike wesensnaam van die kerk is (J. C. Coetzee, 1965, p. 12-13). Dit sal dan ook profytlik wees om die verhouding tussen kerk en koninkryk van die hemele te verklaar vanuit die begrip "volk van God" (Spoelstra, 1970, p. 46). "Vanuit die koninkryk kan ons juis die kerk verstaan, en vanuit die kerk ewe-

eens die koninkryk" (Du Plooy, 1979, p. 33).

Kerk en koninkryk van die hemele mag dus nie sô skerp onderskei word dat hulle *de facto* van mekaar geskei word nie (teenoor onder andere Westerink, 1948, p. 171 e.v.; vir weerlegging van Westerink se standpunt, kyk Plooy, 1948, p. 210 e.v.).

Aan die ander kant is kerk en koninkryk van die hemele ook nie identies nie (teenoor onder andere Bucer en gedeeltelik ook Calvyn; kyk Van't Spijker, 1970, p. 123; Calvyn, 1949, Tweede Deel, p. 444 en 445; Derde Deel, p. 46; Duvenage, 1969, p. 117; Goumaz, 1964, p. 118).

Volgens Van Ruler is die koninkryk van God en die kerk nooit twee gestaltes, groothede, gelykwaardige terreine, wat naas mekaar of teenoor mekaar kan staan of met mekaar vergelyk kan word nie. Tog is hulle nie een en dieselfde nie, sodat hulle in die een of ander vorm met mekaar gelykgestel kan word nie. Hulle staan in betrekking tot mekaar. Die kerk leef hier en nou uitsluitend in die perspektief van die koninkryk. En die koninkryk leef hier en nou uitsluitend in die sentrum van die kerk. Die kerk verwag die ryk. En die ryk is verborge aanwesig in die kerk (1945, p. 57).

B. van der Walt (1980, p. 29) maak die belangrike stelling dat indien kerk en koninkryk vereenselwig word, die resultaat gewoonlik 'n (valse) dualisme tussen kerk en wêreld is, aangesien die wêreld as

sodanig dan as heidens teenoor die kerk as die enigste (vanselfsprekende) Christelike verband gesien word. Hy toon aan dat die neiging om kerk en koninkryk te laat saamval veral in die vroeg-Christelike denke en gedurende die Middeleeue sterk was. Die standpunt van die Roomse Kerk is 'n duidelike voorbeeld. Dit kom neer op 'n verabsoluttering van die kerkinstituut en volgens die gedagte van die *corpus christianum* omvat die kerk die hele Christelike lewe (p. 30).

Kerk en koninkryk van die hemele mag nie teen mekaar uitgespeel word nie, soos inderdaad dikwels gedoen word, veral in die liberale teologie en by die voorstanders van die sogenaamde eskatologiese verklaring. (Vir 'n kort bespreking hiervan, kyk Visser, 1980, p. 12-13).

Oor die verband tussen kerk en koninkryk van die hemele is daar heelwat gesigspunte.

Volgens Bavinck (1930, p. 281, 282) is die koninkryk van die hemele hier op aarde nie georganiseerd nie (so ook Grosheide, 1952, p. 38 en Van Wyk de Vries, 1970, p. 14). Dit bestaan ook veelmeer in geestelike goedere as in gemeenskap van persone. Dit is in die eerste plek 'n eskatologiese begrip, terwyl die kerk veral 'n "diesseitig" begrip is, 'n gemeenskap van persone. Die kerk is dus die middel waardeur Christus die weldade van die Godsryk uitdeel en die voltooiing daarvan voorberei. (Dit is ook die mening van Jansen, 1913, p. 32). In sy gang om die Godsryk

te laat kom, neem die kerk allerlei elemente op wat onsuiver is en eintlik nie tot sy wese behoort nie (hipokriete en ook die oue mens in die gelowiges), terwyl die koninkryk van God, wat in goedere bestaan, suiwer en onvermengd is en slegs die wedergeborene omvat.

Hendriks (1977, p. 72, 92, 267) wys daarop dat volgens Van Ruler die kerk nie die ryk van God of die aanvanklike realisering daarvan is nie. Die kerk is teken van die ryk, gestalte van die heilryke handeling van God. Die Gees rig egter baie gestaltes van die koninkryk in die vlees op. Die kerk is teken van die komende ryk, teken temidde van die baie ander tekens (Van Ruler, 1947b, p. 67-71).

Hierdie siening van Van Ruler word egter tereg deur Hendriks verwerp. Volgens hom is die kerk nie 'n teken onder die tekens en 'n gestalte onder die gestaltes nie. Die kerk neem volgens die Nuwe Testament 'n geheel unieke en sentrale plek in ten opsigte van die koninkryk. Deur die kerk 'n teken van die koninkryk te noem, laat hy geen reg aan hierdie unieke en sentrale plek van die kerk geskied nie. Die kerk is die heilshistoriese volk van God, die wettige voortsetting van die "kahal Jahwe" van die ou bedeling. Dit impliseer dat die kerk gesien mag word as die volk van die koninkryk, die vergadering van die burgers van die ryk. Die teken-begrip is ten enemale ontoereikend om die werklikheid van die kerk, soos die Nuwe Testament daaroor spreek, aan te dui. Dit doen ook tekort aan die teenwoordigheid

van die koninkryk van God in hierdie wêreld (1977, p. 268-270).

Die kerk is nie bloot 'n teken van die koninkryk nie. Allermens is dit 'n teken onder baie ander tekens. Die kerk is die "terrein" waar die koninkryk voorlopig, onvoltooid, gerealiseer word.

Grosheide (1952, p. 38) noem die kerk die kern van die koninkryk, die sentrum van waaruit die ryk in sy aardse vorm besiel en geregeer word. Christus is Hoof van sy kerk en Koning van sy ryk. As die koninkryk vir iemand gesluit word, dan ook die kerk; en as die kerk oopgestel word, dan seker ook die koninkryk.

Ook Duvenage (1969, p. 127) meen (waarskynlik onder invloed van Westerink) "dat die Skrif die skerp onderskeiding leer van Christus as Hoof in die kerk en as Koning in die koninkryk en daarmee die skerp onderskeiding van kerk en koninkryk self". (In voetnota 47, p. 132, word hierdie "skerp onderskeiding" egter weer afgestomp, J.V.).

Oor die vraag of die Skrif wel leer dat Christus Hoof in die kerk en Koning in die koninkryk is, kan seker nog baie geredeneer word. Hier kan byvoorbeeld verwys word na Kolossense 2:10, waar Christus se "Hoofskap" gladnie beperk word tot die kerk nie; ook na artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelofenis, waar suiwer *koninkryksbegrippe* toegepas word op die *kerk*, waardeur 'n noue verband tussen kerk en

koninkryk van die hemele veronderstel word.

Reid (1976, p. 4) beskou die kerk as die "only visible manifestation" van die koninkryk, hoewel die twee nie sinoniem is nie, terwyl Sillevs Smitt (1910, p. 36) die gemeente sien as die sigbare "representatie" van die werklike geestelike koninkryk, waarin veronderstel word wette, gesag en gehoorsaamheid.

Küng (1976, p. 92-109) maak in feite 'n teenstelling tussen kerk en koninkryk, veral as hy die kerk kwalifiseer as die werk van die *mens*, en die koninkryk as die werk van *God* (p. 93). Die kerk is die herout van die koninkryk (p. 96), en as die kerk getrou is aan sy opdrag, dan het dit 'n toekoms in die moderne wêreld, want dan sal aan die kerk die enigste perfekte toekoms gegee word: die koninkryk van God (p. 103).

Duvenage (1969, p. 113 e.v.) dui die *verskille* tussen kerk en koninkryk aan deur te beweer dat die koninkryk ruimer is as die kerk (p. 122). Hy wys ook daarop dat die kerk net vir 'n bepaalde tyd bestaan, terwyl die koninkryk, daarenteen, ewig is. "Die 'ekklesia triumphans' sou die koninkryk van God wees en nie meer die kerk nie" (p. 123). Dit beteken egter nie dat die kerk verlore gaan nie, maar veeleer dat dit sy bestemming bereik (p. 129). Met hierdie laaste argument kan volmondig saamgestel word. (Van der Linde, 1978a, p. 9, kwalifiseer die kerk as eie aan hierdie bedeling, bestem om te verdwyn as die

koninkryk kom. Ook B. van der Walt, 1980, p. 30, beweer dat die koninkryk ewig is, terwyl die kerk van tydelike aard is).

In dieselfde artikel toon Duvenage die "verbondenheid" van kerk en koninkryk aan: "In die kerk kom die koninkryk al ten dele in die wêreld" (p. 125). Christus word ook genoem die "saambindende faktor van kerk en koninkryk", die "sentrum van beide" (p. 125). Ter illustrasie van hierdie stellings gebruik hy dan die beeld van verskillende konsentriese sirkels waarvan Christus die middelpunt is: die naaste aan Hom staan sy kerk; dan volg die koninkryk van die hemele, terwyl die buitenste sirkel die wêreld is (p. 128). Vir 'n beoordeling van hierdie beeld, en argumente ter afwysing daarvan, kyk Visser, 1980, p. 22-23).

Die twee belangrikste komponente in die koninkryk van die hemele is *die koningsheerskappy van God* en *die vrywillige, liefdevolle erkenning daarvan en gehoorsaamheid daaraan deur die volk van God*, wat slegs moontlik is deur die verlossing in Christus en die herskepping deur die Heilige Gees.

Hierdie gedagte kom duidelik na vore in die verklaring van die tweede bede in die "Onse Vader": "Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; ..." (Heidelberse Kategismus, Sondag 48, Antwoord 123).

In hierdie verband sê B. van der Walt: "Alleen as die mens sy wil in gehoorsaamheid rig volgens die wil van God, word die ryk van God op aarde gerealiseer" (1980, p. 29).

Hierdie voorgenoemde twee komponente in die koninkryk van die hemele kom in 'n besondere sin in die kerk tot openbaring, terwyl dit vandaar uit steeds verder moet deursuur in die wêreld om op laas alle lewensverbande te beheers.

Daarom kan gesê word dat die koninkryk in die kerk gerealiseer word (Snyman, 1977, p. 198), dat die koninkryk homself openbaar in die kerk (Ridderbos, 1950, p. 307) en dat daar iewers in die wêreld al 'n gebied is waarbinne die heerskappy van Christus reeds sigbaar is, naamlik die kerk (Floor, 1976a, p. 7). Die kerk is ook 'n teken van die koninkryk, maar as teken laat dit ook reeds iets van die realisering daarvan sien, hoewel dit nog voltooi moet word (Van der Linde, 1978a, p. 9).

Die kerk kan dus genoem word "die volk van die koninkryk" (Spoelstra, 1970, p. 47). A. Kuyper (1892a, p. 286) ag dit beter om nie te sê dat 'n kerklike instituut 'n *openbaring* van die koninkryk van die hemele is nie, maar dat dit 'n *toegang* is tot die koninkryk van die hemele.

Tog kan konkluderend volle instemming betuig word met die volgende stelling: "Die kerk is dus nie net 'n openbaring van die koninkryk van God nie, maar ook

instrument waardeur die koninkryk kom" (Van der Linde, 1969, p. 220).

Hierdie omskrywing laat ook voldoende ruimte vir die onmisbare gedagte van die kerk as draer van die sleutels van die koninkryk (Matthéüs 16:19; vergelyk Snyman, 1977, p. 198).

5. WAT DIE AMP IS

5.1 Die oorsprong en wese van die amp

Om tot 'n suiwerere ampsbegrip te kom, is dit noodsaaklik om van dié belangrike feit uit te gaan dat Christus Hoof van die kerk, sy liggaam, is (Efésiërs 1:22; Kolossense 1:18).

A. Kuyper (1883, p. 13-14) wys daarop dat Christus Here en Koning oor sy kerk is tot in ewigheid. Hierdie koninklike gesag is aan Hom deur die Vader verleen, as loon op sy selfvernederings tot in die dood: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matthéüs 28:18). As sodanig is Christus ook, in die mees algemene sin van die woord, teenwoordig in sy kerk op aarde. Slegs die teenwoordigheid van Christus in sy kerk maak die heilige dinge werklik. Sonder die teenwoordigheid van Christus is dit leë vorme. Hierdie teenwoordigheid van Christus rus nie in die instellinge of plegtighede nie, maar uitsluitend in die persone (p. 15-16).

Christus alleen regeer en heers in die kerk. Hy het

die leiding en beklee die hoogste gesag. Hierdie heerskappy van Christus moet slegs deur sy Woord uitgeoefen en bedien word. Maar omdat Hy nie met sigbare teenwoordigheid in die kerk is nie, gebruik Hy daartoe die diens van mense - nie om sy reg en eer op hulle oor te dra nie, maar slegs om sy eie werk deur hulle mond te volbring, soos 'n ambagsman ook gereedskap gebruik om sy werk te verrig. Hierdie diens van mense waarvan God gebruik maak in die bestuur van sy kerk, is die vernaamste senuwee waardeur die gelowiges in één liggaam verbind is (Calvyn, 1949, Derde Deel, p. 54, 56. Vergelyk ook Goumaz, 1964, p. 16, 43-44).

Calvyn sê dat die ampsdraers almal dienare is, en geen heersers nie (aangehaal deur Goumaz, 1964, p. 15, 43 en 45).

Die gedagte van die ampsdraers as instrumente van Christus, word reeds by Martin Bucer gevind. Hy sê dat die dienare instrumente van Christus is, soos 'n vakman 'n beitel, hamer of skaaf gebruik (kyk Van't Spijker, 1970, p. 139).

Christus maak in sy uitoefening van koninklike heerskappy instrumenteel gebruik van menslike persone. Hy is en bly in alles die enigste en onweerstandelike Werker, en die menslike persoon is nooit anders as 'n instrument nie (A. Kuyper, 1883, p. 17).

In navolging van Hoedemaker noem Van Ruler die ampte organe van Christus. Hulle is deur Christus gegee

(1945, p. 92, 105; p. 24, 53 onderskeidelik).

Die doel, strekking en roeping van hierdie amp is om die Woord van God, die Woord van die Koning, waar te maak, te verwerklik met onweerstandelike mag. Die amp tog het die sleutelmag. Die amp is orgaan van, of hulp vir, die soewereine mag. Christus het op aarde 'n amp ingestel as draer van sy koninklike outoriteite en openbaring van sy koninklike majesteit (A. Kuyper, 1883, p. 18).

H. Bouwman (1928, p. 347-348) wys daarop dat daar in die kerk slegs een gesag is, en dit is die gesag van Christus. Daarom is die gesag van die amp altyd gebonde aan Christus. Dit is altoos dienend en moet *dit* uitvoer wat Christus in sy Woord bepaal het. In die staat van heerlikheid val amp en bediening weg, en is Christus onmiddellik Koning. Maar tans is ampte en bedieninge in die kerk nodig (p. 352).

Wat die oorsprong van die amp betref, toon H. Bouwman aan dat volgens die *Roomse Kerk* Petrus die hoof van die apostels is. En die apostels en hulle onmiddellike opvolgers het, met toestemming van die gemeente, biskoppe aangestel, hulle gewy en hulle begiftig met die genadegawes wat hulle self van die apostels ontvang het. In soverre is die biskoppe dus die opvolgers van die apostels. Aan Petrus is die hoogste wetgewende en regterlike mag opgedra. Hierdie mag het op sy opvolgers oorgegaan, sodat die pous as plaasvervanger van Christus die hoof van die

hele kerk en die vader van die Christene is (1928, p. 336; vir die gronde waarop Rome hierdie siening baseer, kyk p. 336-338; vir die weerlegging daarvan, kyk p. 338-340).

Volgens *Luther* is daar 'n kerkbestuur nodig omdat daar leiding en orde nodig is. Die amp wortel in die gemeente, uit krag van die gawes wat God aan die gemeente gegee het (kyk byvoorbeeld Stein, 1974, p. 140). *Luther* ontken nie dat Christus die amp gewil het nie, maar hy ontken dat die amp 'n instelling van God is. Volgens hom handel die amp namens die kerk en kry dit sy mandaat van die kerk (H. Bouwman, 1928, p. 340-341).

Aarts (1972, p. 174 en 236) en Stein (1974, p. 43 en 116) toon egter aan dat *Luther* die amp, beskou as diens van Woord en Sakrament, *wel* gesien het as 'n instelling of verordening van God.

Die kerklike gemeenskap is volgens *Luther* die besitter van alle gawes wat Christus agtergelaat het. Hierdie gemeenskap het die plig en opdrag om Christene in die amp in te stel. Dit beteken nie dat die kerkgemeenskap as sodanig die amp voortbring nie. Hy verwesenlik "in concreto" wat kragtens goddelike reg gegee is (vergelyk Aarts, 1972, p. 237-238).

Stein (1974) toon verder aan dat *Luther* die beeld van die kerk as 'n liggaam, volgens I Korintiërs 12, gebruik (p. 66). Dit is die fondament van *Luther* se

"ampsteologie" (p. 104). God het die een hiervoor en die ander daarvoor in die gemeente bestem, as apostels, profete, leraars, ensomeer (p. 67). Die ander kant van Luther se ampsopvatting, sê Stein, is dat die kerklike amp in sy uiterlike, historiese gestalte "gemaak" is. Dit word gesien as 'n verskyningsvorm wat deur historiese ontwikkeling tot stand gekom en deur menslike kerkorde vasgestel is (p. 116). Die amp is opdrag van God en opdrag van die kerk. Die ampsdraer oefen sy amp uit vanweë, en in naam van die kerk, waarby die kerk gebonde is aan die insetting van Christus. Die amp tree op as orgaan van die kerk (p. 202).

Die *Gereformeerdes* lê sterk nadruk op die goddelike instelling van die amp. Die amp was van die begin af in die kerk gewees, is met die kerk gebore omdat dit vir die kerk nodig is (Efésiërs 4:11). Oorspronklik was hierdie dienste verenig in die amp van die apostels, maar weldra het dit nodig geblyk dat afsonderlike persone in die gemeente aangewys word vir die verskillende dienste. En toe die buitengewone gawes teruggetree het, het die leiding van die plaaslike kerk volgens goddelike ordinansie by die herders en leraars gebly, wat die Woord en sakramente bedien het en saam met die opsiëners die gemeente gelei en versorg het, terwyl die barmhartigheidswerk opgedra is aan die diakens (H. Bouwman, 1928, p. 342).

Calvyn sê, op grond van verskeie Skrifgegewens, dat die amp geen menslike uitvinding is nie, maar 'n instelling van God self (1949, *Derde Deel*, p. 62).

Die ampte kom nie uit die gemeente op nie, maar *God stel* dit in die gemeente (I Korinthiërs 12:28), *Christus gee* dit aan die gemeente (Efësiërs 4:11) en die *Heilige Gees stel* die opsieners *aan* oor die gemeente (Handelinge 20:28). Die handeling gaan dus uit van die drieënige God (Visser, 1980, p. 73).

Ook Van Ruler sê dat die amp nie uit die gemeente opkom nie. Dit kom van Christus. Hy gee dit. Maar al kom dit nie uit die gemeente op nie, wortel dit wel in die gemeente. Dit wil sê: dit plant sy wortels in die gemeenskap en die lewe van die geloof en van die liefde van die gemeente. Dit funksioneer ook *in* die gemeente (1971, p. 18-19; kyk ook Hendriks, 1977, p. 222).

In aansluiting hierby kan dus gesê word dat die ampsdraers tegelyk dienaars van God in Christus en dienaars ten behoeve van die kerk is. Christus volbring sy regering van die kerk deur die amp. In die regering van die kerk tree die ampsdraers in die Naam van Christus, met sy Woord, op sy gesag en in sy krag sô op asof dit Hy self is wat optree (Van der Linde, 1965, p. 42, 43; Van Ruler, 1952, p. 66). "Die ampsdraers is dus nie daar om self in die kerk te regeer nie, maar alleen om die regering van Christus in sy kerk te *dien* (Jonker, 1965, p. 7).

Bucer sê ook baie uitdruklik dat die ouderlinge tot die uitoefening van die sleutelmag gevolmagtig word deur *Christus* en nie deur die *gemeente* nie ... en dit nadat hy gesê het dat die *gemeente* die sleutelmag as

sodanig *besit* (aangehaal deur Van't Spijker, 1970, p. 125; kursivering van my, J.V.).

Van belang is Petrus se vermaning aan die ouderlinge: "Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde." (I Petrus 5:2, 3).

Die volgende kan hier uitgelig word:

- die ouderlinge is "herders";
- die gemeente is "die kudde van God";
- die ouderlinge moet nie soos "*heersers*" optree nie;
- die ouderlinge het tog ook dissiplinêre mag; dit word duidelik uit die waarskuwing teen heerskappyvoering in vers 3 (Bornkamm, 1968, p. 665).

'n Ampsdraer, selfs al is hy apostel of profeet, arbeid en handel en spreek nooit uit homself nie, nie na eie insig en eie goëddunke nie. Hy is in alles gebonde aan sy opdrag; hy fungeer as *orgaan*. En sy hele roeping is, nie om sy eie woord of eie bedoeling deur te dryf nie, maar om die Koning van die kerk te laat heers en die Woord van dié Koning tot gelding te laat kom. 'n Ampsdraer mag nie eiewillig of na eie goëddunke in enige diens ingaan nie. Hy moet *aangestel* en *benoem* wees. Die mag wat 'n ampsdraer uitoefen, kom nie uit die wil van enige mens voort

nie, maar uit die wil van God; dit gaan heeltemal en alleen van Hom uit (A. Kuyper, 1898, p. 8-9).

Die ampsdraers is in hulle dienswerk altyd gebonde aan die Woord van die Here. A. Kuyper (1898, p. 24) sê dat Jesus sy beskrewen wil agter gelaat het, en deur daardie Woord regeer Hy feitelik, hoewel ongesien, sy kerk op aarde. In daardie Woord staan hoe dit moet toegaan. Alles wat volgens die Woord is, moet. Wat *nie* op daardie Woord steun nie, is *opstand* teen die Koning.

A. Kuyper koppel ook die ampte van mense in die kerk *as organe* aan die drievoudige amp van Christus. Organe vir sy heilige *profeetskap* is die leraars, en was die apostels, evangeliste en profete. Organe vir sy heilige *priesterskap* is die herders en die diakens, wat die sakramente, die voorbede en die barmhartigheid onder Gods volk bedien. Organe vir sy *koninklike* mag is die opsieners van die gemeente, wat die regering van die kerk lei, in sy Naam reëls vasstel, en in die Naam van die Koning toelaat tot sy heilige sakrament of uit die gemeenskap van die kerk uitban (1898, p. 26).

Die ampsdraers in die kerk is dus dienaars van Christus en moet hul werk in afhanklikheid van Hom verrig. Aan die kerklike ampsdraers kom geen heerskappy oor ander toe nie - hoewel die gesag van Christus tog aan die amp en ampswerk ten grondslag lê - maar die ampsdraers het 'n bedienende mag. Daarom gee die

Gereformeerdes aan die ampsdraers by voorkeur die naam "dienaars", om daarmee die karakter van die amp aan te dui. Die ampsdraers is dienaars van Christus ter wille van die gemeente (II Korinthiërs 4:5; Efésiërs 4:12. Kyk H. Bouwman, 1928, p. 334-336. Ook Bavinck, 1930, p. 361).

5.2 Amp en roeping

Christus, as Hoof van die kerk, roep tot die amp. Hy beslis wie tot die amp toegelaat sal word en wie in die amp mag bly, want die ampsdraers is slegs sy instrumente (kyk 5.1. hiervan).

Reeds in die jare 1515-1516 het Luther geleer dat slegs diegene wat daarvoor geroep is, 'n amp in die kerk kan uitoefen. In sy kommentaar op die brief aan die Galásiërs word die goddelike roeping tot die amp en die verhevenheid van die ampsvolmag op die voorgrond gestel (volgens Stein, 1974, p. 27, 31-34, 42-43).

Calvyn beklemtoon dit ook dat niemand vir homself in die kerk 'n openbare amp mag neem as hy nie daartoe geroep is nie (1949, Derde Deel, p. 64). Dieselfde nadruk vind ons ook in art. 3 K.O.: "Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie". Per implikasie geld dieselfde vir ouderlinge en diakens, artt. 22, 24 K.O. (Kyk Romeine 10:14, 15).

Aarts wys daarop dat volgens Luther 'n tweevoudige roeping noodsaaklik is om die predikamp in die kerk te vervul: 'n roeping van God en van die gemeente (1972, p. 262).

Calvyn praat van die verlanke van die ware gelowiges om die amp te bedien. Dit grond hy nie op die vertroue in eie deug of in eie krag nie, maar in die hulp van die HERE. Alle bekwaamheid is 'n gawe wat van bo kom. Hieraan koppel Calvyn die onderrig in die suiwere leer van die Evangelie en die sorgvuldige onderrig in die Heilige Skrif in die jeugjare. Die vorming deur die Skrif en die studie daarvan vorm dus die allereerste vereiste tot die amp. Maar daardeur is mens tog nog geen herder nie. By die vorming deur die Bybel en die werk in die teologiese skole moet nog 'n dubbele roeping kom: die roeping van die mense en die roeping van God. Die roeping van mense is die verkiesing deur die gemeente. Die roeping van God is die "vocatio specialis" of "particularis", die besondere roeping van God wat duidelik laat sien dat 'n mens van bo verwerdig is tot die heilige taak van dienaar van God. Geen amp is die naam werd as die gemeente nie sy woord daarin gespreek het en as die hoogste Profeet en Leraar Hom nie self uitgespreek het nie. Die aanwysing van bo tot die amp moet altyd die keuse van die gelowiges vergesel (vergelyk Goumaz, 1964, p. 33-34).

Bavinck (1930) lê ook nadruk op die roeping tot die amp (p. 360, 362). Hy wys op die baie belangrike feit dat die roeping slegs kenbaar is aan die ooreenstemming

van die *inwendige* en die *uitwendige* roeping, omdat die roeping nie meer op buitengewone wyse tot iemand kom nie, soos by die profete en apostels die geval was (p. 362).

Volgens hom bestaan die *inwendige* roeping in die verlening van die gawes wat vir die amp vereis word; in die suiwere, opregte en standvastige begeerte wat iemand na die amp laat streef; en in die baan van die weë wat tot die amp lei (p. 362). Hierdie inwendige, subjektiewe roeping moet sy waarmerk en seël ontvang in die *uitwendige* roeping deur die gemeente (p. 362-363). Daarom staan hierdie uitwendige roeping nie teenoor die inwendige nie, maar albei gaan van Christus uit. Slegs Hy kan roep, en roep inderdaad. Die uitwendige roeping is egter middellik en geskied deur die gemeente in die Naam van Jesus. Die keuse van die gemeente het geen ander betekenis nie as dat hy die gawes opmerk en die persone aanwys wat Christus vir die amp bestem het (p. 363. Kyk ook H. Bouwman, 1928, p. 366-370; Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 11).

Die noodsaaklikheid van roeping word ook uitgespreek in Artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die Kerk, met aanroeping van die naam (sic) van God en goeie orde, soos die Woord van God leer. So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele hom-

self in te dring nie. Hy moet die tyd afwag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuienis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom ..." (Vergelyk artt. 4 en 5 K.O.)

Van der Linde (1977/8, Deel I, p. 12) wys daarop dat daar vir elke afsonderlike diens 'n afsonderlike roeping geld. Die roeping tot die een diens gee nie die reg tot die uitoefening van 'n ander diens nie.

Die begrip *roeping* omvat in die Heilige Skrif die verhouding tussen God en mens. Waar van roeping sprake is, is altyd sprake van twee dinge: van wie roep en van wie geroep word, van gebod en gehoorsaamheid. En waar in die Skrif van roeping sprake is, is dit altyd God of Christus wat roep (Van der Linde, 1965, p. 43-44).

Roeping veronderstel ook *opdrag*; iemand word geroep tot 'n spesifieke amp. Dit kom onder andere uit in Mattheüs 4:19, waar Jesus vir Simon Petrus en Andréas sê om agter Hom aan te kom (die roeping), en Hy sal hulle vissers van mense maak (die opdrag).

Só word in artt. 16, 18, 23 en 25 K.O. ook die *opdragte* uitgestippel vir diegene in die besondere ampte.

Dié geroepe ampsdraer wat egter sy roeping onwaardig geword het, wat aan die opdrag van sy Koning ongehoorsaam is en die gebod van sy Here oortree, moet dan

ook met die middel van die tug tot inkeer gebring of uit die amp afgesit word, volgens art. 79 K.O.

5.3 Amp en gawe

Ten einde die ampte in die Nuwe Testament in die regte perspektief te sien, moet ag gegee word op die betekenis van die gawes wat Christus vir sy kerk gegee het (Floor, 1969, p. 237).

Christus het aan sy kerk verskillende gawes gegee tot opbou van die liggaam. Daar is byvoorbeeld die gawe om te leer, om te vermaan, om 'n voorganger te wees, om uit te deel, om barmhartigheid te bewys, ensameer (Romeine 12:8). Daardie gawes word in die gemeente by bepaalde persone, wat dit ontvang het, raakgesien of herken. Op hierdie herkenning of ontdekking van 'n bepaalde gawe by 'n bepaalde persoon in die gemeente kan onder die leiding van die Heilige Gees ook die erkenning volg. Iemand met so 'n gawe word geroep om met sy gawe die gemeente te dien. Hy word geroep tot die amp. 'n Amp in die kerk is daarom ten diepste 'n gawe wat onder die leiding van die Heilige Gees herken en erken is (Floor, 1969, p. 237; kyk ook Ridderbos, 1971, p. 498; Van Ruler, 1952, p. 49, 64).

Daar is 'n groot verskeidenheid van gawes wat Christus vir die kerk gegee het. Elke amp in die kerk veronderstel 'n gawe (Floor, 1969, p. 237).

Du Plooy (1979, p. 44) vestig die aandag daarop dat Paulus veral in Romeine 12, I Korinthiërs 12 en Efésiërs 4 nie die institusionele nie, maar die kwalitatiewe in die "charismata" (gawes) voorop stel. Daar word byvoorbeeld nie gespreek van presbiter, episkope of diakens nie, maar wél van die "charisma" (gawe) om leiding te gee, te help en barmhartigheid te bewys. Die dinge wys daarop dat, wanneer sekere gawes aanduiding van bepaalde dienste is, die inhoudelike betekenis van die amp voorop gestel word (kyk Ridderbos, 1971, p. 496).

Die gawe wat nodig is vir die ampte, is nie essensieel verskillend van dié wat aan alle gelowiges geskenk word nie. Daarom kan die gemeente uit sy midde diegene aanwys wat in besondere mate met amptelike gawes versier is en hulle in die Naam van Christus roep en verkies tot die amp (Bavinck, 1930, p. 360).

Die beperking van die begrip "*charisma*" (gawe) asof dit slegs die besondere en "spectaculaire", soos die doen van genesings, die spreek in tale, ensomeer sou behels, word deur Ridderbos (1971, p. 494) afgewys. "Charisma" (gawe) is alles wat die Gees wil gebruik en ten diens stel vir die toerusting en opbou van die gemeente, sowel wat tot lering en vermaning, asook tot die onderlinge diensbetoon of die doeltreffende besturing en regering van die gemeente kan dien (p. 494).

Hy wys ook daarop dat die "charisma" (gawe) in die gemeente fungeer as diens, en hy waarsku daarteen om 'n teenstelling te maak tussen "charismatiese" en "administratiewe" dienste, tussen "charisma" (gawe) en die institusionele, geordende dienste of ampte in die gemeente (p. 495-496; kyk ook Van Ruler, 1952, p. 48). As die opsommings in I Korintheërs 12 en Efësiërs 4 onder die gesigspunt van amp en "charisma" (gawe) beskou word, dan is slegs een konklusie moontlik, naamlik dat die amp ook self 'n "charisma" (gawe) is (p. 498).

5.4 Buitengewone en gewone ampte

Om die onderskeie ampte in die kerk van Christus goed te begryp, moet daar onderskeid gemaak word tussen buitengewone en gewone ampte (H. Bouwman, 1928, p. 353).

Die *buitengewone* ampte is die apostels, profete en evangeliste. (Vir 'n uiteensetting van hierdie buitengewone ampte, kyk H. Bouwman, 1928, p. 353-356 en Bavinck, 1930, p. 313-321).

Van die apostolaat kan gesê word dat dit aan die kerk van die Nuwe Testament voorafgegaan het; die apostels was die grondleggers van die gemeente, as't ware die aartsvaders van die volk van God in die dae van die Nuwe Testament. Maar hierdie apostolaat is nie voortgesit nie en was as amp vir die stigting van die kerk uit die aard van die saak nie vir voortsetting vatbaar nie. Sodra die apostels op verskillende

plekke gemeentes gestig het, het hulle in die gemeentes ampte ingestel wat met medewerking van die gemeentes self tot stand gekom het. Daar is 'n groot onderskeid tussen die buitengewone ampte van apostels, evangeliste en profete wat tydelik vir die grondlegging van die kerk ingestel is, en die gewone ampte van presbiters en diakens, wat onder leiding van die apostels uit die kerke self opgekom het (Bavinck, 1930, p. 321-322. Kyk ook Ridderbos, 1971, p. 501-503).

Volgens Van Ruler is dit die verhoogde Christus self wat sy apostels uitstuur en hulle gebruik vir die konings en volkere van die aarde. As diegene wat met Jesus gewees het, ooggetuies is van sy opstanding en regstreeks van Homself hul opdrag ontvang het, neem hulle 'n geheel-enige plek in in die afwikkeling van die dinge wat in die laaste dae moet geskied (1952, p. 20).

Van Ruler sê ook dat die apostelamp onoordraagbaar en onherhaalbaar is. Toe Jakobus gesterf het, is die vakature nie gevul nie. Die apostelamp is die *wortelamp*, die bron van die kerkorganisasie, die oorsprong van elke geestelike amp in die kerk (1952, p. 31, 32).

In die Nuwe-Testamentiese kerke, soos hulle deur die apostels gestig is, kom 'n verskeidenheid van amptelike en nie-amptelike gawes en dienste na vore. Gevolglik was daar na die verdwyning van die eenmalige en algemene amp van die apostels geen lugleegte

in die amptelike bediening van die kerk nie (kyk J. J. van der Walt, 1976, p. 73).

Dat gewone, blywende ampte deur die apostels vir die kerk ingestel is, blyk duidelik uit die Nuwe Testament (kyk H. Bouwman, 1928, p. 356-359).

Voorbeelde hiervan word deur Van der Linde kortliks soos volg aangedui (1965, p. 55): die verkiesing van die sewe in Handeling 6:1-7; die verkiesing van ouderlinge in elke gemeente (Handeling 14:23); Paulus se opdrag aan Titus (1:5) om van stad tot stad ouderlinge aan te stel; die voorskrifte van vereistes waaraan die opsieners en diakens moet beantwoord (I Timótheüs 3, Titus 1); Paulus se vermaning aan die ouderlinge (Handeling 20:17) wat deur die Heilige Gees as opsieners aangestel is (Handeling 20:28) om as herders die gemeente van God te versorg.

Hy verwys na Handeling 6 ter staving van die bewering dat die drie ampte van Christus, wat in een ampsdraer (apostel) verenig is, die menslike vermoë oorskry. Een mens is nie by magte om al drie ampte tot volle reg te laat kom nie. Daarom het daar onder leiding van die Heilige Gees drie ampte in die kerk ontstaan om Jesus Christus as dié Ampsdraer in sy drieërlei taak (van Profeet, Priester en Koning) uit te beeld: die predikant wat belas is met die profetiese taak; die ouderling met die koninklike taak en die diaken met die priesterlike taak (1978b, p. 44).

Hierdie diens-afbakening wat Van der Linde aangee tussen predikant, ouderling en diaken (so ook by Feenstra, 1950, p. 393-394) is te absoluut. Die predikant doen byvoorbeeld tog nie *net* profetiese werk nie, maar ook koninklike en priesterlike werk (art. 16 K.O.), terwyl ook aan die ouderlinge opgedra word om "die lidmate te vertroos" (dus: priesterlike werk, art. 23 K.O.).

Die apostels is *direk* deur Christus geroep, terwyl die "gewone" ampsdraers deur middel van die vergaderde gelowiges en onder leiding van diegene wat reeds in die amp staan, deur Christus geroep word (Van der Linde, 1965, p. 55-56).

Dieselfde gedagte word reeds by Luther gevind. Stein (1974, p. 43) sê soon aan dat Luther hom op Hieronymus beroep as hy sê dat die profete en apostels direk deur Jesus Christus en God die Vader gestuur is. Alle ander (ampsdraers) word deur God deur middel van mense geroep.

Ridderbos wys op die opvallende verskynsel dat in die opsomming van I Korintheërs 12:28 en Efësiërs 4:11 wel apostels, profete en leraars voorkom, maar geen presbiteres en diakens nie. Volgens hom hoef dit nie te beteken dat daar in die pauliniese gemeentes ten tye van die apostel nog geen presbiterium was nie. In Filippense 1:1 - 'n brief wat in dieselfde tyd as Efësiërs geskryf is - word opsieners en diakens by name genoem. Ook onderskei dit hierdie dienste van

presbiters en diakens gladnie van dit wat Christus aan die gemeente as "charisma" (gawe) gegee het nie (1971, p. 498).

Vir diegene wat in die regeeramp dien, word daar in die Nuwe Testament twee name gebruik: ouderling ("presbuteros") en opsiener ("episkopos"). (Vir 'n meer uitvoerige bespreking van hierdie twee name, kyk Bavinck, 1930, p. 322-324).

Die gegewens van die Nuwe Testament dui egter duidelik daarop dat dit *twee benaminge vir dieselfde amp-draers* is. S6 word dit ook verklaar deur Luther (soos weergegee deur Stein, 1974, p. 119) en deur Calvin (soos bespreek deur Goumaz, 1964, p. 20-21, 23-25). (Enkele ander standpunte word bespreek deur H. Bouwman, 1928, p. 97 e.v.; Van der Linde, 1965, p. 60 e.v.; J. J. van der Walt, 1976, p. 74-75). Die volgende dien as voorbeelde:

- in Handeling 20 roep Paulus die *ouderlinge* van Éfese byeen (vers 17) en dan noem hy hulle *opsieners* (vers 28);
- die opdrag wat Paulus in Handeling 20:28 aan die *opsieners* gee, is dieselfde wat Petrus aan *ouderlinge* gee (I Petrus 5:1-3);
- Paulus noem in Filippense 1:1 die "opsieners en diakens"; as "ouderling" en "opsiener" nie sinoniem was nie, kom dit vreemd voor dat hy dan nie ook die ouderlinge as derde groep

ampsdraers noem nie;

- in Titus 1:5 gee Paulus opdrag aan Titus om "ouderlinge" aan te stel; as hy egter die voor- skrifte uiteensit waaraan hierdie *ouderlinge* moet beantwoord, sê hy aan Titus hoe 'n *opsiener* moet wees (vers 7).

Dit is genoegsame bewys dat die sinonieme gebruik van "presbuteros" en "episkopos" op dieselfde amp dui, naamlik op die ouderlingamp (Visser, 1980, p. 81-82).

Met betrekking tot die ouderlingamp moet daarop gewys word dat Van Ruler dit, soos al die ampte in die kerk, bestempel as apostolies van aard (1948, p. 75; kyk ook 1952, p. 34). Van Ruler maak die stelling dat die ouderling, wat sy spil in die heiliging van lewe en wêreld vind, om die kerk heengaan, deur die gewone lewe, met die orde en reg van die ryk van God aan alle horisonte (1952, p. 23; vergelyk ook Hendriks, 1977, p. 135, 151). Die eintlike amp in die kerk is dié van die ouderling (1948, p. 62).

Hendriks weerlê Van Ruler deur daarop te wys dat die ouderling sy amptelike werk in die gemeente het (1977, p. 284). Sê vind ons dit ook in art. 23 K.O. en in die Formule vir die bevestiging van ouderlinge (Malan, 1979, p. 521, vergelyk p. 491).

Van Ruler wil ook die tug van die kerk apostolies sien. In sy tug is die kerk nie op homself gerig nie, maar op die ryk van God. In sy tug is die kerk

nie verdedigend besig nie, maar aanvallend, met die oog op en vanuit die ryk. Die tug is nie soseer 'n werklikheid van die kerk nie, maar meer 'n voorbeeld van die ryk (1948, p. 43, 45).

Tereg bestempel Hendriks hierdie siening van Van Ruler as onjuis. Hy toon aan dat die tugoeffening volgens die Skrif in die gemeente plaasvind. Dit beoog die heiligheid van die gemeente en die bekering van die lidmaat (1977, p. 273). (Vergelyk hier ook veral artt. 71-79 K.O.; Formulier vir die bevestiging van ouderlinge, Malan, 1979, p. 521-522, vergelyk p. 491).

Maar die opsienersamp was tog oorspronklik nie 'n leeramp nie, maar 'n regeeramp. Aan 'n afsonderlike leeramp was trouens in die eerste tyd nog geen dringende behoefte gewees nie. Apostels, evangeliste en profete het eers as leraars opgetree, Handeling 13:1 en I Korinthiërs 14:3. Toe die gemeente egter uitbrei, kon in die behoefte aan Woord- en sakramentsbediening deur apostels, evangeliste en profete nie meer voorsien word nie. Daar was 'n plaaslike en blywende amp nodig. As Paulus in Efësiërs 4:11 praat van herders en leraars, dan leer hy daarmee duidelik dat hierdie persone geen wesenlik-onderskeie amp beklee nie, maar werksaamhede in die gemeente verrig wat nou verbonde was en tog onderling verskil het (Bavinck, 1930, p. 324-325).

Aarts (1972, p. 188-190) wys daarop dat volgens

Luther die Christen niks anders as die Woord van God, die evangelie van Christus, nodig het nie. Volgens hom is die bediening van die Woord dan ook die enigste amp in die kerk. Die apostel, die biskop en die ganse stand van geestelikes is slegs tot die diens van die Woord beroep en ingestel.

In sy bespreking van I Timótheüs 5:17,18 kom Bavinck (1930) tot die gevolgtrekking dat daar volgens hierdie verse duidelik onderskei word tussen opsieners, aan wie slegs die regering opgedra is, en ander wat ook in Woord en leer arbei en as gevolg daarvan ook die sakramente bedien. Hy verwys ook na die "engele" van die verskillende Klein-Asiatiese gemeentes, Openbaring 1:20 e.v. (p. 326). Van der Linde (1965, p. 64-65) sê dat uit hierdie differensiering die predikantsamp gebore is.

Vir Van Ruler is die predikant dienaar van die Woord wat selfstandig optree en vry beweeg oor die aarde en deur die tyd. In beginsel is hy 'n apostel, wat die ryk van God in die wêreld uitroep. As dienaar van die Woord staan hy gladnie in die kerk nie, maar in die koninkryk van God en in die wêreld. En vir sover daar 'n kerk rondom die prediking gebou word en die dienaar van die Woord ook ampsdraer in die kerk word, is hy weer ouderling, naamlik lerende ouderling en staan hy dus ook weer nie met albei bene in die kerk nie (1971, p. 30; 1965, p. 92; 1948, p. 62).

Hierdie siening van Van Ruler het opsigtelik en van-selفسprekend ingrypende konsekwensies vir die tug oor ampsdraers. Is so 'n "selfstandige" en "vry-bewegende" dienaar van die Woord nog onderworpe aan kerklike tug oefening?

Voorts sê Van Ruler dat die prediking - as apostoliese gebeurtenis - nie in die eerste instansie in die kerk geskied nie, maar in die wêreld. Die gemeente is eerder die klankbodem daarvan as die adres (1952, p. 22-23; 1965, p. 195).

Hendriks (1977, p. 273, 284) verwerp tereg hierdie standpunt van Van Ruler. Hy stel dit duidelik dat die predikant sy amp in die gemeente het en dat die prediking in die midde van die gemeente geskied en tot die gemeente gerig is.

Volgens die K.O. is dit duidelik dat 'n predikant aan 'n plaaslike kerk verbonde moet wees, en nie vry is om te preek waar hy wil nie (kyk veral artt. 7, 10, 15). Ook die Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord praat van Woordbediening aan die *gemeente* (Malan, 1979, p. 515, vergelyk p. 490-491).

Die Kerkorde van die G.K.S.A. (1979, p. 14, 18, 25) onderskei as 'n afsonderlike diens "die professore aan die Teologiese Skool" (art. 2; kyk ook artt. 18, 53). Hierdie "diens" van die professore aan die Teologiese Skole is slegs 'n differensiasie uit dié

van die bedienaar van die Woord, "kragtens die roeping onder andere in 2 Tim. 2:2 ten behoeve van die opleiding van bedienaars van die Woord" (Visser, 1973, p. 315).

Oor die vraag of ons in Handeling 6:1-6 die instelling van die diakenamp het, bestaan daar baie verskil. (Kyk byvoorbeeld Floor, 1976b, p. 22-33 en Spoelstra, 1976b, p. 52-57). Bavinck bespreek die hele kwessie, en kom tot die aanvaarbare gevolgtrekking dat daar sonder twyfel van die begin af in die gemeente van Jerusalem so 'n diens van barmhartigheid was as waarvan Handeling 6:1 spreek, 'n "daaglikse versorging", wat miskien wel onder toesig van die apostels gestaan het, maar tog aan private persone oorgelaat is. Die apostels het hierin egter orde gestel deur die instelling van 'n besondere amp. Vervolgens, sê Bavinck, is aan die sewe manne juis *dit* opgedra wat elders in die Nuwe Testament meer bepaald met die naam van "diakonia" aangedui word (alhoewel hy duidelik sê dat "diakonia" in die Nuwe Testament alle ampte en gawes aandui wat die Here skenk tot diens en nut van die gemeente). Die sewe manne in Jerusalem is aangewys om die tafels te bedien, dit is om by die liefdesmaaltye en die nagmaal van die Here behulpsaam te wees en om voorts die gawes van die Here eerlik onder die heiliges, volgens hulle behoeftes, te verdeel. Die stelling dat Handeling 6 die oorsprong van die diakenamp verhaal, word ook daardeur gesteun dat die eise wat daaraan gestel word sê hoog is en in hierdie opsig met dié in I Timotheüs 3:8-10, 12 ooreenkom (1930, p. 328-329).

Hendriks (1977, p. 284) wys daarop dat die "sewe" van Handeling 6 die versorging van die behoeftiges van die gemeente te Jerusalem tot taak gehad het. En as Paulus in I Timótheüs 3 oor die diakenamp skryf, verwys hy ten slotte weer na die gemeente.

Dit stel hy teenoor Van Ruler wat sê dat die diaken, as 'n spesifikasie van die ouderlingamp, met die barmhartigheid en die geregtigheid van God in Christus in die nood van wêreld, enkeling en samelewing ingaan (1952, p. 23; kyk ook Hendriks, 1977, p. 135, 152).

In die K.O. word die diaken se taak eerstens op die *gemeente* gerig, maar tog ook op "ander" (art. 25). Dieselfde gedagte kom ook uit in die Formulier vir die bevestiging van diakens (kyk Malan, 1979, p. 523-524, vergelyk p. 491).

Ten slotte moet in hierdie onderafdeling ook nog gewys word op dié belangrike feit wat A. Kuyper beklemtoon, naamlik dat Christus slegs één soort (gewone) ampsdraer ken, tewete hulle wat aan die *plaaslike* kerk verbonde is (1898, p. 17).

5.5 "Algemene" en "besondere" amp

In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 12 word daar op Vraag 32: "Maar waarom word jy 'n Christen genoem?" geantwoord: "Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer

aan Hom kan toewy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer". Hiervan sê Wielenga (1947, p. 288): "Door de christenzalwing krijgt de mensch terug zijn menschheid als ambt. Het ambt der geloovigen".

Bavinck wys daarop dat Christus in die plaaslike kerke allerlei gawes uitstort en dat die Heilige Gees dit tans nog aan die gelowiges skenk. Die gemeente is nie onmondig nie, maar het die salwing van die Heilige. En soos alle gelowiges 'n gawe het, so staan hulle ook almal in die amp. Hy toon dan uit die Skrif aan hoe die gelowiges 'n profetiese, priesterlike en koninklike werkzaamheid het en hy sê dat hierdie profetiese, priesterlike en koninklike werkzaamheid van die gelowiges die uitoefening van 'n amp genoem kan word (1930, p. 358, 359. Kyk ook H. Bouwman, 1928, p. 330, A. Kuyper, 1898, p. 19).¹⁾

Reeds Martin Bucer het die regte van die gemeente verdedig met die uitgangspunt dat die gemeente van die gelowiges 'n mondige gemeente is. Die algemene priesterskap van die gelowiges en die besondere ampte staan nie teenoor mekaar nie. Die Heilige Gees het aan albei plek gegee in Gods volk. Deur die "ministerium Ecclesiae" word die gemeente nie in twee dele verdeel wat langs of teenoor mekaar staan nie. Die

1) Skrifbewyse wat hier van belang is, is veral I Petrus 2:5,9; Openbaring 1:6; 5:10; 22:5.

diens van die broederskap word nie belemmer of opgehef deur die openbare amp in die gemeente nie. Dit word daardeur bevorder (aangehaal deur Van't Spijker, 1970, p. 76-77, 343).

Die algemene amp van die gelowige staan met die besondere amp in die allernouste verband (H. Bouwman, 1928, p. 331). Die besondere ampte mag die amp van die gelowiges nooit verplaas nie, selfs nie *binne* die gemeentelike lewe nie (Snyman, 1977, p. 136). Die besondere ampte mag ook nie oor die gemeente heers nie, II Korinthiërs 1:24 en I Petrus 5:2,3 (A. Kuyper, 1898, p. 19-20).

Die besondere ampte is 'n wesenlike deel van die liggaam van Christus en staan daarom nie *teenoor* of *onder* of *oor* die gemeente nie, maar *in* die gemeente, as orgaan waardeur die regering van Christus in die gemeente uitgeoefen word. (Vergelyk Van Ruler, 1952, p. 56, 58, 61; 1965, p. 144).

Verskillende standpunte in hierdie verband word bespreek deur Visser (1980, p. 85-90). Die volgende kan as riglyn gestel word:

- die verhouding tussen amp van gelowiges en besondere ampte moet nie sō opgevat word dat die gelowiges die gesagsopdrag van die Koning ontvang het om, nou weer op hulle beurt, hierdie gesag aan die dienaars te oorhandig nie (dus: geen gedelegeerde gesag nie) (p. 85, 86);

- dit is 'n eensydige gedagte dat die gemeente die beslissende en die besondere ampte slegs uitvoerende mag het. Die ampte is geen organe van die gemeente nie (dit kan nie uit die Nuwe Testament bewys word nie), maar organe van Christus. (Die besondere amp as *orgaan* van die gemeente en as *verteenwoordiger* van die gemeente moet hier nie verwar word nie) (p. 86, 89);
- die besondere ampte en die gemeente het elk 'n eie bevoegdheid en taak soos deur Christus ingestel. Albei is onderworpe aan die wil van die Koning. In 'n botsingsituasie berus die reg van beslissing by dié een wat aan die Woord van Christus getrou is (p. 86);
- die verhouding tussen gemeente en besondere ampte kan verduidelik word met die beeld van 'n driehoek: 'n lyn van Christus na die gemeente; 'n lyn van Christus na die besondere amp; 'n heen-en-weergaande lyn tussen besondere amp en gemeente, en gemeente en besondere amp (p. 86);
- besondere amp en algemene amp moet nie *geskei* nie, maar slegs *onderskei* word, as besondere instellings van Christus (p. 87);
- die gemeente is self ook *onderworpe* aan die gesag en orde wat in sy midde geld, en is daaraan gehoorsaamheid verskuldig (p. 87);

- die gemeente kan nie ontroue ampsdraers ontslaan en dan self doen wat die ampsdraers anders moes doen nie; daar moet dadelik weer ander aangestel word (p. 87);
- die verhouding tussen die besondere en algemene ampte is nie 'n verhouding van owerheid en onderdaan nie (p. 88)
- die uitdrukking "algemene priesterskap van die gelowiges" as aanduiding van die "algemene amp van die gelowige" (p. 85, 87) is onbevredigend, omdat die amp van die gelowige nie slegs beteken om *priester* te wees nie, maar tewens ook om *profeet* en *koning* te wees;
- 'n gevaar waarteen gedurig gewaak moet word, is om nie die verhouding tussen algemene amp van die gelowige en besondere ampte vertroebeld te beredeneer vanuit 'n *demokratiese* gesigspunt en met *demokratiese* argumente en begrippe nie. Die Nuwe Testament leer immers geen *demokrasie* in die kerk nie, maar suiwere *Christokrasie* (p. 89);
- die posisie en verantwoordelikheid van 'n mondigte gemeente is nie geleë in *mederegering* nie, maar in *medewerking* ... medewerking met dié wat die regering moet uitoefen volgens die opdrag van Christus: die ouderlinge (p. 90);

- slegs in hoogs-uitsonderlike noodsituasies mag die gemeente doen wat normaalweg deur die ouderlinge gedoen word: dan, naamlik, as daar so 'n deformasie by die ouderlinge ingetree het dat *hulle* regering nie meer die regering van *Christus* is nie. Maar die gemeente moet in so 'n toestand so spoedig moontlik ander ouderlinge aanwys en bevestig (p. 90).

Dit is dus duidelik dat Christus elke gelowige in die algemene amp van profeet, priester en koning gestel het. Op die basis van hierdie algemene amp van alle geloweiges het Christus ook die besondere ampte in die gemeente gestel, wat geen *heersende* mag in die kerk het nie, maar slegs 'n *dienende* mag (Bavinck, 1930, p. 361). Almal, algemene amp en besondere ampte, is organe van *Christus*.

5.6 Amp of diens?

In hierdie sub-opskrif sit daar 'n teenstrydigheid opgesluit, wat vanself in die behandeling hiervan duidelik sal word: dit is naamlik nie 'n kwessie van "amp" of "diens" nie, omdat "amp" en "diens" *dieselfde* is (s6 byvoorbeeld by Luther, soos weergegee deur Stein, 1974, p. 27-30).

Tog is dit nie vir almal so 'n uitgemaakte saak nie, soos blyk uit verskillende opvattings wat hier bespreek sal word.

In die Kerkorde van die G.K.S.A. word die Latynse woord "functio" vertaal met "dienste". In artt. 16, 23 en 25 word "officium" vertaal met "amp" en in art. 18 word "munus" vertaal met "dienspligte" (G.K.S.A., 1979, p. 14, 17, 18, 19). In die motive-ring vir die verandering van art. 2 K.O. word gesê dat die woord "functio" dui op 'n ruimer betekenis van diens (Van der Vyver, 1964, p. 67-68). Volgens White (1913, p. 246, 423, 392) en F. Postma (1939, p. 127, 211, 197) sit daar egter in aldie genoemde Latynse woorde pertinent die gedagte van "diens" en "diensvervulling". Daar kan dus beswaarlik uit die oorspronklike verskillende Latynse woorde gekonkludeer word dat daar 'n verskil bestaan tussen "amp" en "diens". Van der Linde (1977/8, Deel I) is dan ook daarvan oortuig dat ons van die 4 ampte in die kerk moet spreek (p. 9). Hiermee kan volkome saamgestem word.

Van der Vyver (s.j., by art. 2) maak 'n duidelike onderskeid tussen "amp" en "diens": "Ons het in die artikel dus nie 'n opsomming van 4 ampte nie, maar wel van dienste wat verbind is aan die drie kerklike ampte, ..."

Spoelstra opper sekere besware teen die gebruik van die woorde "amp" en "ampsdraers" (1976a, p. 41-43). Hy opper die moontlikheid dat die gebruik van die woord "ampsdraers" in plaas van die onderskeidelike gebruik van die woorde "ouderlinge", "diakens" en "predikante" gewyt kan word aan die genootskaplike

idee van die Breë Kerkraad as eintlike kerkregerende liggaam en werklike kerkraad (p. 41). Hy beweer dat die woord "amp" geleidelik die onderskeid in dienste ten gunste van die gemeenskaplike aspekte (byvoorbeeld roeping, verkiesing, bevestiging) laat verdwyn (p. 41-42). Die woord "amp" bring volgens hom die gedagte van waardigheid sterk na vore, en dit wys op posisie eerder as op watter werk die persoon doen. Die woord "ampsdraer" wat die "persoon" en die "amp" verbind soos 'n mens "las" en "dier" in die begrip "lasdier" verbind, klink vir hom nog erger (p. 42). Hy wys daarop dat die begrip "ampsdraer" as noemer vir meer as een diens of bediening nêrens in die Bybel (veral in die Nuwe Testament) voorkom nie (p. 42). Hy spreek ook sy persoonlike voorkeur uit vir die gebruik van die woord "diakonia" of "diens" in plaas van "amp" (1976b, p. 56).

Hierteenoor kan gewys word op die feit dat die woorde "amp" en "diens" etimologies presies dieselfde betekenis het (Van Wijk, 1929, p. 16; H. Bouwman, 1928, p. 328). "Amp" beteken dus niks anders nie as "diens", en "ampsdraer" is dieselfde as "dienskneg".

J. J. van der Walt sê duidelik dat "amp" en "diens" as sinonieme gebruik word. In die Kerkorde moet dus drie dienste en drie ampte bepaal word. Die Kerkorde behoort volgens hom gewysig te word om uitdrukking te gee aan die beginsel dat die professore aan die Teologiese Skole van die G.K.S.A. bedienaars

van die Woord is wat 'n bepaalde aspek van die diens van 'n bedienaar van die Woord volbring (1976, p. 149).

Van der Linde (1965, p. 39-40) toon aan dat die wesenlike van die amp in die Ou Testament saamgevat is onder die begrip "leitourgia" in die Septuagint. In die Ou Testament dui die woord op die kultiese diens, diens van die HERE, en meer bepaald op die priesterlike diens. Hierdie priesterlike diens is 'n heenwysing na die middelaarswerk van Jesus Christus. Jesus se diens was "leitourgia"; in Hom eindig die Ou-Testamentiese "leitourgia". Tegelyk word egter in Hom die begin van die Nuwe-Testamentiese "diakonia" gevind. Hy het gekom om te dien.

Só wys Polman (s.j., Vierde Deel, p. 48-49) ook daarop dat die woord "leitourgia" wel in die Nuwe Testament voorkom, maar nie as aanduiding van die amptelike diens in die nuwe bedeling nie. In die brief aan die Hebreërs word uiteengesit dat slegs in die Ou Testament 'n amptelike priesterskap in die volle sin van die woord voorkom, wat versoenend tussen God en die gemeente gestaan het. Christus is die enigste liturg, die enigste ware ampsdraer in sy kerk. Die woord daarenteen wat in die nuwe bedeling die amp aangee, is "diakonia", wat op 'n nederige diensbetrekking dui.

Die ampsdraers het geen waardigheid of gesag in hulleself nie. Hulle waardigheid het hulle van die diens aan hulle opgedra en die gesag van die Woord wat hulle bedien. Met die beklemtoning van die

dienskarakter van die amp word in art. 2 K.O. ener-
syds vasgehou aan die absolute koningskap van Chris-
tus oor sy kerk. Andersyds word die waardigheid
sowel as die verantwoordelikheid van die wat Hy tot
die diens roep, ingeskerp. Hulle moet altyd onthou
hulle tree met gesag op in die Naam van Christus;
hulle is ampsdraers. Dit is nie hulle wat regeer
nie, maar Christus deur sy Gees en Woord. Daarom
lê in art. 2 ook die gedagte van onderworpenheid aan
die ampsdraers opgesluit. Daar moet na hulle geluis-
ter word, omdat en vir sover hulle die Woord van
Christus aan sy kerk deurgee. Hier is geen sprake
van "ampshoogheid" nie; eerder van "diensheerlikheid"
(Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 4-6).

A. Kuyper sê dat die kerklike dienste ongetwyfeld
ampte is. Die koninklike regering van Christus vind
plaas in gebondenheid aan die Woord. Die Gees werk
nie net mistiek nie, maar tewens instrumenteel deur
die Woord. Hiermee is dan die noodsaaklikheid van
die diens of die hulp van mense ook beslis (1898,
p. 7, 8).

Bavinck beklemtoon dit ook dat die *ampte* in die kerk
van Christus geen *heerskappyvoerende* mag is nie,
maar 'n *dienende* mag (1930, p. 361. Kyk ook H. Bouw-
man, 1928, p. 334-336; hy wys tereg daarop dat die
Gereformeerdes prys stel op die naam "dienaars", om
daarmee die dienende karakter van die amp aan te
dui (p. 335).

Hierdie onderafdeling kan afgesluit word met 'n instemmende verwysing na dit wat J. J. van der Walt in hierdie verband opmerk: "In die noemer '*dienste*' vir die kerklike *ampswerk* word die enige Hoofskap van Christus in die Kerkorde eerbiedig. Christus word nie deur waardigheidsbeksleërs met '*status*' gedien nie, maar deur *dienaars* in nederige ootmoed. Die kerklike *ampsdraers* het alleen *bedienende* mag" (1976, p. 149-150; kursivering van my, J.V.).

6. AMP EN KERK, AMP EN KONINKRYK VAN DIE HEMELE

Die belangrike vraag wat in hierdie onderafdeling behandel sal word, wentel om die verhouding tussen amp en kerk en die verhouding tussen amp en koninkryk van die hemele.

Onder invloed van die sogenaamde apostolaatsteologie het 'n neiging ontstaan om die ampte nie as ampte in die kerk en van die kerk en vir die kerk te beskou nie, maar as ampte in die koninkryk van God (Floor, 1969, p. 235).

Van Ruler sê byvoorbeeld dat die apostelamp as eenmalige amp nie primêr verstaan moet word as amp in die "ekklésia" nie, maar as amp in die koninkryk (1952, p. 20; 1948, p. 52; 1967, p. 188).

Hendriks ag hierdie stelling van Van Ruler onjuis. Die apostelamp is 'n amp in die kerk. (Vir sy argumente en skrifbewyse, kyk 1977, p. 271-272). Hy wys

ook tereg daarop dat daar in die Nuwe Testament nêrens sprake is van die apostolaat van die gemeënte nie, maar altyd van die apostolaat van persône. Die wesenlike van die arbeid van die apostels is ook nie die uitgaan na die wêreld nie, maar die fondament-wees van die kerk van Christus, as getuies wat deur Christus self met gesag bekleed is. Die kern van die apostolisiteit van die kerk is dan ook nie dat die kerk uitgaan na die wêreld nie, maar dat hy bly op die fondament van die apostels (Efésiërs 2:20) en sô volhard in hulle leer (p. 271-272).

Van Ruler sê voorts dat die apostel van Israel uitgaan (Romeine 15:19) na die volkere van die aarde. Hy vervul sodoende 'n amp in die koninkryk van God. Uit sy werk kom die "ekklésia" voort. Hierdie apostoliese funksie het nou op die kerk oorgegaan. Die kerk deel in die apostolaat as amp in die ryk (1952, p. 28, 34; 1948, p. 55).

Verder maak Van Ruler die bewering dat die "ekklésia" opgeneem is in die wyere verband van die koninkryk. Die ampte in die "ekklésia" staan mêt die hele "ekklésia" in die koninkryk (1952, p. 22).

Volgens Van Ruler (1952) staan die ampte met die hele kerk in die koninkryk (p. 22). Die ampte moet nie suiwer ekklesiologies (kerklik) verstaan word nie (p. 23). Die kerk is opgeneem in die wyere verband van die koninkryk. Dit is self 'n "amp" in die koninkryk (p. 22).

Floor verwerp tereg met beslistheid die stelling dat die ampte wat ons ken, nie ampte in die kerk is nie, maar ampte in die koninkryk van die hemele. Hy verwys na H. N. Ridderbos, wat duidelik en oortuigend aangetoon het dat die ampte nie buite die kerk of oor die kerk heen die wêreld wil aangryp nie, maar dat hulle juis in die kerk die wêreld wil aangryp (1969, p. 235).

Die volgende skrifgegewens is duidelik dat die ampte in die kerk gestel is: *Handelinge 14:23*: "En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, ..."; *Handelinge 20:28*: "Gee dan ag op julleself en op die hele kudde ... om as herders die gemeente te versorg, ..."; *I Korinthiërs 12:28*: "En God het sommige in die gemeente gestel ..."; *Efésiërs 4:11,12*: "En Hy het gegee sommige ... om die heiliges toe te rus ..., tot opbouing van die liggaam van Christus," (vergelyk hier *Efésiërs 1:22, 23* en *Kolossense 1:18*: die liggaam van Christus is die gemeente); *I Petrus 5:2*: "Hou as herders toesig oor die kudde van God ..."; *Openbaring 1:20, 2:1, 2:8, 2:12, 2:18, 3:1, 3:7, 3:14*: die engele van die gemeentes. (Alle kursiverings van my, J.V.).

Tereg merk Hendriks op dat die Nuwe Testament geen amp ken wat primêr sy posisie het in die ryk en eers daarná in die kerk nie. (Vir sy argumente en Skrifbewyse, kyk 1977, p. 284).

Die ampsdraers mag egter nooit vergeet dat dit vir God gaan om die koms van sy koninkryk nie. Die

gemeente moet deur die arbeid van die ampsdraers toegerus word tot velerlei diens, wat nie tot die binnekerklike beperk bly nie (vergelyk II Korintheërs 3: 2, 3; Hendriks, 1977, p. 285).

Die ampte het dus, al is hulle *in die kerk* gestel, tog 'n baie belangrike betekenis vir *die koninkryk van die hemele*. Floor (1969, p. 241) merk tereg op dat wanneer ons die verskillende ampte in die kerk net "ekklesiologies", dit wil sê vanuit die kerk benader, dan sal ons nie tot die regte perspektief op die volle rykdom van die amp kom nie. Hy gebruik dan die diakenamp as voorbeeld en sê dat daarin nie net 'n "ekklesiologiese" motief is nie, maar ook 'n koninkryksmotief. Want hoewel die diakonaat 'n amp in die kerk en vir die kerk is, oefen hierdie amp in en vanuit en deur middel van die kerk ook sy invloed uit in die koninkryk van God.

Dit geld, met dieselfde krag, ook van die ander ampte in die kerk. As die Heidelbergse Kategismus 'n verklaring van die tweede bede: "Laat u koninkryk kom", gee (Sondag 48, Antwoord 123), word daar ten aanvang gesê: "Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; ...". Hierdie "regering" doen God onder meer deur middel van die predikante en ouderlinge, spesifiek in Woordbediening, vermaning en tug oefening. Dit is dus ampswerk *in die kerk* met die oog op die koms van die koninkryk, om die lidmate van die kerk toe te rus as goeie burgers van die koninkryk van die hemele (vergelyk byvoorbeeld Efësiërs 4:12: "... om die

heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, ..."; kursivering van my, J.V.).

In Sondag 48, Antwoord 123 van die Heidelbergse Kategismus word ook die gedagte uitgedruk dat die koms van Gods Koninkryk bereik word deur *bewaring en vermeerdering van die kerk* - 'n taak waarin die kerklike ampswerk 'n baie belangrike plek inneem.

Van der Linde (1965, p. 40-42) wys daarop dat Christus se amp gerig is op God en die mense; op God: sy diens laat die koninkryk van God kom; op die mense: sy diens laat hulle deel kry aan die koninkryk van God. Daarom is die vrug van sy diens aan God die koms van die koninkryk van God, maar tegelyk ook die vergadering van die burgers van die koninkryk, saamverbonde as een liggaam onder Hom as Hoof. Hy dra aan hulle op om sy "diakonia" in die wêreld duidelik te laat word. Die kerk is dus nie net die vergadering van die gelowiges, waarin Christus en al sy weldade geniet word en onder sy heerskappy geleef word nie, maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi. Hy gebruik sy kerk om sy kerk te vergader. Die kerk is dus openbaring van die koninkryk, sowel as instrument waardeur die koninkryk kom. Soos die Vader Hom gestuur het, stuur Hy ook sy dissipels. Wie gestuur word, die gesant of ampsdraer, moet slegs uitvoer wat Christus aan hom opgedra het. Hy is die instrument waardeur Christus sy werk doen.

Christus is dié Ampsdraer met die opdrag om die koninkryk van God te laat kom. Hy maak egter ook

gebruik van mense. Voor sy hemelvaart gee Hy finaal die opdrag: Gaan heen ... Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Hulle opdrag was om voort te gaan om die burgers van die koninkryk te vergader. Die predikant, ouderling en diaken het gesamentlik en afsonderlik die opdrag om Christus, as die enigste Ampsdraer wat die koninkryk van God laat kom, gestalte te laat kry (Van der Linde, 1978, p. 44).

Wanneer H. Bouwman (1928, p. 342-343) oor die noodsaaklikheid van die amp praat, sê hy dat Christus die instituut van die kerk in die lewe geroep en aan daardie instituut sy dienare gegee het om die gelowiges te vergader en sy koninkryk te laat kom. Die amp is noodsaaklik, sodat die gemeente kan beantwoord aan sy roeping. Die evangelie moet verkondig word, die reg en die ontferming van Christus moet in en deur die gemeente geopenbaar word, sodat die evangelie soos 'n suurdeeg werk wat die hele volkslewe deur-suur. En verder wil Christus deur die amptelike bediening sy gemeente toeberei vir die dag van die oorwinning oor Satan en sy ryk, sodat Gods koninkryk mag kom en eenmaal alle mag en krag aan Christus onderworpe sal wees en Hy as Koning sal heers tot in ewigheid.

Die ryksburger is deur God tot profeet, priester en koning gestel. As profeet moet hy getuig van die soewereiniteit van die Koning; as priester moet hy homself gewilliglik aan hierdie soewereiniteit onderwerp en gee in diens van die ryk; as koning moet hy God se wil (soos in sy wette uitgedruk) vir die

skepping ken sodat hy in opdrag van God reg kan heers en beheers (B. van der Walt, 1980, p. 29). En tot hierdie drievoudige ampswerk van profeet, priester en koning word die lidmaat van die kerk, die burger van Gods koninkryk, toegerus deur die dienswerk van die besondere ampte. (Vergelyk Efésiërs 4:11, 12).

Hoewel die besondere ampte dus in die *kerk* gestel is, oefen hulle 'n belangrike funksie uit in die koms van die *koninkryk van die hemele*.

7. SAMEVATTING

Die uitdrukings "kerklike tug" en "tug oor ampsdraers" kom as sodanig nie in die Nuwe Testament voor nie. In die Nuwe-Testamentiese kerk is daar egter wel tug uitgeoefen; die *gedagte* van tug in die kerk van die Nuwe Testament word deur verskillende ander woorde en uitdrukings weergegee.

Die woord "ekklésia" ("kerk", "gemeente") kom in die evangelies net in Matthéüs 16:18 en 18:17 voor; in albei gevalle is dit Jesus wat die woord gebruik en in albei gevalle kom dit juis op daardie plekke voor waar van tug oefening sprake is.

Opmerklik is verder dat Jesus die "sleutels van die *koninkryk van die hemele*" opdra in direkte verband met die "bou" van sy "ekklésia". Daarom sal die *verband* tussen kerk en koninkryk bepaal moet word, ook vir 'n antwoord op die vraag of die tug oor ampsdraers ook *sleutelmag* is, soos in Hoofstuk 3 ondersoek

sal word.

In die lig van die onderwerp van hierdie studie sal ook verskillende aspekte van die *amp* nagegaan moet word. En vir 'n suiwere *ampsbegrip* is 'n suiwere *kerk-* en *koninkryksbegrip* noodsaaklik.

Die kerk van die Nuwe Testament is die voortsetting van die Ou-Testamentiese volk van God. In die woord "ekklésia" vloei die betekenisse van die Hebreeuse "kahal" en die Aramese "kenischita" saam, sodat die kerk 'n vergadering van geroepenes is. Die Nuwe Testament leer voorts op verskeie plekke dat die kerk heilig is in Christus. Die kerk word ook genoem die *gebou van God*, die *liggaam van Christus* en die *bruid van Christus*.

Die gebruik van die woord "ekklésia" in die Nuwe Testament dui daarop dat hierdie woord vir sowel die universele as die plaaslike kerk gebruik word, maar nooit sō dat dit gemeentes omvat nie. In Matthéüs 16:18 word van die *universele* kerk gepraat en in 18:17 van die *plaaslike* kerk; die universele kerk gaan dus aan die plaaslike vooraf. Die plaaslike kerk is ook nie slegs 'n afdeling van die kerk "in sy geheel" nie, maar dit is die kerk soos dit plaaslik tot openbaring kom. In hierdie verband kan daar afwykings en verwarring in die gebruik van die woord "kerk" deur die N.H.K.A., die N.G.K. en die G.K.S.A. aangedui word.

Vir die vasstelling van die suiwere kerkbegrip is die verhouding waarin die ondersoeker tot die gekruisigde Christus staan, van die uiterste belang. Daar moet steeds gevra word wat die Heilige Skrif van die kerk sê.

Die plaaslike kerk is nog nie volmaak nie, omdat daar nog huigelaars in sy geledere is. Dit is een van die redes vir die belangrikheid van die tug, ook oor ampsdraers. Want die tug, oor lidmate sowel as ampsdraers, word toegepas om die heerskappy van God en die mens se vrywillige aanvaarding van en gehoorzaamheid aan daardie heerskappy te handhaaf.

Dit lê onmiddellik die noue verband tussen die kerk en die koninkryk van die hemele. Die rede hiervoor is dat die heerskappy van God en die mens se gewillige onderwerping daaraan, soos dit in die kerk tot openbaring (behoort te) kom, juis kenmerkend is van die koninkryk van die hemele (ook genoem "die koninkryk van God" of "van Christus").

Die koms van die koninkryk van die hemele (waarvan ons in die Nuwe Testament vir die eerste keer by Johannes die Doper hoor) word werklikheid in en deur Jesus Christus en sy Messiaanse heilswerk. Daarom is die evangelie van Jesus Christus ten diepste "die evangelie van die koninkryk".

Hierdie koninkryk is teenwoordig, vir sover God dit reeds aanvanklik op aarde verwesenlik, maar dit is ook toekomstig omdat dit nog voltooi moet word.

Kerk en koninkryk van die hemele mag nie sō skerp van mekaar *onderskei* word dat hulle prakties van mekaar *geskei* word nie. Ook mag kerk en koninkryk van die hemele nie teen mekaar uitgespeel word nie. Tussen kerk en koninkryk van die hemele bestaan daar 'n baie noue verband. Die kerk kan genoem word die *volk* van die koninkryk, 'n *openbaring* van die koninkryk en 'n *instrument* waardeur die koninkryk kom.

Van hierdie kerk is Jesus Christus die Hoof, wat alleen heers en regeer. Hierdie heerskappy van Christus moet slegs deur sy Woord uitgeoefen en bedien word. Christus is ook werklik teenwoordig in sy kerk op aarde, hoewel nie sigbaar nie; Hy gebruik die diens van mense om sy werk deur hulle te volbring, soos 'n ambagsman ook gereedskap gebruik om sy werk te verrig.

In die kerk is daar slegs een gesag, en dit is die gesag van Christus. Die gesag van die amp is dus altyd aan Christus gebonde, nooit *heersend* nie, maar altyd *dienend*.

Die ampte kom nie uit die gemeente op nie, maar die drieënige God stel dit in die gemeente.

Christus volbring sy regering van die kerk deur die amp. Die ampsdraers is in hulle dienswerk dus altyd gebonde aan die Woord van die Here; hulle tree in hul dienswerk in die Naam van Christus, met sy Woord, op sy gesag en in sy krag sō op, asof dit Hy self is wat optree.

Aan die amp en ampswerk lê dus die gesag van Christus ten grondslag, hoewel die ampsdraers 'n *bedienende* mag het.

Hierdie ampsdraers word deur Christus, die Hoof van die kerk, *inwendig* en *uitwendig* geroep. Eers waar die inwendige en uitwendige roeping ooreenstem, word die roeping van die Here duidelik kenbaar. Sonder hierdie roeping mag niemand tot die amp toegelaat word nie, terwyl daar vir elke afsonderlike amp 'n afsonderlike roeping geld; want *roeping* veronderstel ook *opdrag*.

Die *roeping* staan ook in noue verband met die verskillende *gawes* wat Christus tot opbou van die liggaam (die kerk) gegee het. Daardie gawes word in die gemeente by bepaalde persone, wat dit ontvang het, *herken*, waarna dit onder leiding van die Heilige Gees by 'n bepaalde persoon in die gemeente tot 'n *erkenning* van die gawes kan kom. Sō word iemand tot die amp geroep.

Die gawes wat die Here in sy kerk gee, is nie slegs die buitengewone, soos die doen van genesings, die spreek in tale, ensomeer nie, maar dit behels alles wat die Gees wil gebruik vir die toerusting en die opbou van die gemeente. Daarom is daar ook geen teenstelling tussen ampte en gawes nie: die ampte is self ook gawes.

Dit geld van die *buitengewone* ampte (apostels, pro-

fete en evangeliste) en die *gewone* ampte (predikante, teologiese professore, ouderlinge en diakens).

Die *apostelamp* is die *wortelamp*, die bron van die kerkorganisasie, die oorsprong van elke geestelike amp in die kerk; dit is ook onoordraagbaar en onherhaalbaar.

Vir diegene wat in die regeeramp dien, word daar in die Nuwe Testament twee name gebruik: ouderling ("presbuteros") en opsiener ("episkopos"). Die gewens van die Nuwe Testament dui egter duidelik daarop dat dit *twee benaminge vir dieselfde ampsdraers* is, naamlik die ouderlinge. In hierdie ouderlingamp het 'n differensiëring ontstaan waaruit die predikantsamp, en later dié van teologiese professor, gebore is.

Verder het ook nog die amp van diaken as 'n afsonderlike, selfstandige amp ontstaan.

Hierdie gewone ampte is almal aan die *plaaslike* kerk verbonde.

Maar in die plaaslike kerk is daar ook die algemene amp van die gelowige; Skrif Belydenis leer naamlik dat elke gelowige profeet, priester en koning is. Op die basis van hierdie algemene amp van alle gelowiges het Christus ook die besondere ampte in die gemeente gestel, wat geen *heersende* mag in die kerk het nie, maar slegs 'n *dienende* mag.

Tussen algemene en besondere amp is geen teenstelling nie; ook geen verhouding van onderdaan/owerheid nie; maar almal, algemene amp en besondere ampte, is organe van *Christus*; almal geroepe om *dienswerk* te verrig.

Die benaming "amp" en "diens" het dan ook etimologies presies dieselfde betekenis. Hoewel daar sekere besware geopper word teen die woorde "amp" en "ampsdraer", bestaan daar geen grondige rede om hierdie woorde uit die gereformeerde woordeskat uit te ban nie. "Ampte" beteken niks anders as "dienste" nie, en "ampsdraers" niks anders as "diensknegte" nie.

Nadruk moet egter daarop gelê word dat dit ampte (of dienste) in die *kerk* is, en nie in die *koninkryk van die hemele* nie, hoewel die ampswerk in die kerk ook in die koms van die koninkryk van die hemele 'n baie belangrike plek inneem.

Daarom is die tug oor ampsdraers vir kerk en koninkryk van die hemele van onmisbare betekenis. Want daardeur word God se koningsheerskappy en die ampsdraer se gehoorsame roepingsvervulling as dienskneg suiwer gehandhaaf.

DIE TUG OOR AMPSDRAERS AS SLEUTELMAG: DOEL EN AARD

1. INLEIDING

Tussen die kerk en die koninkryk van die hemele is daar 'n noue verband, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is. Die kerk is onder andere die volk van die koninkryk van die hemele, die Godsvolk (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 27; Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 54). Van hierdie Godsvolk is Jesus Christus die Hoof (Efésiërs 1:22; Kolossense 1:18). Hy alleen regeer sy kerk (Matthéüs 28:18-20; Openbaring 1:12-16) (Visser, 1980, p. 36).

In hoofstuk 2 is ook reeds gewys op die feit dat in die evangelies net tweemaal van "ekklésia" (kerk) gepraat word, en dan juis op daardie plekke waar daar van tug oefening sprake is, naamlik Matthéüs 16:19 en 18:17. Dit veronderstel 'n baie noue verband tussen *kerk* en *tug oefening*. Die tug vloei uit die wese van die kerk voort. Ook is dit duidelik dat die mag tot tug oefening in die kerk afgelei moet word uit die feit dat Christus Hoof en Koning is oor sy kerk (H. Bouwman, 1912, p. 11; 1934, p. 594; Jansen, 1913, p. 67; vergelyk Visser, 1980, p. 36).

Die uitdrukkings "kerklike tug" en "tug oor ampsdraers" kom as sodanig nie in die Skrif voor nie. Die saak van kerklike tug word in die Skrif onder andere aangedui met die term: "sleutels van die koninkryk van die hemele".

In hierdie verband moet daar dan nou vasgestel word of, en in watter mate, die tug oor ampsdraers sleutelmag is, en wat die doel en aard van hierdie tug oor ampsdraers *as sleutelmag* is.

Ten einde dit te kan vasstel, is dit nodig om vooraf kortliks na te gaan wat die Skrif en die Gereformeerde Belydenisskrifte leer aangaande sleutels en tug.

2. SLEUTELS EN TUG VOLGENS SKRIF EN BELYDENIS

In hoofstuk 1 is gesê dat 'n breedvoeriger bespreking van die begrippe "kerklike tug" en "sleutels van die koninkryk van die hemele" in hierdie hoofstuk gegee sal word.

Van hierdie onderwerp het Visser (1980, p. 36-46) 'n studie gemaak. Die onderstaande word daarvan weergegee as van belang vir hierdie hoofstuk.

2.1 Wat beteken: "Sleutels van die hemelryk"?

Die "sleutels van die koninkryk van die hemele" in Mattheüs 16:19 is ontleen aan Jesaja 22:22: die Here sal die "sleutel van die huis van Dawid" op

Ēljakim se skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie. Ēljakim kry dus die beslissende mag oor wie tot die koning toegelaat sal word en wie in die koning se diens opgeneem sal word. Hierdie beeldspraak het Jesus nou toegepas op die koninkryk van die hemele (Jansen, 1913, p. 29; Bavinck, 1930, p. 374; Ridderbos, 1950, p. 311; Grosheide, 1954, p. 258).

Petrus ontvang dus van Christus die outoriteit om die koninkryk van die hemele oop en toe te sluit. Wanneer iemand sleutelmag ontvang, beteken dit dat hy beklee word met gesag (Ridderbos, 1950, p. 311, 312; Jeremias, 1965, p. 750; Bronkhorst, 1947, p. 39). Jesus gee aan Petrus die volledige bevoegdheid ("tas kleidas" = *al* die sleutels; Grosheide, 1954, p. 258). "He who has the keys has full authority" (Jeremias, 1965, p. 750).

In Openbaring 3:7 word van Christus gepraat as die absolute Sleuteldraer, "... die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie ...". Hierdie teks sluit direk aan by Jesaja 22:22. Ook sluit dit baie duidelik aan by Openbaring 1:18, waar Jesus Christus Homself bekendstel as dié Een wat dood was en nou lewe tot in ewigheid, en as dié Een wat "die sleutels van die doderyk en van die dood" het. Jesus Christus, die Seun van Dawid, het onbeperkte soewereiniteit oor die toekomstige wêreld; Hy besluit

onherroeplik wie sal die ewige saligheid ontvang en wie nie (vergelyk Jansen, 1913, p. 30; Jeremias, 1965, p. 746-750).

Openbaring 3:7 (veral in verband met 1:18) bied dus belangrike lig om Matthëüs 16:19 reg te verstaan: Petrus as "sleuteldraer" is gevolmagtiode van dië Sleuteldraer, Jesus Christus. Wat Petrus op aarde *voorlopig* doen, doen Christus in die hemel *finale*.

Dit is veelseggend dat in Matthëüs 18:18-20 die uitdruklike versekering, dat wat die dissipels op aarde doen, in die hemel 'n ooreenstemmende weerklank sal hê, gemotiveer word ("want") deur die toesegging van die teenwoordigheid van Jesus by selfs die kleinste groep wat in sy Naam vergader is (vers 20). Jesus is dus die sleutel tot hierdie korrelasie: Hy is op beslissende wyse aanwesig by wat op aarde gebeur, sowel as by wat in die hemel geskied. (Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n offisiële vergadering vir tug oefening). (T. van der Walt, 1962, p. 64).

2.2 Aan wie die sleutelmag toevertrou is

Dit is bekend dat Matthëüs 16:18,19 die basis is waarop die Roomse Kerk sy leer van die monargiese episkopaat (dat een biskop die hoof van die kerk is) en die apostoliese suksessie (opvolging) gebou het. Petrus sou dan 'n heel-besondere hiërargiese posisie beklee het ten aansien van die ander apostels en veral ten aansien van die hele kerk (Ridderbos, 1950,

p. 314; H. Bouwman, 1928, p. 147).

Die vraag is egter of hierdie leer van die Roomse Kerk enige steun vind in die Skrif. Is daar grond om te beweer dat Matthéüs 16:18, 19 die primate van Petrus leer soos die Roomse Kerk dit voorstel? Indien wel, is daar skriftuurlike grond om te beweer dat hierdie "primate" van Petrus oorgegaan het op sy opvolgers, die biskoppe?

In hierdie verband is dit van belang dat Jesus in Matthéüs 16 aan sy dissipels (meervoud) vra wie die mense sê dat Hy is (vers 13); in vers 15 word die meervoud herhaal. En dan antwoord Petrus in vers 16 met sy bekende belydenis. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Petrus *namens die dissipels* geantwoord het.

Van belang is ook dat dit wat Jesus in Matthéüs 16:19 (skynbaar) aan *Petrus alleen* toevertrou, in 18:18 feitlik woordeliks aan *al die dissipels* opgedra word.

Petrus ontvang dus die sleutels namens alle dissipels, soos hy ook namens alle dissipels bely het (Grosheide, 1952, p. 39. So ook Sohm, 1923, p. 38; Bronkhorst, 1947, p. 35). "Bind" en "ontbind" was nie 'n spesiale prerogatief van Petrus nie, want in sowel Johannes 20:23 en in Matthéüs 18:18 is die mag tot "bind" en "ontbind" aan die apostels toegeken (Jermias, 1965, p. 752. Kyk ook A. Kuyper, 1892, p.

250-251).

Op watter "rots" bou Jesus nou sy gemeente? Op die *persoon* van Petrus, op die *belydenis* van Petrus, of op albei gesamentlik?

Dit is onwaarskynlik dat Jesus bedoel het om Petrus-as-objektiewe-persoon aan te dui as die rots waarop Hy sy gemeente sal bou.

Die waarskynlikste verklaring is dat Petrus-in-sy-verbondenheid-aan-Christus, Petrus-as-belyder-van-Christus, die rots is waarop die gemeente van die Here gebou sal word (Bavinck, 1930, p. 320; Ridderbos, 1950, p. 310, 311; Grosheide, 1954, p. 256). Maar in hierdie verklaring moet steeds in ag geneem word dat Petrus *ook in sy belydenis* die twaalf apostels verteenwoordig (Snyman, 1977, p. 43, 61).

Tog is die mag tot tug oefening nie in dié mate aan die apostels gegee dat die *gemeente* heeltemal daarvan uitgesluit is nie. In Matthéüs 18:17 ontvang ook die gemeente die reg om 'n onboetvaardige broeder as 'n heiden en 'n tollenaar te beskou (Bavinck, 1930, p. 375; kyk ook Ridderbos, 1950, p. 316-317; Jansen, 1913, p. 35; Groenewald, 1954, p. 9).

Het die mag van die apostels by hulle heengaan nou heeltemal verdwyn?

Die Roomse Kerk antwoord hierop met die leer van die

apostoliese suksessie.

Die Skrif leer egter dat die Here in die gemeente ampte gegee het tot beskerming, versorging, opbouing en toerusting van die gelowiges (Handelinge 20:28-31; I Korintheërs 12:28; Efésiërs 4:11, 12. Kyk ook hoofstuk 5, punt 2 van hierdie proefskrif).

As gevolgtrekking kan dus gestel word dat die sleutelmag nie aan Petrus alleen toevertrou is nie, maar aan al die apostels, terwyl ook die gemeente nie daarvan uitgesluit is nie. By die heengaan van die apostels het die bediening in die kerk oorgegaan op die gewone ampte.

2.3 Die verband tussen sleutels en tug

Op die vraag: "Wat is die sleutels van die hemelryk?" antwoord die Heidelbergse Kategismus: "Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handelinge word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit" (Sondag 31).

Albei die dienste, dié van die Woord en dié van die tug, behoort dus tot die sleutelmag (A. Kuyper, 1892, p. 242).

Jansen (1913, p. 41, 65) sê dat die tug in die gemeente van die Nuwe Testament (of die sleutelmag in

ons kerklike sin) afgelei moet word uit die sleutel-
mag wat Christus aan sy apostels gegee het. Die apos-
toliese sleutelmag is die wortel, en die kerklike
sleutelmag is die plant; en van albei is Christus die
bron.

Van belang is die opmerking van Jonker dat die kerk
sy mag om te leer, te regeer en reg te spreek onder
alle omstandighede daaraan ontleen dat die Woord van
God in die kerk regeer. "... dit is dan ook presies
die grens van alle kerklike gesag" (1965, p. 9. Kyk
ook H. Bouwman, 1912, p. 19).

By Matthéüs 16:19 maak Grosheide (1952, p. 42) die
aantekening dat dit hier nie gaan om besonderhede nie
(dié kom in Matthéüs 18 aan die orde), maar om die
beginsel: dat daar volgens die Woord van die Here
tug moet wees in die kerk. "Bind" en "ontbind" wys
na die prediking van die Woord oor die lewenspraktyk.
"Daarom durven we te skrywen: de Heiland sprak
over leer- en levenstucht". Maar ook die *karakter*
van die tug oefening kom na vore: dit is *insluit in*
of *uitsluit uit* die koninkryk van die hemele. Verder
sê hy: "Men mag aannemen dat gezien het ganse werk
van Christus, de latere kerk niet verkeerd heeft
gedaan, toen zij bij de sleutels aan de prediking van
het evangelie en den ban heeft gedacht" (1954, p.
258).

2.4 Bind en ontbind

In Matthéüs 16:19 word "bind" en "ontbind" direk ge-

koppel aan die sleutelmag, terwyl dit in 18:18 weer in verband gebring word met die kerklike tug.

Die betekenis van die begrippe "bind" en "ontbind" sal dus belangrike gegewens kan voorsien om sowel sleutelmag as kerklike tug suiwer te verstaan. Soos later in hierdie hoofstuk sal blyk, is die betekenis van hierdie twee woorde ook van groot belang by die vraag of die tug oor ampsdraers ook sleutelmag is.

Visser (1980, p. 38-42) bespreek verskillende verklarings van hierdie twee woorde (dié van Jansen, 1913; Calvyn, 1949, Derde Deel; Bavinck, 1930; Strack en Billerbeck, 1922; Bronkhorst, 1947; Grosheide, 1952; Büchsel, 1964a; Ridderbos, 1950; Bucer, weergegee deur Van't Spijker, 1970 en Sohm, 1923).

Die duidelikste verklaring, wat ook deur ander leidende skrifverklaarders as gesaghebbend aangehaal word, word gegee deur Strack en Billerbeck (1922, p. 738-739). Hiervolgens beteken "bind" en "ontbind" eerstens "verbied" en "veroorloof", en tweedens "die tug toepas" en "die tug ophef".

By die ondersoek na die regte betekenis van "bind" en "ontbind" is die verband tussen Matthéüs 16:19, 18:18 en Johannes 20:23 van groot belang.

Hier wys Jansen (1913, p. 36, 37) daarop dat byvoorbeeld A. Kuyper in Johannes 20:23 nie slegs "potestas docendi" (die mag om te leer) sien (soos Calvyn) nie, maar ook "potestas disciplinae", dit is die mag om

tug te oefen. Volgens hom is daar drie belangrike gegewens in Johannes 20:21-23; in vers 21 word die dissipels aangestel as apostels; in vers 22 ontvang hulle die apostoliese ampsgewes en in vers 23 ontvang hulle die apostoliese ampsgesag. Ook beskou hy Johannes 20:23 as 'n nadere verklaring van Matthéüs 16:19 en 18:18.

In aldie hierdie uitsprake van Jesus (Matthéüs 16:19, 18:18 en Johannes 20:23) gaan dit om sleutelmag (tugoefening). Wat in Matthéüs 16:19 nog 'n algemeen-principiële betekenis het, word in Matthéüs 18:18 meer spesifiek, terwyl Johannes 20:23 'n nadere verklaring is van die twee uitsprake in Matthéüs 16 en 18. In aldie die gedeeltes gaan dit dus om die dissiplinêre, regterlike bevoegdheid wat op die aarde uitgeoefen en in die hemel bevestig word. Dit gaan dus in hierdie uitsprake om sowel "potestas docendi" as "potestas disciplinae".

3. IS DIE TUG OOR AMPSDRAERS OOK SLEUTELMAG?

By die behandeling van hierdie vraag moet vooraf eers kategoriees gestel word dat die afsetting van 'n ampsdraer nie vanselfsprekend en outomaties 'n uitsluiting uit die koninkryk van die hemele beteken nie (vergeelyk hoofstuk 1, punt 1.2).

Jansen (1952, p. 343) sê dat die afsetting wel die "recht op en het bezit van" die amp ontnem, maar nie die "recht op en bezit van" die lidmaatskap van die

kerk nie.

Christus, as Hoof van die kerk, besluit wie tot die amp geroep word (kyk hoofstuk 2, punte 5.1 en 5.2) en ook wie in die amp sal bly. Dit sit logies opgesluit in die gedagte dat die regering in die kerk die regering van *Christus* is, wat Hy middellik deur mense as organe en instrumente laat bedien - mense wat *Hy* tot die amp roep.

In hoofstuk 2 is gewys op die verband tussen amp en kerk en die verband tussen amp en koninkryk van die hemele. Hoewel die gewone ampsdraers nie ampsdraers in die koninkryk van die hemele is nie, het hulle tog in hulle kerklike dienswerk 'n belangrike taak en verantwoordelikheid in die uitbou van die koninkryk.

Waar die ampsdraer nou 'n belangrike instrument is in die koms van Gods koninkryk, ontstaan vanself die vraag of die tug wat eventueel oor hom as ampsdraer toegepas word, ook gekwalifiseer kan word as funksionering van die tweede sleutel van die koninkryk van die hemele. Wanneer 'n ampsdraer in sy dienswerk nie meer meewerk tot die koms van die koninkryk van die hemele nie; met ander woorde: as hy in sy dienswerk die koninkryk nie meer *uitbou* nie, maar dit *afbreek* en hy moet as gevolg daarvan uit sy amp afgesit word, geskied hierdie afsetting dan met die tweede sleutel van die koninkryk van die hemele?

Kruger (1966, p. 466) maak die bewering dat die tug oor 'n ampsdraer "*wesenlik* te onderskei" is "van die

normale kerklike sensuur wat bestaan in die groot en klein ban". (Kursivering van my, J.V.).

Hiervolgens is daar dus 'n "wesentliche" verskil tussen die *tug oor ampsdraers* en die *groot en klein ban*, dit is die toepassing van die tweede sleutel van die hemelryk.

Volgens Rutgers, egter, is die *tug oor ampsdraers* slegs 'n ander *manier* van *tug* (aangehaal deur De Jong, 1918, p. 101-102; kursivering van my, J.V.). Dus geen verskil in *wese* nie, maar slegs in *wyse*.

Jansen (1952, p. 336) praat van die *tug oor ampsdraers* as 'n tweetal spesiale *tugmiddels* wat by die "gewone" *tugmiddels* bykom (kursivering van my, J.V.). Dus hier ook geen *wesentliche* verskil nie, maar slegs 'n *instrumentele* verskil.

Hier kan ook verwys word na Jeremias (1965, p. 750): "He who has the keys has full authority". Hierdie volledige gesag ("full authority") van dié een wat die sleutels ("keys") het, geld dus per implikasie ook die *tug oor ampsdraers*.

Die *tug oor ampsdraers* is dus *in wese* ook sleutelmag. Skorsing in en afsetting uit die amp is slegs twee bykomende *stadiums*, twee bykomende *stappe* in die algemene *tugprosedure*, en dit word spesifiek toege-spits op die *ampsdraers*. Van die aanwesigheid of die afwesigheid van berou en bekering sal onder andere die voortgesette toepassing van die sleutelmag,

die toepassing van die gewone tug, afhang.

In die lig van die betekenis van die woorde "bind" en "ontbind" (kyk 2.4 van hierdie hoofstuk) bestaan die tug oor ampsdraers basies ook uit "potestas docendi" en "potestas disciplinae". Die "sondelys" van art. 80 K.O. is byvoorbeeld gebaseer op die Skrif ("potestas docendi": sekere dinge wat vir 'n ampsdraer *verbode* is), terwyl skorsing en afsetting 'n "toesluit" van die amp is op gesag van die Koning van die kerk, Jesus Christus ("potestas disciplinae"). Hierdie "toesluit" van die amp is, by verharding, reeds 'n eerste stap op die weg na 'n "toesluit" van die koninkryk van die hemele.

4. DIE DOEL VAN DIE TUG OOR AMPSDRAERS

Uit die Skrif kan duidelik vasgestel word dat die eer van God in die hemel en op aarde een van die belangrikste sake is (kyk 4.1 hiervan). Dit moet ook die hoofdoel wees van die ganse doen en late van elke gelowige (I Korintheërs 10:31). Vanselfsprekend moet dit dan ook geld ten opsigte van die toepassing van die kerklike tug, op lidmate en ampsdraers.

Visser (1980, p. 49) wys op die opvallende verskynsel dat die eer van God in heelwat studies nie pertinent genoem word as doel van die tug oefening nie, byvoorbeeld by Martin Bucer (kyk Van't Spijker, 1970, p. 70, 71) en in die Handeling en Kerkordes van verskeie Sinodes in die 16e en 17e eeue.

Calvyn (1949, Derde Deel, p. 260-261) sê egter uitdruklik dat daar drie doeleindes is waarop die kerk by tug oefening moet let:

- om die smaad van God te voorkom;
- dat die goeies nie bederf word deur die voortdurende omgang met die slegtes nie (I Korintheërs 5:6, 11);
- dat die sondears uit skaamte berou sal kry oor hul skandale (II Thessalonicense 3:14; I Korintheërs 5:5).

Dus: die eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondear (Visser, 1980, p. 50).

Hierdie drieledige doel van die kerklike tug word ook in art. 71 K.O. genoem: "... om die eer van God te handhaaf, die sondear met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem. (Vir 'n verklaring van die besondere formulering: om "die sondear met die kerk en sy naaste te versoen", kyk Visser, 1980, p. 69).

Wanneer nou in aanmerking geneem word dat art. 71 K.O. 'n *inleiding* is op artt. 72-81 (Jansen, 1952, p. 302), dan geld wat in art. 71 gesê word, vanselfsprekend ook van art. 79. Dus: die tug oor ampsdraers het dieselfde doel as die "gewone" kerklike tug. Dit sal verder in hierdie onderafdeling meer in besonderhede uitgewerk word.

By die reeds-genoemde drieledige doel van die tug oor ampsdraers kom nou nog 'n vierde, meer algemene doel wat nou aansluit by die drie wat reeds genoem is, naamlik dat die bediening nie beklad mag word nie (II Korintheërs 6:3).

Daar is dus 'n vierledige doel van die tug oor ampsdraers wat agtereenvolgens bespreek sal word:

- 'n doel ten opsigte van God;
- 'n doel ten opsigte van die gemeente;
- 'n doel ten opsigte van die sondeaar;
- 'n doel ten opsigte van die bediening.

4.1 Die eer van God

Die Heilige Skrif is vol van die eer van die HERE en van die mens se roeping om aan Hom die eer te gee: byvoorbeeld Psalm 19:2; Psalm 29: 1,2; Psalm 96: 1-3, 7-8; Psalm 115:1; Lukas 2:14; Romeine 4:20; I Korintheërs 10:31; Openbaring 4:9, 11; 5:12, 13; 7:12; 19:1.

Die Heilige Skrif leer ook dat die Here jaloers is op sy eer: byvoorbeeld Jesaja 42:8; 48:11; Maleagi 1:6; 2:2.

In sy eerste brief aan die Korintheërs rig Paulus die gelowige se hele *wese* (I Korintheërs 6:20) en sy hele *lewe* (I Korintheërs 10:31) op die eer van God. Die eer van God moet dus 'n *totale* betekenis hê in die lewe van die gelowige, dus ook in die *kerk*

omdat die kerk 'n vergadering van *gelowiges* is. Uiteraard sluit dit dan die kerklike tug, oor lidmate en ampsdraers, in (vergelyk Visser, 1980, p. 50).

In 'n sekere sin kan gesê word dat die sondes van ampsdraers die eer van God nog meer aantast as dié van die "gewone" lidmate, want hulle is besondere geroepenes, organe, gesante van Christus wat in sy Naam dienswerk verrig.

Paulus skryf aan die Romeine: "Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster." (2:24). En Petrus skryf in sy eerste brief: "en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking." (2:12). As die eer van God sê intens op die spel kom in die lewe en optrede van diegene wat in die *algemene* amp van die gelowige staan, geld dit nog baie sterker van die lewe en optrede van die *voorgangers*, van diegene wat in die *besondere* ampte staan. Jesus sê byvoorbeeld aan Petrus: "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif." (Lukas 22:31). Die Satan se onheildige begeerte is dus om te bewys dat die twaalf apostels van die Here nie *koring* is nie, maar *kaf* (Van Andel, 1932, p. 448). Dié begeerte het die Satan ten aansien van *alle* ampsdraers, om deur *hulle* val-in-sonde *God* se eer te skaad.

Treffend is in hierdie verband ook die vermaning van Petrus aan sy lesers dat hulle in hul hele lewenswandel heilig moet wees (I Petrus 1:13 - 2:10, veral 1:15).

Petrus grond dan hierdie vermaning van hom op die feit dat God heilig is (1:15), en God het hulle geroep (1:15) tot 'n "uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, ..." (2:9). Hulle moet dus heilig wees omdat hulle deur die heilige God geroep is tot die drievoudige amp van profete, priesters en konings ("n koninklike priesterdom... om te verkondig ...", 2:9). Hulle doel as geroepenes moet wees om die deugde van God te verkondig (2:9).

In vergelyking met I Timotheüs 3:1 - 10, 12 en Titus 1:5-9 (die vereistes vir diegene wat in die besondere ampte mag dien) kan dan ook beweer word dat die vermaning van Petrus aan hulle, wat in die *algemene amp* van die gelowige staan, met dubbele nadruk geld vir diegene wat in die *besondere ampte* dien.

Die lidmate in die amp van die gelowige en die lidmate in die besondere ampte is dus geroepe om God se "deugde" (aanbiddelike kragte en heerlikhede en groothede van wysheid, genade, regverdigheid, heilighed, ensomeer - Greijdanus, 1950, p. 44) te verkondig.

En by gebrek daaraan moet logies volg dat die tug

toegepas word. Want, sê Petrus, God oordeel sonder aaneming van die persoon volgens elkeen se werk (1:17). Greijdanus (1929, p. 67) verklaar die "participium praesens": "*krinonta*" ("oordeel") s6 dat God Oordelaar is na sy wese, dat Hy altyd oordeel, nie net in die toekoms nie, maar reeds nou ook (Visser, 1980, p. 51).

Dit is dus baie duidelik dat die eer van God die eerste en belangrikste doel is van die tug oor ampsdraers.

4.2 Die heil van die gemeente

In I Korintheërs 3:16, 17 sê Paulus dat die gemeente 'n tempel van God is en dat die Gees van God daarin woon; as iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is die gemeente.

Die kerk van Jesus Christus moet dus heilig bewaar word. Dit geld van lidmate en ampsdraers, omdat die ampsdraers *deel* is van die gemeente (kyk hoofstuk 2, 5.5).

In hierdie lig kan die konklusie van Groenewald (1954, p. 4), dat die tug oefening moet dien om die gemeente van Jesus Christus heilig te bewaar (vergeelyk Visser, 1980, p. 52), ook toegepas word op die tug oor ampsdraers.

Die heilighede van die gemeente hang ten allernouste

saam met die onberispelikeit van hulle wat tot besondere ampswerk geroep is. Die ampte is organe van Christus; Satan kon Christus nie oorwin nie, en daarom val hy die *organe* van Christus (die ampsdraers) aan om die *liggaam* van Christus (die gemeente) te vernietig (kyk I Petrus 5:8).

Die noue verbondenheid tussen die ampsdraers en die gemeente word treffend na vore gebring in Matthéüs 26:31: "Ek sal die herder slaan en die skape van die kudde sal verstrooi word". Jesus haal hier saaklik Sagaria 13:7 aan: "Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; ..."

As die herder geslaan word, met ander woorde as daar geen herder meer is nie, word die skape verstrooi (kyk Grosheide, 1954, p. 397). In die profesie van Sagaria sê die HERE dat Hy deur die herder te slaan, die volk Israel sal oorgee aan ellende en verwoesting soos dié waaraan 'n kudde sonder herder blootgestel is (Keil, 1951, p. 397-398).

As hierdie twee tekste nou oordragtelik van toepassing gemaak word op die heil van die gemeente, as doel van die tug oor ampsdraers, kom hierdie gedagte na vore: As daar geen herder is nie, word die skape verstrooi. 'n Herder (ampsdraer) wat gesondig het, het die opdrag van sy Meester oortree, daarteen in verzet gekom. *In feite* is hy dus geen herder meer nie, sodat die kudde (gemeente) vir alle praktiese doeleindes herderloos is. Erger nog: so 'n sondige herder laat die kudde nie wei in die voedsame weivelde

van Gods Woord en Gees nie, maar in die giftige struikgewas van die sonde. As die herder dus s6 "geslaan" word met sonde en afdwaling, word die kudde verstrooi. En as daar geen tug op so 'n ampsdraer toegepas word nie, sal dit tot nadeel en uiteindelijke ondergang van die gemeente lei. (Vergelyk in hierdie verband ook Es6gi6l 3:16-21 en 33:1-9, waar dit duidelik gestel word dat die roepingstrou of -ontrou van Es6gi6l direkte gevolge het vir die heil of onheil van die "huis van Israel").

Visser (1980, p. 52-55) wys op die belangrike gegewens wat in I Korinthe6rs 5 gevind word vir die heil van die gemeente as doel van die kerklike tug. Die volgende kan hier weergegee word: in verse 6 en 7 vermaan Paulus die gemeente om "die ou suurdeeg" uit te suiwer, omdat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak. S6 sal die gemeente dan 'n "nuwe deeg" wees. As gemeente van Jesus Christus is hulle inderdaad "ongesuurd", want "ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus". Die Korinthe6rs word dus daarop gewys dat hulle deur Christus vrygemaak is van die sonde. Daarom rus op hulle ook die plig om hulleself heilig te bewaar en die kwaad uit hulle midde uit te suiwer; anders sal dit soos suurdeeg deur die hele gemeente werk en die hele gemeente besmet.

Hierdie vermaning van Paulus in I Korinthe6rs 5 kan met dubbele krag toegepas word op die tug oor ampsdraers: die "ou suurdeeg" van 'n ampsdraer wat sondig, kan baie maklikeren tot 'n baie groter mate "die hele

deeg suur maak", dit is: die hele gemeente besmet. Daarom moet hierdie "suurdeeg" van so 'n ampsdraer uitgesuiwer word met die tug oor ampsdraers, tot heil van die hele gemeente.

'n Verdere Skryfbewys dat die tug oor ampsdraers ook die heil van die gemeente ten doel het, word indirek gevind in I Timótheüs 5:20: "Bestraf dié wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees". Dit gaan hier om tug teen 'n ouderling (vers 19): as 'n ouderling gesondig het, moet hy openlik, "in die teenwoordigheid van almal" bestraf word. Die doel van daardie openlike bestraffing is "sodat ook die ander kan vrees", die ander van die selfde groep; dus: die ander ouderlinge (Bouma, 1942, p. 192-194). Die "vrees" wat die tug by die ander ouderlinge veroorsaak, moet dus verhoed dat hulle in soortgelyke sondes verval. En dit dien begryplikerwys tot heil van die gemeente (Visser, 1980, p. 55).

Schokking (1902, p. 267) handel oor die leertug en noem dan die tug in engere sin 'n onmisbare onderdeel van die hele sorg en roeping van die kerk insake die belydenis van die waarheid. Die reg van God, naamlik dat sy Woord, en nie die dwaling nie, gehuldig word, gee die grondslag daarvoor. Die geestelike welstand en groei van die gemeente, benewens die behoud van die gemeente se bekwaamheid om in die wêreld 'n onverswakte getuie te laat hoor, het ook gedring tot die uitoefening daarvan.

Die gemeente pluk inderdaad van die tugtoepassing op ampsdraers die heerlikste vrugte. Want die ampsdraers is aan die gemeente gegee "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, ..." (Efésiërs 4:11, 12). Dit kan alleen geskied as die ampsdraers vroom in wandel, suiwer in leer en getrou in roepingsvervulling is.

4.3 Die behoud van die sondaar

In hoofstuk 2, 5.5 is daarop gewys dat die ampsdraers ook lidmate van die gemeente is en daarom nie *oor* die gemeente staan nie, maar *in* die gemeente.

As Paulus dan leer dat die kerk, die liggaam van Christus, 'n hegte *eenheid* is en dat daar in dié liggaam nie verdeeldheid mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar moet dra (I Korintheërs 12: 12-25), dan sluit dit vanselfsprekend die ampsdraers in. Dieselfde geld van dit wat hy in vers 26 sê: "En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly".

Tussen die lidmate van die kerk - ampsdraers logies ingesluit - mag daar geen wanverhoudings wees nie. Dit kom duidelik na vore in onder andere Mattheüs 5:23-24 en 18:15-17.

Visser (1980, p. 57, 58) wys daarop dat die Here tussen die lidmate van die kerk 'n band gelê het soos dié tussen die lede van een liggaam. Wat met een lidmaat gebeur, raak al die ander.

Ook wanneer daar *gesondig* word. In Galásiërs 6:1 en Jakobus 5:19-20 word die verpligting van die lidmate teenoor mekaar in só 'n geval duidelik uitgespel: as 'n lidmaat van 'n gemeente onverhoeds een of ander sonde begaan, mag die ander lidmate (die gemeente) so een nie maar aan homself oorlaat of hom opsyskuif nie, maar hulle moet hom op die regte pad terugbring. Die lidmate van die kerk moet dus op mekaar ag gee tot geestelike welsyn en ewige behoud.

Ook as die sondaar 'n ampsdraer is.

Kan hierdie doel nou bereik word deur die toepassing van die tug?

In hierdie verband is dit veelseggend dat Jesus die behoud van die sondaar alreeds by die "persoonlike" bestraffing, dus nog voordat die kerklike tug 'n aanvang geneem het, duidelik as doel stel: "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;" (Matthéüs 18:15). Die doel van die persoonlike bestraffing is dus om die sondaar te win. As hierdie doel nie met 'n persoonlike bestraffing bereik kan word nie, dan moet gepoog word om dit deur middel van die tug te bereik (Matthéüs 18:17). Van die Griekse woord ("ekerdésas", van "kerdainoo"), wat hier vir "gewin" gebruik word, sê Schlier (1965, p. 672-673) dat dit hoofsaaklik 'n sendingsterm is (vergelyk I Korintheërs 9:19-22). Hier het dit egter die betekenis dat die sondaar deur die bestraffende woord van sy broeder en by verharding deur die kerklike tug moontlik op die regte pad teruggebring kan word.

In I Korintheërs 5:5 sê Paulus dat hy daardie sondaar aan die Satan sou oorlewer "tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus." (Kursivering van my, J.V. Vir 'n bespreking van hierdie betrokke Skrifgedeelte word verwys na Visser, 1980, p. 58-59). Dit is duidelik dat die behoud van die sondaar hier eksplisiet gestel word as doel van daardie buitengewone tughandeling.

Ander Skrifgedeeltes wat die behoud van die sondaar stel as doel van die tug, is onder meer II Korintheërs 2:6-8 (oormatige gestrengheid in die tugtoefening kan die doel mis, sodat uit die geneesmiddel wat die behoud van die sondaar op die oog gehad het, verderf kan voortkom); II Thessalonicense 3:14 ("sodat hy skaam kan word"); Openbaring 3:19 (die liefdevolle bestraffing en tugtiging van die Here moet dien tot bekering, behoud van die sondaar). (Vergelyk Visser, 1980, p. 59-61).

In die Skrifgedeeltes waarna in hierdie onderafdeling verwys is, gaan dit in 'n belangrike mate om die *verhoudinge* in die kerk van die Here, die verhoudinge tussen die lidmate onder mekaar as lede van een liggaam, waarby die ampsdraers vanselfsprekend ingesluit is; daarom kan op goeie gronde die gevolgtrekking gemaak word dat die behoud van die sondaar, wat 'n doel is van die tug oor lidmate, ook 'n doel is van die tug oor ampsdraers.

Dieselfde gedagte word gevind by Schokking (1902, p. 267) waar hy die naaste doel van die tug in engere sin aandui as 'n poging om die betrokke persoon, immers 'n broeder en lid van die liggaam, te genees van sy dwaling.

Ook Vorster (1950, p. 4) spreek in dieselfde gees as hy sê dat die tughandeling in die geval van ampsdraers lei tot selfondersoek, ootmoedige belydenis van eie skuld en groter toewyding aan die Here.

Ten slotte kan hier gewys word op die feit dat die begrip *sleutelmag* (kyk 3 van hierdie hoofstuk) in onderskeiding van *swaardmag* (kyk 5.2 van hierdie hoofstuk) ook 'n deugdelike grond bied vir die gedagte dat die *behoud* van die sondaar (en nie sy *dood* of *ondergang* nie) 'n doel is van die tug oor ampsdraers. (Vergelyk hier byvoorbeeld Esegieël 33:11).

4.4 Die reinheid van die bediening

As 'n laaste doel van die tug oor ampsdraers kan genoem word die reinheid van die bediening.

Die ampsdraer is orgaan van Christus, instrument in die hand van die Hoof van die kerk, deur middel van wie Hy sy gesag en versorging laat bedien. (Kyk hoofstuk 2, punt 5).

Paulus sê in II Korintheërs 5:20: "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan ..."

Die bediening, die ampsuitoefening deur die ampsdraer, staan dus in direkte verband met die heilige God self.

En daarom moet dit rein en suiwer bewaar word.

Wanneer dit nie gebeur nie en die bediening dus beklad word, volg logies dat daarteen opgetree moet word met die tug oor ampsdraers.

Paulus skryf byvoorbeeld aan die Korintheërs: "Ons lê nie die minste hindernis in die weg nie, sodat die bediening nie beklad mag word nie; ..." (II Korintheërs 6:3).

In die laaste deel van hoofstuk 5 (verse 11-21) het hy oor die hoofsaak van sy amptelike diens geskryf, naamlik die bediening van die versoening. Tans laat hy sien hoe hy in opregtheid, trou en volharding sy heilige dienswerk vervul. Die bediening is vir hom iets heiligs, en daarom wil hy nie die geringste aanleiding gee dat hierdie heilige bediening beklad mag word nie. Die Bevestigingsformuliere vir predikante, ouderlinge en diakens wat in die G.K.S.A. gebruik word, praat dan ook telkens van "heilige" diens(te) (Malan, 1979, p. 490 en 516; 491 en 519, 522, 524).

Die woord wat in II Korintheërs 6:3 met "hindernis" vertaal word ("proskopēn" van "proskoptoo") beteken "struikel" of "stamp teen iets"; saam met "didonai"

(soos hier) beteken dit "aanstoot gee" (Liddell en Scott, 1961, p. 1517). Stählin (1968) verklaar die woord in die verband van II Korinthiërs 6:3 as "aanleiding tot val", "aanleiding tot aanstoot neem", "rede vir antipatie" (p. 747, 751, 752). Volgens hom is "proskopén didonai" 'n daad wat skande kan veroorsaak en Paulus wil dit vermy. Volgens Paulus se oortuiging moet daar hoegenaamd niks wees wat aanstoot in sy bediening veroorsaak nie (p. 754).

Paulus praat van 'n "hindernis" in die weg. In Grieks word die woord "moomēthei" (van "moomos") gebruik en dit beteken "skande", "versmading", "oneer" (Liddell en Scott, 1961, p. 1158; Hauck, 1967, p. 829-830).

In "The New Testament Greek and English" word hierdie vers sō vertaal: "We do not want anyone to find fault with our work, so we try not to put obstacles in anyone's way" (Aland, Black, Martini, Metzger, Wikgren, 1970, p. 632).

Paulus betuig dus hier dat hy geen ergernis gee nie, dit is dat hy niks doen wat die voortgang van die evangelie in die harte van die mense sou teëhou nie; en dit nie ter wille van homself nie, maar om te voorkom dat daar deur sy skuld smaadheid en laster oor die bediening sou kom (Van Andel, 1903, p. 104-105; vergelyk Grosheide, 1959, p. 176-178; ook Pop, 1962, p. 187-188).

Vir elke ampsdraer moet sy bediening dus heilig wees, heilig beoefen en heilig bewaar word. Waar dit nie

gedoen word nie en die bediening dus beklad en gesmaad word, deur die sondige optrede van die ampsdraer, moet die reinheid van die bediening herstel en gehandhaaf word met die uitoefening van die tug op so 'n ampsdraer.

5. DIE AARD VAN DIE TUG OOR AMPSDRAERS

5.1 Die tug geskied uit liefde

In Hebreërs 12:6 kom die aangrypende gedagte na vore dat die Here se tugtiging en kastyding van sy kinders 'n bewys is van sy *liefde* vir hulle. Dit word herhaal in Openbaring 3:19. Uit hierdie twee verse kan dus op goeie gronde afgelei word dat ook die *tug* wat in opdrag van die Here in die kerk uitgeoefen word, 'n bewys is van sy liefde; dit geld dus ook van die tug oor ampsdraers.

Calvyn (1949, Derde Deel, p. 265) benadruk dit dat daar in die ganse liggaam van die kerk sagmoedigheid geëis word, dat die gevallenes sagsinnig en nie met uiterste hardheid gestraf moet word nie, maar dat daar liewer, volgens die voorskrif van Paulus (waarskynlik 'n verwysing na II Korintheërs 2:8, J.V.) die liefde aan sulke mense bevestig moet word.

A. Kuyper (1883) is baie beslis oor die strenge toepassing van die tug op ampsdraers. Volgens hom is 'n dienaar wat sleg leer of sleg leef skuldiger as 'n afgeweke of afgedwaalde lidmaat. Sulke ampsdraers mag nie gespaar word nie. Om hulle te spaar, beteken

om die kerk op te offer (p. 132). Maar dan sê Kuyper tog daarby dat daar deur die kerklike vergaderings geestelik onderskei moet word tussen hulle wat uit boosheid van hart die waarheid teenstaan en diegene wat uit onwetendheid dwaal (p. 132-133).

Visser (1980) bespreek verskeie Skrifgegewens en standpunte waaruit blyk dat die kerklike tug uit liefde geskied (p. 61-63). As in aanmerking geneem word dat daar nie 'n *wesensverskil* is tussen die tug oor lidmate en die tug oor ampsdraers nie (kyk 3 van hierdie hoofstuk), kan die onderstaande resultate van bogenoemde studie vrugbaar aangewend word in hierdie onderafdeling.

In Galásiërs 6:1 vermaan Paulus die gemeentes om iemand wat in sondes geval het, reg te help met die gees van sagmoedigheid. Hoewel hier nie met soveel woorde van die tug gepraat word nie, kan die gevolgtrekking tog gemaak word dat hier 'n belangrike riglyn gegee word vir die *gesindheid* waarin die tug uitgeoefen moet word, naamlik: "met die gees van sagmoedigheid". En "sagmoedigheid" is juis een van die vrugte van die Gees (5:22), wat groei uit die wortel van die *liefde* (Van Stempvoort, 1961, p. 178; Greijdanus, 1953, p. 145; Meyer, 1873, p. 313).

H. Bouwman (1912, p. 31) wys op die belangrike feit dat Mattheüs 18:15-18 (waar belangrike gegewens gebied word vir die kerklike tug) voorafgegaan word deur die gelykenis van die verdwaalde skaap wat in liefde deur die herder gesoek word (verse 12-14).

Ook Grosheide (1954, p. 282, 284) konstateer 'n verband tussen 18:15-20 en dit wat daaraan voorafgaan. Die tug (ook die tug oor ampsdraers) moet dus plaasvind in die gees van die soekende liefde van die herder wat die afgedwaalde skaap wil terugbring; dit moet daarvan 'n vergestaltung wees.

Grosheide (1952, p. 16-17) verwys na Handeling 20:28, waar die beeld van herder en kudde die *liefdesverhouding* na vore bring. Hy sê dan dat die tug in liefde moet geskied. Dit kan ook deurgetrek word na die tug oor ampsdraers, omdat elke ampsdraer ook lid van die kudde is, selfs in sy hoedanigheid as ampsdraer.

As bogenoemde beeld in Handeling 20:28 egter met die gelykenis van die goeie herder (Johannes 10) en met Hebreërs 12:6 en Openbaring 3:19 (die Here tugtig diegene wat Hy liefhet) saamgelees word, kan nog 'n verdere afleiding gemaak word: die kerklike tug moet nie slegs *in liefde uitgeoefen word* nie, maar die uitoefening van die kerklike tug, ook oor ampsdraers, is ten diepste self *betoning van liefde*.

Want om 'n lidmaat of 'n ampsdraer toe te laat om in sy sonde altyd verder van God se Woord en Wet weg te dwaal, sonder om hom met die tug *te stuit, terug te bring* en *vas te hou*, is 'n bewys van *liefdeloosheid*.

Die tug moet toegepas word in die gees van broederlike liefde; dit sê Paulus in II Thessalonicense 3:15: "En beskou hom nie as 'n vyand nie, maar vermaan hom

as 'n broeder". Calvyn teken by hierdie vers aan dat die tug wel in strengheid toegepas moet word (vers 14), maar dit moet 'n *getemperde* strengheid wees (aangehaal deur Plomp, 1969, p. 76). (Visser, 1980, p. 62-63 kom tot die gevolgtrekking dat Paulus hier praat van 'n lidmaat wat nog nie van die gemeente afgesny is nie).

Jonker (1965, p. 12) sluit eintlik hierby aan omdat die sleutelmag vir hom nie soseer 'n "potestas" (mag) is nie, maar 'n "diakonia" (bediening).

Pragtig beklemtoon hy dit dat die uitoefening van die tug voortspruit uit die liefde van God, as hy sê: "n Kerk wat die liefde van God misverstaan, verstaan nie meer die noodsaaklikheid van die tug nie, en n kerk wat nie meer die noodsaaklikheid van die tug kan insien nie, begryp nie meer die liefde van God nie. 'n Kerk wat die liefde van God en die tug nie meer met mekaar kan rym nie, verstaan nie meer die evangelie nie.

"As die kerk egter verstaan dat Gods liefde 'n heilige liefde is, sal hy die tug beoefen." (1959, p. 133).

Belangrik is in hierdie verband wat Paulus aan die Korintheërs skrywe: "Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie." (I Korintheërs 11:32). Paulus bestraf hier die Korintheërs oor sekere misstande en wanpraktyke by die nagmaal. Hulle het die liggaam van die Here by die nagmaal nie

onderskei nie, daarmee omgegaan asof dit gewone brood en wyn is; daarom, sê Paulus, het Gods *oordeel* oor hulle gekom: daar was onder hulle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap (verse 17-22, 29-30). As hulle hulself noukeurig beoordeel en getoets het, sou hulle nie geoordeel word nie (vergelyk Grosheide, 1957, p. 314-315; Van Andel, 1897, p. 198-199; Pop, 1965, p. 260).

Maar hierdie oordeel van God is juis 'n *tugtiging*, sodat die gelowiges nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. Die *tug* van die Here is dus 'n daad van onbegryplike *liefde*, om sy kinders te red van die *eindoordeel*. God laat sy kinders nie toe om ongehinderd voort te sondig totdat hulle oplaas saam met die wêreld veroordeel word nie. Nee, met sy tughandelinge (insluitende die kerklike tug, J.V.) *stuit* Hy hulle op hul pad, *bring* Hy hulle *terug*, *hou* Hy hulle *vas*, en sô verlos Hy hulle van die eindoordeel wat oor die wêreld kom (kyk Grosheide, 1957, p. 315; Van Andel, 1897, p. 199; Pop, 1965, p. 262).

Bertram (1967, p. 623) sê van die woord "tugtig" ("paideuometha", van "paideuoo") dat die oordeel van God vir die Christene kastyding is, maar nie verdoeming soos vir die wêreld nie. Siektes en ander goddelike strafmaatreëls waarsku Christene teen hulle sondes. Dit is *tug van die Here*, die uitvloeisel van sy vaderlike *liefde*.

Die Here tugtig dus *in liefde*, sodat sy kinders nie saam met die wêreld geoordeel en verdoem sal word nie.

Daarom kan met stelligheid beweer word dat ook die *kerklike* tug, oor lidmate en ampsdraers, as instelling van die Here 'n *liefdeshandeling* is. Dit moet as sodanig uitgeoefen en gehandhaaf word.

'n Kerk wat die tug nie uitoefen nie, is 'n kerk sonder liefde, want so 'n kerk laat sy lidmate oor aan die eindoordeel van God!

5.2 Die tug is geestelik

Volgens die Nuwe Testament het Jesus Christus aan sy kerk die *sleutel* mag gegee (Matthéüs 16:19) en aan die owerheid die *swaard* mag (Romeine 13:4).

In hierdie verband merk A. Kuyper op dat die *swaard* 'n *dwingende* en *heersende* mag afbeeld, maar die *sleutel* is 'n simbool van 'n *dienende* en louter *sedelike* mag (1892a, p. 320).

In art. 71 K.O. word uitdruklik gesê: "Die kerklike tug is geestelik, ..." En aangesien art. 71 'n *inleiding* is op artt. 72-81 K.O. (kyk 4 van hierdie hoofstuk), geld ook van die tug oor *ampsdraers* (artt. 79-80 K.O.) dat dit geestelik is. As sodanig word dit ook onderskei van die *burgerlike straf* (kyk art. 71 K.O.).

Só was dit al in die Handelinge en Kerkordes van verskeie sinodes in die 16e en 17e eeu (Visser, 1980, p. 63-64).

Die afsetting van kerklike ampsdraers raak dus nie direk hul burgerlike posisie en beroep nie, vir sover dieselfde sonde nie ook 'n oortreding van die strafwet is nie. Sô kan dit dan gebeur dat iemand in die burgerlike lewe as onberispelik deurgaen, terwyl hy van kerklike kant nie meer as ampsdraer aanvaarbaar is nie (vergelyk Conring, 1965, p. 110).

Dat die tug oor ampsdraers geestelik is, blyk ook daaruit dat daar nêrens in die Nuwe Testament, in die Belydenisskrifte of in die Kerkorde enige grond of reg gevind word om ampsdraers met geldboetes, tronkstraf, lyfstraf, weerhouding van traktement of dergelyke middels te tug nie.

Die staking van traktementsuitkering ná die afsetting van 'n predikant is geen *tugmiddel* op sigself nie, maar slegs die logiese *uitvloeisel* van 'n bepaalde tughandeling. (Besonderhede in verband met skorsing en afsetting van predikante, asook die gevolge daarvan, word in hoofstuk 8 behandel).

In sy behandeling van die tug oor ampsdraers vestig H. Bouwman (1934, p. 665-666) die aandag daarop dat die Gereformeerdes nog altyd beklemtoon het dat die kerklike tug geestelik moet wees en in aard, doel, uitvoerders en middele onderskeie is van die burgerlike straf. Toe die Klassis van Hoorn iemand met 'n geldboete gestraf het (as tugmiddel), het die Sinode van Alkmaar (1593, Art. 6) besluit dat die Klassis vermaan sal word om nie meer aan iemand 'n geldstraf op te lê nie, maar die sensuur uit te oefen volgens

Gods Woord. Die afsetting uit die diens het wel finansiële gevolge, sê Bouwman (p. 666). Die verlies van die regte tot uitoefening van die amp, die uitsetting uit die diens, het wel verlies van inkomste tot gevolg, sowel wat traktement en "pensioen" vir hom, sy vrou en sy kinders betref. Die "straf" self moet egter geestelik wees in aard en doel.

Volgens die Nuwe Testament en die Kerkorde is die tug oor ampsdraers vermaning en bestraffing en/of skorsing en/of afsetting, afhange van die aard van die sonde en die openbaring van berou of verharding. (Vir besonderhede hiervan, kyk 5.3 van hierdie hoofstuk).

Hier kan byvoorbeeld na die volgende verwys word:

- Galásiërs 2:11, 14, waar Petrus deur Paulus *vermaan* word weens sy geveinsdheid;
- I Timótheüs 5:20, waar Paulus opdrag gee dat dié ouderling wat sondig, in die teenwoordigheid van almal *bestraf* moet word; hier word vir "bestraf" dieselfde woord gebruik as in Mattheüs 18:15, naamlik "elegchoo", wat volgens Büchsel (1964c, p. 474) beteken: om iemand sy sonde te wys en hom op te roep tot berou;
- artikel 79 K.O., waar *skorsing* en *afsetting* as die twee uiterste tugmiddels aangewys word;

- artikel 81 K.O., waar die onderlinge *vermaning* van ampsdraers gereël word. (Vir besonderhede van art. 81 K.O. in die breë raamwerk van die tug oor ampsdraers, kyk 5.3.3 van hierdie hoofstuk).

Calvyn vermaan op grond van II Korintheërs 2:7 dat by die kerk so 'n gestrengheid pas, wat met die gees van sagmoedigheid verbind is, sedert diegene wat gestraf word, nie deur droefheid versind word nie (1949, Derde Deel, p. 264. Kyk ook 1849, p. 151).

Die regspraak van die kerk is volgens hom niks anders nie as 'n praktiese verklaring van dit wat Paulus in II Korintheërs 10:4, 5 oor die geestelike mag van die herders leer: "want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, ..." (1949, Derde Deel, p. 242; kyk ook H. Bouwman, 1934, p. 595).

Ten slotte kan nog verwys word na I Timotheüs 5:1,2 waar Paulus aan Timotheüs sê dat hy 'n bejaarde man nie hard moet bestraf nie, maar hom soos 'n vader moet vermaan. Jongeres moet soos broers, bejaarde vroue soos moeders en jong vroue soos susters vermaan word.

Paulus gee hier 'n aanwysing oor die toon en die manier waarop in verskeie tugsgevalle teenoor die sondears opgetree moet word. Die vermaning moet nie hard en

afstootlik wees nie, maar altyd hartlik soos in 'n huisgesin (Bouma, 1942, p. 169-170). Die tugoptrede kan dus algemeen gekarakteriseer word as geestelik. (Vergelyk Visser, 1980, p. 66).

5.3 Vermaning en/of skorsing en/of afsetting

In hierdie hoofstuk gaan dit om die doel en aard van die tug oor ampsdraers as sleutelmag. Besonderhede insake die toepassing van artt. 79-80 K.O. sal in hoofstuk 8 bespreek word. Hierdie onderafdeling sal dus net handel oor vermaning, skorsing en afsetting vir sover dit beteken is het vir die *aard* van die tug oor ampsdraers.

5.3.1 Al drie maatreëls in alle gevalle?

In 5.2 van hierdie hoofstuk is daarop gewys dat die tug oor ampsdraers volgens die Nuwe Testament en die Kerkorde vermaning en bestraffing en/of skorsing en/of afsetting is.

Die vraag is nou of *al drie* hierdie maatreëls noodwendig in *alle* gevalle van tug oor ampsdraers toegepas moet word.

In die behandeling van hierdie probleem kan ten aanvang verwys word na Matthëus 16:13-23. Eers het ons hier die belydenis van Petrus, op grond waarvan die sleutelmag aan hom opgedra word *as ampsdraer* en *as mondstuk* van die ander dissipels. Maar dan *besondig* Petrus hom deur vir Jesus tot 'n struikelblok te

word as hy Hom van die kruis probeer weghou (vers 22); daarop volg dan die "tug" wat Jesus op Petrus toepas in die vorm van 'n *bestraffing*: "Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense." (vers 23).

Belangrik is hier dat Jesus in sy "tugtoepassing" met 'n *bestraffing* volstaan en nie voortgaan met skorsing en afsetting nie. Selfs nadat Petrus vir Jesus *verloën* het (Matthéüs 26:69-75), is hy nie uit die amp afgesit nie. Daarom is hy later ook slegs weer tot voortgaande ampsvervulling vermaan (Johannes 21:15-17) en nie weer opnuut tot die amp *geroep* nie.

Vergelyk hierteenoor byvoorbeeld Jesus se optrede teenoor Judas, waar Hy hom eers as 'n "duiwel" veroordeel (Johannes 6:70) en later prakties uit die paas-saal uitdryf (Johannes 13:27: "Wat jy doen, doen dit haastig."). (Kyk hiervoor Grosheide, 1950, p. 271). Hier moet egter in ag geneem word dat Jesus in Petrus en Judas se *harte* kon lees ... iets wat die kerklike ampsdraers *nie* kan doen nie.

Hier kan ook verwys word na Galásiërs 2:11-14, waar Paulus in sy "tug" oor Petrus met 'n vermaning volstaan.

Of die tug verder moet gaan as vermaning, sal bepaal word deur die *aard* van die sonde, asook deur die *betoning* van berou al dan nie.

Die skorsing en afsetting, veral van 'n predikant, is altyd 'n ernstige saak en mag nie sonder groot versigtigheid en grondige redes geskied nie. As voorbeeld van 'n ongegronde skorsing kan verwys word na die geval van ds. Netelenbos wat deur Klassis Walcheren geskors is. Die Klassis verklaar dat hy daarmee geen kerklike sensuur bedoel het nie, maar slegs 'n voorkomende maatreël wou neem (H. H. Kuyper, 1919, bladsye ongenommer). Kuyper oordeel dat hierdie skorsing nie volgens die beginsels van die Gereformeerde kerkreg plaasgevind het nie. Die Kerkorde ken naamlik nie 'n skorsing wat geen sensuur is nie, terwyl die taak om te beoordeel of 'n predikant geskors moet word, deur art. 79 van die Kerkorde aan die kerkraad opgedra word en nie aan die klassis nie. (Kyk hiervoor hoofstuk 6 van hierdie proefskrif).

Van 't Spijker toon aan dat Martin Bucer vir die eerste keer in die protestantse kerkreg 'n sonde-register gee, waarin hy onderskei tussen sondes wat aanleiding gee tot korreksie en sondes wat in 'n ampsdraer onverdraaglik is (1970, p. 235. Vergelyk hoofstuk 1, 3.1).

Caswell wys op die onderskeid wat Calvyn maak tussen oortredinge wat onverdraaglik is in 'n predikant en ander minder-ernstige oortredings deur 'n predikant wat herstel kan word met 'n berisping (1960, p. 30).

Calvyn self sê byvoorbeeld dat sommige sondes vergrype is waartoe slegs vermaning of berisping aangewend hoef te word; ander sondes is misdade of skandade

waarvoor 'n strengere tugmiddel nodig is (1949, Derde Deel, p. 259; ook p. 262).

Dieselfde onderskeid word gevind in die Kerk te Genève. Hierdie Kerk het 'n eie Tugreglement vir predikante gehad ("Ordonnances Ecclésiastiques de l'Eglise de Genève", 1561, artt. 24-27). Dit het twee sondelyste bevat: een vir die sondes wat geheel-en-al ondraaglik is in 'n predikant; sulke sondes is gestraf met afsetting. Die ander lys behels die ligtere vergrype (misdrywe). As predikante dus oortree in leer en lewe, kon hulle vermaan word en in ernstige gevalle afgesit word (Gassmann, 1968, p. 150, 299).

Plomp (1969) verwys ook na art. 24 van die bogenoemde "Ordonnances ..." (die weergawe van 1541), waarin onderskei word tussen sondes wat slegs 'n broederlike vermaning verdien en skanddade wat in 'n predikant volstrek nie geduld mag word nie (p. 266; kyk ook p. 270).

'n Soortgelyke onderskeiding word ook in die Weselse Artikels van 1568 gemaak. In Hoofstuk 8 van hierdie artikels word eers gepraat van minder-ernstige sondes waaroor die skuldige in die klassis met woorde bestraf en gekasty moes word (art. 13). Daarna word in artt. 14 en 15 onderskei tussen dié sondes wat in die predikante geensins geduld mag word nie en die sondes van 'n ander aard wat wel geduld mag word, maar tog onderhewig is aan "bestraffing en censuur". Art. 16

bepaal dan dat diegene wat aan die eerste soort misdade skuldig is, in die klassis uit sy amp afgesit sal word, terwyl art. 17 'n broederlike vermaning voorskryf in die geval van minder-ernstige oortredings. In art. 18 word nog 'n verdere onderskeiding gemaak deur te meld van "lichtere fouten" wat selfs nie die oordeel van die vergadering waardig is nie (Hooijer, 1865, p. 50, 51; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 30-32).

Verskeie gereformeerde kerkregtelikes verwys na hierdie onderskeidinge in die Weselse Artikels as gesaghebbend, byvoorbeeld Jansen (1913, p. 334-335 en 1952, p. 339), H. Bouwman (1912, p. 269-270 en 1934, p. 664-665), Bos (1950, p. 305) en Van der Linde (1977, p. 28).

Kamphuis (1966, p. 133) beweer dat ook in die Kerkorde 'n onderskeid gemaak word tussen sondes wat *skorsenswaardig* is, en sondes wat slegs 'n *vermaning* verdien. In artt. 79, 80 word handel oor skorsenswaardige sondes. Oor die sondes wat slegs *vermaning* verdien, handel die Kerkorde eksplisiet en implisiet. Eksplisiet in art. 81, waar oor die Christelike sensuur onder die ampsdraers onderling handel word; implisiet, wanneer art. 79 van "openbare growwe sonde" praat, wat impliseer dat daar, kerkregtelik gesproke, ook minder-ernstige en heimlike sondes is. (Die "Kerkorde" waarna Kamphuis verwys stem in hierdie opsig ooreen met die Kerkorde van die G.K.S.A.).

Indien 'n ampsdraer dus 'n minder-ernstige oortreding begaan het, moet hy daarvoor vermaan word. As daar ná die vermaning berou en bekering is, spreek dit vanself dat daar nie oorgegaan mag word tot skorsing en/of afsetting nie. Hieruit blyk juis die *vrug* van die vermaning.

Jansen vestig die aandag daarop dat eers die Sinode van Utrecht (1905) die bepaling gemaak het dat ouderlinge en diakens, netsoos predikante, in hul amp *geskors* kan word. Tot en met hierdie tyd was daar by hulle slegs sprake van afsetting, terwyl die skorsing vir hulle, netsoos vir die predikante, 'n wettige tugmiddel is. (1913, p. 336. Vergelyk hiervoor Hooijer, 1865, p. 72, 159, 207-208, 279, 458-459; ook Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 42, 125, 158, 212, 248).

In art. 79 K.O. word vier tugmiddels genoem:

- die *skorsing* van ouderlinge en diakens;
- die *afsetting* van ouderlinge en diakens;
- die *skorsing* van predikante;
- die *afsetting* van predikante.

Maar art. 79 K.O. praat ook nog van 'n *voorlopige skorsing* in die geval van alle ampsdraers: "As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ..."

By hierdie *voorlopige skorsing* moet egter die volgende onderskeiding gemaak word:

- voorlopige skorsing, wanneer daar vir die kerkraad geen tyd is om 'n beweerde oortreding te ondersoek nie. 'n Ampsdraer is byvoorbeeld na bewering op 'n Saterdagavond dronk; die kerkraad het geen tyd om die beweerde oortreding voor die Sondag te ondersoek nie; die ampsdraer word dan voorlopig geskors en nie toegelaat om sy ampswerk uit te oefen nie, totdat die kerkraad (natuurlik so spoedig moontlik) die saak ondersoek het. So 'n voorlopige skorsing is nog geen dissiplinêre skorsing nie en bevat op sigself niks onderends nie. (Vergelyk hiervoor H. Bouwman, 1912, p. 267; Rutgers, soos weergegee deur De Jong, 1918, p. 108-109; Janssen, 1963, p. 35; Kamphuis, 1966, p. 132);
- voorlopige skorsing, nadat die kerkraad 'n beskuldiging teen 'n ampsdraer ondersoek en tentatief gegrond bevind het, maar nog nie 'n naburige kerkraad kon inroep nie (kyk art. 79 K.O.); art. 79 K.O. gaan uit van die versoedstelling *dat* daar skuld is: "As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf ..." (kursivering van my, J.V.). By hierdie voorlopige skorsing is daar dus reeds deur die kerkraad tentatief skuld bepaal. (Vergelyk hiervoor Van der Vyver, s.j., by art. 79, punt 5.1; Van der Linde, 1977, p. 24).

Ter wille van duidelikheid moet hier opgemerk word dat die nie-dissiplinêre voorlopige skorsing nie eksplisiet in art. 79 K.O. genoem word nie. Dit vloei egter logies uit bepaalde omstandighede voort (waarvan 'n voorbeeld genoem is), terwyl dit noodsaaklik is vir die eer van God, vir die orde en stigting in die gemeente, asook eventueel vir die heil van die betrokke ampsdraer.

Verdere besonderhede insake die *toepassing* van die verskillende tugmiddels, wat in hierdie onderafdeling genoem is, word in hoofstuk 8 bespreek; art. 81 K.O. word in 5.3.3 van hierdie hoofstuk behandel.

5.3.2 "Judisiële" en "justisiële" tug oor ampsdraers

In 5.2 van hierdie hoofstuk is daarop gewys dat die tug oor ampsdraers volgens die Nuwe Testament en die Kerkorde vermaning en bestraffing en/of skorsing en/of afsetting is.

In 5.3.1 is weer aangetoon dat al drie bogenoemde tugmaatreëls nie noodwendig in alle gevalle van tug oor ampsdraers toegepas moet word nie.

In hierdie onderafdeling, egter, sal nou aangetoon word dat die tugproses nie mag vassteek by vermaning wanneer daar 'n openbare growwe sonde bedryf is, of wanneer daar verharding en gebrek aan berou vasgestel is nie.

In I Timótheüs 5:20 skryf Paulus: "Bestraf die wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees".

Nou kan daar maklik uit hierdie teks die afleiding gemaak word dat Paulus hier per implikasie aan Timótheüs voorskryf dat die tug oor ampsdraers (dit gaan naamlik hier om tug oor 'n ouderling, vers 19) slegs *bestraffing* is, want oor 'n voorts kryding van die tugproses praat Paulus hoegenaamd nie hier nie. Bouma (1942, p. 194) sê egter dat dit nie vir Paulus hier gaan om die *gang van die prosedure*, om *verdere tug* nie (kursivering van my, J.V.), maar dat hy hier slegs wil sê dat die *bestraffing in die teenwoordigheid van almal* moet geskied (kursivering oorspronklik, J.V.).

Hierdie teks leer dus niks oor die *voortgang* van die tugproses nie.

Nou mag daar gevalle wees waar 'n vermaning en *bestraffing* voldoende is, en waar daar nie voortgegaan hoef te word na skorsing en/of afsetting nie. Elke geval sal volgens sy eie omstandighede beoordeel moet word.

'n Voorbeeld wat hier genoem kan word, is dié van Petrus Wassius, predikant te Homade. Die Partikuliere Sinode van 's Gravenhage (1591) het hom opdrag gegee om 'n preek te hou. Hy is naamlik beskuldig van dronkenskap en vergryp teen die kerklike orde, maar ook dat hy "ongegronde" was in die leer. Ná die preek is

sekere opmerkings gemaak, en oor die ander punte is hy bestraf, maar omdat hy ernstige beterskap beloof het, is sy skorsing voorlopig nog uitgestel (Schokking, 1902, p. 274-275).

Die vraag hoe ver en onder watter omstandighede die tug oor ampsdraers deurgevoer moet word, het in die G.K.N. gelei tot die invoering van 'n vreemde onderskeid, naamlik tussen "judisiële" en "justisiële" tug.

By die G.K.N. se Sinode van Sneek (1969 en 1970) het baie beswaarskrifte ingekom waarin verontrusting uitgespreek is ten aansien van die handhawing van die gesag van die Heilige Skrif en waarin maatreëls gevra word om die besorgdheid weg te neem (G.K.N., 1969 en 1970a, p. 144-145). Hierdie beswaarskrifte is oor die algemeen gerig teen dr. H. M. Kuitert (G.K.N., 1969 en 1970a, p. 367).

Hoewel die Sinode vasstel dat dr. Kuitert se siening van die historisiteit van die sondeval strydig is met Skrif, Belydenis en vorige Sinodebesluite, besluit hy tog dat die ingebringte besware 'n fragmentariese karakter dra en as sodanig weinig bewyskrag het. Die Sinode is van oordeel dat die eenheid van die kerklike belydenis nie op so 'n wyse in geding geag moet word dat daaroor tans nadere beslissinge geneem sou moet word nie (G.K.N., 1969 en 1970a, p. 376-377. Kyk ook G.K.N., 1969 en 1970b, p. 686-697 en p. 697-698).

By die Sinode van Dordrecht (1971 en 1972) is 'n vyftiental beswaarskrifte ingedien waarin opheldering van die vorige Sinode se uitsprake insake die opvattinge van dr. H. M. Kuitert gevra word (G.K.N., 1971 en 1972b, p. 138).

Saamgevat kom die beswaarskrifte daarop neer dat die Sinode bevind het dat dr. Kuitert se ontkenning van die historisiteit van die sondeval nie in ooreenstemming is met die uitspraak van die Sinode van Amsterdam (1967/68) nie. Tog is daar nie dissiplinêr teen dr. Kuitert opgetree nie. Hy is nie openlik vermaan nie; hy kan vry-uit sy opvattinge oor Génesis 2 en 3, wat deur die Sinode afgewys is, aan die teologiese fakulteit van die Vrije Universiteit verkondig. Dr. Kuitert het in stryd gehandel met die Ondertekeningsformulier vir hoogleraars, wat deur hom onderteken is (G.K.N., 1971 en 1972b, p. 138-140).

Die Kommissie, na wie die beswaarskrifte verwys is, vat die besware alles saam onder die opskrif: "het uitblijven van maatregelen".

Die Kommissie beweer dan dat die Sinode van Sneek geen "*justisiële*" maatreël geneem het nie. Dit beteken dat die Sinode geen *regterlike* maatreël, byvoorbeeld 'n maatreël van skorsing of afsetting, geneem het nie. Tog was die besluit van die Sinode, naamlik dat Kuitert se ontkenning van die historisiteit van die sondeval nie in ooreenstemming is met die uitspraak van die Sinode van Amsterdam (1967/68) nie, 'n baie ernstige "*judicium*", 'n oordeelvelling.

So 'n "*judicium*" is reeds 'n maatreël, en die Sinode mag dan ook leef in die hoop en verwagting dat dit sal lei tot nadere besinning. Die Sinode van Sneek sou nie vir skorsing en eventuele afsetting terugge-deins het as hy dit noodsaaklik geag het nie. Die Sinode was van hierdie noodsaaklikheid egter nie oor-tuig nie. Die Sinode het die weg van waarheid en eenheid ingeslaan en wou die een nie opoffer aan die ander nie. Met die invoer van leervryheid of iets dergeliks het dit dan ook niks te maak nie. Inteen-deel, dit is die goeie, Skriftuurlike weg (G.K.N., 1971 en 1972b, p. 140-141. Kursivering oorspronklik, J.V.).

By hierdie rapport van die Kommissie moet miskien net die aantekening gemaak word dat die Sinode van Sneek (1969/70), te oordeel aan sy eie "*judicium*" oor Kultert se afwykende sieninge, *wel* die waarheid opgeoffer het aan die eenheid en *wel* die leervryheid gesanksioneer het.

In sy besluit verwerp die Sinode dan ook die besware. Hy beweer dat die Sinode van Sneek ernstig na onder-linge eenheid gesoek het en daarvoor 'n "Deputaatskap" aangewys het om in hierdie situasie die gesprek voort te sit. Deur hierdie weg op te gaan, het die Sinode van Sneek nie vir die leervryheid gekies nie (G.K.N., 1971 en 1972a, p. 213-214).

Met hierdie besluit sanksioneer die Sinode van Dord-recht (1971/72) dus die onderskeid tussen "*judisiële*" en "*justisiële*" tug; hy sanksioneer ook die leervryheid en hy offer die waarheid op aan die eenheid (kyk my opmerking by die Kommissierapport, J.V.).

(Vergelyk hier G.K.S.A., 1976, p. 300).

Die konsekwensie van hierdie besluit is dat die tug in so 'n ernstige geval as dié van Kuitert, genoegsaam tot sy reg kom deur die uitspraak van 'n blote "judicium". Die "*justisiële*", die *regterlike optrede* in skorsing en afsetting, is in hierdie ernstige geval van leerdwaling - soos deur die Sinode van Sneek (1969/70) *self* vasgestel - nie nodig nie.

Die Sinode van Sneek (1969/70) sowel as die Sinode van Dordrecht (1971/72) het met bogenoemde besluite die bepaling in art. 116 van die Kerkorde van die G.K.N. buite werking gestel. In genoemde art. 116 word naamlik bepaal dat ampsdraers, wat in stryd handel met hul ondertekening van die belydenis of op 'n ander wyse in ernstige mate afwyk van die gesonde leer, in die vervulling van hul amp geskors of dadelik daaruit afgesit word (G.K.N., 1971, p. 58).

In sy bespreking van hierdie onderskeid tussen "judisiële" en "justisiële" tug in die G.K.N. wys Kamphuis (1977, p. 453-454) op die tug teen dr. Geelkerken (1926) en op die baie skorsings en afsettings van predikante in 1944 en volgende jare. Hy sê dat baie nou redeneer dat die kerke daarvan 'n letsel oorgehou het en nou versigtig is om weer hul vingers te verbrand. S6 is dan, om tog nog iets uit die bankrot boedel van die gereformeerde tug oefening te red, die onderskeid ingevoer tussen "*judisiële*" en "*justisiële*" leertug.

In die eerste geval sou die kerke (voorlopig?) vol-

staan deur h "judicium", h uitspraak oor h afwyking in die leer te doen. In die tweede geval sou daarop dan regterlike *handelinge* moet volg, die handelinge van skorsing en van afsetting uit die amp en eventueel ook van verdere bediening van die tug oor die ampsdraers as lidmate van die gemeente.

Ons het hier met h onderskeiding te doen wat as veiligheidsklep moet diens doen: die kerk doen tog iets. Hy kom in elk geval (skynbaar) vir die waarheid op en sit die voet dwars vir die dwaling. Maar terselfdertyd sit daarin die "voordeel" dat h kerklike skeuring ontwyk word.

Die onderskeid tussen "judisieël" en "justisieël" is in hierdie sin egter verwerplik omdat dit die belydenis van die Woord misbruik om aan die klem van die tug te ontkom. Dit is mooi en duur woorde, sê Kamp-huis, maar dit dien om skuldige armoede te kamoefleer. (Alle kursiverings oorspronklik, J.V.).

Met hierdie beoordeling van Kamphuis kan ten volle saamgestem word.

Artt. 79 en 80 K.O. laat geen onduidelikheid oor die noodsaaklikheid van skorsing en/of afsetting in die geval van "openbare growwe sonde" nie. Daar is dus nie sprake daarvan dat die tug onbepaald kan bly vassteek in blote vermanings en bestraffings soos in die geval van Kuitert nie. In h ernstige geval, soos byvoorbeeld leerdwaling, vereis die *aard* van die tug oor ampsdraers reeds dat daar verder gegaan moet word as die blote uitspreek van h "judicium"; ook

die *doel* van die tug oor ampsdraers, soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek, maak skorsing en/of afsetting noodsaaklik.

Die gebruik van die terme "judisieël" en "justisieël" word sterk afgekeur omdat dit *vreemde* terme in die Gereformeerde kerkreg is. Dit laat dan ook hoege-naamd nie reg geskied aan die besondere *aard* van die tug oor ampsdraers, soos reeds eerder in hierdie hoofstuk bespreek is nie. Verder moet in hierdie verband opgemerk word dat die term "judicium" wel blyk gee van 'n *oordeel* oor 'n bepaalde leerstuk, maar die belangrike gedagte van persoonlike *vermaning* en *bestrafing* kom daarin gladnie tot sy reg nie. Laastens moet daarop gewys word dat albei hierdie terme *strafregtelike* terme is (vergelyk Van Dale, 1950, p. 349 en 350); daarom is dit onbruikbaar in die sfeer van die kerklike tug oefening, veral in die lig van die onderskeid tussen "kerklike tug" en "burgerlike straf" in art. 71 K.O. (kyk 5.2 van hierdie hoofstuk).

Die "Generale Synode van Zwolle 1977/1979" van die G.K.N. het gelukkig besluit dat die terme "judisiële" en "justisiële" leertug nie 'n wettige plek in die kerklike spraakgebruik moet kry nie. Redes wat vir hierdie besluit aangevoer is, is onder andere dat die betekenis van hierdie terme nie vasstaan nie en dat dit maklik die eiesoortige karakter van die kerklike leertug kan aantas (G.K.N., 1977/1979a, p. 40-45, art. 71; 1977/1979b, p. 89, Bijlage 15).

Tog is dit jammer dat die G.K.N. hierdie terme wel gebruik het om die leertug te omseil, soos in hierdie

onderafdeling aangetoon is.

5.3.3 Artikel 81 K.O.

In 5.3.1 van hierdie hoofstuk is na Kamphuis verwys, wat art. 81 K.O. as bewys aanvoer dat die Kerkorde eksplisiet voorsiening maak vir blote *vermaning* in die geval van minder-ernstige oortredings.

Art. 81 K.O. bepaal naamlik dat die predikante, ouderlinge en diakens onder mekaar die Christelike sensuur moet uitoefen en mekaar oor die bediening van hul amp vriendelik moet vermaan.

In hierdie verband wys Plomp (1969) daarop dat die predikante in Genève elke week byeengekom het om onder leiding van Calvyn opsig oor mekaar uit te oefen. Bowendien het hulle dit eenmaal in drie maande in 'n aparte vergadering weer gedoen. Plomp noem dit "preventiewe tucht" (*voorkomende tug*, J.V.), en hy sê dat Calvyn se inspanning om sowel die eenheid en suiwerheid van die leer as die gemeenskap onder die broeders te bewaar, buitengewoon groot was (p. 355-356; vergelyk p. 289).

Volgens H. Bouwman (1912) dui art. 81 van die Kerkorde besonder op die toesig van ampsdraers oor mekaar insake die bediening van hul amp. Hierdie Christelike sensuur staan algemeen bekend onder die naam "censura morum", dit is ondersoek na en beoordeling van die sedes. (Art. 81 van die Kerkorde waarna Bouwman verwys, stem in hierdie opsig ooreen met art. 81 van die K.O. van die G.K.S.A., J.V.). Bouwman toon dan

aan hoedat hierdie artikel in beginsel by die Konvent te Wesel (1568) ontstaan het, en daarna uit die verskillende Kerkordes van die 16e en 17e eeue in die huidige Kerkorde opgeneem is (p. 278-279).

Hy bespreek die wyse waarop die saak in Nederland in navolging van Calvyn en à Lasco toegepas is (p. 279). Hy ag dit verkiesliker dat die bespreking in teenwoordigheid van al die ampsdraers sal geskied en dat die ampsdraers nie, soos vroeër in Nederland in navolging van Calvyn en à Lasco, om die beurt buite moet gaan staan nie (p. 279; vergelyk ook Plomp, 1969, p. 289).

Bouwman verkies ook dat die ondersoek nie *kollektief* moet geskied nie, maar dat die vrae *persoonlik* gedoen moet word: het iemand iets teen broeder A., B., of C.? (p. 279-280). Hoewel die artikel slegs melding maak van onderlinge vermaning oor die bediening van die *amp*, kan opmerkings ook gemaak word oor die *lewenswandel*. Al die opmerkings moet vanselfsprekend in die gees van die Christelike liefde gedoen word (p. 280; kursivering van my, J.V.).

Die bedoeling van art. 81 K.O. is dus dat ampsdraers mekaar onderling sal vermaan indien nodig; dus: dat hulle *met* mekaar sal praat en nie *van* mekaar nie.

Van der Linde maak by art. 81 K.O. die belangrike opmerking: "Netso min as wat met waarskuwing en vermaning gewag mag word ~~totdat~~ jou broeder of suster in die sondestrik trap terwyl jy sien dit gaan gebeur, netso min mag ampsdraers wag ~~totdat~~ 'n mede-ampsdraer in die strik van die duiwel val voordat hy optree.

En netso min as wat sondes in die gemeente, al is dit nog nie afsnydingswaardige sondes nie, oogluikend toegelaat kan word, netso min mag die sondes van ampsdraers - al is dit nie skorsingswaardige of afsettingswaardige sondes nie, onbestraf gelaat word." (1977, p. 29). Hy sê dat as daar nalatigheid, slordigheid of eiewilligheid is wat tot ampsontrou kan lei; of as daar met versoekinge gespeel word, of enigiets bespeur word wat die bediening kan bedreig, moet vroegtydig gewaarsku, bestraf en bemoedig word. Dit gaan dus in die artikel nie oor 'n aanklag nie, wel oor 'n broederlike en "vriendelike" vermaning om 'n aanklag te voorkom en om die broeders op te skerp in die behoorlike uitoefening van die amp (p. 29).

Hoewel die klem gelê word op die bediening van die amp, kan die artikel tog ook weer nie losgemaak word van die leer en lewe van die ampsdraer - sy gewone gedrag - nie. Sô word die sonde in die kiem gesmoor (p. 30).

Van der Linde ag ook die beste metode om in die volle vergadering aan elke broeder persoonlik te vra of hy iets aan te merk het op enige ander broeder in die bediening van sy amp (p. 31).

Art. 81 K.O. mag dus nooit as plaasvervanger gebruik word vir die voorskrif in Matthëus 18:15-17 (persoonlike vermaning onder vier oë in die geval van geheime sondes, wat by verharding uitloop op kerklike tug), of vir die weg wat in art. 79 K.O. bepaal word in die geval van oortredings wat met skorsing en/of afsetting getug moet word nie.

Art. 81 K.O. reël dus onderlinge *vermaning* tussen ampsdraers, in gevalle waar daar nog nie geskors of afgesit moet word volgens art. 79 K.O. nie. Dit is dus 'n maatreël wat juis die tug volgens art. 79 K.O. wil voorkom.

6. SAMEVATTING

Tussen kerk en tug oefening is daar 'n baie noue verband; die tug vloei uit die wese van die kerk voort en die mag tot tug oefening in die kerk moet afgelei word uit die feit dat Christus Hoof en Koning oor sy kerk is.

Hoewel die uitdrukkings "kerklike tug" en "tug oor ampsdraers" as sodanig nie in die Skrif voorkom nie, word die saak van kerklike tug onder andere aangedui met die term: "sleutels van die koninkryk van die hemele".

Christus gee aan sy apostels die sleutels van die koninkryk van die hemele, maar nie sō dat die *gemeente* heeltemal daarvan uitgesluit is nie. Petrus het in hierdie opsig geen prismaat onder die apostels nie, maar hy tree in Matthëus 16:13-19 slegs na vore as verteenwoordiger van die apostels.

Hierdie sleutelmag beteken bekleding met gesag, outoriteit om oop en toe te sluit.

Christus is egter die absolute Sleuteldraer; wat Petrus en die ander apostels (en later die ouderlinge) op aarde *voorlopig* doen, doen Christus in die hemel

finaal. Dit gee aan die tug oefening 'n geweldige krag.

Hierdie krag van die tug oefening lê ook opgesluit in die woorde "bind" en "ontbind". Dit beteken eerstens om iets as "verbode" en "geoorloof" te verklaar en in aansluiting hierby ook "die tug toepas" en "die tug ophef". 'n Studie van Matthéüs 16:19, 18:18 en Johannes 20:23 maak hierdie betekenis duidelik. Hiervolgens behels die sleutelmag "potestas docendi" sowel as "potestas disciplinae".

Die woorde "bind" en "ontbind" lewer belangrike riglyne vir die vraag of die tug oor ampsdraers ook sleutelmag is. Basies bestaan die tug oor ampsdraers ook uit "potestas docendi" en "potestas disciplinae". Daar is dus tussen die "gewone" tug oor lidmate en die tug oor ampsdraers geen verskil in *wese* nie, maar slegs in *wyse*.

Hoewel die afsetting van 'n ampsdraer nie vanselfsprekend en outomaties 'n uitsluiting uit die koninkryk van die hemele beteken nie, kan tog gesê word dat die tug oor ampsdraers ook *sleutelmag* is.

Wat die *doel* van die tug oor ampsdraers betref, kan gestel word dat dit vierledig is:

- 'n doel ten opsigte van God: dat die eer van God daardeur gedien sal word;

- 'n doel ten opsigte van die gemeente: dat die heil van die gemeente daardeur bevorder sal word;
- 'n doel ten opsigte van die sondaar: dat die behoud van die sondaar daarin gesoek sal word;
- 'n doel ten opsigte van die bediening: dat die reinheid van die bediening daarin nagestreef sal word.

Hierdie vierledige *doel* van die tug oor ampsdraers, kwalifiseer ook reeds die *aard* daarvan.

Die tug geskied naamlik *uit liefde*, sodat 'n kerk wat dit nalaat, 'n kerk sonder liefde is wat sy lidmate oorlaat aan die eindoordeel van God.

Maar die tug, *as sleutelmag*, is ook *geestelik* ... in onderskeiding van die owerheid se *swaardmag*.

Hierdie geestelike aard van die tug oor ampsdraers blyk ook daaruit dat dit volgens die Nuwe Testament en die Kerkorde vermaning en bestraffing en/of skorsing en/of afsetting is, afhangende van die aard van die sonde en die blyke van berou of verharding.

Dit beteken egter nie dat *al drie* hierdie tugmiddels noodwendig in *alle* gevalle van tug oor ampsdraers toegepas moet word nie.

Volgens die Nuwe Testament en die K.O. (implisiet in art. 79 en eksplisiet in art. 81) is daar gevalle waar met 'n vermaning volstaan kan word. Sedert Martin Bucer word daar naamlik in die protestantse kerkreg onderskei tussen sondes wat slegs *vermaning* verdien, en sondes wat met skorsing en/of afsetting getug moet word. Elke geval sal bepaal word deur sy besondere omstandighede, byvoorbeeld die *aard* van die sonde en die teenwoordigheid of afwesigheid van berou.

In art. 79 K.O. word vier tugmiddels genoem:

- die *skorsing* van ouderlinge en diakens;
- die *afsetting* van ouderlinge en diakens;
- die *skorsing* van predikante;
- die *afsetting* van predikante.

Hierbenewens praat art. 79 K.O. ook nog van *voorlopige* skorsing, waar 'n beskuldiging teen 'n ampsdraer ondersoek en tentatief gegrond bevind is, maar daar nog geen tyd was om die naburige kerkraad in te roep nie. Ook is daar 'n nie-dissiplinêre voorlopige skorsing, wat wel nie in art. 79 K.O. genoem word nie, maar tog logies uit bepaalde omstandighede voortvloei. 'n Voorbeeld hiervan is as die kerkraad voor 'n Sondag geen geleentheid gehad het om 'n beweerde oortreding te ondersoek nie.

Die vraag of en wanneer van die een tugmiddel na die volgende oorgegaan moet word, sal grootliks deur die omstandighede van elke geval bepaal word. Art. 79

K.O. praat van skorsing en/of afsetting wanneer daar 'n "openbare growwe sonde" begaan is, terwyl art. 80 K.O. 'n aantal sulke sondes by die naam noem.

Dit moet egter met nadruk gestel word dat daar by die pleeg van 'n openbare growwe sonde nie vasgesteek mag word by 'n blote vermaning of die uitspraak van 'n blote oordeel oor die begane sonde nie.

In hierdie verband moet die onderskeid tussen die sogenaamde "judisiële" en "justisiële" tug oor ampsdraers, soos deur die G.K.N. ingevoer en toegepas, verwerp word. Selfs die blote gebruik van die *terme* "judisieël" en "justisieël" moet op sterk gronde afgekeur word.

Daarmee word egter nie bedoel dat daar nou in alle gevalle, ook by minder-ernstige oortredings, voor die voet geskors of afgesit moet word nie.

In art. 81 K.O. word daar naamlik eksplisiet ruimte gemaak vir onderlinge vermanings tussen ampsdraers, in gevalle waar daar nog nie geskors of afgesit moet word volgens art. 79 K.O. nie. As sodanig is dit dus 'n maatreël wat juis die tug volgens art. 79 K.O. wil voorkom, en dit is ten volle in ooreenstemming met die doel en aard van die tug oor ampsdraers.

HOOFSTUK 4

DIE SUBJEK VAN DIE TUG OOR AMPSDRAERS

1. INLEIDING

Uit hoofstuk 3 het dit geblyk dat Christus aan sy apostels die sleutels van die koninkryk van die hemele gegee het. Die gemeente is egter nie heeltemal daarvan uitgesluit nie.

Hierdie sleutelmag beteken bekleding met gesag, outoriteit om oop- en toe te sluit.

Christus is egter die absolute Sleuteldraer. Wat Petrus en die ander apostels (en later die ouderlinge) op aarde *voorlopig* doen, doen Christus in die hemel *finale*. Dit gee aan die tug oefening 'n geweldige krag. Begryplikerwys lê dit ook op die subjek van die tug 'n groot verantwoordelikheid.

In hoofstuk 3 is vasgestel dat die tug oor ampsdraers sleutelmag is. Vanselfsprekend geskied hierdie tug oefening dan ook uit liefde en is dit geestelik van aard, in onderskeiding van die owerheid se *swaardmag*. Dit is belangrik vir die vraag of die owerheid ook 'n subjek is van die tug oor ampsdraers.

Volgens art. 79 K.O. is daar vier tugmiddels in die geval van ampsdraers:

- *skorsing* van ouderlinge en diakens;
- *afsetting* van ouderlinge en diakens;
- *skorsing* van predikante;
- *afsetting* van predikante.

Hierby kom ook nog die *voorlopige* skorsing.

Voorts bepaal art. 79 K.O. watter instansie by die verskillende tugmiddels die subjek is.

In die vorige hoofstuk is ook gewys op die vermaning van ampsdraers onderling volgens art. 81 K.O.. Met hierdie onderlinge vermaning volgens art. 81 moet rekening gehou word in die ondersoek na die subjek van die tug oor ampsdraers.

'n Baie belangrike onderdeel van hierdie studie is die kwessie van meerdere vergaderings as moontlike subjekte van die tug oor ampsdraers. *Dat* meerdere vergaderings 'n funksie het in die uitoefening van tug op ampsdraers, is duidelik uit art. 79 K.O.. *In watter mate* dit moet geskied, *met watter reg van inisiatief* en *in watter verhouding tot die plaaslike kerkraad*, sal in hoofstuk 6 breedvoerig bespreek word. In punt 4.3 van hierdie hoofstuk kom hierdie probleem slegs sydelings ter sprake in verband met die ouderlinge (kerkraad) as subjek van die tug oor ampsdraers.

2. CHRISTUS, AS HOOF VAN DIE KERK, DIE ABSOLUTE SUBJEK

As Hoof van die kerk (Efësiërs 1:22; Kolossense 1:18) beklee Christus 'n absolute gesags- en magsgosisie in

die kerk. Aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde (Matthéüs 28:18). Hy is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6). Alles is deur die Vader aan Hom oorgegee (Matthéüs 11:27; Lukas 10:22). (Vergelyk Visser, 1980, p. 72).

Volgens Martin Bucer besit slegs Christus ten diepste die volledige mag oor sy gemeente. Aan Hom het die Vader die sleutels van die hemelryk toevertrou. Die gemeente het die sleutelmag dan ook slegs vir sover hy eiendom van Christus is. Die dienaars van Christus bedien hierdie mag deur sy Gees en Woord (aangehaal deur Van't Spijker, 1970, p. 124). Die ampsdraers is slegs instrumente van Christus. Hy gebruik hulle soos 'n ambagsman 'n beitel, hamer of skaaf gebruik (kyk hoofstuk 2, 5.1). Christus self oefen die sleutelmag uit (weergegee deur Van't Spijker, 1970, p. 26).

Soortgelyk is ook die standpunt van Calvyn (kyk hoofstuk 2, 5.1. hiervan). Volgens hom regeer en heers Christus alleen in die kerk. Hy het die leiding en beklee die hoogste gesag. Hierdie heerskappy van Christus moet slegs deur sy Woord uitgeoefen en bedien word. Omdat Hy egter nie met sigbare teenwoordigheid in die kerk is nie, gebruik Hy daartoe die diens van mense - nie om sy reg en eer op hulle oor te dra nie, maar slegs om sy eie werk deur hulle mond te volbring, soos 'n ambagsman ook gereedskap gebruik om sy werk te verrig (1949, Derde Deel, p. 54. Vergelyk ook Goumaz, 1964, p. 16, 43-44).

A. Kuyper (1883) sê dat die Christus van God en Hy alleen as Seun van Dawid, as Heer en Koning, oor sy kerk in ewigheid sit. Hy besit hierdie koninklike gesag nie uit Homself nie, maar dit is aan Hom verleen deur die Vader as loon op sy selfvernederings tot in die dood (p. 13). 'n Mens moet egter nie sê dat Christus in die eintlike sin slegs in die hemelse kerk as koning troon en in die aardse kerk slegs deur oordrag van gesag op mense regeer nie. Sulke uitsprake loën en weerspreek sy Godheid. Christus is wel terdeë in sy kerk op aarde teenwoordig, in die mees letterlike sin van die woord (p. 15-16. Kyk ook hoofstuk 2, 5.1 hiervan).

Hierdie enige Koning en Here, sê Kuyper, oefen sy heerlike en soewereine gesag regstreeks uit deur sy Woord en Gees. Daar is in die kerk geen ander owerheid as Jesus Christus, die Here en Koning nie. Nóg oordragtelik, nóg by wyse van spreke, mag ooit van iemand gesê word dat die "overhoogheid" oor die kerk van Christus aan hom toekom. Alle gesag wat deur mense in die kerk uitgeoefen word, is daarom altyd bedienend, waarby die uitoefenaar niks is nie en sy Koning alles. Daarom is die uitgeoefende gesag in die kerk heilig (1883, p. 42-43. Kyk hierby ook Van der Linde, 1965, p. 42, 85, 87; J. J. van der Walt, 1976, p. 61-62, 63).

Die absolute gesagsposisie wat Christus in die kerk beklee, sluit ook die *tug-oefening* in. Hy is die absolute Sleuteldraer, dié Een "wat die sleutel van

Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: ..." (Openbaring 3:7). (Visser, 1980, p. 73).

Jansen (1913, p. 30-31, 65, 70-71) sê dat Christus oor die toegang tot die koninkryk van die hemele beslis, wie sal ingaan en wie nie. Hy het dan ook die sleutels van die doderyk en van die dood (Openbaring 1:18). Hy bedien egter sy sleutelmag middellik, deur mense. Hierdie mense mag egter nie die sleutelmag los van Christus bedien nie, want Hy is die absolute Sleuteldraer. Hy is die bron van sowel die apostoliese as die kerklike sleutelmag. As Koning regeer Hy sy kerk self, al bedien Hy Hom daartoe ook van gawes en ampte. Hy is Profeet wat die "potestas docendi" (leermag) ontvang het, Priester wat beskik oor die "potestas misericordiae" (barmhartigheidsmag) en Koning met "potestas gubernationis" (regeermag), waartoe ook die tug ("potestas disciplinae") behoort. Christus regeer as Koning en tug die sondaars deur sy Woord en Gees. In hierdie sin kan dan ook gesê word dat Hy die eintlike en enigste Bedienaar (Subjek) van die tug is (vergelyk Visser, 1980, p. 73).

3. DIE OWERHEID 'N SUBJEK?

Om aan hierdie onderafdeling behoorlik reg te laat geskied, sal breër gewerk word as bloot die *direkte* owerheids-tug oefening. Daar sal ook in 'n mate aandag gegee word aan die *indirekte* optrede van die owerheid, en dan ook soos dit gestalte kry in owerheidsinmenging

in die sake van die kerk. Daarom sal gekyk word na die belangrikste voorbeelde van owerheidsbemoeiing in kerksake.

3.1 'n Universele vraagstuk

Die verhouding tussen owerheid en kerk is inderdaad 'n universele vraagstuk. Oral waar die Christelike godsdiens gevestig geraak het, het hierdie vraagstuk na vore gekom. "As vraagstuk is dit dus net so internasionaal soos die Christendom self" (Jooste, 1946, p. 9).

Van der Linde (1965, p. 169-170) toon aan dat die kerk ná Pinkster onafhanklik van die staat ontwikkel. Gedurende die eerste eeue staan die kerkvaders afwysend teenoor die wêreldlike owerheid. Toe die Christendom egter met die regering van Konstantyn tot oorwinning gekom het, het die kerk homself skielik in 'n bevoorregte posisie bevind. Met Konstantyn het ook die "caeseropapisme" (dat die keiser hoof van die kerk is) wortel geskied. Van Konstantyn af het die owerheid dit meer en meer as sy taak begin beskou om die kerk te regeer. Die ontwikkeling van die verhouding tussen kerk en owerheid loop dan uiteindelik uit op die vestiging van die staatskerk tydens die regering van Theodosius. Die kerk was staatskerk, onderworpe aan die owerheid.

Met die skeiding van die Oosterse en Westerse kerk in 1054 is die oplossing van die probleem van die verhouding tussen kerk en staat in twee rigtings beproef.

In die Oosterse kerk is die "caeseropapie" konsekwent in die staatskerk ontwikkel. Dit het egter nie 'n oplossing van die probleem gebring nie, want die kerk het gekwyn en is tot onvrugbaarheid gedoem. In die Weste weer het die Rooms-Katolisisme met alle mag die idee van die kerkstaat probeer uitwerk. Hier was die gevolg die verkragting van die wese van die kerk. Ook is die kerkstaat se ontwikkeling in bloed geskryf en die kerk kon sy staatsmag nie handhaaf nie (Vorster, 1956, p. 22).

3.2 Reformatoriese kentering

Met die Reformasie van die 16e eeu kom daar 'n kentering in die verhouding tussen owerheid en kerk. Daar is teruggekeer na die Skriftuurlike uitgangspunt van 'n selfstandige kerk teenoor 'n selfstandige owerheid. Die owerheid is nie aan die kerk onderworpe nie en die kerk ook nie aan die owerheid nie. Albei is op eie terrein aan God se Woord onderworpe (Van der Linde, 1965, p. 170; vergelyk Vorster, 1956, p. 22).

H. Bouwman (1928, p. 210, 213) beweer dat die Lutherse kerkregeringstelsel die territoriale stelsel genoem word, omdat die landsowerheid die leiding in die kerk het. Luther self wou aanvanklik ook ouderlinge vir die kerk gehad het om die tug uit te oefen, maar daarvan het nie veel tereggekom nie. Weldra was dit ook vir goed te laat, toe die landsvors as opperbiskop amptelik die hele leiding in die kerk in die hande gekry het. Aan die landsvors is dus die reg toegeken

om oor alle dele van die kerklike lewe, leer, diens en tug te beskik. (Vergelyk hier Van der Linde, 1965, p. 80. Ook Polman, s.j., Vierde Deel, p. 13).

Aarts (1972) maak die stelling dat, volgens Luther, die wêreldlike mag netsoos die geestelike mag 'n goddelike verordening is. Die wêreldlike owerheid meng hom nie met gewetensvrae in nie en hy moet hom nie bemoei met die verhouding van die mens tot God nie (p. 210-211). Die wêreldlike owerheid moet hom ook afhou van vrae wat die geloof en die sedes betref. Omgekeerd moet die "geestelikes" hulle nie met wêreldlike aangeleenthede inlaat nie (p. 251). Wat die sleutelmag betref: daarvan is die kerk die besitter. Daaronder word verstaan die mag om iemand uit die kerk uit te sluit of hom weer daarin op te neem. Hierdie mag word deur bepaalde persone in naam van die kerk uitgeoefen (p. 142).

A. Kuyper (1892, p. 314-318) bespreek die standpunte van Zwingli en Erastus in hierdie verband. Hy wys daarop dat sowel Zwingli as Erastus die stelsel verkondig het dat nie die kerklike ampsdraers nie, maar slegs die owerheid die reg besit om deur uitspraak en tug oor die suiwerheid van belydenis en wandel te waak. (Vergelyk hier ook H. Bouwman, 1928, p. 228-229; Van der Linde, 1965, p. 81).

Volgens Calvyn (1949, Derde Deel, p. 239-240) is daar 'n groot onderskeid en 'n ongelykheid tussen die kerklike en burgerlike mag. Die kerk kan nie doen wat eie is aan die owerheid nie, en die owerheid kan nie

verrig wat aan die kerk opgedra is nie.

Dit is juis die groot verdienste van Calvyn dat hy skerp onderskei het tussen die sfeer van kerk en staat en aan elk 'n eie en selfstandige bestaansreg verleen het. Calvyn was 'n besliste teenstander van owerheidsseggenskap in die kerk en hy het dit afgekeur dat die Duitse vorste hulle 'n reg in die kerk aangematig het wat hulle nie toekom nie. Weens omstandighede kon Calvyn in Genève nie altyd 'n sterk invloed van die owerheid in die kerk teengaan nie. Maar op één punt wou hy die ingryping van die owerheid nie duld nie, en dit is waar dit die handhawing van die tug in die kerk gegeld het (H. Bouwman, 1928, p. 248-251; vergelyk Gassmann, 1968, p. 150-151).

Calvyn het aan die owerheid 'n belangrike taak toegeken ten opsigte van die sorg vir die ware godsdiens. Hy het egter vasgestaan op die beginsel dat die owerheid geen seggenskap in kerklike sake of deel aan die kerkregering het nie (Van der Linde, 1965, p. 174).

A. Kuyper stel dit ondubbelsinnig dat die kerklike gesag selfstandig teenoor die landsowerheid is. Die owerheidsgesag en die kerklike gesag verskil in oorsprong, wese, aard en strekking. Die owerheid mag geen kerklike gesag uitoefen nie, want beide sfeer is onderskeie (1883, p. 47, 56). Die owerheid mis alle reg en seggenskap en gesag in die kerk (1892, p. 322).

Tereg sê Van der Linde dat die owerheid, volgens die Heilige Skrif, geen taak het met betrekking tot die kerkregering nie. Daarin kom die kenmerkende van die presbiteriale kerkregeringstelsel weer eens na vore. Christus is die Koning van sy kerk, en Hy alleen regeer sy kerk, al is dit ook deur die diens van mense. Die ampsdraers moet met heilige ywer waak teen alle pogings tot magmisbruik deur die owerheid (1965, p. 185).

Die Heilige Skrif leer nêrens dat die kerkregering aan die landsowerheid opgedra word nie. Inteendeel blyk uit die Skrif duidelik dat die *sleutelmag* aan die kerk toevertrou is (Matthéüs 16:19; 18:18; Johannes 20:23) en die *swaardmag* aan die owerheid (Romeine 13:4). Christus het ook nie die owerheid aangestel as instrument om sy gesag in die kerk uit te oefen nie, maar die verskillende *amp*te (Visser, 1980, p. 75).

Hoewel dit volgens art. 36 van die Nederlandse Ge-loofsbelydenis mag voorkom asof die owerheid wel seg-genskap in kerksake het, is dit uit die oorspronklike teks tog duidelik dat dit nie die geval is nie.

Die Veertigste Sinode van die G.K.S.A. besluit naam-lik dat die korrekte vertaling van die onderhawige deel van art. 36 soos volg is: "En hulle amp is nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook die hand te hou aan die heilige kerkdienste: om te weer en uit te roei ...". Die kon-sekwensie is dat hierdeur duidelik onderskei word

tussen taak en doel. Eers word dan gestel dat die owerheid tweërlei taak het, naamlik ten opsigte van die burgerlike regering en die kerk. Wat hierop volg is dan die doel van die uitvoering van beide take, 'n doel wat sowel deur die burgerlike regering as deur die heilige kerkdiens nagestreef moet word, maar deur elk uiteraard op sy eie terrein en wyse soos deur die Woord van God geleer (Malan, 1979, p. 478; vergelyk Van der Merwe, 1973, p. 191-192).

Alhoewel daar met die Reformasie, en dan besonderlik die *Calvinistiese* Reformasie, 'n kentering (ten goede) gekom het in die verhouding tussen owerheid en kerk, bly die stryd in hierdie opsig egter voortduur. Selfs ná die Reformasie gebeur dit keer op keer dat die owerheid seggenskap kry in kerklike sake. Soms het dit gebeur met "geforceerde" toestemming van die kerke, weens besondere omstandighede (kyk hiervoor onder andere Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 63, 64, 69, 71, 72: artt. 5, 7, 22, 29, 36 van die Provinsiale Sinode van Dordrecht, 1574; p. 96, 127: art. 4 en partikuliere vraag 2 van die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1578; p. 192, 193, 200: artt. 4, 5, 34 van die Nasionale Sinode van 's Gravenhage, 1586; p. 252: Handeling van die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618-1619, Sessie 156. Kyk ook Jooste, 1946, p. 12-36; Vorster, 1956, p. 22-25; Van der Linde, 1965, p. 175-178).

'n Aantal illustrerende voorbeelde in hierdie opsig sal vervolgens bespreek word.

3.3 Die Leidense stryd

In Leiden het daar 'n twis ontstaan tussen die twee plaaslike predikante, Caspar Coolhaes en Pieter Cornelisz, hoofsaaklik oor die mag van die owerheid in kerklike sake. Die Leidse regering het homself veroorloof om maatreëls te neem waarmee hy sy bevoegdheid oorskry het. Coolhaes het hierdie optrede verdig (Rogge, 1869, p. 152). Volgens M. Bouwman (1944, p. 18) was Coolhaes in die kerkreg 'n Erastiaan, dit wil sê hy wou die kerklike mag in die hande van die owerheid plaas en nie in die hande van die kerklike vergaderings nie.

In April 1579 het daar in Leiden probleme ontstaan, veral oor die verkiesing en afsetting van ouderlinge en diakens. Die Kerkraad het dit aan die magistraat ter oorweging voorgelê of dit nie goed sou wees om aan drie van die twaalf ouderlinge 'n vaste toelae te gee sodat hulle in die diens sou bly en met groter ywer met die predikante sou saamwerk nie. Hierdie voorstel is met 'n ordonnansie vasgestel, maar terselfdertyd ook so breed verander dat die magistraat voortaan die helfte van die ouderlinge en diakens uit 'n dubbele getal sou kies. Bowendien sou twee uit die Raad, wat belydenis van die geloof gedoen het, op alle kerkraadsvergaderinge teenwoordig wees om namens die owerheid in die vergadering die leiding te neem en toesig te hou (Hooijer, 1865, p. 188).

Hooijer beskryf dan verder (1865, p. 188) hoe dat Coolhaes met hierdie bepalings tevrede was, maar

Cornelisz en die res van die Kerkraad nie. Hulle deel hul besware mondeling en skriftelik aan die magistraat mee. Dit loop daarop uit dat, op een uitsondering ná, al die ouderlinge en diakens gesamentlik deur die magistraat uit hulle diens ontslaan is. Onder leiding van die magistraat en Coolhaes word nuwe ampsdraers gekies. Terselfdertyd is Joannes Hallius aan die gemeente as predikant voorgestel.

Die ou Kerkraad het hom daarop na die prins gewend, wat die magistraat van Leiden dadelik vermaan het om alles te laat soos dit tot op daardie stadium was. Die magistraat het egter na geen raad geluister nie, maar al verder gegaan en met advies van die nuwe Kerkraad Pieter Cornelisz as predikant afgesit (Hooijer, 1865, p. 189).

In Januarie 1580 gee Coolhaes 'n boek uit wat sy "Apologie" bevat en waarin hy baie strafbare dinge geskryf het oor die leer, dissipline en ander sake. Hy beland ook in 'n twis met sy medeleraar, Lucas Hespe. Die gevolg is dat die State van Holland en die prins besluit dat Coolhaes en Hespe albei in hul diens geskors sou word totdat 'n nasionale sinode byeenkom (Hooijer, 1865, p. 191).

Terwyl daar op kerklike vlak aan hierdie saak aandag gegee is, het die State egter besluit om 'n kommissie uit hul midde te benoem om behoorlik van die saak van Coolhaes kennis te neem. Hulle verklaar in 'n akte van 4 Desember 1581 dat die "kerklikes" met die sensuur teen Coolhaes mag voortgaan as hulle bevind

dat hulle dit volgens Gods Woord behoort te doen. Die State het ook besluit dat Coolhaes voortaan nie meer, heimlik of in die openbaar, mag preek nie en dat hy ook geen geskifte meer mag uitgee nie (Hooijer, 1865, p. 225-226).

In 1582 is Coolhaes geëkskommuniseer. Die magistraat van Leiden het egter verhinder dat die vonnis in Leiden voltrek word (M. Bouwman, 1944, p. 18).

3.4 Die "Algemeen Reglement ..." van 1816

'n Verdere voorbeeld in hierdie stryd tussen kerk en owerheid is die bekende "Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden" wat in 1816 aan die kerke opgelê is.

In die jaar 1795, wanneer die leërs van Napoleon Nederland binnetrek, begin daar 'n proses wat in Augustus 1796 uitloop op die volgende besluit van die Nasionale Vergadering: "Er kan of zal geen bevoorrechte noch heerschende kerk in Nederland meer geduld worden. (Van Loon, 1942, p. 22; Spoelstra, 1966, p. 30; Berkhof, 1950, p. 259).

Napoleon word egter in 1815 verslaan en koning Willem I het na Nederland teruggekeer (Berkhof, 1950, p. 260; Spoelstra, 1966, p. 30).

H. Bouwman (1928, p. 312) maak die bewering dat koning Willem I die Gereformeerde Kerke wou liberaliseer, en daartoe het hy die "Algemeen Reglement ..." laat

ontwerp.

Die man wat beskou word as koning Willem I se grootste steun in die daarstelling van die Reglement van 1816, is Jacobus Didericus Janssen, "kommissaris vir die kerklike sake" en later "sekretaris en adviseur". Van Loon noem hom die man wat die grootste invloed gehad het op die deformasie van die kerk in 1816 en 'n prominente verteenwoordiger van die Kollegialisme (1942, p. 42, 44).

Die Raad van State stel aan die koning voor dat 'n konsulerende kommissie uit 'n aantal besondere verligte leraars en ander kundige lidmate van die kerk benoem word, wat die regering kon voorlig. Die koning het hierdie advies van die Raad van State aanvaar en 'n konsulerende kommissie benoem. Tog is dit weer Janssen, in medewerking met 'n aantal ander persone wat 'n deurslaggewende rol speel. Hy stel 'n "Schets van een Ontwerp van Organisatie der Hervormde Kerk" op wat baie na die uiteindelijke Reglement lyk. Dit vorm die basis van die konsep wat die Staatssekretaris vir Binnelandse Sake, Roëll, aanvaar het en aan die konsulerende kommissie gestuur het (Kleyn, 1888, p. 124-125; Van Loon, 1942, p. 89-90. Vir die skets wat deur Janssen opgestel is, kyk Van Loon, 1942, p. 90-111).

Kleyn (1888, p. 125) maak die belangrike bewering dat die oordeel van die Kerk op hierdie Reglement nie gevra is nie. Dit het sonder medewerking van die

Kerk tot stand gekom.

Ook Lohman en Rutgers (1887, p. 103) beweer dat die kommissie wat met die samestelling van die Reglement belas is, geen *kerklike* kommissie was nie. Oor die Reglement is nooit enige kerklike liggaam deur die owerheid geraadpleeg nie. Die lede van die kommissie is sonder medewete van die Kerk met 'n geheime besluit aangestel. Die uitvoering word dan ook glad nie aan die Kerk opgedra nie, maar aan die Kommissaris-Generaal belas met die sake van die Hervormde Kerk.

Op 4 November 1815 stel die kommissie die Reglement vas (Van Loon, 1942, p. 149). Op 7 Januarie 1816 het koning Willem I die "Algemeen Reglement ..." geteken en afgekondig (Van Loon, 1942, p. 153; Lohman en Rutgers, 1887, p. 89).

Verskeie besware, onder andere van Klassis Amsterdam, word teen die Reglement ingedien, maar sonder sukses (kyk onder andere Lohman en Rutgers, 1887, p. 103-104; Kleyn, 1888, p. 127; Van Loon, 1942, p. 145).

Kleyn (1888) maak die twyfelagtige stelling dat as die Klassis Amsterdam in sy beswaar die reg van die Kerk kloekmoedig gehandhaaf het en as die ander klassisse hulle daarby aangesluit het, sou die koning die organisasie van 1816 tersyde moes stel. Tog moes die koning liever na die besware geluister het en van die kerklike vergaderings 'n nuwe kerkorde gevra het (p. 128-129). Hoewel die Kerk die organisasie van 1816 nie offisieël aangeneem het nie, was daar volgens

Kleyn tog geen rede om die organisasie, weens die inhoud daarvan, kortaf te weier nie (p. 126).

Op die belangrike vraag of hierdie Reglement wettig was, antwoord Kleyn dat die wettigheid daarvan in 'n sekere sin nie bestry kan word nie. Dit het die koning naamlik vrygestaan om die verhouding van kerk en staat te reël (1888, p. 125).

Lohman en Rutgers (1887) toon egter duidelik aan dat die Reglement onwettig was omdat die Grondwet van 1815 nie aan die koning so 'n reg toegeken het nie. Verder is die reg om kerke te organiseer of te bestuur ook nie 'n intrinsieke deel van die owerheidsmag in die algemeen nie (p. 95). "Vandag" is daar geen regsgeleerde van naam, sê Lohman en Rutgers, wat die bevoegdheid van die koning, om die Hervormde Kerk te organiseer en te bestuur, nog verdedig nie (p. 96, 100). Spoelstra (1966) wys daarop dat die koning in die Grondwet van 1815 nie die reg in die kerk ("jus in sacra") ontvang het nie, maar slegs 'n bevoegdheid ("jus circa sacra") om daarteen te waak dat die belange van die staat deur godsdienstige gesindhede bedreig sou word (p. 30).

Deur hierdie Reglement het die koning feitlik die hoof van die Kerk geword. Die Kerk is direk aan 'n Ministeriële Departement vir erediens verbind (Spoelstra, 1966, p. 30-31).

Van Loon (1942, p. 224-226) wys op die volgende bepa-

lings waaruit die seggenskap van die koning in kerklike sake duidelik blyk:

- liefde vir die koning is die een hoofdoel van almal wat in onderskeie betrekkinge met die kerklike bestuur belas is (art. 9);
- geen korrespondensie met buitelandse kerke mag aangegaan word sonder toestemming van die koning nie (art. 12);
- veranderinge in die Reglement mag slegs deur die koning gemaak word (art. 15);
- die koning benoem die lede van die eerste sinode (art. 17), die sekretaris van die sinode en sy sekundus (art. 19), die lede van die Provinsiale Kerkbestuur (art. 32), die voorsitter en sekretaris van die Provinsiale Kerkbestuur (artt. 37 en 38), die skriba van die Klassikale Kerkbestuur (art. 57) en die gekommiteerdes vir die Klassikale Kerkbestuur en die Waalse Kerke (artt. 58 en 70);
- 'n verteenwoordiger van die koning moet die sinodes bywoon (art. 18);
- die vergadertyd van die sinode mag nie verander word sonder toestemming van die koning nie (art. 20);
- die algemene kerklike reglemente moet deur die koning goedgekeur word (art. 23). (Vergelyk hier Kleyn, 1888, p. 131).

Die verskillende *kerklike* besture was dus in werklikheid *koninklike* besture wat oor die kerk geheers het. Lohman en Rutgers (1887, p. 91) sê dan ook tereg dat alle kerke nou onderworpe is aan die wil van 'n kollege wat deur die koning benoem is (vergelyk ook p. 105, 110).

In praktyk is die kerk verlaag tot 'n blote staatsdepartement waaroor die *koning* seggenskap gehad het, al was dit dan ook instrumenteel deur middel van die verskillende "kerklike" besture.

Talle voorbeelde van wederregtelike owerheidsoptrede in die kerk, onder dekking van hierdie onwettige Reglement van 1816, word gegee deur onder andere Rullmann, 1929, p. 123 e.v.; 1930, p. 12 e.v., 136 e.v., 160 e.v.; Bos, 1939, p. 60, 74-111 en verskeie ander plekke; 1940, p. 20-21).

Ook word verskeie gevalle bespreek waar tug oor ampsdraers deur hierdie besture uitgeoefen is. In die lig van wat hierbo gesê is, kan hierdie tughandelinge dus beskou word as tug deur die owerheid, al is dit dan ook indirek. Want die "*kerklike*" besture was instrumente van die *owerheid*.

Omdat behandeling van al die tugsake kragtens die Reglement van 1816 te veel ruimte in beslag sal neem en ook geen besondere doel vir hierdie studie sal dien nie, word slegs aandag gegee aan die tug wat op ds. H. de Cock toegepas is. Vir die tugaksies teen Scholte, Brummelkamp, Van Velzen en Gezelle

Meerburg word onder meer verwys na Rullmann, 1930, p. 92-93; 118-128; 128-135; 135-143).

3.5 Ds. Hendrik de Cock

Ds. Hendrik de Cock word predikant te Ulrum op 29 Oktober 1829. As gevolg van sy opvoeding was hy die liberale beginsels toegedaan. Hy kom egter tot ander insigte, met die gevolg dat talle mense van naburige gemeentes na sy seënryke prediking kom luister (Rullman, 1930, p. 40-41).

’n Lidmaat van ’n naburige gemeente versoek De Cock om sy seuntjie, van ongeveer 3 of 4 jaar oud, te Ulrum te doop. In daardie tyd was daar verskeie ongedoopte kinders in verskillende gemeentes. Die ouers het naamlik beswaar gehad om op die tweede doopvraag bevestigend te antwoord, as gevolg van die dwaalleer van die betrokke predikante. Die Kerkraad van Ulrum besluit ná lang aarseling om kinders uit ander gemeentes tot die Heilige Doop toe te laat, veral op aandrang van die ouers. In 1833 doop De Cock minstens 17 kinders van gelowiges wat in hul tuisgemeentes onregsinnige predikante gehad het (Rullmann, 1930, p. 49-51; Keizer, 1934, p. 280).

Oppervlakkig beskou sou hierdie optrede van die Kerkraad van Ulrum en De Cock bestempel kon word as kerkregtelik verkeerd en ’n aantasting van die kerkverband.

As die dieper-liggende agtergrond van hierdie kwes-sie egter ontleed en oorweeg word, kan met reg be-weer word dat die kerkverband nie primêr deur De Cock en die Kerkraad van Ulrum aangetas is deur die doop van kinders uit ander gemeentes nie. Primêr is die kerkverband "de jure" verbreek deur daardie pre-dikante wat die Belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap aangetas het, deur hulle ketterye en leer-vryheid, en deur die Kerkrade wat daardie leervryheid tugteloos toegelaat het.

Schilder (1934, p. 72-73) merk op dat agter hierdie doopkwessie die besware van die volk teen die dubbel-sinnigheid van daardie tyd lê. Die Sinode was daar-voor doof. Die doopouers het gesug onder die botsing van pligte wat deur die ongehinderde leuen-prediking in die Kerk op hulle, as vrye lede van Christus se liggaam, gelê is. Dit was eenvoudige mense wat geen tyd en geen pen gehad het om hulle klagte in 'n "memorie" op te skryf nie. Hulle het hulle klagte rugbaar gemaak deur hulle kinders na De Cock te bring om gedoop te word.

Grosheide wys daarop dat ons nie die optrede in daar-die tyd kan gaan meet met die maatstaf wat vandag tot ons beskikking is, maar nie tot beskikking van ons vaders was nie. Die optrede van De Cock en die Kerk+raad van Ulrum kan slegs waardeur word teen die agter-grond van daardie tyd (1934, p. 130).

Volgens Rullmann (1930, p. 51) was die optrede van De Cock en die Kerkraad van Ulrum kerkregtelik nie

suiwer nie. Maar, sê hy, die kerkregtelike beginsels was daardie tyd seek. Keizer (1934, p. 300) sluit hierby aan en sê dat by abnormale omstandighede nie normaal gehandel kan word nie.

Hier moet ook nog onderskeid gemaak word tussen die "jus constitutum" (dit is die reg wat prakties geld en toegepas word) en die "jus constituendum" (dit is die reg soos dit behoort te wees, soos Christus dit gegee het). Die "jus constitutum" kan feilbaar wees, maar die "jus constituendum" nie (H. Bouwman, 1928, p. 2). Toegepas op die omstandighede van 1833/34 merk Schilder op dat daar niemand was wat nie met sommige bepalinge of uitsprake in die "jus constitutum" in stryd gekom het nie (1934, p. 67).

Teen die einde van 1833 word verskeie aanklagte teen De Cock by die Klassikale Bestuur van Middelstum ingedien (Rullman, 1930, p. 52, 55; Keizer, 1934, p. 301; Bos, 1939, p. 236). De Cock word gedaag om Donderdag 19 Desember 1833 in die Sylvesterhuis te Onderdendam te verskyn, in verband met die aanklagte (Rullmann, 1930, p. 55; Keizer, 1934, p. 309).

Tydens die "verhoor" word De Cock gevra of hy die skrywer was van die werkie teen die here Brouwer en Reddingius en of hy dit sal herroep (Rullmann, 1930, p. 56). De Cock het naamlik teen hierdie twee afwykende predikante se dwalinge 'n brosjure geskryf, wat op 15 November 1833 verskyn het (Rullmann, 1930, p. 45-46). Geen klag oor hierdie brosjure van De

Cock is by die klassikale bestuur ingedien nie. Dit is dus totaal wederregtelik ter tafel geneem en De Cock het geen geleentheid gehad om homself te verdedig nie (Rullmann, 1930, p. 56).

Dieselfde dag word De Cock vir 'n onbepaalde tyd geskors met behoud van traktement (Rullmann, 1930, p. 57).

De Cock protesteer by die Provinsiale Kerkbestuur van Groningen teen die uitspraak van die Klassikale bestuur. Op 1 April 1834 bekragtig die Provinsiale Kerkbestuur die skorsingsvonnis, weer op grond van De Cock se brosjure teen Brouwer en Reddingius. Die straf word selfs verswaar, deurdat De Cock nou vir 2 jaar geskors word, met algehele verlies van traktement en betaling van alle koste van die geding (Rullmann, 1930, p. 68; vergelyk Keizer, 1934, p. 378).

By dieselfde Provinsiale Kerkbestuur word 'n beswaar teen De Cock ingebring omdat hy die boekie van Jacobus Klok, teen die Evangeliese Gesange, van 'n voorwoord voorsien en in druk uitgegee het (Rullmann, 1930, p. 67). In dieselfde maand waarin hy die skorsingsvonnis van die Provinsiale Kerkbestuur ontvang het, word hy voor daardie Bestuur geroep om hom te verantwoord oor genoemde beswaar. Op 29 Mei word De Cock, sonder nadere verhoor of ondersoek, uit sy amp afgesit omdat hy die boekie van Klok uitgegee het en geweier het om dit te herroep (Rullmann, 1930, p. 74-76; kyk ook Keizer, 1934, p. 408).

De Cock beroep hom op die Algemene Sinode, wat sy vonnis ongeldig verklaar en hom 6 maande tyd gee om sy berou te laat blyk. Eers by gebrek aan berou-betoning en nā verloop van genoemde tyd sal die Provinsiale Kerkbestuur gemagtig wees om hom heeltemal uit sy diens as predikant af te sit. Deur die Provinsiale Kerkbestuur word 'n formulier aan hom voorgelê vir ondertekening. Daarin moet hy berou betoon omdat hy die orde versteur het met die uitgawe van Klok se boekie. Hy moet ook onderneem dat hy hom voortaan stigtelik sal gedra volgens al die bestaande kerklike reglemente en verordeninge. De Cock weier om die formulier te onderteken, met die gevolg dat die afsettingsvonnis finaal in werking tree (Rullmann, 1930, p. 78-82; Keizer, 1934, p. 476-477; 503).

De Cock besef dat die tyd aangebreek het om die Kerkbestuur te verwerp. Hy het seker geweet dat sy afsetting in Januarie 1835 sou volg. Op 13 Oktober 1834 deel hy die Kerkraad mee dat hy besluit het om hom af te skei van die Bestuur van die Nederlandse Hervormde Kerk en om teenoor daardie Bestuur met die uitoefening van sy bediening voort te gaan. Die Kerkraad onderteken eenparig 'n "Acte van Afscheiding of Wederkeering." (Rullmann, 1930, p. 87-88).

Voordat hierdie onderafdeling afgesluit word, moet nog daarop gewys word dat die oorspronklike klagte teen De Cock nie by die Klassikale Bestuur van Middelstum ingedien moes gewees het nie, maar by die Kerkraad van Ulrum. (Hierdie beginsel sal egter breedvoerig behandel word in hoofstuk 6).

Die aandag moet ook daarop gevestig word dat die Klassikale Bestuur van Middelstum se vonnis oor De Cock formeel onwettig was. Artikel 14 van die "Reglement van Opzicht en Tucht" vereis naamlik dat daar in so 'n geval twee-derdes van die lede van die vergadering teenwoordig moet wees. De Cock is egter gevonnissen deur 'n vergadering waarvan slegs vyf uit nege lede teenwoordig was (Rullmann, 1930, p. 57; Keizer, 1934, p. 311-312; Bos, 1939, p. 269-271).

Dit is baie duidelik dat daar in hierdie "proses" teen De Cock geen sprake is van kerklike sake wat op 'n *kerklike* wyse behandel is nie (art. 30 K.O.). Die beginsels wat in art. 79 K.O. beliggaam is (ook art. 79 van die Dordtse Kerkorde), is nêrens in ag geneem nie. Die handelwyse van die betrokke Besture kan eerder bestempel word as die optrede van 'n burokratiese staatsmasjinerie wat selfs nie eens normale, algemene regsbeginsels gerespekteer het nie.

Van Christus, as Hoof van die kerk (kyk punt 2 van hierdie hoofstuk) en van die kerk, as eiendom van Christus (art. 1 K.O.) was hier feitlik geen sprake nie. Ook kan die lede van die verskillende Besture kwalik dienaars van Christus en dienste in die Kerk genoem word (art. 2 K.O.), omdat hulle aangestelde verteenwoordigers en werktuie van die koning was.

Só is die regering van Christus in die Nederlandse Hervormde Kerk van 1816 en daarna verdring deur die heerskappy van die koning en sy sogenaamde "kerklike"

Besture, terwyl die Woord van die Here tot 'n groot mate opsygeskuif is deur menslike reglemente en verordeninge.

3.6 Die posisie in die Kaap, 1652-1843

In die jaar 1602 verenig die verskillende handelsmaatskappye, wat met die ooste handel gedryf het, tot een "Verenigde Oost-Indische Compagnie" (V.O.C.). Kragtens die eerste oktrooi is 'n sentrale bestuur, bestaande uit sewentien lede (die Here XVII), in die lewe geroep. Toe Jan van Riebeeck op 24 Desember 1651 na die Kaap vertrek het, was dit ook die bedoeling van die V.O.C. om "Godes Kerk" aldaar op te bou. Die kerk aan die Kaap is in daardie beginjare feitlik tot dienaar van die V.O.C. verlaag. In die eerste eeu en 'n kwart is slegs die Gereformeerde Kerk aan die Kaap toegelaat (Vorster, 1956, p. 12, 18).

Met sy stigting is die V.O.C. met al die regte en bevoegdhede van 'n soewereine staat toegerus, met die voorbehoud dat hy vir sy beleid aan die State-Generaal verantwoording verskuldig was. Die State-Generaal het in sy oktrooi van 20 Maart 1602 soewereine regte aan die V.O.C. oorgedra, sodat hy as 'n staat opgetree het (Vorster, 1956, p. 21, 25).

As militêre- en verversingspos van die V.O.C. het die Kaap onder die bestuur van die bewindhebbers van die V.O.C. geval (Vorster, 1956, p. 35).

Kommandeur Jan van Riebeeck is bygestaan deur 'n Raad, wat met verloop van jare "De Politieke Raad" genoem is (Jooste, 1946, p. 38).

Staatkundig en kerklik is die Kaap egter deur die V.O.C. as 'n onderdeel van Nederlands-Indië beskou en behandel. Gevolglik het die Kaap ook onder die jurisdiksie van die Hoë Regering gestaan. As gevolg van die feit dat die Kaap op die seeweg na Indië gelê het, het die Politieke Raad hoe langer hoe meer direk met die Here XVII self in verbinding gestaan. Byna alle sake, van die aansoek van 'n predikant om ontslag uit die diens, tot sulke gewigtige sake soos 'n kerkorde vir die kerk, is vir uitsluitel en instruksie na die Here XVII verwys (Vorster, 1956, p. 35, 37).

Die owerheid waarmee die Kaapse Kerk direk te doen gehad het, was dus die Politieke Raad aan die Kaap. Die Politieke Raad was die draer van die gesag van die V.O.C. wat met soewereine mag toegerus was. Alle besluite van die Kerk moes eers aan die Politieke Raad vir goedkeuring voorgelê word. Die patronaatsreg van die V.O.C. is streng toegepas en gehandhaaf. Die owerheid het die predikante betaal, het hulle geplaas en verplaas, kon hulle diens beëindig en hulle selfs sonder opgaaf van redes terugroep (Vorster, 1956, p. 37-39; kyk ook Jooste, 1946, p. 67).

Soms het die owerheid in so 'n suiwer kerklike aangeleentheid soos die tug ingegryp. Toe ds. J. W.

Hertzogenrath hom sy amp onwaardig gedra het, het die Politieke Raad hom self gestraf en hom voor die Kerkraad 'n belofte laat aflê dat hy ooreenkomstig sy amp sou leef en handel (Vorster, 1956, p. 41-42; kyk ook p. 133).

Vorster wys daarop dat die tug vir die kerke 'n diep geestelike saak was. "Tog kon die Kerk nie aan die nadelige gevolge van sy noue verbintenis met die staat ontkom nie. Nêrens blyk dit so duidelik as juis in verband met die dissipline in die Kerk nie, waar die geestelike tug oefening dikwels in burgerlike straf verander is of daardeur vervang is." (1956, p. 130). In sommige gevalle het die Politieke Raad ingegryp en die tug opgehef (p. 132). In die meeste gevalle het die Kerkraad self nie die sensuur sy loop laat neem nie, maar die hulp en tussenkoms van die owerheid ingeroep (p. 133). Vorster noem enkele voorbeelde en sê dan dat dit duidelik aantoon "dat die Kerk nie aan die invloed van die staatsoorheersing ontkom het nie. Hulle het hulle nie teen die strenge handhawing van die patronaatsreg deur die Kompanjie verset nie, maar dankbaar van die hulp van die Staat gebruik gemaak om die kwaad te bestry." (p. 133).

Waar predikante staatsdienaars was, is die gang van die kerklike tug oor hulle nog meer of heeltemal verhinder. In die geval van ds. Cloppenburg het die Kerkraad van die Kaap, met die oud-leraar Le Seur en ds. Meyring van Waveren, die saak verhoor en skorsing tot nadere ondersoek by die Politieke Raad

aanbeveel. Die Politieke Raad het self verdere ondersoek ingestel en hom na die Vaderland teruggestuur (Vorster, 1956, p. 133; vergelyk Jooste, 1946, p. 68).

In 1795 kom daar groot veranderings in die Kaap as gevolg van die gebeurtenisse in Nederland. Die Franse leërs trek in 1795 Nederland binne, en nadat Prins Willem V na Engeland gevlug het, word die Republiek van die Verenigde Nederlande vervang deur die sogenaamde Bataafse Republiek (Jooste, 1946, p. 79-80).

Die prins versoek Engeland om die Kaap vir hom te beskerm en op 16 September 1795 is die Kaap oorgegee aan die Engelse. Hiermee kom die gesag van die V.O.C. in die Kaap tot 'n einde (Jooste, 1946, p. 81).

Met die Vrede van Amiens in 1802 is die Kaap weer teruggegee aan die Bataafse Republiek. As Kommissaris-Generaal word J. A. de Mist na die Kaap gestuur om die sake aldaar in orde te kry (Jooste, s.j., p. 17; vergelyk 1946, p. 82-83).

Landwehr (1924, Vierde Gedeelte, p. 124) verklaar dat De Mist geen Calvinis was nie, maar "een kweekeling der Revolutie" (vergelijk Jooste, 1946, p. 82; s.j., p. 17).

In 1804 lê De Mist aan die Kerke in die Kaap sy sogenaamde "Kerkorde" op. Jooste (1946, p. 90) sê hiervan die volgende: "Daardeur het die Kerke in die

Kolonie te staan gekom voor die feit dat hulle 'n Kerkorde of Kerkreglement moes ontvang wat opgestel was deur 'n staatsman van liberale beginsels, ... Die Kerke as sodanig is dus nie geraadpleeg nie, ..."

Die oplaê van 'n Kerkorde deur die Regering aan die Kerk, waaroor hy hom nie kon uitspreek nie, was heeltemal in stryd met die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg, en het die Kerk nog meer afhanklik van die Staat gemaak as ooit tevore (Moorrees, 1937, p. 457). (Vir die inhoud van hierdie "Kerkorde", kyk Jooste, 1946, p. 93-107).

Volgens hierdie "Kerkorde" het die regering die reg gehad om dadelik teen die predikante op te tree ten opsigte van die uitwerking van die leer wat hulle aan die volk verkondig, sonder dat daar vooraf deur middel van die kerkraad of Besture gehandel is. "Neem ons verder in aanmerking dat die Staat die predikante aangestel (art. 22) en ook besoldig het, dan kan veilig beweer word dat daar ten opsigte van die predikante nie veel onderskeid was tussen die oue en die nuwe reëling nie. Dit het dan ook later geblyk dat die Britse goewerneurs, kragtens die Kerkorde, predikante onder sensuur geplaas en ander gesuspendeer het."(Jooste, 1946, p. 101).

Vir twintig jaar lank het die gemeentes hierdie "Kerkorde" van De Mist gehad. Die gebreke daarin het toe al herhaaldelik geblyk (Jooste, 1946, p. 136).

In 1824 word die eerste sinode in die Kaap gehou. Die voorsitter van die Sinode, ds. J. C. Berrangé, sê in sy openingsrede onder meer dat die Sinode hom sal besig hou met die nodige wysigings, veranderings, verbeterings en vermeerderings van die heersende Kerkorde, ooreenkomstig die behoeftes van tyd en plek (Jooste, 1946, p. 134, 136).

Ongelukkig keer hierdie Sinode nie terug na die Dordtse Kerkorde nie. Dit stel inteendeel 'n Reglement op waarvan die grondslag gevorm is deur die "Algemeen Reglement voor het Bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkryk der Nederlanden" van 1816 (Jooste, 1946, p. 140).

Jooste toon dan ook aan hoe die seggenskap van die owerheid in die sake van die Kerk in verskeie opsigte, ook in tugsake, in hierdie Reglement gehandhaaf word (1946, p. 142-150. Kyk ook Kleynhans, 1974, p. 270).

Aangesien die "Kerkorde" van De Mist egter nog steeds "die wettige en algemeen geldende kode van die Hervormde gemeentes aan die Kaap was" (Jooste, 1946, p. 141), besluit die Sinode dat die Reglement slegs as modifikasies en byvoegsels beskou sal word (Jooste, 1946, p. 142).

Eers deur die bekende Ordonnansie 7 van 1843, wat egter as Ordonnansie 2 van 1851 offisieël van krag geword het, is die ou verhouding van Kerk en Staat grotendeels gewysig (Jooste, 1946, p. 205). In som-

mige opsigte, egter, het die owerheid selfs kragtens hierdie Ordonnansie nog tot 'n mate seggenskap in kerklike sake behou (kyk Jooste, 1946, p. 205 e.v.).

3.7 Die Shand-saak

Ds. R. Shand was een van die Skotse predikante wat, volgens die plan van lord Charles Somerset, na die Kaap gekom het om diens te doen in die Hervormde Kerk. Op 1 November 1835 is hy te Tulbach as predikant bevestig (Jooste, 1946, p. 151; Moorrees, 1937, p. 629).

Ds. Shand weier om kinders te doop van ouers wat, hoewel onbesproke van wandel, nie kon verklaar dat hulle bekeerd was nie. Hy weier ook om nagmaal te bedien aan diegene wat nie in 'n godsalige lewe wandel nie (Moorrees, 1937, p. 630).

Toe Shand weier om die kind van 'n sekere Conradie te doop, omdat Conradie op Sondag rondry, word hy by die aktuaris van die Kerk en by die goewerneur aangekla. Shand skryf op 16 Desember 1835 aan die sekretaris van die goewerment dat hy nie die goewerneur as regter kan erken nie, omdat die owerheid geen regsbevoegdheid in suiwer kerklike sake het nie (Jooste, 1946, p. 151-152; Moorrees, 1937, p. 630).

Shand word op 14 Maart 1836 deur die Ring tydelik geskors. Die goewerneur keur die skorsing goed en stel ds. H. A. Moorrees as tydelike predikant van Tulbach aan, sonder medewete van die voorsitter van

die Ring van Swellendam (Jooste, 1946, p. 152; Moorrees, 1937, p. 631).

In Oktober van dieselfde jaar word Shand vir 'n tweede keer deur die Ring geskors, omdat hy geweier het om op vrae in verband met die klagtes teen hom te antwoord. Ook hierdie skorsing word deur die goewerneur goedgekeur (Jooste, 1946, p. 152-153).

Die Ring vra 'n spesiale sitting van die Sinode aan, wat in Oktober 1837 vergader. Ds. Shand maak beswaar teen die sittingsreg van ds. Moorrees as afgevaardigde van Tulbach. Die goewerneur beslis egter dat ds. Moorrees, as tydelike predikant van Tulbach, geregtig is op sitting en stemreg in die Sinode. Die Sinode moes daarvoor swig (Jooste, 1946, p. 153; Moorrees, 1937, p. 635).

Die Sinode besluit om Shand te skors, totdat hy gewillig sou wees om die sakramente aan alle ongesensureerde lidmate te bedien en ooreenkomstig die Sinode in Suid-Afrika te handel (Jooste, 1946, p. 153-154).

Dit kom voor of Shand tot ander insigte gekom het. Elf dae later lees die voorsitter 'n brief van ds. Shand waarin hy hom bereid verklaar om die sakramente te bedien aan onbesproke of ongesensureerde lidmate. Daarom besluit die vergadering om hom weer as leraar van Tulbach te herstel. Die afgevaardigde ouderling van Tulbach maak egter namens die Kerkraad en Gemeente daarteen beswaar. Die

goewerneur besluit egter om die hele saak na lord Glenelg, Koloniale Sekretaris in Londen, te verwys. Hy besluit ook om die skorsing van ds. Shand te laat voortduur totdat die besluit van die Koningin hieromtrent verneem is (Moorrees, 1937, p. 648-649; vergelyk Jooste, 1946, p. 154).

Hierop het ds. Shand geantwoord dat hy die reg van die goewerneur in kerklike sake beslis ontken (Jooste, 1946, p. 154).

Die "Committee of the General Assembly of the Church of Scotland for Colonial Churches" het ds. Shand gelyk gegee. Op 7 Desember 1838 word ds. A. Faure in kennis gestel dat die skorsing van ds. Shand opgehef is en dat hy dus weer predikant van Tulbach was (Jooste, 1946, p. 154; Moorrees, 1937, p. 650-651).

Moorrees (1937, p. 651-691) wys daarop dat die "Committee ..." van oordeel was dat dit in belang van die godsdienst sou wees as ds. Shand op gesag van die kerklike besture na 'n ander standplaas verplaas kon word. Klaarblyklik is dit nie gedoen nie. Die gevolg was dat daar soveel onsmaaklikhede in Tulbach ontstaan het, dat dit in 1843 op 'n afskeiding uitgesloop het, wat eers in 1894 weer geheel is.

Die feit dat die Sinode besluit het om ds. Shand weer as leraar te herstel, is reeds gemeld. Die standpunt van die goewerneur oor hierdie besluit was egter dat die Sinode sy magte oorskry het en slegs 'n

aanbeveling in hierdie verband aan hom moes doen. Hy skryf selfs aan die Sinode voor watter prosedure gevolg moet word (Jooste, 1946, p. 157-158).

Dit was dus 'n groot vernedering vir die Sinode. Erger was egter die feit dat die Sinode hierdie vernedering gewillig ondergaan het (Jooste, 1946, p. 158, 159) en maar gedwee berus het in die goewerneur se besluit, om die hele saak na die koloniale sekretaris in Londen te verwys en die skorsing van ds. Shand intussen te laat voortduur. Op hierdie laasgenoemde verwikkeling is reeds eerder gewys.

Die optrede van die owerheid in hierdie saak van ds. Shand kom dus neer op 'n brutale verdringing van die gesag van Jesus Christus as Hoof van sy kerk. Jesus Christus, as die absolute Subjek van die kerklike tug, ook oor ampsdraers, is hier eenvoudig deur die goewerneur verdring. Die kerklike vergaderings, asook die ampsdraers as instrumente van Christus, is eenvoudig verlaag tot dienaars van die goewerneur.

Die feit dat die Sinode en die plaaslike kerke hierdie toestand maar dadeloos aanvaar en daarin berus het, was 'n sonde voor die HERE en 'n verloëning van die absolute gesag van Christus in sy kerk!

Dit was nie die *Sinode* wat, soos die goewerneur beweer het, sy magte oorskry het nie, maar die *goewerneur* het sy bevoegdheid oorskry deur homself te beskou as hoof van die kerk.

Tereg maak Jooste die bewering dat die goewerneur homself, as verteenwoordiger van die koningin aan die Kaap, nie slegs as hoogste kerkmeester beskou het nie, maar ook as 'n "Summus Episcopus" (hoogste bis-kop), met die reg om die sinodebesluite te keur en sodoende toe te laat wat hy verkies en af te keur wat hy nie as wenslik beskou het nie (1946, p. 165; kyk ook p. 170).

Dit is dus verkwikkend om te lees wat ds. Shand op 15 Januarie 1838 aan kolonel Bell, die sekretaris van die goewerment, skrywe. Duidelik en reguit en vreesloos laat hy die goewerneur verstaan dat hy geen mag het om hom as predikant van Tulbach te skors nie, omdat die Sinode sy skorsing opgehef het. Hy protesteer ook baie ernstig teen die goewerneur se inmenging in die sake van die Kerk van Tulbach, vanaf sy skorsing "to this day" (Jooste, 1946, p. 160).

Hiervan sê Jooste tereg: "Ons kan die brief byna bestempel as die keerpunt in die toestand van onder-horigheid van die Kerk aan die goewerneur." (1946, p. 160).

3.8 Konklusies

Uit die voorgaande kan nou 'n aantal konklusies gemaak word.

- Die verhouding tussen owerheid en kerk is 'n universele vraagstuk vandat die Nuwe-Testamen-

tiese kerk tot stand gekom het en oral waar die kerk gevestig geraak het.

- Met die Reformasie van die 16e eeu kom daar 'n kentering in die verhouding tussen owerheid en kerk. Daar word teruggekeer na die skriftuurlike uitgangspunt van 'n selfstandige kerk teenoor 'n selfstandige owerheid. Dit is veral die groot verdienste van Calvin dat hy skerp onderskei het tussen die sfeer van kerk en staat. Hy het aan elkeen 'n eie en selfstandige bestaansreg verleen en hy was 'n besliste teenstander van owerheidssegenskap in die kerk.
- Tog gebeur dit selfs ná die Reformasie keer op keer dat 'n owerheid segenskap kry in kerklike sake. Soms het dit gebeur met gedwonge toestemming of gedweë aanvaarding van die kant van die kerke.
- Voorbeelde hiervan is onder andere die Leidense stryd; die "Algemeen Reglement ..." van 1816; die tughandeling teen H. de Cock en andere, waar die "*kerklike*" optrede in wese *owerheids*-optrede was, omdat die "kerklike" Besture in werklikheid burokratiese staatswerktuie was; die toestande in die Kaap vanaf 1652 tot 1843, waarin die Shand-saak 'n belangrike plek inneem.
- Die Heilige Skrif sowel as die Belydenis leer nêrens dat die kerkregering, insluitende die tug oefening, aan die landsowerheid opgedra word

nie. Uit die Skrif blyk inteendeel duidelik dat die *sleutel*mag aan die *kerk* toevertrou is en die *swaard*mag aan die *owerheid*. Daarom laat die K.O. ook geen ruimte vir die owerheid as subjek van die tug oor ampsdraers nie. Want die K.O. *gaan uit* van die basiese beginsel dat die kerk die eiendom van *Christus* is (art. 1; vergelyk art. 79). Volgens art. 28 K.O. is dit slegs die plig van die owerhede "as instellings van God" om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied.

4. DIE "INSTRUMENTE" VAN CHRISTUS AS BEDIENENDE SUBJEK

4.1 Die onderlinge vermaning

In hoofstuk 3, punt 5.3, is aandag gegee aan die onderskeid tussen sondes wat slegs 'n vermaning verdien en ander wat met ernstiger maatreëls getug moet word. In 5.3.3 van hoofstuk 3 is art. 81 K.O. ook behandel.

Art. 79 K.O. handel duidelik oor "openbare growwe sonde ... wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, ..." Per implikasie word hier dus gesê dat ampsdraers ook heimlik en minder ernstig kan sondig. Hierdie verskil tussen geheime en openbare sondes sal meer uitvoerig in hoofstuk 8 bespreek word.

Op grond van bostaande kan die stelling dus gemaak

word dat nie elke oortreding deur 'n ampsdraer tugwaardig is volgens art. 79 K.O. nie. Daar is ook oortredings waarby daar slegs onderling vermaan moet word.

Hierdie onderlinge vermaning is nie slegs die taak en verantwoordelikheid van ampsdraers onder mekaar nie, maar dit is die roeping van *elke gelowige* as lid van die liggaam van Christus (vergelyk I Korintiërs 12:12-31, veral vers 25: "... dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.") Bultmann (1967, p. 592) merk hierby op dat hierdie sorg wat die lede vir mekaar moet dra, God se opdrag is.

In hierdie verband kan ook verwys word na Romeine 15:14: dat die gelowiges in staat is om mekaar te vermaan; Kolossense 3:16: "...leer en vermaan mekaar ..."; Hebreërs 3:13: "Maar vermaan mekaar elke dag ... sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie." Hebreërs 10:24: "en laat ons op mekaar ag gee ..." en Hebreërs 10:25: "... maar laat ons mekaar vermaan, ..."

In hoofstuk 2, punt 5.1, is reeds daarop gewys dat die ampte *instrumente* van Christus is (kyk ook punt 2 van hierdie hoofstuk). Daar is in hoofstuk 2, punt 5.5, egter ook aangetoon dat die besondere ampte 'n wesenlike deel van die gemeente is. Dit staan nie oor die gemeente nie, maar *in* die gemeente. Die gemeente van die gelowiges is 'n *mondige* gemeente. Die besondere ampte mag die amp van die gelowiges

nooit verplaas nie, selfs nie *binne* die gemeentelike lewe nie.

Die besondere ampte en die gemeente (amp van die gelowige) het elk 'n eie bevoegdheid en taak soos deur Christus ingestel.

Visser (1980) behandel die plek van die gemeente in die breë opset van die tug oefening breedvoerig (p. 78-81; 85-90). Hy kom tot die konklusie dat ook die gemeente plek het in kerkregering en tug oefening. Die plek van die gemeente is egter nie dié van mederegeerder nie, maar van medewerker van die ouderlinge, wat in opdrag van Christus die regering moet uitoefen en die tug moet toepas.

Snyman (1977) maak die stelling dat die hele kerklike tug wortel in die toesig van gemeentelede onderling. Hy waarsku tereg teen die praktyk om die hele kerklike toesig aan die predikant en die ouderling oor te laat. As die amp van die gelowige in die gemeente aktief is, bly daar baie min plek oor vir die kwaad om rustig in die gemeente voort te kanker (p. 136).

Ook A. Kuyper (1892, p. 329) lê besondere nadruk op die onderlinge vermaning. Volgens hom is die kerk gegrond op die beginsel van solidariteit en van onderlinge verantwoordelikheid van die een vir die ander. In die onderlinge vermaning, waartoe die lidmate van die kerk geroep is, lê daar reeds 'n eerste uiting van die kerklike dissipline.

Martin Bucer gaan s6 ver deur te beweer dat die gelowiges self die reg het om verkeerde herders as dwaalleraars af te sit en deur ander te vervang. Dit is die onvervreembare reg van die gemeente. Bucer ken die sleutelmag dan ook toe aan die gemeente (aangehaal deur Van't Spijker, 1970, p. 79-80. Kyk hier ook A. Kuyper, 1883, p. 55).

Hierby moet egter opgemerk word dat die gemeente slegs in hoogs-uitsonderlike noodsituasies mag doen wat normaalweg deur die ouderlinge gedoen word: dan, naamlik, as daar so 'n deformasie by die ouderlinge ingetree het dat *hulle* regering nie meer die regering van *Christus* is nie (Visser, 1980, p. 90).

Van der Linde sê: "As die ampsdraers ont trou is, kan die gemeente hulle nie eenvoudig uit die amp ontslaan en dan self doen wat die ampsdraers anders moes doen nie. Daar moet dadelik weer ander aangestel word." (1965, p. 92).

Die taak van die gemeente, as "subjek" in die tug oor ampsdraers, is normaalweg om in gevalle van nie-openbare, minder-ernstige oortredings, waar daar nog nie opgetree moet word volgens art. 79 K.O. nie, die nodige *vermanings* te laat toekom. In die lig hiervan kan beweer word dat die *algemene* beginsel wat Christus neerlê in Matthëus 18:15-18, gekwalifiseerd ook geld ten aansien van die tug oor ampsdraers.

Hierdie onderlinge vermaning, asook dié wat in art. 81 K.O. gereël word, is egter nog geen tug in eintlike sin, geen toepassing van sleutelmag nie. Die roeping van elke gelowige in hierdie verband, ook van die diakens volgens art. 81 K.O., beteken dus dat hulle slegs "subjekte" is van 'n voorlopige, indirekte tug oefening, naamlik die onderlinge vermaning. En hierdie onderlinge vermaning, of dit nou deur ampsdraers onder mekaar, volgens art. 81 K.O. is, of deur 'n lidmaat teenoor 'n ampsdraer, moet juis daarop gemik wees om die *eintlike* tug volgens art. 79 K.O. te voorkom (vergelyk hier hoofstuk 3, punt 5.3.3).

Die onderlinge vermaning neem dus 'n baie belangrike plek in in die tug oor ampsdraers. Dit is 'n inherente deel van die beeld van die gemeente as 'n *liggaam* met *verskeie lede*, waarby die ampsdraers ingesluit is. En hierdie lede van die liggaam is op mekaar aangewese en moet op mekaar ag gee (I Korintheërs 12:12-31; Hebreërs 10:24).

In die kerk van Jesus Christus moet daar met groot versigtigheid gewaak word dat die ampsdraers nie as "onaantasbares" op 'n hoë voetstuk geplaas word, buite die bereik en die trefwydte van die vermaning deur die lidmate nie.

Omdat hulle *deel* van die liggaam van die Here is, is hulle vanself ook voorwerpe van die onderlinge vermaning deur die lidmate, soos hierbo uiteengesit is.

Hierdeur kom die *ouderlinge liefde* in die gemeente op 'n besondere wyse aan die lig.

4.2 Die ouderlinge en hul opdrag

In hoofstuk 2, punte 5.4 en 5.5, is reeds ten dele gehandel oor die ouderlingamp.

Visser (1980, p. 82-83) bespreek die opdrag van die ouderlinge en wys op die volgende:

- die opdrag wat volgens die Nuwe Testament aan die ouderlinge gegee word, wys baie duidelik dat ook die toepassing van die tug deel is van hulle dienswerk;
- die verskillende *name* wat in die Nuwe Testament aan hulle gegee word, naamlik ouderlinge, opsieners, herders, rentmeesters van God, regering, voorgangers, diegene wat vermaan en leraars, dui daarop dat die gemeente onderworpe moet wees aan die leiding van die ouderlinge (Bouwman, 1934, p. 612). Volgens Rutgers (weergege deur De Jong, 1918, p. 40) wys hierdie name almal daarop dat daarin 'n amp en 'n funksie gesien moet word wat bestaan uit die toesig-hou oor ander;
- Christus het die bedienende mag in die kerk beslis aan die ouderlinge toevertrou (I Korinthiërs 12:28; I Thessalonicense 5:12) (H. Bouwman, 1934, p. 612).

Wanneer H. Bouwman (1928, p. 349) praat oor die dienende mag in die kerk, dan sê hy dat dit nie slegs die versorging van die siele beoog nie, maar ook die handhawing van orde en tug in die kerk (kyk ook Jansen, 1963, p. 15).

Die ouderlinge oefen hierdie opdrag, wat aan hulle gegee is, egter nie onafhanklik en los van mekaar uit nie. Volgens Bronkhorst (1947, p. 266) geskied dit in toepassing van Jesus se woord in Mattheüs 18:20: "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde".

In I Korintheërs 5 skryf Paulus aan die gemeente te Korinthe oor die nalating van die tugtoepassing in 'n besondere geval. In vers 4 impliseer hy dat daar vir die toepassing van die tug in hierdie geval 'n *vergadering* gehou moes word. Met verwysing hierna sê Calvyn (1949, Derde Deel, p. 242) dat die kerklike regspraak nie na die goeëdunke van één mens bedien word nie, maar deur 'n wettige vergadering.

Die mag wat aan die ampsdraers gegee is, kleef nie aan hulle persone nie, maar wel aan die Woord wat hulle bedien. Daarom is daar gelykheid onder hulle en volg dit noodwendig dat hulle die gesag in die kerk slegs gesamentlik kan uitoefen. Christus het die regering van die kerk nie aan één alleen toevertrou nie, maar aan 'n vergadering van opsieners, wat sy koninklike wil moet uitvoer. Bevestiging hiervoor word onder meer gevind in Handeling 21:18 waaruit blyk dat die ouderlinge te Jerusalem saam 'n kollege

gevorm het (hier word dus 'n besondere kerkraadsvergadering vermeld). In I Timótheüs 4:14 praat Paulus van 'n "presbiterion" wat Timótheüs die hande opgelê het (dus: 'n liggaam of vergadering van ouderlinge, J.V.). Ook Handeling 1:14 en 6:2 dui daarop dat die apostels reeds as 'n kollege opgetree het. In hierdie verband is Handeling 15:2 en 22 - die bekende vergadering te Jerusalem - ook van belang. Paulus en die apostels te Jerusalem was kragtens hul apostoliese volmag wel bevoeg om *alleen* in die saak uitspraak te gee. Die feit dat hulle hierin meewerk met "die ouderlinge" (meervoud), toon dat hier 'n normatiewe aanduiding is dat die kerkregering nie deur elke ouderling afsonderlik bedien word nie, maar deur almal saam. Dieselfde geld vir Handeling 20: 28-32 wat geen ander gedagte toelaat as dat die regering aan almal saam toevertrou is nie. Hoewel die Skrif dus, soos in die geval van die ouderlingamp, nie 'n presiese opdrag gee vir die instelling van die kerkraad nie, is die voormelde Skrifgegewens voldoende om te konkludeer dat daar in elke plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees as instelling van Christus en dat die kerkregering in die eerste plek by die kerkraad berus (Van der Linde, 1965, p. 94-96; vergelyk Visser, 1980, p. 83-84. Kyk ook Kamphuis, 1977, p. 113-115).

J. J. van der Walt beklemtoon die feit dat die Nuwe Testament altyd van ouderlinge(en diakens) in die meervoud praat. Hy noem die verskillende tekste en beweer dan dat die konsekwente meervoud daarop dui

dat die ouderlinge as "n korps" met mekaar moet saamwerk (1978, p. 38; kyk Visser, 1980, p. 84).

As instrumente van Christus (kyk hoofstuk 2, punt 5.1) ontvang die ouderlinge hul opdragte van Christus. Aan hulle amp is gesag verbind. Paulus vermaan die gemeente tot onderworpenheid (I Korintheërs 16:16) en tot erkenning of hoogagting (I Korintheërs 16:18; Filippense 2:29; I Thessalonicense 5:12). Die gemeente moet hierdie gesag van die ouderlinge erken en gehoorsaam (J. J. van der Walt, 1976, p. 63-64).

In art. 23 K.O. (vergelyk art. 16) word die amp van die ouderlinge onder meer beskryf as uitoefening van die kerklike dissipline, sorgdra dat alles betaamlik en ordelik plaasvind en toesig-hou dat die bedienaars van die Woord, die mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien.

Art. 79 K.O. bepaal dat die eerste stadiums van die tug oor ampsdraers deur "die kerkraad" hanteer moet word (vergelyk ook art. 53 K.O.). Hierby maak Kruger (1966, p. 467) die opmerking dat die diakens saam met die kerkraad in skorsingsake behoort te beslis. Dat hierdie stelling opsigtelik onjuis is, is baie duidelik uit art. 79 K.O., veral in vergelyking met art. 37 K.O. Art. 37 K.O. bepaal naamlik dat die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge. (Vergelyk hier byvoorbeeld die ondersteunende standpunte van A. Kuyper, 1883, p. 71; H. Bouwman, 1934, p. 113-116; Van der Linde, 1965, p. 102-103. Ook Bester, 1979, p. 560, art. 157. Kyk hoofstuk 8, punt 3).

Dit is belangrik om daarop te let dat die Nuwe Testament geen bewys lewer dat die diakens in die kerkregering (en dus vanself ook in die uitoefening van die tug) moet deel nie (Visser, 1980, p. 84).

Reeds Martin Bucer het gesê dat die uitoefening van die sleutelmag 'n saak van die ouderlinge en opsieners is. Hulle oefen hierdie mag ook uit as gevolmagtigdes van Christus en nie van die gemeente nie (aangehaal deur Van't Spijker, 1970, p. 125).

Bos (1950, p. 306) maak die belangrike stelling dat die tugreg prinsipieël by die plaaslike kerkraad berus. Die plaaslike kerkraad mag nooit verbygegaan word nie.

By hierdie opmerking van Bos moet daaraan herinner word dat die kwessie van meerdere vergaderings as moontlike subjekte van die tug oor ampsdraers in hoofstuk 6 aan die orde kom. Ook word in punt 4.3 van hierdie hoofstuk die *begrensing* van die taak van die kerkraad in die tug oor ampsdraers behandel.

Sonder om hierdie sake hier vooruit te loop, moet tog daarop gewys word dat die opdrag van die ouderlinge en die taak van die kerkraad in die verlede wesenlik misken is en tans nog misken word, soos in hoofstuk 6 bewys sal word.

4.3 Begrensing van die taak van die kerkraad

Die feit dat die tugreg oor ampsdraers basies by die plaaslike kerkraad berus, word erken in art. 79 K.O.. Terselfdertyd, egter, word daar aan dié tugreg van die plaaslike kerkraad sekere begrensings gestel.

Die artikel lui naamlik s6: "As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hul amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word".

Hierdie bewoording van art. 79 K.O. is die resultaat van 'n lang "ontwikkelingspad" sedert die Konvent van Wesel in 1568 (hierdie ontwikkeling kan nagegaan word in Hooijer, 1865, Biesterveld en Kuyper, 1905 asook betrokke Handeling van Sinodes van die G.K.S.A.).

Hierdie begrensing van die tugtoefening van die plaaslike kerkrade is egter nie van buite af, of van bo af, of teen hul sin aan hulle opgedring nie. Die plaaslike kerke het gesamentlik en vrywillig tot

hierdie begrensing besluit.

As rede hiervoor gee Jansen (1928, p. 16) onder andere aan dat die kerkraad by die behandeling van 'n geval van tug oor 'n ampsdraer nie volledig is nie. Die aangeklaagde ampsdraer(s) is 'n party of partye in die geding en mag nie stem nie. Hier moet die naburige kerkraad help om die onvolledige kerkraad aan te vul en om die gevaar van partydigheid te voorkom.

Dat die naburige kerkraad moet help om die gevaar van partydigheid te voorkom, is korrek. Maar die argument dat die kerkraad onvolledig geword het, gaan nie op nie. Indien hierdie redenasie konsekwent deurgevoer sou word, moet 'n kerkraad altyd by afwesigheid van een of meer ouderlinge die hulp van 'n naburige kerkraad inroep, omdat hy nie volledig is nie. Die regsgeldigheid van kerkraadsbesluite word nie deur *volledigheid* bepaal nie, maar deur die teenwoordigheid van 'n *kworum*.

Die kerke het dus *vrywillig* hul tugreg oor ampsdraers begrens, deur aan meerdere kerklike vergaderings inspraak in sake van tug oor ampsdraers te verleen. Sodoende word daar vir die ampsdraers groter regssekerheid geskep.

Hierdie "vrywillige" begrensing moet egter nie beskou word as 'n "opsionele" begrensing nie. In hoofstuk 5, 2.1 sal duidelik aangetoon word dat die plaaslike kerke, wat één is in belydenis en kerkregering, van

Godsweë *verplig* is om hierdie eenheid ook in kerkverband te openbaar. Kragtens hierdie kerkverband, wat 'n gawe van Christus is, asook vanweë die besondere karakter van die amp as instrument van Christus (hoofstuk 2, punt 5), is dit duidelik dat hierdie "vrywillige" begrensing 'n "nie-opsionele" begrensing is. Hier kan ook verwys word na art. 4 K.O., hoe meerdere kerkvergaderings betrek word in die noukeurige voorsorg dat slegs die *ware* dienaars tot die bediening toegelaat word, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die kerke in kerkverband is dus verplig om mekaar by te staan by die *toelating* van predikante en by die *tug* oor ampsdraers (vergelyk Handeling 20:28-31; II Korinthiërs 5:18-20; Galasiërs 6:2).

Van hierdie vrywillige begrensing van die taak van die plaaslike kerkraad sê Janssen (1963) baie duidelik dat die kerke hiermee nie hul vryheid en selfstandigheid prysgegee het nie. Hy wys daarop dat die uitgangspunt met betrekking tot die tugtoefening van die begin af die bevoegdheid van die plaaslike kerk was. Hy verwys daarvoor (p. 18-19) na die "Acta" van die Sinode van Emden, 1571, artikel 33. Volgens hierdie artikel moes ouderlinge en diakens deur die kerkraad, sonder medewerking van die kerkverband, uit hul amp afgesit word, maar predikante mag deur die kerkraad slegs geskors word. Oor die *afsetting* van predikante moet die klassis egter oordeel. Janssen maak uit bostaande die afleiding dat die kerke van oortuiging was dat die tugreg oor ampsdraers, prinsipieël gesien, die kerkrade toekom.

Daarvan het hulle uitgegaan. Maar omdat by die afsetting van predikante groot belange op die spel was, is besluit dat die afsetting by die oordeel van die klassis sou berus. Sodoende sou meer waarborg verkry word vir 'n onbevooroordeelde en regmatige vonnis (p. 19). Hulle het dit nie beskou as 'n aantasting van die selfstandigheid van die plaaslike kerk nie. Hulle het inteendeel juis van die selfstandigheid van die plaaslike kerk uitgegaan. Maar hulle het in die afsetting van predikante mekaar se raad, hulp en oordeel aanvaar sodat die tug reg uitgeoefen kon word (p. 19). Die kerkverband word ingeskakel ter verkryging van 'n beter waarborg vir 'n objektiewe oordeel. Uit hierdie reëling, wat die karakter van 'n vrywillige ooreenkoms het, spreek ootmoedige wysheid (p. 20).

Hierdie uiteensetting van Janssen verdien algemene instemming.

Bos (1950, p. 307) merk in hierdie verband ook op dat hierdie inskakeling van, soos hy dit noem, die kerkverband, 'n daad was waardeur die kerke vrywillig hul tugreg oor ampsdraers laat beperk het. En die doel daarvan is om vir die ampsdraers meerdere regssekerheid te skep.

Soortgelyke standpunte word ook gehuldig deur Schokking, 1902, p. 23; H. Bouwman, 1912, p. 266-268; 1934, p. 662; Rutgers (soos weergegee deur De Jong, 1918, p. 102); Jansen, 1928, p. 11; 1952, p. 337;

Van Es, 1946, p. 14; Kamphuis, 1966, p. 135-136;
Monsma, 1967, p. 325, 326; Nauta, 1971, p. 421.

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat die sub-
jek van die tug oor ampsdraers volgens art. 79 K.O.,
die plaaslike kerkraad is (onder die absolute Subjek,
Christus).

Daar is egter 'n begrensing van die taak van die
plaaslike kerkraad, deur die inskakeling van meerdere
kerklike vergaderings in die tugproses. Oor hierdie
begrensing is onderling vrywillig ooreengekom in die
kerkverband, ter wille van groter objektiwiteit en
regssekerheid in die tughandeling.

5. SAMEVATTING

In die Nuwe Testament word geleer dat Christus as
Hoof van die kerk 'n absolute gesags- en magsposisie
in die kerk beklee. As sodanig is Hy ook die abso-
lute Sleuteldraer en die eintlike en enigste Subjek
van die tug, ook oor ampsdraers.

In aansluiting hierby kan dan ook verklaar word dat
die Nuwe Testament sowel as die Belydenis geen steun
gee aan die gedagte dat die owerheid die regering en
die tug oefening in die kerk moet behartig nie.

Die kwessie van owerheidsinmenging in die sake van
die kerk is 'n universele vraagstuk, net so "interna-
sionaal" soos die Christendom self. Toe die Christen-
dom met die regering van Konstantyn tot oorwinning

gekom het, het ook die "caeseropapisme" wortel geskied. Van Konstantyn af het die owerheid dit steeds meer as sy taak begin beskou om die kerk te regeer.

Met die Reformasie van die 16e eeu word daar teruggekeer na die Skriftuurlike uitgangspunt van 'n selfstandige kerk teenoor 'n selfstandige owerheid. Veral Calvin was 'n besliste teenstander van owerheidsseggen-skap in die kerk. Veral in die toepassing van die tug in die kerk wou hy geen ingryping van die owerheid duld nie.

Selfs ná die Reformasie, egter, gebeur dit keer op keer dat die owerheid seggenskap kry in kerklike sake. Soms het dit gebeur met "geforceerde" toestemming van die kerke, weens besondere omstandighede. Voorbeelde wat hier genoem kan word, is die stryd in Leiden, die "Algemeen Reglement ..." van 1816, die tug oor ds. Hendrik de Cock en andere, die algemene posisie in die Kaap van 1652 tot 1843 en die Shand-saak.

Voortspruitend uit die feit dat Jesus Christus as Hoof van die kerk die absolute Subjek van die tug oor ampsdraers is, moet egter daarop gewys word dat Hy in die uitoefening van die tug van menslike *instrumente* gebruik maak. Hierdie menslike instrumente is *bedienende* subjekte van die tug oor ampsdraers.

Waar 'n ampsdraer heimlik en minder-ernstig oortree en dus nie tugwaardig is volgens art. 79 K.O. nie, moet hy nogtans vermaan word ... nie net deur mede-

ampsdraers kragtens art. 81 K.O. nie, maar ook deur lidmate.

Hierdie onderlinge vermaning is egter nog geen tug in eintlike sin, geen toepassing van sleutelmag nie; dit moet inteendeel daarop gemik wees om die eintlike tug volgens art. 79 K.O. te voorkom.

As sodanig is hierdie onderlinge vermaning die roeping van *elke gelowige* as lid van die liggaam van Christus. Die ampsdraers is *lede* van die liggaam van Christus en staan dus nie as "onaantasbares" op 'n hoë voetstuk, buite die bereik van die vermaning deur die lidmate nie. Hierdie roeping van elke gelowige impliseer dus dat alle lidmate van die gemeente "subjekte" is van 'n voorlopige, indirekte tug oefening oor ampsdraers, naamlik die onderlinge vermaning.

Dit maak nie van die lidmate *mederegeerders* van die ouderlinge nie, maar slegs *medewerkers*. En deur hierdie medewerking kom die *onderlinge liefde* in die gemeente op 'n besondere wyse aan die lig.

Die *eintlike* bedienende subjekte van die tug oor ampsdraers is egter die ouderlinge, wat hierdie opdrag finaal *gesamentlik, as kerkraad*, uitvoer. Die diakens het volgens die Skrif en die Kerkorde geen taak in die tug oefening volgens art. 79 K.O. nie.

Hierdie taak of opdrag van die kerkraad, om die tug volgens art. 79 K.O. uit te oefen, is egter deur

die plaaslike kerke onderling in kerkverband vrywillig, maar nie opsioneel nie, begrens, sonder om daardeur hul selfstandigheid in te boet.

Die doel van hierdie begrensing is om groter objektiwiteit en regssekerheid in die tughandeling te verseker. Dit geskied deur die inskakeling van meerdere kerklike vergaderings in die tugproses.

MINDERE EN MEERDERE VERGADERINGS

1. INLEIDING

Ten aanvang van hierdie hoofstuk moet die aandag daarop gevestig word dat hoofstukke 5 en 6 in 'n sekere sin 'n eenheid vorm. Dit sluit ook direk by hoofstuk 4 aan, waar gehandel is oor die subjek van die tug oor ampsdraers. Hierdie twee hoofstukke is dus 'n voortsetting van hoofstuk 4.

Dat Christus, as Hoof van die kerk, die absolute Subjek van die tug oor ampsdraers is, is reeds in hoofstuk 4 vasgestel. Daar is ook aangetoon dat, volgens Skrif en Belydenis, die owerheid geen opdrag het in die tug oor ampsdraers nie.

Hoewel Christus die absolute Subjek is, maak Hy tog van menslike instrumente as bedienende subjekte gebruik. S6 is die lidmate byvoorbeeld "subjekte" van 'n voorlopige, indirekte tug oefening oor ampsdraers, naamlik in die onderlinge vermaning.

Die *eintlike* bedienende subjek van die tug oor ampsdraers is egter die ouderling, wat allereers persoonlik vermaan en bestraf. Die ouderlinge handel hierdie taak egter nie onafhanklik en los van mekaar af

nie, maar gesamentlik, as kerkraad.

Soos in hoofstuk 4 aangetoon is, het die kerkrade in kerkverband hierdie taak vrywillig (maar nie opsioneel nie) beperk deur meerdere kerklike vergaderings in die tugproses in te skakel, ter wille van groter objektiwiteit en regssekerheid. Die kerkrade se selfstandigheid word egter nie daardeur prysgegee nie.

S6 word byvoorbeeld in artt. 76 en 79 K.O. duidelik bepaal *dat* meerdere vergaderings belang het by die toepassing van tug op lidmate en ampsdraers. In hoofstukke 5 en 6 sal bepaal word in watter mate, met watter reg tot inisiatief en in watter verhouding tot die plaaslike kerkraad die meerdere vergaderings by die tug oor ampsdraers betrokke is.

In hoofstuk 5 sal eers "inleidend" gehandel word oor verskeie aspekte van mindere en meerdere vergaderings as sodanig, aspekte wat die wese, aard, samestelling en funksionering van meerdere vergaderings raak. Alhoewel sommige van hierdie aspekte nie direk te doen het met die tug oor ampsdraers nie, is die behandeling daarvan tog wenslik, sodat die meerdere vergaderings in hul verskillende fasette goed begryp kan word. Daarná sal in hoofstuk 6 meer spesifiek aandag gegee word aan die belangrike en omstrede kwessie van die tugreg van meerdere vergaderings.

2. PLAASLIKE KERK EN KERKVERBAND

2.1 Kerkverband - 'n roeping?

In hoofstuk 2 is uitgewys dat die algemene (universele) kerk aan die plaaslike kerk voorafgaan en dat die plaaslike kerk 'n nadere organisasie van die algemene kerk is. Die plaaslike kerk *is* die algemene wat op elke plek georganiseer word. Soos die gelowiges hulle moet verbind tot 'n gemeente, sō moet die gemeentes hulle verenig in kerkverband. Dit geskied egter nie om een te *word* nie, maar omdat hulle een *is*.

Volgens A. Kuyper mag die plaaslike kerk nie alleen bly staan nie. Volgens die eis van Gods reg ("jure divino"), uit gehoorsaamheid aan Christus, behoort hulle in gemeenskap met mekaar te lewe. Die liggaam van Christus is, soos die Nuwe Testament leer, één. Hierdie eenheid moet dan ook na buite openbaar word ... gewestelik, landelik en oor die hele wêreld. Dit staan 'n kerk nie vry om die eenheid wel of nie na te streef nie. Hy moet, vir sover daar geen belletsels is deur onoorkomelike verskil in belydenis nie, die eenheid tot stand bring. In die Nuwe Testament het ons die voorbeelde dat alle kerke die outoriteit van dieselfde apostels erken het, kollekties vir mekaar gehou het, mekaar skriftelik of deur afgesante gegroet het en hulle tot mekaar gewend het om hulp wanneer daar probleme ontstaan, soos byvoorbeeld in Handeling 15 (aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 116).

H. H. Kuyper (1931-32) maak in hierdie verband die stelling dat die plaaslike kerke met mekaar in verband moet tree, nie slegs vir die welsyn van die kerk nie, maar omdat die eenheid van die liggaam van Christus die eenheid van die kerke vereis (p. 24).

Snyman (1977) sluit hierby aan en sê dat die kerke verplig is om met mekaar in verband te tree, omdat hulle die openbaring van die liggaam van Christus is, en omdat die kerk as liggaam van Christus een en algemeen is (p. 75). Kerkverband vloei dus uit die wese van die kerk as liggaam van Christus voort. Dit is 'n goddelike opdrag waaraan die kerke moet gehoorsaam (p. 82).

Volgens Van der Linde (1965, p. 137-138) rus die kerkverband nie net op die grondslag van vrywillige saamvoeging tot onderlinge opbouing en bewaring nie. Dit rus *eerstens* op 'n goddelike bevel. Die onderlinge bewilliging van die kerke, tot die vorming van die kerkverband, is nie 'n willekeurige daad nie. Dit hang nie van die kerke af of hulle die kerkverband sal aangaan of nie. Die bewilliging is drang van Godswaë, gehoorsame onderwerping aan sy wil. Die kerkverband kan dus nie as van sekondêre belang beskou word nie (kyk ook p. 116, 131; kursivering oorspronklik, J.V.). Van der Linde sê uitdruklik dat die organisasie van die kerkverband noodwendig is. Dit vloei uit die wese van die kerk voort dat elke plaaslike kerk, wat die openbaring van die algemene kerk is, aaneensluiting soek met alle ander openbaringe van dieselfde liggaam (p. 135). (Vergelyk

hier ook Spoelstra, 1980, p. 8).

Wanneer Greijdanus (s.j. b) praat oor die roeping tot kerkverband, is daar in sy argumentasie 'n redelike mate van verwarring en selfs 'n innerlike teenstrydigheid. Dit kom daarvan dat hy probeer onderskei tussen God se *bevel* en die kerke se *vryheid* tot die aangaan van kerkverband. Aan die een kant sê hy dat die plaaslike kerke almal onder 'n goddelike *verpligting* staan om met mekaar in 'n geordende verband te tree en in 'n behoorlike samewerking te leef. Van God se kant is daar wel 'n *verpligting*, wanneer daardie verband moontlik is (p. 19). Die kerke tree met mekaar in korrespondensie en samewerking volgens die *eis* van die eenheid van die kerk van die Here (p. 28). Die plaaslike kerke behoort sover moontlik met mekaar 'n kerkverband aan te gaan en met mekaar saam te werk, omdat hulle almal 'n geestelike eenheid is en plaaslike openbaringe van dieselfde liggaam van Christus. Wat één is in wese, moet sigself ook één openbaar in die wêreld, vir sover dit kan plaasvind (p. 29; kursivering van my, J.V.).

Hierteenoor sê Greijdanus dat die verband van kerke aan die kant van die kerke louter in *wedersydse ooreenkoms*, in *vrywillige aaneensluiting*, "consensus mutuus", rus. Van God se kant is daar wel 'n *verpligting*, maar ten opsigte van mekaar is die plaaslike kerke *vry* (p. 19). Ten aansien van mekaar tree die kerke heeltemal *vrywillig*, deur *onderlinge ooreenstemming* en *onderlinge afspraak*, met mekaar in korres-

pondensie (p. 28; kursivering van my, J.V.).

Hierdie onderskeiding van Greijdanus deug hoegenaamd nie. Die goddelike *verpligting* word geneutraliseer deur die kerke se *vryheid* en *vrywilligheid*. As daar ten opsigte van die roeping tot kerkverband 'n goddelike *verpligting* is, kan daar beslis nie terselfdertyd sprake daarvan wees dat die kerke in hierdie opsig *vry* is en *vrywillig* kan optree nie. Hoe kan die plaaslike kerke ooit *vry* wees van 'n *goddelike verpligting*?

As die roeping tot kerkverband "van God se kant" 'n *verpligting* is, dan is dit ook "van die kerke se kant" 'n *verpligting*.

Voetius (1676, p. 119) praat ook wel van die grondslag van die kerkverband as die wedersydse ooreenkoms (of toestemming) van die kerke tot so 'n korrespondensie en konfederasie ("... consensus mutuus Ecclesiarum ad talem correspondentiam et confoederationem ..."). Uitdruklik sê hy egter verder dat hierdie wedersydse ooreenkoms voortspruit uit *verpligting van hul onderlinge eenheid (of gemeenskap)* ("... ex debito mutuae societatis ..."; kursivering van my, J.V.). Volgens hom is die kerkverband noodsaaklik, hoewel hierdie noodsaaklikheid nie absoluut is nie ("Necessitas est, non absoluta, ..."). Dit behoort ook nie tot die *wese* van die kerk nie, maar slegs tot die *welsyn* van die kerk ("... non ad esse ecclesiasticum simpliciter, sed tantum ad bene esse." (1676, p. 121)).

Dit is dus duidelik, ook uit die voorgaande standpunte, dat die plaaslike kerke, as openbaringe van die één liggaam van Christus, onder 'n goddelike roeping staan om met mekaar in kerkverband te tree.

2.2 Die kerk gaan aan die kerkverband vooraf

Die stelling in bogenoemde opskrif lyk op die oog af só voor-die-hand-liggend dat dit feitlik geen argumentasie regverdig nie.

Die begripsverwarring wat daar egter bestaan tussen die algemene (universele) kerk en die kerkverband, asof dié twee identies is, maak dit noodsaaklik om hierdie aangeleentheid nader te bekyk.

Roeleveld skryf byvoorbeeld in 'n artikel die volgende: "Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is die naam van die verband van gereformeerde gemeentes alhier. Die enkelvoud doen niks af aan die gemis van regspersoonlikheid nie, *wanneer hierdie naam die karakter van die universele kerk as 'n eenheid tot uitdrukking wil bring nie.*" (1980, p. 6). Hoewel Roeleveld dit waarskynlik nie so bedoel nie, skep die gekursiveerde gedeelte onteenseglik die indruk dat kerkverband en universele kerk vir hom identies is.

Baie duideliker kom die verwarring na vore waar Van der Vyver skryf: "Die kerkverband is daar voor die plaaslike kerk. Die ecclesia universalis gaan die geïnstitueerde kerk vooraf." (s.j., by art. 29(2)).

Vir Van der Vyver is die universele kerk en die kerkverband identies. Daarom kan hy ook beweer dat die kerkverband daar is voor die plaaslike kerk.

Dat die universele kerk en die kerkverband nie identies is nie, het reeds duidelik na vore gekom in 2.1 van hierdie hoofstuk.

Die *universele* kerk gaan aan die plaaslike kerke vooraf, omdat die plaaslike kerke die openbaringe van die universele kerk op elke plek is (Snyman, 1977, p. 44-45). Kragtens hierdie eenheid van die plaaslike kerke, as openbaringe van die een universele kerk, is hulle ook verplig tot kerkverband. Sō gaan die plaaslike kerke aan die kerkverband vooraf. Daar kan wel plaaslike kerke wees sonder kerkverband, maar daar kan geen kerkverband wees sonder plaaslike kerke nie.

A. Kuyper (1883, p. 147-148) stel dit ook duidelik deur te sê dat die plaaslike kerk kerk sou bly, ook al val alle ander plaaslike kerke, met wie hy verbonde is, weg. Hy bestaan nie omdat die "nasionale kerk" bestaan nie, maar eenvoudig omdat die lewe van Christus in hom openbaar word. Die bestaan van die kerk gaan altoos aan die bestaan van die kerkverband vooraf. Die kerkverband word uit die kerke gebore. Omgekeerd geskied dit slegs by hoë uitsondering.

Voetius (1902, p. 26) sê dat die (plaaslike) kerk wesenlik kerk kan wees, ook al staan hy nie in 'n

uitdruklike en kennelike sinodale gemeenskap en korrespondensie nie (kyk ook 1676, p. 127).

Die kerk as eenheid in Christus - dus die universele kerk - gaan logies aan die plaaslike kerk vooraf. En juis daarom kan die plaaslike kerke nie los van mekaar staan nie. Die eenheid in Christus dwing die plaaslike kerke om met mekaar in verband te tree (Van der Linde, 1965, p. 131).

Die universele kerk, as die liggaam van Christus, staan dus voorop. Daarna kom die plaaslike kerke, as openbaringe van die liggaam van Christus, op die verskillende plekke tot stand. Hierop volg dan die kerkverband as noodsaaklike uitvloeisel van die eenheid van die plaaslike kerke.

2.3 Kerkverband en die selfstandigheid van die plaaslike kerk

'n Belangrike vraag wat beantwoord moet word, is of die plaaslike kerk sy selfstandigheid verloor wanneer hy met ander plaaslike kerke in kerkverband tree.

By Voetius is daar van so iets geen sprake nie. Hy praat van die klassikale of sinodale korrespondensie (die kerkverband) as 'n vaste kombinasie van meer (plaaslike) kerke onder 'n bepaalde grondreël en korrespondensie ("... sub certo regimine et correspondentia ..."), tot onderlinge opbou en instandhouding (van die kerke). Hy sê dat die plaaslike kerke in kerkverband onder mekaar volledig verbind is as

vryheid en selfstandigheid van 'n (plaaslike) kerk nie aangetas mag word deur die vorming van die kerkverband nie. Dit is wat gebeur in die kollegialistiese kerkreg, waar elke plaaslike kerk slegs 'n onderafdeling van die groot geheel van die kerk is. Dit, sê hy, is in stryd met die reg van die kerk volgens Gods Woord. Die kerkverband moet juis dien tot bevordering en bewaring van die vryheid en selfstandigheid van die kerk.

Ook Spoelstra (1980, p. 11) beklemtoon dit dat die plaaslike kerk nie sy selfstandigheid verloor wanneer hy saam met ander kerke (in kerkverband) oor gemeenskaplike belange handel nie.

Met stelligheid kan dus beweer word dat, volgens die presbiteriale kerkreg, die plaaslike kerk sy selfstandigheid behou wanneer hy met ander plaaslike kerke in kerkverband tree. Vir die tug oor ampsdraers is dit van groot belang.

2.4 Is kerkverband ook *kerk*? (Vergelyk hierby hoofstuk 2, punt 2)

Oor die vraag of kerkverband ook *kerk* in institutêre sin is, word daar vir baie jare al gedebatteer.

M. Bouwman (1937, p. 74) kom tot die konklusie dat, volgens Voetius, die geheel van sinodaal-verbonde kerke "*ecclesia instituta*" is. Daarom kan daar gepraat word van 'n nasionale, provinsiale en klassikale kerk as instituut, waarvan die plaaslike geïnstitueerde

bloedverwante en gelykes in kerklike gesag ... soos byvoorbeeld vriende, vennote ("socii"), bondgenote, kollegas en staatsburgers ("membra ... collegiorum Politicorum ...") (1676, p. 119; kyk ook M. Bouwman, 1937, p. 193). As Voetius sê dat die plaaslike kerke in kerkverband *volledig* ("integrae") onder mekaar verbind is, bedoel hy daarmee waarskynlik dat die plaaslike kerke sodoende niks van hul oorspronklike vorm of natuurlike staat of wese prysgee nie (kyk White, 1913, p. 302 by "integer").

Baie duidelik is in hierdie verband ook die bepaling in die Weselse Artikels, Hoofstuk V, Art. 19, dat die klassis geen reg oor enige kerk of sy dienare het nie, tensy so 'n kerk hierin uit eie beweging toestem. Sodoende word voorkom dat die kerk teen sy wil beroof word van sy reg en gesag (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 23). Volgens Lohman en Rutgers (1887, p. 21) word hierdie beginsel in alle (Nederlandse) Kerkordes teruggevind. Daaruit blyk hoe selfstandig die plaaslike kerk teenoor die kerkverband bly.

Snyman (1977, p. 62) maak die opmerking dat die plaaslike kerk, ook in kerkverband, 'n selfstandige opening is van die liggaam van Christus. Elke plaaslike kerk is selfstandig maar nie onafhanklik nie. Daarom is kerkverband noodsaaklik (kyk ook p.80 en 109).

H. Bouwman (1934, p. 14) sê baie uitdruklik dat die

kerke dele of afdelings is.

M. Bouwman kom tot hierdie konklusie op grond van die benaminge wat Voetius gebruik vir die eenheid van die "sinodale verbinding" (1937, p. 71).

Tereg verwerp Greijdanus hierdie konklusie van Bouwman. Hy grond sy verwerping op die feit dat Bouwman die betrokke benaminge, wat Voetius gebruik, nie noukeurig nagegaan het om s6 die suiwere bedoeling van Voetius vas te stel nie. Hy beskuldig Bouwman daarvan dat die onmisbare skerpheid van belyning van die begrippe en noukeurige aanwysing van begripselemente wat in aanmerking kom, in sy boek te veel ontbreek. Daar is 'n vaagheid as gevolg van gebrek aan genoegsame begripsontleding en skerp begripsbepaling (1937, p. 342).

Ook Van Lonkhuyzen (1937b, p. 525-527) verwerp hierdie konklusie van M. Bouwman. Hy noem Bouwman se interpretasie van Voetius 'n fundamentele vergissing.

Van Lonkhuyzen wys daarop dat as Voetius praat van 'n "klassikale of provinsiale of nasionale kerk", hy daarmee *nie* bedoel soos Bouwman hom wil laat sê: 'n kerk *soos die plaaslike kerk* nie. Voetius sê uitdruklik dat die "klassikale of provinsiale kerk" vir hom 'n *ander soort* kerk is, 'n "ecclesia orta", 'n afgeleide kerk, 'n kerk in *sekondêre* sin. Hierdie "kerkgroep" wat Voetius "ecclesia orta" noem, is dus *gebore* uit en afgelei van die plaaslike kerke. Hulle kan dus nooit gelyk wees aan die plaaslike kerk nie.

Hulle kan slegs "kerk" genoem word in 'n ander sin as waarin die plaaslike kerk as kerk aangedui word (1937b, p. 520, 526-527. Vir die betekenis van "orta", kyk White, 1913, p. 430-431. Alle kursive-rings oorspronklik, J.V.).

M. Bouwman sê self ook (1937, p. 80) dat Voetius elke eenheid van kerke in hiërargiese sin onverbidlik afwys. In die sinode handel die kerke *asof* hulle een kerk is ("... *quasi ecclesia una* ..."). Hulle is naamlik nie een kerk in hiërargiese sin, dit wil sê sodat nie meer van kerke gepraat kan word nie, terwyl die partikuliere kerke deur die ondergeskiktheid aan die hoofkerk hul selfstandigheid verloor het (kursivering van my, J.V.).

Volgens Greijdanus (1938e, p. 297) sê Voetius dit is verre daarvandaan ("nedum") dat so 'n klassikale of sinodale kerkgemeenskap in eerste sin ("primo") of in eintlike sin ("proprie") of op prinsipiële wyse ("principaliter") kerk genoem word.

In 2.3 van hierdie hoofstuk is Voetius se omskrywing van die kerkverband aangehaal. Dit is volgens hom 'n vaste kombinasie van meer plaaslike kerke onder 'n bepaalde grondreël en korrespondensie, tot onderlinge opbou en instandhouding. M. Bouwman (1937, p. 79-80, vergelyk p. 64) sê dat volgens hierdie definisie nie uitgedruk word dat die kerkverband 'n eenheid in institutêre sin is nie.

Van Lonkhuyzen (1937b, p. 528) wys ook daarop dat Voetius duidelik sê dat die klassikale of provinsiale *vergadering* nie in die enkelvoud in eintlike sin een kerk genoem kan word nie, maar in figuurlike sin ("tropice"). (Vergelyk ook Roeleveld, 1980, p. 10-11. In die oorspronklike teks praat Voetius van die klassikale of *sinodale* vergadering: "An et quomodo coetus classici aut *synodici* ..." 1676, p. 167. Kursivering van my, J.V.).

A. Kuyper ontken ook beslis dat die geheel van sinodaal-verbonde kerke geïnstitueerde kerk ("ecclesia instituta") is. Hy reken dat hy hiermee in ooreenstemming met Voetius is (aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 115). In 1883 (p. 147) skryf hy dat 'n plaaslike kerk lid is van die één ondeelbare kerk van Christus. As sodanig ontvang hy sy lig, liefde en lewe regstreeks uit Hom. Nooit mag toegelaat word dat 'n plaaslike kerk as 'n onderdeel, 'n afdeling of kompartement van enige landskerk beskou sal word nie.

Greijdanus (s.j.b, p. 12) sê dat die Here slegs kerke gee wat plaaslik georganiseer of plaaslik amptelik ingerig is, dit is kerke wat slegs met plaaslike ampte of ampsdraers voorsien is. Hierdie kerke is onderling ten aansien van mekaar onafhanklik en selfstandig, sodat die een niks uit homself oor die ander te sê het nie. Die ampsdraers van die een kerk het slegs daar ampsbevoegdheid. Sonder verkiesing, roeping of medewerking van 'n ander kerk het hy nie ampsbevoegdheid in hierdie ander kerk nie.

Hierdie stelling van Greijdanus, waaruit per implikasie duidelik blyk dat kerkverband nie kerk is nie, is van groot betekenis in die ondersoek na die meerdere vergaderings as moontlike subjekte van die tug oor ampsdraers, wat in hoofstuk 6 behandel sal word. Later in hierdie hoofstuk sal naamlik aangetoon word dat meerdere vergaderings saamgestel word deur kerke, wat verteenwoordig word deur sekere ampsdraers.

Duidelik verwerp Greijdanus ook die voorstelling van Kleyn asof daar in die kerkverband 'n verhouding is van "Algemeene Kerk en Plaatselike Gemeente". Hy bestempel dit tereg as heeltemal foutief. Sō word immers die gedagte gewek van een groot geheel oor die hele aarde, in 'n land of provinsie of streek, waarvan die plaaslike kerke afdelings sou wees in hiërargiese ondergeskiktheid (s.j.b, p. 15).

Van der Linde sluit by Greijdanus aan en sê dat die grondslag van die presbiteriale kerkregeringstelsel is dat die plaaslike kerk *die* kerk is. Die presbiteriale stelsel ken nie die kerk as 'n korporasie, wat deur die gemeentes saamgestel is, met die sinode as *die* regeerliggaam nie (1965, p. 120; kursivering oorspronklik, J.V.).

Die beginsel dat die kerkverband nie 'n nuwe kerk of kerkstruktuur tot stand bring nie, word ondubbelsinnig en tereg beklemtoon deur Snyman (1977, p. 62,80), Van der Linde (1965, p. 135, 138, 140), Van der Vyver, (s.j., by art. 29(2)) en Spoelstra (1980, p. 8).

’n Opmerklike afwyking van hierdie beginsel lê ten grondslag aan sowel die "Algemeen Reglement ..." van 1816 as dié van 1852.

In hoofstuk 4, punt 3.4, is ’n kort uiteensetting van die ontstaan en sekere tersaaklike gedeeltes van die inhoud gegee.

J. J. van der Walt (1976, p. 110-111) merk in hierdie verband op dat die Reglement van 1816 één kerkgenootskap tot stand gebring het, wat soos ’n staatsdepartement landswyd al die lede van die kerk saamvat, onderverdeel in afdelings met ’n mate van eie beheer. Tussen die algemene kerk en die Hervormde Kerk het ’n gelykaanteken gekom, sodat ’n gelowige sy lidmaatskap nie langer in die plaaslike kerk het nie, maar in die sinodale kerk. Hiermee is die Nuwe-Testamentiese kerkbegrip ingeruil vir die kollegialistiese.

In 1852 word die Reglement van 1816 enigsins gewysig. Hoewel die Kerk se onderhorigheid aan die owerheid verslap is, het die Reglement van 1852 tog heeltemal op die organisasie van 1816 berus (Lohman en Rutgers, 1887, p. 114-121; Rullmann, 1928, p. 68-69).

Kleyn (1888) merk op dat die Nederlandse Hervormde Kerk volgens die Reglement van 1852 uit al die Hervormde Gemeentes in die Koninkryk van die Nederlande bestaan (p. 137). Kleyn praat dan ook van ’n gemeente wat aan die Nederlandse Hervormde Kerk behoort (p. 138). Hier het ons dus die tipiese genootskaplike

kollegialistiese kerkbegrip: die kerkverband is die kerk, en die plaaslike kerke is slegs afdelings daarvan. Begryplicherwys moet so 'n siening van kerkverband en plaaslike kerk ingrypende reperkussies hê vir die tug oor ampsdraers, besonderlik vir die ondersoek na die meerdere vergaderings as moontlike subjekte van hierdie tug.

Interessant is in hierdie verband die verwysing van Rullmann (1929, p. 235-237) na die siening van ds. César Segers, dat die kerklike goedere aan die Sinodale Organisasie behoort het.

In die konstruksie van die Reglemente van 1816 en 1852 is die plaaslike kerke heeltemal oorskadu en oorheers deur die Sinodale Organisasie, die eintlike "kerk".

Bannerman (1974, Deel 2) gaan in hierdie opsig feitlik totaal die weg van die kollegialisme op, terwyl die verwarring tussen algemene kerk en kerkverband ook sterk by hom na vore kom.

Volgens hom is iemand, wat deur die bediening van die doop tot die Christelike gemeenskap ("Christian Society") toegelaat is, nie soseer 'n lidmaat van die plaaslike gemeente nie, maar 'n lidmaat van die algemene kerk as geheel, met 'n reg van lidmaatskap dwarsdeur die geheel. Hy praat dan ook van die plaaslike gemeentes as "branches" van die Christelike gemeenskap (p. 318).

Ook is 'n predikant, wat afgesonder is om te preek en te regeer, in sy ampsuitoefening nie slegs beperk tot 'n plaaslike gemeente nie. Hy word, kragtens sy "ordening", 'n predikant van die sigbare kerk deur die hele wêreld. Hy is bevoeg en geregtig om dwarsdeur die universele kerk, in enige ander gemeente waar die "Voorsienigheid" ("Providence") dit mag beskik en waar die omstandighede dit mag toelaat of die opbouing van die liggaam van Christus dit mag vereis, te preek en te regeer (p. 318). Op die volgende bladsy (p. 319) word hierdie kollegialisme egter, as 'n soort nagedagte, effens verswak deur die sinsnede: "... wherever he may have a call to act, ..."

Hierdie siening van Bannerman, wat voorkom in sy argumentasie ten gunste van kerkverband en meerdere vergaderings teenoor die Independentiste, moet beslissende ernstige konsekwensies hê vir die tug oor ampsdraers.

Verder sê Bannerman uitdruklik dat die Skrif ook van verskeie gemeentes gesamentlik praat as "kerk" ("ekklésia") (1974, Deel 1, p. 12-14; Deel 2, p. 320-325). Kerkverband is volgens hom dus ook "kerk".

Ook by Van Ruler vind ons 'n soortgelyke siening. Volgens hom is die klassikale, provinsiale en nasionale kerk volwaardige gestaltes van die kerk. Hy wil ook nie weet van plaaslike kerke wat deur konfederasie 'n kerkverband vorm en hulle in die meerdere vergaderings laat verteenwoordig nie. 'n Presbiteriale kerk is, apostolies ingedink, netso goed algemene kerk as plaaslike gemeente. Daar is dus die plaaslike

kerk, maar ook die algemene kerk (1948, p. 117; 1968, p. 138; kyk Hendriks, 1977, p. 294, ook voetnota 297).

Hendriks weerlê tereg hierdie standpunt van Van Ruler. Volgens hom is daar, wanneer dit gaan om 'n amptelik-geïnstitueerde kerk, in die Nuwe Testament altyd sprake van die plaaslike kerk (1977, p. 294).

In Suid-Afrika vind die uitgangspunte, wat hierbo bespreek is, baie duidelik weerklank in die kerkbegrip van die N.H.K.A.: "n Gemeente is die verskyningsvorm van die Kerk op elke aangewese plek. Die Nederlands Hervormde Kerk van Afrika bestaan uit al dié gemeentes." (N.H.K.A., 1979, p. 1).

Uit dit wat tot hiertoe gesê is, blyk dus duidelik dat, volgens die gereformeerde kerkbegrip, kerkverband nie kerk is nie. Dit word des te duideliker as daarop gewys word dat die merktekens van die ware "kerk", naamlik suiwere Woord- en sakramentsbediening en troue tug oefening (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29), slegs van toepassing kan wees op die *plaaslike kerk* en beslis nie op die *kerkverband* nie.

Om hierdie onderafdeling af te sluit, kan met vrug aandag gegee word aan 'n kort waarskuwing van Dijk. Hy vra naamlik die vraag of die Doleansie nie die gedagte van die plaaslike kerke sô sterk op die voorgrond gestel het dat daardeur veral in later tye die eenheid van die kerke in hul verband geen skade gely het nie. Hy beantwoord dan die vraag sô dat

in 1886 en 1887 die eenheid getrou bewaar is. In later tye is egter uit die beginsel van die plaaslike kerke soms wel konklusies getrek wat vir die kerkverband en sy betekenis, byvoorbeeld vir die tugoeffening deur die meerdere vergaderings, nie sonder skade was nie (1936, p. 339).

3. MEERDERE VERGADERINGS AS SODANIG

3.1 Wat meerdere vergaderings beteken

In die Kerkorde van die G.K.S.A. word nie gepraat van *hoëre* vergaderings nie, maar van *meerdere* vergaderings (kyk byvoorbeeld art. 30).

Volgens H. Bouwman (1934, p. 18) beteken die uitdrukking "meerdere vergadering" dat in so 'n vergadering meer kerke byeenkom as in 'n mindere vergadering. Die plaaslike kerkrade is mindere vergaderings in verhouding tot die klassisse, soos die klassisse weer mindere vergaderings is in verhouding tot die partikuliere sinodes, ensomeer. In 'n meerdere vergadering is dus meer kerke verteenwoordig as in 'n mindere.

Greijdanus wys daarop dat Voetius as fondament en grondslag van meerdere vergaderings enersyds die goddelike reg stel en andersyds die wedersydse toestemming. Geen kerk kan 'n ander verplig tot so 'n korrespondensie en konfederasie nie (1938b, p. 289). (Vergelyk hier 2.1 van hierdie hoofstuk).

In punt 2.1 van hierdie hoofstuk is die roeping tot

kerkverband duidelik gestel, as 'n goddelike verpligting. Die wyse waarop die eenheid van die plaaslike kerke in kerkverband georganiseer moes word, is egter nie voorgeskryf nie. Christus het dit sy kerk geleidelik, deur sy bestuur uit die hemel, leer verstaan (vergelyk A. Kuyper, aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 116).

Die verbinding van die kerke in kerkverband was nie net inwendig nie, maar ook uitwendig. Dit het tot openbaring gekom in die instelling van verskillende samekomste. So lui art. 29 K.O.: "Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: kerkraad, klassis, partikuliere sinode, nasionale sinode en algemene sinode." (Vergelyk hierby Lohman en Rutgers, 1887, p. 27).

Van der Linde praat van die meerdere vergaderings as die organisasie van die kerkverband (1965, p. 138). Hy sê dat die kerkrade van die verskillende plaaslike kerke net so min onafhanklik van mekaar staan in die vervulling van hulle taak as wat die enkele ampsdraers in die plaaslike kerk onafhanklik van die ander ampsdraers in die kerkregering kan optree. Daarom is dit noodwendig dat daar meerdere vergaderings sal wees, waardeur die eenparigheid in die kerkregering bewerkstellig moet word. Volgens hom wys die Skrif ook hier die weg aan vir die organisasie van die kerkverband, naamlik Handeling 15, waaruit die oorsprong van meerdere vergaderings of sinodes af te lei is (1965, p. 132-133).

Spoelstra wys daarop dat Calvyn vergaderings van "eners-belydende kerkrade" wenslik en noodsaaklik geag het met die oog op die heerskappy van Christus deur sy Woord en die bevordering van die eenheid in 'n ware geloof in die kerke (vergaderings van gelowiges). Die kerkverband word dus ook ter wille van die kerke onderhou (1967, p. 25).

Die gedagte dat 'n meerdere vergadering 'n soort opperkeraad is, soos per implikasie duidelik voortspruit uit die siening van byvoorbeeld Bannerman (1974, Deel 2), moet beslis afgewys word. Op grond van die groot aantal lidmate en ampsdraers in Jerusalem, beweer Bannerman dat die "Church" te Jerusalem bestaan het uit verskillende "congregations", wat verenig en onderworpe was onder een kerklike bestuur en regering. Dieselfde geld ook van die Kerk te Korinthe, Antiochië en Efeze (p. 321-325).

3.2 Handeling 15 - 'n prototipe van latere sinodes?

Oor hierdie onderwerp *is* daar en *word* daar baie menings gewissel.

Om mee te begin, is daar die belangrike vraag of Handeling 15 (die bekende kerkvergadering in Jerusalem) en Galásiërs 2:1-10 (Paulus se besoek aan Jerusalem op grond van 'n goddelike openbaring) dieselfde gebeurtenis vermeld.

Die tradisionele standpunt is dat Handeling 15 en

Galásiërs 2:1-10 dieselfde gebeure in Jerusalem van twee verskillende kante beskryf. S6 byvoorbeeld Greijdanus (s.j.b, p. 30-39; ook 1938b, p. 289); Silleviis Smitt (1910, p. 85 e.v.); Bronkhorst (1947, p. 127); J. J. van der Walt (1971, p. 26); Snyman (1977, p. 82). (Vergelyk Du Plooy, 1979, p. 84).

Volgens Calvyn kan nie met sekerheid gesê word dat die reis wat in Galásiërs 2 genoem word, dieselfde is as dié wat in Handeling 15 vermeld word nie. Hy sê dat die geskiedenis ons eintlik na 'n teenoorge-stelde gevolgtrekking lei. Paulus het vier reise na Jerusalem onderneem. Calvyn meen dat Galásiërs 2:2 verwys na die reis waarvan in Handeling 12:25 gemeld word (1854, p. 46).

Nadat Du Plooy die saak kortliks bespreek het, kom hy op deugdelike gronde tot die slotsom dat Handeling 15 en Galásiërs 2:1 van twee verskillende besoeke van Paulus aan Jerusalem melding maak (1979, p. 85).

Hiermee kan vrymoediglik saamgestem word, veral in die lig van die reeds-aangehaalde verklaring van Calvyn.

In die opset van hierdie proefskrif kan die vraag of ons in Handeling 15 die prototipe, die oudste voorbeeld van latere sinodes het, nie baie breedvoerig bespreek word nie. Die bespreking sal beperk word tot enkele prominente standpunte.

Jacobs (1927) maak die stelling dat die sogenaamde aspostelkonvent (Handelinge 15) geen presedent of voorbeeld kan wees vir latere sinodes nie (p. 105). As motivering vir hierdie stelling kan genoem word dat die besluit van dié vergadering geneem is deur die apostels en die ouderlinge met die hele gemeente van Jerusalem (Handelinge 15:22). Paulus en Barnabas word nie genoem onder diegene wat tot die besluit meegewerk het nie. Dit verskil dus baie van die hedendaagse meerdere vergaderings (p. 51-52).

Jacobs noem as verdere motivering dat die besluit van die "konvent" nie juridies-bindend was nie. Hy verwys daarvoor na Handeling 15:29: "As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen". Dus kan die vergadering van Handeling 15 nie vergelyk word met hedendaagse meerdere vergaderings nie (p. 55).

By hierdie motivering van Jacobs moet egter opgemerk word dat die besluite van die vergadering van Handeling 15 *wel* bindend was. In Handeling 16:4 staan naamlik dat Paulus en Timótheüs die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan die gemeentes (15:41) oorgegee het om te onderhou.

Volgens A. Kuyper was die byeenkoms van Handeling 15 niks anders as 'n vergadering van die kerk van Jerusalem wat gehou is onder die leiding van die apostels nie. Van afvaardiging uit die baie kerke was geen sprake nie. Slegs die kerk van Jerusalem het vergader. Selfs die kerk van Antiochië, teen-

woordig in die persone van Paulus en Barnabas, het geen sitting gehad as stemhebbende lid nie (aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 110).

Van Lonkhuyzen sê dat Handeling 15 ons drie dinge leer:

- die apostels onderrig die kerke om in moeilik-hede by mekaar raad en hulp te soek, dus sodat daar kerkverband moet wees;
- dit wat volgens Gods Woord deur daardie kerkverband besluit of ooreengekom word, moet as vas en bindend gehou word;
- dit wat besluit is, moet as 'n opdrag of las of besluit wat in Gods teenwoordigheid en onder die meerdere(?) leiding van sy Gees gesamentlik geneem is, deur die kerke aangeneem en aan hulle opgelê word (1937c, p. 584-585).

Greijdanus (s.j.b, p. 30-39) lewer 'n uitvoerige betoog oor Handeling 15 en Galásiërs 2, wat hy as weergawes van dieselfde byeenkoms beskou. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat daar moeilik van hierdie vergadering te Jerusalem as van 'n sinode in die gebruikelike sin gepraat kan word. Hy vind dit ook opmerklik dat die vergadering te Jerusalem geen maatreëls tref of voorskrifte gee omtrent sensuur oor eventuele ongehoorsames nie. Hierdie vergadering het so heeltemal anders gehandel as latere sinodes in vroeër eeue en tans.

Calvyn bespreek die vergadering waarvan Handeling 15 melding maak en trek in 'n paar opsigte 'n parallel tussen daardie vergadering en die sinodes van later tyd (1900, p. 111-115). Hy sê dan dat hier van Godswê vir ons die wyse en orde waarop sinodes saamgeroep moet word, voorgeskryf word, naamlik wanneer daar 'n geskilpunt voorgekom het wat op geen ander manier bygelê kan word nie (p. 116).

Die Independentiste het in die tyd van Voetius beweer dat die "apostelkonvent" van Handeling 15 nie die prototipe van die latere sinodes kan wees nie. Die rede vir hierdie bewering was omdat daar slegs die ampsdraers van één Kerk, Jerusalem, saamgekom het met enkele afgevaardigdes van 'n ander Kerk, Antiochië. Voetius weerlê dit met die opmerking dat dit weinig verskil maak of daar baie of min kerke te Jerusalem byeen was en of alle ampsdraers daar teenwoordig was of slegs deur enkele afgevaardigdes verteenwoordig is. Die saak waar dit om gaan, is in Handeling 15 teenwoordig. Daar is verband tussen die kerke en gemeenskaplike magsoefening. In beginsel is 'n vergadering van 2 kerke dus reeds 'n sinode (weergegee deur M. Bouwman, 1937, p. 402).

H. Bouwman (1934) beweer dat daar in Handeling 15 sprake is van 'n beginsel van 'n meerdere vergadering, waar daar deur afgevaardigdes van kerke beslissings geneem is wat deur die kerke nagekom moes word. Tog is dit ook so dat die "konvent" te Jerusalem geen sinode was "in den lateren zin van het woord". Dit

kan egter beswaarlik weerlê word dat dit wel 'n beginsel van 'n sinode was. Hy wys ook daarop dat Handeling 15:2 duidelik wys op 'n *afvaardiging*: hulle het besluit, opdrag gegee ("etaksan" van "tassoo" - kyk Dellings, 1972, p. 27-31) dat hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem "in verband met hierdie vraagstuk." (p. 47-48).

Volgens H. H. Kuyper (1931-32) het die sogenaamde apostelkonvent vir die Gereformeerde dogmatici en kerkregkenners die bewysplaas vir sinodes geword (p. 5).

Al sou geen "konvent" ná dié wat in Handeling 15 beskryf is, plaasgevind het nie, mag daaruit nie afgelei word dat die gemeentes nou voortaan outonoom geword het en dat elkeen kon optree soos hy wou nie. Toe die apostels nog geleef het, was die behoefte aan 'n "konvent" nie so groot nie, omdat die apostels die leiding van die kerk uit die hand van Christus ontvang het. Paulus se briewe staan byvoorbeeld vol van verordeninge wat hy aan die kerke gegee het. In die na-apostoliese tyd is die sinodale stelsel vanself ingevoer. Op die argument dat 'n voorbeeld nog geen voorskrif is nie, kan met Calvyn geantwoord word dat ons wel geen bevel het nie, maar die feit dat die apostels iets gedoen het, is vir ons normatief. Al is dit dan só, sê Kuyper, dat die "apostelkonvent" geen sinode was soos ons sinodes nie, moet 'n mens tog toestem dat ons te doen het met 'n goddelike aanwysing. Sodra geskille ontstaan, moet een kerk nie selfstandig beslis nie, maar die kerke

gesamentlik as die saak gewigtig is (p. 6-7).

Vir Kuyper staan dit vas dat die sinodale sisteem wel deeglik sy grondslag kry in Gods Woord en dus beskou moet word as 'n positiewe goddelike reg. Die vergadering te Jerusalem word ten onregte 'n "apostel-konvent" genoem. Dit was 'n byeenkoms van die Kerke van Jerusalem en Antiochië, verteenwoordig deur hul afgevaardigdes. Hierin vind ons dan 'n prototipe van ons huidige meerdere vergaderings. Die besluite wat daar geneem is, het ook bindende krag gehad (Handelinge 16:4) (p. 19-20).

Die vraag kom egter na vore of die "sinodale stelsel" kragtens *goddelike* reg of slegs kragtens *kerklike* reg is. En indien dit kragtens goddelike reg is, gaan dit dan om 'n "*jus divinum permissivum*" ('n *toegelate* goddelike reg, wat egter geen voorskrif is nie) of om 'n "*jus divinum positivum*" ('n *voorskriftelike* goddelike reg). Kuyper stel dit duidelik dat daar geen twyfel oor kan bestaan dat dit 'n kerklike reg is nie (p. 21). Maar dit is ook 'n *goddelike* reg. Daar is wel nie 'n regstreekse gebod van God aan die kerke om so 'n "sinodale stelsel" in te voer nie. Dit staan dus nie op dieselfde vlak as die instelling van die ampte, die bediening van Woord en sakramente en die tug nie. Dit behoort dus nie tot die *wese* van die kerk nie, maar slegs tot die *welsyn* daarvan. Tog kan ons op voetspoor van Calvyn en Voetius sê dat ons hierin 'n *goddelike* reg het, en wel 'n *voorskriftelike* goddelike reg. God het ons

in die "apostelkonvent" 'n voorbeeld gegee hoe gehandel moet word as daar geskille ontstaan. Die nadere uitwerking daarvan het God aan die kerke oorgelaat (p. 22).

H. H. Kuyper (1923, Deel VI, bladsye ongenommer) wys ook daarop dat die aanleidende oorsaak tot die vergadering, waarvan Handeling 15 melding maak, 'n saak was wat nie in 'n mindere vergadering afgehandel kon word nie en daarom deur 'n meerdere vergadering beslis moes word. Dit spreek ook vanself dat in so 'n geval die vryheid van die plaaslike kerk nie ingekort is nie, want die plaaslike kerk het self die saak na die meerdere vergadering gebring. Volgens Handeling 15:23 (vergelyk ook 15:41 en 16:4, J.V.) is die besluite ook na die ander plaaslike kerke deurgegee om onderhou te word, omdat dit 'n saak was wat al die kerke geraak het.

In hoofsaak word hierdie verklaring van H. H. Kuyper ook teruggevind by Grosheide (1948, p. 7-80), Snyman (1977, p. 82), Van der Linde (1965, p. 133-135), Du Plooy (1979, p. 96-99) en J. J. van der Walt (1971, p. 25-27). (Vergelyk ook Bannerman, 1974, Deel 2, p. 325-329).

Van der Linde stel die saak egter te sterk as hy beweert dat *al* die wesenstrekke van 'n meerdere vergadering reeds in die vergadering te Jerusalem aanwesig was (1965, p. 135; kursivering van my, J.V.). Ook J. J. van der Walt se bewering dat die Jerusalemse vergadering 'n sinode is (1971, p. 26), is te sterk.

Hoogstens kan gesê word dat die *beginnel* van die latere sinodes hier gevind word. Spoelstra (1971, p. 53) opper ook die volgende bedenking oor 'n uitlating van Van der Walt: "Kan ons sê dat die *apostels* hier die gemeente verteenwoordig (26) soos ons dit vandag verstaan? Die probleem is dat 'n mens op die wyse kan *inlees* en 'n voorafingename standpunt bewys." (Kursivering oorspronklik, J.V.).

Die vraag of ons in Handeling 15 die prototipe van latere sinodes het, kan dus bevestigend beantwoord word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar in die vergadering, waarvan Handeling 15 'n beskrywing gee, slegs die *beginnel* van latere sinodes gevind word en nie 'n volledig-uitgewerkte "sisteem" nie.

4. DIE SAMESTELLING VAN MEERDERE VERGADERINGS

4.1 Meerdere vergaderings is vergaderings van kerke

In art. 41 K.O. word bepaal dat 'n klassis 'n vergadering van naburige kerke is. Art. 47 beskryf 'n partikuliere sinode as 'n vergadering van naburige klas-sisse. 'n Nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes (art. 50) en die algemene sinode is 'n vergadering van al die nasionale sinodes.

Tot en met die Sinode van 1958 is *alle* kerke *direk* verteenwoordig in *alle* meerdere vergaderings. Tog het die Kerkorde reeds vóór 1958 bepaal dat die kerk-

raad na die klassis afvaardig (art. 41), die klassis na die partikuliere sinode (art. 47) en die partikuliere sinode na die "algemene" sinode (art. 50) (G.K.S.A., 1945?, p. 26-29).

Die Sinode van 1958 besluit egter dat die afvaardiging voortaan moet geskied "volgens die beginsel van die Kerkorde (artt. 41, 47, 50)" (W.F. Venter, 1958, p. 37-43).

S6 is dit tans nog.

Spoelstra (1966, p. 179) wys daarop dat hierdie "getrapte verteenwoordiging" deur die Sinode van 1958 om *praktiese redes* ingevoer is. Tereg toon hy aan dat daar in wese geen verskil tussen 'n klassis, 'n partikuliere of nasionale sinode is nie. Die wyse van getrapte of indirekte verteenwoordiging van die "kerkrade" (sic.) op die partikuliere en nasionale sinode hef nie die beginsel op nie. Al die "kerkrade" kom in die onderskeie klassisse saam; om praktiese redes vaardig die klassis, "as vergaderde *kerkrade*" sy verteenwoordigers na 'n partikuliere sinodale byeenkoms (art. 41) af; om praktiese redes word dieselfde proses (wat met afvaardiging van die kerkrade na 'n klassis begin het), afgerond deur 'n nog kleiner deputasie uit die partikuliere na 'n nasionale sinode te stuur. Die getrapte verteenwoordiging en die beginsels in art. 30 en 33 K.O. (waardeer die agenda met elke meerdere vergadering konsentries kleiner word), onderstreep die

feit dat die kerkrade die eintlike regeerliggame is en dat die meerdere vergaderings nie 'n selfstandige bestaan buite die kerkrade het nie.

Volgens Voetius bestaan 'n klassikale vergadering ("conventus classicus") uit afgevaardigdes van plaaslike kerke. 'n Provinsiale sinode bestaan egter uit afgevaardigdes van klassisse. 'n Nasionale sinode bestaan uit afgevaardigdes van die provinsiale of partikuliere sinodes (1676, p. 124).

In hierdie uiteensetting van Voetius moet nadruk gelê word op die woord "delegatis" (afgevaardigdes) wat driemaal herhaal word. Daaruit word dit duidelik dat meerdere vergaderings vir Voetius vergaderings van kerke is, verteenwoordig deur hulle afgevaardigdes.

M. Bouwman beweer egter dat 'n meerdere vergadering 'n vergadering van ampsdraers is, wat ampshalwe gaan en nie kragtens afvaardiging nie (1937, p. 91). Greijdanus (1938d, p. 305) toon egter aan dat die dienaars volgens Voetius nie kragtens hul eie amp of uit krag van onmiddellike goddelike reg na die klas-sis kom nie, maar deur die positiewe reg, volgens die bepaling en afvaardiging van die kerke.

Du Plooy (1979, p. 115) wys tereg daarop dat met die bogenoemde beskouing van M. Bouwman bepaalde beginsels verkrag word. Die ampte word losgemaak van die kerk waaraan hulle verbind is, en deur saamvoeging van "ampsdraers" word dan selfstandige mag en gesag aan

die meerdere vergaderings verleen.

Die standpunt van M. Bouwman word ook pertinent deur Greijdanus weerlê. Hy sê uitdruklik dat klassisse en sinodes *geen vergaderings van ampsdraers is nie, maar van kerke* (1937, p. 342; kursivering oorspronklik, J.V.).

M. Bouwman (1937, p. 94) beweer ook dat 'n predikant van 'n kerk waar geen kerkraad is nie, nie na die klassis afgevaardig hoef te word nie. So 'n predikant kom uitsluitlik ampshalwe in die klassis. Die klassis en sinode is eintlik nie vergaderings van kerke nie, maar van ampsdraers.

Volgens Greijdanus is dit 'n onjuiste konklusie dat die genoemde predikant uitsluitlik ampshalwe in die klassis kom. Hy kom wel met sy amp bekleed na die vergadering, maar hy kom kragtens die feit dat hy ampsdraer is van dié bepaalde kerk. Nie sy amp as sodanig nie, maar sy ampsverhouding tot die kerk verleen aan hom sy bevoegdheid om in die klassis te kom. Hy kom nie ampshalwe nie, nie *kragtens* sy amp nie, hoewel *in* sy amp. *Kragtens die bepaalde verhouding tot sy bepaalde kerk* kom hy in die klassis en het hy keurstem (1937, p. 342; kursivering van my, J.V.).

Dat meerdere vergaderings vergaderings van kerke is en nie van ampsdraers nie, word ook duidelik gestel deur onder andere A. Kuyper (aangehaal deur Kuypers, 1949a, p. 40) en H. Bouwman (1934, p. 17, 21).

Met nadruk sê Van der Vyver dat 'n klassis 'n vergadering van naburige *kerke* is en nie 'n vergadering van *kerkrade* nie (s.j., by art. 41(1); eerste kursivering oorspronklik en tweede kursivering van my, J.V.).

In art. 34 van die Kerkorde van die C.R.C. word gesê dat die meerdere vergaderings saamgestel word uit ampsdraers wat deur die konstituerende mindere vergaderings afgevaardig is. Brink en De Ridder merk hierby op dat die meerdere vergaderings verteenwoordigend is van die gemeentes wat die mindere vergaderings konstitueer (1979, p. 154. Vergelyk p. 166, art. 39).

Die standpunt dat meerdere vergaderings vergaderings van *kerkrade* is en nie soseer van *kerke* nie, word onder andere gehuldig deur Van der Linde en Spoelstra.

Van der Linde grond sy mening op die feit dat die *kerkrade* die deputate na die klassis afvaardig, soos blyk uit art. 41 K.O. en die "konseplasbrief vir afvaardiging na die klassis". Hy wys ook daarop dat die vergadering wat in Handeling 15 beskryf word, uit die ampsdraers, dus die Kerkraad, van Jerusalem en die afgevaardigde ampsdraers uit Antiochië saamgestel is. Hy ag dit ook waarskynlik dat die afvaardiging van Antiochië deur en uit die Kerkraad van Antiochië, met goedkeuring van die gemeente, gedoen is (1965, p. 142-143. Vergelyk ook 1977/8, Deel II, p. 2, 39-40).

Teenoor hierdie argument van Van der Linde kan gestel word dat die afvaardiging deur die *kerkraad* nog nie van 'n klassis 'n vergadering van *kerkrade* maak nie. Hier kan slegs na art. 11 K.O. verwys word: "Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, ...". Wanneer die kerkraad dan afgevaardigdes na die klassis aanwys, doen hy dit *as verteenwoordiger van die kerk*. Daarom bepaal art. 41 K.O. ook dat die naburige kerke elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling na die klassis afvaardig. Die feit dat die afvaardiging organisatories en prakties deur die *kerkraad uitgevoer* word, verander niks aan die beginsel dat 'n klassis 'n vergadering van naburige kerke is nie.

Du Plooy (1979) merk in hierdie verband op dat die afgevaardigdes "met geloofsbriewe en opdragte van die plaaslike kerk (*die funksie uitgeoefen deur die kerkraad*) gestuur word as afgevaardigdes. Op hierdie wyse verteenwoordig hulle die plaaslike kerk en tree hulle ten behoeve van die verskillende kerke, wat verteenwoordig word, op." (p. 116). Die plaaslike kerk, wat deur dié afgevaardigdes verteenwoordig word, gee self die mandaat daartoe, *onder leiding van die kerkraad* (p. 117; kursivering van my, J.V.).

Spoelstra sit sy standpunt soos volg uiteen waar hy art. 41 K.O. bespreek: "Die woord '*kerk*' beteken hier ... die geïnstitueerde kerk aan wie Christus die uitoefening van sy regering opgedra het. Ten opsigte van die regering word die kerk in die kerkraad verteenwoordig. Die klassis is dus 'n vergadering waar naburige kerkrade met mekaar saamkom ter

wille van kerkregering." (1966, p. 259-260). Hoe Spoelstra kan beweer dat die klassis 'n vergadering is waar naburige *kerkrade* met mekaar saamkom, op grond daarvan dat die kerk ten opsigte van die regering in die kerkraad verteenwoordig word, is nie duidelik nie. Die feit dat die kerkraad die kerk verteenwoordig (vergelyk art. 11 K.O. en Spoelstra se eie argumentasie) moes hom juis tot die gevolgtrekking gebring het dat 'n klassis 'n vergadering van *kerke* is en nie van *kerkrade* nie.

Op 'n ander plek (1967, p. 25) sê Spoelstra van art. 41 K.O. dat dit meer korrek sou wees om te praat van "n vergadering van naburige *kerkrade*". Sy rede vir hierdie stelling is dat al die gelowiges (naburige kerke) tog nie in die klassis saamkom nie. 'n Mens sou egter tereg kon vra: kom al die "kerkraadslede" dan in die klassis saam, sodat dit daarom 'n vergadering van *kerkrade* genoem moet word? Hierdie argument van Spoelstra is gladnie oortuigend nie.

Verder sê Spoelstra (p. 27) dat al die lede van 'n kerkraad na 'n "meerdere kerkvergadering" sou kon gaan. Omdat dit egter onprakties is, word die beginsel van verteenwoordiging deur gemagtigde deputate gevolg. (Let op Spoelstra se begrip "kerkvergadering"; konsekwent moes dit gewees het: "kerkraadsvergadering").

Hierteenoor kan verwys word na Du Plooy (1979, p. 117). Hy merk op dat al die lede van 'n kerkraad wel na 'n meerdere vergadering kon gaan. "... maar selfs dan",

só sê hy tereg, "kan hulle nie sonder kredensiebrief gaan nie, en sou onses insiens art. 33 K.O. so verstaan moet word dat die plaaslike kerk wat hulle verteenwoordig, self die mandaat daartoe gee onder leiding van die kerkraad. Die lasbriewe is geen formaliteit nie, maar noodsaaklik omdat daardeur die karakter van die meerdere vergadering bepaal word..."

Indien meerdere vergaderings vergaderings van *kerk-rade* was, kom die vraag onwillekeurig na vore op watter wyse die *diakens* dan in meerdere vergaderings verteenwoordig word. Volgens art. 37 K.O. is die diakens immers nie lede van die kerkraad nie.

Die Sinode van 1976 wys egter uit dat daar in die praktyk nie so 'n probleem bestaan nie: "In die meerdere vergaderings, daarenteen, gaan dit nie om verteenwoordiging van ampte nie, maar van *kerke*. Derhalwe is die diakenamp tog verteenwoordig op die meerdere vergaderings waar die *kerke* saamkom." (A.J. du Plessis en De Weerd, 1976, p. 26-45).

Die standpunte van Van der Linde en Spoelstra kan dus nie as korrek aanvaar word nie.

4.2 Die afvaardiging na meerdere vergaderings

In artt. 41, 47, 50 en 51 K.O. word bepaal dat predikante en ouderlinge na meerdere vergaderings afgevaardig moet word. In art. 33 word voorgeskryf dat hierdie afgevaardigdes hul geloofsbriewe en opdragte, onderteken deur die wat hulle stuur, moet saambring.

Ons het dus hier met vier kardinale sake te doen:

- die afvaardiging as sodanig;
- wie afgevaardig moet word;
- geloofsbriefe;
- opdragte.

Aan elk van hierdie vier sake sal nou agtereenvolgens aandag gegee word.

4.2.1 Die afvaardiging as sodanig

In die vorige onderafdeling is vasgestel dat meerdere vergaderings vergaderings van naburige *kerke* is, soos in art. 41 K.O. bepaal. Elke kerk stuur, onder leiding van die kerkraad, sy afgevaardigdes na die klassis.

Volgens die Independentiste moet die *gemeente* die afgevaardigdes na die klassis kies. Die Gereformeerdes aanvaar egter dat die kerkraad daargestel is om die regering uit te oefen. Daarom kies die kerkraad namens die kerk die afgevaardigdes na die vergadering waar die kerk self teenwoordig moes wees. Omdat die diakens in talle sake wat ook in die klassis aan die orde kom, saam met die kerkraad optree (byvoorbeeld soos in artt. 4, 5, 10, 22 beskryf), is dit prakties wenslik dat die diakens ook deel sal hê aan die verkiesing van afgevaardigdes na die klassis (Spoelstra, 1966, p. 261).

Sulke afgevaardigdes *verteenwoordig* dan die plaaslike

kerk in die klassis, asof die plaaslike kerk self daar teenwoordig is. Allermens hef dit die selfstandigheid van die plaaslike kerk op.

Wanneer gepraat word van afgevaardigdes as "verteenwoordigers" van die plaaslike kerk, moet dit nie in 'n *demokratiese* sin verstaan word, asof sulke afgevaardigdes slegs die "vox populi" (die stem van die volk, die gemeente) moet verklank nie. In die kerk is daar immers geen sprake van *demokrasie* (regering deur die volk, die gemeente) nie, maar slegs van *Christokrasie* (regering deur Christus). (Vergelyk Visser, 1980, p. 89). Ook moet duidelik gestel word dat die afgevaardigde ampsdraers wel *verteenwoordigers* van die plaaslike kerk is, maar nie *organe* daarvan nie. Hulle is, as ampsdraers, slegs organe van *Christus*. (Vergelyk Visser, 1980, p. 89). In die gedagte van afgevaardigdes as verteenwoordigers van die plaaslike kerk moet ook nie ingelees word dat 'n kerkraad *oorspronklike* gesag het en 'n meerdere vergadering *gedelegeerde* gesag nie. Hierdie gedagte word in punt 5 van hierdie hoofstuk beslis afgewys.

Die wettigheid van die afvaardiging word allereers bepaal deur verteenwoordiging van kerke en nie deur die bekleding van een of ander amp nie. In die tweede plek is ooreengekom dat elke kerk hom deur 'n lerende en regerende ouderling in die klassis sal laat verteenwoordig. Dit geld ook van die ander mindere vergaderings wat na meerdere vergaderings afvaardig. (Vergelyk Spoelstra, 1966, p. 261).

n Klassis is 'n vergadering van kerke. Daarom vaardig groter en kleiner kerke presies eweveel deputate na die klassis af.

Van der Linde maak die belangrike stelling dat die afvaardiging as kenmerk vir die samestelling van die meerdere vergaderings verseker dat die vergaderings heeltemal iets anders is as die Roomse hiërargiese kolleges, waarin die lede slegs sitting neem kragtens hul persoonlike waardigheid (1965, p. 143).

Wanneer Voetius die meerdere vergaderings tipeer, lê hy nadruk op die *afvaardiging*, soos reeds in 4.1 van hierdie hoofstuk aangedui is.

Volgens die "Konseplasbrief vir afvaardiging na die klassis" tree die afgevaardigdes *namens* die plaaslike kerkraad in die klassis op, en dus ook namens die plaaslike kerk, wat deur die kerkraad verteenwoordig word.

4.2.2 Wie afgevaardig word

Artt. 41, 47, 50 en 51 K.O. bepaal dat predikante en ouderlinge na meerdere vergaderings afgevaardig word. (Vergelyk Brink en De Ridder, 1979, p. 167 en 183, artt. 40 en 45).

Omdat die plaaslike kerke in meerdere vergaderings saamkom ter wille van die kerkregering (Van der Linde, 1965, p. 143; Spoelstra, 1966, p. 260; Du Plooy

1979, p. 105, 106, 117), is die *normale* prosedure dat die mindere vergaderings verteenwoordig sal word deur diegene wat in die *regeeramp* staan, naamlik die predikante en die ouderlinge. In die lig van art. 79 K.O. dat die *kerkraad* (predikant(e) en ouderlinge, art. 37 K.O.) die tug oor ampsdraers uitoefen, is hierdie prosedure van groot betekenis by die oorweging van die tugreg van meerdere vergaderings (kyk hoofstuk 6).

H. Bouwman (1934) sê egter tereg dat die afgevaardigdes *in* hul amp gaan, maar nie *kragtens* hul amp nie (p. 28). Daarom kan in *besondere* gevalle ook wel diakens en lidmate afgevaardig word (p. 21, 135).

Ook Spoelstra (1966, p. 261) gee toe dat verteenwoordiging deur 'n "nie-ampsdraer" kan geskied, maar slegs by wyse van hoë uitsondering. (Vergelyk hier die reëling in art. 38 K.O., dat die diakens soms *wel* by die kerkraad gereken kan word).

Van der Linde (1965, p. 143) ag dit strydig met sowel die Skrifgegewens as die Kerkordes van die Nederlandse Gereformeerde Kerke vanaf 1578 en van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. "Die regering van die kerk berus by die kerkraad, en as die kerkrade van meer kerke bymekaar kom met die oog op die kerkregering, kan hulle alleen verteenwoordig word deur *ampsdraers*, lede van die kerkrade wat afvaardig." (Kursivering oorspronklik, J.V.).

Hierdie beskouing van Van der Linde is die logiese konsekwensie van sy standpunt dat 'n meerdere vergadering 'n vergadering van *kerkrade* is.

Hy sê dan ook dat die amp van wesenlike betekenis vir die samestelling van meerdere vergaderings is, maar dit mag nie van die afvaardiging deur kerkrade losgemaak word nie. Meerdere vergaderings kan alleen saamgestel word uit afgevaardigde ampsdraers van kerkrade van plaaslike kerke. As beide die afvaardigings- en ampskarakter van die meerdere vergaderings so in die oog gehou word, sal die selfstandigheid van sowel die kerkrade as van die ampsdraers as gesante van Christus behoue bly (1965, p. 145-146).

Dat die afgevaardigdes na 'n klassis 'n lerende en regerende ouderling moet wees, is korrek en in ooreenstemming met art. 41 K.O.. Die rede hiervoor is egter nie omdat 'n klassis 'n vergadering van *kerkrade* is, soos Van der Linde beweer nie, maar omdat die plaaslike kerke in meerdere vergaderings byeenkom *ter wille van die kerkregering* (kyk hierbo).

Wanneer, om watter rede ookal, geen predikant of ouderling afgevaardig kan word nie, kan ook 'n *diaken* afgevaardig word, volgens die reëling in art. 38 K.O.. So 'n diaken tree dan tydelik op as *hulp-ouderling* (vergelyk Nederlandse Geloofsbelofte, art. 30). Dieselfde geld, per implikasie en na analogie van art. 38 K.O., ook van 'n gewone lidmaat. Dit moet egter beklemtoon word dat so-iets slegs in *hoogs-*

uitsonderlike gevalle mag gebeur en dat so 'n afgevaardigde diaken of lidmaat tydelik en vir 'n baie spesifieke doel as *hulp-ouderling* optree.

Vir die wettige samestelling van meerdere vergaderings is dus die afvaardiging sowel as die regeeramp van wesenlike betekenis.

4.2.3 Geloofsbriewe

'n Meerdere vergadering is 'n vergadering van kerke wat verteenwoordig word deur aangewese afgevaardigdes.

Hierdie afgevaardigdes na die meerdere vergaderings moet hulle geloofsbriewe, onderteken deur die wat hulle stuur, saambring (art. 33 K.O.).

In al die geloofsbriewe van die Nederlandse sinodes van die 16e eeu was die hoofsaak blykbaar dat aan die afgevaardigdes wat daarin genoem is, opdrag en volmag gegee is om die kerke wat hulle afgevaardig het, in die sinode te verteenwoordig. Die sinode was dus nie 'n vergadering van *persone* nie, maar 'n vergadering van kerke, asof dié almal, en elkeen van hul lede, self daar teenwoordig was (Rutgers, 1890, p. 19, voetnota 2)).

H. Bouwman wys daarop dat die geloofsbriewe bewys lewer dat iemand wettig gestuur is en opdrag ontvang het om namens die sendende kerk te handel. Daarom is dit nodig dat die afgevaardigdes in besit van geloofsbriewe moet wees, wat hulle by die vergadering

inhandig en op grond waarvan hulle sitting verkry (1934, p. 59, 128).

Spoelstra kwalifiseer die geloofsbriewe as vertrouensbriewe, wat eerstens getuig dat die draer daarvan wettig *afgevaardig* (gestuur) is. Tweedens omlyn dit die mandaat of bevoegdheid van die draer presies en bepaal dit in hoeverre die sender hom deur die afgevaardigde laat verteenwoordig. Dit beskryf die verhouding tussen die deputaat en die instansie wat hom stuur. Die beginsel wat hieruit vloei, is dat die instansie wat teenwoordig moet wees, hom deur 'n *afgevaardigde* met 'n geloofsbrief laat verteenwoordig, asof hyself daar in die afgevaardigde teenwoordig is (1966, p. 209; kursivering oorspronklik, J.V.. Vergelyk hier ook Greijdanus, 1937, p. 342).

In die geloofsbriewe wat in die G.K.S.A. gebruik word, word die gesag van Gods Woord, asook die krag van die Belydenisskrifte, pertinent erken. Die afgevaardigdes mag slegs oordeel en besluit volgens Gods Woord en die Drie Formuliere van Eenheid. Die afvaardigende vergadering verbind hom ook in die geloofsbrief om alle besluite van die meerdere vergadering, wat ooreenstem met Skrif en Belydenis, as vas en bindend te beskou en dit getrou te help nalewe en uitvoer.

In die lig van dit wat hierbo en ook in punt 4.2.2 gesê is, kry die geloofsbrief dus 'n baie belangrike betekenis. Dit lewer eerstens bewys van wettige afvaardiging. Dit gee egter ook implisiet uitdrukking aan die gedagte dat Christus sy gesante, wat sy gesag

en regering in die kerke bedien, deur en uit die kerke roep en hulle in meerdere vergaderings byeenbring tot diens in breër verband. Vir die tugreg van meerdere vergaderings (kyk hoofstuk 6) is dit van kardinale belang.

'n Prominente afwyking van die ou gereformeerde reël om afgevaardigdes met *geloofsbriewe* na meerdere vergaderings te stuur, word gevind in die Reglemente van 1816 en 1852. (Kyk hoofstuk 4, punt 3.4 en 2.4 van hierdie hoofstuk).

Lohman en Rutgers (1887, p. 92) wys daarop dat die Sinode vóór 1816 'n samekoms was van kerke, deur hulle deputate, wat aan geloofsbriewe gebonde is. Geen organisasie kon dus tot stand kom sonder almal se samewerking nie. Met die Reglement van 1816 ontstaan daar egter 'n reeks koninklike besture en onderbesture, gelas om 'n organisasie in te voer en aan die kerkrade op te lê. Deur die Reglement van 1852 kom hierin geen wesenlike verandering nie (p. 121).

Kleyn (1888, p. 131) toon duidelik aan dat in hierdie nuwe kerkorganisasie die stemming volgens geloofsbriewe afgeskaf is. Elkeen het gestem volgens eie oortuiging. Met die Reglement van 1852 kom hierin ook geen verandering nie: afgevaardigdes word nie voorsien van geloofsbriewe nie (p. 134).

Die wegdoen met geloofsbriewe in 1816, en voortgesit in 1852, is nie slegs 'n administratiewe maatreël nie. Dit gryp veel dieper in as dit. Die hele

kerkbegrip kom daarmee op die spel. Dit is naamlik die noodsaaklike konsekwensie van die genootskaplike kollegialistiese kerkbegrip en kerkregeringstelsel waarop die Reglemente van 1816 en 1852 gebou is en waarvan dit 'n vergestaltung is. Hiervolgens is die "kerkverband" (of die sinode) die kerk, terwyl die plaaslike kerke slegs afdelings van hierdie "kerk" is (kyk 2.4 hiervan). Daarom is dit begryplik dat daar geen noodsaaklikheid vir geloofsbriewe in hierdie "kerkstruktuur" bestaan nie.

Die belangrikheid van geloofsbriewe as bewys van wet-tige afvaardiging, maar ook as bepaling van 'n spesifieke mandaat deur die afvaardigende mindere vergadering, het sterk na vore gekom in die "Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland", 1940-1943 en ook in dié van 1943-1945. Dit gaan naamlik om die skorsing van Prof. K. Schilder en wat daaraan voorafgegaan het, as aanleiding daartoe.

In die Gereformeerde Kerken in Nederland het onder 'n aantal geleerdes meningsverskille ontstaan oor sekere punte van die leer (G.K.N., 1940-43, p. 26, art. 377(3); p. 29, artt. 390, 392; p. 69, art. 548; p. 70, art. 550; p. 78-79, artt. 577, 578).

Ondanks versoeke dat die "leergeskille" nie deur die Sinode behandel sal word nie (G.K.N., 1940-43, p. 26, art. 377(3)), besluit die Sinode om dit tog in behandeling te neem (G.K.N., 1940-43, p. 29, art. 392).

Selfs versoeke om die behandeling van die leergeskill-
le tydelik op te skort, word deur die Sinode afgewys
(G.K.N., 1940-43, p. 54, art. 477; p. 70, art. 550;
vergelyk ook p. 101-102, art. 703).

Prof. Schilder gee kennis dat hy hom met die besluit
om aan die moderamen opdrag te gee om die Sinode
opnuut saam te roep ter behandeling van die menings-
verskille, nie kan vereenselwig nie (G.K.N., 1940-
43, p. 70, art. 550). (Vergelyk ook Berkouwer,
Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 1-2).

Op Donderdag 18 Desember 1941 het geblyk dat prof.
Schilder nie in die Sinode teenwoordig was nie
(G.K.N., 1940-43, p. 70, art. 554). Sedertdien het
hy nie weer in die Sinode verskyn nie (Berkouwer,
Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 2). Hy weier om
verder met die Sinode saam te werk, selfs na herhaal-
de versoeke en 'n oproep daartoe (G.K.N., 1940-43,
p. 79, art. 580; p. 81, art. 590; p. 87, art. 633;
p. 101, art. 702. Vergelyk Berkouwer, Milo, Hoek
en Kraan, s.j., p. 2-3).

In 'n brief van 17 Julie 1942 gee Schilder
te kenne dat hy die Sinode nie langer as wettig
erken nie. Sy redes is omdat die Sinode nie die
reg gehad het om homself voort te sit nie ("zich
te continueren") en om buite die eens vasgestelde
agenda te gaan nie (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan,
s.j., p. 5; vergelyk G.K.N., 1940-43, p. 113, art.
741).

Die Sinode keur die siening van Schilder (en 'n soortgelyke standpunt van Prof. S. Greijdanus) ten sterkste af (G.K.N., 1940-43, p. 117-118, artt. 766, 768).

Intussen het Schilder 'n uitvoerige brief aan die Kerkraad van Kampen gerig waarin hy sy mening uiteensit dat die voortgesette vergaderings van die Sinode volgens art. 50 K.O. onwettig was en sy besluite nie bindend nie. Hy versoek die Kerkraad van Kampen om die Klassis te vra om die Partikuliere Sinode byeen te roep sodat dié sy afgevaardigdes van die Sinode af kan terugroep. Hy vra ook die Kerkraad om uit te spreek dat die afgevaardigdes in die Sinode van Sneek die grense van hul bevoegdheid oorskry het. Dit wat deur hulle besluit is, kan ooreenkomstig art. 31 K.O. nie as vas en bindend beskou word nie (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 7-8).

Schilder was dus van mening dat die afgevaardigdes hul volmag as afgevaardigdes, soos in die geloofsbriewe gestipuleer, oorskry het.

Die Sinode besluit dat bogenoemde skrywe van Schilder aan die Kerkraad van Kampen in stryd is met die eise van die kerkverband en daarom deur hom teruggeneem behoort te word (G.K.N., 1940-43, p. 143-144, art. 868; vergelyk Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 8).

Schilder ontken die reg van die Sinode om sulke eise aan hom te stel. Hy bly by sy standpunt dat die

Sinode onwettig is. Van onderwerping aan die sinodale besluite kan by hom geen sprake wees nie. Na sy mening het die Sinode die kerkreg geskend (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 10).

Die Schilder-saak is vir verdere behandeling oorgedra na die nuwe Sinode wat op 22 Junie 1943 te Utrecht saamgekom het (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 11).

Hierdie Sinode wys alle besware insake die "self-kontinuering" van die vorige Sinode af en erken die wettigheid van die voortgesette Sinode en al sy besluite. Die Sinode verwag van Schilder dat hy hom met die besluite van hierdie Sinode sal vereenselwig en dat hy moes erken dat hy sy advies aan die Kerk van Kampen moes nalaat. Dit lewer egter niks op nie (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 12).

Oplaas word Schilder deur die Sinode van Utrecht eers vir 3 maande geskors (G.K.N., 1943-45, p. 111-115, art. 392) en uiteindelik as professor ontslaan en as emeritus-predikant van Rotterdam-Delfshaven afgesit op grond van artt. 79 en 80 K.O. (G.K.N., 1943-45, p. 153-154, art. 526; vergelyk Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 48-49).

Die Sinodes van Amsterdam, 1967-68 en Sneek, 1969-70 erken dat die Gereformeerde Kerken in Nederland in hierdie broedertwis nie vry-uit gaan nie. Hulle vra die vrygemaakte susterkerke om hulle alles wat in

daardie konfliktsituasie nie volgens die Gees van Christus was en nie aan die katolisiteit van die kerk beantwoord het nie, te vergewe (G.K.N., 1967-68a, p. 100; 1969-70a, p. 364-365).

Wanneer die standpunt van Schilder oor die wettigheid van die Sinode van 1940-43, en dan veral die sogenaamde "self-kontinuering" van die Sinode ná 11 Junie 1942 en die behandeling van sake buite die eens vasgestelde agenda, beoordeel word, is die volgende van belang:

- die Sinode besluit reeds op 11 Junie 1942 om 'n volgende sitting te hou (G.K.N., 1940-43, p. 108, art. 730);
- die Sinode sluit op 11 Junie 1942 "provisioeneel" (tydelik) (G.K.N., 1940-43, p. 109, art. 735);
- by die voortsetting op 1 September 1942 wys die voorsitter in sy openingsrede daarop dat die moderamen die Sinode saamgeroep het "tot *deze zitting*, daartoe gemachtigd *door uw opdracht* (G.K.N., 1940-43, p. 111-112, art. 740; kursivering van my, J.V.).
- 'n kommissie van die Sinode maak duidelik uit dat die sogenaamde self-kontinuering van die Sinode volgens beginsel en praktyk nie onwettig was nie. Dit geld ook die beswaar dat die Sinode buite die eens vasgestelde agenda gegaan het (G.K.N., 1940-43, p. 256-257, Bylae

Wanneer 'n sinode sy werksaamhede nie in 'n sekere tyd kan afhandel nie, staan dit hom vry om sy werk in 'n volgende *sitting* voort te sit. Dit beteken dat dit 'n voortsetting is *van dieselfde sinode met dieselfde afgevaardigdes*, en dat geen nuwe geloofsbriewe benodig word nie. Veral in die G.K.N. is hierdie wyse van doen algemeen.

Schilder se beswaar teen hierdie optrede van die Sinode was dus ongegrond.

Het die Sinode egter nie gefouteer deur buite die eens vasgestelde agenda te gaan nie?

Hierby moet allereers opgemerk word dat 'n kerklike vergadering in die reël nie 'n "oop" agenda het nie. Enige kerklike vergadering behoort direk ná konstituering sy agenda vas te stel. Dit is veral van belang in die geval van meerdere vergaderings waar kerke byeen is in hul wettige *afgevaardigdes* wat op grond van *geloofsbriewe* sittingsreg ontvang. Die hele beginsel van *afvaardiging met geloofsbriewe* veronderstel immers dat die afvaardigende vergadering op hoogte moet wees met die sake wat in die betrokke meerdere vergadering behandel sal word.

Daarom is dit beslis nie wenslik om "buite die eens vasgestelde agenda" sake ter tafel te neem en te behandel nie.

In dringende gevalle sou dit egter wel gedoen kan word sonder dat die vergadering daardeur onwettig sou optree. Elke vergadering moet egter self oor die dringendheid en wenslikheid van so-iets besluit (kyk byvoorbeeld G.K.S.A., 1973, p. 453-454, art. 176: 'n brief, gedateer 17 Januarie 1973, word "ontvanklik verklaar", toegelig en behandel terwyl die Sinode reeds op 10 Januarie 1973 byeengekom het).

By die Schilder-saak moet ook nog daarop gewys word dat die saak nog nie op 11 Junie 1942 afgehandel was nie (kyk G.K.N., 1940-43, p. 101, artt. 701, 702). Voorts het die brief wat Schilder op 17 Julie 1942 aan die Sinode geskryf het en waarin hy die wettigheid van die Sinode betwis, feitlik 'n "nuwe saak" by die Sinode ter tafel gelê (G.K.N., 1940-43, p. 122, art. 785).

Ook hierdie argument van Schilder was dus nie oortuigend nie.

Om saam te vat kan dus gesê word dat geloofsbriewe bewys lewer van wettige afvaardiging en opdrag om namens die sendende instansie te handel. 'n Suiwre geloofsbrief moet die gesag van Gods Woord en die Belydenis erken. Dit moet ook die selfstandigheid van die plaaslike kerk in kerkverband weerspieël. Wanneer 'n meerdere vergadering verdaag om sy werksaamhede by 'n latere sitting voort te sit, word geen nuwe deputering met nuwe geloofsbriewe vereis om so 'n voortgesette vergadering te wettig nie. Die agenda moet egter soveel as moontlik ooreenkomstig die

oorspronklike vasstelling beperk word, behalwe in dringende gevalle, waaroor elke vergadering self moet besluit.

4.2.4 Opdragte

In die afvaardiging na meerdere vergaderings moet die mandaat, die opdrag van die afgevaardigdes, duidelik bepaal word.

In die geloofsbrief wat in die G.K.S.A. gebruik word, word dit duidelik omskryf dat die afgevaardigdes "las en volmag" het om namens die afvaardigende vergadering in alle sake op te tree volgens Skrif en Belydenis tot bloei van die gemeentes, tot uitbreiding van Gods Koninkryk en tot verheerliking van Gods Naam.

Hierdie opdrag kan die *algemene* opdrag genoem word.

Die Kerkorde maak egter ook melding van 'n *besondere* opdrag of opdragte wat aan afgevaardigdes gegee kan word. In art. 33 K.O. word naamlik gesê dat die afgevaardigdes na die meerdere vergaderings hulle geloofsbriewe en *opdragte* moet saambring, onderteken deur die wat hulle stuur. Hierdie besondere opdragte is in vroeëre uitgawes van die Kerkorde "instruksies" genoem (G.K.S.A., 1961, p. 18). Onder hierdie besondere opdragte kan onder andere beskrywingspunte, advies-versoeke, versoeke tot revisie, appêlle en beswaarskrifte gereken word.

Die vraag ontstaan nou of 'n mindere vergadering aan sy afgevaardigdes kan voorskryf hoe hulle in bepaalde gevalle moet stem.

Kuypers (1949b, p. 119) wys daarop dat A. Kuyper nie wou weet van 'n bindende mandaat aan afgevaardigdes nie. Hulle moet vry gelaat word om ooreenkomstig Gods Woord te besluit, selfs al gaan dit teen die afvaardigende vergadering se voorlopige oordeel in.

H. H. Kuyper (1931-32, p. 28-29) en Van der Linde (1965, p. 149) is van dieselfde oortuiging as A. Kuyper.

H. Bouwman (1934, p. 60), Jansen (1952, p. 158) en Spoelstra (1966, p. 213) gee toe dat 'n vergadering wel aan sy afgevaardigdes 'n "mandat impératif", 'n bindende opdrag oor hoe om in 'n bepaalde geval te stem, kan gee. Dit moet egter slegs by hoë uitsondering gebeur.

By die beoordeling van hierdie probleem moet die onderskeid tussen die *algemene* opdrag, soos omskryf in die geloofsbrief, en die *besondere* opdrag, soos in art. 33 K.O. genoem en hierbo verduidelik, deeglik in die oog gehou word. Ook moet uitgegaan word van die veronderstelling dat 'n mindere vergadering so 'n *besondere* opdrag aan sy afgevaardigdes sal gee *slegs ná ernstige, ootmoedige ondersoek van Gods Woord oor die onderhawige probleem*, omdat Christus sy kerk regeer deur sy Woord en Gees.

Waar dit gaan om sake wat nie spesifiek deur die afvaardigende vergadering op die agenda van die meerdere vergadering geplaas word nie, tree die afgevaardigdes op volgens die *algemene* opdrag, soos in die geloofsbrief bewoord. By hoë uitsondering kan hier ook 'n "mandat impératif" gegee word.

In die geval van een of ander *besondere* opdrag, byvoorbeeld 'n beskrywingspunt of beswaarskrif, is die saak egter anders. So 'n beskrywingspunt of beswaarskrif is *in sy wese* reeds 'n *spesifieke opdrag*, 'n "mandat impératif" deur die afvaardigende, opdraggewende vergadering. Indien dit 'n afgevaardigde sou vrystaan om in *hierdie* geval *teen* die opdrag van sy sender te stem, tas dit die *beginsel* en die *wese* van afvaardiging in sy diepste kern aan. Dan is 'n meerdere vergadering nie meer 'n vergadering van *kerke* wat *in hul afgevaardigdes* self in die meerdere vergadering teenwoordig is nie, maar 'n vergadering van *individuele persone* wat vry is om te stem volgens die insig waaroor hulle op 'n bepaalde stadium beskik.

Indien 'n afgevaardigde deur die bespreking in 'n meerdere vergadering tot so 'n radikale ander insig kom dat hy ter wille van sy gewete *nie mag* stem volgens die opdrag van die vergadering wat hom gestuur het nie, is die enigste wat hy kan doen om buite stemming te bly. Hy is egter verplig, omdat hy 'n *afgevaardigde* is, om hom daarvoor voor sy sendende vergadering te verantwoord.

Bogenoemde argument is vanselfsprekend nie van toepassing op gevalle waar slegs advies gevra word nie.

5. DIE GESAG IN MEERDERE VERGADERINGS

Voordat hierdie onderwerp behandel word, moet die aandag daarop gevestig word dat in die opskrif nie sprake is van die gesag *van* meerdere vergaderings nie, maar die gesag *in* meerdere vergaderings.

In die kerk van Christus, waarvan Hy die Hoof is, is daar naamlik *slegs een gesag*, en dit is die gesag *van Christus*. Hierdie gesag van Christus word dan deur menslike instrumente *bedien*. Daarom kan daar, streng gesproke, nie gepraat word van die gesag *van* mindere en meerdere vergaderings nie. Daar is slegs die gesag *van* Christus wat *in* die vergaderings *bedien* word.

M. Bouwman (1937, p. 178-179) wys daarop dat Voetius die mag van die meerdere vergadering ten aansien van die mindere verandering in die algemeen en ten aansien van die kerkraad in die besonder 'n *kumulatiewe* mag noem, en nie 'n *privatiewe* mag nie. Hierdie twee uitdrukkings is ontleen aan die Romeinse reg. Die Romeinse reg ken twee vorme van skuldoorname, 'n *privatiewe* en *kumulatiewe*. By die eerste *verval* die verpligting van die oorspronklike skuldenaar, terwyl dit by die *kumulatiewe* skuldoorname *naas* dié van die persoon wat die skuld oorgeneem het, *bly bestaan*.

In die kanonieke reg (die Roomse kerkreg) is hierdie uitdrukkings tegniese terme. Dit dien tot vasstelling van die verhouding van die magsbevoegdheid van twee verskillende instansies. "*Privatief*" beteken dan "*uitsluitend*": dit ken 'n bepaalde bevoegdheid toe aan één instansie met uitsluiting van ander. "*Kumulatief*" beteken "*daarnaas bestaande*": dit ken 'n bevoegdheid, wat by die een instansie berus, ook toe aan 'n ander, sonder dat daardeur die bevoegdheid van die eerste instansie ontken word (kursivering van my, J.V.. Bouwman ontleen hierdie onderskeiding aan R. Köstler: "Wörterbuch zum Codex Iuris Canonici, ...").

Die sinodale mag is volgens Voetius dus nie *privatief* nie, maar *kumulatief*. Dit staan die plaaslike kerke naamlik vry om hul eie sake te reël. Hierdie eienskap veronderstel die handhawing van art. 30 K.O.: in meerdere vergaderings sal slegs dit behandel word wat in mindere vergaderings nie afgehandel kan word nie (1937, p. 180). (Vergelyk hier ook Conring, 1965, p. 131-132).

Voetius onderskei die kerklike mag in drie dele:

- "potestas dogmatica" (leermag);
- "potestas ordinis" of "regiminis" (regeermag);
- "potestas jurisdictionis" of "disciplinae" (tugmag) (H. H. Kuyper, 1931-32, p. 29).

In 1923 (Deel IV, bladsye ongenommer) beweer H. H.

Kuyper dat hierdie kerklike mag, volgens die Nuwe Testament, aan die plaaslike kerk en sy ampsdraers toevertrou is. Hierdie drieërlei mag kom nie aan die meerdere vergaderings toe nie, maar is aan die plaaslike kerk, aan sy ampsdraers, gegee.

Volgens hom het die meerdere vergaderings geen selfstandige, eie kerklike mag nie, maar 'n *afgeleide* mag - 'n mag wat ontstaan deurdat diegene wat hierdie mag alleen besit, self hul afgevaardigdes magtig om in hul naam te besluit (1923, Deel V, bladsye ongenommer. Vergelyk H. Bouwman, 1934, p. 21).

Dieselfde gedagte word ook gevind in die Kerkorde van die C.R.C.. In art. 27 word gesê dat die gesag van kerkrade oorspronklik is en dié van meerdere vergaderings gedelegeer (Brink en De Ridder, 1979, p. 111, vergelyk p. 112).

Tereg sê Du Plooy (1979, p. 123-124) dat dit 'n valse probleemstelling is om die kerkraad en die meerdere vergadering só teenoor mekaar te stel.

M. Bouwman (1937, p. 198) maak egter die stelling dat Voetius die bogenoemde drieërlei kerklike mag uitdruklik ook aan die sinodes toeken.

Baie belangrik is dit wat A. Kuyper baie sterk beklemtoon, naamlik dat die meerdere vergaderings nie *hoër* vergaderings is wat *bo* die kerkrade staan nie. Eintlik staan die klassis en sinode, om dit met

Voetius baie skerp uit te druk, *onder* die kerkraad. Die hoogste mag berus by die kerkraad en van die kerkraad daal die mag af op die klassis en die sinodes. Die kerkrade is die *lasgewers* en die "lede" van die klassis of sinode is die *lashebbers* (1892b, bladsye ongenommer; 1898, p. 40; 1901, bladsye ongenommer. Vergelyk H. Bouwman, 1934, p. 18).

In art. 36 K.O. word gesê: "Dieselfde seggenskap het die klassis oor die kerkraad wat die partikuliere sinode oor die klassis, die nasionale sinode oor die partikuliere sinode en die algemene sinode oor die nasionale sinode het."

Let daarop dat art. 36 K.O. nie sê: "Dieselfde seggenskap het die kerkraad oor die gemeente wat die klassis oor die kerkraad... het" nie. Op grond van hierdie feit, dat art. 36 K.O. nie melding maak van die seggenskap van die kerkraad oor die gemeente nie, beweer sommige dat daar 'n prinsipiële, wesenlike verskil is tussen die gesag van die kerkraad en dié van die meerdere vergaderings.

Só byvoorbeeld H. Bouwman (1934, p. 22). Hy sê daar is 'n prinsipiële verskil tussen die "mag" van die kerkraad en dié van die meerdere vergaderings. Dit is 'n verskil in *oorsprong*, in *wese*, in *duur* en in *doel*. Op p. 27 weerspreek hy homself egter deur te sê dat die "mag" van die meerdere vergaderinge wel dieselfde in *aard en wese* is as dié van die mindere vergaderings (kursivering van my, J.V.).

Ook Greijdanus (s.j.b, p. 15-16), Rutgers (1890, p. 21-23) en Spoelstra (1966, p. 227) beklemtoon dit dat art. 36 K.O. nie deurgetrek kan word na die gesag van die kerkraad oor die gemeente nie.

Hierteenoor word tereg aangevoer dat art. 36 K.O. nie van die gesag van die kerkraad oor die gemeente spreek nie, omdat dit nie daar ter sake is nie. Art. 36 K.O. handel oor die verhouding tussen die verskillende *vergaderings* (H. H. Kuyper, 1931-32, p. 36; Van der Linde, 1977/8, Deel II, p. 27; M. Bouwman, 1937, p. 387-388). M. Bouwman wys daarop dat Voetius herhaaldelik die mag van klassisse en sinodes oor kerke en kerkrade vergelyk met die mag wat die kerkraad oor die gemeentede of ampsdraers het (1937, p. 386).

Tussen die gesag van kerkrade en dié van meerdere vergaderings is daar geen prinsipiële, wesenlike, kwalitatiewe verskil nie. Daar is in die kerk en in alle kerklike vergaderinge *slegs een gesag*, en dit is die gesag van Jesus Christus, die Koning van die kerk. Die enigste verskil tussen die gesag van 'n kerkraad en dié van 'n meerdere vergadering is 'n verskil in *omvang*, volgens art. 30 K.O., en 'n verskil in *duurte*, omdat die kerkraad die enigste permanente vergadering in die kerklike "organisasie" is.

Hierdie standpunt word onder andere gesteun deur Van der Linde (1965, p. 150), J. J. van der Walt (1971, p. 30) en Du Plooy (1979, p. 127-128).

(Vergelyk hier ook Spoelstra, 1971, p. 54-55; H. Bouwman, 1928, p. 347).

Bannerman beweer dat daar in 'n meerdere vergadering 'n toename in invloed en gesag is. Direk daarná sê hy egter tereg dat die aard van die gesag in 'n meerdere vergadering en in 'n kerkraad dieselfde is. Die beslissing van 'n kerkraad en dié van 'n sinode is in hul bindende krag presies dieselfde (1974, Deel 2, p. 315-316).

Waar art. 36 K.O. praat van "dieselfde" seggenskap, word daarmee alle hiërargiese rangorde van laag na hoog afgesny. "Dieselfde" beteken *identities*, *gelyk*. Die vergaderings het dus identiese, gelyke gesag (vergeelyk Van der Linde, 1977/8, Deel II, p. 25-27).

"Dieselfde" gesag beteken dat dit dwarsdeur, van kerkraad tot algemene sinode, die gesag van Christus deur sy Woord is.

Daar is nêrens in die kerk 'n ander gesag nie. Daar is net verskillende bedieninge op verskillende terreine van dieselfde koninklike gesag van Christus, wat die Heilige Gees in die Heilige Skrif vasgestel het (J. J. van der Walt, 1971, p. 30).

Spoelstra (1971, p. 55) ag dit ewe onaanneemlik om gesag vir meerdere vergaderings uit hulleself op "n gebod van God" (J. J. van der Walt), of uit saamgebragte mag uit kerkrade (Doleansiekerkreg), of

uit mag uit 'n abstrakte "ampsdraer"-begrip (M. Bouwman) af te lei.

Gesag in die kerk, wat die essensiële betref, berus volgens hom tereg by Christus. Aan die uitoefening daarvan moet die amp (ouderling - opsiener), die kerkraad en die meerdere kerkvergadering diensbaar wees. Wie diensbaar is, besit geen oorspronklike gesag nie.

Rutgers (1921, p. 263) waarsku dan ook tereg teen uitdrukkings soos "soewereiniteit" van die kerkraad en "outonomie" van die plaaslike kerk. Hy sê in die kerk (dus ook in meerdere vergaderings, J.V.) is slegs Christus soewerein en die ampsdraers is "dienare".

Dit is dus verkiesliker om te praat van die gesag *in* meerdere vergaderings in plaas van die gesag *van* meerdere vergaderings, omdat daar in die kerk slegs die gesag *van Christus* is.

In hierdie verband is dit ook belangrik om te benadruk dat die meerdere vergaderings geen nuwe regeerliggame is nie (Van der Linde, 1965, p. 143). Die meerdere vergaderings is geen kerkbesture nie (Lohman en Rutgers, 1887, p. 27).

In die Reglemente van 1816 en 1852 (kyk hoofstuk 4, 3.4 asook 2.4 en 4.2.3 van hierdie hoofstuk) is hierdie beginsel egter oorboord gegooi. In die praktyk van die kerklike lewe in daardie tyd is Christus as

Hoof van sy kerk opsygeskuif deur hiërargiese kerkbesture. Hierdie klassikale en provinsiale kerkbesture het nie volgens Gods Woord nie, maar volgens menslike reglemente en eie willekeurige besluite die kerk oorheers. (Vergelyk hier H. H. Kuyper, 1936, p. 148-150).

Voorbeelde hiervan, waar ampsdraers in 'n soort "vervolgingswoede" ook deur hierdie besture geskors en afgesit is, is oorvloediglik te vinde in onder andere Van Loon (1942), Rullmann (1928, 1929 en 1930), Keizer (1934) en Bos (1939, 1940, 1942 en 1946).

Tereg sê Voetius (1902, p. 182-183) dat ons kerkordes geen kolleges ken behalwe die kerkraad en die meerdere vergaderings nie. 'n Kollege van deputate is nie 'n afsonderlike en blywende kerklike kollege wat met gewone kerklike mag toegerus is nie. So 'n kollege van deputate oefen geen mag uit oor mindere vergaderings, ampsdraers of lidmate nie.

Belangrik is in hierdie verband die opmerkings van Sadler (1979, p. 111 en 165, vergelyk p. 118, voetnota 12) in verband met rings- en sinodale kommissies. Hy beweer dat die magte wat aan die ringskommissie toegeskryf word, só verreikend is dat dit feitlik daarop neerkom dat die ringskommissie 'n "classis contracta" (saamgetrokke klassis) is (p. 111). Van die sinodale kommissie beweer hy dat dit, "ten spyte van wat art. 64 sê", in die tugprosedure uitgegroeï het tot 'n aparte "kerkvergadering",

wat óf in plek van die sinode tree om voorlopig oor die saak te beslis, óf 'n instansie is teen wie se beslissing daar in verdere beroep na die sinode gegaan kan word (p. 165). Hy haal D. C. G. Fourie aan wat sê dat 'n kerkvergadering nie sy tugkompetensie aan 'n ander liggaam of persoon kan delegeer nie. 'n Kerkraad wat byvoorbeeld aan 'n kerkraadskommissie volmag gee om 'n tughandeling te verrig, handel dus "ultra vires" (p. 118, voetnota 12). (Vergelyk hierby ook die bevoegdhede wat opgedra is aan die ringskommis-sies en die Kommissie van die Algemene Kerkvergade-ring van die N.H.K.A.: onder andere N.H.K.A., 1979, p. 16-17; 21-22; 23-26; 27-28; 30; 63-64).

Die gesag in meerdere vergaderings, as die gesag van *Christus* wat *bedien* word, laat dus geen ruimte vir hiërargiese heerskappyvoering, óf deur die meerdere vergadering self, óf deur een of ander bestuur óf deur verskillende kommissies nie.

6. BEPERKING VAN GESAG IN MEERDERE VERGA- DERINGS

In die vorige onderafdeling is vasgestel dat die gesag in kerkrade en meerdere vergaderings nie prinsipiël, wesenlik, kwalitatief van mekaar verskil nie, omdat dit in alle gevalle die gesag van Christus is. Die enigste verskil tussen die gesag in 'n kerkraad en dié in 'n meerdere vergadering is 'n verskil in *omvang*, volgens art. 30 K.O. en 'n verskil in *duurte*, omdat die kerkraad die enigste permanente vergadering is.

6.1 Artikel 30 K.O.

"Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort".

Wat die eerste beperking betref, dat kerklike vergaderings slegs kerklike sake op kerklike wyse moet behandel, is dit duidelik dat dit logies voortspruit uit die wese van die kerk. Daaroor hoef nie méér gesê te word wat vir hierdie studie van belang is nie (vergelyk H. Bouwman, 1934, p. 28, 32-33).

Die tweede beperking in art. 30, dat op meerdere vergaderings slegs sake behandel moet word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort, kom in hoofsaak reeds voor in die Acta van die Sinode van Emden, 1571. Daarna is dit opgeneem in die Acta van die Sinode van Dordrecht, 1578, in die Kerkorde van die Sinode van Middelburg, 1581, in die Kerkorde van die Sinode van 's Gravenhage, 1586 en in die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619 (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 102, 147, 199, 234).

H. H. Kuyper (1923, Deel VI, bladsye ongenommer) wys daarop dat die mag van 'n meerdere vergadering beperkter in omvang is as dié van die plaaslike kerk. Hy sê dat art. 30 die waarborg van die plaaslike kerk

se vryheid neerlê. Elke besluit wat teen art. 30 ingaan, mis alle regskrag en hoef nie uitgevoer te word nie. Die rede vir hierdie beperking in art. 30 lê daarin dat die Gereformeerde Kerke hulle wil hou aan die uitsprake van Gods Woord. Die kerkvergadering te Jerusalem was vir hulle 'n voorbeeld waarvolgens hulle hul wou rig. In Handeling 15 word 'n beskrywing gegee van hoe opgetree is in 'n saak wat deur 'n mindere vergadering nie afgehandel kan word nie: dit is vir beslissing na 'n meerdere vergadering verwys. Die geskil in Antiochië het ook nie slegs daardie *plaaslike* kerk geraak nie, maar *alle* kerke waar bekeerlinge uit die heidendom was.

Ook H. Bouwman (1934, p. 22) toon duidelik aan dat die mag van die meerdere vergaderings beperk is. Hy gee dan 'n uiteensetting van watter sake nie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, asook van dié wat by die meerdere vergaderings tuishoort (1934, p. 33-39).

Kamphuis (1966, p. 85-87) maak die opmerking dat art. 30 anti-hiërargies, maar ook anti-idependentisties is. Dit is anti-hiërargies omdat dit nie toelaat dat alles maar deur die meerdere vergaderings behandel word nie. Ook is dit anti-independentisties omdat dit duidelik spreek van die sake wat die kerke in gemeen het, soos byvoorbeeld die handhawing van die suiwere leer.

Van der Linde (1977/8, Deel II, p. 7-9) waarsku dat 'n meerdere vergadering nie die reg het om in sake wat

die plaaslike kerk raak, in te gryp terwyl die kerkraad dit self kan afhandel nie. Tog wys hy ook daarop dat 'n meerdere vergadering in buitengewone gevalle selfs die plig het om in te gryp as daar wanbestuur by 'n mindere vergadering voorkom. (Hierdie aspek sal egter in hoofstuk 6 uitvoerig behandel word). Ander sake hoort weer vanselfsprekend by die meerdere vergadering tuis. Dit is sake wat die plaaslike kerk nie kan afhandel nie.

Die beginsel in art. 30 K.O. gaan dus baie dieper as 'n formele aanduiding wat op 'n agenda mag kom. Dit wil nie die aard van agendastukke definieer nie, maar dit wil die regte en pligte van kerkvergaderings waarborg. Dit maak 'n Bybelse beginsel, van hoe elkeen geroep is om aan die Here verantwoordelik te lewe en te werk, diensbaar in kerkvergaderings. Tegelykertyd wil dit negatief enige heerskappyvoering en magsindringing uitsluit, sodat die kerke nie weer soos in die tyd van Christus of die Reformasie deur kerklike dienaars totaal onder 'n juk van diensbaarheid gebring word nie (Spoelstra, 1980, p. 12).

Die beginsel wat in art. 30 uitgedruk word, is ook van die uiterste belang in die ondersoek na die tugreg van meerdere vergaderings. In die beginsel van art. 30 lê die sleutel tot die oplossing van die probleem van die tugreg van meerdere vergaderings in verhouding tot die plaaslike kerk. Dit sal in hoofstuk 6 ondersoek word.

6.2 Die Geelkerken-saak

Dr. J. G. Geelkerken was predikant van die Gereformeerde Kerk, Amsterdam-Suid. Teen sekere menings wat hy in 'n preek op Sondagmiddag 23 Maart 1924, insake die versoeking en val van die mens in die paradys, uitgespreek het, word by die Kerkraad van Amsterdam-Suid beswaar gemaak deur broeder H. Marinus, 'n lidmaat van daardie Kerk. Die Kerkraad vind sy besware ongegrond, waarop hy hom na die Klassis Amsterdam wend. Die Kerkraad deel die Klassis mee dat broeder Marinus verkeerd geluister het en die Klassis verwys broeder Marinus na sy Kerkraad terug om die tweërlei interpretasie van Geelkerken se preek tot 'n oplossing te probeer bring (G.K.N., 1926b, p. 3-6).

Omdat die besluit van die Klassis vir Marinus onaanvaarbaar was, wend hy hom opnuut tot die Klassis met 'n beswaarskrif. Die gevolg hiervan is dat die Klassis van Geelkerken 'n nadere verklaring vra oor die onderhawige geval. Geelkerken is egter nie daartoe geneë nie (G.K.N., 1926b, p. 7-12).

Ná verdere verwikkelinge vergader die hoogleraars van Kampen en Amsterdam op versoek van die kommissie wat deur die Klassis met die saak belas is. Die hoogleraars bevind dat die Klassis wel die reg gehad het om van Geelkerken 'n nadere verklaring te vra. Hulle bevind ook dat die antwoorde van Geelkerken bedenkbare uitlatings bevat ten opsigte van die gesag van die Skrif. Hulle adviseer die Klassis om, indien verdere samesprekings met Geelkerken nie die saak tot

h bevredigende oplossing bring nie, die saak, weens die gewig daarvan, na die Partikuliere Sinode te verwys. Die Partikuliere Sinode word versoek om so spoedig moontlik h vervroegde Algemene Sinode te laat byeenkom om oor hierdie saak te beslis, afgesien van die voorlopige maatreëls wat die Klassis nodig ag om te moet neem. Die Klassis aanvaar hierdie advies (G.K.N., 1926b, p. 12-62).

Dit loop dan ook uiteindelik daarop uit dat die Algemene Sinode opgeroep word om die saak in behandeling te neem. Die argument ter verdediging van hierdie optrede is dat dit hier h saak van die Belydenis en die gesag van Gods Woord raak en daarom alle kerke raak. S6 sou die Klassis en die Partikuliere Sinode dan ook in die historiese lyn van die Sinode van Dordrecht 1618-19, met die saak van die Remonstrante, wees (G.K.N., 1926b, p. 62-66).

By die beoordeling van hierdie prosedure moet daar eers h groot vraagteken geplaas word agter die advies van die hoogleraars, soos hierbo vermeld, wat deur die Klassis aanvaar is. Die beginsels van artt. 30 en 79 K.O. is daardeur aangetas. Geelkerken kon deur die Klassis met deputate van die Partikuliere Sinode geskors en/of afgesit word. Die "gewig van die saak" beteken nie dat die kerkordelik-aangewese mindere vergaderings volgens art. 30 K.O. die saak nie kon afhandel nie.

Al word dit ook beweer dat die saak alle kerke

raak omdat dit 'n kwessie van Belydenis en Skrifgesag is, gaan dit tog hier om 'n eventuele skorsing en/of afsetting van 'n predikant. Dit moet deur die *mindere* vergaderings, klassis met deputate van die partikuliere sinode, afgehandel word. S6 sou die "beroering" in die breë kerklike kringe ook besweer kon word. Verder gaan die beroep op die handeling van die Dordtse Sinode, 1618/19, ook nie op nie. Daar was dit heel-uitsonderlike omstandighede wat in 1926 nie gegeld het nie (kyk daarvoor hoofstuk 6).

By die Sinode van 1926 te Assen, waarheen die saak nou verwys is, maak die Kerkraad van Leeuwarden beswaar daarteen dat Klassis Amsterdam die afhandeling van die saak oorgedra het na die Algemene Sinode. Die Klassis het daarmee in stryd met art. 30 K.O. gehandel. Die Kerkraad van Leeuwarden versoek die Algemene Sinode (tereg, J.V.) om die saak terug te verwys na die Klassis Amsterdam (G.K.N., 1926a, Bijlagen, p. 11-12, Bijlage IVa).

Kommissie II adviseer die Sinode om hierdie beswaar ongeldig te verklaar, omdat sowel die Klassis as die Partikuliere Sinode weens onvermoë die saak nie kon afhandel nie. Ook maak die beroering wat hierdie kwessie in die land veroorsaak het, 'n beslissing van die Algemene Sinode noodsaaklik in belang van die rus en vrede van die kerke. Die saak kan ook nie na die Klassis Amsterdam terugverwys word nie, omdat Geelkerken en die Kerkraad van Amsterdam-Suid albei by die Algemene Sinode geappelleer het teen die besluite van Klassis Amsterdam en die Partikuliere

Sinode van Noord-Holland (G.K.N., 1926a, Bijlagen p. 10, Bijlage IV).

Die Sinode aanvaar die kommissie-rapport (G.K.N., 1926a, p. 23, art. 20). Uiteindelik word Geelkerken deur die Algemene Sinode geskors en oplaas uit sy diens afgesit (G.K.N., 1926a, p. 78, art. 209; p. 89, art. 234).

In die beoordeling van die Algemene Sinode se verworping van die beswaar van die Kerkraad van Leeuwarden, moet die volgende gestel word:

- die sogenaamde onmag van die Klassis en die Partikuliere Sinode is nêrens afdoende bewys nie. Dit is ook moeilik om te aanvaar dat albei hierdie mindere vergaderings, met die lig van Skrif en Belydenis tot hul beskikking en ondanks die hulp van alle teologiese hoogleerars, nie in staat was om die saak af te handel nie. Dit kom dus voor asof daar nie bevredigende bewys gevind kan word dat die mindere vergaderings die saak nie kon afhandel nie (art. 30 K.O.);
- die Klassis en die Partikuliere Sinode kon, sonder om die saak uit eie hande te gee, in geval van "onmag" nog meerdere advies ingewin het, naamlik van die Algemene Sinode;
- al kon die Algemene Sinode nie die appêlsake na die mindere vergaderings terugverwys nie,

kon (en moes) hy tog die Geelkerken-saak as sodanig na die mindere vergaderings terugverwys het, in die lig van art. 30 K.O.;

- die optrede van die Sinode lyk dus inderdaad bedenklik, volgens die beginsel van art. 30 K.O..

6.3 Die Wiersinga-saak

Dr. H. Wiersinga, predikant van die Gereformeerde Kerk, Amsterdam, ontlok baie reaksie met sy proefskrif oor die versoening. Die Sinode van Dordrecht, 1971-72, ontvang omtrent 25 beswaarskrifte in verband daarmee. Volgens die inhoud van die beswaarskrifte is die oortuiging dat dit wat deur Wiersinga voorgestaan word, nie ooreenstem met Skrif en Belydenis nie (G.K.N., 1971/72b, p. 236, Bijlage 103a).

Onwillekeurig vra 'n mens jouself af of hierdie saak as besware by die Sinode ter tafel moes kom, of as klagtes by die plaaslike Kerkraad van Amsterdam (vergelyk art. 30 K.O.).

Volgens die voorsitter van die Sinode moet 'n mens jou allereers rig tot die plaaslike kerk aan wie 'n predikant verbind is. Die Kerkraad van Amsterdam het egter te kenne gegee dat hy homself nie geroepe voel om oor die wetenskaplike aspekte van die proefskrif 'n uitspraak te doen nie. Terselfdertyd het die Kerkraad die saak na die Algemene Sinode verwys

(G.K.N., 1971/72a, p. 298-299). Die Sinode neem die saak ter tafel en behandel dit (G.K.N., 1971/72a, p. 307-308, art. 328; p. 371, art. 408; G.K.N., 1973-75, p. 220-221, art. 246, p. 279-281, art. 306 en p. 351-352; die saak is verwys na die volgende Sinode).

By die beoordeling van die beweerde "nie-geroepevoel" van die Kerkraad van Amsterdam om oor die wetenskaplike aspekte van die proefskrif 'n uitspraak te doen, kan dieselfde argumente aangevoer word as in 6.2 hiervan by die Geelkerken-saak. Die Kerkraad kon tog meerdere advies ingewin het sonder om die saak summier in die hande van die Sinode te plaas. 'n Mens vra jou af of die Kerkraad, in die lig van art. 30 K.O., die *reg* gehad het om die saak na die Sinode te verwys. Dieselfde art. 30 maak die feit, dat die Sinode die saak ter tafel geneem het, ook uiters bedenklik, veral waar dit geskied het met verbygang van Klassis en Partikuliere Sinode (vergeelyk ook artt. 30 en 119 van die Kerkorde van die G.K.N.: G.K.N. 1971, p. 22-23 en p. 59-60).

Die Sinode van Dordrecht, 1971/72 het die saak ter tafel geneem en behandel. Ook die Sinode van Haarlem, 1973-75 het die behandeling daarvan voortgesit en dit weer na 'n volgende Sinode verwys (kyk bogenoemde verwysings). Tog spreek die Sinode uit dat hy nie bevoeg is om 'n maatregel van skorsing of afsetting te neem nie (G.K.N., 1973-75, p. 280). Aan die een kant word art. 30 K.O. dus omseil, en aan die ander kant word dit weer (gerieflikheidshalwe?) gehand-

haaf.

H. H. Kuyper (1923, Deel VI, bladsye ongenommer) sê dat artt. 30 en 31 K.O. drie skerp-omskrewe gevalle noem waarin 'n meerdere vergadering mag handel en besluit:

- as 'n saak in 'n mindere vergadering nie afgehandel kan word nie;
- as dit by 'n meerdere vergadering tuisshoort;
- by appèl.

As 'n meerdere vergadering hierdie perke te buite gaan, oorskry hy sy bevoegdheid. So 'n besluit hoef dan nie as vas en bindend beskou te word nie. By wyse van beswaarskrif of appèl moet so 'n besluit ongedaan gemaak word.

7. BESLUIE VAN MEERDERE VERGADERINGS HET BINDEnde KRAG

7.1 Die meerderheid van stemme

Omdat Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, moet 'n kerklike vergadering altyd ernstig vra na die openbaring van God in die Skrif in 'n sekere geval voordat 'n besluit geneem word. Sô moet daar gestreef word om besluite in die lig van Gods Woord *met algemene instemming* te neem. Indien dit nie moontlik is nie, word 'n beslissing verkry deur 'n *volstrekke meerderheidsstem*. Die minderheid moet ôf met hierdie

besluit konformeer of daarteen beswaar indien of appelleer. Sulke besluite wat met algemene instemming of 'n volstrekke meerderheidstelsel geneem is, moet as vas en bindend beskou word (art. 31 K.O.). (Vergelyk hier H. Bouwman, 1934, p. 53-55, 59; H. H. Kuyper, 1923, Deel III, bladsye ongenommer; Jansen, 1952, p. 150; Spoelstra, 1966, p. 192-194; Van der Linde, 1977/8, Deel II, p. 10-12).•

Hierdie bindende krag van die besluite van kerklike vergaderings word in die Skrif gegrond, byvoorbeeld Handeling 15:22-29; 16:4 (kyk H. Bouwman, 1934, p. 47-49; Jansen, 1952, p. 150; Spoelstra, 1966, p. 193).

Bannerman (1974, Deel 1, p. 236-237) verwys in hierdie verband na die Westminsterse Konfessie, hoofstuk 31, 3. Hy beklemtoon dit dat die besluite en bepalinge van sinodes geëerbiedig en gehoorsaam moet word as dit ooreenstem met Gods Woord. Maar dan nie slegs omdat dit ooreenstem met Gods Woord nie, maar omdat die kerklike mag in sy verskillende vertakkinge vanself 'n bepaling van God is.

7.2 Gods Woord die grens van alle gesag

By hierdie bindende krag van die besluite van kerklike vergaderings word egter 'n baie duidelike beperking geplaas: "... tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde". (art. 31).

Die kerk ontleen sy mag om te leer, te regeer en reg te spreek, onder alle omstandighede, daaraan dat die Woord van God in die kerk regeer. Gods Woord is dan ook die grens van alle kerklike gesag (Jonker, 1965, p. 9. Kyk ook H. Bouwman, 1912, p. 19).

Slegs Gods Woord bind absoluut. Wanneer 'n besluit in stryd is met Gods Woord, bind dit die kerk nie (H. H. Kuyper, 1923, Deel III, bladsye ongenommer; 1931-32, p. 30; H. Bouwman, 1934, p. 20-21, 53, 55, 59; Jansen, 1952, p. 150-151; Spoelstra, 1966, p. 192 - 193; Van der Linde, 1977/8, Deel II, p. 13; vergelyk Greijdanus, s.j.b, p. 41).

Lohman en Rutgers (1887) sê dat hierdie beperking op 'n fundamentele beginsel van die Reformasie berus. Dit het in alle kerkordes en geloofsbriewe vir deputate na die klassis voorgekom (p. 34). Spoelstra (1980, p. 9) beweer dat daarmee die vryheid van die gelowiges en kerklike instellings teenoor die samekomste van ouderlinge en/of kerke bely word. Hul vryheid word deur die Skrif bepaal. Tegelykertyd lê daarin opgesluit dat die kerkvergadering in sy besluitneming hom aan die Woord van God moet verantwoord. Tegelyk het elkeen die reg om hom teen die kerklike besluit op grond van die Skrif (Belydenis en Kerkorde) te verantwoord.

Die besluite van kerklike vergaderings mag egter ook nie in stryd wees met die artikels van die Kerkorde nie. Die Kerkorde het 'n skriftuurlike grondslag en

is daarom ook in die Belydenis (artt. 30-32 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis) gewortel. Omdat die kerke een is in belydenis, moet hulle ook een wees in kerkregering. Die Kerkorde is vrug van die Belydenis, as akkoord van kerklike gemeenskap (kyk Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 2). In die Belydenis, as akkoord van kerklike gemeenskap, vind die plaaslike kerke hul eenheid. Daarom moet die gebou van orde en reg in die kerk in die Belydenis wortel. Die beginsels vir die kerkregering lê in die Skrif en die Belydenis, en in die Kerkorde word dit van toepassing gemaak (kyk Van der Vyver, s.j., by art. 1, 1.2).

As 'n kerklike vergadering dus 'n besluit neem wat strydig is met die Kerkorde, word daarmee nie slegs die goeie orde aangetas nie, maar ook die "kubernetiese eenheid" van die kerke wat kragtens dieselfde Belydenis in kerkverband saamgesnoer is.

7.3 Wat behels "vas en bindend" in art. 31 K.O.?

Soos reeds in 4.2.3 van hierdie hoofstuk beskryf is, het K. Schilder die wettigheid van die Sinode van Sneek/Utrecht (1940-43) ná 11 Junie 1942 nie langer erken nie. In 'n skrywe aan die Kerkraad van Kampen stel hy onder andere dat dit, wat deur daardie voortgesette Sinode besluit is, ooreenkomstig art. 31 K.O. nie as vas en bindend beskou kan word nie.

Veenhof (1949, p. 224) wys daarop dat dit by die skorsing van Schilder ten eerste gegaan het om die

bekende art. 31 K.O.

Die belangrike vraag waarom dit in hierdie besondere deel van art. 31 K.O. gaan, is hierdie: wie moet uitmaak of 'n besluit in stryd is met God Woord en die Kerkorde? Wat behels die "vas en bindend" in hierdie artikel? Kan elkeen maar vir homself "bewys" dat 'n besluit in stryd is met God Woord en die K.O. en dit dan nie as vas en bindend beskou nie, of moet die vergadering wat die besluit geneem het, so 'n "bewys" eers finaal as gegrond verklaar?

Die menings gaan hier skerp uitmekaar. Ruimte ontbreek om elke standpunt in besonderhede te bespreek.

Onder diegene wat meen dat elkeen vir homself kan "bewys" dat 'n besluit in stryd is met Gods Woord en die K.O. en dit daarom nie as vas en bindend hoef te beskou nie, kan die volgende genoem word:

- Lohman en Rutgers (1887, p. 34-35);
- Greijdanus (s.j.b, p. 43);
- Schilder (1945, p. 390); hy beweer dat art. 31 K.O. praat van "tensy", maar dat die Sinode maak asof daar staan "totdat". "Tensy" en "totdat" is volgens hom nie dieselfde nie. Hierteen kan gestel word dat "tensy" in art. 31 baie duidelik impliseer "totdat". *Totdat* bewys is dat 'n besluit strydig is met Gods Woord en die K.O., moet dit as vas en bindend beskou word;

- De Vries (1945, p. 5);
- Van Es (1946, p. 59); volgens hom lê die bewys-
las of 'n besluit strydig is met die Skrif en
Kerkorde, by diegene wat beswaar daarteen opper.
Maar die beslissing oor die *geldigheid* lê
uiteeraard vir die kerkverband by die kerkver-
band en vir die beswaardes by hulleself.
Elkeen sal sy beslissing tot rigsnoer vir sy
optrede wil neem. Hierdie verklaring van Van
Es lyk egter na 'n onpraktiese kompromis;
- Veenhof (1949, p. 225-232; 313-316); Veenhof
is 'n voorstander van die sogenaamde "ratifika-
siereg", dat 'n mindere vergadering eers die
besluite van 'n meerdere vergadering *regskrag-*
tig moet verklaar voordat hy dit as vas en
bindend beskou. Indien 'n kerkraad dus 'n be-
sluit van 'n meerdere vergadering as strydig
met Skrif en Kerkorde beskou, spreek hy uit dat
hy dit *voorlopig* nie as bindend beskou nie.
Terselfdertyd stel die kerkraad egter sy be-
sware langs die kerklike weg aan die orde.
Tereg sê Spoelstra (1966, p. 196) dat hierdie
ratifikasiereg in stryd is met art. 31 K.O..
Hierdie artikel erken die reg en plig van elkeen
om kerklike besluite te toets aan Skrif, Bely-
denis en Kerkorde, maar verleen geen indepen-
dentistiese ratifikasiereg aan die kerkraad of
lidmate nie. Hieraan kan toegevoeg word dat
daar in die Skrif geen steun vir hierdie ratifi-
kasiereg is nie. Handeline 15:22-29 en 16:4
dui eerder in die teenoorgestelde rigting;

- Jansen (1963, p. 39);
- Monsma (1967, p. 125).

’n Ander standpunt word egter ingeneem deur die volgende:

- H. H. Kuyper (1923, Deel III, bladsye ongenommer); hy sê uitdruklik dat art. 31 K.O. nie bedoel dat elkeen gehoorsaamheid kan weier, omdat hy sê of voorgee dat Gods Woord hom anders leer as wat ’n sekere vergadering besluit het nie. Dan sou bandelose willekeur ingevoer word. Wie meen dat hy hom nie aan ’n besluit van ’n meerdere vergadering kan onderwerp nie, moet uit Gods Woord aantoon en bewys dat so ’n besluit strydig is met Gods Woord;
- H. Bouwman (1934, p. 56-57);
- Polman (1945, p. 30);
- Van der Linde (1977/8, Deel II, p. 13-14); duidelik toon hy aan dat daar nie slegs *beweer* kan word dat ’n besluit die gewete geweld aandoen omdat dit in stryd is met Gods Woord nie, of omdat dit ’n verkragting van die Kerkorde is nie. Wie nie kan konformeer nie, moet bewys lewer dat die besluit strydig is met Gods Woord of die Kerkorde. Die bewys moet gelewer word in dieselfde vergadering (art. 46) of in ’n meerdere vergadering op wie ’n beroep gedoen is.

By die hantering van hierdie probleem staan Handeling 5:29 voorop: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense". As die besluit van 'n kerklike vergadering s6 opsigtelik in stryd is met die Skrif en die Kerkorde dat dit *objektief* duidelik is en die uitvoering daarvan *gewetenslas* sou meebring, mag daar nie onderwerping en gehoorsaamheid wees nie. Daar moet egter dadelik oorgegaan word tot beswaar of appél. Daar mag nie skeurmakery plaasvind of revolusionêr opgetree word nie.

In die kerk van Christus, waar swakheid en sonde by vergadering en individu kan voorkom, sonder dat dit allerweë dadelik "ingesien" word, moet wedersydse verdraagsaamheid eers tot die uiterste beproef word (Spoelstra, 1966, p. 196-197).

8. KERKVISITASIE

Die eenheid van kerke in kerkverband maak dit ook noodsaaklik dat hierdie kerke op mekaar sal ag gee in die gees van Hebreërs 10:24: "... laat ons op mekaar ag gee ...". As hierdie Skrifdeel met Mattheüs 18:15-17 en Galásiërs 6:1 saamgelees word, kry die kerkvisitasie ook 'n belangrike betekenis as 'n middel om die tug, veral oor ampsdraers, te voorkom.

Hier kan verwys word na Calvyn, wat reeds in 1544 gepleit het vir die invoering van visitasie. Eers in 1546 is 'n reëling in hierdie verband goedgekeur. Nadruklik is egter verklaar dat dit geen geregtelike ondersoek is nie, maar slegs 'n middel om elke vorm

van ergelike lewenswandel teen te gaan en veral om die predikante te behoed vir geestelike verval en bederf. Dit was dus 'n "preventiewe" (voorkomende) tugmaatreël (aangehaal deur Plomp, 1969, p. 276-277, 279, 290).

H. H. Kuyper verwys onder meer na art. 44 K.O. (waarin die kerkvisitasie gereël word) as hy sê dat die kerke in kerkverband volgens Gods Woord geroepe is om toesig oor mekaar te hou (1923, Deel VI, bladsye ongenommer).

Spoelstra (1980, p. 8) sê in 'n bespreking van die beginsel van art. 30 K.O. dat selfstandige plaaslike kerke mekaar vir goeie Skrifgetroue kerkregering moet ondersteun, met die oog daarop dat elke plaaslike kerk ware kerk sal wees. Hy verwys daarvoor onder andere na art. 44 K.O. (kursivering van my, J.V.).

Visitatore is deputate van die klassis. Hulle opdrag is in art. 44 K.O. verwoord. (Vergelyk Spoelstra, 1966, p. 273). As visitatore nie visitasie doen kragtens 'n opdrag en outoriteit wat hulle van 'n kerklike vergadering ontvang het nie, maar slegs kragtens die feit dat hulle geroepe en begaafde dienaars van Christus is, dan is visitasie nie meer 'n "ag gee" van kerke op mekaar nie. Dan word dit 'n inspeksie van individuele ampsdraers op ander ampsdraers en bepaalde kerke, en dit nogal *sonder* 'n ordelike mandaat van 'n kerklike vergadering. Dit kom neer op oortre-

ding van art. 84 K.O. en 'n "gesanksioneerde" indringing in die diens van 'n ander, wat strafbaar is kragtens artt. 79 en 80 K.O.. S6 word daar 'n stappie terug na die pouslike stelsel gegee.

In die Kerkorde van die G.K.S.A. is daar twee artikels wat die onderlinge toesig van die kerke in kerkverband reël, naamlik art. 41 (tweede deel) en art. 44. Die Sinode van 1955 (De Bruin, 1955, p. 179-186) behandel die verhouding tussen hierdie twee artikels uitvoerig in alle besonderhede. Een van die probleme wat in hierdie verband genoem word, is dat daar as gevolg van hierdie *twee* artikels 'n mate van dubbelslagtigheid en duplikasie en oorvleueling bestaan in die onderlinge toesig.

Ondanks die poging van die Sinode van 1955 om 'n sinvolle verband tussen artt. 41 en 44 K.O. aan te dui, bestaan die bogenoemde probleem nog steeds. Sou die oplossing nie daarin geleë wees om die laaste deel van art. 41 uit die K.O. weg te laat, omdat die onderlinge toesig wat daarin gereël word, ondervang en uitgebrei word deur art. 44 K.O. nie?

So 'n suggestie word gesteun deur die historiese verloop van die onderlinge toesig, soos gereël in verskillende Kerkordes. Tot en met die Sinode van Middelburg, 1581, was die kerke nie geneë om kerkvisitasie in te voer nie. Daar moes volstaan word met die onderlinge toesig soos dit tans in art. 41

K.O. gereël word (art. 30 van die Kerkorde van Middelburg, 1581). (Kyk Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 178, Vraag 28; p. 149-150, art. 30).

Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, voer egter die kerkvisitasie in (art. 40), maar *met behoud* van die reëling van onderlinge toesig volgens art. 30 van die Kerkorde van Middelburg, 1581 (art. 38 van die Kerkorde van 's Gravenhage, 1586) (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 201 en 202). Hier begin dus die "dubbelslagtigheid en duplikasie en oorvleueling" waarvan in die Sinode van 1955 van die G.K.S.A. gepraat is. Hierdie "dubbelslagtige" reëling kom daarna ook voor in die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619 (artt. 41 en 44) en vandaar ook in die Kerkorde van die G.K.S.A. (artt. 41 en 44).

Hierdie "dubbelslagtigheid" kan met vrug in die K.O. verander word deur die tweede deel van art. 41 daaruit te verwyder.

Kerkvisitasie, as 'n ag gee van kerke in een kerkverband op mekaar, kan inderdaad verrykend werk, as dit reg hanteer word.

Vorster maak naamlik die belangrike stelling dat daar met die herstel van die kerklike tug nie na wense gevorder sal word alvorens behoorlike kerkvisitasie nie herstel is nie. "Die herstel van die visitasie in ons kerk is een van die grootste behoeftes van ons dag." (1954, p. 26-27).

Die invoering en handhawing van kerkvisitasie kan vir die kerke van onskatbare waarde wees, ook ten aansien van *voorkoming* van tug oor ampsdraers. Let in hierdie verband op die volgende bewoording in art. 44 K.O.: "... sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan *vermaan* ..." (kursivering van my, J.V.).

Dan moet dit egter *indringend* en *omvattend* uitgevoer word, met Christelike bewoënheid en begrip, tot eer van God en tot heil van die kerk van Christus.

9. SAMEVATTING

Hoofstukke 5 en 6 vorm in 'n sekere opsig 'n eenheid, en dit sluit direk aan by hoofstuk 4, waar gehandel is oor die subjek van die tug oor ampsdraers. Voor- dat dan in hoofstuk 6 ondersoek gedoen word oor die tugreg van meerdere vergaderings, is in hierdie hoof- stuk eers "inleidend" aandag gegee aan verskeie aspekte van kerkverband en mindere en meerdere ver- gaderings.

Allereers is vasgestel dat kerkverband 'n goddelike roeping is kragtens die eenheid van die liggaam van Christus. Dit is geen opsioneel-vrywillige saak waaroor elke kerk kan besluit soos hy wil nie.

Kerkverband is egter nie dieselfde as die universele kerk nie. Waar die universele kerk aan die plaaslike kerk voorafgaan, gaan die plaaslike kerk weer aan

die kerkverband vooraf. Die plaaslike kerk sal ten volle kerk kan wees selfs al is daar geen kerkverband nie.

Die kerkverband hef ook hoegenaamd nie die selfstandigheid van die plaaslike kerk op nie. Elke plaaslike kerk is selfstandig, maar nie onafhanklik nie.

Kerkverband is egter nie kerk soos die plaaslike kerk nie. Voetius praat van die "klassikale of provinsiale kerk" as "ecclesia orta", *afgeleide* kerk, kerk in sekondêre sin. Dit is geen eenheid in institutêre sin nie, soos ook baie duidelik blyk uit die merktekens van die ware kerk volgens art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

'n Opmerklike afwyking van hierdie beginsel lê ten grondslag aan die Reglemente van 1816 en 1852. Hiervolgens was die Hervormde Kerk één kerkgenootskap wat in verskeie afdelings onderverdeel is. Hiermee is die Nuwe Testamentiese kerkbegrip ingeruil vir die kollegialistiese. Die uitgangspunte van die Reglemente van 1816 en 1852 vind ook duidelik weerklank in die kerkbegrip van die N.H.K.A., waarvolgens die N.H.K.A. bestaan uit al die *gemeentes*.

Die verbinding van plaaslike kerke in kerkverband kom uitwendig tot openbaring in die instelling van verskillende samekomste. Van hierdie samekomste word nie gepraat as *hoër* vergaderings nie, maar as

meerdere vergaderings omdat daarin *meer* kerke byeenkom. Hierdie meerdere vergaderings, waarvan ons 'n prototipe vind in Handeling 15, hoewel nie in alle uitgewerkte besonderhede nie, kan ook genoem word die organisasie van die kerkverband.

Op grond van Handeling 15 kan ook beweer word dat die stelsel van meerdere vergaderings berus op 'n voorskriftelike goddelike reg. God het aan die kerke daarin 'n voorbeeld gegee hoe gehandel moet word as daar 'n saak is wat nie in 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie en wat al die kerke geraak het. Die nadere uitwerking van meerdere vergaderings het God aan die kerke oorgelaat, hoewel uit Handeling 16:4 duidelik blyk dat die besluite wat in daardie "meerdere vergadering" geneem is, bindende krag vir al die kerke gehad het.

Volgens die gereformeerde kerkreg is 'n meerdere vergadering nie 'n vergadering van *ampsdraers* of van *kerkrade* nie, maar van naburige kerke. Hierdie beginsel word nie opgehef deur die "getrapte verteenwoordiging" wat in die G.K.S.A. toegepas word nie.

Omdat dit egter onprakties is dat alle ampsdraers na meerdere vergaderings gaan, word daar sekere afgevaardigdes met geloofsbriewe na die meerdere vergaderings gestuur. Sulke afgevaardigdes *verteenwoordig* dan die mindere vergadering in die meerdere, asof die mindere vergadering self daar teenwoordig is.

Die normale prosedure in die G.K.S.A. is dat die mindere vergaderings verteenwoordig sal word deur diegene wat in die *regeeramp* staan, naamlik die predikante en die ouderlinge. Want die plaaslike kerke kom juis ter wille van die *kerkregering* in meerdere vergaderings saam. In die lig van art. 79 K.O., dat die *kerkraad* (predikant(e) en ouderlinge, art. 37 K.O.) die tug oor ampsdraers uitoefen, is hierdie reëling van groot betekenis by die oorweging van die tugreg van meerdere vergaderings. In *uitsonderlike gevalle* kan ook diakens en selfs lidmate as hulp-ouderlinge deur die plaaslike kerk na die klassis afgevaardig word. (Vergelyk hier art. 38 K.O.). Afvaardiging *en* regeeramp is dus van wesenlike betekenis.

Sulke afgevaardigdes word gestuur met geloofsbriewe, as bewys dat hulle wettig gestuur is as verteenwoordigers van die kerke en as gesante van Christus. In die geloofsbriewe wat in die G.K.S.A. gebruik word, word die gesag van Gods Woord en die krag van die Belydenisskrifte pertinent erken. Die afgevaardigdes mag slegs daarvolgens oordeel en besluit.

In die Reglemente van 1816 en 1852 is weggedoen met geloofsbriewe. Dit was 'n noodsaaklike uitvloeisel van die genootskaplike kollegialistiese kerkbegrip en kerkregeringstelsel waarop hierdie Reglemente gebou is.

Wanneer 'n meerdere vergadering verdaag om sy werk-

saamhede op 'n later datum voort te sit, is vir daardie voortgesette vergadering geen nuwe afvaardiging met nuwe geloofsbriewe nodig nie. In *dringende gevalle* kan so 'n voortgesette vergadering ook sake behandel wat nie in die oorspronklik-vasgestelde agenda opgeneem is nie. Die wenslikheid hiervan is egter bedenklik, omdat 'n kerklike vergadering in die reël nie 'n "oop" agenda het nie.

Die siening van Schilder, dat so 'n voortgesette meerdere vergadering, soos hierbo genoem, onwettig is en dat sy besluite in die lig van art. 31 K.O. nie as vas en bindend beskou kan word nie, moet afgewys word.

Art. 33 K.O. bepaal dat afgevaardigdes, benewens hul geloofsbriewe, ook hul *opdragte* moet saambring, onderteken deur die wat hulle stuur. In die geloofsbrief ontvang afgevaardigdes 'n *algemene* opdrag, naamlik om in voorkomende sake namens hul sender volgens Gods Woord en die Belydenisskrifte te help oordeel en besluit. Daar is egter ook *besondere* opdragte wat aan afgevaardigdes gegee kan word.

Op die vraag of 'n mindere vergadering aan sy afgevaardigdes kan voorskryf hoe hulle in bepaalde gevalle moet stem - met ander woorde of 'n vergadering aan sy afgevaardigdes 'n "mandat impératif" kan gee - moet bevestigend geantwoord word. By die *algemene* opdrag, soos in die geloofsbrief bewoord, sal dit slegs by hoë uitsondering geskied. Maar in die geval van 'n

besondere opdrag, soos byvoorbeeld 'n beskrywingspunt of 'n beswaarskrif waar die mindere vergadering op grond van Gods Woord reeds tot 'n bepaalde oortuiging gekom het, is so 'n beskrywingspunt of beswaarskrif *in wese* reeds 'n "mandat impératif". 'n Afgevaardigde wat teen so 'n besondere opdrag van sy sender stem, tas die *beginnel* en die *wese* van afvaardiging in sy kern aan. Hoogstens kan 'n afgevaardigde, in geval van gewetenskaplik, buite stemming bly met latere verantwoording teenoor sy sender.

Wat die gesag in kerklike vergaderings betref, moet duidelik gestel word dat daar slegs één gesag in die kerk is, en dit is die gesag van Christus. Daarom moet daar liever gepraat word van gesag *in* kerklike vergaderings en nie van gesag *van* kerklike vergaderings nie. Die gesag in meerdere vergaderings ten aansien van die mindere vergaderings is, volgens Voetius, nie *privatief* (berowend) nie, maar *kumulatief* (daarnaas bestaande). Die gesag in meerdere vergaderings en dié in die kerkraad verskil dus nie *wesenlik* van mekaar nie, maar slegs in *omvang* en *duurte*. Volgens art. 36 K.O. is die gesag in die verskillende kerklike vergaderings "dieselfde", dit wil sê *identies, gelyk*. Dit is immers dwarsdeur, van kerkraad tot algemene sinode, die gesag van Christus. Daarom kan die meerdere vergaderings nooit hiërargiese *kerkbesture* wees nie. Indien dit wel gebeur, soos kragtens die Reglemente van 1816 en 1852, word Christus as Hoof van sy kerk opsygeskuif. Bedenklik is in hierdie verband ook die uitgebreide mag wat die N.G.K. en die N.H.K.A. aan verskeie kom-

missies toeken.

In art. 30 K.O. word die gesag in meerdere vergaderings beperk. Meerdere vergaderings mag slegs kerklike sake op kerklike wyse behandel. Verder mag slegs sake, wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie, of wat by 'n meerdere vergadering tuishoort, behandel word. Handeling 15 dien hier tot voorbeeld. Hierdeur word die regte en pligte van kerkvergaderings gewaarborg. Meerdere vergaderings mag nie hiërargies in die sake, wat 'n mindere vergadering kan afhandel, ingryp nie. (Vergelyk hier die Geelkerken-saak en die Wiersinga-saak, waar hierdie beginsel nie deurentyd suiwer gehandhaaf is nie).

'n Belangrike beginsel in die gereformeerde kerkreg is dat Gods Woord die grens van alle gesag is. Dit word in art. 31 K.O. bepaal: "Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde".

Indien iemand meen dat 'n sekere besluit van 'n kerklike vergadering nie aan die bepalinge van art. 31 K.O. beantwoord nie, mag hy dit nie maar net *vir homself* uitmaak en die besluit dan as kragteloos ignoreer nie. Dit sou neerkom op bandelose willekeur en revolusie. Wie nie kan konformeer nie, moet in dieselfde vergadering wat die besluit geneem het of in 'n meerdere vergadering op wie 'n beroep gedoen is,

bewys lewer dat die besluit strydig is met Skrif en Kerkorde. Handeling 5:29: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as die mense." gaan egter altyd voorop, maar sonder om die eenheid in kerkverband onnodig in gevaar te stel.

Hierdie eenheid van kerke in kerkverband maak dit ook noodsaaklik dat die kerke op mekaar sal ag gee in die gees van Hebreërs 10:24 en soos bepaal in art. 44 K.O. Hierdie reëling van kerkvisitasie kan 'n belangrike middel wees om die tug oor ampsdraers te voorkom. Die dubbelslagtigheid, duplisering en oorvleueling, wat daar in die ag gee van die kerke op mekaar in die Kerkorde voorkom, behoort uitgeskakel te word deur die laaste deel van art. 41 uit die Kerkorde weg te laat. Die onderlinge toesig van die kerke op mekaar word toereikend gereël in art. 44.

Kerkvisitasie, indringend en omvattend uitgevoer met Christelike bewoënhed en begrip, sal vir die kerke in kerkverband verrykend wees. As 'n middel om die tug oor ampsdraers te voorkom, kan dit dien tot eer van God en tot heil van die kerk van Christus.

DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADERINGS

1. INLEIDING

Hoofstukke 5 en 6 sluit direk aan by hoofstuk 4, wat handel oor die subjek van die tug oor ampsdraers.

Die belangrike vraag wat beantwoord moet word, is naamlik of meerdere vergaderings tugreg het. Indien wel, kan 'n meerdere vergadering so 'n tughandeling self inisieer? Hoe ver strek die tugbevoegdheid van meerdere vergaderings? In watter mate moet so 'n meerdere vergadering rekening hou en saamwerk met 'n betrokke kerkraad en gemeente?

In hoofstuk 5 is eers "inleidend" sekere aspekte van kerkverband, asook mindere en meerdere vergaderings bespreek.

In hierdie hoofstuk sal nou meer spesifiek ingegaan word op die vraag na die tugreg van meerdere vergaderings, terwyl ook sekere konkrete voorbeelde ter verduideliking bespreek sal word.

Die eenheid van verskillende plaaslike kerke dring en verplig hierdie kerke tot kerkverband. Hierdie kerkverband hef egter nie die selfstandigheid van die plaaslike kerke op nie en dit vorm ook nie 'n

nuwe kerkstruktuur of kerk nie.

Hierdie band wat die plaaslike kerke in kerkverband bind, word in verskillende samekomste beleef as vergaderings van *kerke* en nie vergaderings van *ampsdraers* of *kerkrade* nie. Hierdie kerke word in die bogenoemde samekomste verteenwoordig deur afgevaardigdes met geloofsbriewe.

Hierdie samekomste is nie *hoër* vergaderings of besture met hiërargiese mag nie, maar dit is *meerdere* vergaderings omdat meer kerke daarin byeenkom. Dit beteken egter nie dat so 'n meerdere vergadering meer of hoër gesag het as 'n mindere vergadering nie. In alle kerklike vergaderings, kerkrade en meerdere vergaderings, is daar slegs die één gesag van Jesus Christus. Daarom is dit beter om te praat van die gesag *in* meerdere vergaderings en nie die gesag *van* meerdere vergaderings nie. Daar is slegs sprake van die gesag *van Christus*, wat in die verskillende vergaderings, volgens bepaalde beginsels en riglyne, *bedien* word.

In Handeling 15 word 'n prototipe van meerdere vergaderings gegee. Daaruit blyk dat meerdere vergaderings berus op 'n positiewe goddelike reg en dat die besluite daarvan bindende krag het.

Hierdie bindende krag van die besluite van meerdere vergaderings is egter onderhewig aan die beginsels wat in artt. 30 en 31 K.O. vervat is. Dit behels

dat slegs sake wat in mindere vergaderings nie afgehandel kan word nie, of wat by meerdere vergaderings tuishoort, in meerdere vergaderings handel mag word. Slegs sake wat nie in stryd is met Gods Woord en die Kerkorde nie, het bindende krag. Indien besluite in stryd is met Skrif en Kerkorde, moet dit *bewys* word en nie slegs *beweer* word nie.

In verband met die tugreg van meerdere vergaderings is in hoofstuk 5 ook gewys op die belangrikheid van kerkvisitasie as 'n maatreël waardeur tug oor ampsdraers voorkom kan word.

Oor die belangrike onderwerp wat in hierdie hoofstuk handel sal word, naamlik die tugreg van meerdere vergaderings, is daar 'n wye variasie van beskouings. Bronkhorst (1947, p. 263) maak die stelling dat die diskussie uit die dae van die Doleansie, histories gesien, 'n stryd rondom Voetius was. Rutgers en De Savornin Lohman het hulle sterk op Voetius beroep. Kleyn het hom van Voetius gedistansieer. Die Doleansie-kerkreg, wat gesteun word deur 'n beroep op Voetius, ken dus die hoogste gesag toe aan die kerkrade van die plaaslike gemeentes. Alle gesag van meerdere vergaderings is tot afgeleide gesag verklaar.

M. Bouwman (1937) het 'n omvattende studie oor Voetius en die gesag van die sinodes gemaak. Hiervan sê Schilder, sonder aanduiding van voorbeelde, heel in die algemeen dat dit geen wetenskaplike funde-

ring was nie, maar slegs 'n poging daartoe. Volgens hom het M. Bouwman nie slegs stukke uit Voetius weggelaat nie, maar hy het ook dinge aan Voetius toegeskryf wat Voetius met 'n "nedum" (laat staan dit) van hom weggewerp het (1946, p. 95).

Hierdie verwysing na Schilder se skerp kritiek op M. Bouwman se studie oor Voetius, dien as voorlopige aanduiding van die uiteenlopende vertalings en vertolkings wat deur geleerdes van Voetius aangebied is. Verder in hierdie hoofstuk sal hierdie verskillende vertalings en vertolkings duidelik na vore kom.

Van Es (1946) praat van die 16e en 17e eeu nie as 'n *goue eeu* of 'n *bloeytyd* van ons kerke nie. Hy noem dit eerder 'n wordings- en worsteltyd, waarin die beginsels wel gegryp is, maar eers langsaamerhand en slegs ten dele in die praktyk toegepas kon word. Nou gebeur dit dat mense hul siening en uitgangspunt in die sogenaamde historiese kerkreg, in plaas van in die Kerkorde, wil soek. Ook word verklaarbare afwykings uit die omstandighede van daardie tyd tot beginsels verhef. Die mense wat só optree, sê hy, loop groot gevaar om daarmee in 'n dryfsand tereg te kom, waarin alle vastigheid ontbreek, en só die kerklike lewe in 'n chaos in te lei (p. 15).

Daar moet dus met groot versigtigheid na voorbeelde uit die verlede verwys word, asof dit vanselfsprekend gesaghebbende presedente is. In die Gerformeerde

Kerke geld geen "*presedensiële*" kerkreg nie (dit is 'n kerkreg wat op presedente berus), maar 'n *skriftuurlike* kerkreg (dit is 'n kerkreg wat op die Skrif gebou is). Waar Jesus Christus regeer, mag historiese gebeurtenisse en handeling nie tot vanselfsprekend-gesaghebbende riglyne verhef word nie.

Tereg waarsku Greijdanus daarteen dat die optrede van die "vaders" nie vanself normatief is nie. Voordat dit as maatstaf vir kerklike handeling gestel word, moet dit eers aan die Skrif en die regte beginsels van die Gereformeerde Kerkreg getoets word (1938a, p. 281; s.j.b, p. 14).

2. DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADERINGS IN DIE KERKORDE

In die Kerkorde van die G.K.S.A. word nie met soveel woorde eksplisiet gesê of meerdere vergaderings selfstandige tugreg het of nie.

Die *beginsel* van die tugreg van meerdere vergaderings lê egter reeds opgesluit in artt. 77 en 79 K.O. (vergelyk ook art. 53 K.O.). In art. 77 word bepaal dat die advies van die klassis noodsaaklik is voordat oorgegaan word tot die tweede afkondiging vóór afsnyding.

Nog sterker kom dit egter na vore in art. 79. By die skorsing of afsetting van ouderlinge en diakens moet die plaaslike kerkraad saam met 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade

beslis, terwyl die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet oordeel oor die afsetting van predikante. (Vergelyk hier Jansen, 1928, p. 16; M. Bouwman, 1944, p. 15, 23; H. Bouwman, 1934, p. 23).

Die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade, waarvan art. 79 K.O. melding maak, is in wese 'n "classis contracta" ('n saamgetrokke klassis) en dus 'n meerdere vergadering.

Jansen (1952, p. 188-189) kwalifiseer 'n "classis contracta" as 'n saamgetrokke klassis wat uit 'n paar kerke saamgestel word vir spoedeisende sake. Die ander kerke kry wel kennis van so 'n vergadering, maar hoef nie daar teenwoordig te wees nie. Hulle betuig dan later stilswyend hul instemming met die besluite wat geneem is. Soortgelyk is ook die standpunt van Van Dellen en Monsma (1954, p. 182). (Vergelyk ook H. L. M. du Plessis, 1966, p. 70, by die verklaring van art. 5 K.O.).

Hoewel miskien aangevoer kan word dat nie al die elemente van 'n "classis contracta" in die vergadering, waarvan in art. 79 K.O. sprake is, aanwesig is nie, is dit tog *in wese* 'n "classis contracta". As sodanig is dit dus 'n *meerdere vergadering* omdat daar meer kerke teenwoordig is (vergelik art. 41 K.O.).

Aangesien die reëlings in verband met so 'n "classis contracta" kerkordelik beskryf is (artt. 4, 5, 79

K.O.) en as sodanig dus die volle instemming van al die plaaslike kerke het, is dit nie nodig dat *alle* plaaslike kerke in 'n betrokke klassikale gebied kennis moet kry wanneer 'n "classis contracta" vir die doeleindes van artt. 4, 5 en 79 K.O. byeengeroep word nie.

In art. 53 K.O. word bepaal dat predikante wat weier om die drie formuliere van Eenheid te onderteken, "deur die kerkraad of klassis" metterdaad in hul diens geskors moet word, en in die geval van profesore, deur die nasionale sinode. By hardnekkige weiering "moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word".

Met verwysing na art. 79 K.O. vra H. H. Kuyper die vraag of die bedoeling hier is dat slegs die klassis 'n predikant mag afsit, en geen ander meerdere vergadering nie. Hy meen om die antwoord hierop by die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, te vind. Hierdie Sinode het die vernaamste Remonstrantse predikante afgesit. In die afsettingsbesluit het die Sinode verklaar dat hy hierdie tug uitgeoefen het kragtens die outoriteit wat God aan hom verleen het. Die interpretasie, dat slegs 'n klassis 'n predikant mag afsit, is dus onjuis (1931-32, p. 3).

Hierby kan opgemerk word dat art. 79 K.O. by die klassis ook die deputate van die partikuliere sinode noem. Dit beteken dat ook die partikuliere sinode, *in en deur middel van* sy deputate, betrokke is by die afsetting van predikante. Die beginsel van

art. 30 K.O., dat sake wat in 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie deur 'n meerdere vergadering behandel mag word nie, moet egter steeds gerespek-teer en toegepas word.

3. DIE TUGREG VAN MEERDFRE VERGADERINGS IN DIE ALGEMEEN

Volgens Voetius word die tug uitgeoefen deur elke geïnstitueerde kerk (gemeente), deur middel van die kerkraad (Matthëus 18, vergelyk met I Korintheërs 5 en II Korintheërs 2). Die rede daarvoor is dat elke plaaslike geïnstitueerde en sigbare kerk die huis van God, ensovoorts, is (I Timotheus 3:15) en gevolglik is die beheer oor homself in sy eie hande (1676, p. 865).

Dan vervolg hy met 'n baie algemene stelling. Hy sê dat as hy die kerkraad vermeld, hy die klassisse en sinodes nie uitsluit nie. Klassisse en sinodes is immers niks anders as kerkrade van verskeie gemeentes wat met 'n besondere verbintenis met mekaar verenig is nie (1676, p. 865).

Voetius stel dus duidelik dat die tug deur elke plaaslike kerk uitgeoefen word omdat die plaaslike kerk die beheer oor homself in sy eie hande het. Tog vermeld hy ook *baie algemeen* dat klassisse en sinodes hier nie uitgesluit is nie.

M. Bouwman (1944, p. 35) lei van hierdie stelling van Voetius 'n *ongekwalifiseerde* tugreg van klassisse en sinodes af.

Kleyn (1888) maak die stelling dat die klassisse onder andere die opsig oor die gemeentes en die kerklike tug as taak het (p. 69). 'n Entjie verder gee hy egter 'n nadere kwalifisering. Hy bespreek 'n aanklag teen die leer of lewe van 'n predikant en kom tot die gevolgtrekking dat die klassis bevoeg is om op eie gesag die aanklag ter tafel te neem, te ondersoek en te beoordeel *as die kerkraad nie gehandel het nie* (p. 90; kursivering van my, J.V.).

Op grond van Voetius se antwoord op die bekende Vraag 22 (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191), naamlik of elke deel van die kerklike mag, ook die ekskommunikasie (dit is die uitsluiting uit die gemeente), in geval van wanadministrasie en ongeneeslike bederf, aan die sinodale versameling van kerke toegeken kan word en deur die sinode uitgeoefen kan word, sê M. Bouwman (1937, p. 368) dat Voetius hom nêrens só duidelik uitspreek oor die tugmag van die sinode as hier nie. Die sinode het beslis omvattende tugmag (vergelyk ook p. 312-313). Ook Jansen (1928, p. 11-12) wys daarop dat die meerdere vergaderings volgens Voetius in drie gevalle tugmag het: in geval van wanbestuur, hoër beroep en onvermoë van 'n mindere vergadering. (Vraag 22 word later in hierdie hoofstuk in besonderhede bespreek).

In hierdie verband verwys Jansen na die afsetting van ds. Henricus, predikant te Gorinchem, deur die Partikuliere Sinode van Dordrecht 1574. Hierdie afsetting is deur twee predikante aan die Kerkraad meegedeel (1952, p. 337).

Sulke tughandelinge deur meerdere vergaderings in die verlede moet egter met versigtigheid en diskresie aangehaal word as "bewyse" vir die tugreg van meerdere vergaderings. Dit kan nooit vanselfsprekend as normatief aanvaar word nie, maar dit moet altyd eers getoets word aan die beginsels van Skrif en Kerkorde (kyk punt 1 van hierdie hoofstuk).

Volgens Greijdanus (1938f, p. 323) is daar met betrekking tot die tugreg van meerdere vergaderings by Voetius twee lyne te onderskei:

- dié van die grondbeginsels insake meerdere vergaderings. Hulle is geen kerke of kerkrade nie, berus op afvaardiging en verteenwoordiging, het slegs beperkte mag en mis eie, oorspronklike bevoegdheid en dwang;
- dié waarvolgens aan hulle tog die reg van dwang oor en in die kerke in hul gebied toegeken word, bepaald in gevalle van onmag, verwarring en wanbestuur. Hierdie reg van meerdere vergaderings word dan bepleit op gronde wat nie houdbaar is nie, onder andere nuttigheid, karakter van eenheid of vereniging, ontlening van mag, ensomeer.

Volgens Greijdanus kan albei lyne nie gevolg word nie. Dit is òf die een òf die ander.

Greijdanus verwerp dan die tweede lyn van beginsels

(p. 322-323; 1938h, p. 341). Volgens die eerste lyn van beginsels kan daar geen sprake wees dat meerdere vergaderings kerkraadslede of hele kerkrade metterdaad kan skors of afsit en hulle in die plek van die kerkraad kan indring om te doen wat des kerkraads is nie. Daartoe het hulle geen reg van Godswêë nie (1938g, p. 333).

Apollonius redeneer van Matthëüs 18:15-18 af na die tugreg van meerdere vergaderings. Christus skryf in Matthëüs 18 sensuur deur die hele gemeente voor. Waarom kan daar dan nie van die één kerk oorgegaan word tot baie kerke in die klassis en tot nog meer kerke in die sinode nie? Volgens Apollonius staan die aard en die outoriteit van klassisse en sinodes uit hierdie instelling van Christus vas (weergegee deur Van Lonkhuyzen, 1937a, p. 35).

Van Lonkhuyzen verwerp tereg hierdie argumentasie as nie-ernstig en onwetenskaplik (1937a, p. 37).

Dit is duidelik dat die beginsel van art. 30 K.O., dat in meerdere vergaderings slegs sake behandel mag word wat in die mindere vergaderings nie afgehandel kan word nie, gladnie in die redenasie van Apollonius in berekening gebring is nie.

A. Kuyper huldig die standpunt dat die taak van 'n sinode nie beperk is tot die gee van advies nie. 'n Sinode het die mag om te daag, te beveel en te vonnis en kan self skors, uit die amp afsit en deur

die ban afsny (aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 126).

Volgens Van der Linde berus die tug- en ekskommunikasiereg van meerdere vergaderings op Handeling 15, waaruit dit vanself spreek dat as 'n meerdere vergadering bindende besluite kan neem, dit ook die bevoegdheid het om toe te sien dat die besluite uitgevoer word (1965, p. 154). Hierdie gevolgtrekking van Van der Linde het egter slegs krag volgens die beginsel van art. 30 K.O.

H. Bouwman (1934, p. 663) wys daarop dat, in die stryd teen die Arminiane, predikante dikwels deur die klassis of die sinode teen die wens van die kerkraad of van 'n groot deel van die gemeente uit hul amp afgesit is. Dit het voortgevloei uit die kerkverband. Die meerdere vergaderings moes waak vir die handhawing van die belydenis en ook vir die handhawing van die eenheid en die orde in die kerklike lewe. Daarom het die klassis die mag en die reg om predikante voor hulle te ontbied om hulle te verantwoord oor beskuldigings wat by die klassis teen hulle ingebring is. Die klassis het ook die mag en die reg om die vonnis van afsetting oor skuldige predikante uit te spreek.

Die klassis doen dit egter nie omdat hy 'n hoër bestuur is nie, maar kragtens die kerkverband. Hy doen dit ook nie sonder die kerkraad nie, maar in verband met die kerkraad gee hy die eindbeslissing en sit 'n

predikant af indien hy dit nodig oordeel (H. Bouwman, 1934, p. 663; vergelyk ook Jansen, 1952, p. 338).

Voorlopig kan dus nou reeds die gevolgtrekking gemaak word dat meerdere vergaderings wel tugreg het, hoewel slegs in sekere gevalle, ooreenkomstig die beperking in art. 30 K.O..

In hierdie hoofstuk sal later aangedui word wat die omvang en draagwydte van hierdie tugreg is en watter belangrike plek art. 30 K.O. hier inneem.

Al het die meerdere vergaderings egter tugreg, is hulle daardeur tog nie hoëre besture nie.

4. MEERDERE VERGADERINGS HET BEPERKTE TUG-REG

In hoofstuk 5, punt 5, is aangetoon dat die gesag in meerdere vergaderings nie privaat is nie, maar kumulatief. Dit geld ook van die tugreg van meerdere vergaderings. Dit wil sê dit is nie *berowend* nie, dit ontnem die mindere vergadering nie sy tugreg nie, maar dit bestaan *naas* dié van die mindere vergadering, om hom in die uitoefening van die tug te sterk en in die regte baan te hou (M. Bouwman, 1944, p. 21).

Die woord "naas", in die vorige paragraaf, moet verstaan word in die lig van hoofstuk 5, punt 5, dat "kumulatief" beteken: "daarnaas bestaande" (volgens die verklaring van M. Bouwman). Dit moet dus nie

só gesien word dat daarmee in hierdie studie 'n (bedekte) pleidooi gelewer word vir die sogenaamde bipolêre kerklike gesagsstruktuur nie.

1?
Wanneer
nie

In duidelike tuggevalle, of dié wat nie van algemene aard is nie en waarby die mindere vergadering wel die regte weg kan vind, sê M. Bouwman, is daar vir die meerdere vergadering geen rede om van sy tugreg gebruik te maak nie en moet hy hom daarvan weerhou (1944, p. 21).

Wat M. Bouwman hier egter uit die oog verloor, is dat geen kerkraad tug oor 'n ampsdraer kan uitoefen sonder die medewerking van die toepaslike "meerdere vergadering" nie. Dit word gereël in art. 79 K.O. en geskied volgens die beginsel van art. 30 K.O. (kyk 2 en 6 van hierdie hoofstuk).

Wanneer die volle tugreg vir die meerdere vergadering gehandhaaf word, is dit seker nie die bedoeling om die mindere vergaderings non-aktief te maak nie. Klassis en plaaslike kerk hoef nooit bang te wees dat die sinode sommer sonder enige rede, en buite hulle om, een van hulle predikante sal skors of afsit nie (M. Bouwman, 1944, p. 21-22).

Die Sinode van Emden, 1571, stel in die heel eerste artikel van sy Handeling die kardinale beginsel dat geen kerk oor ander kerke, geen predikant oor ander predikante, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy mag voer nie (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 35).

In die Dordtse Kerkorde (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 249) en in die Kerkorde van die G.K.S.A. word hierdie beginsel in art. 84 gestel. Voetius verwys met instemming na art. 1 van die Handeling van die Emdense Sinode, 1571 (1885, p. 269-270).

Van Es (1946, p. 44) maak dan ook met reg melding van die feit dat Voetius die selfstandigheid van die plaaslike kerk soveel moontlik handhaaf. Waarskynlik sou dit beter wees om te sê dat Voetius die selfstandigheid van die plaaslike kerk *ten volle* handhaaf (in plaas van "soveel moontlik").

As Greijdanus verwys na art. 1 van die Handeling van die Sinode van Emden en art. 84 K.O., gebruik hy dit as bewysgrond dat die meerdere kerklike vergaderings geen eie bevoegdheid of seggenskap en mag van sensuur, skorsing of afsetting in of oor enige plaaslike kerk het nie. Dit word juis deur die bo genoemde artikels afgesny en deur art. 31 K.O. en ander artikels beperk. Hy sê dat alle dergelike ingryping niks anders as menslike, ongeoorloofde hiërargiese aanmatiging is nie, ook al het ons vaders in vroeër eeue hulleself daaraan skuldig gemaak (s.j.b, p. 14). In hierdie verband beskuldig hy ook die Sinode van die G.K.N. (1943-45) van oortreding van art. 79 K.O. omdat nóg die Kerkraad van Paesens c.a., nóg die Kerkraad van Kampen, nóg albei in kombinasie, vóór sy skorsing geken is (s.j.a, p. 3). Die Sinode het dus hiërargies opgetree, volgens Greijdanus. (Dit gaan hier spesifiek om sy skorsing

as emeritus-predikant van Paesens c.a. Vergelyk punt 11.5 van hierdie hoofstuk).

Nauta (1971, p. 428-431) behandel die probleem of die bevoegdheid wat in die Kerkorde aan die kerkraad met 'n naburige kerkraad en die klassis toegeken word, in 'n konfliktsituasie deur ander meerdere vergaderings oorgeneem en uitgeoefen mag word met 'n gelyke regsgevolg. Hy stel dit dan ondubbelsinnig dat daar 'n sekere mate van inisiatief by òf 'n deel van die kerkraad òf 'n deel van die gemeente moet wees. As hierdie inisiatief ontbreek, val die moontlikheid tot die neem van tugmaatreëls weg. Met ander woorde: as die beweerde wanbestuur nie teenstand in die gemeente verwek nie, is daar vir die kerkverband niks meer aan te doen nie (p. 430). In soverre kan gesê word dat die selfstandigheid van die plaaslike kerk die afgrensing van 'n moontlike optrede van die kant van die kerkverband beteken (p. 430-431). (Vergelyk hier G.K.N., 1971, p. 60, art. 121).

As 'n meerdere vergadering, onder "normale" omstandighede die tug uitoefen *met verbygang van die plaaslike kerkraad*, sou dit neerkom op blatante kollegalisme. Meerdere vergaderings het dus *beperkte* tugreg ... 'n tugreg wat nie lei tot berowing en onderdrukking van die selfstandigheid van die plaaslike kerk nie.

5. IS DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADERINGS
BLOOT 'N BESLISSINGSREG, OF OOK 'N REG
TOT UITVOERING?

Dikwels word die tugreg van meerdere vergaderings sō streng beperk dat dit neerkom op 'n blote *beslissings-reg*. Die meerdere vergadering kan dus slegs *beslis* dat tug toegepas moet word. Die *uitvoering* van sō 'n beslissing is egter die alleenreg van die plaaslike kerkraad.

Dit is onder andere die standpunt van Greijdanus (1938h, p. 341). Hy sê dat die meerdere vergaderings tugwaardigheid kan *verklaar*. Aan hierdie oordeel van 'n meerdere vergadering moet die betrokke kerk dan uitvoering gee, kragtens die afspraak, wat in art. 31 van die Kerkorde, vasgelê is.

Die werklike skorsing of afsetting is die werk van die kerkraad, al is dit eventueel gesteun deur die meerdere vergaderings. Volgens Greijdanus word die uitsonderings wat Voetius maak, byvoorbeeld in gevalle van onmag of onwettige beheer of by wanbestuur of in geval van appêl, nie deur regsgronde gesteun nie.

Hierdie "uitsonderings" wat Voetius maak, kom voor in Vraag 22 (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191). Van Lonkhuyzen (1932, p. 195-196, vergelyk p. 195, voetnota 10) verklaar dit sō dat indien daar wanbeheer of ongeneeslike bederf by 'n kerkraad is, die hele kerkraad formeel geëkskommuniseer (en dus nog veel eerder afgesit) kan word. Dit geskied egter met en voor die grotere deel van die gemeente ("cum

et coram potiori parte populi"), indien dié weer tot besinning gekom het. Hieraan gaan egter vooraf ("praeunte") die besturende of reëlende mag van die sinode, wat die ontbrekende deel (van die kerkraad) met sy afgevaardigdes aanvul. Hy lê nadruk op Voetius se beskouing dat die tughandeling *met en voor die grotere deel van die gemeente* geskied, en daaraan gaan die besturende mag van die sinode *vooraf*. Met ander woorde: die sinode reël en bestuur, maar die grotere deel van die gemeente oefen die tug uit.

Van Lonkhuyzen gaan egter nie verder op Vraag 22 in nie. Daarin sê Voetius (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191) dat as die groter deel van die gemeente almal en elkeen saam met die kerkraad hopeloos bederf is en gevolglik ekskommunikasie verdien, dan moet òf deur deputate van die sinode òf by wyse van korrespondensie die banvonniss openlik bekend gemaak word.

Hier moet ook nog opgemerk word dat M. Bouwman (1937, p. 344) die woord "praeunte" in Vraag 22 vertaal met "onder leiding van" die besturende mag van die sinode. Die vertaling van Van Lonkhuyzen: "waaraan voorafgaan", word gesteun deur White (1913, p. 482 en F. Postma (1939, p. 244) en verdien dus voorkeur.

Van Lonkhuyzen (1932, p. 197, voetnota 11) lei ook van Vraag 23 (Voetius, 1663, p. 227-228; 1885, p. 191-192) af dat Voetius 'n voorstander is van die gedagte dat die prosedure altyd moet wees dat die

sinode lei en reël, maar dat die kerkraad die tug uitoefen. Voetius behandel in Vraag 23 onder andere die probleem van wat gedoen moet word indien die helpende mag van die kerke, wat met die sinodale band saamgevoeg is, nie te hulp wil of kan kom nie. Hy antwoord dat die kerk, in geval van noodsaaklikheid, dan self moet optree. Dit is duidelik dat Van Lonkhuyzen hier nie voldoende aandag gee aan die feit dat die kerke in kerkverband in hierdie geval nie kan of wil help nie. Dan is dit tog logies dat sō 'n plaaslike kerk *sonder* die hulp van 'n meerdere vergadering self moet handel. Om hieruit egter af te lei dat dit dus altyd 'n geval is van die *sinode* wat lei en reël en die *kerk* wat die tug moet uitoefen (soos Van Lonkhuyzen doen) is nie wetenskaplik verantwoord nie en gee Voetius se bedoeling nie suiwer weer nie.

Van Lonkhuyzen sê dat in 'n noodgeval van algehele bederf of wanbeheer in 'n gemeente die sinode en die gemeente gesamentlik in die tugaksie moet optree. 'n Gemeente mag dit nie willekeurig doen nie. Hy het hier die oordelende en reëlende mag van die sinode nodig. Maar die sinode mag dit ook nie alleen doen nie. Hy het die gemeente nodig, en dié doen die eintlike formele daad. *Die gemeente alleen* sou independentisties wees. *Die sinode alleen* sou hiërargies wees. *Gesamentlik* is gereformeerd. Maar in hierdie "gesamentlike" nog *elkeen volgens eie taak*: die sinode lei, oordeel, bestier en beveel, indien nodig, maar die gemeente doen die daad (1932, p.

197-199). Hierdie gevolgtrekking van Van Lonkhuyzen hou ook nie rekening met die situasie wat Voetius verder in Vraag 22 behandel, naamlik wanneer die grotere deel van die gemeente saam met die kerkraad hopeloos bederf is en gevolglik ekskommunikasie verdien nie. Dan handel die sinode *sonder* die gemeente.

H. H. Kuyper (1923, Deel V, bladsye ongenommer) handel nie oor die geval van 'n plaaslike kerk wat nie sy predikant wil tug nie. Hy noem dit uitsonderingsgevalle. Normaalweg is die daad van ekskommunikasie 'n daad wat nie by die klassis of die sinode tuis-hoort nie. Dit moet gedoen word deur die plaaslike kerk self en deur die ampsdraers aan wie die sleutels van die hemelryk toevertrou is. Niemand sal beweer, sê hy, dat 'n klassis of sinode die reg sou hê om in hul vergadering met die Formulier van die Ban iemand te ekskommuniseer nie. Die meerdere vergadering kan hiertoe wel die opdrag gee, maar die uitvoering, dus die eintlike daad, moet deur die plaaslike kerk geskied.

Hierdie standpunt word ook gehuldig deur H. Bouwman (1934, p. 23-24) en Van Es (1946, p. 9). A. Kuyper erken wel die tugreg van meerdere vergaderings, maar hou tog ook sterk vas aan die regte van die plaaslike kerke (volgens Kuypers, 1949b, p. 125-127).

Ten slotte kan met volle instemming daarop gewys word dat Voetius in Vraag 22 (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191) toegee dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die *voorbereiding van* of die

beslissing tot die banvonnis, en die uitvoering daarvan. Dit geld egter slegs wanneer die hele kerk nie hopeloos bedorwe is nie. Hy lê nadruk daarop dat die reg en die uitoefening van die mag vir elke plaaslike kerk ongeskonde bewaar moet word. In geval van wanbestuur of versuim moet aan die sinode nie méér toegeken word as die voorbereiding van die vonnis en die leiding nie. (Dit geld natuurlik nie in gevalle waar die hele gemeente saam met die kerkraad hopeloos bedorwe is nie. Dit het Voetius reeds eerder in Vraag 22 bespreek).

Die probleme wat in hierdie onderafdeling behandel is, kan slegs sinvol opgelos word indien die bevoegdheidsbeperking van meerdere vergaderings, soos in art. 30 K.O. uiteengesit, steeds toegepas word. Dan sal die reg en die selfstandigheid van die plaaslike kerke nie aangetas word nie en die bevoegdheid van die meerdere vergaderings nie ongegrond ingekort word nie.

6. ARTIKEL 30 KERKORDE

Die gedeelte van art. 30 K.O. wat hier van toepassing is, lui s6: "Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort".

In hoofstuk 5, punt 6.1, is reeds op die volgende gewys in verband met art. 30 K.O.:

- die mag van meerdere vergaderings is beperkter in omvang as dié van die plaaslike kerk. Art. 30 lê die waarborg van die plaaslike kerk se vryheid neer. Hiervoor is daar die voorbeeld van die kerkvergadering te Jerusalem, waarvan Handeling 15 die beskrywing gee. Daar het dit gegaan om 'n saak wat nie in die mindere vergadering afgehandel kan word nie. Die probleem wat daar bespreek is, het ook nie slegs die plaaslike kerk in Antiochië geraak nie, maar *alle* kerke;
- art. 30 K.O. is anti-hiërargies en anti-independisties. Dit laat nie toe dat alles deur die meerdere vergaderings behandel word nie en dit spreek duidelik van sake wat die kerke gemeenskaplik raak;
- die meerdere vergaderings het nie die reg om in die sake van die plaaslike kerk in te gryp as die kerkraad dit self kan afhandel nie. Tog het meerdere vergaderings in buitengewone gevalle selfs die plig om in te gryp as daar wanbestuur by 'n mindere vergadering voorkom;
- die beginsel van art. 30 K.O. gaan baie dieper as 'n formele aanduiding wat op 'n agenda mag kom. Dit wil nie die aard van agendastukke definieer nie, maar dit wil die regte en pligte van kerkvergaderings waarborg. Dit maak 'n Bybelse beginsel, van hoe elkeen geroep is om

aan die Here verantwoordelik te lewe en te werk, diensbaar in kerkvergaderings. Tegelyker-tyd wil dit negatief enige heerskappyvoering en magsindringing uitsluit;

- die beginsel wat in art. 30 K.O. uitgedruk word, is dus van die uiterste belang in die ondersoek na die tugreg van meerdere vergaderings. In die beginsel van art. 30 K.O. lê die sleutel tot die oplossing van die probleem van die tugreg van meerdere vergaderings in verhouding tot die plaaslike kerk.

Hierdie beginsel word egter nie toegepas in die prosedure van tug oor ampsdraers wat van krag is in die N.G.K. en die N.H.K.A. nie.

Volgens die Kerkorde van die N.G.K. staan ouderlinge, diakens, evangeliedienaars wat die status van predikant of proponent bekleë en sendelinge onder die opsig en tug van die ring waaronder hulle ressorteer, met dien verstande dat die kerkraad se toesig oor ampsdraers die reg, om as klaer op te tree, veronderstel (N.G.K., s.j., p. 15, art. 62.3).

In die Wet en Bepalings van die N.H.K.A. word gestipuleer dat die tug oor ouderlinge en diakens deur die ringskommissie uitgeoefen word en oor bedienaars van die Woord deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (N.H.K.A., 1979, p. 63-64, Bepaling 111).

In albei bogenoemde gevalle word sake, wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word, onder die jurisdiksie van meerdere vergaderings geplaas. Vergelyk hierteenoor art. 79 van die K.O. van die G.K.S.A., waarin die beginsel van art. 30 K.O. in alle gevalle gerespekteer word. Alle ampsdraers staan direk onder toesig van die kerkraad, terwyl die tugreg van meerdere vergaderings nooit ten koste van die selfstandigheid van mindere vergaderings en die beginsel van art. 30 K.O. uitgeoefen word nie.

Geldenduys (1951, p. 330) wys op die verskil tussen die G.K.S.A. en die G.K.N. By die G.K.S.A. is die liggaam wat jurisdiksie het in tugsake van ampsdraers nie die klassis nie, maar 'n gekombineerde kerkraad, saamgestel uit die plaaslike en buurgemeente se "kerkraadslede". Indien die saak betrekking het op skorsing sowel as afsetting van die predikant, moet die saak voor die klassis, met advies van die deputate van die sinode, dien. By die N.G.K., sê hy, is dit net andersom. Die afsetting van 'n predikant geskied deur die sinode, op advies van die klassis of ring, wat die predikant ondertussen vir 'n onbepaalde tyd geskors het (voetnota 207).

Geldenduys noem hierdie verskil 'n verskil "in procedure". In werklikheid is dit veel meer as 'n blote verskil "in prosedure". Dit is 'n verskil in kerkregtelike *beginsel*, dat die kerkraad as *regeerliggaam* totaal verbygegaan word. Die "prosedure" in die

N.G.K. is 'n afbuiging van die ou gereformeerde lyn, wat loop van die Sinode van Dordrecht, 1578, oor die Dordtse Sinode van 1618-1619, tot by die K.O. van die G.K.S.A. (kyk Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 125, 158, 212 en 248). Dit kan beswaarlik tuisgebring word onder die "Gereformeerde stelsel van kerkregering" soos in die titel van Geldenhuys se boek gepretendeer word.

Hierdie reëling, dat ampsdraers in die N.G.K. deur die *ring* getug word, is eintlik 'n noodwendige konsekwensie van die presbiteriaanse standpunt, soos veral deur Bannerman (1974, p. 318) vertolk. Volgens hom is 'n predikant nie slegs prediker en regeerder in die plaaslike kerk nie, maar in die hele "universele" kerk (vergelyk hoofstuk 5, punt 2.4 van hierdie studie). In die N.G.K. word 'n predikant ook amptelik verklaar tot "lid van die Ring" (kyk verskillende uitgawes van "Die Kerkbode", byvoorbeeld 19 Augustus 1981, p. 14).

Sadler (1979) probeer die prosedure in die N.G.K. as gereformeerde voorstel: "In 'n sekere sin het die Ned. Geref. Kerk deur die tug oor ampsdraers aan die ring toe te vertrou, maar net die lyn wat reeds in die Geref. kerkreg aanwesig is, konsekwent deurgetrok" (p. 95, voetnota 11). Tog voel hy ook aan dat hier wel 'n afbuiging van die ou gereformeerde lyn is as hy sê: "Die gebrek in hierdie reëling is egter dat in die praktyk die gemeente of kerkraad 'n passiewe rol speel. By optrede teen 'n leraar kan dit

tot konflik lei" (p. 95-96, voetnota 11). Hy pleit ook daarvoor dat die ring moet poog om sover moontlik die instemming en samewerking van die gemeente en kerkraad met die tughandelinge te verkry, anders kan die uitspraak van die ring vervreemding by hulle wek, tot groot nadeel van die kerk (p. 82). (Vergelyk hier ook Mentz, 1950, p. 9).

Volgens art. 30 K.O. mag 'n meerdere vergadering nie 'n saak, wat in 'n mindere vergadering afgehandel kan word, in behandeling neem nie ... selfs al sou die betrokke mindere vergadering, om watter ongegronde rede ookal, die saak self na die meerdere vergadering verwys.

Art. 30 K.O. bevat 'n baie belangrike beginsel van die gereformeerde kerkregering, teenoor die hiërargies-sinodale stelsel van die Kollegialisme, waar die plaaslike kerk slegs 'n minder-belangrike "afdeling" van die "kerk" (= kerkverband) is.

Tog is daar ook, selfs in Gereformeerde kringe, nie altyd eenstemmigheid oor die toepassing van die beginsel van art. 30 in die praktyk nie.

Van Lonkhuyzen (1932, p. 190) sê dat 'n meerdere vergadering in sommige gevalle wel ouderlinge en diakens kan afsit, naamlik as hierdie sake op die *wettige* wyse voor hom gebring word. Dit kan slegs as appèl teen 'n beslissing, wat volgens art. 79 K.O. geneem is, by die meerdere vergadering aange-

teken word. Die Kerkorde ken, volgens Van Lonkhuyzen, slegs één weg om ouderlinge en diakens af te sit en dit is saam met 'n naburige kerk, soos in art. 79 bepaal word. Aangesien daar egter teen alle kerklike besluite appèl by 'n meerdere vergadering moontlik is (art. 31 K.O.), kan so 'n saak op hierdie wyse by die klassis kom.

Hierdie siening van Van Lonkhuyzen is 'n ongegronde *verskraling* van die beginsel in art. 30 K.O.. *Enige* saak wat, om watter rede dan ook, nie in 'n mindere vergadering afgehandel *kan* word nie, moet in 'n meerdere vergadering behandel word. Dit is juis een van die logiese uitvloeisels van die eenheid en verbondenheid van plaaslike kerke in kerkverband. Per slot van rekening gaan dit immers om die regering van *Christus* deur sy Woord en Gees.

A. Kuyper weerlê die standpunt van Van Lonkhuyzen. Volgens hom is dit nie só dat 'n sinode uitsluitend in appèlsake van sy tugmag gebruik mag maak nie. Daar is gevalle denkbaar waar die mindere vergaderings nie kan optree nie. Ook kan dit voorkom dat die mindere vergaderings versuim om hul plig te doen en die sinode daarom moet optree (aangehaal deur Kuypers, 1949b, p. 126).

'n Ander foutiewe opvatting van die bedoeling van art. 30 K.O. word gevind in die verweer van die deputate van die Sinode van Haarlem, 1582, teen die aanklag wat die Kerk van Leyden by die Sinode van 's Gravenhage ingedien het oor die ekskommunikasie van

Coolhaes.

In hierdie verweer, wat instemmend deur M. Bouwman aangehaal word (1944, p. 22), word beweer dat as iemand *dwaalleer* versprei in openbare geskrifte, dan mag die *sinode* die saak in behandeling neem, omdat die openlike verspreiding van onskriftuurlike leringe 'n saak is wat alle kerke in die algemeen raak en dus tot die bevoegdheid van die sinode behoort.

'n Soortgelyke opvatting word gevind by Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan (s.j., p. 50), rakende die tug oor prof. K. Schilder. Hulle maak die bewering dat dit in hierdie geval nie noodsaaklik was om die Kerk van Rotterdam-Delfshaven en die Klassis Rotterdam vooraf in die behandeling van hierdie aangeleentheid te ken nie, omdat prof. Schilder hom teenoor die kerke in die algemeen en teenoor die Sinode van hierdie kerke misgaan het. Dit behoort dus tot die bevoegdheid van die Sinode om van hierdie saak kennis te neem en daaroor 'n oordeel uit te spreek.

As weerlegging van bogenoemde twee foutiewe opvattinge van art. 30 K.O. moet eerstens daarop gewys word dat dit hier gegaan het om twee *tugsake*, volgens artt. 79 en 80 K.O.. Artt. 79 en 80 gee dan ook hoegenaamd geen steun aan die gedagte dat die *aard* of die *omvang* van die "openbare growwe sonde" (art. 79), of die *persoon of instansie* teen wie die sonde begaan is, die *subjek* van die tugtoepassing bepaal nie. Of 'n bepaalde "openbare growwe

sonde" minder of meer ingrypend is, of dit minder of meer omvangryk is en of dit gevolge het vir 'n kleiner of groter groep mense of kerke, het *niks* te doen met wie die subjek van die tugtoefening moet wees nie. Per slot van rekening word *alle* sondes teen *God* begaan (Psalm 51:6) en die subjek(te) vir die tug oor ampsdraers bly in alle gevalle van sensurabele oortredings dieselfde volgens art. 79, in die lig van art. 30. Hiermee word slegs bedoel dat, wanneer 'n mindere vergadering 'n tugsak, om watter rede ook al, nie kan afhandel nie, of as dit volgens art. 79 by 'n meerdere vergadering tuishoort, dit *dan* eers deur 'n meerdere vergadering behandel mag word. Die bogenoemde standpunt van die Haarlemse deputate, gesteun deur M. Bouwman, en dié van Berkouwer en andere, is 'n totale misvatting van die bedoeling van art. 30 K.O.

Die bogenoemde Haarlemse deputate openbaar ook nog in 'n ander opsig 'n gebrek aan begrip van die suiwere bedoeling van art. 30 K.O.. Hulle redeneer naamlik dat as twee kerkrade (art. 79 K.O., wat in die K.O. van Middelburg, 1581, art. 64 is) ampsdraers mag afsit, dan mag die klassis, die partikuliere sinode en die algemene sinode ook predikante en kerkraadslede skors en afsit (aangehaal deur M. Bouwman, 1944, p. 23; Bouwman stem klaarblyklik met hierdie skynbaar-logiese argument saam). Dieselfde gedagtegang word ook gevind by H. Bouwman, 1934, p. 26.

Nou is dit wel s6 dat daar tussen 'n vergadering van

twee kerke (art. 79 K.O. = 'n "classis contracta") en 'n vergadering van byvoorbeeld tien kerke ('n klassis) in 'n sekere sin slegs 'n *graadverskil* bestaan. Dieselfde "graadverskil" bestaan ook tussen 'n klassis en 'n partikuliere of nasionale sinode.

Die bogenoemde argumente van die Haarlemse deputate en H. Bouwman lyk dus logies en prinsipieel in orde.

En tog is dit *nie* so nie, omdat die hele beginsel van art. 30 K.O., waaroor dit tot dusver gaan, in daardie argumente oor die hoof gesien word. Daar word geargumenteer asof art. 30 hoegenaamd nie in die Kerkorde voorkom nie.

Die gevaar van so 'n handelwyse is voor-die-hand-liggend: die *gereformeerde* kerkregering kan ongemerk verdring word deur die *kollegialistiese*!

Ooreenkomstig art. 30 K.O. mag geen meerdere vergadering, selfs geen klassis, met die tug oor ampsdraers begin, tensy die mindere vergadering hierin in gebreke gebly het nie (Bos, 1950, p. 308).

Wanneer 'n mindere vergadering weier om geregverdigde en noodsaaklike tug oor 'n ampsdraer toe te pas, het die meerdere vergadering, in die lig van art. 30 K.O., die reg en die plig om die saak in behandeling te neem. Die saak kan dan, as gevolg van sy *onwil*, nie deur die mindere vergadering afgehandel word nie.

Volgens art. 30 is dit dus noodsaaklik dat daar altyd eers duidelik uitgemaak sal word of 'n betrokke saak gladnie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word, voordat die meerdere vergadering dit in behandeling neem nie. Dit geld ook in geval van appèl. As 'n meerdere vergadering in 'n appèlsaak uitspraak gee, met die effek dat tug oor 'n ampsdraer uitgeoefen moet word, moet daar altyd eers gepoog word dat die mindere vergadering(s), wat volgens art. 79 K.O. daarvoor aangewys is, die tug uitoefen. Eers in geval van weiering, of werklike onmag by so 'n mindere vergadering, kan die meerdere vergadering sy tugreg uitoefen.

'n Belangrike Skrifbeginsel wat hier in ag geneem moet word, is dié in Galásiërs 6:1, 2: "Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus".

Kerke wat een is in Christus en saamgebind is in kerkverband, is verplig om mekaar te hulp te kom, ook in die belangrike saak van tug oor ampsdraers. As art. 79 K.O. dus gelees word in die lig van art. 30 K.O., kan beweer word dat die *kerkraad* tug met die gesagvolle hulp van die *ander kerke* (in die kerkverband), wat in meerdere vergaderings byeenkom. Per slot van sake is dit nie 'n kwessie van of die *kerkraad* of die meerdere vergaderings wat tugreg

het nie. S6 'n redenasie gaan uit van die bipolêre gesagsbegrip, waar kerkraad en meerdere vergaderings *teenoor* of *naas* mekaar gestel word.

Die regte siening behels dus die volgende:

- as meerdere vergaderings, onder "normale" omstandighede, die tug uitoefen met verbygang van die plaaslike kerkraad, is dit blatante kolle-gialisme;
- die kerkraad oefen sy tugreg in *medewerking* met die ander kerke, wat in meerdere vergaderings byeenkom, uit. Die meerdere vergaderings is egter nie hoëre besture, wat die kerkraad ver-vang nie;
- in geval van onmag, wanbestuur of ongeneeslike bederf word die tug uitgeoefen deur die meerdere vergadering *in samewerking met die "gesonde" deel van die kerkraad*, waar die tugaksie begin;
- slegs in abnormale omstandighede, soos byvoor-beeld totale bederf by die *hele* kerkraad, tree die meerdere vergaderings, sonder die kerkraad, met tug oefening op. Selfs in so 'n geval, egter, sal die saak *gewoonlik* as 'n klag by die *kerkraad* ingedien word, kragtens art. 30 K.O.. Indien die kerkraad weier om op te tree, kom die saak langs die weg van appèl (art. 31 K.O.) by die meerdere vergadering in behandeling.

Die beginsel van art. 30 K.O. bepaal dus die inisiatief, uitoefening en omvang van die tugreg van meerdere vergaderings.

Op die toepassing van hierdie beginsel in verskillende tuggingvalle word daar egter in gereformeerde geledere verskillend geantwoord.

7. KAN 'N MEERDERE VERGADERING 'N HELE KERKRAAD AFSIT?

Een van die vrae wat baie verskillend beantwoord word, is of 'n meerdere vergadering 'n hele kerkraad kan afsit.

H. H. Kuyper (1932, bladsye ongenommer) wil hierdie vraag nie sondermeer bevestigend beantwoord nie. Alles hang van die aard van die konflik af. Wanneer die sinode byvoorbeeld in laaste instansie uitspraak gedoen het en die kerkraad weier om die beslissing te aanvaar, kan die sinode nie anders as om met strafmaatreëls op te tree nie. Dit was nou die geval by die Sinode van Assen, toe die Kerkraad van Amsterdam-Suid die skorsing, wat die Sinode uitgespreek het, nie wou erken nie. Die stryd het hier gegaan oor die vraag of 'n sinode, teen wie se uitspraak geen appèl meer moontlik is nie, die reg het om dan in só 'n geval tot afsetting van die kerkraad oor te gaan.

Van Lonkhuyzen betwis dit, sê Kuyper. Die Sinode van Assen mog volgens hom niks anders doen as om die

Kerk van Amsterdam-Suid buite die kerkverband te sit nie. Kuyper beweer dan dat dit, volgens Voetius, die standpunt van die Independentiste is. Van tugmaatreëls mag daar geen sprake wees nie. 'n Mens mag so 'n kerk, wat nie na die sinode wil luister nie, dan slegs buite die kerkverband plaas en só die gemeenskap met hom verbreek. (Die verbreking van kerkverband met 'n gemeente, as 'n tugmaatreël, word in punt 9 nader bekyk en beoordeel).

Van Lonkhuyzen lê daarop nadruk dat, volgens Voetius, die hele kerkraad *met en voor die grotere deel van die gemeente* formeel geëkskommuniseer (en dus nog veel meer afgesit) kan word. Dit kan egter slegs geskied as hierdie grotere deel van die gemeente weer tot besinning gekom het. Aan hierdie tughandeling teen die hele kerkraad gaan egter die besturende mag van die sinode *vooraf* (1932, p. 195).

Soos egter reeds in punt 5 van hierdie hoofstuk aangetoon is, het Van Lonkhuyzen nie verder op Vraag 22, waar Voetius hierdie probleem bespreek (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191), ingegaan nie. Daarin sê Voetius dat as die groter deel van die gemeente saam met die kerkraad hopeloos bederf is, die banvonniss (van ekskommunikasie, en per implikasie dus ook in die geval van afsetting) openlik deur die deputate van die *Sinode* bekend gemaak moet word (vergelyk hier M. Bouwman, 1937, p. 318).

Vir Jansen (1928, p. 23) lyk die afsetting van hele kerkrade, in plaas van ampsdraers individueel, uit

'n formele oogpunt onjuis. In die algemeen ag hy dit verkeerd, omdat die tug oefening oor 'n massa die onskuldiges saam met die skuldiges kan tref. Maar hierdie beswaar geld nie by die afsetting van die Remonstrantse kerkrade nie. Eerstens omdat hulle formeel onwettig gekies is. Die Remonstrante het afsonderlik vergader, het 'n eie kerkraad gekies en hierdie kerkraad het homself dan teenoor die Gereformeerde kerkraad gestel. Verder was dit volkome duidelik dat die Remonstrantse kerkradslede almal skuldig was.

Dieselfde standpunt en uiteensetting word ook by Van Es (1946) gevind. Hy waarsku uitdruklik dat die afsettings van hele kerkrade in die onmiddellike tyd ná die Dordtse Sinode van 1618-1619 nie as algemene maatstaf kan geld nie. Hy wys dan ook, soos Jansen, daarop dat daar in daardie tyd op baie plekke twee kerkrade was (genoem "contrarie-kerkeraden"), 'n Gereformeerde en 'n Remonstrantse. Een van die twee moes gewettig en die ander afgesit word (p. 20-38, 42).

Van Es wys ook op die owerheidsinmenging in kerklike sake in daardie tyd, as verdere bewys dat daardie afsettings van kerkrade nie as maatstaf kan dien nie (1946, p. 38-39).

Hy beweer ook dat daar van 'n bevoegdheid van meerdere vergaderings om 'n hele kerkraad af te sit, in Voetius se geskifte niks te vinde is nie (p. 40).

Hierdie stelling van Van Es word egter per implikasie weerlê deur dit wat Voetius in Vraag 22 sê (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191; kyk die bespreking daarvan in punt 5 van hierdie hoofstuk, asook hierbo by die standpunt van Van Lonkhuyzen).

Van Es konkludeer dat nóg die kerkorde en sy geskiedenis, nóg die eeuelange kerkregtelike praktyk tot nou toe, nóg die wetenskaplike beoefening van die kerkreg weet van enige bevoegdheid van meerdere vergaderings om ouderlinge en diakens of selfs kerkrade af te sit. Die gedagte daaraan is ten enemale in stryd met die grondbeginsels van die "nederlandsch kerkelijk recht" (1946, p. 54).

Ook Monsma (1967, p. 328-329) is van mening dat 'n meerdere vergadering, volgens die Gereformeerde kerkreg en die Kerkorde, nie 'n "mindere vergadering" mag afsit nie. Tug word ook nie in massa toegepas nie, maar individueel. Meerdere vergaderings mag ook nie ouderlinge en diakens afsit nie, maar mag slegs oordeel.

M. Bouwman (1937) is baie beslis dat Voetius die bevoegdheid van meerdere vergaderings, om 'n kerkraad in geval van volgehoue hardnekkige wanbestuur uit die amp af te sit, erken (p. 185, vergelyk p. 318 en 324). In so 'n geval hou die sinode die kerklike mag nie blywend by homself nie, maar hy dra dit op aan die "ampsdraers" van een of meer naburige kerke, totdat die orde herstel en 'n nuwe kerkraad ingestel is (vergelyk hier art. 39 K.O.). Anders sou die

meerdere vergadering 'n *privatiewe* mag uitoefen en nie 'n *kumulatiewe* nie, sodat die plaaslike kerk van sy mag beroof is (vergelyk hier hoofstuk 5, punt 5, van hierdie studie). Die doel van die sinodale ingrype is om so spoedig moontlik die toestand van wanbestuur te beëindig. As 'n nuwe kerkraad bevestig is, trek die sinode homself terug en laat die bestuur van eie sake weer aan die kerkraad oor (p. 185 en 358).

Samevattend kan dus gesê word dat in geval van wanbestuur en hopelose bederf by die kerkraad en die groter deel van die gemeente, die kerkraad wel deur die meerdere vergadering afgesit mag word. Dan moet die *hele* kerkraad egter skuldig wees. In so 'n geval word die tydelike regeermag nie aan die *gemeente* opgedra nie, maar aan die kerkraad van 'n naburige gemeente. Daar moet egter so gou moontlik 'n nuwe kerkraad ingestel word.

Sou dit egter nie, in die lig van art. 39 K.O., wenslik en korrek wees dat 'n skuldige kerkraad deur 'n naburige *kerkraad* in plaas van deur 'n *meerdere vergadering* afgesit word nie? Art. 39 K.O. reël naamlik dat plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerkraad gestel moet word.

Op hierdie vraag moet egter ontkennend geantwoord word, en wel om die volgende redes:

- dit veronderstel dat meerdere vergaderings onder geen omstandighede tugreg het nie;

- dit doen die beginsel van art. 84 K.O. geweld aan, waar bepaal word dat geen kerk (en per implikasie: kerkraad), predikant, ouderling en diaken oor ander enige heerskappy mag voer nie.

8. DIE REG TOT EKSKOMMUNIKASIE

Onder ekskommunikasie word "die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente" verstaan (Heidelbergse Kategismus, Sondag 31; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 32; vergelyk Matthéüs 18: 17, 18). Die Kerkorde noem dit "die afsnyding van die gemeenskap van die kerk" (art. 77).

Het meerdere vergaderings die reg om ook *hierdie* tug toe te pas, veral in die lig van art. 30 K.O.? (Kyk punt 6 van hierdie hoofstuk).

In hierdie verband moet met nadruk die *geestelike aard* van die tug, oor lidmate en ampsdraers, voorop gestel word (kyk hoofstuk 3, punt 5.2; Visser, 1980, p. 63-67, 70). Ook moet in gedagte gehou word dat die tug oor ampsdraers en die "gewone" tug onder andere *die behoud van die sondaar* as doel het (kyk hoofstuk 3, punt 4.3; Visser, 1980, p. 56-61, 69).

Op grond van die Skrif en die Kerkorde stel Visser dit baie duidelik dat daar nie by elke sonde onmiddellik oorgegaan word tot afsnyding nie, juis omdat die tug geestelik van aard is. Daar word eers ver-

skeie broederlike vermanings tot die sondaar gerig in 'n poging om hom tot bekering te bring. Voortgesette volharding in die kwaad lei tot toenemende intensiteit van die tug oefening, totdat dit op slaas afgesluit word met uitbanning uit die gemeente (1980, p. 67, 70). Die gedagte in art. 77 K.O., dat daar geen afsnyding mag wees voordat die sondaar nie eers van die nagmaal afgehou is en verskeie kere vermaan is nie (die "afkondigings" waarvan hierdie artikel praat, is in wese niks anders as openbare vermanings nie - H. Bouwman, 1934, p. 636), vind volle steun in die Nuwe Testament. Dat daar verskillende vermanings voor afsnyding moet wees, is 'n eis van die Skrif, byvoorbeeld Titus 3:10; *hoeveel* vermanings daar moet wees, is 'n praktiese reëling. In geen geval mag art. 76 (afhouding van die sakramente) in die tugproses "oorgeslaan" word nie (p. 71).

Dit is opmerklik dat die Kerkorde klem lê op *herhaalde vermanings* vóór die uiteindelijke afsnyding. Art. 76 praat van "... hardnekkig die vermaning van die kerkraad verwerp ...". In art. 77 word weer gepraat van *herhaalde* vermanings (kursivering van my, J.V.). Die afsnyding moet ook, volgens hierdie artikel, voorafgegaan word deur drie openbare afkondigings, waarin onder meer melding gemaak moet word van "menigvuldige vermaninge".

Dit is asof die Kerkorde nie die noodsaaklikheid van herhaalde vermanings genoeg kan beklemtoon nie. Die tug, oor lidmate en ampsdraers, geskied immers

uit liefde (kyk hoofstuk 3, punt 5.1; Visser, 1980, p. 61-63; 69-70).

'n Afsnyding (ekskommunikasie) wat nie met hierdie kardinale feite rekening hou nie, is skriftuurlik en kerkordelik onjuis.

Daar is egter ook, wat genoem kan word, 'n *buitengewone* ekskommunikasie, naamlik wanneer 'n kerk buite die kerkverband geplaas word. Hier word nie volgens die gewone prosedure opgetree nie. Die veelvuldige *vermanings* bly egter ook in hierdie geval van krag. Hierdie aangeleentheid word egter later in hierdie hoofstuk meer in besonder bespreek.

In hoofstuk 8 sal aangetoon word dat die "gewone" tug (dus ook die ekskommunikasie) nie noodwendig altyd op skorsing en afsetting volg nie.

Ter ondersteuning van die argument dat meerdere vergaderings wel mag ekskommuniseer, word deur verskeie kerkregkundiges 'n beroep gedoen op Voetius. Ander beroep hulle weer op Voetius vir die argument dat meerdere vergaderings *nie* mag ekskommuniseer nie.

'n Paar van Voetius se belangrikste uitsprake oor hierdie kwessie, bring aan die lig dat meerdere vergaderings volgens hom *wel* die reg tot ekskommunikasie het, maar dan slegs in baie uitsonderlike gevalle.

Hy sê dat 'n hele kerkraad met en in teenwoordigheid van die meerderheid van die gemeentelede, indien dié

tot inkeer kom, formeel geëkskommuniseer kan word, waaraan die besturende mag van die sinode voorafgaan (1663, p.226-227; 1885, p. 190-191; kursivering van my, J.V.).

M. Bouwman (1937, p. 346) beweer egter dat die woord "voorafgaan" 'n verkeerde vertaling is van die Latynse "praeunte". Volgens hom het die "prae" in die woord "praeire" (of "praeo", waarvan "praeunte" afgelei is, J.V.) nooit 'n *temporele* betekenis nie. Dit dui 'n *graad* aan. Dit moet dus vertaal word met "voorgaan" of "leiding gee".

White (1913, p. 479) toon egter duidelik aan dat "prae" ook 'n *temporele* betekenis het. Hy vertaal "praeo" ("praeire") dan ook onder andere as "precede", "to go before" (p. 482).

Dit wil dus voorkom asof M. Bouwman hier verkeerd is.

Op dieselfde plek sê Voetius dat as die meerderheid van die gemeente almal en elkeen saam met die kerkraad hopeloos bedorwe is en as gevolg daarvan die ekskommunikasie verdien, moet òf op die gewone plek en samekoms die vonnis van ekskommunikasie deur gemagtigdes van die sinode of van die klassis formeel afgekondig word, ensomeer. Voetius meen egter ook dat daar onderskeid gemaak moet word tussen die *voorbereiding* of *formasie* van die vonnis deur die sinode en die *uitvoering* daarvan deur die plaaslike kerk. Die voorwaarde is egter dat die

hele kerk, of die meerderheid daarvan, nie hopeloos bedorwe is nie, maar tot beter insigte en tot die goeie orde teruggebring kan word (soos in die geval van I Korinthiërs 5). Hy sê dat in so 'n geval die reg en die uitoefening van die mag ongeskonde vir elke plaaslike kerk bewaar moet word. In geval van versuim of van wanbestuur moet aan die sinodale liggaam ("Synodico corpori") nie méér toegeken word as die formering van die vonnis en die leiding ("directionem") nie.

In geval daar van die grootste deel van die gemeente teenstand kom teen die uitvoer van 'n ekskommunikasievonnis, beveel Voetius (1676, p. 891) as 'n uiterste oplossing aan dat die hele saak na die klassis of die sinode verwys word. Volgens die advies van die meerdere vergadering kan die plaaslike kerk dan die voorgename ekskommunikasie uitstel of voltooi ("absolvat", van "absolvo", wat ook kan beteken: "tot niet maak", J.V.). Dit is egter verkiesliker, sê Voetius, dat die plaaslike kerk die sinode versoek om die ekskommunikasievonnis en die uitvoering daarvan deur deputate uit sy eie vergadering of uit die klassis (waarby die plaaslike kerk ingelyf is) te laat plaasvind.

Op die vraag of die mag om te ekskommuniseer binne die bevoegdheid van 'n sinode of klassis val, antwoord Voetius bevestigend (1676, p. 898). Hy stel dit egter duidelik dat dit slegs geld in geval van wanadministrasie van 'n plaaslike kerk en kerkraad,

of in die geval van beroep op die sinode, of in die geval wanneer so 'n saak na die klassis of sinode verwys is. Want, sê hy, indien die sleutels van die tug aan 'n partikuliere of plaaslike kerk of sy kerkraad gegee is, waarom sou dit dan nie ook aan die korrespondensie en vereniging van die kerke en kerkrade, waarby die kerkraad van 'n partikuliere en plaaslike kerk ingelyf is, gegee wees nie? Hy verwys dan na wat hy eerder in verband met die kumulatiewe en nie-privatiewe mag van klassisse en sinodes gesê het.

By die motivering wat Voetius hier gegee het, kan dit maklik gebeur dat die beginsel van art. 30 K.O. uit die oog verloor word, omdat hy dit self nie eksplisiet noem nie.

Lohman en Rutgers wys egter daarop dat Voetius, 'n aartsvyand van alle hiërargie, duidelik verklaar het dat hy, as dit nodig was, altyd die gemeente teenoor die kerkraad en die kerkraad teenoor die klassis en die klassis teenoor die sinode in beskerming geneem het (1887, p. 33).

Greijdanus (1938f, p. 322) verwerp Voetius se stelling dat aan 'n klassis of sinode, in geval van wanbestuur, appêl of wanneer 'n saak na die klassis of sinode verwys word, die mag van ekskommunikasie, toekom. Sy argument is dat die meerdere vergaderings nie kerke is nie. Hul lede(?) sit nie ampsshalwe daar nie, maar as afgevaardigdes van hul kerke.

Hierdie kerke het egter nie mag oor ander kerke nie en ook nie mag van ekskommunikasie van hul lede nie.

H. H. Kuyper (1923, Deel V, bladsye ongenommer) huldig die mening dat die daad self van ekskommunikasie nie by die klassis of die sinode tuishoort nie, maar dat dit deur die plaaslike kerk self en deur die ampsdraers, aan wie die sleutelmag toevertrou is, uitgeoefen moet word. Die meerdere vergadering kan hiertoe wel die opdrag gee, maar die uitvoering, dus die eintlike daad, moet deur die plaaslike kerk geskied.

Volgens Van Es (1946) is die beweerde mag van meerdere vergaderings tot ekskommunikasie 'n fiksie. Meerdere vergaderings kan wel in hierdie verband bindende besluite neem, maar die *uitvoering* van sulke besluite bly in beginsel die taak van die kerkraad. Dit is wel so dat in die 16e eeu, met name in die Hollandse provinsies, soms wel ekskommunikasie op predikante toegepas is waar 'n mens eerder afsetting sou verwag het (Coolhaes, Herberts, Wiggerts, ens.) Van Es noem dit egter 'n verwarring van die twee kerklike handelinge, wat 'n tyd lank slegs in die Hollandse provinsies voorgekom het (p. 9). Hy wys ook daarop dat Voetius slegs van ekskommunikasie deur meerdere vergaderings praat in alleruiterste gevalle: van slegte beheer en ongeneeslike bederf. Dus nie maar by die eerste die beste geleentheid nie, maar waarby eers alles beproef is om tot genesing te bring en dit onmoontlik geblyk het (p. 44).

H. H. Kuyper (1931-32) beweer dat Petrus van Mastricht 'n leerling van Voetius, wat hom ná sy dood in Utrecht opgevolg het, geskryf het dat die sinodes ook die mag het om te vermaan, te ekskommuniseer en uit die amp af te sit (p. 33). Voetius betoog dat selfs die ekskommunikasie aan die sinode toekom (p. 34). (Let op die verskil in Kuyper se standpunt in 1923, waarna reeds eerder verwys is, en dié in 1931-32 hierbo).

'n Belangrike argument by die voorstanders van ekskommunikasiereg vir meerdere vergaderings, is dat Voetius instemmend verwys na die voorbeeld van Caspar Coolhaes wat deur die Provinsiale Sinode van Haarlem, 1582, geëkskommuniseer is (kyk byvoorbeeld Jansen, 1928, p. 13; 1952, p. 338-339; H. H. Kuyper, 1931-32, p. 34; H. Bouwman, 1934, p. 24; M. Bouwman, 1937, p. 305-306, 348; 1944, p. 35).

Voetius verwys na die ekskommunikasie van Coolhaes onder andere in 1676, p. 891 en p. 898-899. In laasgenoemde verwysing praat hy van die *uitnemende voorbeeld* ("illustre exemplum") van sinodale ekskommunikasie in 1582 in die geval van Caspar Coolhaes.

Om hierdie verwysing van Voetius na die voorbeeld van die ekskommunikasie van Coolhaes in die regte perspektief te sien, moet die aandag op 'n paar besonderhede gevestig word. (Kyk ook punt 11.1 van hierdie hoofstuk).

Die Kerk van Leiden, van wie Coolhaes die predikant was, het in gebreke gebly om die tug oor hom vanweë sy dwaalleer uit te oefen. Indien die Kerk van Leiden wel sy plig gedoen het, sou al die kerke wat in die Nasionale Sinode vergader was, tevrede gewees het. Maar omdat die Kerk van Leiden nagelaat het om die tug toe te pas, kan hy nie die Nasionale en Provinsiale Sinodes kwalik neem dat hulle hul plig gedoen het nie.

Bogenoemde is uittreksels uit die verweerskrif van die Provinsiale Sinode van Holland, te Haarlem (1582), teen die aanklag wat die Kerk van Leiden by die Sinode van 's Gravenhage, 1586, teen die Provinsiale Sinode te Haarlem (1582) ingedien het (Rutgers, 1889, p. 582-583, vergelyk p. 571, 574-575).

'n Belangrike aspek in die ekskommunikasie van Coolhaes is dat hy gevonnissen is om *trapsgewyse* ("gradatim") geëkskommuniseer te word (Rutgers, 1889, p. 363; H. Bouwman, 1934, p. 130). Sy ekskommunikasie het dus klaarblyklik plaasgevind volgens die prosedure wat in die Kerkorde voorgeskryf is. (Art. 62 van die Kerkorde van Middelburg, 1581 - wat gegeld het met die tug oor Coolhaes - kom saaklik ooreen met artt. 76 en 77 van die Kerkorde van Dordrecht, 1618-1619 asook artt. 76 en 77 van die Kerkorde van die G.K.S.A.).

Dit kan dus aanvaar word dat Coolhaes nie *summier* afgesny is nie, maar dat dit *geleidelik*, met toeneemende intensiteit, gedoen is (vergelyk die inleidende

paragrafe van hierdie afdeling).

Uit dit wat nou tot dusver gesê is oor die ekskommunikasiereg van meerdere vergaderings, kan die volgende konklusies gestel word:

- ekskommunikasie is *normaalweg*, volgens art. 77 K.O., die bevoegdheid en verantwoordelikheid van die plaaslike kerk;
- slegs in hoogs-uitsonderlike gevalle mag 'n meerdere vergadering ekskommuniseer;
- so 'n ekskommunikasie moet *trapsgewyse* plaasvind, met herhaalde vermanings, volgens bepaling van die Kerkorde. Dit moet steeds 'n handeling van geestelike aard wees, wat in liefde geskied, met die doel onder andere om die sondaar tot berou en bekering te bring;
- by die oorweging van die ekskommunikasiereg van meerdere vergaderings moet die standpunte en handeling van persone en vergaderings in vroeëre tye nie vanselfsprekend tot maatstaf verhef word nie. Dit moet steeds getoets word aan die absolute maatstaf van Gods Woord, waarop ook die Kerkorde gefundeer is.

Ook hierdie kwessie van die meerdere vergaderings se reg tot ekskommunikasie, moet steeds beoordeel word in die lig van art. 30 K.O.. Streng gesproke mag 'n meerdere vergadering slegs ekskommuniseer, met

ander woorde die tug volgens artt. 76 en 77 K.O. toepas, indien 'n *minderheidsdeel* van die kerkraad nog "gesond" is. Dan ontstaan daar naamlik 'n situasie dat die ekskommunikasie nie deur die minderheid in die kerkraad *alleen* toegepas kan word nie, omdat die meerderheid *daarteen* is. Volgens art. 30 K.O. is die optrede van die meerdere vergadering dan geregverdig, omdat die saak nie in die mindere vergadering afgehandel kan word nie.

Indien die *hele* kerkraad korrupt is en die gemeente is geheel of gedeeltelik gesond, moet die kerkraad afgesit word en 'n nuwe kerkraad sou gou moontlik ingestel word. Intussen word die regeermag opgedra aan 'n naburige kerkraad. Die ekskommunikasie word dan uitgeoefen deur die naburige kerkraad totdat die nuwe kerkraad in funksie kom.

Elke voorkomende geval moet dus in die lig van art. 30 K.O. beoordeel word.

9. UITSETTING UIT DIE KERKVERBAND

Die bewering word dikwels gemaak dat 'n meerdere vergadering gladnie die reg het om ampsdraers of kerkrade af te sit nie. Al wat 'n meerdere vergadering in gevalle van byvoorbeeld wanadministrasie of ongeneeslike bederf by 'n kerkraad en/of 'n deel van die gemeente kan doen, is om so 'n gemeente uit die kerkverband te sit.

Dit is onder meer die standpunt van Van Lonkhuyzen (1932, p. 193-194, 205, 212); Greijdanus (1938f, p. 323); Van Es (1946, p. 44, 49).

Voetius erken ook wel die bevoegdheid van meerdere vergaderings om 'n plaaslike kerk uit die kerkverband te sit. Hy praat byvoorbeeld van 'n ekskommunikasie wat nie formeel is nie en wat bestaan in die aankondiging van die uitbanning ("anathema") en die verbreking van die band van die vrede, van die broederskap en van die besondere sinodale verbinding, eksplisiet of implisiet of op albei maniere (1663, p. 226-227; 1885, p. 190-191).

Volgens hom word die tug verdeel in direkte of formele tug en indirekte of analogiese tug. Die eersgenoemde is die eintlike tug en bestaan in skorsing, afsnyding, uitsluiting en uitwerping uit die gemeenskaplike verkeer en die gemeenskap. Die laasgenoemde is nie besonderlik tug nie en word sekondêr genoem. Dit is weliswaar 'n plaasvervangende en analoë geneesmiddel, wat aangewend word waar die eerste nie gehandhaaf of uitgeoefen kan word nie. Hierdie sekondêre of analoë tug is 'n onderbreking of 'n afbreking van die kerklike korrespondensie en broederskap (1676, p. 881).

Daar moet op gelet word dat Voetius sê dat hierdie analoë tug aangewend word *waar die eerste nie uitgeoefen kan word nie*.

S6 is byvoorbeeld indirekte of analoë tug toegepas op die Kerk van Zwolle, in die begin van die 18e eeu. Die klassisse en sinodes het geoordeel dat die predikant van Zwolle, Van Leenhof, geëkskommuniseer moes word. Onder drang van die magistraat van die stad en die provinsie het die Kerkraad van Zwolle Van Leenhof in die bediening bly handhaaf. As gevolg hiervan kon die Klassis Zwolle en die Sinode van Overijsel feitlik nie met die eintlike tugoeffening voortgaan nie. Die ander provinsiale sinodes het toe die indirekte tug oor die Kerk van Zwolle uitgeoefen. Daar is besluit dat die kerke die attestasies van Zwolle nie meer sou aanvaar nie en dat geen predikante van Zwolle op hul kansels toegelaat sou word nie (M. Bouwman, 1937, p. 364).

H. H. Kuyper (1932, bladsye ongenommer) wys daarop dat, volgens Voetius, die Independentiste die mening toegedaan is dat 'n meerdere vergadering geen tug in 'n plaaslike kerk mag uitoefen nie. 'n Skuldige kerk mag slegs buite die gemeenskap geplaas word. Voetius merk dan hierteen op dat die Independentiste in wese tog ook tug uitoefen, deurdat hulle 'n kerklike oordeel uitspreek oor die sonde van 'n ander kerk en so 'n kerk dan uit die broederlike gemeenskap verwyder. So 'n "tugoeffening" is in wese baie onbarmhartig en baie erger as die tugoeffening van die Gereformeerdes.

Om die gemeenskap met 'n kerk op te sê, dit wil sê om so 'n kerk buite die gemeenskap van die kerke, wat die kerkverband daadwerklik handhaaf en beleef,

te plaas, is niks anders as om te verklaar dat die kerk, ooreenkomstig Matthéüs 18, "n heiden en tolle-naar" is nie. Dit is in wese niks anders as om so n kerk af te sny van die liggaam van Christus nie. Dit is n veel drastieser tug wat uitgeoefen word, as om net die skuldige ampsdraers of kerkraad af te sit. In die geval van uitsetting uit die kerkverband word ook onskuldiges geëkskommuniseer (Van der Linde, 1965, p. 155).

Die Independentiste praat van n "sententia non-unionis", dit is die vonnis van verbreking van die gemeenskap. Die Gereformeerdes, daarenteen, praat van n "sententia excommunicationis". In wese is daar tussen hierdie twee tughandelings geen verskil nie. As iemand buite die gemeenskap van die heiliges gestel word, is dit dan nie maar dieselfde as eks-kommunikasie nie? (Jansen, 1928, p. 39).

Wanneer n hele gemeente sō ver afgedwaal het dat hy buite die gemeenskap van die kerkverband geplaas moet word, moet die uiteindelijke uitsetting uit die kerkverband, ooreenkomstig die aard en doel van die tug as sodanig, voorafgegaan word deur herhaalde broederlike vermanings (kyk die inleidende opmerkings by punt 8 van hierdie hoofstuk).

10. DIE TUGREG VAN MEERDERE VERGADERINGS EN
DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

Christus oefen sy tugmag uit deur sy ampsdraers as sy organe. Wat gebeur egter as hierdie organe nie wil werk nie? Van Lonkhuyzen (1933, p. 533) antwoord hierop dat die mag wat Christus aan die gemeente gegee het dan op die amp van alle gelowiges terugval. Daardie amp reformeer van binne uit en nie van bo af nie (om hierdie onjuiste term te gebruik). Hierdie laasgenoemde is die weg van die hiërargie, sê Van Lonkhuyzen. Die Gereformeerde weg is: van binne uit en van onder af.

Hiermee neig Van Lonkhuyzen egter sterk na die Independentisme. Hy redeneer asof die kerkverband en die hulp van naburige kerke nie bestaan nie. Hy doen die bepalinge van artt. 30 en 39 K.O. geweld aan. As 'n *mindere* vergadering 'n saak nie kan afhandel nie, moet 'n *meerdere* vergadering dit doen (art. 30). Plekke waar (nog) geen kerkraad kan wees nie, moet deur die *klassis* onder die sorg van 'n *naburige kerkraad* gestel word (art. 39; alle kursiverings van my, J.V.). Die regeermag val dus nie terug op die amp van die gelowige nie, maar kragtens die kerkverband word dit deur die klassis aan 'n naburige kerkraad oorgedra.

Soortgelyk as dié van Van Lonkhuyzen, is ook die standpunt van Kamphuis (1966, p. 154-155). Hy be-roep hom nogal daarvoor op Voetius (1885, p. 191).

Voetius sou dan beweer dat in 'n geval van noodsaaklikheid en onverbeterlike bederf by die kerkraad, die reëlende of besturende mag *op die gemeente* terugval. Kamphuis maak dan die gevolgtrekking dat die *gemeente* die ampsbevoegdheid van die *kerkraad* kan opskort of ontnem (kursivering oorspronklik, J.V.).

Kamphuis ignoreer hier egter twee baie kardinale gedeeltes in die betrokke uitspraak van Voetius.

Voetius sê naamlik dat die gemeente hier *self, alleen* ("per se") moet optree *wanneer die helpende mag van die kerke, wat deur die sinodale band saamverbind is, onwillig of onmagtig is om hier te hulp te kom*. Voetius impliseer dus 'n toestand waar die kerke in kerkverband nie wil of kan help nie (kursivering van my, J.V.).

Maar Voetius gaan in hierdie Vraag 23 nog verder (en dit word nie eers deur Kamphuis aangehaal nie). Hy sê naamlik (1663, p. 227-228; 1885, p. 191) dat die uitoefening van die bestuursmag wat aan die ampsdraers ontnem is en wat hulle tydelik ontsê is, oorgebring kan word op die ampsdraers van een of meer naburige kerke van dieselfde sinodale korrespondensie (verband). Die plaasvervangende funksie van hierdie naburige kerk of kerke moet slegs aangewend word totdat die orde en die eie kerkraad herstel is.

Van Es (1946, p. 48) wys tereg daarop dat dit in hierdie geval, wat Voetius in Vraag 23 behandel,

daarom gaan dat die gemeente nie magteloos is as die kerkverband nie hulp verleen nie. Hy toon ook aan dat "per se" nie beteken "uit eigen hoofde" soos dit soms wel vertaal word, asof die gemeente dan in so 'n uiterste geval op eie outoriteit sou mag optree nie. "Per se" beteken volgens hom "door zichzelf", sonder hulp van buite, alleen.

Die gemeente kan hom van 'n korrupte kerkraad afskei en s6 die indirekte tug uitoefen. Wanneer die "korresponderende" sinode of klassis nie wil of kan help as die eie kerkraad openlik bedorwe is nie, kan die lidmate sekere ander mense ('n nuwe kerkraad dus, J.V.) aanstel (Voetius, 1663, p. 120, III, 5 en III, 6).

Voetius verval dus nie by 'n noodgeval in die Independentisme, deur die kerkverband te ignoreer en die regeermag summier aan die gemeente oor te dra nie. As die kerkverband in so 'n situasie egter nie wil of kan help nie, handhaaf Voetius die mondigheid van die gemeente (kyk I Johannes 2: 20,27), maar met volle erkenning van die kerkverband en met die veronderstelling dat toestande so gou moontlik na normaal moet terugkeer.

11. BESPREKING VAN VERSKILLENDE TUGGEVALLE

11.1 Coolhaes (kyk ook punt 8 van hierdie hoofstuk)

Caspar Jansz.Coolhaes is gebore op 24 Januarie 1546

te Keulen. Hy word opgevoed in die Roomse Kerk, maar neem later die Protestantse geloof aan. In 1561 word hy predikant en vanaf 1574 arbei hy in Leiden (Rogge, 1869, p. 152; H. Bouwman, 1934, p. 24; Reitsma, 1949, p. 171-172).

Reitsma beweer dat Coolhaes nie saamgestem het met Calvin se streng opvatting insake die predestinasie nie. Hy het meer geneig tot die leer van die algemene versoening (1949, p. 98). Deur woord en geskrif het hy laat blyk hoe min hy hom kon vereenselwig met die Nederlandse Geloofsbelydenis (Rogge, 1869, p. 152). In Januarie 1580 gee hy 'n boek uit wat sy "Apologie" bevat. Daarin het hy baie strafbare dinge geskryf oor die leer, dissipline en andersake.

Deur 'n groot aantal kerke is die saak van Coolhaes se leerstellige afwykinge in sy boeke by die Nasionale Sinode van Middelburg (1581) aanhangig gemaak, waaruit blyk watter groot ergenis en opspraak dié boeke oral veroorsaak het (Rutgers, 1889, p. 420-421, voetnota 1)).

Die Sinode van Middelburg verklaar Coolhaes se geskrifte vir 'n ergenis en 'n lastering van die kerk. Die Sinode besluit dat hy geskors moet word. Die skorsing word egter agterweë gehou in die hoop dat Coolhaes hom aan die oordeel van die Sinode sou onderwerp en sou belooft om altyd volgens die Skrif te leer. Coolhaes weier egter om die Sinode van

Middelburg as sy "regter" te erken en beroep hom op die naaste wettige sinode. Hy word egter deur die State geskors. Die State gee toestemming aan die kerke om teen Coolhaes op te tree. Die Sinode versoek die Klassis Leiden om Coolhaes tot ander insigte te probeer bring. Indien hierdie poging misluk, word aan die "vergadering" van die Klassisse 's Gravenhage, Leiden, Delft en Haarlem opgedra om voort te gaan tot trapsgewyse ("gradatim") ekskommunikasie. Die pogings van die Klassis Leiden was onsuksesvol, sodat die gedeputeerdes van die bogenoemde vier Klassisse die Provinsiale Sinode byeengeroep het. Op 23 Maart 1582 word Coolhaes deur hierdie Sinode te Haarlem afgesit. Omdat die Kerkraad van Leiden, wat Coolhaes gesteun het, geweier het om hom te ekskommuniseer, het die Sinode besluit dat Coolhaes van die gemeente van Christus geëkskommuniseer sal word. Hierdie besluit is ook op 23 Maart 1582 geneem. Die akte van ekskommunikasie is op Sondag 25 Maart 1582 deur die Amsterdamse predikant, Martinus Lydius in die kerkgebou van Haarlem afgelees (H. Bouwman, 1934, p. 24-25; 130-131; Hooijer, 1865, p. 225-226; Rutgers, 1889, p. 363; M. Bouwman, 1937, p. 389; 1944, p. 18; Reitsma, 1949, p. 172; Schokking, 1902, p. 307-308).

Die Kerk van Leiden dien 'n klagte in by die Nasionale Sinode van 's Gravenhage, 1586. Die kern van hierdie klag is dat die weg van Matthéüs 18 nie gevolg is nie en dat die Kerk van Leiden en die Klassis Rynland nie in die tug oor Coolhaes geken is nie

(Rutgers, 1889, p. 571-574; H. Bouwman, 1934, p. 131; M. Bouwman, 1937, p. 389-390; 1944, p. 18, 20).

Deputate van die Provinsiale Sinode van Haarlem, 1582, stel teen hierdie klagte 'n verweerskrif op. Daarin word beweer dat dit in Matthéüs 18 gaan oor geheime sondes, terwyl die sondes van Coolhaes, deur die uitgee van sy boeke, openbaar was. Die weg van Matthéüs 18 was dus nie in hierdie geval nodig nie. Die stelling word ook gemaak dat die Kerk van Leiden dikwels gesê het dat hulle die saak teen Coolhaes nie wil opneem nie. Daarom is dit, in die lig van Leiden (en ook die Klassis) se onwil, nie verkeerd dat die Sinode die saak opgeneem het nie. As die Kerk van Leiden of die Klassis sy plig gedoen het en Coolhaes getug het, sou al die kerke wat in die Nasionale Sinode vergaderd is, wel tevrede gewees het. Maar aangesien hulle dit nie gedoen het nie, mag hulle die Nasionale en Provinsiale Sinodes nie kwalik neem dat hulle wel hul plig gedoen het nie. Dit is nie nodig dat die Nasionale Sinode eers die klassis, waaronder so 'n dienaar ressorteer, moet ken en sy toestemming moet kry voordat hy mag ekskommuniseer nie. Eerder is dit die geval dat waar 'n klassis mag ekskommuniseer, baie meer klassisse en baie provinsies dieselfde mag doen. (Hierdie argument, wat stry teen art. 30 K.O. - art. 22 Kerkorde Middelburg, 1581 -, is reeds in punt 6 van hierdie hoofstuk weerlê). (Rutgers, 1889, p. 574-584; M. Bouwman, 1937, p. 395-397; 1944, p. 18).

Die Sinode van 's Gravenhage, 1586, hef die ban van Coolhaes op en neem hom weer aan as lidmaat van die gemeente. Dit het egter geskied op grond van die feit dat hy sy *skuld* bely het. Hy is egter nie weer in sy amp herstel nie. Die eis van die Kerk van Leiden, dat die besluit van die Sinode van Haarlem, 1582, vernietig moes word, is dus nie bewillig nie (M. Bouwman, 1937, p. 392-393; 1944, p. 19; vergelyk Rutgers, 1889, p. 561-562; Hooijer, 1865, p. 260-261; Reitsma, 1949, p. 172).

H. Bouwman (1934, p. 131) oordeel egter dat die Sinode van 1586 die Kerkraad van Leiden gelyk gegee het teenoor die Partikuliere Sinode van Haarlem, 1582 ... indien nie formeel nie, dan tog metterdaad. Die Partikuliere Sinode van Haarlem het die akkoord van gemeenskap tussen die kerke uit die oog verloor, sê Bouwman. Die Kerk en die owerheid van Leiden is nie geken in die ekskommunikasie van Coolhaes nie en daar is, in die vorm van die Christelike tug, nie reg opgetree nie. Tog erken Bouwman ook die skuld van die Kerk van Leiden. Deurdat hierdie Kerk nie na die bindende opdrag van die Sinode van Middelburg geluister het nie, maar na die owerheid van Leiden, het hy 'n skeurkerk geword. Daar kon egter nie teen Leiden opgetree word nie, omdat die owerheid dit verhinder het (p. 132).

By die beoordeling van hierdie tughandeling teen Coolhaes is dit opvallend dat die besware, wat 'n groot aantal kerke teen sy leerstellige afwykings

in sy geskifte gehad het, nie by die plaaslike Kerkraad van Leiden aanhangig gemaak is nie, maar by die Nasionale Sinode van Middelburg, 1581. Dit is nie in ooreenstemming met art. 30 K.O. (art. 22 van die Kerkorde van Middelburg, 1581) nie.

Vervolgens moet daarop gewys word dat die saak, vanweë die *onwil* van die Kerk van Leiden en die Klassis om teen Coolhaes op te tree, nie in die mindere vergaderings (die Kerkraad van Leiden en die Klassis) afgehandel kon word nie. Daarom kon en moes die meerdere vergaderings die saak opneem.

Tog kom dit twyfelagtig voor of die ekskommunikasie van Coolhaes in alle opsigte suiwer-kerkordelik plaasgevind het. As die Kerkraad van Leiden in gebreke gebly het om Coolhaes te ekskommuniseer en die grootste deel van die gemeente nie teen die ekskommunikasie gekant was nie, moes die Kerkraad, Coolhaes as predikant ingesluit, afgesit word. 'n Nuwe kerkraad moes so gou moontlik ingestel word en dan moes die eventuele ekskommunikasie van Coolhaes deur die nuwe kerkraad uitgevoer word.

Ten slotte moet nog opgemerk word dat dit moeilik was te stel is of die ekskommunikasie van Coolhaes inderdaad *trapsgewyse* ("gradatim") uitgeoefen is, soos die Sinode van Middelburg, 1581, besluit het.

11.2 Die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en daarna

Nadat die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, uitspraak gedoen het oor die leer, het hy tug toegepas op die Remonstrantse ampsdraers.

In die Acta verklaar die Sinode dat hy uit Gods Woord genoegsaam bewus is van die mag wat hom toekom en dat hy die voetstappe van alle wettige ouere en nuwere sinodes navolg. Hy verbied dan die Remonstrantse ampsdraers, wat voor die Sinode gedaag is, alle kerklike dienste, sit hulle uit hul ampte en verklaar hulle ook onwaardig vir die "Academische bedieningen", totdat hulle voldoende bewys gelewer het dat hulle tot bekering gekom het. Die ander Remonstrante, van wie die Sinode nie weet nie, word verwys na die Provinsiale Sinodes, Klassisse en Kerkrade, sodat hierdie vergaderings die tug op hulle kan toepas (Donner en Van den Hoorn, s.j., p. 285).

Kaajan (s.j., p. 183) beweer dat, slegs in Julie en Augustus 1619, deur die Suid-Hollandse Sinode meer as 50 predikante uit hul ampte gesit is. In geheel het ruim 200 predikante hul amp verloor. (Vergelyk M. Bouwman, 1944, p. 12; Jansen, 1952, p. 338).

M. Bouwman (1944, p. 49-50) wys daarop dat daar nie 'n "helpende hand" van die sinode was ten tye van die Remonstrantse woelinge nie. Die gelowiges in baie gemeentes het toe vanself opgetree, hulle onttrek aan die Remonstrantse kerkrade en regsinnige amps-

draers gekies. In 1618 is egter weer partikuliere sinodes gehou en kort daarna het die Nasionale Sinode gevolg. Van toe af was die helpende mag van die sinodes en die kerkverband weer teenwoordig. Die sinodes en klassisse het toe die Remonstrantse predikante en kerkrade afgesit.

Hier moet ook nog melding gemaak word van die vier Remonstrantse predikante van Kampen, Goswinius, Matthisius, Vosculus en Schotlerus, wat by die Sinode aangekla is. Verskeie Klassisse kla hulle eers by die Partikuliere Sinode van Overijssel, 1618, aan dat hulle teen die waarheid, die liefde, die besluite van die Staat en die Kerkorde gehandel het. Die Gereformeerde Kerkraad van Kampen kla hulle later aan by die Sinode van Dordrecht, 1618-1619. Goswinius en Matthisius was reeds as gedaagde Remonstrante by die Sinode teenwoordig (H. H. Kuyper, 1899?, p. 216-217).

'n Regstreekse aanklag van 'n kerkraad teen vier predikante by die Algemene Sinode was formeel nie in orde nie. Die gedeputeerdes van Overijssel het egter, blykbaar om hierdie beswaar uit die weg te ruim, verklaar dat genoemde predikante self by die Algemene Sinode geappelleer het. Die saak kon dus as 'n appèl van die predikante self behandel word (H. H. Kuyper, 1899?, p. 217. In voetnota 2 sê Kuyper egter dat niks hiervan uit die Acta van die Sinode van Overijssel van 1618 blyk nie).

Die Sinode gee aan die aangeklaagde predikante 14 dae bedenktyd. Hulle bly egter halsstarrig. Vosculius en Schotlerus word geskors en afgesit en later verban. Op die saak van Goswinius en Matthiasius het die Sinode nie nodig gehad om verder in te gaan nie, as gevolg van die afwysing van die 5 artikels van die Remonstrante en Goswinius en Matthiasius se voorlopige arrestasie (H. H. Kuyper, 1899?, p. 218-219; Donner en Van den Hoorn, s.j., p. 199, 213, 214, 250 en 942).

As die tughandelinge van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, asook dié deur ander meerdere vergaderings later in "opdrag" van die Dordtse Sinode, beoordeel word volgens die Dordtse Kerkorde, veral artt. 30 en 79, kom dit voor asof die Sinode buite sy bevoegdheid handel het en die bepalings van sy eie Kerkorde oortree het.

Dit is dan ook presies die beskuldiging van Doornbos (1967). Die *Sinode* het nie die bevoegdheid gehad om predikante af te sit nie. Dit was die taak van die *plaaslike kerkrade* (p. 59-61; 75-76). Volgens Doornbos het die Sinode homself ingedring in die diens van die opsieners van die gemeente (p. 77).

Die handelwyse van die Dordtse Sinode en ander meerdere vergaderings in daardie tyd kan egter nie billik en gebalanseerd beoordeel word sonder dat die buitengewone omstandighede, wat toe geheers het, in

aanmerking geneem word nie.

Voetius verwys na die skorsing en afsetting van predikante deur die Sinode van Suid-Holland in 1618 te Delft en in 1619 te Leiden. Hy sê dan dat in buitengewone gevalle en in 'n toestand, waar die kerk deur skeurmakers, verdeeldhede en partyskappe versteur is, kerkrade of klassisse of sinodes nie alles in so 'n versteurde gemeente met die instemming (of eenstemmigheid, J.V.) van die gemeente kan reël nie. In die gewone en deurlopende verloop van die kerkregering en die tug, mag die instemming van die gemeentede, of ten minste van die meerderheid of die beter deel, nie in die wind geslaan word nie (1676, p. 892).

Hierdie beoordeling van Voetius kan met instemming ook toegepas word op die handelwyse van die Sinode van Dordrecht, 1618-1619. (Vergelyk Van der Linde, 1968, p. 11-13).

11.3 Voor die Doleansie van 1886

Deur die Reglemente van 1816 en 1852 is groot skade aan die Nederlandse Hervormde Kerk aangerig (Kleyn, 1888, p. 133). Die Kerk het nou 'n genootskap geword met 'n bestuur wat kollegialisties van bo na onder uitgeoefen is. Die hoëre besture het die mag gehad om bevels uit te vaardig wat deur die laeres uitgevoer moes word. Die hoogste kerklike bestuur is aan die sinode opgedra, terwyl die Provinsiale

Kerkbesture bevoegdheid gehad het om predikante, kandidate en "kerkraadslede" af te sit. Die bevoegdheid van die Klassikale Kerkbesture het onder andere die "suspending" van predikante, kandidate en "kerkraadslede" ingehou. Van die presbiteriale beginsels, met betrekking tot kerkverband en meerdere vergaderings, was in hierdie Reglemente niks te sien nie (kyk Van Loon, 1942, p. 224-231; vergelyk ook hoofstuk 4, punte 3.4 en 3.5 en hoofstuk 5, punte 2.4, 4.2.3 en 5 van hierdie studie).

Tughandelinge deur die "Besture" voor die Afskeiding van 1834 is reeds in hoofstuk 4 van hierdie studie bespreek. 'n Aantal voorbeelde uit die tyd voor die Doleansie van 1886 sal in hierdie onderafdeling behandel word.

.

11.3.1 Skorsing van die Dordtse ouderlinge

Vanaf 15 Januarie 1879 word art. 38 van die Reglement op Godsdiensonderwys deur die Sinode s6 verander dat besware teen die (onsuiwere) geloofsoortuigings van katkisante geen grond was om hulle af te wys van "aanneming" nie. Die Belydenis van die kerk is hier dus prysgegee en die deur wyd oopgemaak vir alle vreemde leringe (Rullmann, 1928, p. 209-210).

Die ouderlinge van die gemeente Dordrecht verklaar dat hulle by geen "aanneming" van lidmate teenwoordig sou wees wanneer dit geskied deur predikante

wat die verandering van die bogenoemde art. 38 goed-
keur nie. Nadat hulle deur die moderne leraars van
Dordrecht aangekla is, vind sowel die Klassikale
Bestuur van Dordrecht as die Provinsiale Kerkbestuur
van Suid-Holland hulle onskuldig (Rullmann, 1928,
p. 222).

Die Sinodale Kommissie vernietig egter die uitspraak
van die Kerkbestuur van Suid-Holland en dra die saak
vir eindbeslissing aan die Provinsiale Kerkbestuur
van Gelderland op. Hierdie Bestuur skors *al* die
Dordtse ouderlinge, ook dié wat slegs *verklaar* het
dat hulle saamstem met die ander wat van die "aan-
nemings" weggebly het (Rullmann, 1928, p. 222-223).

11.3.2 Skorsing van di. Eigeman en Van Hoogen- huyze

Die bogenoemde skorsing van al die Dordtse ouderlinge
het 'n groot verwarring meegebring, want sonder ouder-
linge kon daar geen kerkraadsvergaderings gehou
word nie. Onder voorsitterskap van ds. Eigeman word
alle predikante, ouderlinge en diakens byeengeroep
vir 'n kerkraadsvergadering. Geeneen van die moderne
predikante woon die vergadering by nie. Die verga-
dering gee attestasies af en behandel die "aanneming"
van lidmate, wat deur ds. Eigeman bevestig word.
Vier lede van die Provinsiale Kerkbestuur kom dring
onwettig in die Kerkraad se sake in. Hulle doen
onder andere diens by die "aanneming" van die leer-
linge van die moderne predikante. Die boeke is
egter in besit van die geskorste Kerkraad, sodat die

name nie ingeskryf kon word nie. As gevolg van die verwarring weier ds. Eigeman om nagmaal te bedien. Op 28 Julie 1880 word hy daarvoor deur die Provinsiale Kerkbestuur van Suid-Holland voorlopig geskors (Rullmann, 1928, p. 224-226).

Di. Eigeman en Van Hoogenhuyze word later elk voor 'n "synodus contracta" (saamgetrokke sinode) gedaag. Ds. Eigeman word vir 'n jaar en ds. Van Hoogenhuyze vir 4 weke geskors. Ds. Eigeman het dan sogenaamd talle sondes teen die reglemente bedryf. Ds. van Hoogenhuyze het egter niks anders gedoen as om te weier om die lidmateboek en die kerkraads-argief af te gee nie (Rullmann, 1928, p. 227-228).

By die beoordeling van die skorsing van die ouderlinge en bogenoemde twee predikante van Dordrecht is dit opvallend dat hulle "oortreding" was dat hulle die beginsel gehandhaaf het dat die suiwere leer in die kerk van Christus hoër staan as die reglemente. Die blatante kollegialistiese hiërargie van die kant van die verskillende Besture en die Sinodale Kommissie toon duidelik hoe ver daar van die beginsels van die Skrif en die Gereformeerde kerkregering afgedwaal is.

11.3.3 Skorsing van 80 ampsdraers in Amsterdam

Die wysiging van art. 38 van die Reglement op Godsdiensonderwys het ook in die Kerk van Amsterdam weerklank gevind deurdat die Kerkraad besluit het

om Gods Woord in die "aanneming" van lidmate en die afgee van attestasies hoër te stel as die reglemente. Dit sou onvermydelik afstuur op 'n konflik met die Sinodale Organisasie (Rullmann, 1928, p. 241-254).

Dit is voor-die-hand-liggend dat die Kerkraad die dreigende konflik voorsien het. Hy het reeds in 1875 'n besluit geneem om sy vrye beheer teen die heerssug van die Sinodale Organisasie te waarborg. Dié reëling het vir 10 jaar só voortgeduur (Rullmann, 1928, p. 257-258).

Intussen het die Kerkraad bepaal dat as daar in 'n konfliksituasie 'n tyd lank twee kerkrade (in dieselfde gemeente) was, die kerkvoogdy die oorspronklike kerkraad, wat die gemeente by Gods Woord wil hou, as die enigste wettige kerkraad sou erken (Rullmann, 1928, p. 258).

Die moderne predikante verset hulle teen die reëling, maar die Kerkraad wys hul beswaar van die hand. Twee van hulle het egter die name van diegene, wat vir die maatreël gestem het, afgeskryf. Dié name word aan die Klassikale Bestuur oorhandig. Op 4 Januarie 1886 vergader die Klassikale Bestuur en skors 5 predikante, 42 ouderlinge en 33 diakens voorlopig, sonder om hulle vooraf aan te hoor (Rullmann, 1928, p. 259-265).

Die Provinsiale Kerkbestuur sit op 1 Julie 1886 75 ampsdraers - 5 van die geskorstes het tot "inkeer" gekom - uit hul kerklike bediening. Appèl by die

"Synodus Contracta" en beswaar by die voltallige Sinode misluk, en op 1 Desember 1886 bekragtig die Sinode die afsettingsvonnis (Rullmann, 1928, p. 343-344).

⁂ Tugoeffening soos hierdie is geen regshandeling nie, maar die pleging van ⁂ skandelige onreg. Dit is nie uitgevoer tot eer van God, tot welsyn van die kerk en tot behoud van die "oortreders" nie, maar bloot vir die hiërargiese handhawing van menslike reglemente. Van Gereformeerde kerkordelike beginsels en riglyne, gefundeer op die Woord van God, is hier geen sprake nie.

Vir die afgesette ampsdraers het dit daarom gegaan dat die koningskap van Jesus Christus in die kerk tot sy reg mag kom. Vir die Besture en die Sinode egter het dit slegs gegaan om die handhawing van eie posisie en die beveiliging van eie heerskappy.

11.4 Geelkerken

In hoofstuk 5, punt 6.2, is die agtergrond en verloop van die tugoeffening oor Geelkerken behandel. Dit is ook in die lig van art. 30 K.O. gedeeltelik beoordeel. Dit word in hooftrekke hier herhaal.

Dr. Geelkerken is aangekla van dwaalleer. Die saak word na die Partikuliere Sinode verwys met die versoek dat ⁂ vervroegde Algemene Sinode sal byeenkom om in hierdie saak ⁂ beslissing te neem. Die Sinode

van Assen skors Geelkerken op 12 Maart 1926 en sit hom op 17 Maart 1826 uit sy amp. Hy word egter nie as lidmaat van die kerk afgesny nie (G.K.N., 1926b, p. 3 e.v.; H. Bouwman, 1934, p. 25; vergelyk G.K.N., 1926a, p. 78 e.v.).

Die Kerkraad van Amsterdam-Suid, waar Geelkerken predikant was, deel die Sinode mee dat hy die skorsing van Dr. Geelkerken nie erken nie en hom as predikant handhaaf (G.K.N., 1926a, p. 88; H. Bouwman, 1934, p. 25).

Die Sinode besluit om die ouderlinge en diakens, wat meegewerk het aan die besluit van die Kerkraad om Geelkerken as predikant te handhaaf, uit hul ampte te sit op grond van openbare skeurmakery, volgens art. 80 K.O.. Aan die Kerkraad van Amsterdam word opgedra om so spoedig moontlik met die "getroue" ouderlinge tot verkiesing van 'n nuwe kerkraad oor te gaan, hulle in hul amp te bevestig en die Kerkraad van Amsterdam-Suid opnuut te formeer (G.K.N., 1926a, p. 90-91).

H. Bouwman (1934, p. 25-26) wys die standpunt van Van Lonkhuyzen in hierdie verband af. Van Lonkhuyzen huldig die sienswyse dat die Sinode die Gemeente buite die kerkverband moes plaas. Tereg merk Bouwman op dat dit onregverdig sou wees teenoor die getroue deel van die Gemeente en die Kerkraad, wat juis na die Sinode gegaan het om hulp.

H. Bouwman impliseer dat as die Klassis, wat 'n klein aantal kerke verteenwoordig, in 'n moeilike geskil mag optree, kan die Algemene Sinode, waarin alle kerke verteenwoordig is, ook in die saak optree (1934, p. 26). Hierdie argument kan egter slegs van krag wees in geval die mindere vergadering(s) die saak nie kan afhandel nie. Anders is dit 'n oortreding van die belangrike bepaling in art. 30 K.O., naamlik dat in meerdere vergaderings slegs sake behandel moet word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie, of sake wat by die meerdere vergaderings tuisshoort.

Hier lê dan ook 'n kernprobleem in die kwessie van die tug oor Geelkerken *deur die Algemene Sinode*. Dit is naamlik twyfelagtig of die Sinode, in die lig van art. 30 K.O., die saak in behandeling moes of mog neem. Dit wil voorkom asof die mindere vergaderings tog die saak kon afhandel. Dit geld ook van die optrede teen die skuldige ouderlinge en diakens.

Al was daar 'n appèl van sowel Geelkerken as die Kerkraad van Amsterdam-Suid (G.K.N., 1926a, p. 10 en 23 - Bijlage IV en art. 20), kon *dit* wel deur die Sinode behandel en *daaroor* 'n uitspraak gedoen word. Maar die verwysing van die *tugsaak* na die Sinode was nie in ooreenstemming met art. 30 K.O. nie.

11.5 Schilder en Greijdanus

In hoofstuk 5, punte 4.2.3 en 7, is sekere besonderhede van die tug oor Schilder reeds bespreek.

Deur die Sinode van Utrecht, 1943-45, word Schilder skuldig bevind aan die sonde van skeurmaking, art. 80 K.O.. Hy word op grond van artt. 79 en 80 K.O. as professor en as emeritus-predikant van Rotterdam-Delfshaven vir 3 maande geskors (G.K.N., 1943-45, p. 113-114; Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 48. Vergelyk M. Bouwman, 1945, p. 7-9. Kursivering van my, J.V.).

Omdat hy "volhardt in zijn zondige houding" word hy op Donderdag 3 Augustus 1944 as professor en as emeritus-predikant van Rotterdam-Delfshaven uit sy amp gesit, op grond van artt. 79 en 80 K.O. (G.K.N., 1943-45, p. 153-154. Kursivering van my, J.V.).

Dat die Sinode die bevoegdheid gehad het om Schilder as professor te skors en uiteindelik te ontslaan, kan nie betwyfel word nie.

Die Sinode het egter sy bevoegdheid oorskry deur Schilder as emeritus-predikant te skors en af te sit. Dit was die verantwoordelikheid van die plaaslike Kerkraad van Rotterdam-Delfshaven saam met die ander kerklike vergaderings wat in art. 79 K.O. genoem word. Die Sinode het hiermee dus artt. 30 en 79 K.O. oortree (vergelyk hier Veenhof, 1949, p. 230-231).

Dit is vanselfsprekend dat h professor, wat weens skeurmakery geskors en ontslaan is, ook as predikant in sy amp geskors en daaruit afgesit moet word. Dit is egter, soos hierbo aangedui, nie die bevoegdheid van die Sinode nie. In die skorsing en afsetting van Schilder *as predikant* kon die Sinode eers handel indien die betrokke mindere vergaderings versuim het om op te tree.

Dieselfde beoordeling as in die geval van die tug deur die Sinode oor prof. Schilder, geld ook in die geval van die skorsing van prof. Greijdanus.

Greijdanus word skuldig bevind aan bestryding van die leeruitsprake ná die beslissing oor sy beswaarskrifte, aan voortgaande onwilligheid om hom aan die oordeel van die Sinode te onderwerp, aan die aanrig van skeuring en tweedrag in die kerke en aan herhaaldelike oortreding van die vyfde en negende gebod. Hy word volgens artt. 79 en 80 K.O. as *emeritus-professor en emeritus-predikant van die Gereformeerde Kerk van Paesens e.a.* vir 3 maande geskors (G.K.N., 1943-45, p. 151-152. Kursivering van my, J.V. Vergelyk hierby Greijdanus, s.j.a, p. 3).

Die Kerkraad van Kampen lig die Sinode in dat Greijdanus deur woord en daad die gemeenskap met die Gereformeerde Kerk, Kampen (waarvan hy waarskynlik lidmaat was, J.V.) verbreek het. Die Sinode berus in hierdie feit en verklaar dat dr. S. Greijdanus

as gevolg daarvan die naam en eer van "emeritus-professor en emeritus-predikant uit die aard van die saak verloor het (G.K.N., 1943-45, p. 183-184).

Na regte moes die Kerkraad van Kampen ook aan die Kerkraad van Paesens c.a., van wie Greijdanus emeritus-predikant was, kennis gegee het van die feit dat hy die gemeenskap met die Gereformeerde Kerk, Kampen, verbreek het. Of dit wel gedoen is, kan nie vasgestel word nie. Dit moet egter aanvaar word, in die lig van die kerkskeuring in 1944, dat Greijdanus ook sy amps-verbintenis met die Gereformeerde Kerk, Paesens c.a., verbreek het. Dit was dus die verantwoordelikheid van die plaaslike Kerkraad van Paesens c.a., saam met 'n naburige kerkraad, om van hierdie feit kennis te gee aan die Klassis. Die bevoegdheid om te verklaar dat Greijdanus die naam en eer van emeritus-predikant ipso facto verloor het, het dus kragtens art. 30 K.O. berus by die Klassis en deputate van die Partikuliere Sinode en nie by die Algemene Sinode nie.

11.6 Burgers en Kotzé

Die kerk aan die Kaap was tot 1859, toe die "Kweekskool" te Stellenbosch geopen is, vir die opleiding van sy predikante afhanklik van die Hervormde Kerk in Nederland. Die gevaar was dus groot dat die stryd wat in Nederland tussen "ortodokse" en "liberale" ontbrand het, ook in Suid-Afrika oorgeplant kon word. Onder die proponente wat in 1858

en 1859 hier gelegitimeer is, was daar Thomas Francois Burgers, Johannes Jacobus Kotzé (P-seun), Hendrik Carel Vos Leibbrandt en Stephanus Petrus Naudé. Hulle sou almal later in meerdere of mindere mate as verdedigers van die moderne rigting optree (Moorrees, 1937, p. 889-890; Hanekom, 1951, p. 278).

In 1860 verkry hierdie rigting in Suid-Afrika sy eie orgaan deur die oprigting van die maandblad "De Onderzoeker" (Hanekom, 1951, p. 224 e.v.).

Namate die stryd oor die liberalisme voortgeduur het, het die toestand al meer gespanne geword. By die Sinode van 1862 word 'n klag van onregsinnigheid teen ds. Burgers van Hanover ingedien (Moorrees, 1937, p. 898-899; vergelyk Hanekom, 1951, p. 487).

Volgens die Reglemente van 1824 en 1842 is die bevoegdheid om tug oor ander predikante uit te oefen, toegeken aan die ring en die sinode. In 1824 is daar selfs aan die Ringskommissie en die Sinodale Kommissie tugreg toegeken (Kleynhans, 1974, p. 270-271; Spoelstra, 1963, p. 39-40). (Vir bespreking van hierdie tugreg van ringe, sinodes en kommissies, wat vandag nog in die N.G.K. en die N.H.K.A. geld, kyk punt 6 van hierdie hoofstuk).

Die Sinode besluit om 'n spesiale kommissie aan te wys om die saak te ondersoek en aan die Ring van Graaff-Reinet verslag te doen. Toe die onwettigheid van hierdie besluit onder die aandag van die Sinode gebring is, is dit sō verander dat die kommissie aan

die Sinodale Kommissie moes rapporteer. Hierdeur is die ring, die eintlike liggaam wat tugsake teen predikante "ter eerster instansie" moes behandel, heeltemal uitgeskakel (Moorrees, 1937, p. 916-917; Hanekom, 1951, p. 487).

Moorrees wys ook daarop dat die wet duidelik bepaal het dat die beskuldiginge teen die leer van 'n predikant duidelike bewyse van onregsinnigheid moes bevat. Aan die aangeklaagde moes ook betyds kennis daarvan gegee word, sodat hy hom kon voorberei vir verdediging. Dit het in hierdie geval nie gebeur nie. Moorrees oordeel dan dat die klag nie ontvanklik was nie. Die Sinode moes dit van die hand gewys het om dan "desverkiesend" by die Ring van Graaff-Reinet ingedien te word (1937, p. 917).

Die Sinodale Kommissie vind Burgers skuldig aan dwaalleer en skors hom in sy bediening (Moorrees, 1937, p. 954-955; Hanekom, 1951, p. 488).

Burgers gee kennis dat hy die uitspraak nie kan erken nie en dat hy hom op die hof beroep. Gesteun deur sy kerkraad en 'n groot deel van die gemeente, gaan hy voort met sy ampswerk (Moorrees, 1937, p. 955-956).

Die hof gee uitspraak ten gunste van Burgers, op grond van die feit dat slegs die Ring van Graaff-Reinet bevoeg was om die saak teen Burgers "ter eerster instansie" te behandel. Die handeling van die Sinodale Kommissie was dus onwettig en is

deur die hof ter syde gestel. Regter Cloete het sy ernstige twyfel uitgespreek of die Sinode wel die reg gehad het om die Sinodale Kommissie die bevoegdheid te gee om 'n vonnis van skorsing of afsetting uit te spreek. Daardeur word die Sinodale Kommissie met 'n mag bekleed wat hom nie toekom nie. Sō word ook 'n nuwe bestuur geskep naas diē wat in die Ordonnansie erken word (vergelyk hier hoofstuk 5, punt 5). Appēl deur die Sinodale Kommissie by die Geheime Raad in Engeland bring geen verandering nie. Die Geheime Raad was van oordeel dat sake teen predikante, wat die leer betref, eers deur 'n ring verhoor moet word en nie deur die sinode nie. Die verandering wat die Sinode van 1847 in die Reglemente van 1843 aangebring het, het meegebring dat die jurisdiksie van die sinode "as 'n hof van eerste instansie vir die verhoor van predikante" ten volle oorgedra is op die ringe, met reg van appēl na die sinode (Moorrees, 1937, p. 956-970).

Gedurende die sitting van die Sinode van 1862 verklaar ds. Kotzé dat hy op 'n sekere punt van die Heidelbergse Kategismus verskil. Toe hy weier om sy woorde terug te trek, selfs ná 2 dae uitstel, word 'n kommissie aangewys om die Sinode in hierdie saak te adviseer. Die kommissie beveel aan dat Kotzé geskors word tot by die eersvolgende vergadering van die Sinodale Kommissie, omdat hy sy plegtige verbintenis, aangegaan by sy legitimasie tot leraar van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, verbreek het. Hierdie aanbeveling is

deur die Sinode aanvaar (Moorrees, 1937, p. 918-936; Hanekom, 1951, p. 462-463, 495, 497).

Kotzé stel 'n saak teen die Sinode by die burgerlike hof in en gee kennis aan die Sinodale Kommissie dat hy met sy ampsbediening sal voortgaan, selfs al sou die Kommissie hom uit sy amp afsit. Hierop verklaar die Kommissie dat Kotzé uit sy bediening afgesit is, volgens besluit van die Sinode (Moorrees, 1937, p. 938-945).

Die hof gee uitspraak ten gunste van Kotzé. Al die regters was van oordeel dat tugsake teen predikante "ter eerster instansie" by die ring tuishoort. Met die wetsverandering in 1847 het die Sinode opsetlik die bevoegdheid, om sulke sake in die eerste instansie te behandel, aan die ring oorgedra. Die uitspraak van die Sinode is dus vernietig en ds. Kotzé is in sy volle regte as predikant van Darling herstel (Moorrees, 1937, p. 949-952).

Hoewel daar sekerlik nie getwyfel kan word dat sowel Burgers as Kotzé skuldig was aan dwaalleer nie, is die tughandelinge van die Sinode in hierdie twee gevalle betreurenswaardig. Dit is 'n tipiese voorbeeld van 'n meerdere vergadering wat sy bevoegdhede oorskry het en die regte van mindere vergaderings aangetas het. In die geval van Burgers is daar ook nie eers voldoen aan die basiese beginsel van I Timótheüs 5:19 nie: "Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis

van twee of drie". (Vir bespreking van hierdie Skrifvereiste, kyk hoofstuk 8).

12. SAMEVATTING

In die ondersoek van die belangrike kwessie van die tugreg van meerdere vergaderings soos tewens in alle ander sake, moet daar noukeurig daarteen gewaak word om nie voorbeelde uit die verlede en standpunte van persone vanselfsprekend as gesaghebbende presidente te aanvaar nie. In die Gereformeerde Kerke geld naamlik geen "*presedensiële*" kerkreg nie, maar 'n *skriftuurlike* kerkreg. Voordat 'n handeling of standpunt as maatstaf gestel word, moet dit eers aan die Skrif en die regte beginsels van die Gereformeerde kerkreg getoets word.

Hoewel die tugreg van meerdere vergaderings nie eksplisiet in die Kerkorde van die G.K.S.A. genoem word nie, lê die *beginsel* daarvan egter reeds opgesluit in artt. 77 en 79 K.O.. In hierdie artikels word die noodsaaklike betrokkenheid van meerdere vergaderings in verskillende stadiums van tug vasgestel.

Daar kan dus gesê word dat meerdere vergaderings wel tugreg het, hoewel slegs in sekere gevalle ooreenkomstig die beperking in art. 30 K.O.. Daardeur word meerdere vergaderings egter nie hoëre besture nie.

Hierdie tugreg van meerdere vergaderings is dus 'n

beperkte tugreg, waarby die selfstandigheid van die plaaslike kerk ten volle gehandhaaf word, soos Voetius tereg beklemtoon. Reeds die Sinode van Emden, 1571, het in die heel eerste artikel van sy Handeling die kardinale beginsel gestel dat geen kerk, predikant, ouderling of diaken oor ander kerke, predikante, ouderlinge of diakens onderskeidelik enige heerskappy mag voer nie. Hierdie beginsel kom in die Dordtse Kerkorde en in die Kerkorde van die G.K.S.A. as art. 84 voor.

Voetius verwys met instemming na hierdie beginsel. Hy stel dit ook baie duidelik dat die tug deur elke plaaslike kerk deur middel van die kerkraad, uitgeoefen word omdat die plaaslike kerk die beheer oor homself in sy eie hande het. Tog vermeld hy ook *baie algemeen* (1676, p. 865) dat klassisse en sinodes hier nie uitgesluit is nie.

M. Bouwman lei van hierdie *algemene* stelling van Voetius 'n *ongekwalifiseerde* tugreg van klassisse en sinodes af. Tog sê Voetius duidelik dat meerdere vergaderings in drie gevalle tugmag het: in geval van wanbestuur, ongeneeslike bederf en hoër beroep.

As 'n meerdere vergadering onder "normale" omstandighede die tug sou uitoefen met verbygang van die plaaslike kerkraad, sou dit neerkom op blatante kollegialisme.

Van verskillende kante af word, soms met 'n (ongereg-

verdigde) beroep op Voetius, beweer dat die tugreg van meerdere vergaderings nie verder strek as net om *voor te berei en te besluit* nie. Die *uitvoering* van die tughandeling berus by die kerkraad. Volgens Voetius geld dit egter slegs wanneer die hele kerk nie hopeloos bedorwe is nie. Hy lê nadruk daarop dat die reg en die uitoefening van die mag vir elke plaaslike kerk ongeskonde bewaar moet word.

In hierdie verband is die bevoegdheidsbeperking van meerdere vergaderings, soos in art. 30 neergelê, van onmisbare belang. As *dit* steeds gerespekteer en toegepas word, sal die reg en selfstandigheid van die plaaslike kerke nie aangetas word nie en die bevoegdheid van die meerdere vergaderings nie ongegrond ingekort word nie.

Die betrokke gedeelte van art. 30 K.O. waarom dit hier gaan, bepaal dat meerdere vergaderings slegs sake, wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of wat by meerdere vergaderings tuis hoort, mag behandel. Daardeur word die regte en pligte van kerkvergaderings gewaarborg. Meerdere vergaderings het nie die reg om in die sake van die plaaslike kerk in te gryp as die kerkraad dit self kan afhandel nie.

In die beginsel van art. 30 K.O. lê die sleutel tot die oplossing van die probleem van die tugreg van meerdere vergaderings in verhouding tot die plaaslike kerk.

In die N.G.K. en die N.H.K.A., waar die kerkraad as regeerliggaam in die tug oor ampsdraers verbygegaan word, word die beginsel van art. 30 K.O. nie toegepas nie. Tug oor ampsdraers word, met verbygang van die kerkraad, aan die ring (N.G.K.) of die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (N.H.K.A.) opgedra. Dit is 'n afbuiging van die ou gereformeerde lyn.

Art. 30 K.O. bevat 'n baie belangrike beginsel van die gereformeerde kerkregering, teenoor die hiërargies-sinodale stelsel van die Kollegialisme.

Oor die praktiese toepassing van art. 30 K.O. is daar egter, selfs in Gereformeerde kringe, nie altyd eenstemmigheid nie. Aan die een kant word die beginsel in art. 30 ongegrond *verskraal* deur te beweer dat 'n meerdere vergadering slegs tug oor ampsdraers mag uitoefen wanneer daar appél teen 'n beslissing, wat volgens art. 79 K.O. geneem is, by die meerdere vergadering aangeteken word. Aan die ander kant word die grense, wat in art. 30 afgebaken word, weer te wyd gespan. Daar word naamlik beweer dat 'n *sinode* die bevoegdheid het om 'n tugsak te hanteer as die oortreding waarom dit gaan, *alle kerke* in die algemeen raak. 'n Verdere mistasting sit in die argument dat as *twee* kerkrade volgens art. 79 K.O. ampsdraers mag tug, dan mag die klassis en die sinode (meer kerkrade dus) dit ook doen.

Wanneer 'n saak nie deur 'n mindere vergadering afge-

handel kan word nie, al is dit ook as gevolg van onwil, of wanneer dit by die meerdere vergadering tuishoort, dan, maar ook *slegs* dan, mag *en moet* die meerdere vergadering dit behandel. Dit is die logiese konsekwensie van die eenheid en verbondenheid van die plaaslike kerke in kerkverband.

Die beginsel van art. 30 K.O. bepaal dus die inisiatief, uitoefening en omvang van die tugreg van meerdere vergaderings.

'n Vraag wat in gereformeerde kringe ook verskillend beantwoord word, is of 'n meerdere vergadering die bevoegdheid het om 'n hele kerkraad af te sit. Volgens Voetius mag dit wel, in geval van hardnekkige wanbestuur. Die meerdere vergadering hou in so 'n geval egter nie die kerklike mag blywend by homself nie, maar dra dit aan een of meer naburige kerkrade op totdat die orde herstel en 'n nuwe kerkraad ingestel is. Hiermee kan saamgestem word.

Die alternatief is dat die hele gemeente, in geval van wanbestuur of bederf van 'n kerkraad, buite die kerkverband geplaas word. Dit sou egter onregverdig wees teenoor die "gesonde" deel van kerkraad en gemeente.

Het meerdere vergaderings ook die reg om te ekskommuniseer, dit beteken om uit die kerk en die koninkryk van die hemele uit te ban?

Ook hieroor gaan die standpunte uitmekaar. Aan die een kant word beweer dat 'n meerdere vergadering in hierdie verband slegs bindende besluite mag neem. Die *uitvoering* daarvan bly die taak van die kerkraad.

Volgens Voetius mag 'n meerdere vergadering in die alleruiterste gevalle van slegte beheer en ongeneeslike bederf die ekskommunikasie toepas. Hy verwys na die voorbeeld van Coolhaes wat deur die Provinsiale Sinode van Haarlem (1582) geëkskommuniseer is. Hier was dit egter 'n geval dat die plaaslike kerkraad geweier het om te ekskommuniseer. Sodoende moes, volgens art. 30 K.O., die meerdere vergadering(s) dit doen. Daar is ook besluit dat Coolhaes *trapsgewyse*, dus waarskynlik volgens bepalinge van die Kerkorde, geëkskommuniseer sou word.

'n Meerdere vergadering mag, volgens die bepaling van art. 30 K.O., in 'n gegewe geval ekskommuniseer. Dit moet egter steeds ooreenkomstig artt. 76 en 77 K.O. geskied, as 'n liefdeshandeling van geestelike aard, met die doel onder andere om die sondaar tot bekering te bring.

Voetius praat egter ook van 'n *indirekte of analogiese* tug. Dit is wanneer 'n plaaslike kerk buite die kerkverband geplaas word. Dit word egter aangewend waar die eintlike of direkte tug nie uitgeoefen kan word nie. Hierdie analogiese tug is niks anders as om te verklaar dat die kerk, ooreenkomstig

Matthéüs 18, "n heiden en n tollenaar" is nie. So n kerk word afgesny van die liggaam van Christus. So n ekskommunikasie van n hele gemeente moet, ooreenkomstig die aard en doel van die tug as sodanig, voorafgegaan word deur herhaalde vermanings.

Uit sekere oorde word ook beweer dat in geval van noodsaaklikheid en onherstelbare bederf by die kerkraad die reëlende of besturende mag *op die gemeente* terugval. Die gemeente kan dan die ampsbevoegdheid van die *kerkraad* opskort of ontnem.

Hierdie standpunt neig egter skerp na die Independentisme.

Voetius bied n gebalanseerde uitkyk op hierdie probleem. *As die kerkverband nie wil of kan help nie* (Voetius ignoreer dus nie independentisties die kerkverband nie), tree die gemeente *self* op, sonder hulp van buite. Voetius handhaaf dus in so n toestand die mondigheid van die gemeente, maar met volle *erkenning* van die kerkverband en met die veronderstelling dat toestande so gou moontlik na normaal sal terugkeer.

In hierdie hoofstuk is ook verskillende tuggevalle bespreek. Daaruit het interessante feite aan die lig gekom. Dit is opvallend in hoeveel gevalle meerdere vergaderings hul bevoegdheid oorskry het en wederregtelik oortree het op die terrein van die plaaslike kerk of ander mindere vergadering(s).

(byvoorbeeld die drie gevalle voor die Doleansie van 1886; Schilder en Greijdanus; Burgers en Kotzé).

Gedeeltelik geld dit ook van die tugtoepassing op Coolhaes. Hoewel die onwil van die Kerkraad van Leiden die meerdere vergaderings die reg tot optrede verleen het volgens art. 30 K.O. en daar besluit is dat Coolhaes *trapsgewyse* geëkskommuniseer moes word, is die saak tog nie op die suiwerste wyse hanteer nie. Die onwillige Kerkraad van Leiden, Coolhaes as predikant ingesluit, moes afgesit gewees het. Daarna moes 'n nuwe kerkraad so gou moontlik ingestel word, wat dan die eventuele ekskommunikasie van Coolhaes moes uitvoer.

Bedenkings is ook geopper teen die skorsing en afsetting van predikante deur die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en ander meerdere vergaderings in daardie tyd. Dit lyk asof dit hier ook 'n geval was van meerdere vergaderings wat hul bevoegdheid oorskry het.

Bogenoemde handelwyse kan egter nie billik en gebalanseerd beoordeel word sonder dat die buitengewone omstandighede, wat toe geheers het, in aanmerking geneem word nie. Voetius sê dan ook dat in buitengewone gevalle, waar die kerk deur skeurmakers, verdeeldhede en partyskappe versteur is, die kerkregering en tug nie altyd gewoon kan verloop nie.

Ook in die tug oor Geelkerkend is die riglyne van art. 30 K.O. nie konsekwent gevolg nie. Omstandighede

dui oorwegend daarop dat die Algemene Sinode die tug oor Geelkerken kon oorlaat aan die bevoegde mindere vergaderings, wat dit kon afhandel. Dit geld ook van die optrede teen die skuldige ouderlinge en diakens.

h Ander afwykende optrede wat in sommige van die bespreekte tuggevalle voorgekom het, was dat klagtes teen predikante summier by h meerdere vergadering aanhangig gemaak is, met verbygang van die bevoegde mindere vergadering. Dit het gebeur in die geval van Coolhaes, die vier predikante van Kampen (1618-1619) en Burgers. Dit is nie in ooreenstemming met die beginsel in art. 30 K.O. nie.

Ten slotte moet gewys word op die gevalle waar die tug nie toegepas is ter handhawing van die suiwere leer en die koningskap van Jesus Christus nie. Dit het gebeur in die tug oor die ouderlinge van Dordrecht, oor di. Eigeman en Van Hoogenhuyze en die 80 ampsdraers van Amsterdam. In hierdie gevalle het dit opsigtelik nie gegaan om die eer van God en die heil van die gemeente en die behoud van die "sondaar" nie. Dit het slegs gegaan om die hiërargiese handhawing van menslike reglemente.

Wanneer die tugreg van meerdere vergaderings nie suiwer volgens Skrif en Kerkorde uitgeoefen word nie, lei dit tot oneer van God, tot nadeel en verskeuring van die kerk van Christus en tot skade van die beskuldigde ampsdraer.

HOOFSTUK 7

TUG OOR LEER EN LEWENSWANDEL

1. INLEIDING

Die tug oor ampsdraers is sleutelmag. Daarom is dit geestelik en geskied dit uit liefde. Die doel daarvan is die eer van God, die heil van die kerk, die behoud van die sondaar en die reinheid van die bediening (kyk hoofstuk 3).

Van die leertug sê Schokking (1902) dat dit gegeld het as 'n onmisbare onderdeel van die hele sorg en roeping van die kerk insake die belydenis van die waarheid. Die reg van God, naamlik dat sy Woord en nie die dwaling nie, gehuldig moet word, gee die grondslag daarvoor. Die geestelike welstand en die groei van die gemeente, benewens die behoud van die gemeente se bekwaamheid om in die wêreld 'n onverswakte getuie te laat hoor, het ook gedring tot die uitoefening daarvan. Ten slotte was die naaste doel om die betrokke persoon, immers 'n broeder en lid van die liggaam, indien moontlik te genees van sy dwaling (p. 267, vergelyk p. 295).

Van die tug oor ampsdraers is Jesus Christus die absolute Subjek. Die ouderling is die eintlike bedienende subjek, wat persoonlik vermaan en bestraf.

Die ouderlinge handel hierdie taak egter nie onafhanklik van mekaar af nie, maar gesamentlik as kerkraad.

Die kerkrade in kerkverband het hierdie taak egter vrywillig (maar nie opsioneel nie) beperk, deur meerdere kerklike vergaderings in die tugproses in te skakel. Sodoende kon groter objektiwiteit en regssekerheid verkry word (kyk hoofstuk 4).

Die tugreg van meerdere vergaderings is egter beperkte tugreg. Dit mag nooit ten koste van die selfstandigheid van die plaaslike kerk uitgeoefen word nie. Dit moet steeds volgens die bepalings van artt. 30 en 84 K.O. toegepas word (kyk hoofstuk 6).

Al die bogenoemde geld ten aansien van die tug oor leer en lewenswandel.

Die tug oor die leer en die tug oor die lewe is die een so belangrik as die ander. Die twee mag ook nooit van mekaar geskei word nie, veral gedagtig aan die *doel* van die tug oor ampsdraers (kyk hierbo). Leer en lewe, asook die sondes wat ten opsigte daarvan gepleeg word, kan egter van mekaar *onderskei* word.

In hierdie hoofstuk sal egter uitvoeriger ingegaan word op die leertug, aangesien die tug oor lewenswandel in hoofstuk 8 meer uitgebreid aan die orde kom as die leertug. Ook het die dwaalleer, en die

tug daaroor, vir die kerk gewoonlik ernstiger gevolge. Die dwaalleer werk deur in die gemeente, sodat leertug soms kerkskeuring tot gevolg kan hê. In art. 80 K.O. word "valse leer of kettery" dan ook as die eerste van die vernaamste strafwaardige sondes by ampsdraers genoem. Die "*suiwere* prediking van die evangelie" (eie kursivering, J.V.) is ook die eerste merkteken van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 29).

Visser (1980, p. 103-104) wys daarop dat Jesus die wet, as openbaring van die wil van God, tot maatstaf en rigsgnoer stel vir die Godsvolk van die Nuwe Testament. Die wet moet dus ook as kriterium gebruik word by die toepassing van die kerklike tug. Aangesien diegene, wat die tug moet toepas, egter nie by magte is om oor die verborge *gesindhede* te oordeel nie, kan die tug slegs toegepas word waar die sonde in leer of lewe openbaar word.

Polman (s.j., Vierde Deel) wys daarop dat die navolgers van die etiese rigting in die negentiende eeu bewuste voorstanders van die tug oor die lewenswandel was, maar dat hulle van leertug niks wou weet nie. Tans word dit egter algemeen as 'n willekeurige onderskeiding afgewys (p. 67).

2. DIE TUG OOR LEWENSWANDEL

In I Korintheërs 3:16, 17 tipeer die apostel Paulus die kerk as 'n heilige tempel van God. Dit geld in verskerpte mate van die ampsdraers, wat onberispelike

voorbeelde vir die gemeente moet wees (I Timótheüs 3:2 en Titus 1: 6,7, vergelyk I Timótheüs 4:12).

Waar die Skrif dan pertinente sondes aantoon as tugwaardig, *geld dit per implikasie dubbel-swaar in die geval van ampsdraers.*

Hier kan eerstens gewys word op I Korintheërs 5, waar hoerery, gierigheid, afgodery, kwaadspreek, dronkenskap en rowery as strafwaardige sondes aangedui word (kyk Visser, 1980, p. 52-55, 109).

In I Korintheërs 6:10 en Galásiërs 5:19-21 noem Paulus 'n hele aantal verwerplike sondes: hoerery, afgodery, egbreuk, wellustigheid, sodomie, diefstal, gierigheid, dronkenskap, kwaadspreek, rowery, ower-spel, onreinheid, ongebondenheid, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, brassery. Hy noem dit "werke van die vlees" (Galásiërs 5:19) en sê dat dié wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie (I Korintheërs 6:10, Galásiërs 5:21).

Alhoewel Paulus in hierdie twee Skrifgedeeltes nie met soveel woorde tug voorskryf oor diegene wat só ten opsigte van die lewenswandel sondig nie, lê dit tog implisiet opgesluit in die stelling dat sulke mense die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Hieruit vloei logies voort dat diegene wat hieraan skuldig is, met die *sleutels* van die koninkryk van God *uitgesluit* moet word (kyk Visser, 1980, p. 109).

Aansluitend hierby skryf Paulus aan die Efésiërs: "Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie." (5:5). Hier kan ook verwys word na Hebreërs 13:4-5 en Openbaring 21:8.

Visser wys daarop dat uit die Nuwe Testament verder afgelei kan word dat lieg vir God (Handeling 5:1-11), pogings om die gawe van die Heilige Gees deur geld te verkry (Handelinge 8:1-25), teenstand teen die evangelie (Handelinge 13:6-12), huigelary (Galásiërs 2:11-14), en ongehoorsaamheid aan die gesagvolle apostoliese woord (II Thessalonicense 3:14) tugwaardige sondes is (1980, p. 59-60, 109, 110).

Aan Timótheüs skryf Paulus dat hy Himenëüs en Alexander aan die Satan oorgegee het, op grond van hulle godslastering (I Timótheüs 1:20).

Bouma (1942, p. 101) lei uit vers 19 en uit II Timótheüs 2:17 af dat hierdie twee manne een of ander besondere amp in 'n gemeente beklee het.

Wanneer I Timótheüs 1:20 met I Korintheërs 5:5 vergelyk word, kom dit voor asof hierdie "oorgee aan die Satan" ook dui op die ekskommunikasie. S6 word dit in I Korintheërs 5:5 verklaar deur Calvyn (aangehaal deur Plomp, 1969, p. 110) en Ridderbos (1971, p. 526-527). (Vergelyk hier ook Schweizer, 1968, p. 436 en 1971, p. 126. Kyk Visser, 1980, p. 58-59).

Godslastering is dus 'n tugwaardige sonde (vergelyk art. 80 K.O.).

In die Inleiding van hierdie hoofstuk is reeds gesê dat leer en lewe nie van mekaar geskei mag word nie. Die noue verband tussen leer en lewenswandel kom treffend na vore in II Thessalonicense 3:6: "Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie".

Die Griekse woord "ataktos" wat hier met "onordelik" vertaal is, karakteriseer 'n mens as iemand wat homself buite die noodsaaklike en gegewe orde plaas. Eintlik is 'n "ataktos" 'n soldaat wat uit gelid is, terwyl dit in die algemeen iemand beteken wat die wette nie gehoorsaam nie. In die lig van I Thessalonicense 4:11,12 en II Thessalonicense 3:10,11 kom dit voor asof Paulus hier in die eerste plek diegene bedoel wat die daaglikse arbeid nagelaat of verwaarloos het as gevolg van 'n verkeerde voorstelling aangaande die tydstop van Christus se wederkoms (Van Leeuwen, 1926, p. 389; Delling, 1972, p. 48).

Dit was gelowiges wat "nie volgens die oorlewering" wat hulle van Paulus ontvang het, gewandel het nie. "Oorlewering" ("paradosis") beteken vir Paulus "ver-kondiging" of "leer". Hy verwag dat die kerke daaraan sal vashou aangesien die saligheid onlosmaaklik daaraan verbonde is (I Korinthiërs 15:2,3) en aange-

sien dit van Christus ontvang is (I Korintheërs 11: 23). In Paulus se tyd was hierdie "oorlewering", hierdie "leer" juis besig om vaste vorm te kry (Büchsel, 1964b, p. 172-173).

Ons het dus hier te doen met 'n gevestigde kerk wat sy eie belydenis met apostoliese gesag het. As 'n lidmaat se *lewenswandel* nie volgens hierdie belydenis, hierdie apostolies-oorgelewerde *leer* is nie, moet daar tug toegepas word: die gelowiges moet hulle aan so 'n lidmaat onttrek. Volgens Rengstorff (1971b, p. 589-590) moet die betekenis van die woord vir "onttrek" uit die verband afgelei word omdat daar geen presiese parallel is nie. Hy sien egter in hierdie woord 'n dissiplinêre maatreël wat Paulus voorskryf, versterk deur die feit dat die apostel dit "in die Naam van onse Here Jesus Christus" beveel.

Ook in Titus 3:10 ("Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning, ...") lê die tugtoepassing oor diegene wat ten opsigte van die *leer* en die *lewenswandel* sondig, baie na aan mekaar. Volgens Bouma (1942, p. 451-452) is dit hier 'n kwessie van afdwaling in die *leer*, en nie 'n saak van skeurmakery, wat 'n dwaling in *lewenswandel* is nie. Paulus beveel hier dus *leertug*.

Grosheide (1952, p. 31-32) lei op grond van die verband van hierdie hoofstuk af dat dit hier gaan om leer en lewenspraktyk (vers 8 praat byvoorbeeld van goeie werke en vers 9 van dwase strydvrage, geslags-

registers, twis en stryery oor die wet). Volgens hom is dit beter om te vertaal: "n mens wat skeuring maak" as "n ketterse mens", aangesien die Griekse woord "hairesis" eers in later tyd die betekenis van "kettery" gekry het. Calvyn sien die sonde in Titus 3:10 as *n verbreking van die eenheid van die kerk* (aangehaal deur Plomp, 1969, p. 96). (Vergelyk hier ook Schlier, 1964, p. 183-184)

Van so n man moet Titus hom onttrek ná die eerste en tweede vermaning. Behm (1967, p. 1022), Bouma (1942, p. 452), Ridderbos (1971, p. 527), Stählin (1964, p. 195) en Grosheide (1952, p. 31) sien almal in hierdie opdrag van Paulus aan Titus n opdrag tot tug-oefening. (Vergelyk by die voorgaande bespreking van II Thessalonicense 3:6 en Titus 3:10, Visser, 1980, p. 66-67, 104-106).

In art. 80 K.O. word n hele aantal sondes in lewenswandel genoem, as die "vernaamste" wat met skorsing in of afsetting uit die diens getug moet word. Dit is die volgende: openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van n ander, meened, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag.

Hierdie "sondelys" van art. 80 K.O. sal meer in besonder in hoofstuk 8 bespreek word.

In die Nuwe Testament word ook verskeie vereistes

gestel waaraan 'n ampsdraer in sy lewenswandel moet beantwoord.

Die sewe van Handeling 6 moet manne "van goeie getuienis" vol van die Heilige Gees en wysheid" wees (Handeling 6:3).

Aan Timótheüs skryf Paulus dat 'n opsiener onberispelik moet wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou (I Timótheüs 3:2-4).

Die diakens moet waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie, manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. Hulle moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer (I Timótheüs 3:8-9, 12).

Timótheüs self moet vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid wees en op homself en die leer let (I Timótheüs 4:12, 16). Hy moet wegvlug van die geldgierigheid, en hy moet die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid en sagmoedigheid najaag (I Timótheüs 6:11; vergelyk II Timótheüs 2:22).

Ook aan Titus hou Paulus baie duidelik die vereistes voor waaraan 'n opsiener moet beantwoord. Hierdie vereistes kom hoofsaaklik ooreen met dié in I Timótheüs 3 (Titus 1:5-9).

Die Skrif stel dus hoë eise aan die lewenswandel van die ampsdraers. Hulle beklee immers 'n besondere posisie in die kerk, as organe van Jesus Christus, die Hoof van die kerk. Petrus vermaan die gelowiges: "maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (I Petrus 1:15-16). Hierdie vermaning geld met groter nadruk vir diegene wat tot die besondere ampte geroep is. Daarom word daar in art. 80 K.O. gesê dat al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak, skorsing in of afsetting uit die diens verdien.

3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEERTUG

Die vraag na die noodsaaklikheid van leertug word, selfs in protestantse geledere, verskillend beantwoord.

Tereg sê H. Bouwman (1912) dat die leertug voortvloei uit die karakter van die kerk (p. 181; vergelyk hier Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 29).

Dat die kerk belydende kerk moet wees en die Belydenis moet handhaaf, word in die Skrif duidelik geleer.

Die gemeente van die lewende God is "n pilaar en grondslag van die waarheid" (I Timótheüs 3:15). Die gemeente moet Gods Woord ongeskonde bewaar en suiwer bely en preek. In Galásiërs 1:8 sê Paulus dat die dwaalleraars nie in die gemeente geduld mag word nie: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (p. 181. 182).

Paulus herhaal dit nog 'n tweede keer in vers 9.

Van die uitdrukking: "laat hom 'n vervloeking wees" ("anathema estoo") sê Van Stempvoort (1961, p. 18-19) dat dit 'n harde woord is, wat nie in ons moderne relativiserende gees lê nie. Tog, sê hy, bestaan die redding van die gemeente hierin, dat die "anathema" ons beklemmende stryd in die heilige uur van die Be-lydenis op die hoë vlak van die ware stryd bring, waar die groot beslissings vir baie eeue val. Die ander "evangelie" waarvan Paulus hier praat, bring nie slegs skeiding van Paulus se ware leer nie, maar dit bring skeiding van God self. Deur hierdie "anathema" het Paulus, die gevolmagtigde van die Here, die gemeente bewaar vir die losmaak van God self. In die beslissende oomblikke funksioneer die "anathema" heilig en Godverheerlikend.

Paulus praat hier dus van 'n baie strengere straf as die kerklike tug oor ampsdraers. In die "Today's English Version" word die "anathema estoo" vertaal

met "may he be condemned to hell!" (Aland, Black, Martini, Metzger en Wikgren, 1970, p. 649. Verge-lyk hier ook Behm, 1964, p. 354). Dit spreek dus vanself dat die tug oor ampsdraers en, by verharding, die ekskommunikasie, in só 'n geval toegepas moet word.

H. Bouwman verwys ook na II Johannes: 10: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie". Die gemeen-te van Pérgamus word bestraf omdat hy in sy midde mense het wat vashou aan die leer van Bileam en die leer van die Nikolaïete (Openbaring 2:14,15). Bouwman sê dan dat Gods Woord duidelik tug voorskryf by die afwyking van die leer. Die Skrif lê aan die kerk die plig op om hulle, wat van die leer afwyk, te vermy en die Woord van God teen die bestryders te handhaaf (1912, p. 182-183).

Die noodsaaklikheid van leertug word ook beklemtoon deur Schilder (1960, p. 257). Dr. W. A. Hoek skryf in "Algemeen Weekblad" dat hy vir geen geld ter wêreld aan aktiewe leertug meedoen nie. Hy ag homself daarvoor te lelik en te ordinêr. Schilder rea-geer hierop deur te sê: "Ik mezelf ook". Hy ken egter aan hierdie oordeel van hom oor homself geen waarde toe nie. God *beveel* hier en daarmee klaar. Daarom glo hy ook aan die noodsaaklikheid van die leertug, sê Schilder. Hy ag homself veels te lelik en te ordinêr om daaroor te beslis of hy wel met leertug sal begin of nie. As sy lelik-wees en sy

ordinêr-wees hom van leertug moes afhou, moet dit hom tewens van *lêër* afhou (kursivering oorspronklik, J.V.).

Ook Du Toit (1961, p. 448) lê nadruk op die noodsaaklikheid van leertug. Hy wys daarop dat Gods Woord ons gedurig vermaan "om by die *gesonde leer* te bly en die sieklike leer van dwaalleraars te verwerp. Lees Titus 1:9; 2:1; 2 Tim. 4:3; 1 Tim. 4:6; 2 Johannes 9; Ef. 4:14. Die verspreiders van dwaalleer "*se mond moet gestop word*" (Titus 1:11); die teësprekers weerlê (Titus 1:9;) die teëstanders moet beskaam word (Titus 2:8); aan 'n man wat party-skap verwek, moet 'n mens jou na die eerste en tweede vermaning onttrek (Titus 3:10), ens." Hy spreek dan die wens uit dat die tyd spoedig in Suid-Afrika mag kom dat die *leertug* allerweë in die kerke, wat hulleself gereformeerde noem, die ereplek sal terugkry, wat dit kragtens die Woord van God en "ons Kerkorde" toekom (kursivering oorspronklik, J.V.).

Van Rooyen (1950, p. 15) sê tereg dat persone wat verkeerde, onskriftuurlike en daarom skadelike dwaalleringe met opset en hardnekkigheid in die boesem van die kerk voorstaan en verbrei, tugwaardig is en bly. As dit straffeloos toegelaat word, lei dit op die duur tot ontaarding, verbastering en ondergang van die kerklike lewe. Die geskiedenis bevestig dit. Daarom moet die snoeimes van gesonde tug oefening ook hier op versigtige, ernstiger, onverskrokke en onpartydige wyse hanteer word.

Volgens Sadler (1979, p. 63) dreig die gevaar in verband met leertug na twee kante toe: enersyds kan 'n te lakse toepassing van die leertug tot indifferensie en grenslose verdraagsaamheid lei en andersyds kan leertug ontaard in 'n ketterjag. Hy meen dat leerdwaling by gewone kerkklimate met groter verdraagsaamheid bejeën kan word as by ampsdraers, veral leraars. Afwyking van die suiwere leer deur leraars, wat handhawers van die suiwere leer is, kan soveel groter kwaad veroorsaak.

3.1 Die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis

Dit is wel opmerklik dat die Nuwe Testament herhaaldelik aanspoor tot handhawing van die suiwere leer en waarsku teen dwaalleer, valse profete en laster. Enkele voorbeelde in hierdie verband is Mattheüs 7:15 en 24:11, waar Jesus self waarsku teen die valse profete wat roofsgtige wolwe is. Paulus stel die ouderlinge van Efese ernstig op hul hoede teen die dwaalleraars wat van buite *en* van binne op die gemeente sal toesak (Handelinge 20:28-31).

Ander Skrifgedeeltes waarna verwys kan word, is Kolossense 2:8; I Timótheüs 1:3; 4:16; 5:17; 6:3-5; II Timótheüs 2:14-18; 4:1-5; Titus 1:10-11; 2:1; II Petrus 2; I Johannes 4:1; Judas : 3.

In Romeine 16:17 vermaan Paulus die gemeente om diegene wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer ("didache") wat hulle geleer het, in die oog te

hou en te vermy. Dieselfde woord kom ook in die volgende tekste voor:

- Titus 1:9 = 'n opsiener moet vashou aan die betroubare woord wat volgens die *leer* is;
- Hebreërs 6:2 = die *leer* van die doop;
- Hebreërs 13:9 = die lesers moet nie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde *leringe* nie;
- II Johannes: 9 = wie nie in die *leer* van Christus bly nie, hy het God nie. Wie wel in die *leer* van Christus bly, hý het die Vader sowel as die Seun;
- II Johannes:10 = iemand wat hierdie *leer* (van Christus) nie bring nie, moet nie in die huis ontvang en gegroet word nie;
- Openbaring 2:14, 15, 24 = die *leer* van Bileam, die Nikolaïete en Isébel word veroordeel.

Die woord "didache" kom van "didaskoo" (om te leer of te onderrig) en dit beteken: "lering" of "onderrigting". Rengstorff (1964, p. 164) wys daarop dat die vier evangliste hierdie woord gebruik om die hele onderwys van Jesus aan te dui en nie slegs 'n besondere dogma of etiek nie. Ook by Paulus, Johannes en in openbaring het die woord die betekenis van "die hele onderwys". In Hebreërs 6:2 beteken dit egter 'n gevestigde en geformuleerde *dogma* van die

doop, terwyl dit in Hebreërs 13:9 verwys na definitiewe *dwalings* waarteen die lesers gewaarsku word.

Van "didaskoo", kom egter ook die woord "didaskalia", met min of meer dieselfde betekenis as "didache", naamlik "lering". Volgens Rengstorf (1964, p. 161-162) word die *enkelvoud* van hierdie woord in die Nuwe Testament altyd gebruik wanneer die wil van God agter die "didaskalia" lê. Hy verdedig hierdie betekenis selfs by Efésiërs 4:14: "... sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, ...". Paulus waarsku die gelowiges hier, sê Rengstorf, teen die rondslingering deur elke wisselvallige wind wat kom met die aanspraak dat dit dogma is en dat dit die wil van God as sodanig bring (p. 161).

Verder toon hy aan dat hierdie woord 21 keer in die Nuwe Testament voorkom, waarvan 15 keer in die Pastorale Briewe. Volgens hom is hierdie woord baie geskik om die bindende karakter van die historiese evangelieverkondiging te beklemtoon en om die verskil tussen die Christelike evangelieverkondiging en die verskillende afwykende rigtings aan te dui (p. 162).

Tekste waarin hierdie woord gebruik word, is onder andere die volgende:

- Efésiërs 4:14;
- I Timótheüs 1:10 = Paulus wys op verskil-

lende sondes wat met die gesonde *leer* in stryd is;

- I Timótheüs 4:1 = die apostel waarsku teen afvalliges wat die *leringe* van duiwels sal ahang;
- I Timótheüs 4:6 = getrouheid in die verkondiging van die waarheid sal meebring dat Timótheüs homself met die goeie *leer* sal voed;
- II Timótheüs 4:3 = daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde *leer* nie sal verdra nie;
- Titus 1:9 = 'n opsiener moet vashou aan die betroubare woord wat volgens die *leer* is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde *leer* te vermaan.

Bouma (1942) verklaar I Timótheüs 1:10 s6 dat Paulus daar op die leerkarakter in die gepredikte evangelie nadruk lê (p. 82), terwyl I Timótheüs 4:6 dadelik laat dink aan min of meer geformuleerde en vasgestelde uitsprake (p. 158). In II Timótheüs 4:3 is die "leer" weer die inhoud van die Woord van God (p. 342).

In Titus 1:9 word eers gepraat van die betroubare woord wat volgens die *leer* ("didache") is, en daarna van die gesonde *leer* ("didaskalia") waarmee die opsiener kan vermaan. Bouma (1942, p. 389) verklaar dit s6 dat "didache" hier die betekenis het van "den materieelen leerinhoud". Die absolute uitdrukking: "die *leer*" wys reeds op 'n aanvanklike formulering en vasstelling van die *leer* in die eerste kerk,

só algemeen bekend dat Paulus hom sonder meer daarop kon beroep met die vertroue dat Titus voldoende met die leer op hoogte sou wees. Hierdie teks word in die "Today's English Version" soos volg vertaal: "He must hold firmly to the message, which can be trusted and which agrees with the *doctrine*. In this way he will be able to encourage others with the true *teaching*, ..." (eie kursivering, J.V.. Aland, Black, Martini, Metzger en Wikgren, 1970, p. 740).

Dit kom dus voor asof albei hierdie woorde in sommige gevalle (Hebreërs 6:2; I Timótheüs 4:6 en Titus 1:9) daarop dui dat die sentrale waarhede van die gepredikte evangelie vroeg reeds min of meer as *dogma* geformuleer en vasgestel is.

Hoewel daar nie in al die bogenoemde tekste van leertug gepraat word nie, kan dit tog eintlik vanselfsprekend daaruit afgelei word omdat die kerk die liggaam van Christus is (Efésiërs 1:23; Kolossense 1:18), die huis van God (I Timótheüs 3:15), 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27).

Skrifgedeeltes wat meer pertinent die dwaalleer as tugwaardige sonde uitwys, is onder andere die volgende:

- Galásiërs 1:8 en 9 = Paulus spreek die wens uit dat iemand wat 'n ander evangelie verkondig as wat hy verkondig het, 'n vervloeking moet wees (hierdie teks is reeds vroeër in hierdie afdeling bespreek);

- II Petrus 2:1, 3, 12, 13 = die valse profete bring h vinnige verderf oor hulleself. Die oordeel oor hulle is "van lankal af nie werke-loos nie". Hulle sal in hulle verdorwenheid te gronde gaan en die loon van die ongeregthaid ontvang;
- II Johannes : 10 = iemand wat nie die leer van Christus bring nie, moet nie in die huis ontvang of gegroet word nie. Grosheide (1952, p. 32) sê dat dit "leertucht in optima forma" is;
- Openbaring 2: 14, 15, 16 = as die gemeente van Përgamus nie optree teen die aanhangers van die leer van Bileam en die Nikolaïete nie, sal Christus self kom om teen hulle oorlog te voer met die swaard van sy mond;
- Openbaring 2:20 = die gemeente van Thiatïre mag die vrou Isébel nie langer toelaat om te leer nie (vergelyk ook vers 24).

Dit blyk dus duidelik dat die Nuwe Testament tugtoepassing voorskryf waar daar ten opsigte van die *leer* gesondig word. (Vergelyk by die bespreking van die voorafgaande Skrifgedeeltes in hierdie onderafdeling: Visser, 1980, p. 106-109).

Die suiwere leer is vir die kerk van lewensbelang. Sonder die suiwere leer kan die kerk nie ware kerk

wees nie (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29).

Die kerk moet ook nougeset waak oor die suiwere leer en Belydenis, veral by proponente en bedienaars van die Woord. Dit word gereël in art. 4 K.O. in die geval van proponente en in artt. 5 en 44 K.O. in die geval van predikante. Art. 4 K.O. bepaal dat iemand wat nog nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie, deur die klassis, waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word, met advies van die deputate van die partikuliere sinode ondersoek moet word wat leer en lewe betref (peremptoir - eksamen). Die Sinode van die G.K.S.A. van 1970 het hierdie eksamen met die voorbereidende (preparatoir) eksamen gekombineer en dit tuisgebring by die partikuliere sinodes, omdat daar meer kerke verteenwoordig is (J. Postma, 1970, p. 122-128).

In art. 5 K.O. word bepaal dat 'n bedienaar van die Woord wat van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening by die kerkraad van die kerk, waar hy bevestig sal word, moet voorlê. Die kerkraad moet hierdie getuienis saam met die klassikale deputate kontroleer.

Art. 44 K.O. reël dat die visitatore van die klassis onder meer moet vasstel of die ampsdraers by die suiwerheid van die leer bly.

Hier kan ook verwys word na art. 9 K.O., dat predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, nie tot die kerkdiens toegelaat sal word nie, "behalwe met groot versigtigheid, en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is". Hoewel hierdie "beproof" nie nader omskryf word nie, is dit vanselfsprekend dat die ondersoek na die suiwerheid van leer en Belydenis hierin voorop sal gaan.

Die waaksaamheid van die kerk oor die suiwere leer en Belydenis sluit ook artt. 53 en 54 K.O. in, waar bepaal word dat alle ampsdraers die drie Formuliere van Eenheid moet onderskryf en onderteken. Hierdie artikels word later in hierdie hoofstuk behandel. Ook artt. 79 en 80 K.O., wat in hoofstuk 8 aan die orde kom, kan hier genoem word: dat tug toegepas moet word as 'n ampsdraer hom skuldig maak aan valse leer of kettery.

Die suiwere leer en Belydenis is dus vir die G.K.S.A. 'n absolute prioriteit.

Suiwerheid en eenheid in leer en Belydenis was ook vir Calvyn van die allergrootste betekenis. Hy skryf dat indien daar 'n geskil ontstaan oor enige leerstuk, 'n sinode byeen moet kom om die betwiste leerstuk te ondersoek. So 'n uitspraak, waartoe die herders van die kerke, "onder inroeping van de Geest van Christus", in die algemeen instem, sal baie meer gewig dra as wanneer elkeen afsonderlik dit tuis sou opstel en die gemeente leer, of wanneer 'n paar indivi-

duele persone dit tot stand gebring het. Wanneer iemand die kerk met 'n ongewone leerstuk in verwarring bring en die saak só ver kom dat daar gevaar van 'n ernstige onenigheid dreig, moet die kerke eers saamkom en die voorgestelde geskilpunt ondersoek. Dit was, volgens Calvyn, van die begin af in die kerk die gewone manier gewees om die eenheid te bewaar (1949, Derde Deel, p. 193-194).

Plomp (1969, p. 264-265) wys daarop dat Calvyn dit as een van die hoofsaake reken dat niemand tot die amp toegelaat sal word behalwe ná 'n nougesette ondersoek met betrekking tot sy leer en lewe nie. Ook ná die bevestiging moes daar toesig en tug oor lewenswandel en ampsbediening uitgeoefen word.

In die "Ordonnances Ecclesiastiques" van 1541 (eerste redaksie), sê Plomp, is die bepaling met betrekking tot die roeping van predikante van besondere belang, veral dié oor die eksamen. Hierdie eksamen het uit twee dele bestaan. Die eerste deel het betrekking gehad op die leer en die tweede op die lewe (1969, p. 264).

Plomp (1969, p. 265) wys ook op die reëling dat alle dienaars elke week op 'n bepaalde dag moes byeenkom om met mekaar saam te spreek oor die Skrif, ten einde onder mekaar die suiwerheid en eendrag van leer te bewaar. Niemand mog hom, sonder geldige verontskuldiging, daaraan onttrek nie. As daar enige verskil ten aansien van die leer opduik, sou die dienaars deur gesamentlike handeling die saak tot 'n

oplossing probeer bring. As dit nie slaag nie, sou die hulp van die ouderlinge tot beslegting van die geskil ingeroep word. (Vergelyk hier ook Gassmann, 1968, p. 150).

Goumaz (1964, p. 64) wys ook op die nadruk wat Calvyn op die suiwere leer gelê het. Diegene wat onderrig gee, moet in alle getrouheid en noukeurigheid die leer wat hulle ontvang het, deurgee. Christus se dienaars moet daarmee tevrede wees om in alle suiwerheid en goeie trou ná te spreek wat hulle van Hom geleer het. Hulle mag die Evangelie nie bederf met hul eie byvoeginge nie (Matthëüs 23:8). Dus: geen prediking wat die leer van Christus, wat so oud as die wêreld is, wil loslaat nie. Geen prediking wat iets nuuts wil toevoeg aan die geloof van die mensheid nie.

Wat die Belydenis betref, merk H. Bouwman (1912) op dat die kerk van die begin af Belydenis-kerk gewees het. Die kerk het deur die opstel van sy Belydenis volstrek nie bedoel om die Heilige Skrif kragteloos te maak nie. Hy het niks anders beoog as om uit te spreek wat die Skrif oor bepaalde sake leer nie. Bowendien stel die kerk die Belydenis nie naas of bo die Skrif nie, maar onder die Skrif. Die kerk bely dat die Belydenis aan die Skrif getoets moet word, want die Skrif is die enigste reël van geloof en lewe (p. 183). (Vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis, artt. 5 en 7).

Die Belydenis is geen "norma normans" (n reël, wat die norm in homself het) nie, maar "norma normata" (n afgeleide reël van die geloof). Dit is heeltemal ondergeskik aan Gods Woord. Niks mag op een lyn met die Skrif gestel word nie (p. 183).

Tog het die Gereformeerdes hulle tereg verset wanneer iemand die Belydenis wil onderteken *vir sover* dit met die Heilige Skrif ooreenkom. Daardeur kon naamlik die vermoede ontstaan dat iets in die Belydenis nie met Gods Woord in ooreenstemming was nie (p. 187; eie kursivering, J.V.).

Ook Schokking (1902) wys op die ondergeskikte plek van die Belydenis onder die Skrif. Nadruk moet volgens hom ook daarop gelê word dat die Skrif nie weggebêre word as die Belydenis in werking gestel word nie. Die Skrif behou sy volle waarde en voortdurende gebruik as die enigste beslissende reël van die geloof (p. 192). (Vergelyk hier ook De Klerk, 1954, p. 24).

Schokking verwys na die geval van Ds. Lachterop van Kamperveen. Toe hy die Dordtse Leerreëls in 1619 wou onderteken *vir sover* dit met Gods Woord ooreengekom het, het hy as antwoord gekry dat hy dit moes onderteken *as* Gods Woord. n Ondertekening *vir sover* ("quatenus") het vir die Gereformeerdes na n ongerymdheid gelyk. Dit kon naamlik niks anders beteken as die uitspreek van n vermoede dat in die Belydenis iets *nie* in ooreenstemming met Gods Woord was nie (1902, p. 193-194).

Daarmee, sê Schokking, word die kerkleer egter nie in die plek van Gods Woord gestel, soos van Remonstrantse kant beweer is nie. Die kwessie was of die kerklike Belydenis ook 'n sekondêre gesag sou hê. En dié vraag moes, volgens die oortuiging van die Gereformeerdes, ook van die begin van ons tydvak af bevestigend beantwoord word (p. 194-197).

In hierdie verband merk De Klerk op dat die Belydenis feilbare mensewerk is. In dié sin kan gesê word dat dit slegs verbind *in sover* ("quatenus") dit met die Heilige Skrif ooreenstem. Dit staan nooit bo of naas Gods Woord nie, maar altyd onder Gods Woord. Hierdie *in sover* mag egter nooit betrek word op die *inhoud* van die Belydenis nie. Wie *dit* wil doen, plaas die hele Belydenis op los skroewe en gee dit aan die grootste willekeur prys. Die materiële ooreenstemming met die Skrif, waarvan die kerk vas oortuig is, eis die handhawing van die Belydenis. De Klerk verwys hiervoor na Titus 3:10; I Johannes 2: 22, 23; Romeine 16: 17, 18; I Timótheüs 1: 3,4; 6: 3-6; Titus 3: 9; Matthëüs 24: 4,5 (1954, p. 24-25).

Die Belydenis bevat die waarhede, wat uit die Skrif, onder die leiding van die Heilige Gees in 'n bepaalde kring, as waarhede van God erken word. Binne die kerk het die Belydenis gesag, as akkoord van gemeenskap, as uitdrukking van wat die kerk omtrent bepaalde punte as waarheid glo. Die kerk glo en handhaaf die Belydenis egter slegs op grond van Gods Woord

(H. Bouwman, 1912, p. 187).

h Gereformeerde Belydenisskrif wil niks anders as h "repetitio Sacrae Scripturae" (h herhaling van die Heilige Skrif) wees nie. Dit gee dus h suiwere weer-spieëling van die geopenbaarde waarheid van God. Hiersonder kan dit geen geloofsbelydenis, leerboek of leerreël wees nie en dit kan nog veel minder gesag, as teken van eenheid, besit (Schokking, 1902, p. 187-188; vergelyk De Klerk, 1954, p. 24).

Behalwe formuliere van eenheid, sê Schokking (1902), was die Belydenisskrifte ook *formuliere van suiwerheid*. Hierteen word twee besware ingebring. Ten eerste dat hiermee h nuwe element in die betekenis van die ondertekening ingebring is, wat vroeër daarin ontbreek het, wat die leraars beswaar en wat ook ongeoorloof lyk. Ten tweede omdat daarmee aan menslike formuliere so h gesag toegeken word as wat slegs aan die Heilige Skrif toekom. Die formuliere is egter sekondêr onder die Heilige Skrif (p. 189-190, 192).

Volgens De Klerk (1954, p. 22-23) ag die Gereformeerdes die Belydenisskrifte noodsaaklik om die volgende redes:

- die eerste rede lê in die *bestaan van die kerk self*. As vergadering van ware gelowiges, gelei deur Gods Gees en Woord, kom die kerk vanself tot belydenis van sy geloof. Die geloof van die hart kan nie verborge bly nie;

- die tweede rede lê in die noodsaak van selfverdediging;
- die derde rede lê in die openlike betuiging van eendrag in die leer;
- die vierde rede lê in die bewaring van die suiwerheid van die leer.

3.2 Binding aan die Belydenis

Die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis vir die kerk, soos in die vorige onderafdeling bespreek, loop vanself uit op die ondersoek na die binding aan die Belydenis van die kerk.

In artt. 53 en 54 K.O. word vereis dat die bedienaars van die Woord, professore aan die Teologiese skole, ouderlinge, diakens en proponente die drie Formuliere van Eenheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht 1618-1619, moet onderskryf en onderteken.

In art. 53 word bepaal dat bedienaars van die Woord en teologiese professore, wat weier om dit te doen, metterdaad in hulle diens geskors moet word. As hulle hardnekkig weier, moet hulle heeltemal uit hulle diens afgesit word. Hoewel die strafbepaling van art. 53 in art. 54 ontbreek, spreek dit vanself dat weiering om die drie Formuliere van Eenheid te onderteken, ook in hierdie gevalle deur gepaste dissiplinêre optrede gevolg moet word.

Bos (1950, p. 196) wys daarop dat opsetlike binding aan die Belydenis van die kerk vernaamlik vir bedienaars van die Woord noodsaaklik is. Die praktyk het die noodsaaklikheid, om die aard van die binding in 'n ondertekeningsformulier te omskryf, bewys.

Die Konvent van Wesel (1568) het alreeds bepaal dat 'n predikant in alles met die leer, wat openlik in die kerk onderhou word volgens die Geloofsbelydenis en Kategismus, moet saamstem (art. 8; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 7-8).

Die Sinode van Emden (1571) praat van die Geloofsbelydenis van die Nederlandse en Franse Kerke wat deur die broeders onderskryf en onderteken moet word (art. 2; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 35).

Volgens Schokking (1902, p. 182-183) blyk hieruit dat daar reeds 'n simbool (belydenisskrif) was, wat algemeen bekend was as *die* Belydenis van die Nederlandse Kerke. (Dieselfde geld dus ook van die Franse kerke, J.V.).

Ter verduideliking van die gesag, wat volgens gereformeerde opvatting aan die kerklike simbole toegeken word, moet allereers in die oog gehou word dat hierdie simbole die eenstemmigheid in die leer uitgebeeld het. Daar was eenparigheid in die leer. Die ondertekening het nie hierdie eenparigheid *gemaak* nie, maar het slegs aangetoon dat dit bestaan het. Die Belydenis het sō 'n herkenningsteken geword vir vriend en vyand. Dit het gesê: Aldus glo ons en hierin

is ons dit eens. Die ondertekening was slegs die uitdruklike erkenning van die reeds bestaande en onderstelde eenheid, naamlik die eenheid van die belede geloof. Die Belydenis is as die formulier vir die kerklike eenheid *erken*, omdat dit die uitdrukking van die gemeenskaplike geloof *was* (Schokking, 1902, p. 182, 183-184; kursivering oorspronklik, J.V.. Vergelyk ook H. Bouwman, 1912, p. 184).

Soos reeds aangetoon, is die Belydenis reeds in 1571 op die Sinode van Emden, onderteken. Daarna het dit in allerlei kringe, deur ons hele tydvak, gebruik geword. Die Sinode van Middelburg (1581) het bepaal dat die predikante, ouderlinge, diakens, teologiese professore en skoolmeesters die Geloofsbelydenis van die Nederlandse Kerke moet onderteken (art. 37). Die Sinode van 's Gravenhage (1586, artt. 47-48) het in hierdie verband nie die ouderlinge en diakens genoem nie. Die Sinode van Dordrecht (1618-19, artt. 53-54) het ook slegs die predikante, teologiese professore en skoolmeesters genoem. Die Sinode van Utrecht (1905) het die skoolmeesters in art. 54 laat verval en in die plek daarvan ouderlinge, diakens en proponente gevoeg. Te Emden het die predikante vrywillig onderteken. Voortaan sou dit deur alle predikante gedoen moes word (Schokking, 1902, p. 199-200; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 35, 152, 204-205, 240-241; H. Bouwman, 1912, p. 184; Kruger, 1966, p. 330).

Dit kan gesê word dat diegene wat een of ander beson-

dere diens in die kerk vervul het, tot ondertekening verplig geag is (Schokking, 1902, p. 201).

Die ou gebruik was eenvoudig dat die handtekening onder 'n afdruk van die Belydenis geplaas is. Emden het dus nie 'n formulier of verband gemaak nie, maar het 'n simbool gevind en dit verhef as teken van diegene wat verbind is. Ook waar die Belydenis daarmee en daarna 'n gesag besit het wat juridies te handhaaf was, het dit *Belydenis* gebly, wat sigself nie laat gebruik het as 'n suiwer juridiese akte nie. Dit kon nie beskou word asof dit van die geloofslawe van die belydende kerk losgemaak is nie. Dit kan ook nie gebruik word los van die veronderstelling dat dit die waarheid van God uitspreek nie. Hiermee word egter nie bedoel dat die formuliergesag bloot sedelik is en nie ook juridies nie. Die feit dat die Belydenis die kerklike eenheid uitdruk, mag egter nie verwaarloos word nie (Schokking, 1902, p. 205, 184-185).

Dit was nie toevallig, sê Schokking (1902, p. 185), dat die Belydenis gebruik is as formulier van kerlike eenheid nie, asof 'n ander verklaring net so goed kon dien nie. Intendeel: die kerke was *hierin* een, of *nie*. Die aanvaarding van die Formuliere van Eenheid kan dus nie vergelyk word met die maak van 'n akkoord nie. Die gesag van die Formuliere is nie gehandhaaf op dieselfde wyse as byvoorbeeld 'n notariële akte, waarvan die regter kan uitmaak watter krag dit het nie.

Schokking toon aan hoedat, naas die Nederlandse Geloofsbelijdenis, ook die Heidelbergse Kategismus, die plek van 'n formulier van eenheid gekry het. In die Ondertekeningsformulier van 1618-1619 is ook die Dordtse Leerreëls, naas die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Heidelbergse Kategismus, as uitdrukking van die Gereformeerde Belydenis gestel (1902, p. 185-187; vergelyk H. Bouwman, 1912, p. 184-185; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 269-271; Donner en Van den Hoorn, s.j., p. 941-942).

Die bedoeling met die ondertekening van die Formuliere van Eenheid was dat die kerk 'n waarborg sou hê dat die ampsdraers van harte die regte leer toegedaan was. Sonder hierdie grondslag was daar geen samewerking moontlik nie. Toe dit egter geblyk het dat sommige wat onderteken het, nie hierdie betekenis aan hul handtekening geheg het nie, was dit nodig om duidelik uit te spreek wat die krag van hierdie ondertekening was (naamlik van 'n ondertekeningsformulier, J.V.). (Schokking, 1902, p. 205).

H. Bouwman (1912, p. 187) sê dat die ondertekening van die Belydenis gevra is as waarborg vir die regte uitoefening van die ampswerk. Dit was nodig. Want hoe sal die prediking van die evangelie aan iemand toevertrou word tensy daar 'n waarborg geëis word dat dié taak verrig word in ooreenstemming met dit wat vir die gemeente dierbaar is, naamlik met Gods Woord en die Belydenis van die kerk? Sonder hierdie vaste en onmisbare grondslag is geen opbou van die

gemeente en geen seën te wagte nie (vergelyk Schokking, 1902, p. 209).

In hierdie verband is die standpunt van S. P. Engelbrecht van belang. Hy verskil radikaal van A. Kuyper en, wat hy noem, die Neo-Calvinisme, wat die Belydenis tot 'n "accord van kerkelike gemeenskap" maak. Volgens hom is die konsekwensie hiervan dat die Skrif in die lig van en volgens die Belydenis verklaar word, sodat die Belydenis meer as die Skrif word. Die Belydenis word dan die maatstaf, dit wil sê die kanon, waarmee die Skrif gemeet word. Dit ag hy onjuis. Die Belydenis is die woord van die kerk, wat slegs gespreek word as die Woord van God in die Skrif gehoor is. Die kerk grond sy woord op die Skrif en bevestig dit met die Skrif, want slegs die Skrif is heilig en kanoniek (1943a, p. 7, 9. Vergelyk ook 1943b, p. 7; 1943c, p. 15-16; 1945, p. 9, 24-26, 54, 81-90).

Hierdie beskouing van Engelbrecht berus op 'n skewe verhouding tussen Belydenis en Skrifverklaring. Belydenis wil tog niks anders wees nie as 'n "repetitio Sacrae Scripturae" ('n herhaling van die Heilige Skrif; kyk punt 3.1 van hierdie hoofstuk). Daarmee word slegs gesê: só verstaan ons die Skrif. Dan is dit tog logies dat alle Skrifverklaring daarmee rekening moet hou en daarvolgens moet geskied *totdat bewys is dat die Belydenis nie met die Skrif ooreenstem nie*. As hierdie bewys egter nie gelewer is nie, moet elke prediker en hoogleraar, wat hierdie Belydenis onder-

skryf, die Skrif daarvolgens verklaar. Anders word die (gebreklike) insig van 'n individu *bokant* die gesaghebbende uitspraak van die meerdere kerklike vergadering, wat die Belydenis vasgestel het, geplaas. Die gevolg hiervan is willekeur en chaos en onsekerheid.

Engelbrecht se beswaar teen die gedagte van die Belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap moet gesien word in die lig van sy standpunt oor die *volkskerk*, waarin daar geen ruimte vir die idee van *kerkverband* is nie. "Kerkverband" is vir hom *die kerk*, terwyl die gemeentes takke, afdelings van die kerk is. Hy noem die "Vryekerk-idee" van A. Kuyper "independen-tistiese neigings", waardeur hy die "een groot Volkskerk" in verskillende afsonderlike "complete" kerke wou opsplits met die Belydenis as "akkoord van kerkelijke gemeenskap". S6 sou Kuyper dan die verskeurdheid van die Kerk as iets normaal beskou het (1945, p. 30-39. Kyk ook N.H.K.A., 1979, p. 1, art. II).

Dat Engelbrecht hier verval het in 'n verwarring van *algemene kerk* en *kerkverband* hoef nie nader aangedui te word nie (kyk 2.2 en 2.4 van hoofstuk 5 van hierdie proefskrif).

J. V. Coetzee (1947, p. 31) sê tereg dat as ons praat van die Belydenis as "akkoord van kerklike gemeenskap" ons daarmee sê dat die eenheid van Belydenis die grondslag is waarop alle kerklike korrespondensie, en dus ook alle kerkverband, moet rus. Hiermee word

h historiese feit gekonstateer. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in die verskillende lande leer dat kerkverband gelê is tussen kerke (gemeentes) wat dieselfde Belydenis gehad het. Hierdie kerkverband is aangegaan nadat die eenheid in Belydenis openbaar geword het en op grond van daardie eenheid. (Ter staving hiervan uit die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Frankryk en Nederland, kyk J. V. Coetzee, 1947, p. 31-46).

J. V. Coetzee weerlê Engelbrecht dat die Gereformeerdes, op voetspoor van A. Kuyper, die Belydenis bokant die Skrif sou stel (1943a, p. 12-13; vergelyk 1943b, p. 17-23). Hy stel dit duidelik dat as die Belydenis "akkoord van kerklike gemeenskap" gemaak word, dit *nie* h bewys is dat die Belydenis hoër gestel word as die Skrif en *nie* tot kanon (maatstaf) en reël van geloof en lewe gemaak word nie (1943b, p. 33-46).

Wanneer Engelbrecht beweer dat die woord van die kerk, wat gespreek word nadat die kerk die Woord van God beluister het, nie h gesaghebbende woord is nie (1943a, p. 9), ag J. V. Coetzee dit tereg strydig met I Timotheüs 3:15. Paulus spreek naamlik in hierdie teks van die gemeente (kerk) van die lewende God as h *pilaar en grondslag van die waarheid*. h Kerk sonder h "gesaghebbende" woord (dus: h offisiële belydenis, J.V.) is geen pilaar en grondslag van die waarheid nie (1943b, p. 47, voetnota 13). Vergelyk hier wat in 3.1 van hierdie hoofstuk oor "leer" en

"belydenis" gesê is).

Dit is goed en reg, sê J. V. Coetzee, dat die kerk hom grond op die Heilige Skrif, soos in Art. 1 van die Kerkwet van die N.H.K.A. gesê word. Maar daarmee is nog nie *genoeg* gesê nie. Die vraag is *wat* jy van die Heilige Skrif glo en bely. Alle ketters sal ook van harte saamstem dat die kerk homself slegs op die Heilige Skrif moet grond. Hulle gebruik dan ook die Skrif slegs as 'n "voorwendsel en deksel" vir hulle dwalinge en verwerp die simbole of belydenisse van die kerk. Daarom "het die kerk van Christus dan ook die noodsaaklikheid besef van simbole of geloofsbelydenisse waaraan *afgeleide outoriteit* kleef en waaraan die gemeentes in die kerkverband *secundario* gebonde is." (1943b, p. 50-51). Dit is juis die dwaling van biblisistiese rigtings, alle eeue deur, dat hulle die Belydenis as blote mensewerk verwerp het (1943b, p. 73).

"Die belydenis van die kerk mag nie onder suspisie van valsheid en onsuiverheid en dwaling gestel word nie, met die argument dat dit 'n mensewoord is. Die belydenisskrifte is wel, wat hul vorm en inkleding betref die woord van mense, maar wat hulle substansie of inhoud betref, is daarin saamgevat die leer van die onfeilbare Woord van God." (J. V. Coetzee, 1943b, p. 56).

Ons, Gereformeerdes, sê J. V. Coetzee, handhaaf *die* *vryheid van die eksegeese*. Dit is egter geen vryheid wat bandeloosheid is nie, want die Christelike vry-

heid is iets anders as die vryheid van die revolusie en die ongeloof. Die eksegeese is vry solank dit ten volle gebonde is aan die Skrif as die Woord van God, in die sin waarin die Gereformeerde Kerke daarvan belydenis doen in die Formuliere van Eenheid (1943b, p. 69-70).

Ondertekening van die Belydenis deur 'n ampsdraer het dus slegs dié doel dat die kerk 'n waarborg sou hê dat só 'n ampsdraer by die waarheid van Gods Woord, soos weergegee in die Belydenisskrifte, sal bly.

Dit kom voor asof die eerste ondertekeningsformulier opgestel is in die Klassis Alkmaar, 21 September 1608. Dit is altans die oudste wat dr. H. H. Kuyper kon vind. Alkmaar se verklaring bevat twee punte:

- instemming met die Belydenis;
- 'n belofte om sigself daaraan te hou en dwalinge te verwerp (Schokking, 1902, p. 206).

Die volgende ses onderdele kom voor in die verskillende Ondertekeningsformuliere:

- 'n betuiging dat die leer, in die drie Formuliere vervat, opreg gehou word as in alle dele ooreenkomstig die Heilige Skrif;
- in verband daarmee 'n belofte om die leer naastig voor te staan;

- as daar twyfel ontstaan, sou onderrig gesoek word by die wettige kerklike vergaderings. Eie persoonlike gevoele sal nie dadelik verbrei word nie;
- in geval die leer nie meer in die gemoed toegestem kan word nie (mag God dit verhoed), sou so-iemand homself beskou as "gedepor-teerd" van sy diens in die kerk;
- 'n belofte van bereidwilligheid om aan die kerklike vergaderings sy gevoele desgevraagd nader te verklaar;
- in alle gevalle het die reg van appél bly bestaan.

Die Dordtse Ondertekeningsformulier van 1619 het al ses hierdie punte bevat (Schokking, 1902, p. 206-208. Vergelyk Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 269-270; Donner en Van den Hoorn, s.j., p. 941-942).

Ook die Ondertekeningsformulier vir bedienaars van die Woord, wat in die G.K.S.A. van krag is, bevat hierdie ses elemente. Verskil bestaan slegs daarin dat wanneer bedenkinge teen die leer gekoester word en die aanvaarde, ordelike weg wat in die Ondertekeningsformulier aangedui word, nie gevolg word nie, so-iemand metterdaad getug sal word (G.K.S.A., 1979, p. 82-83).

Ook in die Ondertekeningsformuliere vir ouderlinge

en diakens en proponente kom basies dieselfde elemente voor, met toepaslike aanpassings (G.K.S.A., 1979, .p. 83-84).

Schokking verduidelik dat die stel van strafbepalings onvermydelik geword het toe die nie-onderteken nie langer as 'n blote kwessie van versuim beskou kon word nie. Dit was blykbaar 'n aanduiding dat die weieragtiges 'n ander leer toegedaan was, veral toe hierdie gevalle nie meer 'n bloot *negatiewe* karakter vertoon het nie, maar 'n *positiewe*. In 1586 het die Sinode van 's Gravenhage besluit dat diegene wat bly weier het om te onderteken, uit hul ampte afgesit sou word. Dit het egter slegs predikante betref (1902, p. 212-213; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 204-205; Hooijer, 1865, p. 260; Janssen, 1963, p. 12. Kursivering oorspronklik, J.V.).

As iemand dit nie met sy gewete kon rym om instemming te betuig met die belydenis en leer van die Gereformeerde Kerk nie, het dit vir sy rekening gebly. Maar dan kon die Gereformeerde Kerk dit nie met sy gewete rym om so-iemand as sy leraar te erken nie. *Skorsing* in die diens is dan nie voldoende geag nie, maar *afsetting* uit die diens moes volg. In 1619 het dit met baie gebeur (Schokking, 1902, p. 298-299. Kursivering oorspronklik, J.V.).

Wanneer daar 'n *bepaalde vermoede* bestaan het dat iemand dwalinge gekoester het of nuwighede voorgestaan het, is daar groter waaksaamheid betrag. Vóór alles was dit nodig dat die kerklike vergadering noukeurig

op hoogte kom van die afwyking. Daartoe is getrag om 'n onbewimpelde verklaring van die betrokke persoon te kry, veral wanneer skriftelike getuienisse, uit boeke, ontbreek het. 'n Middel wat nie ongewoon was nie, was die oplê van 'n "propositie" (n preekvoorstelling). In die Partikuliere Sinode te 's Gravenhage in 1591 is aan meer as een persoon opgedra om 'n "propositie" te hou, onder andere aan Petrus Wassius, toe predikant te Homade. Hy het beskuldig gestaan van dronkenskap en vergryp teen die kerklike orde, maar ook dat hy "ongegrond" was in die leer. Hy is vermaan om 'n preek te hou, waarna sekere opmerkings gemaak is. Oor die ander punte is hy bestraf, maar omdat hy ernstige beterskap beloof het, is sy skorsing voorlopig nog uitgestel (Schokking, 1902, p. 274-275. Vergelyk H. Bouwman, 1928, p. 510-517).

Dat die kerklike vergaderings hulleself wou vergewis omtrent die gevoelens van die leraars, hoef nie as 'n belediging beskou te word nie. Dit was 'n uitbreiding van wat by die ondertekening veronderstel is. Sô het die Gereformeerde Kerk reeds by suspisie van onsuiverheid voorkomend opgetree. Klagtes teen leraars is aan 'n volledige ondersoek onderwerp. As 'n klag gegrond was, moes die kerklike vergadering daarvoor oordeel soos oor 'n gewone aanklag. Dit lê dan nie meer op die terrein van die kerklike voorsorgmaatreëls nie, maar op die terrein van die kerklike tug deur offisiële regspraak (Schokking, 1902, p. 275-278).

Van Ruler is beslis ten gunste van leertug, juis vanweë die apostolaat van die kerk (1947a, p. 62-63; 1972, p. 139-143). Met die oog daarop waarsku hy egter teen die reformatoriese gevaar van 'n té swaar aksent op die betekenis van die leer in die kerkwees (1947a, p. 64). Van Ruler is dan ook gladnie ten gunste van 'n ondertekening van die geskrewe Belydenis nie (aangehaal deur Hendriks, 1977, p. 136). Hy ag dit 'n "denaturering" van die wese van 'n belydenisskrif wanneer dit as 'n wet en 'n statuut gaan funksioneer en juridiese geldigheid kry (s.j., p. 29). Die leertug sal nie sektaries bedien moet word nie, maar apostolies (1972, p. 150).

Van Ruler sê onder andere dat, as die kerk tot leertug oorgaan, hy tot die uiterste moet oppas vir al die partydige, sektariese, eensydige en bekrompene. "In alles wat een mens zegt, zit altijd wel een waarheidselement. Dat geldt ook van de ketters." (1972, p. 150).

Hierdie stelling van Van Ruler, wat voortvloei uit sy afkerigheid van binding aan die Belydenis, moet kategoriees verwerp word. Hiervolgens sal daar slegs in die alleruiterste gevalle (dalk) iets van leertug teregkom!

Van Ruler meen dat die leertug 'n vraagstuk is. Die herstel van die eenheid van die kerk is daarmee gemeid. Daar moet in die kerk ruimte wees vir die eksperiment. 'n Gesprek oor die waarheid is nie moontlik met 'n stok agter die deur nie (1972, p. 137,

143, 144-146).

Hierop moet egter geantwoord word dat daar in die kerk nie met die waarheid en die suiwere leer geëksperimenteer word nie. In die kerk word *geglo* en *bely* en *gehoorsaam*, op grond van Gods Woord, soos vertolk in die Belydenisskrifte. Die kerk is immers "n pilaar en grondslag van die waarheid" (I Timōtheüs 3:15). Die kerk is dus die *vaste grond* waarop die waarheid rus, en nie 'n "laboratorium" waar met die waarheid geëksperimenteer word nie. As daar in die kerk met die waarheid geëksperimenteer moet word, kom alles op los skroewe te staan. Dan kan daar geen sprake wees van 'n betroubare, geloofwaardige woord volgens die leer, waaraan 'n ampsdraer moet vashou nie (Titus 1:9). As elke individu in die kerk met die leer moet eksperimenteer, sal dit lei tot ongekennde chaos en onsekerheid, wat oplaas *moet* uitloop op totale ongeloof!

Van Ruler vra ook hierdie belangrike vraag: hoe sal die moderne wêreld reageer wanneer die volkskerk tug gaan oefen? Is die kerk vandag katoliek en geestelik genoeg om die leertug uit te oefen? (1972, p. 144, 150).

Inderdaad *kan* die volkskerk geen tug, ook geen leertug, uitoefen sonder om sy wese en aard as *volkskerk* in te boet nie. Want die sonde van die volkskerk is juis dat hy die wêreld in die kerk inbring en die grens tussen kerk en volk vernietig!

Binding aan die Belydenis, met juridiese krag, is vir die voortbestaan van die ware kerk in hierdie leuenagtige wêreld van kardinale belang. Dit is deel van die totale stryd tussen die God van waarheid en die vader van die leuen, Satan. Daarom het Jesus ook so hartstogtelik vir sy kinders tot sy Vader gebid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid." (Johannes 17:17).

Daardie kerk, wat die Woord van God, die Woord van die waarheid, en die suiwere leer losgelaat het, kan geen kerk meer wees in die skriftuurlike sin van die woord nie. Dit kan miskien nog bly voortbestaan as 'n "godsdienslike" organisasie maar dit kan geen openbaring van die liggaam van Christus wees nie. Want Hy is die weg en die *waarheid* en die lewe (Johannes 14:6).

Dit maak suiwere leer en Belydenis, Belydenisbinding en leertug vir die voortbestaan van die ware kerk so belangrik.

Die binding aan die Belydenis is vir die Gereformeerde Kerke egter nie absoluut nie. Die Belydenis word nie onfeilbaar geag nie. Die Gereformeerdes wil nie 'n dooie, verstarde, onbeweeglike leer hê waaraan niemand mag roer nie. Inteendeel wil hulle 'n lewende waarheid hê, en teweens 'n gemeente wat leef uit die waarheid en wie se lewe instem met die Belydenis van die kerk. Daarom het hulle steeds met betrekking tot die leertug 'n sekere ruimte gelaat. Drieërlei

moes hiervoor dien: die reg om *beswaarskrifte* in te dien, die *vryheid van profesie* (die "libertas prophe-tandi") en die *verdraagsaamheid* (die sogenaamde "toleransie").

3.2.1 Beswaarskrifte

Soos reeds in 3.2 hierbo aangetoon is, verbind alle ampsdraers en proponente in die G.K.S.A. hulleself in die verskillende Ondertekeningsformuliere daartoe om die leer, wat in die drie Formuliere van Eenheid vervat is, te handhaaf en te verdedig omdat dit in alles met Gods Woord ooreenkom.

Indien daar in een of ander opsig bedenkinge teen die leer ontstaan, sal daardie bedenkinge hoegenaamd nie, op watter wyse ook al, bekend gemaak, geleer of verdedig word nie. Dit sal op die ordelike wyse onder die aandag van die verskillende kerklike vergaderings gebring word.

In die binding aan die Belydenis word daar dus geen willekeur toegelaat nie. Indien daar twyfel oor die leer ontstaan, word die Belydenis nie maar tersyde gestel nie. Elke individuele ampsdraer het ook nie die bevoegdheid om self finaal oor een of meer punte van die leer te besluit nie. Dit is, kragtens kerkverband en binding aan die Belydenis, die uitsluitlike bevoegdheid van die betrokke meerdere vergadering.

Indien 'n ampsdraer dus oor een of ander punt van die

leer bedenkings het, moet hy op die kerklike weg, "aangedui in art. 36 K.O.", 'n beswaarskrif voor die algemene sinode lê (A. J. du Plessis, 1979, p. 556, art. 153, 2.2.3.9).

H. Bouwman (1912, p. 188) wys daarop dat die Gereformeerdes nie twyfel oor die leer wou onderdruk nie. Dit word goed geag dat iemand, wat beswaard voel oor een en ander in verband met die leer, dit meedeel en die oordeel van die kerke hieroor vra. Van die begin af het die Gereformeerdes die reg om beswaarskrifte in te dien, erken. Hierdie reg is vir die kerklike lewe en vir die persoonlike vryheid van betekenis. Dié een wat besware het, kan dalk reg wees. Die mededeling van sy gevoelens kan strek tot verryking van die gedagte, terwyl by nie-mededeling die kerk verstoke sou wees van die beter insig wat God aan so iemand gegee het. As sy gevoele egter onjuis is, kan hy beter onderrig word en bevry word van sy besware. Sô kan die moeilikheid in die kerklike lewe voorkom word. Die optrede van die Remonstrantse predikers Herberts, Coolhaes, Coornhert en andere, naamlik om hulle afwykende gevoelens te publiseer sonder om meerdere onderrig aan te neem, moet afgekeur word. Sô word immers die hele lewe van die kerk in beroering gebring.

Die Belydenis is immers nie gelyk aan die Skrif en het hoegenaamd nie dieselfde gesag as die Skrif nie. Slegs die *Skrif* het absolute goddelike gesag. Die Belydenis het slegs *kerklike* gesag. Daarom word die *Belydenis* aan die *Skrif* getoets en nie andersom

nie. Vandaar die absolute noodsaaklikheid dat die weg van beswaar teen een of ander punt van die Belydenis steeds oop gehou moet word. (Vergelyk hier Van Dellen en Monsma, 1954, p. 223-224).

3.2.2 Die vryheid van profesie

In die tweede plek erken die Gereformeerdes altyd die vryheid van profesie (die "libertas prophetandi").

Die oorsaak waarom hierdie vryheid toegestaan word, is dat ons kennis op aarde slegs ten dele is en dat ons soveel moontlik die eenheid van die kerk moet bewaar (H. Bouwman, 1912, p. 189).

Nadruk moet egter daarop gelê word dat die eenheid van die kerk nooit ten koste van die waarheid nagestreef moet word nie. Daar kan geen sprake wees van ware kerklike eenheid wat nie op die waarheid van die Heilige Skrif gebou is nie. Sô'n "eenheid" is oppervlakkig en uitwendig en kan op die lang duur nie bly voortbestaan nie. In die nastrewing van kerklike eenheid moet altyd rekening gehou word met die feit dat Jesus Christus, wat die weg en *die waarheid* en die lewe is (Johannes 14:6), ook die groot teenstelling en verdeeldheid op aarde gebring het (vergelyk Lukas 2:34; 12:51).

Hierdie vryheid het betrekking op die uitlegging van die Skrif, veral van profesieë wat nog onvervuld is, en verder kronologiese, topografiese, argitektoniese, genealogiese en filologies-teologiese kwessies

(H. Bouwman, 1912, p. 189).

Schokking (1902) wys daarop dat die vryheid van profesie nie beteken dat daar aan die vastheid van die belede leer getorring kan word nie. Inteendeel gaan dit in die vryheid van profesie juis om dié "terrein" waarop daar geen beslissings geneem is nie en wat daarom buite die Belydenisskrifte lê (p. 252).

Tereg beklemtoon H. Bouwman dit dat die vryheid van profesie nie gebruik mag word by fundamentele tekste waaroor die kerk hom beslis uitgespreek het nie. Mits hierdie vryheid nie misbruik word nie, hom steeds hou aan die reël van die geloof en steeds dienskneg van God wil bly, is dit 'n onvervreembare element vir 'n regte gereformeerde kerklike lewe. Sō kan dit ook dien om die organiese eenheid van die gemeente te versterk. Diegene wat egter hul valse leer verbrei, die waarheid teëspreek en laster, mag nie geduld word nie. Die vryheid van profesie mag nie ontaard in onbeperkte leesvryheid nie (1912, p. 190).

3.2.3 Die verdraagsaamheid

In die derde plek vind die leertug by die Gereformeerdes 'n grens in die verdraagsaamheid (die sogenaamde "toleransie"). Die vryheid van profesie het betrekking op 'n gebied waaromtrent daar geen uitspraak in die Belydenis is nie. Die verdraagsaamheid is egter beskou as 'n middel om die eenheid in die kerklike

lewe te bevorder, deurdat die swakkeres en dwalendes tegemoet gekom word. Dit is nie 'n kwessie van beginselloosheid, dat daar ter wille van die vrede maar toegegee word nie. Ook is dit nie 'n kwessie dat 'n mens allerlei gevoelens waardeer omdat jy self nie oortuig is van die waarheid van die Gereformeerde Belydenis nie. Die verdraagsaamheid bedoel eenvoudig om rekening te hou met die moontlikheid dat iemand, deur gebrek aan insig, deur invloed van buite of deur vooringenomenheid besware het teen een of meer stukke van die leer ... nie as gevolg van libertynse losheid nie, maar in alle opregtheid. Verdraagsaamheid veronderstel iets abnormaals, iets wat nie dadelik verbeter kan word nie, wat wel gedra en tydelik geduld kan word, maar nie goedgekeur en gehandhaaf kan word nie (H. Bouwman, 1912, p. 190-192).

Die verdraagsaamheid is geen wig om die kerklike muur te laat splyt nie. Eerder is dit 'n middel om die eenheid te bevorder, deurdat die sterker en besliste belyders die swakkeres daarmee te hulp kon kom. Dit is 'n tydelike tegemoetkoming van diegene wie se insig op sommige punte nog gebrekkig is (Schokking, 1902, p. 252).

H. Bouwman (1912, p. 192-193) merk op dat in 'n "amp-telose" lidmaat van die gemeente meer geduld kan word as in 'n voorganger van die gemeente. (Vergelyk hier byvoorbeeld die *besondere* vereistes wat in die Skrif aan die ampsdraers gestel word: Handeling 6:3; I Timotheüs 3:2-4, 8-9, 12; 4:12, 16; 6:11;

II Timótheüs 2:22; Titus 1:5-9, J.V.). Dit maak ook 'n groot verskil of iemand uit gebrek aan insig of uit onkunde dwaal en of hy hardnekkig bly vashou aan 'n dwaling. Dit maak ook nog verskil of die dwaling gaan omtrent een van die belangrike grondslae van die leer van die saligheid en wel of dit gaan om 'n punt wat minder diep ingryp. Die redes waarom die Gereformeerdes by 'n "gewone" lidmaat meer geduld het as by 'n leraar, is daarin geleë dat onkunde by leraars nie verontskuldig kan word nie en ook omdat afwyking by 'n leraar, wat 'n verkondiger en handhawer van die leer moet wees, 'n verderflike invloed kan hê. (Vergelyk hier ook Schokking, 1902, p. 258).

Die Gereformeerdes wou dus steeds die leer van die kerk, wat op die Skrif gesteun het, handhaaf. Hulle wou egter ook nie aan die persoonlike vryheid te kort doen nie (H. Bouwman, 1912, p. 195).

Schokking (1902, p. 257-258) wys op die geval van Coolhaes as 'n goeie voorbeeld van die verdraagsaamheid (kyk 5.1 van hierdie hoofstuk vir besonderhede).

Die kerk het wel onderskeid gemaak in die stukke van die leer. Calvyn (1949, Derde Deel, p. 21-22) het gesê dat die hoofstukke van die ware leer nie almal van "één gestalte" is nie. Sommige is so noodsaaklik om te weet, dat dit by almal ontwyfelbaar vas moet staan as leerstukke, wat eie is aan die godsdiens. Hy noem as voorbeeld die leerstukke dat daar één God is, dat Christus God en die Seun van God is,

dat ons saligheid geleë is in Gods barmhartigheid, ensomeer. Daar is egter ander, waaroor tussen die kerke verskil bestaan, maar wat tog nie die eenheid van die geloof verskeur nie. Calvyn sê egter uitdruklik dat sy bedoeling nie is om selfs maar die allergeringste dwaling in beskerming te neem nie. Hy bedoel slegs dat ons nie ligvaardig, vanweë die een of ander klein verskil, die kerk moet verlaat wanneer die gesonde leer daarin nog ongeskonde gehou word nie.

In sake wat nie die grondslae van die leer raak nie, kan groot vryheid toegelaat word. In die hoofsaake van die leer mag die kerk egter die afwyking en bestryding van die waarheid nie duld nie (H. Bouwman, 1912, p. 196).

Die kerk moet in sy oordeel altyd versigtig wees en die plaaslike kerk moet altyd handel in verband met die advies van die meerdere vergaderings en bedink dat wat hy doen, sy bevestiging in die hemel moet ontvang. Die verdraagsaamheid wil dus nie sê dat 'n mens dwalendes in die kerk ongemoeid laat nie. Inteendeel. Die kerk mag nie nalaat om hulle te bearbei nie, deur ernstig en broederlik te vermaan, terwyl dit ook kan gebeur dat dit nodig word om tug toe te pas (H. Bouwman, 1912, p. 197-198).

Die reg om beswaarskrifte in te dien, die vryheid van profesie en die verdraagsaamheid word deur die Gereformeerdes dus nie gehandhaaf om die suiwere leer

en die belydenis tersyde te stel of te ignoreer, om dwaalleer te sanksioneer, om die eenheid van die kerk ten koste van die waarheid te probeer handhaaf of om die leertug onaktief te maak nie. Dit is inteen-deel daarop gemik om die vryheid van gewete te respek-teer, om met die swakheid van die mens rekening te hou en om te voorkom dat daar in minder belangrike punte van die leer 'n ketterjag op tou gesit sal word tot oneer van God en tot skade van die kerk.

Die binding aan die Belydenis is en bly vir die ware kerk 'n saak van lewensbelangrike en onmisbare nood-saaklikheid.

4. TOELATING TOT DIE BEDIENING VAN DIE WOORD

Die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis, asook die onmisbaarheid van binding aan die Belydenis vir die voortbestaan van die ware kerk, het noodsaak-likewys ook implikasies vir die toelating tot die bediening van die Woord.

Wat tot dusver gesê is, maak dit reeds duidelik dat daar streng toesig en keuring moet wees by die toela-ting tot die bediening van die Woord.

In art. 3 K.O. word reeds bepaal dat dit vir niemand geoorloof sal wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie.

Die wettige beroeping en toelating "van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie" en wat reeds voorbereidend ("preparatoir") geëksamineer is, word dan in art. 4 K.O. gereël.

Van der Linde (1977/8, Deel I) wys op die opmerklike van die negatiewe of verbiedende formulering van art. 3 K.O.. Dit kan toegeskryf word, sê hy, aan die wanpraktyke wat geheers het gedurende die 16e eeu toe die kerke van die reformasie nog nie behoorlik georganiseer was nie. Daar was monnike, gewese priesters sowel as persone wat die Woord wou verkondig, sommige ook met die oog op wins. Daarbenewens het uit die Anabaptistiese kringe die sogenaamde Charismatiese persone, wat net aan 'n inwendige verligting deur die Heilige Gees waarde geheg het, hulleself voorgedoen as boodskappers van die Here. Die persone het van plek tot plek gegaan en oral, waar hulle mense byeen kon kry, gepreek op grond van 'n *eie reg*. Hulle is *lopers* genoem. Hulle was ook aan niemand verantwoording verskuldig nie. Op dié manier het die suiwerheid van die leer ook in gedrang gekom (p. 10; kursivering oorspronklik, J.V. Vergelyk hier ook H. Bouwman, 1928, p. 366-367; Jansen, 1952, p. 16; Van Dellen en Monsma, 1954, p. 18; H. L. M. du Plessis, 1966, p. 51).

Van der Linde wys dan op die verskynsel dat daar vandag in Gereformeerde kringe nog "probleme" bestaan met "lopers", net op 'n ander manier. Dit is persone wat die diens van die Woord gehad het, maar dit ingesluit het vir 'n ander en tog nog rondgaan om, waar

hulle nie wettig mag preek nie, sogenaamd leesdienste te hou. Daar word dan geredeneer dat diegene so begaafd en geleerd is en "soveel beter" as predikante kan preek dat dit net tot skade van die kerke is as hulle belet word om te preek. By hierdie verskynsel kom ook die moderne vraag na vore: op watter gronde kan 'n begaafde lidmaat nie toegelaat word om die Woord by geleentheid te bedien nie? Dit is tog immers die Heilige Gees wat die boodskap en die drang om dit deur te gee, in die hart lê. En die Heilige Gees is aan die kerk gegee en nie net aan 'n paar nie (1977/8, Deel I, p. 10).

Die antwoord hierop is in art. 3 K.O. Dit gaan nie eerstens om geleerdheid, gewildheid of uiterlike begaafdheid nie. Dit gaan in die dienste, ook die diens van die Woord, in die eerste en laaste plek om die roeping. Die Ou-Testamentiese profete en die Nuwe-Testamentiese apostels stel elke keer hulle roeping tot die amp op die voorgrond. Vandaar dat die Gereformeerde Kerke in art. 3 K.O. die roeping as absolute voorwaarde, ook vir die diens van die Woord, stel (vergelyk Matthëüs 4:19; 28:18-20; Johannes 20:21; Romeine 10:13-15; II Korintheërs 2:14-17; 5:19-20; Hebreërs 5:4). Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 31, stel die eis ook kernagtig: "So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd af wag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuigenis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom." (Van der

Linde, 1977/8, Deel I, p. 11; vergelyk Jansen, 1952, p. 17-18; Van Dellen en Monsma, 1954, p. 18-20; H. L. M. du Plessis, 1966, p. 52-53. Vir die bespreking van die *inwendige* en *uitwendige* roeping, kyk hoofstuk 2, punt 5.2).

Verder moet ook in gedagte gehou word dat daar vir elke afsonderlike diens 'n afsonderlike roeping is. Die roeping tot die een diens gee nie die reg tot die uitoefening van 'n ander diens nie. Al is die ampte gelyk, is hulle tog van mekaar onderskeie. Dit bly verskillende opdragte wat uitgevoer word (Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 12-13; kyk ook H. Bouwman, 1928, p. 370-372; Jansen, 1952, p. 18-19).

Art. 3 K.O. praat egter van *beroeping en toelating*. Volgens art. 4 K.O., bestaan hierdie *beroeping en toelating* (ná die suksesvolle aflegging van die voorbereidende eksamen) uit die volgende:

- die verkiesing deur die kerkraad en die diakens;
- die ondersoek na die leer en lewe van die beroepene deur die aangewese meerdere vergadering;
- die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk;
- die openlike bevestiging voor die gemeente.

In hierdie *toelating* tot die diens van die Woord neem

die ondersoek na leer en lewe 'n baie belangrike plek in (kyk 3.1 van hierdie hoofstuk).

Vir die doel van hierdie afdeling is dit genoeg om te sê dat toelating om die Woord van God in 'n Gereformeerde Kerk te bedien, nie mag plaasvind voordat daar bevredigende bewys gelewer is van suiwerheid in die leer en vroomheid van die lewenswandel nie. Dit word vasgestel deur die aangewese meerdere vergadering. Wanneer *dit* vasgestel is, volg die ander prosedures totdat so 'n persoon as bedienaar van die Woord bevestig is.

Die Sinodes van die G.K.S.A. van 1967 en 1979 het ook nog besluit dat persone wat elders gestudeer het, dit wil sê nie aan die Teologiese Skool te Potchefstroom nie, en wat begeer om by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in die diens van die Woord te tree, hulle eers tot die Teologiese Skool moet wend. Daar word dan op die vasgestelde wyse bepaal of die voornemende kandidaat 'n sertifikaat van aflegging van die kandidaatseksamen kan ontvang, soos dit vereis word vir die Voorbereidende Eksamen (J. J. van der Walt, 1967, p. 52; Helberg, 1979, p. 133).

In hierdie lig moet ook art. 9 K.O. beoordeel word. Daarin word gereël dat predikers wat uit ander kerke (lees: kerke nie van dieselfde kerkverband nie) of een of ander sekte aansluit, nie tot die kerkdiens (lees: diens van die Woord) toegelaat sal kan word nie, behalwe met groot versigtigheid, en dit eers

nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.

Oorspronklik was hierdie artikel gemik op persone wat uit die pousdom of van die Wederdopers na 'n reformatoriese kerk oorgekom het (H. Bouwman, 1928, p. 439; Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 16, by art 9; Jansen, 1952, p. 45).

In art. 9 word dus erken dat iemand wat in 'n vervalte of dwalende kerk 'n bedienaar van die Woord was tydens 'n reformasie van die kerk, wel die roeping kan hê en kan voortsit in die ware kerk, maar dan met groot versigtigheid en eers ná 'n behoorlike proeftyd (Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 16, by art. 9).

Van der Linde maak tereg die belangrike opmerking dat art. 9 K.O. deesdae meer en meer betekenis kry, omdat die kerk- en ampsbegrip so langamerhand begin ver-vaag en daarmee verdwyn die versigtigheid. Nuwelinge wat deur hulle persoonlike erns aanvanklik 'n goeie indruk maak, kan vandag maklik só 'n plek kry in die kerk. As die versigtigheid nie betrag word nie, kan dit tot groot skade geskied. Dit kan gebeur - soos wel in die teenoorgestelde rigting die laaste jare gebeur het - dat 'n afgesette predikant met groot emosie 'n voorgegewe verontregting elders voorhou en homself as onskuldig voordoen en dan nou eers sien waar die ware kerk is. Persoonlike griewe, 'n bedekte ontvlugting van die tug of ander wêreldse motiewe kan agter 'n baie vroom masker weggesteek word (1977/8, Deel I, p. 17-18, by art. 9; waarskynlik het Van der Linde hier voormalige Gereformeerde predikante op die oog wat ná skorsing en/of afsetting in 'n kerk in 'n

ander kerkverband toegelaat word tot die diens van die Woord, J. V.).

Waaksaamheid betaam die opsieners, veral waar dit om die bediening van die Woord gaan.

Kanselruil tussen predikante van kerke, wat nie in kerkverband met mekaar leef nie, is dus uitgesluit (Van der Linde, 1977/8, Deel I, p. 18, by art. 9).

Hierdie laaste opmerking van Van der Linde is van die uiterste belang, veral ten opsigte van die toepassing van leertug.

'n Predikant, wat in 'n plaaslike kerk die Woord bedien, staan tydens so 'n erediens onder die toesig van daardie plaaslike kerk se kerkraad. Indien hy dwaalleer sou verkondig, is dit die plig van daardie betrokke kerkraad om die saak onder die aandag van die kerkraad van die gemeente, waar so 'n predikant ampsdraer en lidmaat is, te bring met die oog op dissiplinêre optrede. Dit kan egter slegs sinvol gedoen word as daardie twee kerke in dieselfde kerkverband aan mekaar verbonde is. Want slegs in so 'n geval is daar eenheid in belydenis, belydenisvertolking en belydenisbinding, eenheid in liturgie en eenheid in kerkregering, insluitende tugprosedure.

Kanselruil in bogenoemde sin stel die gemeente van Jesus Christus bloot aan die gevaar dat valse leerstellings in sy midde verkondig kan word, *sonder dat die ouderling effektief daarteen kan optree*. Prakties maak dit artt. 3, 4, 23, 44 en 79 K.O. in meer-

dere of mindere mate kragteloos.

'n Kerkraad wat so 'n kanselruil toelaat, moet homself ernstig afvra of hy nie die risiko loop om prakties ontrou te word aan sy roeping en opdrag nie. Want hy laat toe dat Gods Woord amptelik in die gemeente verkondig word deur iemand wat nie amptelik toegelaat is nie.

Maar art. 9 K.O. het ook effek na die ander kant toe. Die "toelating" waarvan in artt. 3 en 4 melding gemaak word, impliseer duidelik toelating tot die diens van die Woord in 'n *Gereformeerde* Kerk. Selfs al sou 'n predikant dus uitgenooi word om by geleentheid die Woord in een of ander N.G.- of N.H.-kerk te bedien, het hy, streng-gesproke, nie die reg daartoe nie, omdat hy nie amptelik daartoe toegelaat is kragtens artt. 3 en 4 K.O. nie.

In hierdie opsig kom ook art. 6 K.O. in gedrang: "Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of in gestigte of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar nie ..." (kursivering van my, J.V.). Indien 'n predikant, al is dit slegs vir een erediens, "diens van die Woord aanvaar" in 'n plaaslike kerk buite die kerkverband, stel hy hom vir die duur van daardie erediens onder die gesag van 'n kerkraad wie se leer, liturgie en kerkregering hy nie amptelik onderskryf het nie ... 'n probleem wat nie opduik wanneer hy in 'n plaaslike kerk in *dieselfde kerkverband* sou optree nie. Die ernstige vraag kom na

vore of 'n kerkraad aan sy predikant daartoe verlof mag verleen.

Die nougesette waaksaamheid ten opsigte van die suiwerheid van leer by die toelating tot die diens van die Woord, is baie belangrik as 'n voorkomende maatreeël in die proses van die toepassing van leertug. Voorkoming is ook in hierdie opsig beter as genesing.

Per slot van rekening gaan dit in 'n baie belangrike mate ook in die toelating tot die diens van die Woord om die handhawing van die suiwere leer en Belydenis, tot eer van God en tot heil van die gemeentes.

5. BESPREKING VAN VERSKILLENDE GEVALLE

In hierdie afdeling sal gevalle bespreek word wat reeds gedeeltelik in vorige hoofstukke beoordeel is. Om herhaling te voorkom, sal hier slegs aandag gegee word aan die aangeleenthede wat in hierdie hoofstuk tuishoort. Vir agtergrond en verdere besonderhede word in elke geval verwys na die toepaslike afdelings- en onderafdelings in vorige hoofstukke.

5.1 Coolhaes (kyk hoofstuk 6, punte 8 en 11.1)

Die onsuivere leer wat Coolhaes in sy boeke verkondig het, het groot opspraak en erge nadelige gevolge veroorsaak. Die Sinode van Middelburg, 1581, besluit dan ook dat Coolhaes geëkskommuniseer moet word.

Op 25 Maart 1582 word Coolhaes te Haarlem uit sy amp afgesit en geëkskommuniseer. Die Kerk van Leiden, waar Coolhaes predikant was, wou hom by hierdie beslissing nie neerlê nie. Hy maak daarteen beswaar by die Sinode van 's Gravenhage, 1586. In hierdie Sinode dring Coolhaes daarop aan dat sy boeke geïnterpreteer moet word volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, uitgesonderd die punt van die verwerping in art. 16, waarteen hy beswaar gehad het.

In verband met die verskil oor die 16e artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis besluit die Sinode van 's Gravenhage dat Coolhaes moet erken dat almal wat salig word, slegs uit louter genade van God salig word en nie deur eie verdienste, waardigheid of heiligheid nie. Hulle wat verlore gaan, gaan weens hul eie skuld verlore en God is nie die oorsaak daarvan nie. As Coolhaes dit sê erken, sal hy weer as lidmaat van die kerk ontvang word. In dié dinge wat hy nie genoeg verstaan nie, sal hy verdra word, mits hy swyg en nie sy leringe versprei nie. Op 25 Julie 1586 het Coolhaes, hoewel hy daaroor bedenkinge gehad het, die besluit van die Sinode aanvaar en onderteken (Rutgers, 1889, p. 559-562; Schokking, 1902, p. 257-258).

Coolhaes is dus weer as lidmaat opgeneem, maar nie weer tot die diens van die Woord toegelaat nie. Op hierdie punt is besluit dat Coolhaes vir ses maande die teologiese klasse aan die universiteit sou volg. As hy dan 'n beroep kry, kon hy, soos enige ander kan-

didaat, ná eksaminering weer tot die amp toegelaat word (M. Bouwman, 1937, p. 392-393).

Coolhaes se beswaar teen die verwerping wat in art. 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis geleer word, is dus deur die Sinode van 's Gravenhage verdra, sodat hy weer lidmaat van die kerk kon word, maar nie predikant nie. Dit is 'n goeie voorbeeld van die *verdraagsaamheid*, wat in punt 3.2.3 van hierdie hoofstuk bespreek is (kyk H. Bouwman, 1912, p. 192; Hooijer, 1865, p. 260-261; Schokking, 1902, p. 213, 257-258).

Hier moet nog opgemerk word dat die Kerk van Leiden in sy beswaar by die Sinode van 's Gravenhage onder andere betoog het dat waar 'n predikant verdink word van onsuiverheid in die leer, die weg van Matthëüs 18 eers gevolg moet word. Die deputate van die Sinode van Haarlem wys in hul verweer egter daarop dat die reël van Matthëüs 18 nie in die geval van Coolhaes van toepassing was nie, aangesien sy sonde nie geheim was nie, maar openbaar (M. Bouwman, 1937, p. 394-395).

Ook Schokking (1902, p. 300) beweer tereg dat die onderskeid van geheime en openbare sondes by die leer netso goed opgaan as by die lewenswandel. (Vergelyk ook art. 79 K.O.: "As ampsdraers 'n *openbare* growwe sonde bedryf ...". Eie kursivering, J.V.).

Afgesien van 'n paar bedenkinge in verband met die tugprosedure teen Coolhaes, wat in die vorige hoofstuk

geopper is, moet dit in die betrokke meerdere kerklike vergaderings waardeur word dat hulle, ondanks die teenstand van die Kerk van Leiden, nie gehuiwer het om die leertug toe te pas nie. Deur daardie bestryding van die dwaalleer is die eer van God, die suiwerheid van die kerk, die reinheid van die bediening en, soos met reg gehoop kan word, die behoud van die sondaar gedien.

5.2 Die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en
daarna (kyk hoofstuk 6, punt 11.2)

In sy 138e sitting besluit die Sinode van Dordrecht op 24 April 1619 dat die kerkdienaars, wat die party-skappe in die kerk gestig en dwalinge verkondig het, skuldig is aan vervalsing van die godsdiens, skeuring van die eenheid van die kerk en aan veroorsaking van baie swaar ergernisse. Daarom verbied die Sinode die persone wat voor hom gedaag is, alle kerklike dienste, sit hulle uit hulle ampte af en verklaar ook dat hulle onwaardig is vir die akademiese bedienings, totdat hulle tot bekering kom en daarvan voldoende bewys lewer.

Maar die ander (Remonstrante) word verwys na die Provinsiale Sinodes, Klassisse en Kerkrade, wat nou-geset moet sorg dat die kerk geen skade ly nie en ook nie in die toekoms iets te vrees het nie. Hulle moet diegene wat hierdie dwalinge aanhang, reg onderskei. Die hardnekkiges en "aanrichters van rotterijen en beroerten" moet dadelik uit hul dienste in die kerke en skole afgesit word (Donner en Van den Hoorn,

s.j., p. 285).

Die Partikuliere Sinode van Leiden, 1619, het geoordeel dat daar ter wille van die vrede van die kerke en die behoud van die gesonde leer 'n groot onderskeid gemaak moet word tussen die hardnekkiges en die "geseglikes". Die hardnekkige leraars sal volgens die besluit van die Sinode dadelik uit hul dienste afgesit word. Nadat die trappe van vermanings teenoor hulle waargeneem is, sal hulle geëkskommuniseer word. Wat dié leraars betref wat hulleself "geseglik" betoon, hulle sal, met herroeping van wat hulle vroeër teen die ware leer gespreek en geskryf het, ná 'n tyd van twee jaar weer toegelaat kan word tot die kerkdiens. Maar om die kerk nie verder te verontrus nie, moet hulle nie te haastig aangeneem word nie. Hulle moet ook nie toegelaat word sonder goedkeuring van die deputate van die Sinode nie. Hulle moet ook nie toegelaat word om te dien in die kerke wat hulle vroeër verontrus het nie. Hulle wat min aanstoot gegee het, kan reeds na 'n jaar weer beroep word (H. Bouwman, 1912, p. 193).

Volgens Schokking (1902, p. 299-300) het die deputate van die Provinsiale Sinodes die Klassisse byeen geroep, waar aan alle aanwesiges die formulier van onvoorwaardelike instemming met die Dordtse Leerreëls voorgelê is. Hulle wat geweier het om dit te onderteken, is dan onmiddellik geskors. Daarna is die Provinsiale Sinodes saamgegroepeer, waar die deputate verslag van hul bevinding gedoen het en die geskorste Remonstrante, wat bly volhard het, hul eindvonnis

gekry het.

Meer as 200 het hul amp verloor, van wie ongeveer 80 'n politieke banvonniss gekry het. Byna 70 het die akte van stilstand geteken. Dit is 'n politieke stuk, waarin die remonstrantse leraars, wat die Dordtse leerreëls nie kon aanvaar nie, beloof het dat hulle nie sal preek nie, maar as gewone burgers sal leef. Hulle het ook in die kerklike gemeenskap gebly, hoewel die toegang tot die nagmaal nie dadelik toegelaat is nie. (Vergelyk hier H. Bouwman, 1918, p. 62; Landwehr, 1918, p. 72).

As iemand tot ander insigte gekom het, kon die toegang na die kansel weer vir hom geopen word, met dien verstande dat 'n skulderkenning teenoor die kerk en teenoor God daaraan moes voorafgaan.

In hierdie onderafdeling moet ook melding gemaak word van die tug oor die Kampense leraars vanweë hul dwaal- leringe. Hierdie saak is egter toereikend behandel in die vorige hoofstuk.

Die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, staan in die kerkgeskiedenis uit as 'n kragtige monument vir die handhawing van die suiwere leer. Deur die besluite en optrede van hierdie Sinode, wat ook nagewerk het in die optrede van die Provinsiale Sinodes daarná, is die suiwere gereformeerde spoor helder en duidelik afgebaken. Vir meer as drie-en-'n-half eeue is die drie Formuliere van Eenheid, wat deur daardie Sinode aanvaar en vasgestel is, deur Gods genade die

wegwyser vir alle gereformeerdes om die Heilige Skrif suiwer te verstaan.

5.3 1834 en 1886 (kyk hoofstuk 4, punte 3.4 en 3.5; hoofstuk 5, punte 2.4 en 5; hoofstuk 6, punt 11.3)

In die Organisasie van 1816 en 1852 het die handhawing van die suiwere leer en die toepassing van die ware leertug oneervol gesneuwel.

In die geskrif van ds. D. Molenaar, Hervormde predikant te 's Gravenhage, wat in 1827 onder die titel: "Adres aan alle mijne Hervormde Geloofsgenooten" verskyn het, word met nadruk gewys op die algemene afwyking van die Dordtse Leerreëls (Rullman, 1930, p. 12-13).

Molenaar wyt 'n groot deel van die kwaad aan die Organisasie van 1816. Hy ag die nuwe proponentformule, wat die Sinode in die plek van die Dordtse Ondertekeningsformulier vir proponente gestel het, baie verderflik. Die "Minister van Eeredienst" sê in sy Rapport aan die koning (14 Augustus 1827) onder andere dat ds. Molenaar die Sinode daarvan beskuldig dat die "hoogste kerkvergadering" "de Formulieren laat verlammen en verdraaijen ..." (Bos, 1939, p. 81). Volgens die Dordtse Ondertekeningsformulier is verklaar dat die drie Formuliere van Eenheid in alles met Gods Woord ooreenkom. Volgens die nuwe Proponentformule moes daar verklaar word dat "de leer, welke overeenkomstig Gods heilig Woord in die aangenomen

Formulieren van Eenigheid is vervat", te goedertrou aangeneem en hartlik geglo sou word. Hier word verklaar dat die Formuliere aangeneem word *vir sover* ("quatenus") dit met Gods Woord ooreenkom en nie omdat ("quia") dit met Gods Woord ooreenkom nie. Ook is by vermelding van die Formuliere van Eenheid slegs die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem, terwyl die Dordtse Leerreëls stilletjies weggelaat is (Rullman, 1930, p. 13. Kursivering oorspronklik, J.V.).

Dit is begryplik dat bogenoemde "quatenus"-standpunt die pad na grenslose willekeur en leervryheid geopen het. Elkeen kan nou vir homself uitmaak in hoeverre die Belydenisskrifte met Gods Woord ooreenkom. Leertug het feitlik 'n onmoontlikheid geword.

Daar is wel tug oor ampsdraers, spesifiek oor predikante, uitgeoefen, maar dit was juis oor diegene wat geywer het vir die suiwere leer.

Vir die tug oor ds. Hendrik de Cock word verwys na hoofstuk 4, punt 3.5.

Van die jeugdige leraars A. Brummelkamp, S. van Velzen en G. F. Gezelle Meerburg kom daar adresse in by die Sinode van 1835 waarin hulle om 'n ondubbelsinnige verklaring van die bogenoemde "berugte" Formule vra. Die Sinode besluit, op een uitsondering na, eenparig om geen nadere verklaring van die Ondertekeningsformule te gee nie. Elkeen kan dit dus volgens eie keuse opneem: "quia" of "quatenus" (Rullman, 1930,

Brummelkamp stuur 'n adres aan die Sinode waarin hy aan die Sinode pertinente vrae stel insake die drie Formuliere van Eenheid, die suiwere leer, predikante wat anti-Gereformeerd handel en preek, ensomeer. Die Sinode stuur die adres, weens die hoogs "onvoegzamen" toon en die baie bedenklike inhoud deur middel van die Provinsiale Kerkbestuur aan die Klassikale Bestuur ter informasie, met opdrag om daaromtrent te handel volgens die bestaande verordeninge. Brummelkamp self word ernstig vermaan om hom stiptelik te gedra volgens die bestaande en bindende verordeninge. Brummelkamp het ook aan die gemeente bekend gemaak dat hy voortaan nie meer Gesange in die eredienste sou opgee nie. Hy verklaar ook dat hy hom nie langer aan die Kerklike Bestuur wil onderwerp nie, in soverre hierdie Bestuur anti-Gereformeerd handel. Op 7 Oktober 1835 word Brummelkamp, sonder enige voorafgaande skorsing of nadere onderhandeling, deur die Provinsiale Kerkbestuur van Gelderland afgesit as predikant (Rullmann, 1930, p. 123-128).

Dieselfde lot tref ook vir Van Velzen (13 Januarie 1836) en Gezelle Meerburg (24 November 1835), slegs omdat hulle geywer het vir die suiwere leer (Rullmann, 1930, p. 128-135; p. 135-143 onderskeidelik).

Hier kan ook gewys word op 'n brief van die Minister van Staat aan die koning op 7 Julie 1838. Hy maak melding van 'n drieërlei standpunt insake die ondertekening van die Formuliere van Eenheid. Die verbin-

dende krag van die Formuliere van Eenheid word verskillend uitgelê. Volgens art. 38 van die "Reglement op het examen en de toelating tot het leeramt in de Hervormde Kerk" was die geëksamineerdes verplig om te verklaar dat hulle "de leer welke overeenkomstig Gods Heilig Woord, in de aangenomen formulieren van eenigheid ... is vervat" te goeder trou aanneem en hartlik glo. Die woorde: "... overeenkomstig Gods Heilig Woord in de ... formulieren ... is vervat", word deur die een verstaan as: *vir sover* ("quatenus") die leer met Gods Woord ooreenstem. Vir 'n tweede beteken dit: *omdat* ("quia") die leer met Gods Woord ooreenstem. 'n Derde verstaan dit weer sô: die leer as *ooreenkomende* ("quippe") met Gods Woord. Die minister meld ook die "schroomvalligheid der Algemeene Synode" om hom hieroor uit te spreek (Bos, 1946, p. 265, ook voetnota 76; in voetnota 76 op hierdie bladsy sê Bos dat die "quippe"-standpunt slegs 'n nuansering is van die "quia"-standpunt. Kursivering oorspronklik, J.V.).

In 'n "Rekwest" van D. van der Werp e.a. te Uithuizermeeden (September 1835, dus min of meer in die tyd van die tugaksies teen Brummelkamp, Van Velzen en Gezelle Meerburg), waarin kennis gegee word dat hulle afskei van die Hervormde Kerkgenootskap en 'n versoek gerig word om vrye godsdiensoefeninge, word die volgende bewerings gemaak:

- die "Gereformeerde Kerk" het afgewyk van die saligmakende geloof, wat gegrond is op Gods

Woord en die Formuliere van Eenheid van die jare 1618 en 1619;

- hulle (dit is Van der Werp, c.s.) is aanklagers van die suiwere Gereformeerde waarhede, vervat in Gods Woord, waarop gegrond is die Formuliere van Eenheid, waaraan hulle hul verbind het: die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Gereformeerde Geloofsbelydenis en die Dordtse "Canones", asook die Kerkorde wat deur die Nasionale Sinode te Dordrecht opgestel is (Bos, 1940, p. 528-530).

Dit is dus duidelik dat die tughandelinge teen Brummelkamp, Van Velzen en Gezelle Meerburg, slegs omdat hulle geywer het vir die handhawing van die suiwere leer, 'n skreiende onreg was. Dit kan toegeskryf word aan die verval van die Hervormde Kerk as gevolg van die "Algemeen Reglement ..." van 1816.

Rullmann (1928, p. 10-11) wys byvoorbeeld op die adres van die "Zeven Haagsche Heeren" (op een ná almal regsgeleerdes), waarin by die Sinode van 1842 onder andere sterk aangedring word op 'n ondubbelsinnige ondertekenningsformulier vir predikante en 'n streng handhawing van die gesag van die Formuliere van Eenheid.

Die "Algemeen Reglement ..." van 1852 bring hierin geen verandering nie, omdat dit feitlik heeltemal berus het op dié van 1816.

As voorbeeld verwys Rullmann (1928, p. 204-205) na

die geval van die katkisant wat by die moderne predikant ds. K. F. Ternooy Apél vir belydenis aangemeld het. Toe dit blyk dat hy die liggaamlike opstanding van Christus ontken, het die diensdoende ouderling geweier om die akte van aanneming te voltrek. Ternooy Apél kom by die Kerkbesture teen hierdie weiering van die ouderling in verset en eis dat die Kerkraad genoodsaak sou word om die katkisant as lidmaat van die Kerk in te skryf. Die Kerkraad en die Klassikale Bestuur wys sy versoek af, maar die Provinsiale Kerkbestuur van Noord-Holland besluit dat die Kerkraad die katkisant as lidmaat moet inskryf. Op 'n vraag van die Kerkraad of hierdie uitspraak van die Provinsiale Kerkbestuur in die haak was, besluit die Sino-dale Kommissie om die uitspraak van die Noord-Hollandse Provinsiale Kerkbestuur nietig te verklaar en verwys die kwessie na die Provinsiale Kerkbestuur van Groningen. Hierdie Bestuur doen in die middel van 1875 'n eind-uitspraak op grond van 'n uitlegging van art. 39 van die Reglement op die Godsdiensonderwys, naamlik dat die hoëre kerkbesture in 'n saak van aanneming niks te sê het nie en dat kerkrade in sulke sake kan doen wat hulle wil.

Soos begryplik is, het hierdie uitspraak totale willekeur in die hand gewerk. In die een gemeente is vrysinnigheid gesanksioneer en in 'n ander is die suiwer leer gehandhaaf. Vrysinnige katkisante uit ortodokse gemeentes en ortodokse katkisante uit vrysinnige gemeentes het in 'n ander gemeente, van eie keuse, belydenis van geloof gaan aflê en dan met attestasie na die tuisgemeente teruggekeer.

Van groot betekenis is ook die wysiging wat deur die Sinode van 1883 in art. 27 van die "Reglement op het Examen ter toelating tot de Evangeliebediening" aanbring is. Die Proponentsformule word hierdeur vervang deur een waarin selfs die Naam van Jesus Christus nie meer genoem word nie en waardeur propo-nente hulleself slegs verbind om "de belangen van het Godsrijk" te bevorder. Die laaste draad waarmee die Proponentsformule nog aan die leer van die Kerk verbonde was, is hiermee deurgesny (Rullmann, 1928, p. 239).

In hierdie onderafdeling moet ook nog die volgende genoem word:

- die verandering van art. 38 van die Reglement op Godsdiensonderwys, waardeur die Belydenis van die Kerk prysgegee is en die deur wyd oopgemaak is vir alle vreemde leringe (Rullmann, 1928, p. 209-210);
- die tugtoepassing op die ouderlinge van Dordrecht, op di. Eigeman en Van Hoogenhuyze en op die 80 ampsdraers van Amsterdam (Rullmann, 1928, p. 222-224; p. 225-231; p. 241-345 onderskeidelik). Al hierdie ongeregverdigde tugaksies, wat voldoende in hoofstuk 6, punt 11.3, bespreek is, kan teruggevoer word na hierdie één uitstaande oorsaak: die stryd vir die handhawing van die suiwere leer.

Rullmann (1928, p. 345) vermeld dat die Sinode, saam

met die afsettingsvonnis van die Amsterdamse ampsdraers, ook 'n amptelike skrywe aan die Besture gerig het. Daarin word onder meer gesê dat die Hervormde Kerk die Volkskerk is en dat in hierdie kerk nawerk wat in die tyd gis. Daarom het die kerklike besture soveel moontlik aan elkeen se gewete oorgelaat om te bepaal of hy in die Hervormde Kerk sou kon bly en arbei.

Só word die Hervormde Kerk dus openlik tot Volkskerk geproklameer. In dié kerk moet elkeen maar bepaal op watter voorwaarde hy lid of opsiener wil wees. Jy mag daar glo en preek wat jy wil. Alles wat in die tyd gis, moet dus ook in die kerk sy nawerking openbaar.

Maar, sê Rullmann tereg, dan hou die kerk op om kerk te wees. Alles gis in die tyd. Alles werk ná in die kerk: Arminianisme, Pelagianisme, Remonstrantisme, Modernisme, Ateïsme. Hiertoë moes dit dus kom toe die band met die Belydenis in 1816 losgemaak is. Die Kerk het dit nie gedoen nie, maar *hulle* wat deur 'n onwettige mag aan die Kerk opgedring is.

In sy artikel: "De Doleantie en de Leertucht" sê Hepp (1936) dat die leertug, waarsonder 'n belydende kerk homself nie kan staande hou nie, in die Hervormde Kerk van 1886 oneervol ontslaan is. Die Afskeiding (1834) moes die Gereformeerde Belydenis verdedig teen 'n *Staatskerk*, die Doleansie (1886) teen 'n *Volkskerk* (p. 123, 125; kursivering oorspronklik, J.V.).

Toe die kerk Volkskerk geword het, sê Hepp, kon die rampspoedige gevolge vir die leertug nie uitbly nie (p. 128). Slegs deur allerlei botsende rigtings in sy midde toe te laat en aan hulle gelyke regte en beskerming te verseker, was hy by magte om 'n sekere mensemassa byeen te hou, wat hy as *die volk* aangedien het. Die Volkskerk en die leertug verdra mekaar nie (p. 129).

Die Volkskerk lewer self die proef op die som. Die Doleansie dank sy akute ontstaan aan 'n beskeie poging om die leertug te herstel. Toe die kerkraad van Amsterdam in Junie 1885 'n formule opgestel het wat onderteken moes word deur diegene wat attestasies aangevra het of voorgelê het, is predikante en ampsdraers, wat Skrif en Belydenis bokant die Reglemente gestel het, geskors en afgesit. Dit is die sonde van die Volkskerk dat hy die wêreld in die kerk inbring en daarmee die grense wat Christus en die apostels getrek het, verwoes. Die Volkskerk veroorsaak spanning tussen waarheid en eenheid. Hy laat die waarheid tot 'n minimum daal en die eenheid tot 'n maksimum styg. Daardeur verkry hy egter nie die eenheid wat God welgevallig is nie. Die eenheid van die Volkskerk is administratief, reglementêr, veruitwendigd. Hy verkeer in 'n verwarring van geloofsverdeeldheid, waar selfs ook die ongeloof met sy talle vertakkinge sy intrede doen (p. 129, 133, 136).

Met 'n kerk wat die leertug in ere hou, sê Hepp tereg, staan dit heeltemal anders. Hy dra daarvoor

sorg, sover dit binne sy vermoë is, dat slegs die waarheid van God in hom gesag het. Die waaragtige eenheid beteken om een te wees in die waarheid (p. 136).

Hepp wys daarop dat die beswaar geopper word dat die leertug 'n kerk *onverdraagsaam* maak. Hierdie beswaar verwring egter die aard van die leertug, want die leertug handel met onderskeiding. Die leertug is nie slegs 'n *gebod* nie, maar ook 'n ryke *gawe* van Christus aan sy gemeente (p. 142-143; alle kursiverings oorspronklik, J.V.).

Met die voorgaande opmerkings en beoordelings van Rullmann en Hepp kan hartlike instemming betuig word. Die kerklike organisasie van 1816 en 1852 was 'n donker kol in die geskiedenis van die Protestantisme, veral met betrekking tot leersuiwerheid, Belydenisbinding en leertug. As hierdie dinge verwaarloos word, tas die kerk sy eie wese as liggaam van Christus aan.

Die nougesette toepassing van leertug is inderdaad die middel by uitnemendheid, wat die Koning van die kerk aan sy instrumente gegee het, om die dwalinge uit te suiwer en die ware belydende karakter van die kerk teen alle aanslae van die leuen te bewaar.

5.4 Geelkerken (kyk hoofstuk 5, punt 6.2;
 hoofstuk 6, punt 11.4)

Die Geelkerken-saak is in vorige hoofstukke, soos bo aangedui, breedvoerig bespreek.

Verskeie lidmate van die Gereformeerde Kerk, Amsterdam-Suid, het klagtes en besware van dogmatiese en konfessionele aard teen sekere beskouings van dr. J. G. Geelkerken, veral oor Gênesis 2 en 3, ingedien. Hierdie klagtes en besware kom uiteindelik in die Sinode van die G.K.N., 1926, ter tafel. Onderhandelings met dr. Geelkerken was onsuksesvol, met die gevolg dat hy oplaas geskors en afgesit is.

Die Kerkraad van Amsterdam-Suid gee kennis dat hy nie kan konformeer met die dissiplinêre optrede van die Sinode nie en dat dr. Geelkerken met sy ampsbediening in die Kerk van Amsterdam-Suid voortgaan. Die Sinode besluit om die ouderlinge en diakens, wat meegewerk het aan of gekonformeer het met die besluit van die Kerkraad van Amsterdam-Suid, naamlik om dr. Geelkerken in sy bediening te handhaaf, uit hul ampte af te sit op grond van openbare skeurmakery, volgens art. 80 K.O..

Aan die Kerkraad van Amsterdam word opgedra om met die ouderlinge van Amsterdam-Suid, wat nie deelgeneem het aan hierdie openbare skeurmakery nie, so spoedig moontlik tot verkiesing van nuwe ampsdraers oor te gaan, hulle in hul ampte te bevestig en die Kerkraad van Amsterdam-Suid opnuut te formeer (kyk bogemelde

hoofstukke vir verwysings).

Hierdie streng en konsekwente toepassing van die leertug oor dr. Geelkerken is 'n pragtige voorbeeld van die nougesette ywer waarmee vroeër in die G.K.N. gewaak is teen onsuivere leer en afwyking van die drie Formuliere van Eenheid.

In vorige hoofstukke van hierdie studie is wel bedenkinge geopper in verband met sekere fasette van die tug-prosedure in die Geelkerken-saak. Dit doen egter niks af van die feit dat die G.K.N. in 1926 deeglik daarvan bewus was dat vrysinnigheid ten opsigte van die Belydenis en nalatigheid in die leertug slegs tot groot skade van die kerk moet dien nie.

Dat hierdie noulettendheid in die leertug tans nie meer in die G.K.N. leef nie - soos in punt 5.6 van hierdie hoofstuk aangetoon sal word - moet as 'n tragiese feit aangemerkt word. Dit kan slegs lei tot oneer van God en tot skade vir die kerk, die dwalende ampsdraer en die bediening as sodanig.

5.5 Schilder en Greijdanus (kyk hoofstuk 5, punte 4.2.3 en 7.3; hoofstuk 6, punt 11.5).

In die eerste helfte van hierdie eeu het daar in Nederland sterk meningsverkilte tussen Gereformeerde teoloë ontstaan. Prof. K. Schilder en prof. S. Greijdanus was prominent in hierdie meningsverskilte (vergelyk G.K.N., 1939, p. 70, art. 550; p. 79, artt.

579, 580, 581; p. 81, art. 590; p. 83-84, artt. 607, 609; p. 101, art. 702).

Onder meer het hierdie meningsverskille gegaan oor die algemene genade, die genadeverbond, selfonderzoek, die onsterflikheid van die siel, die vereniging van die twee nature van Christus en die pluriformiteit van die kerk (G.K.N., 1939, p. 95-97, art. 682; p. 100, art. 699).

Nadat die Sinode van Sneek besluit het om die sogenaamde meningsverskille wel te behandel, deel Schilder die Sinode mee dat hy met daardie besluit nie kan konformeer nie (G.K.N., 1939, p. 70, art. 550). Soos uit 'n latere brief van hom blyk, is sy rede hiervoor dat daar 'n oneweredige verhouding was tussen die Kampense hoogleraars, wat nie almal teenwoordig kon wees nie, en die hoogleraars van die Vrije Universiteit van Amsterdam, wat wel almal teenwoordig kon wees. Hy was dus in 'n situasie wat totaal ongelukkig was aan dié van die hoogleraars wat met openbare aanklagte teen hom opgetree het, veral waar hy nie openlik kon skryf nie (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 1, 2). Die rede waarom Schilder nie openlik kon skryf nie, was omdat die Duitse militêre owerheid - dit was naamlik gedurende die Tweede Wêreldoorlog - hom alle "persarbeid" verbied het (M. Bouwman, 1945, p. 23).

Op Donderdag 18 Desember 1941 het geblyk dat Schilder nie in die Sinode teenwoordig was nie. Sedertdien het hy nie weer in die Sinode verskyn nie, ondanks

herhaalde versoeke en oproepe van die Sinode. Hy het geweier om verder met die Sinode saam te werk (G.K.N., 1939, p. 79, art. 580; p. 81, art. 590; p. 87, art. 633; p. 90, art. 646; p. 101, art. 702. Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 2-3). Hy het ook geweier om in die periode 1936-1939 deel te neem aan die vergaderings van die deputate van die Sinode van Amsterdam, en wel op grond van sy besware teen die bekende brosjures van prof. Hepp oor "Dreigende Deformatie", asook teen die wyse waarop prof. Hepp gereageer het op Schilder se begeerte tot same-spreking (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 3).

Ook Greijdanus het hom aan die Sinode onttrek en geweier om verder saam te werk (G.K.N., 1939, p. 79, artt. 579, 581; p. 83-84, artt. 607, 609; p. 87, art. 633; p. 90, art. 646).

Desnieteenstaande het die Sinode op 8 Junie 1942 sekere leeruitsprake gedoen (G.K.N., 1939, p. 95-97, art. 682). Hierdie leeruitsprake word s6 belangrik geag, dat die Sinode van Utrecht (1943-1945) besluit dat "inkomende dienaren des Woords", behalwe die Belydenisskrifte, ook die leeruitsprake van 1942 moet onderteken (G.K.N., 1943-1945, p. 82, art. 260).

Op 'n amptelike vraag wat deur die Sinode van Utrecht aan prof. Schilder vir beantwoording voorgelê word, weier hy om met die besluite van die Sinode Sneek/Utrecht (1939 en verder) te konformeer. Hy weier ook

om te belooft dat hy niks sal leer, wat met die leeruitsprake van die Sinode van Sneek/Utrecht nie ten volle in ooreenstemming is nie. Ook weier hy om te belooft dat hy op geen wyse teen die leeruitsprake in die kerke tot aksie sal oorgaan nie (Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 25 e.v., G.K.N., 1943-1945, p. 112, art. 392).

Ook Greijdanus onderwerp hom nie aan die leeruitsprake van die Sinode nie (G.K.N., 1943-1945, p. 151-152, art. 518).

Hoewel Schilder uiteindelik geskors en afgesit is weens die sonde van *skeurmakery* en nie dié van *valse leer of kettery* nie (G.K.N., 1943-1945, p. 111-114, art. 392; p. 153-154, art. 526; hierdie skorsing en afsetting is genoegsaam bespreek in hoofstukke 5 en 6), het die sogenaamde leergeskille tog die aanleidende oorsaak daarvan gevorm. Dit blyk duidelik uit die besluite van die Sinode wat hierbo aangehaal is (vergelyk Berkouwer, Milo, Hoek en Kraan, s.j., p. 48-50; M. Bouwman, 1945, p. 7-9).

Ook Greijdanus word geskors omdat hy hom skuldig gemaak het aan bestryding van die leeruitsprake ná die beslissings oor sy beswaarskrifte, omdat hy volhard het in sy onwilligheid om hom aan die oordeel van die Sinode te onderwerp, omdat hy skeuring en tweedrag in die kerke veroorsaak het en omdat hy herhaaldelik die vyfde en negende gebod oortree het (G.K.N., 1943-1945, p. 151-152, art. 518).

Die Gereformeerde Kerk van Kampen deel die Sinode mee dat prof. Greijdanus deur woord en daad die gemeenskap met hierdie kerk verbreek het. Hierop besluit die Sinode dat prof. Greijdanus die naam en eer van emeritus hoogleraar aan die Teologiese Skool en van emeritus dienaar van die Woord van die Gereformeerde Kerk van Paesens c.a. vanself verloor het (G.K.N., 1943-1945, p. 183-184, art. 630).

Sonder om op die meriete van die leeruitsprake in te gaan (wat in hierdie studie nie tuis behoort nie), moet tog die opmerking gemaak word dat die leeruitsprake, soos dit voorkom, baie rigoristies afgedwing is. Uit die voorgaande bespreking het ook geblyk dat die leeruitsprake feitlik die krag van 'n belydenisskrif gekry het, deurdat "inkomende dienaren des Woords" dit saam met die Belydenisskrifte moes onderteken.

Hoewel proff. Schilder en Greijdanus beslis nie in alle opsigte vrygespreek kan word nie, is dit tog jammer dat die "vryheid van profesie" (kyk 3.2.2 van hierdie hoofstuk) nie in ruim(er) mate teenoor Schilder en Greijdanus toegepas is nie.

Die kerkskeuring wat op hierdie leertug gevolg het, was vir die hele gereformeerde wêreld 'n onberekenbare tragedie.

In die Sinode van Amsterdam (1967-1968) is op hierdie kwessie teruggekom. In briewe van 'n aantal teologiese studente en andere is gevra om "postuum

eerherstel" vir die hoogleraars Schilder en Greijdanus en om volledige terugneming van die "vervangingsformule". Van verskeie Kerkrade en lidmate het ook briewe ingekom met versoeke dat die tugmaatreëls en die vervangingsformule van 1944 hersien en/of tersyde gestel moet word (G.K.N., 1967-1968a, p. 70-71, art. 90; 1967-1968b, p. 165-168, Bijlage 30).

Hierop spreek die Sinode uit dat hy nie die skuld vir die konflik van 1944 en volgende jare eensydig wil soek by diegene wat in daardie jare in enige vorm skuldig bevind is nie. Die Gereformeerde Kerke wil van hul kant ootmoedig bely dat hulle in daardie broedertwis nie vry-uit gaan nie. Die Gereformeerde Kerke vra die vrygemaakte susterkerke om hulle alles, wat in daardie konfliksituasie nie volgens die Gees van Christus was nie en nie beantwoord het aan die katolisiteit van die kerk nie, van harte te vergewe (G.K.N., 1967-1968a, p. 100, art. 130; 1967-1968b, p. 165-168, Bijlage 30).

Die Sinode van Sneek (1969-1970) gee nog 'n nadere verduideliking van die uitspraak van die Sinode van Amsterdam in 1967 oor die "niet vryuitgaan" van die Gereformeerde Kerke in daardie skuldige broedertwis. Die Sinode van Amsterdam wil naamlik by daardie uitspraak alles, wat in die konfliksituasie rondom die hoogleraars Schilder en Greijdanus gebeur het, met name ook in die tugmaatreëls wat getref is, betrek (G.K.N., 1969-1970a, p. 364, art. 412).

Hier kan ook nog opgemerk word dat die kerkskeuring wat uit die bogenoemde tugaksies gespruit het, waarskynlik bygedra het tot die verslapping van die leertug in die G.K.N., soos in die volgende onderafdeling behandel sal word.

5.6 Die huidige toestand in die G.K.N.

5.6.1 Die besluit van die Sinode van Assen (1926) herroep (kyk hoofstuk 5, punt 6.2; hoofstuk 6, punt 11.4; punt 5.4 van hierdie hoofstuk)

In die Sinode van Amsterdam (1967-1968) word langdurig gespreek oor die "leeruitspraak" van die Sinode van Assen (1926) (G.K.N., 1967-1968a, p. 137-141, 151-152, 154-156, 223-225).

Die Sinode deel ten volle die sorg van die Sinode van Assen (1926) dat die gesag van Gods Woord eerbiedig moet word. Die Sinode van Assen (1926) het op 'n eksklusiewe wyse uitsprake gedoen oor die klaarblyklike betekenis van bepaalde besonderhede van die Skrifverhaal in Génesis 2 en 3. Die Sinode van Amsterdam (1967-1968) ag homself egter nie bevoeg om oor die spesifieke aard van genoemde Skrifverhaal so 'n gefundeerde oordeel te vorm dat hy die eksklusiewe uitsprake van die Sinode van Assen (1926) in hierdie verband kan bly volg nie (G.K.N., 1967-1968a, p. 156, art. 209; 1967-1968b, p. 248-269, Bijlage 48a en 48b).

Die Sinode erken egter dat Sondag 3 en 4 van die Heidelbergse Kategismus en artt. 14 en 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die fundamentele betekenis, wat die Skrif (onder meer in Romeine 5) aan die oorsprong van die sonde en die gevolge van die sondeval toeken, duidelik tot uitdrukking bring. Daarom moet dit ook, as van wesenlike belang vir die verkondiging van die evangelie, deur die Kerk as gesaghebbend gehandhaaf word.

Tog besluit die Sinode dat die uitspraak van die buitengewone algemene Sinode te Assen (1926) nie langer as 'n leeruitspraak in die kerke sal geld nie (G.K.N., 1967-1968a, p. 156, art. 209; vergelyk 1967-1968b, p. 248-269, Bijlage 48a en 48b).

Die besluit van die Sinode van Assen (1926) word woordeliks aangehaal. Dit kom daarop neer dat die boom van die kennis van goed en kwaad, die slang wat gepraat het en die boom van die lewe volgens die klaarblyklike bedoeling van die Skrifverhaal van Génesis 2 en 3 in eintlike of letterlike sin opgevat moet word. Dit was dus sintuiglik waarneembare werklikhede. Die mening van dr. Geelkerken in hierdie verband moet dus afgewys word. Hy het naamlik geleer dat 'n mens dit disputabel kan stel of die bogenoemde sake en feite sintuiglik waarneembare werklikhede was, sonder om daarmee met die gesag van die Heilige Skrif, soos in artt. 4 en 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely word, in stryd te kom (G.K.N., 1967-1968a, p. 156, art. 209. Vergelyk

G.K.N., 1926a, p. 52-54, art. 149. Kyk ook G.K.N., 1967-1968a, p. 224-225, art. 280; p. 265, art. 338; 1967-1968b, p. 420-424, Bijlage 67).

Teen bogenoemde besluit van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) kom baie briewe en beswaarskrifte in by die Sinode van Sneek (1969-1970). Daarin word verontrusting uitgespreek ten aansien van die handhawing van die gesag van die Heilige Skrif. Maatreëls word gevra om die besorgdheid weg te neem (G.K.N., 1969-1970a, p. 144-145, art. 168; 1969-1970b, p. 686 e.v., Bijlage 106).

Die Sinode besluit om nie aan hierdie versoeke te voldoen nie (G.K.N., 1969-1970a, p. 375, art. 439).

Die betrokke besluit van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) insake die leeruitspraak van die Sinode van Assen (1926) wek onwillekeurig die indruk dat die eerste tekens van 'n verflouing in die belydenisbinding en 'n verslapping in die leertug reeds hier gemerk kan word. Dit sal verder in hierdie hoofstuk duideliker word.

5.6.2 Kuitert (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.2)

By die Sinode van Sneek (1969-1970) word, soos reeds in 5.6.1 genoem, baie briewe en beswaarskrifte ingedien (G.K.N., 1969-1970a, p. 144-145, art. 168; 1969-1970b, p. 686, Bijlage 106). Hierdie beswaarskrifte is oor die algemeen gerig teen dr. H. M. Kuitert (G.K.N., 1969-1970a, p. 367, art. 419). Dit

gaan onder meer oor besware rondom Génesis 2 en 3, oor die aard van die Skrifgesag, oor "horisontalisme", sekularisasie, loslating van die Skriftuurlike toekomsverwachting en dergelike, asook oor die binding aan die Belydenis (G.K.N., 1969-1970b, p. 686 e.v., Bijlage 106).

Ten aansien van die beswaarskrifte teen Kuitert insake sy opvattinge van Génesis 1-3 en Romeine 5, besluit die Sinode soos volg (G.K.N., 1969-1970a, p. 376-377, art. 444):

- dat die ingebragte besware 'n fragmentariese karakter dra en as sodanig min bewyskrag het;
- dat Kuitert se ontkenning van die historisiteit van die sondeval, as die afwending van die mens van sy God by die begin van die menslike geskiedenis, nie in ooreenstemming is met die uitspraak van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) nie. Genoemde besluit kom daarop neer (soos reeds in 5.6.1 van hierdie hoofstuk aangetoon is) dat die Sinode erken dat Sondag 3 en 4 van die Heidelbergse Kategismus en artt. 14 en 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die fundamentele betekenis, wat die Skrif (onder meer in Romeine 5) aan die oorsprong van die sonde en die gevolge van die sondeval toeken, duidelik tot uitdrukking bring. Daarom moet dit ook, as van wesenlike belang vir die verkondiging van die evangelie, deur die Kerk as gesaghebbend

gehandhaaf word (G.K.N., 1967-1968a, p. 156, art. 209);

- die Sinode is egter van oordeel dat die eenheid van die kerklike belydenis nie op so 'n wyse bedreig word, dat daaroor tans nadere beslissings geneem moet word nie.

By die Sinode van Dordrecht (1971-1972) is 'n vyftiental beswaarskrifte ingedien. Daarin is opheldering van die uitsprake van die Sinode van Sneek (November 1970) insake die opvattinge van dr. H. M. Kuitert gevra. Die beswaarskrifte kom daarop neer dat die Sinode bevind het dat dr. Kuitert se ontkenning van die historisiteit van die sondeval nie in ooreenstemming met die uitspraak van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) is nie. Tog is daar nie dissiplinêr teen Kuitert opgetree nie. Hy is nie openlik vermaan nie. Hy kan vryuit sy opvattinge oor Génesis 2 en 3, wat deur die Sinode afgewys is, aan die Teologiese Fakulteit van die Vrije Universiteit leer. Hy het in stryd gehandel met die Ondertekeningformulier vir hoogleraars, wat deur hom onderteken is (G.K.N., 1971-1972b, p. 138-140, Bijlage 72).

In art. 116 van die Kerkorde van die G.K.N. word naamlik bepaal dat wanneer ampsdraers in stryd handel met hul ondertekening van die Belydenis, hulle in die vervulling van hul amp geskors of dadelik daaruit afgesit sal word (G.K.N., 1971, p. 58).

Die kommissie van die Sinode wat die beswaarskrifte behandel het, het die beswaarskrifte saamgevat onder die opskrif: die uitbly van maatreëls. Die Sinode van Sneek (1969-1970) het geen *justisiële* maatreël teen Kuitert geneem nie. Dit is dan die groot beswaar waarom dit hier gaan. Maar, sê die kommissie, die Sinode het tog wel 'n baie ernstige "*judicium*", 'n oordeelvelling, uitgespreek. Dit is dat Kuitert ten aansien van die sondeval leerstellings verkondig wat nie in ooreenstemming met die uitspraak van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) is nie (G.K.N., 1971-1972b, p. 140, Bijlage 72. Vir die uiteensetting en beoordeling van die onderskeid tussen *justisiële* en *judisiële* tug, kyk hoofstuk 3, punt 5.3.2).

Die Kommissie noem hierdie "*judicium*" self 'n maatreël. Nadat die Sinode so 'n oordeel uitgespreek het, mag hy dan ook in die hoop en verwagting leef dat dit tot nadere besinning sal lei. Daarom het die Sinode gemeen dat hy met daardie oordeel kon volstaan. As die Sinode dit noodsaaklik geag het, sou hy nie vir skorsing en eventuele afsetting teruggedeins het nie. Die Sinode wou, deur 'n voortgesette gesprek, probeer kom tot bevestiging en herstel van die eenheid. Die Sinode het dus die weg van die waarheid en die eenheid ingeslaan en nie die een opgeoffer vir die ander nie. Dit het met die invoer van leervryheid of iets dergeliks niks te maak nie. Intendeel, dit is die goeie Skriftuurlike weg (G.K.N., 1971-1972b, p. 140-141, Bijlage 72).

Hierteenoor moet egter opgemerk word dat die Sinode van Sneek (1969-1970) die "voortgesette gesprek" in die plek van die leertug gestel het. Om dan te beweer dat die Sinode nie vir skorsing en eventuele afsetting sou terugdeins as hy dit noodsaaklik geag het nie, klink nie baie oortuigend nie. Die geheelindruk is inderdaad dat die Sinode vir die eenheid en téén die waarheid gekies het en die waarheid vir die eenheid opgeoffer het. Dit is wel deeglik die invoer van leervryheid.

Die Sinode van Dordrecht (1971-1972) besluit dan ook dat daar geen afdoende gronde aangevoer is om tot hersiening van die uitsprake van die Sinode van Sneek insake die opvattings van dr. H. M. Kuitert te kom nie. Die Sinode beklemtoon ook dat die Sinode van Sneek ernstig na die onderlinge eenheid gesoek het, maar nie vir die leervryheid gekies het nie (G.K.N., 1971-1972a, p. 213-214, art. 233).

Die aangehaalde besluite van die Sinode van Sneek (1969-1970) en die Sinode van Dordrecht (1971-1972) openbaar 'n betreurenswaardige huiwering om die leertug streng en konsekwent toe te pas. Met so 'n toedrag van sake loop die suiwere leer gevaar om vervals te word, terwyl Belydenisbinding en Belydenishandhawing aan blatante subjektiwiteit en persoonlike voorkeure prysgegee word. Dit kan slegs dien tot onberekenbare nadeel van die kerk en oneer van die God van die waarheid. Uiteindelik moet Skrifkritiek en die aftakeling van die Skrifgesag in so 'n kerk gesanksioneer word ... indien nie offisieel nie, dan

tog wel in die praktyk!

Aan die Sinode van die G.K.S.A. (1976) word gerapporteer dat die G.K.N. wel die versekering gee dat Kuitert (en Wiersinga) nie met rus gelaat word nie, maar dat hulle, met hul leringe, in die openbaar "in het aangezicht weerstaan" word. Leertug in die vorm van skorsing (laat staan afsetting) word steeds nog nie oorweeg nie. Trouens, ten spyte van die versekering deur die G.K.N. dat Kuitert en Wiersinga "publiek in het aangezicht weerstaan" sal word, gaan hulle voort om hulle beskouings in woord en geskrif binne die G.K.N. voor te dra en word kerkregtelike ruimte hiervoor geskep deur die nuwe ondertekeningsformulier en die onderskeiding tussen "judisiële" en "justisiële" leertug (G.K.S.A., 1976, p. 300, art. 88).

Die Sinode van Zwolle (1977-1979) het die onderskeid tussen judisiële en justisiële leertug offisieel afgewys (G.K.N., 1977-1979a, p. 40-45, art. 71; 1977-1979b, p. 89, Bijlage 15). Tog is hierdie ongegronde onderskeid tot voor hierdie Sinode gebruik om die besware teen Kuitert se dwalinge af te wys en die leertug teen hom te omseil. (Kyk hoofstuk 3, 5.3.2)

Opmerklik dat in die Ondertekeningsformuliere vir proponente, predikante en teologiese professore wat deur die Sinode van Dordrecht (1971-1972) goedgekeur is, die volgende belangrike elemente ontbreek:

- 'n eksplisiete verklaring dat die drie Formuliere van Eenheid in alles met Gods Woord ooreenkom;
- 'n duidelike onderneming dat die ondertekenaar niks teen die leer, wat in die drie Formuliere van Eenheid vervat is, op enige wyse bekend sal maak, leer of verdedig nie;
- die uitdruklike strafbepaling (hoewel daar na die vasgestelde sinodale bepalinge verwys word. G.K.N., 1971-1972a, p. 259-260, art. 295). Die Sinode van Zwolle verswak die Belydenis-binding nog verder deur slegs te praat van 'n *gewigtige* punt van die leer (kursivering van my, J.V.. Kyk G.K.N., 1977-1979a, p. 45, art. 71; 1977-1979b, p. 83-89, Bijlage 15).

Dit is die tragedie van die hedendaagse G.K.N.

5.6.3 Wiersinga (kyk hoofstuk 5, punt 6.3)

Die proefskrif van dr. H. Wiersinga: "De verzoening in de theologische discussie", waarop hy op 15 Januarie 1971 gepromoveer het aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, het baie reaksie ontlok. Die Sinode het omtrent 25 beswaarskrifte in hierdie verband ontvang. Daarin word uiting gegee aan die oortuiging dat dit wat deur dr. Wiersinga voorgestaan word, nie in ooreenstemming met Skrif en Belydenis is nie. Die Sinode van Dordrecht (1971-1972) word dringend gevra om met dr. Wiersinga te spreek en, indien nodig, te handel (G.K.N., 1971-1972b, p. 236, Bijlage 103a. Die vraag of hierdie saak, in die lig van art. 30 K.O., by die Sinode tuishoort, is reeds in hoofstuk 5, punt 6.3, bespreek).

Die Sinode neem wel die saak ter tafel (G.K.N., 1971-1972a, p. 296-302, artt. 321-323; p. 307-309, art. 328). Die Sinode spreek uit dat die vryheid, om die Belydenis van die Kerk, soos dit in die Belydenisskrifte vervat is, aan die Heilige Skrif te toets, onverkort gehandhaaf moet bly (G.K.N., 1971-1972a, p. 308, art. 328).

Hier kan tereg die bewering gemaak word dat Wiersinga, selfs volgens die "nuwe" Ondertekeningsformulier (kyk punt 5.6.2 hiervan), onordelik opgetree het deur sy afwykende gevoelens nie aan die kerklike vergaderings ter toetsing voor te lê nie (G.K.N., 1971-1972a, p. 260, art. 295), maar dit openlik te versprei.

Die Sinode spreek verder uit dat dr. Wiersinga nie op oortuigende wyse uit die Skrif aangetoon het op grond waarvan hy bepaalde uitsprake in die Belydenisskrifte, betreffende die versoening, afgewys het nie. Die Kerke handhaaf dus in prediking en onderwys die belydenis insake die versoening. 'n Kommissie word aangewys om met Wiersinga oor sy opvattinge te spreek (G.K.N., 1971-1972a, p. 308, art. 328). Later word 'n "deputaatschap" aangewys om die gesprek met Wiersinga voort te sit en daaroor aan die volgende Sinode te rapporteer (G.K.N., 1971-1972a, p. 371, art. 408).

Die Sinode van Haarlem (1973-1975) oorweeg dat dr. Wiersinga die Sinode uit die Heilige Skrif nie daarvan kon oortuig dat sy besware teen die leer, dat Christus in ons plek die gerig van God gedra het,

steun in die Heilige Skrif vind nie. Nadere gesprek met Wiersinga is gewens. Ook vir Wiersinga geld, wat vir elke predikant ten aansien van die band aan die Belydenis van die Kerk geld. Die Sinode verklaar ook dat hy bly by die belydenis van die Kerk ten aansien van die aard van die plaasbekledende versoeningswerk van Christus, ook as die dra van die gerig van God (G.K.N., 1973-1975, p. 220-221, art. 246).

Later het die Sinode oorweeg dat die bedenkinge van dr. Wiersinga, teen die belydenis van Christus se genoegdoening aan Gods geregtigheid, allerweë onrus verwek het. Dit moet gereken word tot die sake wat die kerke gemeenskaplik aangaan, art. 30 K.O. (G.K.N., 1973-1975, p. 279, art. 306).

Hierdie laaste bewering moet, indien dit s6 bedoel is, aangemerkt word as 'n swak en ongegronde poging om 'n saak, wat by 'n mindere vergadering tuishoort kragtens art. 30 K.O., in die Sinode te behandel. Dit gaan hier immers nie om 'n versoek tot hersiening van die Belydenis nie (*dit* sou volgens art. 30 K.O. by die Sinode tuishoort). Dit gaan hier om beweerde dwaalleer deur 'n predikant van 'n plaaslike kerk, sodat hierdie saak, volgens art. 30 K.O., by die plaaslike kerk tuishoort.

Die Sinode oorweeg ook dat die Sinode van Dordrecht (1971-1972) tereg die bedenkinge van dr. Wiersinga teen die Belydenis soos 'n beswaarskrif behandel het. 'n Beswaarskrif wat by 'n kerklike vergadering teen die

Belydenis van die Kerk ingedien is, mag nie deurkruis of direk afgesluit word deur maatreëls van tug nie (G.K.N., 1973-1975, p. 279, art. 306).

Hierdie ongegronde oorweging van die Sinode is 'n baie deursigtige poging om sy eie verantwoordelikheid tot tugtoefening (indien dit, argumentshalwe, tog kragtens art. 30 K.O. tot die bevoegdheid van die Sinode behoort het) te ontduik.

Volgens die Sinode berus die bevoegdheid om 'n maatreël van skorsing of afsetting van 'n predikant, wat aan 'n plaaslike gemeente verbonde is, te neem, in eerste instansie by so 'n predikant se kerkraad. Hierdie kerkraad werk daarin saam met die kerkraad van 'n naburige gemeente en/of die klassis en/of deputate van die partikuliere sinode (art. 119 Kerkorde). Die Sinode spreek dan uit:

- dat die Sinode van Dordrecht (1971-1972) geregtig was om met dr. Wiersinga 'n gesprek te begin oor sy opvattinge aangaande die versoewingswerk van Christus;
- dat die huidige Sinode tereg ten opsigte van dr. Wiersinga geen maatreëls van skorsing of afsetting oorweeg het nie. Daar is voldoende rede om die gesprek met hom voort te sit. Bovendien was die Sinode nie bevoeg om 'n maatreël van skorsing of afsetting te neem nie;
- dat dr. Wiersinga, deur te ontken dat Christus

in ons plek die gerig van God gedra het, 'n essensiële bestanddeel van die versoeningsleer van die Belydenis aantas en dat hy aan die regte prediking van die evangelie tekort doen (G.K.N., 1973-1975, p. 279-280, art. 306).

Die Sinode besluit om 'n beroep op dr. Wiersinga te doen om hom trou te hou aan die Belydenis van die Kerk, ook ten aansien van die waarheid dat Christus die gerig van God in ons plek gedra het (G.K.N., 1973-1975, p. 280, art. 306).

Aan die een kant verdedig die Sinode die feit dat die Wiersinga-saak met reg deur die vorige Sinode behandel is. Dit was nie strydig met art. 30 van die Kerkorde nie. Hierdie Sinode gaan dan op dieselfde weg voort en neem besluite oor hierdie saak.

Aan die ander kant, egter, word die beginsel van art. 30 van die Kerkorde (vergelyk ook art. 119 van die Kerkorde) streng gehandhaaf deur die uitspraak van die Sinode dat hy nie bevoeg is om 'n maatreël van skorsing of afsetting in hierdie saak te neem nie.

Dit is moeilik om te ontkom aan die gevoel dat die Sinode op 'n fyn manier probeer om die toepassing van die tug te ontvlug.

Blykbaar het die *gesprek* in die G.K.N. die plek van die *leertug* ingeneem.

5.7 Die Kerke in die Kaap gedurende die 19e
eeu
(kyk hoofstuk 6, punt 11.6)

In die eerste helfte van die 19e eeu is die meeste Suid-Afrikaanse predikante aan Nederlandse Universiteite opgelei. Die gevaar het dus bestaan dat die stryd wat daar ontbrand het tussen die "ortodokses" en die "liberales" ook hier oorgeplant sou word (Moorrees, 1937, p. 889; Hanekom, 1951, p. 278).

In 1855 gaan J. J. Kotzé na Leiden, "attracted by the teaching of the famous Scholten, professor at Leiden and an eminent theologian of broad-minded and liberal views." (Hanekom, 1951, p. 287).

Die meerderheid vrysinnige studente het predikante in die Kaapse "Kerk" geword. Onder hulle kan genoem word T. F. Burgers, J. J. Kotzé, H. C. V. Leibbrandt en S. P. Naudé (Moorrees, 1937, p. 890; Hanekom, 1951, p. 305-306).

In 1860 verkry die moderne rigting, van wie bogenoemde predikante in meerdere of mindere mate as verdedigers opgetree het, sy eie orgaan deur die oprigting van die maandblad "De Onderzoeker". Hierdie blad wil sogenaamd regsinnig wees, indien daaronder alles, wat met die leer van die Bybel ooreenstem, verstaan word. Dit maak egter geen aanspraak op kerklike regsinnigheid nie. Dit wil ondersoek wat Bybelleer is, maar wil hom nie daarvoor bekommer as een of ander kerklike leerstuk in die loop van daardie ondersoek wegval nie (Moorrees, 1937, p. 890; Hanekom, 1951,

p. 224, 226).

Kleynhans (1974, p. 275) maak die stelling dat die voormanne van die liberale seksie in baie opsigte afgewyk het van die kerkleer. Dit word ook deur verteenwoordigers van hierdie rigting geredelik toegestem. Kotzé en andere het nooit gevra of hul Skrifverklaring "gereformeerde, maar wel of zij waar is" ("De Onderzoeker", 19 Augustus 1863). Die proses van tugverval, sê Kleynhans, openbaar hom onder andere ook in die verset teen leertug by die liberale lidmate van die "Kerk".

Tog is die leertug in daardie tyd nog wel toegepas, hoewel nie altyd suiwer volgens die bestaande wette en reglemente van die "Kerk" nie. Dit blyk onder meer uit die tughandelinge teen Burgers en Kotzé, wat voldoende bespreek is in hoofstuk 6, punt 11.6.

6. SAMEVATTING

Die tug oor die leer en die tug oor die lewe is ewe belangrik en mag ook nooit van mekaar geskei word nie. In albei gevalle is die Wet van die Here die enigste maatstaf.

Waar die Woord van God die kerk as 'n heilige tempel van God tipeer, geld dit in verskerpte mate van die ampsdraers, wat onberispelike voorbeelde vir die gemeente moet wees. Daarmee is ook die noodsaaklikheid van tug oor die lewenswandel van ampsdraers uitgemaak.

In die Nuwe Testament word op verskeie plekke duidelik gesê dat die koninkryk van die hemele nie die erfdeel sal wees van mense wat sekere gruwelike sondes doen nie (I Korintheërs 5; 6:10; Galasiërs 5:19-21; Efesiërs 5:5). Hieruit vloei logies voort dat diegene wat aan sulke sondes skuldig is, met die *sleutels* van die koninkryk van God *uitgesluit* moet word. Op ander plekke in die Skrif word *eksplisiet* tugtoepassing voorgeskryf by bepaalde oortredings. Dit alles geld vir ampsdraers nog strenger as vir lidmate. Ook art. 80 K.O. noem spesifieke sondes in lewenswandel wat strafbaar is met skorsing en/of afsetting. Duidelik is in hierdie verband ook die vereistes waaraan 'n ampsdraer in sy lewenswandel moet beantwoord, soos dit in die Nuwe Testament gestel word.

'n Ampsdraer moet egter ook getug word as hy oortree ten opsigte van leersuiwerheid. Die kerk is immers 'n pilaar en grondslag van die waarheid. Die noodsaaklikheid van leertug kom, eksplisiet en by implikasie, herhaaldelik in die Skrif na vore.

In die Nuwe Testament word ook die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis beklemtoon. Spesifiek kom dit na vore in die nadruk wat op die *goeie, betroubare, gesonde, Christelike "didache" of "didaskalia"* (leer) gelê word en die veroordeling van die *afwykende leer*.

Sonder die suiwere leer kan die kerk nie ware kerk wees nie (vergelyk art. 29 van die Nederlandse

Geloofsbelydenis). Die kerk moet nougeset waak oor die suiwere leer en Belydenis, soos dit inderdaad in artt. 4, 5, 9, 44, 53-54 en 79-80 K.O. gereël word.

Vir Calvyn was die nougesette ondersoek met betrekking tot leer en lewenswandel, met die oog op toelating tot die amp, een van die hoofsaake. Ook by diegene wat reeds in die amp gedien het, moes daar voortdurend ondersoek na die suiwerheid van leer gedoen word.

Wat die Belydenis betref, moet opgemerk word dat die kerk nie daarmee die Heilige Skrif kragteloos wil maak nie, maar slegs wil sê wat die Skrif oor bepaalde sake leer. Die Belydenis is dan ook beslis *ondergeskik* aan die Skrif. Tog het dit gesag, as akkoord van kerklike gemeenskap, omdat dit met Gods Woord ooreenkom. As sodanig moet ampsdraers in die Gereformeerde Kerke die Belydenis dan ook onderteken: *omdat* dit met die Skrif ooreenkom en nie *in sover* dit met die Skrif ooreenkom nie (artt. 53 en 54 K.O.). Weiering om dit te doen, word gevolg met skorsing en afsetting.

Die bedoeling met die ondertekening van die Belydenis was dat die kerk 'n waarborg sou hê dat die ampsdraers van harte die regte leer toegedaan was. Binding aan die Belydenis, met juridiese krag, is vir die voortbestaan van die ware kerk in hierdie leuenagtige wêreld van kardinale belang.

Tog het die Gereformeerdes hierdie binding aan die Belydenis nooit *absoluut* geag nie. Daar word ruimte gelaat vir beswaarskrifte teen die Belydenis, vir die vryheid van profesie en vir die verdraagsaamheid, maar sonder dat leervryheid enigsins daardeur toelaatbaar gemaak word. Hier moet egter steeds onderskei word tussen dié sake, wat die grondslae van die leer raak en die ander, wat nie so kardinaal is nie. In eersgenoemde geval mag daar geen vryheid van profesie en verdraagsaamheid by afwyking geduld word nie.

Die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis, asook die onmisbaarheid van binding aan die Belydenis, het noodsaaklikerwys ook implikasies vir die toelating tot die bediening van die Woord. Daar moet streng toesig en keuring wees by beroeping en toelating tot die diens van Woord en sakramente, soos in artt. 3 en 4 K.O. (vergelyk ook art. 9 K.O.) gereël word. Die ondersoek na leer en lewe neem hier 'n belangrike plek in. Een van die implikasies hiervan is dat kanselruil tussen predikante van kerke, wat nie in kerkverband met mekaar leef nie, uitgesluit is.

Hierdie nougesette waaksaamheid ten opsigte van die suiwerheid van leer by die toelating tot die diens van die Woord is baie belangrik as 'n voorkomende maatreël in die proses van die toepassing van leertug.

In hierdie hoofstuk is ook verskillende gevalle van leertug bespreek. Die volgende is in hierdie verband

van belang:

- dit is verblydend dat daar in baie gevalle, soms onder moeilike omstandighede, nie gehuiwer is om leertug konsekwent toe te pas nie. Hier kan die Coolhaes-geval, die Sinode van Dordrecht (1618-1619) en daarna, die Geelkerken-saak en die Kerke in die Kaap in die 19e eeu genoem word;
- ten opsigte van die handhawing van die suiwere leer en Belydenis, asook die suiwere toepassing van leertug, is die periodes rondom 1834 en 1886 tragiese tydperke in die kerkgeskiedenis. Afwykings van die suiwere leer, ontkragting van die Belydenis, afwesigheid van ware leertug, dissiplinêre optrede teen handhawers van die waarheid, was aan die orde van die dag. In 1834 moes die Gereformeerde Belydenis teen 'n *Staatskerk* verdedig word en in 1886 teen 'n *Volkskerk*. Hepp sê tereg dat die volkskerk ramspoedige gevolge vir die leertug het, want die volkskerk en die leertug verdra mekaar nie. Die volkskerk veroorsaak spanning tussen waarheid en eenheid;
- in die optrede teen Schilder en Greijdanus kom dit voor asof die sogenaamde leeruitsprake baie rigoristies afgedwing is. Dit is jammer dat die "vryheid van profesie" nie in ruim(er) mate teenoor Schilder en Greijdanus toegepas is nie. Die kerkskeuring wat op hierdie tugprosesse

gevolg het, was vir die hele gereformeerde wêreld 'n onberekenbare tragedie. Selfs die ootmoedige belydenis deur die Sinode van Amsterdam (1967-1968) kan hierdie tragedie nie ongedaan maak nie;

- die verslapping in die leertug in die G.K.N., soos afgelei kan word uit die herroeping van die besluit van die Sinode van Assen (1926), maar veral uit die hantering van die Kuitertgeval en die saak van Wiersinga, kan waarskynlik in 'n groot mate herlei word na die kerkseuring wat gevolg het op die tug teen Schilder en Greijdanus. Dit is met leedwese dat die Gereformeerde Kerke vandag moet aanskou hoedat leervryheid in die G.K.N. geduld word. Die "spanning" tussen waarheid en eenheid, wat veral in die Kuitertgeval merkbaar is, is tipies van die volkskerk. Dit is die tragedie van die hedendaagse G.K.N.

Dié kerk wat waarlik 'n heilige tempel van God en 'n pilaar en grondslag van die waarheid wil wees, moet in die volle, omvattende sin van die woord erns maak met die konsekwente toepassing van die tug oor lidmate en oor ampsdraers ... of daar nou ten opsigte van die suiwerheid van die leer of die vroomheid van lewenswandel gesondig is.

HOOFSTUK 8

TOEPASSING IN DIE PRAKTYK

1. INLEIDING

Die kerklike tug, ook oor ampsdraers (kyk hoofstuk 3) is een van die sleutels van die koninkryk van die hemele.

Daarom is in hoofstuk 2 eers nagegaan wat die kerk, die koninkryk van die hemele en die verhouding tussen die twee is. In dieselfde hoofstuk is ook oor die amp gehandel. Aandag is onder meer gegee aan die oorsprong en wese van die amp, aan die belangrikheid van amp en roeping en aan die verhouding tussen amp en kerk, asook amp en koninkryk van die hemele. Ook is vasgestel dat "amp" en "diens" twee woorde is wat dieselfde gedagte uitdruk.

Die doel van die tug oor ampsdraers - sō is in hoofstuk 3 bevind - is die eer van God, die heil van die gemeente, die behoud van die sondaar en die reinheid van die bediening. Hierdie tug is geestelik en dit geskied uit liefde. Trouens, as sodanig is tug oefening vanself 'n liefdeshandeling.

Bogenoemde resultate van die vorige hoofstukke is begryplikerwys van die uiterste belang vir die suiwere,

praktiese toepassing van die tug op ampsdraers in verskillende gevalle, soos dit in hierdie hoofstuk behandel sal word.

Van groot belang vir die korrekte praktiese toepassing van die tug op ampsdraers is die neerslag van die studie in hoofstukke 4 tot 6, insake die subjek(te) van die tug oor ampsdraers. Kennis en begrip van die regte verhouding tussen en die gesonde medewerking van kerkraad en meerdere vergaderings, veral ook van die tugreg van meerdere vergaderings, is onmisbare toerusting vir die suiwere toepassing van die tug op ampsdraers in verskillende gevalle.

Aan leertug sal in hierdie hoofstuk 'nie veel aandag geskenk word nie, aangesien dit breedvoerig in hoofstuk 7 behandel is.

Hier in hoofstuk 8 gaan dit dus hoofsaaklik oor die praktiese toepassing van die tug op ampsdraers in verskillende omstandighede en oor die probleme, gevare en belangrikheid wat daaraan verbonde is.

Hier sal veral gewaak moet word teen die sogenaamde "presedensiële" kerkreg, waar voorbeelde en presedente van die verlede tot rigsgoere en norme verhef word (kyk hoofstuk 6, punt 1).

2. "OPENBARE GROWWE SONDE ..."

"As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf ..."

S6 begin art. 79 K.O. Na hierdie twee begrippe: "openbare" en "growwe" moet vooraf eers noukeurig gekyk word. 'n Ampsdraer word beslis nie as gevolg van allerlei onbenullighede geskors en afgesit nie.

2.1 Onderskeid tussen geheime en openbare sondes

Oor hierdie interessante en belangrike kwessie, en die verklarings van sekere geleerdes in hierdie verband, het Visser (1980, p. 100-103) tot sekere bevindings gekom, wat hier weergegee word.

In Matthëus 18:15 sê Jesus: "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen ..."

Daar bestaan egter by hierdie vers 'n tekskritiese probleem, naamlik of die woorde: "teen jou" ("eis se") hier tuishoort of nie.

Grosheide beweer dat hierdie woorde in die beste handskrifte ontbreek en daarom weggelaat moet word. Volgens hom is hier geen kwessie van openbare of geheime sondes nie, maar van sondig in die algemeen (1952, p. 43; 1954, p. 282).

Metzger (1971, p. 45) ag dit moontlik dat die woorde "eis se" 'n vroeëre interpolasie in die oorspronklike

teks is, wat dalk deur oorskrywers afgelei is van die gebruik van die woorde "teen my" ("eis eme") in vers 21. Aan die ander kant stel hy ook die moontlikheid dat die weglating van "eis se" òf opsetlik was (ten einde die gedeelte toepaslik te maak op sonde in die algemeen) òf per ongeluk.

Finale en absolute duidelikheid oor hierdie kwessie is tans blykbaar nog nie in sig nie. Tog lewer 'n vergelyking van Mattheüs 18:15 met ander Skrifgedeeltes interessante lig.

In hoofstuk 18:21 vra Petrus: "Here, hoe dikwels sal my broeder *teen my* sondig ...?" (Eie kursivering, J.V.). Grosheide (1954, p. 285) sê dat daar maar net 'n los verband met vers 15 is. Die inhoud van die twee verse dui egter tog daarop dat vers 21 *baie waarskynlik* aansluit by vers 15.

Interessante gegewens kom ook na vore wanneer Mattheüs 18:15 vergelyk word met Lukas 17:3,4. In vers 3 kom die woorde "teen jou" ("eis se") in die beste handskrifte nie voor nie, maar in vers 4 wel (Aland, Black, Martini, Metzger en Wikgren, 1970, p. 281-282). By vers 3 merk Greijdanus op dat Christus vergewing nā berou voorskryf. Hierdie feit wys vir hom in die rigting van 'n *persoonlike* oortreding, omdat enige lidmaat tog nie die sondes van ander kan vergeef nie (1940, p. 810).

Die ooreenkoms tussen Mattheüs 18:15 en Lukas 17:3,4 is baie duidelik: albei die betrokke gedeeltes volg

op wat Jesus oor die struikelblokke sê, terwyl daar ook ooreenkoms is wat die *inhoud* betref. Met die oog daarop dat die woorde "eis se" in Lukas 17:4 in die beste handskrifte *wel* voorkom, lyk dit dus waarskynlik dat dit ook in Mattheüs 18:15 tuisshoort.

Meyer (1879) ag dit baie onwaarskynlik dat "eis se" nie in Mattheüs 18:15 tuisshoort nie en dat Jesus hier sou spreek van enige sonde sonder beperking. Sou dit in daardie geval dan nie neerkom op 'n toesig "omnium contra omnes" nie? "The reference can only be to private charges, to offences in which the one sins against the other ..." (p. 10-11).

Dit is wel opmerklik dat die onderskeid tussen geheime en openbare sondes alreeds in die Weselse Artikels van 1568 uitdruklik in die voorgeskrewe tugprosedure gehandhaaf is. Daarná kom 'n soortgelyke onderskeiding, gefundeer op Mattheüs 18, herhaaldelik voor in die "Acta" en Kerkordes van verskeie sinodes, tot en met die Kerkorde van die Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618-1619 (Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 29-30, 40, 123, 157, 210, 246).

Volgens Weijland (1965, p. 157) stel Augustinus I Timotheüs 5:20 ("Bestraf die wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, ...") en Mattheüs 18:15 ("... gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen ...") teenoor mekaar en sê dat geheime sondes in die geheim en openbare sondes in die openbaar bestraf moet word.

Bucer verklaar die "teen jou" van Mattheüs 18:15 as

"coram te vel te conscio, magis quam contra te".
("In jou teenwoordigheid of met jou medewete, eerder as teen jou"). (Van't Spijker, 1970, p. 69). Ook Calvyn beweeg in dieselfde rigting as hy dit s6 verklaar: met jou medewete, sodat nie meer mense daarvan weet nie (1949, Derde Deel, p. 258).

Grammatikaal is hierdie verklaring van Bucer en Calvyn wel in orde (kyk Liddell en Scott, 1961, p. 491; vergelyk Handeling 22:30).

Calvyn maak ook, soos Augustinus, 'n duidelike onderskeid tussen geheime en openbare sondes op grond van Matth6us 18:15 en I Timothe6us 5:20. Die geheime sondes is di6, wat slegs by enkele persone bekend is. Die openbare sondes is egter algemeen bekend en het openbare aanstoot gegee (1949, Derde Deel, p. 258, 261-262).

Jansen (1913, p. 195-196) meen dat Christus met die uitdrukking "sondig teen jou" wil s6: 'n sonde teen jou persoonlik, 'n belediging of 'n onreg wat jou persoonlik aangedoen is. Uit hierdie re6l van Christus het die kerke, volgens hom, die onderskeiding tussen die geheime en openbare sondes afgelei. Ook Bavinck (1930, p. 405) sien in Matth6us 18:15 'n verwysing na 'n persoonlike belediging of onreg.

Dit is opmerklik dat Jansen later die onderskeid tussen geheime en openbare sondes nie meer fundeer op die woorde "teen jou" in Matth6us 18:15 nie, maar

op verskeie ander tekste soos Spreuke 10:12, I Korintheërs 13:7 en Jakobus 5:19, 20 (1952, p. 311-312).

Ten spyte van die tekskritiese probleem in Matthëus 18:15, is dit egter tog duidelik dat Christus 'n "geheime" vermaning onder vier oë voorskryf. Ook dui I Korintheërs 13:7 en Jakobus 5:19, 20 daarop dat 'n lidmaat nie in alle gevalle summier die sonde van 'n ander openbaar mag maak nie. Hierdie gegewens veronderstel dus dat daar wel so-iets as "geheime sondes" is.

Die Nuwe Testament leer egter in sekere gevalle ook *openbare* bestraffings sonder voorafgaande "geheime" vermanings. Dit veronderstel weer "openbare sondes".

In Handeling 8:20 word byvoorbeeld beskryf hoe Petrus teenoor Simon die towenaar optree. Hierdie Simon was klaarblyklik 'n leidende figuur in Samaria en 'n lidmaat van die gemeente aldaar (verse 9, 10 en 13). Toe hy egter probeer om die mag tot mededeling van die Heilige Gees deur geld te verkry (verse 18-19), het Petrus hom onmiddellik baie skerp in die openbaar bestraf (vers 20). Petrus neem hom nie eers opsy vir 'n "geheime" vermaning nie, maar sy openbare sonde het 'n direkte openbare bestraffing vereis.

In Galasiërs 2 beskryf Paulus hoe hy Petrus "openlik" (vers 11), "in teenwoordigheid van almal" (vers 14) vermaan het. Die openbare aard van Petrus se geveins

het 'n openbare bestraffing nodig gemaak, "... omdat hy veroordeeld gestaan het" (vers 11).

'n Derde voorbeeld is I Timótheüs 5:19-20. In vers 19 vermaan Paulus Timótheüs om nie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aan te neem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie. As daar dan so 'n geval voorkom waar 'n ouderling sondig, moet hy "in die teenwoordigheid van almal" bestraf word. Volgens Bouma (1942, p. 194) gaan dit hier om 'n ouderling wat 'n ergerlike sonde begaan het; hy moet in teenwoordigheid van al die ander ouderlinge bestraf word.

Op grond van die voorgaande gegewens kan dus die stelling gemaak word dat die Nuwe Testament onder die objekte van die kerklike tug (dus ook in die geval van ampsdraers) onderskei tussen diegene wat in die geheim en diégene wat openlik sondig.

Aansluitend by die voorafgaande bevindings, kan ook verwys word na die meningsverskil tussen die Kerk van Leiden en die deputate van die Provinsiale Sinode te Haarlem (1582) insake Matthéüs 18. Hierdie meningsverskil het in verband gestaan met die tug oor Coolhaes.

Die Kerk van Leiden het beweer dat die reël van Matthéüs 18 eers in hierdie geval teenoor Coolhaes toegepas moes gewees het. Dit het egter nie gebeur nie (Rutgers, 1889, p. 573, vergelyk p. 580-581).

Die verweer van die deputate van die Provinsiale Sinode van Haarlem op hierdie bewering was (tereg) dat Matthéüs 18 spreek van geheime sondes, terwyl die sonde van Coolhaes openbaar was. Daarom was die reël van Matthéüs 18 nie in hierdie geval van toepassing nie (Rutgers, 1889, p. 580-581).

Volgens Jansen (1952, p. 339) word 'n ampsdraer nie weens 'n geheime klein foutjie getug nie. Reeds die Konvent te Wesel, sê hy, het geoordeel dat die ampsdraers nie ligvaardig aan lasteringe mag blootstaan nie. Weens geheime, ligter sondes moet hulle wel vermaan, bestraf en desnoods met woorde gekasty word. Hulle mag egter nie as gevolg daarvan geskors of afgesit word nie. Hulle word eers voorwerpe van die tug wanneer hulle 'n openbare growwe sonde bedryf (Vergelyk Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 30-32).

Jansen toon dan aan dat 'n sonde openbaar is as dit van nature openbaar is of deur veragting van die kerklike vermanings openbaar geword het. As 'n ampsdraer in die geheim gesondig het en daaroor volgens Matthéüs 18 in die geheim vermaan is, maar geen berou betoon het nie, selfs nie ná 'n tweede vermaning nie, moet dit aan die "gemeente" (kerkraad) gerapporteer word. Sō is die sondaar self die oorsaak dat die geheime sonde openbaar geword het en hy 'n voorwerp van tug geword het (1952, p. 339; 1913, p. 337-338; vergelyk Rutgers, aangehaal deur De Jong, 1918, p. 104-105; Janssen, 1963, p. 9; Du Preez, 1955, p. 22).

Caswell (1960, p. 90) wys daarop dat Calvin I Timótheüs 5:20 aanhaal as bewys dat 'n openbare en skandelijke sonde, selfs in die geval van 'n ouderling, openlik bestraf moet word.

Die bepaling dat 'n ampsdraer eers in geval van 'n *openbare* growwe sonde geskors en/of afgesit moet word, kom voor in die "Acta" van die Sinode van Emden (1571), dié van die Sinode van Dordrecht (1578), die Kerkorde van die Sinode van Middelburg (1581), dié van die Sinode van 's Gravenhage (1586) en dié van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) (kyk Hooijer, 1865, p. 72, 159, 207-208, 279 en 458-459; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 42, 125, 158, 212 en 248).

Hierdie onderskeid tussen geheime en openbare sondes en die bepaling dat 'n ampsdraer eers in geval van 'n openbare sonde geskors en/of afgesit moet word, lê dus stewig geanker in die Skrif en in die besluite van die belangrikste (Gereformeerde) Sinodes van die 16e en 17e eeue.

2.2 "Growwe" sonde

Die begrip "growwe" sonde is baie relatief. Wat vir die een geld as grof, kan vir die ander nie so erg wees nie. Hierdie term alleen sou dus aanleiding kon gee tot ongesonde willekeur, wat slegs sou lei tot on-eer van God, tot skade vir die kerk en die beskuldigde ampsdraer asook tot nadeel van die bediening.

Daarom is dit goed dat daar in die Kerkorde 'n nadere

omskrywing bygevoeg word. Benewens die sogenaamde sondelys in art. 80 K.O., wat later bespreek sal word, word die sondes, wat skorsing of afsetting verdien, in art. 79 omskryf as dié "wat in die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, ..."

'n Volledige kasuïstiese katalogus van moontlike sondes, wat met skorsing of afsetting getug moet word, is nie slegs onmoontlik nie, maar ook onnodig.

Die kerkorde is geen wetboek wat letterlik alle strafwaardige oortredings aandui nie. Elke geval sal volgens eie omstandighede beoordeel moet word ... nie volgens die onbetroubare en wisselvallige maatstaf van die *mens* nie, maar volgens die voorskrifte en beginsels van die Woord en Wet van die HERE. Dit is die enigste absolute maatstaf. (Vergelyk hier die verskeidenheid van tugwaardige sondes volgens die Skrif, soos in hoofstuk 7, punt 2, opgenoem).

Jansen (1913, p. 338) sê dat "growwe" sondes opvallende sondes is, sondes wat groot ergenis in die gemeente gee.

In die lig van die vereistes waaraan 'n ampsdraer volgens die Skrif moet beantwoord (vergelyk I Timótheüs 3 en Titus 1), kan gesê word dat enige sonde, waardeur 'n ampsdraer homself die amp onwaardig maak, 'n "growwe" sonde is, wat skorsing of afsetting verdien. In die tug oor ampsdraers gaan dit in 'n belangrike mate immers om die *bediening* wat nie beklad mag word nie (II Korintheërs 6:3; kyk hoofstuk 3, punt 4.4,

van hierdie studie).

Die bedoeling van hierdie bepaling: "growwe" sonde in art. 79 K.O. moet dus gesien word as 'n poging om ampsdraers teen allerlei kleinlikhede en 'n ongegronde ketterjag, op grond van beuselagtighede, te beskerm.

Per slot van rekening is 'n ampsdraer 'n swak en son-dige "werktuig" van die Koning van die Kerk, Jesus Christus. As hy as gevolg van elke klein afwyking en elke minder-belangrike struikeling geskors en/of afgesit moes word, sou die Naam en die eer van sy Sender daardeur tot 'n aanfluiting in die wêreld gemaak word.

Vandaar die beperking in art. 79 K.O., wat in art. 80 nader omskryf word.

2.3 Die "sondelys" in art. 80 K.O.

Soos reeds in die vorige onderafdeling gesê, is 'n volledige kasuïstiese katalogus van moontlike tug-waardige sondes nie slegs onmoontlik nie, maar ook onnodig.

Dit is in elk geval ook nie die bedoeling van art. 80 om so 'n katalogus te gee nie. Dit blyk uit die bewoording in die begin: "... is die volgende *die vernaamste*: ..." en aan die einde: "... kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak". (Eie kursivering, J.V.).

Van't Spijker (1970) beweer dat Bucer vir die eerste keer in die geskiedenis van die protestantse kerkreg 'n "sonderegister" gee, waarin hy onderskei tussen sondes wat aanleiding gee tot korreksie en sondes wat in 'n ampsdraer onverdraaglik is (p. 235). Die "sonderegister" word dan volledig weergegee (p. 236). Van't Spijker ag dit dan aanneemlik dat Calvyn van hierdie "sonderegisters" van Bucer gebruik gemaak het. Vandaar het dit in gewysigde vorm 'n plek gekry in die artikels van die Konvent te Wesel en via die Weselse artikels is dit opgeneem in die kerkregtelike bepalings van verskillende Nederlandse Sinodes (p. 236-237).

In art. 24 van die "Ordonnances Ecclesiastiques" van 1541, eerste redaksie, is onderskeid gemaak tussen skanddade en vergrype. Skanddade mag hoegenaamd nie in 'n ampsdraer geduld word nie, terwyl vergrype tot 'n mate verdra kan word (Plomp, 1969, p. 266). Plomp gee dan 'n lys van die "skanddade" en "vergrype" (1969, p. 266).

Rutgers toon ook aan hoedat die "sondelys" in art. 80 K.O. van die Geneefse Kerkorde af, via die Weselse artikels en die verskillende Nederlandse Kerkordes, in die "hedendaagse" Kerkorde opgeneem is (aangehaal deur De Jong, 1918, p. 105-106; vergelyk ook Bos, 1950, p. 301-303; Hooijer, 1865, p. 50-51, 208, 279, 459; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 30-32, 158-159, 212-213, 248; H. Bouwman, 1912, p. 269-270; 1934, p. 664-665; Jansen, 1913, p. 334-336).

As eerste van die "vernaamste" sondes by ampsdraers, wat skorsing of afsetting verdien, word "valse leer of kettery" genoem. Dit is alreeds uitvoerig in hoofstuk 7 behandel.

Vervolgens word "*openbare skeurmakery*" aangetoon as 'n sonde "wat skorsing in of afsetting uit die diens verdien".

H. Bouwman (1912) sê dit is duidelik dat 'n openbare skeurmaker geen opsiener kan wees nie. Hy verskeur tog die liggaam van Christus. In die Roomse Kerk, asook in die Griekse Kerk, is die skeurmakers uit die amp geweier en 'n kerklike begrafnis is hulle geweier. H. Bouwman sê dat skeurmakery veelal gepaard gaan met kettery en tot kettery lei. (Miskien is die teenoorgestelde meer dikwels waar, dat kettery juis tot skeurmakery lei, J.V.). In die Nagmaals-formulier word ook uitdruklik verklaar dat "almal wat skeuring en oproer in kerk en staat wil veroorsaak" van die nagmaal geweier moet word. Vanselfsprekend kan hulle dan ook hoegenaamd nie tot die kerklike ampte toegelaat of daarin geduld word nie (p. 271-272; 1934, p. 666-667).

In hierdie verband kan ook verwys word na Galásiërs 5:20, waar Paulus onder andere "tweedrag" en "party-skap" as "werke van die vlees" kwalifiseer en sê dat dié, wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie (vers 21; vergelyk hoofstuk 7, punt 2 van hierdie studie). (Vergelyk by hierdie openbare skeurmakery ook Jansen, 1913, p. 339-340).

As voorbeeld van 'n ampsdraer wat weens die sonde van skeurmakery geskors en afgesit is, kan verwys word na die tug oor prof. K. Schilder, wat in vorige hoofstukke breedvoerig bespreek is (kyk hoofstuk 5, punte 4.2.3 en 7.3; hoofstuk 6, punt 11.5; hoofstuk 7, punt 5.5).

"Openbare godslastering" word in art. 80 K.O. ook aangedui as 'n sonde wat skorsing of afsetting verdien. Hierdie sonde is, volgens H. Bouwman (1912), om lasterlik te spreek van God en van dit wat heilig is. Die Roomse Kerk reken hierdie sonde tot die "delicta mixta" (gemengde oortredings), wat ook onder die straf van die wêreldlike regter val. Dit moet ook, volgens die Roomse Kerk, tot ekskommunikasie lei. H. Bouwman wys voorts daarop dat die Roomse Kerk ook *afdwaling van die regte geloof* onder hierdie sonde geklassifiseer het. S6 is ketters, ook die gelowiges in die tyd van die Reformasie, wel veroordeel weens godslastering. As die kerk egter vervals is en "ongoddelike" leringe huldig, is reformasie nodig en kan 'n breuk met die kerk 'n plig word. Ook moet onder godslastering nie verstaan word dat iemand in drif of deur dwaling verkeerde woorde gebruik nie. Godslastering is 'n weloorwoë en opsetlike lasterlike spreke oor God en oor dit wat heilig is. S6 'n groot kwaad moet met afsetting uit die diens gestraf word (p. 272; 1934, p. 667). Jansen (1913, p. 340) noem openbare godslastering die hoogste graad van die misbruik van die Naam van die Here, waarby nie 'n mens of enige ander skepsel nie, maar God self en

sy deugde tot voorwerp van vervloeking gemaak word.

In I Timótheüs 1:20 sê Paulus dat hy Himenëus en Alexander "aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie". (Vir bespreking hiervan, kyk hoofstuk 7, punt 2).

"*Simonie*" - die volgende sonde wat in art. 80 genoem word - is afgelei van Simon die townenaar, wat volgens Handeling 8:18-19 die gawe van die Heilige Gees deur geld probeer verkry het. H. Bouwman verklaar simonie dan hiervolgens as 'n poging om deur die gee van geld 'n amp of 'n geestelike gawe te verkry. Die vorste van die Frankiese Ryk het in die 6e eeu begin om die bisdomme vir geld te verkoop. Die Sinode van Orleans het reeds in 533 teen hierdie sonde opgetree. As middel daarteen het die Sinode gestel dat die gemeente self die reg moes besit om sy voorgangers te benoem. In die middeleeue het dit op hierdie punt tussen die wêreldlike en die kerklike mag onder Gregorius VII tot 'n gewigtige stryd gekom. Juis omdat aan die kerklike amp dikwels groot stoflike voordele of wêreldse regte verbonde was, het simonie dikwels voorgekom. Die Roomse Kerk en later ook die Lutherse en Gereformeerde Kerke het simonie verbied as 'n ongeoorloofde middel tot verkryging van 'n amp en het dit met ekskommunikasie gestraf (1912, p. 272-273; 1934, p. 667-668; Jansen, 1913, p. 340-341).

Interessant is in hierdie verband die gebeurtenisse rondom ds. J. Beyer, predikant van Reddersburg.

Weens siekte van sy vrou gaan ds. Beyer en sy gesin, met verlof van sy kerkraad, vir agt maande na Nederland. Hy aanvaar 'n beroep na die Gereformeerde Kerk, Alblasserdam, sonder behoorlike losmaking van die Gereformeerde Kerk, Reddersburg. Ná sy bevestiging te Alblasserdam word eervolle losmaking aan hom deur die Gereformeerde Kerk, Reddersburg, verleen (Van der Vyver, 1958, p. 356; Spoelstra, 1963, p. 236).

Ds. Beyer skryf aan lidmate van Reddersburg dat dit in Alblasserdam met hom en sy gesin sleg gaan. Van der Vyver (1958, p. 356) beweer dat dit duidelik is dat ds. Beyer 'n beroep wou uitlok, terwyl Spoelstra (1963, p. 237) dit ontken.

Ds. J. L. Cachet kla ds. Beyer by die konsulent aan van simonie, asof hy 'n beroep afgekoop het, asook van onsedelike gedrag. Ds. D. Postma skryf in hierdie verband 'n ope brief aan sy neef, Coetsee, in Reddersburg. Hy skryf ook 'n onvriendelike en dreigende brief aan ds. Beyer en stuur afskrifte van Cachet se beskuldigings teen Beyer aan al die Gereformeerde predikante. Die Algemene Vergadering van Transvaal het ds. Beyer op ds. Postma se brief onverhoord veroordeel. Van kerkregtelike optrede is hier nie sprake nie. Later is ds. Beyer ook op 'n soort "gecombineerde kerkraadsvergadering", totaal buite orde, in sy afwesigheid en selfs sonder 'n brief van verdediging, skuldig bevind. Hy sou derhalwe nie meer in Suid-Afrika beroepbaar wees nie (Spoelstra, 1963, p. 237-238; Jooste, 1958, p. 154-155; vir 'n

breër beoordeling van hierdie optrede teen ds. Beyer, kyk Spoelstra, 1963, p. 237-239, asook Van der Vyver, 1958, p. 356-357).

Ná simonie noem die Kerkorde "*trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander*". Hierdie sonde word dikwels verwar met *eiewillige neerlegging van die amp*, wat afsonderlik in hierdie hoofstuk behandel sal word, hoewel dit nie by name in art. 80 K.O. genoem word nie. Die Sinode van die G.K.S.A. (1973) het bepaal dat met "*trouelose verlating van diens*" iets anders bedoel word as "*eiewillige neerlegging van die amp*", soos veral blyk uit die volgende woorde in art. 80 K.O.: "*of indringing in die diens van 'n ander*". *Trouelose verlating van diens* is, volgens genoemde Sinode, nie prysgawe van *ampsregte* nie, maar betref net die *ampsplygte*. Dit is om die eie gemeente sonder wettige afskeid in die steek te laat om op onreëlmatige wyse 'n ander gemeente te gaan dien. Daarom vereis *trouelose verlating van diens* "*skorsing en afsetting*" om die *ampsregte* te beëindig (Visser, 1973, p. 316-317).

Jansen sê dat hierdie sonde in die 16e eeu, toe daar nog nie vastigheid in die kerklike lewe was nie, telkens voorgekom het. Reeds te Wesel (1568) is dan ook bepaal dat 'n *ampsdraer* die kerk, wat hy dien, gladnie mag verlaat sonder kennis en oordeel van die klassis nie. Omgekeerd mag 'n kerk sy *ampsdraers* nie losmaak sonder die klassis nie (hoofstuk V, art. 18) (1913, p. 341).

Van der Vyver (s.j., bladsye ongenommer, by art. 80, punt 2) verklaar trouelose verlatting van die diens as 'n onwettige en doelbewuste nalating van die diens wanneer 'n ampsdraer byvoorbeeld weggloop soos 'n slegte dienskneg en hom só aan sy diens onttrek sonder goedkeuring van sy kerkraad en die betrokke meerdere vergadering. Dit kom neer op 'n eiewillige bedanking uit die amp. Indringing in die diens van 'n ander is wanneer 'n ampsdraer hom ongevraagd bemoei met en indring in die diens van 'n ander ampsdraer, byvoorbeeld ds. A gaan doen op eie inisiatief huis-besoek by beswaarde lidmate in die gemeente van ds. B..

Hier moet opgemerk word dat die verklaring van Van der Vyver nie ooreenstem met die bevinding van die Sinode van 1973, waarna hierbo verwys is nie.

Uit die punktuasie en die gebruik van die woord "of" in art. 80 K.O. kom dit voor asof "trouelose verlatting van die diens of indringing in die diens van 'n ander" bedoel word as twee aspekte van dieselfde oortreding, wat gesamentlik of afsonderlik gepleeg kan word. Dit is dus iets anders as eiewillige neerlegging van die amp.

"Meineed" is 'n sonde teen die derde gebod. Dit is om vals 'n eed te neem wat beteken om iets voor God as waarheid te verklaar en God as getuie daarvoor in te roep terwyl jy weet dat dit 'n leuen is. Dit is 'n gruwelike vorm van godslatering (Van der Vyver, s.j.,

bladsye ongenommer, by art. 80, punt 2).

In die Nagmaalsformulier word "almal wat vals sweer" gereken onder diegene wat 'n oordeel oor hulleself sal eet en drink as hulle nagmaal sou gebruik. In Sondag 36 van die Heidelbergse Kategismus word "n valse eed" aangedui as 'n oortreding van die derde gebod.

Jansen sê dan ook dat meineed deur die owerheid streng gestraf word en veral in 'n ampsdraer nie geduld mag word nie (1913, p. 341). (Vergelyk hier die bewoording in art. 79 "... wat ... ook by die owerheid strafbaar is, ...").

Van die volgende sondes wat verder in art. 80 genoem word: *egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery*, hoef nie 'n nadere verklaring gegee te word nie, omdat dit in sigself duidelik is. Die Woord van God is in hierdie opsig vir geen misverstand vatbaar nie, veral in Skrifge-deeltes soos I Korintheërs 5, 6:10, Galásiërs 5: 19-21, Efésiërs 5:3-5, asook I Timotheüs 3:2-12 en Titus 1:6-9. (Vergelyk in hierdie verband hoofstuk 7, punt 2). By *onregverdige winsbejag* kan opgemerk word dat dit tuisgebring kan word onder die woord: "vuilgewinsoeker" ("aischrokerdes") in I Timotheüs 3:8 en Titus 1:7 (vergelik Aland, Black, Martini, Metzger, Wikgren, 1970, p. 723 en 740, waar dit vertaal word met "greedy". So-ook deur Liddell en Scott, 1961, p. 43. Kyk ook Bultmann (1964, p. 189-190).

Dieselfde Griekse woord word ook in I Petrus 5:2 gebruik, waar die apostel die ouderlinge vermaan om as herders toesig oor die kudde van God, wat onder hulle is, te hou ... nie "om vuil gewin" nie. Van der Vyver (s.j., bladsye ongenommer, by art. 80, punt 2) verklaar hierdie "onregverdige winsbejag" as 'n vermeerdering van die inkomste op 'n oneerlike wyse. "Hieronder val ook dobbelary, lotery en smokkelhandel".

Uit die voorafgaande bespreking van die sondes wat in art. 80 K.O. by name genoem word, is dit duidelik dat 'n ampsdraer in sy lewenswandel vroom moet wees en 'n goeie voorbeeld vir die gemeente moet stel. Paulus se opdrag aan Timótheüs geld vir elke ampsdraer: "... wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid." (I Timótheüs 4:12; vergelyk ook Titus 2:7).

Wanneer 'n ampsdraer 'n openbare growwe sonde bedryf ... 'n sonde of 'n misdaad wat hom by die wêreld en die kerk eerloos maak en hom dus ook vir die amp onwaardig maak, moet hy geskors en/of afgesit word. Die noodsaaklikheid van die tug oor ampsdraers hou ten nouste verband met die ontsettende verantwoordelikheid van die amp. Dit kom veral duidelik na vore in Skrifgedeeltes soos Eségiël 3:16-27; 33:1-11; 34:1-10; Handeling 20:28; II Korintheërs 5:20; 6:3. 'n Onwaardige dienskneg mag nie straffeloos die heerskappy van Christus in die kerk deur sy sonde "kragte-

loos" maak nie. Die eer van God, die heil van die gemeente en die reinheid van die bediening moet deur die tug oor ampsdraers beskerm word.

Hierdie tug word egter nie toegepas om die ampsdraer as mens te verneder, te vertrap of weg te stoot nie, maar juis om hom, tot eer van die Here, te behou en hom in liefde op sy verkeerde pad te stuit.

'n Kerk, wat 'n skuldige ampsdraer tugteloos op sy sondepad laat gaan en hom in die amp laat bly, openbaar ontrouheid aan sy roeping om God se eer te handhaaf en die welsyn van die gemeente te soek. So 'n kerk is in werklikheid ook liefdeloos teenoor die sondaar en onverskillig teenoor die suiwer bediening.

3. HOE KOM 'N TUGSAAK ORDELIK TER TAFEL?

In hierdie afdeling moet weer duidelik gestel word dat *enige* tugsaa, ook teen 'n ampsdraer, deur die *kerkraad* (lees: ouderlinge, art. 37 K.O.) hanteer word, en nie deur die kerkraad saam met die diakens, soos ten onregte deur Kruger (1966, p. 467) beweer word nie. (Vergelyk hier art. 79 K.O., waar slegs gesprek word van "kerkraad", asook die besluit van die Sinode van die G.K.S.A.: Bester, 1979, p. 560, art. 157. Kyk ook hoofstuk 4, punt 4.2 van hierdie studie).

'n Kerkraad mag ook 'n tugsaa teen 'n ampsdraer ter tafel neem, selfs al is daar geen klag van *buite* die kerkraad ingedien nie. 'n Saak kan byvoorbeeld by die hele kerkraad of by die meerderheid van die kerk-

raad s6 openbaar en duidelik wees dat daar geen noodsaaklikheid bestaan vir klaers van buite nie. Die kerkraad moet die saak dan, kragtens die openbaarheid en duidelikheid daarvan, ter tafel neem. Die kerkraad konstateer dan, op grond van eie kennis, die sonde self, asook die tyd en plek waar en wanneer dit begaan is. Die beskuldigde ampsdraer word dan daarmee gekonfronteer. Dit kom dus daarop neer dat die kerkraad self die klag opstel (vergelyk Van der Linde, 1977, p. 21-22).

Wanneer daar egter wel 'n klag van *buite* die kerkraad aanhangig gemaak word, is daar 'n baie belangrike Skrifbeginsel wat deeglik in ag geneem moet word *voordat* 'n kerkraad so 'n klag ter tafel mag neem. Hierdie beginsel word gevind in I Tim6the6s 5:19: "Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie".

Paulus skerp Tim6the6s in hierdie gedeelte op om die ouderlingamp hoog te hou (vergelyk vers 17: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word,..."). Veral wanneer daar 'n *beskuldiging* teen 'n ouderling gemaak word, moet daar groot versigtigheid aan die dag gelê word.

Bornkamm (1968, p. 666) wys daarop dat die ouderlinge, ooreenkomstig I Tim6the6s 5:19, spesiale dissiplinêre beskerming geniet.

Die woord "aanneem" (in Grieks "paradechou", van die

stamwoord wat saamgestel is van "para" en "dechomai", kyk Liddell en Scott, 1961, p. 1308) word in die "Today's English Version" vertaal met: "Do not listen to ..." (Aland, Black, Martini, Metzger, Wikgren, 1970, p. 727). Daar mag dus hoegenaamd nie eers *aandag* gegee word aan 'n beskuldiging teen 'n ouderling wat nie deur twee of drie getuies gestaaf word nie.

H. Bouwman (1912, p. 266) verklaar dit ook sō: sonder die getuienis van twee of drie mag 'n beskuldiging teen 'n ouderling nie *aangeneem* word sodat dit *in behandeling geneem* kan word nie. Die rede hiervoor is juis omdat die duiwel so graag die werk van Christus se gesante wil verydel, hulle woorde kragteloos wil maak en hulle invloed wil verydel deur hulleself tot die kwaad te verlei of deur 'n vlek op hul goeie naam te plaas. Daar word so ontsettend baie gelaster teen die *dienaars* van die Here om die *saak* van die Here teen te staan. (Eie kursivering, J.V.. Kyk ook 1934, p. 661; Jansen, 1913, p. 332-333).

Paulus maak hier die *algemene* beginsel van Deuteronomium 19:15 (vergelyk Deuteronomium 17:6) *spesiaal* van toepassing op ouderlinge (en per implikasie dus ook op diakens). Die ampsdraers word dus *in besonder* beskerm teen kwaadwillige beskuldigings (vergelyk Bouma, 1942, p. 192-193).

Calvyn sê dit is vreemd dat Paulus hier 'n wet wat vir almal geld (Deuteronomium 17:6; Matthëus 18:16) spesifiek van toepassing maak op ouderlinge. Sy verklaring daarvoor is dat dit 'n noodsaaklike middel is

teen die kwaadwilligheid van mense. Niemand is meer blootgestel aan laster en skinder as die getroue leermeesters of herders nie. Daarom stel Paulus die eis dat daar eers voldoende bewys gelewer moet word van skuld (1856, p. 140-141).

Bouma (1942, p. 192-193) wys daarop dat die Griekse woord "epi" ("op" die getuienis ...) ook kan beteken: "in teenwoordigheid van". Dan sou Paulus hier slegs bedoel dat daar twee of drie getuies moet by wees om later bloot die feit van die ingediende aanklag te kan bevestig. Tereg sê hy egter dat hierdie opvatting in stryd met die gedagtegang van Deuteronomium 19:15 is. Self wil hy dan "epi" opneem as "op grond van", "ondersteun deur", sodat die twee of drie getuies inderdaad self ook die aanklag ondersteun. (Vergelyk hier Strathmann, 1967, p. 490); H. Bouwman, 1912, p. 266; 1934, p. 661-662; Jansen, 1913, p. 333; Van der Linde, 1977, p. 21).

⁂ Kerkraad mag dus onder geen omstandighede ⁂ klag teen ⁂ ampsdraer *in behandeling neem* as daar nie ten minste twee of drie getuies is, *wat die klag steun nie*.

Interessantheidshalwe kan hier verwys word na die onreg teen ds. J. Beyer (kyk punt 2.3 van hierdie hoofstuk), deurdat eers ds. J. L. Cachet en later ds. D. Postma hierdie belangrike Skriftuurlike bepaling in hul aanklagte teen ds. Beyer nie eerbiedig het nie (vergeelyk Spoelstra, 1963, p. 237-238 en Jooste,

1958, p. 154-155 vir historiese besonderhede. Ook in Postma se beskuldigings teen ds. S. D. Venter in verband met 'n brief van ds. Cachet, is hierdie bepaling oortree. (Ds. Venter is op grond daarvan vermaan; vergelyk Jooste, 1958, p. 155-159; Spoelstra, 1963, p. 238 vir historiese besonderhede). Dieselfde gebeur weer as ds. S. D. Venter ds. D. Postma vanweë valse leer by die Kerkraad van Burgersdorp aankla (kyk Van der Vyver, 1958, p. 365-366).

4. VOORLOPIGE SKORSING (kyk hoofstuk 3, punt 5.3.1)

"As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf ..."

Hierdie bewoording van art. 79 K.O. gaan van die veronderstelling uit *dat* daar reeds deur die kerkraad, deur middel van 'n *voorlopige* ondersoek, met 'n redelike mate van sekerheid die *moontlikheid* van skuld by die aangeklaagde ampsdraer vasgestel is. Daar is dus reeds 'n "prima facie"-saak, 'n saak "by die eerste aansig", uitgemaak dat die klag *waarskynlik* gegrond en gewigtig is.

Die regte prosedure is dus soos volg: indien daar 'n beskuldiging of klag teen 'n ampsdraer by die kerkraad aanhangig gemaak word, moet eers vasgestel word of dit *formeel* in orde is (kyk punt 3 van hierdie hoofstuk). Indien wel, moet die kerkraad, deur middel van 'n *voorlopige* ondersoek van die *inhoud* van die beskuldiging of klag, sekerheid verkry dat dit sodanig gegrond is dat hy (die kerkraad) verder daarop

moet ingaan. As dit *níe* behoorlik gegrond is nie, gaan die kerkraad vanselfsprekend nie met die saak voort nie.

Indien dit egter *wel* behoorlik gegrond is (kyk paragraaf 2), moet so 'n ampsdraer deur die kerkraad *dadelik voorlopig* in sy diens geskors word. Dit gebeur dus nog voordat die hulp van 'n naburige kerkraad ingeroep word. (Kyk H. Bouwman, 1912, p. 267; 1934, p. 662; Jansen, 1952, p. 341; Van Dellen en Monsma, 1954, p. 326).

Hierdie *voorlopige* skorsing is alreeds 'n *voorlopige* dissiplinêre maatreël, 'n *voorlopige* tughandeling deur die kerkraad. Die gevolg daarvan is dat, hoewel so 'n ampsdraer nog nie uit die amp gesit is nie, hy verbied word om enige ampsfunksies te verrig. Nadruk moet hier gelê word op die *voorlopigheid* van die ondersoek en die skorsing. Die kerkraad gaan nie *in besonderhede* op die beskuldiging of klag in nie en skors ook nie *finaal* nie. Dit is die bevoegdheid van die kerkraad saam met die naburige kerkraad of kerkrade.

Dit spreek vanself dat so 'n voorlopige skorsing nie onnodig lank uitgerek moet word nie, maar dat die kerkraad so gou moontlik die voorgeskrewe hulp van 'n naburige kerkraad of kerkrade (kyk punt 5 hiervan) moet inroep vir die verdere behandeling van die saak.

'n Beginsel wat ten alle tye gehandhaaf moet word, is dat 'n aangeklaagde ampsdraer, vandat die kerkraad die saak formeel ter tafel geneem het, ten volle ingelig

moet word oor die inhoud van die aanklag teen hom. Dit is 'n basiese reg van elke mens om homself te verdedig as hy aangekla word. Niemand kan homself egter verdedig as hy nie op hoogte is van die aanklag teen hom nie. Indien daar notules, korrespondensie en/of ander geskrewe stukke is wat vir die verdediging van belang is, het die aangeklaagde ampsdraer binne redelike perke reg op insae daarin, uittreksels daaruit of afskrifte daarvan. Aansoek om so 'n insae of sodanige uittreksels of afskrifte wat nodig geag word, moet uit die aard van die saak by die kerkraad ingedien word, wat so 'n aansoek so simpatiek en objektief as moontlik moet oorweeg. Uiteraard het die kerkraad egter die reg om insae in, uittreksels uit en afskrifte van amptelike stukke te weier as daarvoor goeie rede bestaan. So 'n weiering mag egter nooit geskied om die verdediging van die aangeklaagde te bemoeilik nie. Dit sou neerkom op blatante regs-krenking.

5. HULP VAN DIE KERKVERBAND (kyk hoofstuk 4, punt 4.3 en hoofstuk 6, punt 2)

5.1 Die verpligting daartoe

Wanneer die voorlopige skorsing toegepas is, moet ouderlinge en diakens dan "deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerk-rade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die

klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word." (art. 79 K.O.).

Die Sinode van die G.K.S.A., 1907 (p. 47, art. 155) het besluit dat nie die hele kerkraad van 'n naasgeleë gemeente gedeputeer moet word nie, maar slegs 'n kommissie (dus: deputate). Die Sinode van die G.K.S.A., 1936 (p. 93-94, art. 87) het besluit dat in plaas van die kerkraad van die naasgeleë gemeente ook kommissies uit twee naburige gemeentes gedeputeer kan word. Elkeen van die kommissies sal dan bestaan uit die predikant of konsulent en minstens twee ouderlinge.

Van der Linde merk hierby op dat die plaaslike kerkraad verantwoordelik is en bly vir die tug oefening. Die kerke het egter geoordeel dat dit 'n las is wat só swaar is dat dit ten minste met die naburige kerkraad saam gedra moet word (1977, p. 23).

Greijdanus (1937, p. 343) wys daarop dat hierdie bepaling nie gemaak is omdat die kerkraad nie die reg sou hê om te tug nie. Dit is juis om te voorkom dat die kerkraad sy reg sou misbruik. Die plaaslike kerkraad mag egter nie uitgeskakel word nie. Hierdie artikel van die Kerkorde sê wel dat ander kerke met hierdie bepaalde kerkraad moet saamwerk. Dit sê egter niks daarvan dat hulle in enige geval ook alleen, sonder of buite of teen die kerkraad, mag optree nie.

Kamphuis (1966, p. 135-136) gee as rede vir hierdie bepaling in art. 79 K.O. dat alle willekeur uitgeban kan word.

Die inskakeling van die kerkverband is nooit deur Gereformeerdes as 'n hiërargiese "insluipsel" of as 'n gevaarlike hiërargiese oorheersing van die plaaslike kerk gesien nie. Dit het vir die Gereformeerde Kerke daarin slegs om 'n suiwere tugtoefening gegaan, waarin die gevaar van bevooroordeeldheid soveel moontlik besweer word en die welsyn van die gemeente, die regsposisie van die ampsdraers en boweal die eer van God gewaarborg word. Die inskakeling van die kerkverband wil die objektiwiteit en suiwerheid van oordeel dien en na vermoë verseker (Janssen, 1963, p. 22-23).

Janssen wys ook daarop dat die kerke afgespreek het dat hulle by die skorsing en afsetting van ampsdraers nie alleen sal handel nie, maar gesamentlik. Om nou volgens hierdie afspraak te handel, is nie 'n saak van gehoorsaamheid aan 'n meerdere vergadering nie, maar van trou aan die geslote ooreenkoms. Die kerkverband het hier nie uit eie beweging gehandel nie, maar is om sy oordeel *gevra* volgens vrywillige ooreenkoms (1963, p. 43-44, 47). Hierdie *vrywillige* ooreenkoms is egter nie *opsioneel* nie omdat dit voortvloei uit die *eenheid* van die plaaslike kerke in Christus.

Jansen (1913, p. 335-336) beweer dat die hulp van die kerkverband ingeroep moet word omdat die kerkraad onvoldtallig geword het, aangesien die beskuldigde amps-

draer van die beslissing uitgesluit is. Hierdie bewering gaan egter nie op nie. Die konsekwensie hiervan sou wees dat telkens, wanneer die kerkraad "onvoldoende" is weens *afwesigheid* van een of meer ampsdraers, die hulp van die kerkverband ook ingeroep moet word.

5.2 Die funksionering daarvan

In hoofstuk 6, punt 2, is geargumenteer dat die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade, wat saam met die plaaslike kerkraad in 'n tugsaak optree, in wese 'n "classis contracta" is. Dit is dus nie korrek om van hierdie vergadering te praat as 'n "gekombineerde kerkraadsvergadering" nie. Dit sal in die verdere behandeling van hierdie onderafdeling duidelik word.

H. Bouwman (1934, p. 663) toon aan dat die naburige kerkraad wat te hulp geroep word, in so 'n "gemeenskaplike" vergadering nie slegs 'n adviserende stem het nie, maar dat hy in die tuggeval saam beraadslag en besluit.

Monsma stel dit duideliker as hy beweer dat die twee kerkrade terselfdertyd en gesamentlik ontmoet. Daarna stem elke kerkraad afsonderlik (1967, p. 327). Van der Linde (1977, p. 24) beklemtoon dit ook dat die beslissing van die naburige kerkraad of deputate met dié van die plaaslike kerkraad ooreen moet kom alvorens tot skorsing en/of afsetting oorgegaan kan word.

Janssen (1963) sê uitdruklik dat die vergadering van die "eie" kerkraad en die naburige kerkraad nie 'n "gekombineerde kerkraadsvergadering" is waar die oordeel met meerderheid van stemme opgemaak word nie. Die kerkrade ondersoek die saak wel gemeenskaplik en beraadslaag gemeenskaplik om só tot 'n juiste oordeelsvorming te kom, maar elke kerkraad gee sy oordeel selfstandig. Anders sou 'n groot kerkraad 'n kleinere kon oorstem en sou dit sinloos wees om hulp uit die kerkverband in te roep (p. 24).

Die kerkraad vergader dus eers gesamentlik met die deputate van die naburige kerkraad of kerkrade, sodat almal ten volle op hoogte kan kom met die volle besonderhede van die aangeleentheid. Die klaer(s) lewer volle toeligting op die klag en die beskuldigde kry volle geleentheid om homself te verdedig.

Daarna vergader die kerkraad en die deputate van die naburige kerkraad of kerkrade *almal* afsonderlik om *elkeen* sy eie oordeel op te maak.

In 'n gesamentlike vergadering van die kerkraad en die deputate van die naburige kerkraad of kerkrade word die *afsonderlike* gevolgtrekkings, waartoe *onafhanklik van mekaar* gekom is, vergelyk. As daar ooreenstemming is, word die beskuldigde òf skuldig òf onskuldig verklaar.

Indien die beskuldigde 'n ouderling of diaken is en hy word skuldig verklaar, word hy òf vir 'n bepaalde tyd geskors, òf uit sy amp afgesit deur hierdie

gesamentlike vergadering ("classis contracta").

Indien die beskuldigde egter 'n predikant is, mag bogenoemde vergadering hom slegs skors. Die beslissing oor afsetting berus by die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode (kyk punt 5.3 hiervan vir 'n verklaring van hierdie verskil in optrede).

As daar tussen die kerkraad en die deputate van die naburige kerkraad of kerkrade geen eenstemmigheid bereik *kan* word nie, mag die kerkraad nie die saak van nuuts af aanpak met die hulp van ander naburige kerkrade, wat moontlik met hom kan saamstem nie. Dan moet die saak vir beslissing na die klassis verwys word. In *alle* gevalle moet die reg van appèl volgens art. 31 K.O. vir *alle* partye ongeskonde gehandhaaf bly. (Met die voorafgaande uiteensetting stem Jansen, 1952, p. 340; Janssen, 1963, p. 24, 27-29; Kamphuis, 1966, p. 148-149; Monsma, 1967, p. 325-327; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 107-108 en Brink en De Ridder, 1979, p. 304 geheel of gedeeltelik saam).

In 'n absolute noodgeval, as die kerkraad aan die uiteinde van die pad nie kan berus in die finale uitspraak van die kerklike vergaderings nie, omdat daar nie volgens Gods Woord beslis is nie, moet hy op grond van Handeling 20:28-30 kies *vir* die Here en *teen* die kerklike vergaderings, en sō dan die kerkverband verbreek (kyk Janssen, 1963, p. 60;

Kamphuis, 1966, p. 137-138).

5.3 Waarom teenoor predikante anders opgetree
word as teenoor ouderlinge en diakens

In art. 79 K.O. word bepaal dat die kerkraad en deputate van 'n naburige kerkraad of kerkrade ouderlinge en diakens mag skors en afsit, maar predikante slegs mag skors. Die besluit tot afsetting van predikante berus by die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode.

Hierdie onderskeid in optrede dateer al van die Sinode van Emden (1571) af. Dit is vervat in art. 33 van die "Acta" van hierdie sinode. Daarna is dit ook opgeneem in hoofstuk VI, art. IX (100) van die "Acta" van die Sinode van Dordrecht, 1578. Dit verskyn ook in die kerkordes van die Sinodes van Middelburg, 1581 (art. 64), 's Gravenhage, 1586 (art. 72) en Dordrecht, 1618-1619 (art. 79). (Kyk Hooijer, 1865, p. 72, 159, 207-208, 279, 458-459; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 42, 125, 158, 212, 248 onderskeidelik).

Hierdie onderskeid in optrede teenoor predikante aan die een kant en ouderlinge en diakens aan die ander kant berus nie op die ongegronde "feit" dat 'n predikant 'n hoër rang het as ouderlinge en diakens nie. Hoewel die ampte *onderskeie* is, is hulle *gelyk*. (Vergelyk hier Jansen, 1913, p. 335; Janssen, 1963, p. 20; Monsma, 1967, p. 326; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 102-103).

By die afsetting van 'n predikant is daar egter soveel meer op die spel en dit is soveel meer ingrypend as in die geval van ouderlinge en diakens.

Die volgende is in hierdie verband belangrik:

- 'n predikant is lewenslank en voltyds aan die kerkdienste verbonde (art. 12 K.O., J. J. van der Walt, 1967, p. 59). Sy ampswerk is sy hele lewensstaak. Afsetting beteken vir 'n predikant ook verlies van lewensonderhoud. (Kyk H. Bouwman, 1934, p. 663; Jansen, 1913, p. 335, 360; Janssen, 1963, p. 20; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 103);
- die afsetting van 'n predikant raak nie slegs die plaaslike kerk waaraan hy verbonde is nie, maar alle kerke in die kerkverband. Hy is naamlik na alle kerke in die kerkverband beroepbaar en mag op uitnodiging in alle kerke in die kerkverband Woord en sakramente bedien. Hierteenoor is die ampswerk van ouderlinge en diakens slegs tot die plaaslike kerk beperk. (Vergelyk hier Jansen, 1913, p. 335; Janssen, 1963, p. 21; Monsma, 1967, p. 326; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 104);
- weens die besondere posisie wat 'n predikant in die gemeente inneem, is sy afsetting tot groter skade vir die kerk as dié van 'n ouderling of diaken (H. Bouwman, 1934, p. 664; Janssen, 1963,

p. 21; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 103);

- die afsetting van 'n predikant het ook ernstiger gevolge vir die eer van Gods Naam as dié van 'n ouderling en diaken. Daar word naamlik oor die afsetting van 'n predikant in 'n breër kring gepraat as oor dié van 'n ouderling en diaken (Janssen, 1963, p. 20; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 103);
- die kerkraad kan ten aansien van 'n predikant makliker bevooroordeel optree as ten aansien van 'n ouderling en diaken, juis omdat dit moeiliker is om van 'n predikant "ontslae" te raak as van 'n ouderling en diaken (Jansen, 1913, p. 360; Rutgers, weergegee deur De Jong, 1918, p. 104);
- in die lig van bostaande is dit dus duidelik dat die oordeel van al die kerke in die klassis en ook dié van die deputate van die partikuliere sinode ingewin moet word, as 'n meerdere waarborg dat die afsetting van predikante nie ligvaardig sal geskied nie (H. Bouwman, 1934, p. 664; Jansen, 1913, p. 336).

6. VERSKILLENDE TUGMIDDELS IN VERSKILLENDE GEVALLE

6.1 Die skorsing van ouderlinge en diakens

Nadat 'n ouderling of diaken voorlopig deur die kerkraad geskors is (kyk punt 4 hiervan), word die saak verder hanteer deur die kerkraad en deputate van die naburige kerkraad of kerkrade (kyk punt 5 hiervan).

Dit spreek vanself dat daar deur bogenoemde vergadering 'n deeglike en noukeurige ondersoek ingestel moet word na die aard en die graad van die beweerde sonde. In hierdie ondersoek moet alle regte van die aangeklaagde ten volle gehandhaaf word.

Indien bevind word dat die aangeklaagde wel skuldig is, moet oorgegaan word tot verdere dissiplinêre optrede deur die gesamentlike vergadering.

As die sonde egter van minder ernstige aard is, sodat die betrokke sy bedieningswerk eventueel met seën kan voortsit, maar ook met die uitdruklike veronderstelling dat hy berou oor sy sonde uitgespreek het, moet hy slegs geskors word. Elke geval moet volgens eie omstandighede behandel word.

Hierdie skorsing is 'n *tydelike opskorting* van die ampswerk en het gewoonlik betrekking op *alle* ampswerk. By die bepaling van die duur van die skorsing, moet daar met die aard en die graad van die sonde rekening gehou word. Dit mag ook beïnvloed word deur die

houding, gesindheid en optrede van die geskorste ampsdraer. Ook kan dit dien as 'n proeftydperk om tot berou en bekering te kom.

Na verloop van die vasgestelde tydperk van skorsing moet die gesamentlike vergadering weer oor die skorsing handel. Na bevind van sake kan die skorsing dan ophef of verleng word, of daar kan oorgegaan word tot afsetting. (Kyk Jansen, 1913, p. 354-355; Kruger, 1966, p. 471-472; Van der Linde, 1977, p. 24; Van der Vyver, s.j., bladsye ongenommer, by art. 79, 5.2).

6.2 Die afsetting van ouderlinge en diakens

Art. 79-K.O. bepaal dat ouderlinge en diakens geskors of afgesit kan word.

Dit is nie nodig dat die afsetting in alle gevalle deur skorsing voorafgegaan moet word nie. 'n Sonde kan sō ernstig wees dat die gesamentlike vergadering tot die gevolgtrekking kan kom dat die beskuldigde nie meer met seën sal kan dien nie. In so 'n geval word dadelik, sonder voorafgaande skorsing, oorgegaan tot afsetting.

Jansen (1913, p. 355-356) wys daarop dat daar in die oorspronklike redaksie van art. 79 K.O. selfs geen sprake was van skorsing nie. Dit is eers deur die Sinode van Utrecht, 1905, ingevoeg.

Afsetting kan egter ook op skorsing volg. Wanneer 'n geskorste tydens sy skorsing nie bevredigende bewys lewer van die opregtheid van sy berou en bekering nie, moet hy afgesit word.

"Die skorsing is 'n *tydelike* opskorting van die *bediening* van die amp. Die afsetting is 'n oneervolle *witsetting* uit die amp self. By die skorsing word die *regte tot bediening* van die amp en by die afsetting die *amp self* die persoon ontnem." (Kruger, 1966, p. 471; kursivering oorspronklik, J.V.. Kyk ook Jansen, 1952, p. 341).

Jansen (1913, p. 356) merk ook op dat van so 'n afsetting aan die gemeente kennis gegee moet word.

6.3 Die skorsing van predikante

Volgens art. 79 K.O. mag die vergadering van die kerkraad en deputate van die naburige kerkraad of kerkrade ("classis contracta") ook skuldige predikante skors.

Wat geld vir die skorsing van 'n ouderling of diaken, geld ook vir die skorsing van 'n predikant (kyk punt 6.1 hiervan).

Ook wanneer die "classis contracta" van oordeel is dat 'n predikant *afgesit* behoort te word, moet hy so 'n predikant onmiddellik skors totdat die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode,

die saak verder kan behandel. Vanselfsprekend word aan die klassis paslik kennis gegee.

Die vraag ontstaan egter of die "classis contracta", indien hy van oordeel is dat die oortreding nie baie ernstig is nie en dat die betrokke predikant weer met seën in die gemeente kan arbei, *self* die tug slegs met skorsing kan *afhandel*. Met ander woorde: het die "classis contracta" die bevoegdheid om te besluit of 'n predikant slegs geskors moet word *sonder* daaropvolgende afsetting? Of is dit die uitsluitlike bevoegdheid van die *klassis*, met *advies* van die *deputate* van die *partikuliere sinode*?

Jansen (1952, p. 342), Kruger (1966, p. 472), Monsma (1967, p. 326), Van Dellen en Monsma (1954, p. 327) en Van der Vyver (s.j., bladsye ongenommer, by art. 79, punt 6.2) huldig die eersgenoemde mening, naamlik dat die "classis contracta" die bevoegdheid het om te besluit of 'n predikant slegs geskors moet word *sonder* daaropvolgende afsetting.

Volgens die bewoording (en bedoeling) van die Kerkorde, art. 79, lyk dit egter nie korrek nie: "Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, *waarna* die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hul amp afgesit moet word". (Kursivering van my, J.V.. Vir die *bedoeling* van die hulp van die kerkverband, kyk punt 5, met

onderafdelings, hiervan).

Hieruit is dit baie duidelik dat *slegs die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode*, die bevoegdheid het om te besluit oor afsetting *al dan nie*.

Van der Linde (1977, p. 26) merk tereg op dat indien die tugsak met 'n *skorsingsbesluit alleen* afgehandel kan word, *sonder die klassis en die deputate van die partikuliere sinode*, dit dan beteken dat daar *sonder die klassis en die deputate van die partikuliere sinode oor die afsetting* geoordeel is. Daar is naamlik geoordeel dat die betrokke predikant *nie* afgesit moet word *nie*. Dit is egter buite orde, omdat *slegs die klassis met die deputate van die partikuliere sinode oor afsetting* kan besluit. (Eie kursivering, J.V.).

Al is 'n "classis contracta" dus van oordeel dat die oortreding in 'n sekere geval *nie so ernstig is nie* en *slegs met skorsing* getug behoort te word, kan hy *nie self die saak s6 afhandel nie*. Hy kan hoogstens by die klassis en deputate van die partikuliere sinode *aanbeveel* dat die skorsing *nie met afsetting opgevolg moet word nie*.

Wanneer 'n predikant geskors is, moet daarvan vertroulik kennis gegee word aan alle kerke in die kerkverband. Anders kan dit gebeur dat 'n geskorste predikant op uitnodiging in ander kerke kan optree met Woorden sakramentsbediening, of dat hy selfs beroep kan

word. (Kyk Jansen, 1913, p. 357; 1952, p. 342).

'n Belangrike vraag is of 'n predikant se traktement, gedurende die tydperk van sy skorsing, geheel of gedeeltelik van hom weerhou mag word.

Jooste (1946, p. 187-188) toon aan dat daar in die Reglement van 1842 'n bepaling was dat predikante met algehele of gedeeltelike verlies van traktement geskors kan word. Meer dergelike voorbeelde sou aangewys kon word.

Die antwoord op die voorafgaande vraag is 'n besliste *nee*. 'n Predikant se traktement *mag nie*, geheel of gedeeltelik, gedurende die tyd van sy skorsing van hom weerhou word *nie*. Dit sou strydig wees met die *betekenis en draagwydte van die skorsing* (teenoor afsetting), met die *aard van die tug* en met *art. 11 K.O.*.

In art. 11 K.O. word bepaal dat die kerkraad, wat die kerk verteenwoordig, verplig is om sy bedienaars van die Woord "met behoorlike onderhoud te versorg". Die kerkraad "mag hulle *nie* die onderhoud weerhou ... *nie*".

Hierdie artikel lê dus die Skrifbeginsel van *traktement* in die Kerkorde vas (vergelyk byvoorbeeld I Korinthiërs 9:6-14; Galásiërs 6:6-8). 'n Predikant ontvang dus *nie salaris*, dit is *vergoeding vir gelewerde diens*, *nie*. Hy ontvang *traktement*, dit is

*voorsiening in sy lewensbehoefte*s. Traktement het dus niks te doen met die *hoeveelheid* werk wat 'n predikant doen nie. Selfs al doen hy *geen* werk in die gemeente nie, as gevolg van skorsing, moet hy nog sy volle traktement ontvang, om die eenvoudige rede dat hy nog steeds predikant is. Skorsing is slegs 'n tydelike opskorting van die bediening van die amp en nie 'n "uitsetting" uit die amp self nie.

Weerhouding van traktement gedurende 'n tyd van skorsing is ook strydig met die *aard van die tug*. In hoofstuk 3, punt 5.2, is die *geestelike aard* van die tug uitvoerig beredeneer. Om die tug oor 'n predikant dus "strenger" te maak deur sy traktement geheel of gedeeltelik van hom te weerhou tydens die duur van sy skorsing, is 'n blatante aantasting van die geestelike aard van die tug.

6.4 Die afsetting van predikante

Art. 79 K.O. bepaal dat predikante deur die kerkraad en die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade slegs geskors moet word, waarna die klassis, met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle amp afgesit moet word.

Voetius (1676, p. 868) onderskei in die tug oor predikante tussen die *skorsing* ("suspensio"), die *minder ernstige afsetting* ("depositio minor") en die *meer ernstige afsetting* ("depositio major").

Die *minder ernstige afsetting* ("depositio minor") is 'n algehele afsetting uit die bediening in 'n bepaalde kerk (gemeente). In hierdie geval kan 'n predikant, ná verskuldigde berou en versoening, weer tot die bediening in 'n ander kerk (gemeente) beroepbaar gestel word. Dit gebeur in besonder wanneer sy oortreding nie so algemeen bekend geword het of soveel aanstoot gegee het nie.

Die *meer ernstige afsetting* ("depositio major"), wat ook *degradering* is, is 'n algehele afsetting uit die hele bediening ("ab omni ministerio"), ten volle en vir altyd ("in universum et in perpetuum").

Wanneer 'n predikant afgesit word, beteken dit dat hy sy "naam en titel" as predikant verloor (kyk Jansen, 1913, p. 361; 1952, p. 342).

Augustinus het hierdie afsetting "degradatio" (degradering) of ook "privatio honoris" (ontneming van eer) genoem (Weijland, 1965, p. 167).

'n Afgesette predikant verloor vanself ook alle regte en voorregte wat aan die bediening verbonde is, soos byvoorbeeld traktement (kyk hoofstuk 3, punt 5.2).

Wanneer die klassis en die deputate van die partikuliere sinode byeenkom om te oordeel oor die afsetting van 'n predikant, moet sowel die klassis as die deputate van die partikuliere sinode eers ten volle op hoogte kom van alle aspekte van die saak. Dit word

gedoen deur van nuuts af alle besonderhede te behandel, te kontroleer en te beoordeel. Die klassis en deputate van die partikuliere sinode moet immers tot 'n *onafhanklike* en *selfstandige* oordeel kom. Die aangeklaagde predikant moet ook die volste geleentheid kry om homself te verdedig. Dit kan gevoeglik in 'n gesamentlike vergadering gebeur. Daarna moet die klassis en die deputate van die partikuliere sinode afsonderlik vergader om elkeen onafhanklik tot 'n beslissing te kom. Die aangeklaagde predikant het ook die reg om òf voor die klassis òf voor die deputate van die partikuliere sinode afsonderlik sy verdediging verder te verduidelik.

In hoofstuk 6, punt 6, is duidelik gestel dat die *kerkraad* tug met die gesagvolle hulp van die *ander kerke* (in die kerkverband), wat in meerdere vergaderings byeenkom. Daarom spreek dit vanself dat die betrokke plaaslike kerk *volle* sittingsreg, dus ook *stemreg*, in die klassis het as daar oor die eventuele afsetting beslis moet word.

Indien die klassis sowel as die deputate van die partikuliere sinode afsonderlik en gesamentlik sou besluit dat die beskuldigde predikant wel afgesit moet word, gaan die afsetting deur. Op paslike wyse moet die betrokke gemeente dan daarvan in kennis gestel word, terwyl ook aan alle kerke in die kerkverband vertroulik daarvan kennis gegee moet word.

As die klassis sowel as die deputate van die parti-

kuliere sinode egter geen voldoende grond vir afsetting vind nie, gaan die saak, in die lig van art. 30 K.O., vir heroorweging na die "classis contracta" terug. Verskeie optredes is dan moontlik: òf opheffing van skorsing, òf verlenging van die skorsingsperiode, òf appèl na die partikuliere sinode.

Dit kan egter ook gebeur dat die klassis en die deputate van die partikuliere sinode nie ooreenstem nie. In so 'n geval mag die klassis nie *alleen* met die saak voortgaan soos hy goedvind nie. Genoemde deputate *verteenwoordig* naamlik die partikuliere sinode. Daarom moet, in geval van verskil tussen die klassis en die deputate van die partikuliere sinode, die saak vir *finale beslissing* na die partikuliere sinode verwys word. Tot dan duur die skorsing van die betrokke predikant vanselfsprekend voort. (Vergelyk hier Jansen, 1913, p. 360-361; 1952, p. 342; Kruger, 1966, p. 474; Monsma, 1967, p. 326; Van Dellen en Monsma, 1954, p. 327).

'n Netelige situasie kan ontstaan wanneer die klassis en die deputate van die partikuliere sinode op afsetting besluit, maar die betrokke predikant gee kennis van appèl.

Die gemeente, waaraan die predikant verbonde was, is ten volle geregtig om so spoedig moontlik 'n ander predikant te beroep. Indien so 'n beroep aanvaar word en die appèl van die afgesette predikant sou slaag, beteken dit dat hy weer predikant van daardie gemeente

is. Dit kan, veral vanuit 'n finansiële oogpunt, vir so 'n gemeente 'n onhoudbare situasie tot gevolg hê.

Monsma (1967, p. 326-327), asook Van Dellen en Monsma (1954, p. 327), adviseer in so 'n geval dat die skorsing van die predikant verleng word totdat uitspraak oor die appèl gegee is. Dit beteken dus dat die afsetting (voorlopig) nie in werking tree voordat die appèlsaak finaal afgehandel is nie.

Met die oog daarop dat so 'n predikant kan appelleer tot by die algemene sinode, kan dit in praktyk egter daarop neerkom dat 'n gemeente vir 'n hele paar jaar met 'n geskorste predikant sit: hy mag geen ampswerk verrig nie, maar hy moet nogtans versorg word. Ook *dit* kan 'n onhoudbare situasie word.

Elke sodanige geval moet dus volgens die omstandighede hanteer word. 'n Spesiale sinode is hier ook 'n moontlikheid.

6.5 Die tug oor teologiese professore

In art. 2 K.O. word gepraat van "vier soorte dienste: die van die bedienaars van die Woord, die van die professore aan die Teologiese Skool, die van die ouderlinge, en die van die diakens".

In hoofstuk 2, punt 5.6, is reeds daarop gewys dat "amp" en "diens" dieselfde is. Die teologiese professore word dus as 'n afsonderlike amp of diens in

art. 2 K.O. genoem.

In die G.K.S.A. word 'n teologiese professor slegs beroep uit die diensdoende predikante van die plaaslike kerke binne kerkverband. 'n Teologiese professor is dus 'n predikant wat afgesonder word vir die opleiding van bedienaars van die Woord, kragtens die roeping onder andere in II Timótheüs 2:2: "... en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer". Hierdie diens as professor aan die teologiese skool onthef die predikant van die verpligting van die ander fasette van die ampswerk as predikant, maar hy behou die bevoegdheid daartoe "onder toesig van die plaaslike kerk" (Visser, 1973, p. 315, art. 121).

Die Sinode van die G.K.S.A. (1973) het besluit dat "die plaaslike kerk waar die professor woon" die tug oor hom uitoefen. Wanneer 'n professor hom in leer en/of lewe misgaan, handel die Kuratorium met hom ooreenkomstig die bepalinge van die nasionale sinode. In die geval van ontslag, of op enige stadium wat die Kuratorium dit goedvind, lê hulle hul bevinding voor aan die kerkraad van die gemeente waar die professor woon. Hierdie kerkraad moet die tug ooreenkomstig die Kerkorde toepas, behoudens alle regte en voorregte volgens die Kerkorde. Indien "die plaaslike kerk" die professor (as predikant) ooreenkomstig artt. 79 en 80 K.O. skuldig vind in leer en/of lewe, deel die plaaslike kerkraad sy bevinding aan die

Kuratorium mee. Die Kuratorium handel dan oor sy diens as professor ooreenkomstig sinodale bepalinge. As hy egter as predikant ontslaan is, word sy diens as professor aan die teologiese skool vanself beëindig (Visser, 1973, p. 315-316, art. 121).

Die middels en prosedure wat in punte 6.3 en 6.4 beskryf is, is vanselfsprekend ook van toepassing op die teologiese professore, aangesien hulle predikante bly (kyk hierbo).

7. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE TUG OOR AMPS-DRAERS EN DIE "GEWONE" TUG

Moet 'n ampsdraer, wat geskors en/of afgesit is, vanselfsprekend ook onder die "gewone" tug volgens artt. 76 en 77 K.O. geplaas word?

Hierop moet geantwoord word dat dit beslis *nie vanselfsprekend* moet gebeur nie. Elke geval moet afsonderlik beoordeel word. Soms sal dit nodig wees dat die tug oor ampsdraers gevolg sal word deur toepassing van die "gewone" tug ooreenkomstig artt. 76 en 77 K.O.. In ander gevalle sal dit weer nie nodig wees nie. 'n Algemene reël kan nie hier vasgestel word nie. Dit sal van baie faktore afhang, waaronder die aard van die sonde, die aanstoot wat gegee is en die berou (of afwesigheid daarvan) by die sondaar.

Voetius (1676, p. 869) het gesê dat 'n predikant wat geëkskommuniseer is, ook beskou word as afgesit ("degradatus"), maar nie omgekeerd nie. (Kyk hier

ook Monsma, 1967, p. 322).

Dat skorsing en/of afsetting nie noodwendig deur afhouding van die nagmaal en ekskommunikasie gevolg moet word nie, veral nie in gevalle waar opregte berou oor die begane oortreding betoon word nie, word algemeen erken. (Kyk byvoorbeeld Bos, 1950, p. 305; M. Bouwman, 1945, p. 46-51; Conring, 1965, p. 107; Jansen, 1913, p. 361-362; 1952, p. 342 en 343; Van Es, 1946, p. 9).

As 'n ampsdraer geskors en afgesit is weens 'n sonde wat by 'n gewone lidmaat die afsnyding verdien, lei die skorsing en afsetting egter logies tot afhouding van die nagmaal. Dit moet ook gebeur in gevalle van verharding (M. Bouwman, 1945, p. 46; Jansen, 1913, p. 362). Weijland sê dat daar ook by Augustinus voorbeelde bekend is dat, in geval van baie swaar sonde, sowel "degradasie" as ekskommunikasie toegepas is (1965, p. 167-168). Vergelyk hier die geval van Coolhaes: hy is afgesit en trapsgewyse geëkskommuniseer; kyk hoofstuk 6, punte 8 en 11.1; hoofstuk 7, punt 5.1).

Schilder (1945, p. 414) verwys na 'n uitlating van dr. H. H. Kuyper, dat ons kerkreg nie 'n skorsing ken wat geen sensuur is nie. Hy maak dit op sy eie geval van toepassing en sê dat as hy volgens artt. 79 en 80 K.O. geskors moes word (soos die Sinode van Utrecht, 1943-1945 besluit het), dan moes hy ook deur die Kerkraad van Kampen van die nagmaal afgehou

word. Tog het die Sinode aan die Kerkraad van Kampen gesê dat dit nie nodig is nie. *Dit, sê Schilder, is 'n bewys van "vuig verraad".*

Dit kom egter voor asof H. H. Kuyper deur Schilder verkeerd vertolk is. Waarskynlik wou Kuyper niks meer sê as dat *skorsing* ook reeds sensuur is nie. Dit word duidelik uit die artikel van H. H. Kuyper self (1919, bladsye ongenommer). Hy handel daarin oor die skorsing van ds. Netelenbos deur Klassis Walcheren, wat na sy mening nie in ooreenstemming met die beginsels van die Gereformeerde kerkreg was nie. Die klassis het naamlik aangevoer dat hy met die skorsing van ds. Netelenbos geen kerklike sensuur bedoel het nie, maar 'n voorkomende maatreël wou neem. Na aanleiding *hiervan* het Kuyper toe gesê dat ons kerkorde nie 'n skorsing ken wat geen sensuur is nie.

H. H. Kuyper het dus hier nie, soos Schilder wil voorgee, bedoel dat skorsing volgens art. 79 K.O. logies *moet* uitloop op tug volgens artt. 76 en 77 K.O. nie.

Die standpunt van Schilder word ook weerlê deur die standpunte en argumente wat vroeër in hierdie afdeling aangevoer is.

Indien 'n ampsdraer volgens art. 79 K.O. *asook* volgens artt. 76 en 77 K.O. getug moet word, moet die tug oor ampsdraers volgens art. 79 K.O. *eers* toegepas word.

Daarna moet oorgegaan word tot die "gewone" tug volgens artt. 76 en 77 K.O. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle kan 'n ampsdraer van die nagmaal afgehou word *terwyl hy nog in die amp is* (vergelyk hoofstuk 1, punt 1; ook Jansen, 1913, p. 350; Monsma, 1967, p. 322; Brink en De Ridder, 1979, p. 300).

8. ARTIKELS 11 EN 79 K.O.

In die tweede deel van art. 11 K.O., waaroor dit in hierdie afdeling gaan, word gereël dat 'n kerkraad nie sy predikant uit sy diens mag ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie.

Die kerkorde maak dus in art. 11 daarvoor voorsiening dat 'n kerkraad sy predikant mag "ontslaan". Hierdie "ontslag" is egter iets anders as die "afsetting" waarvan art. 79 K.O. melding maak. In art. 79 gaan dit om afsetting uit die amp as gevolg van 'n "openbare growwe sonde" en dit is dus suiwer 'n *tughandel*ing.

In art. 11 K.O. word egter geen tugoptrede gereël nie. Art. 11 K.O. mag dus ook nooit misbruik word om art. 79 K.O. te omseil nie. Ook mag dit nie misbruik word om op 'n maklike manier van 'n predikant ontslae te raak nie.

Daar kan verskeie omstandighede wees wat aanleiding gee tot optrede volgens art. 11 K.O.. Saamgevat kom

dit daarop neer dat toestande sō ontwikkel het dat die predikant, as gevolg van wanverhoudings, aanpassingsprobleme, kortsluitings op die gebied van kommunikasie tussen predikant en gemeente, ensomeer, nie meer met seën in daardie gemeente kan arbeid nie.

Soms kan so 'n toestand ontstaan deur 'n strafbare afwyking by die predikant. Dan is dit nie 'n saak volgens art. 11 nie, maar volgens art. 79.

Dit kan ook gebeur dat 'n predikant nie oor die nodige ampgawes beskik nie. Dan is dit ook nie 'n saak volgens art. 11 nie, maar volgens art. 12: eervolle oorgaan tot 'n ander staat van die lewe.

Art. 11 K.O. maak dus voorsiening vir so 'n situasie dat dinge tussen predikant en gemeente, sonder strafbare oortreding by een van die twee, sō "vasgeloop" het deur spanning en gestremde verhoudings en gebrekkige kontak dat die gemeente eerder *afgebreek* as *opgebou* word. So 'n toestand kan soms juis ook ontstaan as gevolg van 'n predikant se roepingstrou en ywer in 'n "verwêreldlike" gemeente.

In art. 11 K.O. gaan dit dus indirek om die predikant se *uitwendige* roeping. In hoofstuk 2, punt 5.2 is die verhouding tussen die *inwendige* en *uitwendige* roeping toereikend bespreek.

Die situasie waarvoor in art. 11 K.O. voorsiening gemaak word, kan getipeer word as 'n situasie waar die

predikant nog steeds die *inwendige* roeping (die begeerte tot die bediening, ensomeer ... kyk hoofstuk 2, punt 5.2) voel. Daar het egter probleme ontstaan rondom die *uitwendige* roeping, die verbondenheid van die predikant aan 'n bepaalde plaaslike kerk. Dit is dus (nog) nie 'n saak wat onder art. 12 K.O. tuishoort nie.

Wat staan 'n kerkraad en 'n predikant in só 'n geval te doen? Deur gesamentlike oorleg en wedersydse instemming moet dan tot die gevolgtrekking gekom word dat die band tussen die predikant en die gemeente, *in albei se belang*, verbreek moet word. Die finale beslissing hieroor berus egter by die klassis en die deputate van die partikuliere sinode (kyk 5.3 en 6.4 van hierdie hoofstuk).

Indien die klassis en die deputate van die partikuliere sinode ook van mening is dat die band tussen predikant en gemeente verbreek moet word, is die logiese gevolg dat daar gepoog moet word om vir die predikant 'n ander *uitwendige* roeping, dus 'n beroep na 'n ander plaaslike kerk, te kry. Dit sal egter slegs geld indien die klassis en die deputate van die partikuliere sinode daarvan oortuig is dat die betrokke predikant in 'n ander gemeente wel met seën sal kan arbeid.

Die predikant word dan van sy ampspligte in die gemeente onthef *met volle behoud van traktement en voordele*, omdat hy nog steeds predikant van daardie

gemeente is (kyk 6.3 van hierdie hoofstuk vir ondersteunende argumente by hierdie stelling).

Aan die verskillende kerke in die kerkverband word vertroulik meegedeel dat hierdie predikant *in hierdie besondere gemeente* nie meer met seën kan arbeï nie as gevolg van bepaalde omstandighede. As gevolg van die oortuiging dat hy wel in 'n *ander gemeente* nog met seën kan arbeï, word hy vir beroeping na 'n *ander gemeente* aanbeveel.

Begrypplikerwys kan so 'n toestand nie vir 'n onbepaalde tyd voortduur nie. Daarom moet die klassis en deputate van die partikuliere sinode 'n *keerdatum* vasstel, voor welke datum die predikant 'n beroep moet kry en tot op welke datum hy deur die gemeente versorg moet word. Hierdie *keerdatum* moet s6 bepaal word dat daar genoeg tyd vir 'n eventuele beroep sal wees.

Wat is egter die situasie as die predikant binne die vasgestelde tyd geen beroep kry nie?

Met nadruk moet gestel word dat hy onder geen omstandighede geskors en afgesit mag word volgens art. 79 K.O. nie. Dit sou brutale regskenking wees, aangesien hy geen tugwaardige sonde begaan het nie.

In so 'n geval moet aanvaar word dat die Here dit s6 beskik het dat sy *roeping as sodanig* verval het en hy dus nie meer predikant mag wees nie (kyk hoofstuk 2, punt 5.2: die roeping as sodanig is slegs kenbaar

aan die ooreenstemming van die *inwendige* en die *uitwendige* roeping. As daar dus geen *uitwendige* roeping kom in die vorm van 'n beroep na 'n ander gemeente nie, vervall die *roeping as sodanig*). So 'n predikant moet dus, langs die ordelike weg, aansoek doen om eervol oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe, volgens die reëling in art. 12 K.O..

In hierdie afdeling kan verwys word na die omstandighede rondom ds. J. S. L. Venter, wat op 15 September 1872 in die Gereformeerde Kerk, Pretoria, as predikant bevestig is. Weens redes wat nie duidelik is nie, vra ds. Venter in 'n brief, gedateer 2 April 1880, van die Kerkraad eervolle ontslag en attestasie. Dit word op 6 Oktober 1880 aan hom gegee, met weglating van die woord "eervol". Dit word later deur die Algemene Vergadering bekragtig.

Venter vestig hom in die distrik Reddersburg, terwyl hy die titel "dominee" behou het.

In antwoord op 'n vraag skryf ds. D. Postma dat hy ds. J. S. L. Venter beskou soos die Algemene Vergadering hom verklaar het, naamlik wel losgemaak van die Gemeente Pretoria, maar beroepbaar "in elke gemeente van ons Kerk". Op versoek mag hy ook Woord en sakramente bedien.

Venter het egter geen beroep gekry nie, en later die gemeenskap met die kerk opgesê, waarna sy amp deur die Algemene Vergadering vervalle verklaar is.

(Bogenoemde besonderhede is ontleen aan Jooste, 1958, p. 129-132).

Die posisie van Venter, ná sy losmaking van die Gereformeerde Kerk, Pretoria, is kerkordelik en kerkregtelik baie moeilik bepaalbaar en verdedigbaar. Dat hy geen sogenaamde "proponentstatus" gehad het nie, blyk daaruit dat hy, volgens ds. Postma, Woord en sakramente mog bedien. Die naaste wat miskien aan 'n bepaling van sy eienaardige posisie gekom kan word, is deur dit te beskryf as 'n onbepaalde ontslag volgens die reëling van art. 11 K.O., klaarblyklik ook met verlies van traktement.

Ter afsluiting van hierdie afdeling moet ernstige gewaarsku word dat ontslag volgens art. 11 K.O. slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede oorweeg moet word. Dit moet ook met die allergrootste deernis en versigtigheid hanteer word. Die doel daarvan moet ook steeds wees: die eer van God, die welsyn van gemeente en predikant, asook die vrug van die bediening.

9. DIE TUGOEFENING OOR PREDIKANTE WAT NIE LIDMATE VAN HUL "ROEPENDE" KERKE IS NIE

In sekere gevalle kan dit gebeur dat 'n predikant lidmaat is van 'n ander gemeente as dié waaraan hy *amptshalwe* verbonde is (die "roepende" gemeente).

'n Tipiese voorbeeld is dié van 'n emeritus-predikant wat uit die gebied van sy "roepende" gemeente verhuis

om hom elders te vestig.

In so 'n geval behoort die tugoeffening met onderlinge oorlegpleging tussen die twee betrokke kerkrade plaas te vind. Dit moet egter uitdruklik vasstaan dat slegs dié kerkraad, aan wie so 'n predikant *amps-halwe* verbonde is, die tug volgens art. 79 K.O. op hom mag toepas.

Die Sinode van die G.K.S.A., 1970, het bepaal dat daar in so 'n geval wedersydse oorlegpleging tussen die twee kerkrade moet wees. Belangrik is egter die volgende besluit: "... met dien verstande dat die kerkraad wat emeritaat verleen het, die tug ooreenkomstig artikels 79 en 80 Kerkorde toepas, en die kerkraad van die kerk waar die emeritus woon, pas die tug ooreenkomstig artikels 76 en 78 van die Kerkorde, toe" (J. J. van der Walt, 1970, p. 428, art. 168).

Hierdie riglyn is vanselfsprekend ook van toepassing op soortgelyke gevalle anders as emeriti.

Die *volgorde* van die tug oor ampsdraers en die "gewone" tug (kyk hoofstuk 1, punt 1, asook punt 7 van hierdie hoofstuk) moet in sulke gevalle ook noukeurig in aanmerking geneem word.

Indien daar egter in die oorlegpleging tussen die twee kerkrade nie eenstemmigheid bereik kan word nie, moet die saak na die klassis verwys word. Die vraag is egter: watter klassis?

Jansen (1952, p. 343) en Jansen en Pol (1946, p. 137) verwys na 'n besluit van die Sinode van die G.K.N. te Amsterdam, 1936, waar besluit is dat elkeen van die twee kerkrade die saak na sy eie klassis moet verwys, sodat die twee klassisse tot 'n beslissing kan kom. As die twee klassisse nie tot eenstemmigheid kan kom nie, word die saak vir beslissing voorgelê aan die partikuliere sinode waaronder die "roepende" kerk ressorteer.

Hierdie reëling kan egter baie beslommernis en ander praktiese probleme tot gevolg hê.

'n Beter reëling is dié dat by verskil van mening tussen die betrokke twee kerkrade die saak verwys word na die klassis waaronder die "roepende" kerk ressorteer. (Vergelyk hier Kruger, 1966, p. 473; Monsma, 1967, p. 330; Nauta, 1971, p. 434; Brink en De Ridder, 1979, p. 308).

In geval 'n emeritus-predikant lidmaat is van die kerk waaraan hy ampshalwe verbonde is, geld dieselfde as wat in 6.3, 6.4 en 7 van hierdie hoofstuk beredeneer is.

10. TUG IN GEVALLE VAN EIEWILLIGE AMPSNEER- LEGGING EN OPSEGGING VAN KERKLIKE GE- MEENSKAP

10.1 Eiewillige ampsneerlegging

Tussen eiewillige ampsneerlegging en trouelose diens-

verlating (art. 80 K.O.) moet duidelik onderskei word. Hoewel dit mag voorkom asof hierdie twee dade presies dieselfde is, is daar tog 'n terminologiese verskil tussen die begrip "eiewillige ampsneerlegging" en die begrip "trouelose verlating van die diens", veral in die sin waarin die laasgenoemde begrip in art. 80 K.O. gebruik en bedoel word (kyk punt 2.3 van hierdie hoofstuk).

Soos reeds in 2.3 van hierdie hoofstuk aangetoon is, het die G.K.S.A. in sy Sinode van 1973 hierdie twee begrippe ondubbelsinnig van mekaar onderskei: "Daar moet in gedagte gehou word dat met 'trouelose verlating van diens' (art. 80 K.O.) iets anders bedoel word as 'eiewillige neerlegging van die amp' soos veral blyk uit die volgende woorde in art. 80 K.O.: 'of indringing in die diens van 'n ander'. Trouelose verlating van diens is nie prysgawe van ampsregte nie, maar betref net die ampspligte; dit is 'het in de steek laten van zijn gemeente zonder wettige afscheid' om op onreëlmatige wyse 'een andere gemeente te gaan dienen' (Bos, ⁷p. 312). Daarom vereis trouelose verlating van diens 'skorsing en afsetting' om die ampsregte te beëindig." (Visser, 1973, p. 316-317. Die verwysings na Bos is verwysings na sy "De orde der Kerk", 1950, J.V.).

Wanneer 'n persoon eiewillig sy amp neerlê, loën hy sy inwendige roeping. Daaronder word dan ook die finale daad van daardie persoon verstaan, in weerwil van die feit dat hy op kerklike wyse in liefde deur

die kerkraad bearbei is (Visser, 1973, p. 316).

Skorsing en afsetting volgens art. 79 K.O. is verlies van alle ampsregte (kyk 6.4 van hierdie hoofstuk). Met eiewillige ampsneerlegging het die persoon reeds self eensydig alle ampspligte afgelê en alle ampsregte prysgegee. Om in die geval van eiewillige ampsneerlegging vol te hou dat dit as 'n trouelose verlating van diens, strafbaar met skorsing en afsetting volgens artt. 79 en 80 K.O. beskou moet word, veronderstel dat die persoon ná sy eiewillige ampsneerlegging nog steeds die ampspligte en ampsregte ten volle besit en dus te enige tyd kan preek en dat hy ten volle traktement moet ontvang (Visser, 1973, p. 317).

Dit is dus duidelik dat 'n persoon, wat eiewillig alle ampsregte neerlê, nie meer getug kan word met skorsing en afsetting nie, omdat hy homself *eensydig* en *eiewillig* van die amp losgemaak het. Hy kan slegs getug word volgens artt. 76 en 77 K.O., omdat eiewillige neerlegging van die amp sonde is. Daardeur word 'n verbintenis, wat in sy wese tweesydig is, eensydig beëindig en 'n "kontrak" eiewillig verbreek. Eiewilligheid is sonde teen die tweede gebod (I Samuel 15:23). (Vergelyk hier Visser, 1973, p. 317; Bos, 1950, p. 312; Nauta, 1971, p. 410-412).

Eiewillige neerlegging van die amp mag egter nie slegs met kennisname afgehandel word nie. Omdat die uitwendige roeping van die kerk uitgaan, moet deur die kerk

beslis word dat die eiewillige daad die reg om die betrokke dienswerk uit te oefen, beëindig het. Dit word volgens die kerkordelike weg in artt. 79 en 80 K.O. gedoen: in die geval van 'n predikant voorlopig deur die kerkraad en finaal deur die klassis en deputate van die partikuliere sinode (Visser, 1973, p. 317; vergelyk Bos, 1950, p. 312; Brink en De Ridder, 1979, p. 305; Nauta, 1971, p. 410, 412-413). In die geval van 'n ouderling of diaken geskied dit voorlopig deur die kerkraad en finaal deur die "classis contracta".

So 'n persoon se amp word dus offisieel vervalde verklaar.

Jansen (1913, p. 354) en Rutgers (weergegee deur De Jong, 1918, p. 105) is van mening dat die egtheid van skuldbelydenis en berou by 'n ampsdraer daaruit moet blyk dat hy homself onwaardig ag om langer in die amp te bly. Hy moet dan uit sy eie ontslag uit die amp vra. In so 'n geval sal die kerkraad dit ook aan hom moet gee.

Hierdie weg, wat Jansen en Rutgers voorstel, is egter onaanvaarbaar. Eerstens stry dit teen die belofte van so 'n ampsdraer kragtens die Bevestigingsformulier. Elke ampsdraer beloof naamlik met sy bevestiging in die amp dat hy hom aan die kerklike vermaning en tug sal *onderwerp* as hy miskien in leer of lewe afwyk (Malan, 1979, p. 491, 516, 520, 522, 524).

Geen ampsdraer het dus, in die lig van bogenoemde belofte, die reg om die tugtoepassing langs 'n "kortpad" te omseil deur ontslag uit die amp te vra nie. Geen kerkraad het ook die reg om in so 'n geval die tugtoefening op te skort en ontslag uit die amp te verleen nie.

Tweedens stry hierdie voorstel van Jansen en Rutgers ook teen art. 79 K.O.. In hierdie artikel word uitdruklik bepaal dat 'n openbare growwe sonde met skorsing en/of afsetting getug moet word. Dit maak *geen* voorsiening vir verlening van "ontslag" nie. Skuld-belydenis en berou by 'n ampsdraer vrywaar hom nie van die tug oor ampsdraers nie, maar moontlik slegs van die tug volgens artt. 76 en 77 K.O..

Derdens lewer hierdie voorstel van Jansen en Rutgers probleme op ten aansien van die moontlike "ontslag" self. *Eervolle* ontslag is uit die aard van die omstandighede uitgeskakel. *Oneervolle* ontslag is in wese skorsing en afsetting. "Gewone" ontslag (so iets tussen eervolle en oneervolle ontslag) kom nêrens in die Kerkorde voor nie. Volgens die Kerkorde is daar slegs twee weë waarvolgens 'n ampsdraer uit die amp losgemaak kan word. Die eerste is die bekende *eervolle losmaking*, volgens art. 27 K.O. in die geval van ouderlinge en diakens en in uitsonderlike gevalle volgens art. 12 K.O. in die geval van predikante. Die tweede is *afsetting*, volgens art. 79 K.O. Die Kerkorde ken nie 'n derde weg van "gewone" losmaking nie.

10.2 Opsegging van kerklike gemeenskap

In die praktyk kan dit gebeur dat 'n ampsdraer die gemeenskap met die kerk opsê (sogenaamd "kerk bedank"), terwyl hy nog nie uit die amp losgemaak of afgesit is nie.

Van tugtoepassing kan daar in so 'n geval geen sprake wees nie. Die betrokke ampsdraer het naamlik op onordelike wyse sy lidmaatskap van die kerk beëindig en geen kerkraad het enige seggenskap oor iemand wat nie lidmaat van die kerk is nie.

Hierdie verloop van sake kan, vir sover dit die *amp* aangaan, egter nie bloot met kennisname afgehandel word nie. Dieselfde prosedure wat in 10.1 beskryf is, moet ook in hierdie geval gevolg word, juis omdat die uitwendige roeping van die kerk uitgaan.

Dieselfde geld ook in die geval waar 'n ampsdraer, sonder losmaking en attestasie-aanvraag, uit die gemeente verhuis met die klaarblyklike kwade bedoeling om eventuele of voortgesette tughandeling te ontvlug en sonder voorneme om hom by 'n ander kerk in dieselfde kerkverband te voeg. Dit staan immers prinsipieel vas dat sodra iemand uit 'n gemeente verhuis, hy ophou om lidmaat van daardie gemeente te wees. (Kyk byvoorbeeld Lessing, 1973, p. 168, art. 58; H. Bouwman, 1934, p. 454; Jansen, 1952, p. 353; Van Dellen en Monsma, 1954, p. 335; Van der Linde, 1977, p. 32; Van der Vyver, s.j., bladsye ongenommer, by art. 82, punt 3).

10.3 Bespreking van enkele gevalle

10.3.1 S. Greijdanus (Kyk hoofstuk 6, punt 11.5 en hoofstuk 7, punt 5.5)

Prof. S. Greijdanus is deur die Sinode van die G.K.N. te Utrecht, 1943-1945, as emeritus-hoogleraar en emeritus-predikant vir drie maande geskors. (Vir meer besonderhede word na die bogemelde hoofstukke verwys).

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk, Kampen, deel die Sinode egter mee dat prof. Greijdanus deur woord en daad die gemeenskap met hierdie Kerk gebreek het. Die Sinode meen om te berus in die feit dat prof. Greijdanus die gemeenskap met die Gereformeerde Kerke verbreek het. Daar word verklaar dat hy daarom uit die aard van die saak die naam en eer van emeritus-hoogleraar aan die Teologiese Skool en van emeritus-predikant van die Gereformeerde Kerk van Paesens c.a. verloor (G.K.N., 1943-1945, p. 151-152; 183-184).

Bogenoemde verklaring van die Sinode insake die "naam en eer" van prof. Greijdanus was in orde sover dit sy verbintenis aan die Teologiese Skool betref. In die lig van art. 30 K.O. moes die verklaring insake sy "naam en eer" as emeritus-predikant egter deur die verantwoordelike *mindere* vergaderings gedoen gewees het (kyk hoofstuk 5, punt 6.1; hoofstuk 6, punt 11.5; punt 10.2 van hierdie hoofstuk).

10.3.2 N. J. R. Swart

N. J. R. Swart was die eerste student, deur ds. D. Postma in Suid-Afrika opgelei, wat tot die bediening toegelaat is. Op 15 Julie 1866 word hy deur ds. Postma te Pretoria in die amp bevestig.

Ná die skielike bedanking van die goewermentssekretaris word hierdie pos aan ds. Swart aangebied. Dit was op 8 November 1871. Weens die dringendheid van die saak word hy gevra om nog dieselfde middag sy besluit bekend te maak.

Sonder om die Kerkraad vooraf in die saak te ken, aanvaar hy die betrekking en lê dieselfde dag nog die ampseed af. Hy was egter onder die indruk dat hy eers van die volgende week af in funksie sou wees.

Op Vrydag 11 November 1871 vergader die Kerkraad onder leiding van ouderling J. J. Booysen, wat tot voorsitter verkies is. Die Kerkraad besluit om Swart in sy diens te skors totdat die Algemene Vergadering byeen sou kom. Swart word ook na die kerkraadsvergadering ontbied om sy saak te verduidelik.

Dieselfde middag is 'n kerkraadsvergadering met oop deure gehou. Swart dien skriftelik sy "bedanking" as predikant by die Kerkraad in. Die Kerkraad "aanvaar" sy "bedanking" maar stuur tog die saak vir beoordeling na die Algemene Vergadering. (Hierdie aanvaarding van Swart se "bedanking" deur die Kerkraad is dus klaarblyklik tereg bedoel as 'n *voorlopige*

besluit, wat deur die Algemene Vergadering *afgehandel* moes word - J.V.).

Die Algemene Vergadering kom op 12 Januarie 1872 te Pretoria byeen. Op advies van Postma besluit die Vergadering om Swart af te sit weens trouelose verlatting van sy diens en meineed. Hy word as lidmaat weens meineed gesensureer, ooreenkomstig art. 79, die nagmaalsformulier en I Timótheüs 5:20.

Hierdie besluit is in 'n hele paar opsigte vreemd en onbegryplik. Swart het reeds op 11 November 1871 as predikant "bedank" en die Kerkraad van Pretoria het sy "bedanking" (voorlopig?) aanvaar. Verder het die Algemene Vergadering pas tevore die handeling van die Kerkraad van Pretoria goedgekeur. Hieruit kan seker afgelei word dat ook die Algemene Vergadering Swart se "bedanking", al is dit dan slegs per implikasie, aanvaar het. Hoe kon hy dan *afgesit* word as hy *alreeds* uit die amp was?

Nog meer bevreemdend is egter die bevinding dat Swart skuldig was aan meineed. Die redes wat daarvoor aangegee is, is omdat hy uit sy diens getree het voor hy sy ontslag gehad het en omdat hy die eed as goewermentssekretaris afgelê het terwyl hy nog onder die "eed" van die predikant gestaan het. Postma het Swart van meineed beskuldig omdat hy na sy mening by bevestiging in sy amp trou gesweer het om die amp tot aan die einde van sy lewe te bedien.

Dat hierdie siening van Postma, wat ook gestalte gekry het in die besluit van die Algemene Vergadering, onjuis is, blyk duidelik uit art. 12 K.O.. Art. 12 K.O. maak naamlik voorsiening dat 'n predikant in buitengewone omstandighede mag oorgaan tot 'n ander staat van die lewe. Volgens Postma se siening sou art. 12 K.O. dan in sekere gevalle *meineed* sanksioneer. Verder blyk die onjuiste in Postma se siening ook uit die feit dat geen predikant in die Gereformeerde Kerk by sy bevestiging 'n *eed* sweer nie.

Van *meineed* kan dus in die geval van Swart geen sprake wees nie.

Die besluit om Swart as *lidmaat* te sensureer, ook weens *meineed*, maar nogal "overeenkomstig art. 79", is eenvoudig verregaande. Dit is 'n blatante skending van art. 30 K.O., omdat die tug oor *lidmate* nie die reg van die Algemene Vergadering was nie, maar die reg van die plaaslike Kerkraad van Pretoria. Ook handel art. 79 slegs oor die tug oor *ampsdraers* en hoegenaamd nie oor die tug oor *lidmate* nie. Dit word in artt. 76 en 77 K.O. gereël.

Hierdie optrede teen Swart het veroorsaak dat hy totaal van sy Kerk en sy volk vervreemd geraak het. (Besonderhede wat in hierdie onderafdeling weergegee is, insluitende sommige van die beoordelings, is ontleen aan Jooste, 1958, p. 121-128 en Van der Vyver, 1958, p. 358-364).

10.3.3 S. D. Venter

S. D. Venter was 'n broer van die bekende J. J. Venter, wat 'n tyd lank waarnemende president van die OVS was. Hy word predikant te Heidelberg (Bethulie).

Tussen Venter en ds. D. Postma kom daar verwydering, hoofsaaklik as gevolg van die sending.

Nog ander griewe van Venter teen ds. Postma lei daartoe dat hy ds. Postma in 'n brief van 10 Julie 1877 by die Kerkraad van Burgersdorp aankla vanweë valse leer. Die Kerkraad van Burgersdorp het tereg geëis dat Venter sy klag teen ds. Postma skriftelik in persoon voor die Kerkraad sal kom indien, waarteen ds. Postma hom dan sal moet verweer. Hy verskyn dan voor die Kerkraad van Burgersdorp op 17 Augustus 1877.

Terwyl ds. Postma besig was om homself te verdedig, verlaat Venter sonder kennisgewing die vergadering en keer terug na Bethulie. Met hierdie optrede het hy die swakheid van sy saak openbaar en daarmee eintlik bewys, soos dit in die notule opgeteken is, dat hy sy beskuldiging nie kon bewys nie.

Die Kerkraad van Burgersdorp het die beskuldiging van Venter as laster beskou. Hy gee daarvan kennis aan die Kerkrade van Bethulie, Fauresmith en Boshoff (die gemeentes wat deur Venter bedien is), asook aan die korrespondent van die Algemene Vergadering van die OVS.

Dit loop daarop uit dat die Kerkraad van Bethulie ds. Venter op 3 September 1877 voorlopig skors, waarop ds. Venter in 'n brief, gedateer 6 September 1877, die Kerkraad in kennis stel dat hy die "kerkbestuur" verlaat.

Hier moet gemeld word dat ds. Venter reeds op 23 Desember 1876, sonder om die Kerkraad vooraf in die saak te ken, aan die gemeente bekend gemaak het dat hy die "kerkbestuur" van die Gereformeerde Kerk verlaat tot tyd en wyl dit terugkeer na Dordrecht (1618-1619).

In 'n brief, gedateer 27 Maart 1877, skryf hy ook aan die Algemene Vergadering van die OVS dat hy die gemeenskap met die "ontroues en ligsinniges" in die Kerk openlik verlaat.

Na aanleiding hiervan het die Algemene Vergadering hom versoek om sy predikantswerk in die Kerk te staak totdat hy hom verantwoord het voor die Kommissie van die Algemene Vergadering op 27 Mei 1877 te Bethulie.

Ds. Venter het dus reeds vóór sy beskuldigings teen ds. Postma en vóór sy skorsing deur die Kerkraad van Bethulie gesê dat hy die gemeenskap met die "kerkbestuur" verbreek.

Ná sy skorsing, in sy brief van 6 September 1877, bedoel hy dit blykbaar finaal.

Die Algemene Vergadering vergader op 2 November 1877 te Fauresmith. Daar word kennis geneem van ds. Venter se skorsing en dat hy 'n afsonderlike gemeente gevorm het, waar hy voortgaan met Woord- en sakramentsbediening.

Die Vergadering oordeel dat dit neerkom op openlike skeurmakery. Sy amp word deur die Vergadering vervalle verklaar.

Hierdie besluit van die Algemene Vergadering is heeltemal korrek in die lig van die beredenering en gevolgtrekkings in 10.2 van hierdie hoofstuk. (Gegewens wat in hierdie onderafdeling verwerk is, is verkry van Jooste, 1958, p. 161-191 en Van der Vyver, 1958, p. 364-369).

11. OPHEFFING VAN DIE TUG

Op die vraag of 'n afgesette ampsdraer weer tot die bediening toegelaat kan word, is daar nie eenstemmigheid nie.

Volgens Weijland (1965, p. 167) het Augustinus die afsetting as onherroeplik en lewenslank beskou. Vir hom was dit net so 'n swaar straf as die ekskommunikasie.

Jansen (1913) wys egter tereg daarop dat die Gereformeerdes van die begin af die vraag oor die opheffing van die tug, sowel in die geval van *skorsing* as van

afsetting, bevestigend beantwoord het (p. 362-363).

Dit moet egter, veral in die geval van 'n predikant wat afgesit is, met groot versigtigheid gedoen word (H. Bouwman, 1912, p. 275; 1934, p. 670; Monsma, 1967, p. 333-334).

Elke geval moet egter volgens sy eie omstandighede en op sy eie verdienste beoordeel word. Daar moet nie by voorbaat al kasuïsties bepaal word dat persone, wat as gevolg van *spesifieke* sondes afgesit is, *nooit* weer tot die amp toegelaat kan word nie. Voetius (1676, p. 868) het, in sy onderskeiding van *minder ernstige* en *meer ernstige* afsetting, byvoorbeeld van laasgenoemde gesê dat dit "in universum et in perpetuum" (ten volle en vir altyd) is (vergelyk punt 6.4 van hierdie hoofstuk). Hierdie uitspraak is miskien te sterk en te absoluut gestel.

Wanneer daar gepraat word oor opheffing van die tug, moet die regte woorde en begrippe in verskillende gevalle gebruik word. Daar kan nie van opheffing van die tug *omvattend* gepraat word as *ampsherstel* nie. Dit sal verder in hierdie afdeling verduidelik word.

Van "*ampsherstel*" kan daar slegs in twee gevalle gepraat word:

- ná die opheffing van skorsing;
- wanneer 'n appèl, teen 'n besluit tot afsetting, by 'n meerdere vergadering slaag.

Opheffing van die afsetting van 'n ouderling of diaken (behalwe in geval van 'n suksesvolle appèl) is geen "ampsherstel" nie, maar dit word in praktyk gebring deur 'n *nuwe verkiesing* tot die amp.

Wanneer die afsetting van 'n predikant opgehef word (behalwe in geval van 'n suksesvolle appèl), geskied dit by wyse van *herberoepbaarstelling*.

Dit is opmerklik dat 'n bepaling tot opheffing van die tug oor ampsdraers van die Sinode van 's Gravenhage (1586) af, tot en met die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht (1618-1619), in geen kerkorde voorkom nie. Dit ontbreek ook in die Kerkorde van die G.K.S.A.. In die "Acta" van die Sinode van Emden, 1571 (art. 34) en dié van die Sinode van Dordrecht, 1578 (hoofstuk VI, art. X of 101), asook in die Partikuliere Vrae van die Sinode van Middelburg, 1581 (vraag 41) kom wel so 'n bepaling voor (kyk Hooijer, 1865, p. 72 en 159; Biesterveld en Kuyper, 1905, p. 42, 125 en 170).

So 'n bepaling in 'n kerkorde is eintlik noodsaaklik. Die Sinode van die G.K.S.A. (1973) het dan ook sekere riglyne neergelê vir die beroepbaarstelling van predikante wat om een of ander rede uit die amp is. Hierdie reëling sal later in hierdie hoofstuk bespreek word.

Oor die opheffing van *skorsing* sal dié vergadering, wat dit toegepas het, naamlik die kerkraad met depu-

tate van 'n naburige kerkraad of kerkrade, moet besluit. In die geval van 'n predikant mag die advies van die klassis en deputate van die partikuliere sinode ook benodig word, hoewel dit nie in alle gevalle noodsaaklik is nie. (Vergelyk hierby wat in 6.3 van hierdie hoofstuk oor die skorsing van predikante gesê is).

Die Sinode van die G.K.S.A. (1958, p. 134, art. 68, vergelyk p. 127) het besluit dat die kerkraad en die klassis oordeel of broeders wat uit die amp van ouderling of diaken afgesit is, weer met stigting van die gemeente tot die amp toegelaat kan word, indien hulle die kerk deur hulle boetvaardigheid oortuig het van hulle berou.

Hierdie besluit is egter deur die Sinode van 1973 herroep (Visser, 1973, p. 318, nê punt 3.2.2.4).

Tog is dit opmerklik dat die "plaasvervangende" reëling deur die Sinode van 1973, wat die klaarblyklike rede is vir die herroeping van die besluit van 1958, slegs betrekking het op *predikante*. Dit maak gladnie melding van ouderlinge en diakens nie.

Dit kan dus redelikerwys aanvaar word dat die Sinode van 1973 slegs dié gedeelte van die besluit van 1958, wat op *predikante* betrekking het, wou herroep, hoewel dit anders genotuleer is.

Daarom kan die bostaande reëling van die Sinode van

1958 insake ouderlinge en diakens tog as 'n veilige riglyn aanvaar word, hoewel dit onoffisieel is.

Hierdie reëling sal egter slegs sinvol toegepas kan word as dit gaan om hertoelating tot die amp *in dieselfde gemeente* as dié waar so iemand uit die amp afgesit is. Indien so 'n broeder met getuienis van suiwerheid in die leer en vroomheid in die lewenswandel (dus: ná berou en bekering) na 'n ander gemeente verhuis, sal toelating tot die amp, langs die gewone weg volgens art. 22 K.O., by daardie betrokke kerkraad en gemeente berus waar hy hom dan as lidmaat bevind.

Beroepbaarstelling van predikante wat afgesit is, is gereël deur die Sinode van die G.K.S.A. in 1973 (Visser, 1973, p. 318, art. 121, punte 3.2.2.3 en 3.2.2.4). So 'n persoon moet eers die oordeel en die aanbeveling van die kerk, waar hy lidmaat is, verkry. Daarna doen hy by die kerk en klassis, waar hy afgesit is, aansoek om 'n aanbeveling. As hy hierdie aanbeveling verkry het, wend hy hom tot die partikuliere sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis is) met die aansoek om beroepbaarstelling ooreenkomstig art. 4 K.O.. (Vergelyk hier die ooreenstemming met 'n besluit van die Sinode van die C.R.C., 1918, art. 52, soos dit weergegee word deur Monsma, 1967, p. 330. Ook art. 94(b) van die hersiene Kerkorde van die C.R.C. toon 'n opmerklieke ooreenkoms met bogenoemde besluit van die G.K.S.A.; kyk daarvoor Brink en De Ridder, 1979, p. 311 en Monsma, 1967, p. 332).

As voorwaardes vir die hertoelating van 'n afgesette predikant tot die bediening bepaal die hersiene kerkorde van die C.R.C. in art. 94(a):

- voldoende getuienis van opregte berou;
- duidelikheid dat hy in sy dienswerk nie gestrem sal word deur sy vroeëre sonde nie;
- oortuiging dat sy hertoelating tot eer van God en die welsyn van die kerk sal wees. (Kyk Brink en De Ridder, 1979, p. 311; Monsma, 1967, p. 332).

Jansen (1913, p. 365-366) stel drie voorwaardes vir hertoelating tot die amp:

- boetvaardigheid;
- versoening met die kerk;
- die bewys van onberispelike gedrag vir 'n geruime tyd, sowel in leer as in lewe.

H. Bouwman (1934, p. 670) sê dat geen "teologiese eksamen" opnuut afgelê hoef te word voor die herberoepbaarstelling van iemand wat nie weens onsuiverheid in die leer afgesit is nie.

Hierdie *algemene* stelling van H. Bouwman kan egter nie net so gesteun word nie. Eksaminering of nie in so 'n geval sal van verskeie faktore afhang, waaronder veral die tydsverloop tussen afsetting en aansoek om

hertoelating van belang is. Ook hier sal elke geval afsonderlik beoordeel moet word.

Opheffing van die tug en hertoelating tot die bediening is dus wel moontlik. Dit mag egter nooit gedoen word sonder die oortuiging van opregte berou nie. Daar moet ook steeds ten volle rekening gehou word met die eer van God en die welsyn van die kerk.

12. SAMEVATTING

Art. 79 K.O. bepaal dat 'n ampsdraer getug moet word as hy 'n openbare growwe sonde bedryf het. Dit gebeur dus nie as gevolg van allerlei onbenullighede nie.

Die onderskeid wat in art. 79 tussen geheime en openbare sondes erken word, lê stewig geanker in die Skrif en in die besluite van die belangrikste (Gereformeerde) Sinodes van die 16e en 17e eeue.

In art. 80 K.O. word die *vernaamste* growwe sondes, wat met skorsing en/of afsetting getug moet word, genoem. Die begrip "growwe" sonde is baie relatief, terwyl 'n volledige kasuïstiese katalogus van moontlike tugwaardige sondes onmoontlik en onnodig is. Elke geval moet volgens sy eie omstandighede beoordeel word.

Voordat 'n kerkraad 'n tugsaak teen 'n ampsdraer ter tafel neem, moet dit objektief seker wees dat die beginsel in I Timótheüs 5:19 (vergelyk Deuteronomium

17:6 en 19:15) eerbiedig is. Daar moet minstens twee of drie getuies wees wat 'n klag steun. Hierdie beginsel is in die vroeë geskiedenis van die G.K.S.A. verskeie kere verontagsaam.

Wanneer 'n tugsaaak deur 'n kerkraad formeel in orde bevind en ter tafel geneem is, moet die kerkraad deur middel van 'n *voorlopige* ondersoek vasstel of daar 'n "prima facie"-saak uitgemaak is.

Indien nie, gaan die kerkraad nie met die saak voort nie. Indien wel, moet so 'n ampsdraer dadelik voorlopig in sy diens geskors word. Dit is 'n voorlopige dissiplinêre maatregel waardeur so 'n ampsdraer verbied word om enige ampsfunksies te verrig.

Daarna moet die hulp van 'n naburige kerkraad of twee naburige kerkrade ingeroep word, wat in wese 'n "classis contracta" is. Hierdie "classis contracta" het die bevoegdheid om ouderlinge en diakens te skors en/of af te sit en ook om predikante te skors. Die afsetting van predikante mag egter slegs deur die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode behandel word. Die rede hiervoor is nie omdat predikante hoër in rang as ouderlinge en diakens is nie - alle ampte is immers gelyk - maar omdat daar met die afsetting van 'n predikant soveel meer op die spel is as in die geval van 'n ouderling of diaken.

Omdat 'n teologiese professor ook 'n predikant is,

slegs met 'n spesifieke leer-opdrag, word die tug oor hom uitgeoefen deur die kerkraad van die gemeente waar hy woon. Ontslag as professor berus by die Kuratorium van die Teologiese Skool. Afsetting as predikant hou vanself ontslag as professor in.

Skorsing van 'n ampsdraer beteken tydelike opskorting van die *bediening* van die amp. *Afsetting* van 'n ampsdraer is egter 'n oneervolle "*uitsetting*" uit die amp self.

'n Beskuldigde ampsdraer moet in alle gevalle die volste geleentheid hê om homself te verdedig. Hy het ook die reg van insae in, uittreksels uit en afskrifte van stukke wat op sy saak betrekking het, maar binne redelike perke en onderhewig aan die (simpatieke) diskresie van die betrokke vergadering.

Wanneer die kerkraad en die naburige kerkraad of kerkrade 'n tugsak behandel, moet hulle afsonderlik tot 'n onafhanklike beslissing kom. Dieselfde geld ook as die klassis en die deputate van die partikuliere sinode moet besluit oor die afsetting van 'n predikant. Indien daar egter nie tot ooreenstemming gekom kan word nie, word die saak in die eerste geval na die klassis en in die tweede geval na die partikuliere sinode vir beslissing verwys.

Van die skorsing en afsetting van predikante moet vertroulik kennis gegee word aan alle kerke in die kerkverband. Uit die aard van die saak moet dit ook

paslik aan die gemeente bekendgemaak word.

Tydens die skorsing van 'n predikant mag sy traktement nie gedeeltelik of heeltemal van hom weerhou word nie. Dit sou strydig wees met die *betekenis en draagwydte van die skorsing*, met die *aard van die tug* en met *art. 11 K.O.* .

Of die tug volgens artt. 76 en 77 K.O. op die tug volgens art. 79 K.O. moet volg, sal afhang van die omstandighede in elke afsonderlike geval. Dit moet egter beslis *nie vanselfsprekend* gebeur nie. Indien 'n ampsdraer volgens art. 79 K.O., sowel as artt. 76 en 77 K.O., getug moet word, moet die tug volgens art. 79 K.O. *eers* toegepas word.

'n Gevaar waarteen gewaak moet word, is dat art. 11 K.O. nie in die plek van art. 79 K.O. gebruik word nie. Art. 11 K.O. maak voorsiening vir 'n situasie waar 'n predikant in 'n *bepaalde* gemeente nie meer met seën kan arbeid nie, sonder dat hierdie toestand deur 'n tugwaardige sonde veroorsaak is. Hy kan dan volgens bepalings van die Kerkorde van daardie gemeente losgemaak word. Aan die kerke in die kerkverband word dan dienooreenkomstig kennis gegee, terwyl die betrokke predikant vir 'n beroep na 'n ander gemeente aanbeveel word. Daarvoor word 'n bepaalde keurdatum vasgestel. Indien hy nie binne die vasgestelde tyd 'n beroep ontvang nie, moet aangeneem word dat sy roeping verval het en moet hy eervol oorgaan tot 'n ander staat van die lewe volgens art. 12 K.O. .

Gedurende die "wagtyd" moet hy egter ten volle versorg word deur die gemeente waaraan hy verbonde is.

In geval daar tug toegepas moet word op 'n predikant wat nie lidmaat van sy "roepende" kerk is nie, moet dit geskied by wyse van onderlinge oorlegpleging deur die twee kerkrade. Die "roepende" kerkraad moet die tug ooreenkomstig art. 79 toepas en die kerkraad van die kerk waar die predikant woon, moet die tug ooreenkomstig artt. 76 en 77 K.O. toepas. By gebrek aan ooreenstemming tussen die twee kerkrade moet die saak verwys word na die klassis waaronder die "roepende" kerk ressorteer.

Wanneer 'n persoon eiewillig sy amp neerlê of die gemeenskap met die kerk opsê, kan hy nie getug word volgens art. 79 K.O. nie. Dieselfde geld van 'n ampsdraer wat sonder losmaking en attestasie-aanvraag uit die gemeente verhuis met die klaarblyklike kwade bedoeling om eventuele of voortgesette tughandeling te ontvlug en sonder voorneme om hom by 'n ander kerk in dieselfde kerkverband te voeg.

Gevalle soos die bogenoemde mag egter nie bloot met kennisname afgehandel word nie. Die verantwoordelike vergaderings moet in sulke gevalle die amp vervalle verklaar.

In die bespreking van 'n paar gevalle is op sekere foutiewe optredes gewys waarteen gewaak moet word.

Op die vraag of 'n afgesette ampsdraer weer tot die bediening toegelaat kan word, kan oor die algemeen bevestigend geantwoord word. Elke geval moet egter volgens eie omstandighede en op eie verdienste beoordeel word.

Van *ampsherstel* kan daar slegs gepraat word ná die opheffing van skorsing en nadat 'n appèl teen 'n besluit tot afsetting geslaag het.

Opheffing van die afsetting van 'n ouderling of diake, (behalwe in geval van 'n suksesvolle appèl) is geen "ampsherstel" nie, maar dit word in praktyk gebring deur 'n *nuwe verkiesing* tot die amp.

Wanneer die afsetting van 'n predikant opgehef word (behalwe in geval van 'n suksesvolle appèl), geskied dit by wyse van herberoepbaarstelling ooreenkomstig art. 4. K.O. deur die partikuliere sinode in wie se ressort hy uit die amp is. Daarvoor is 'n oordeel en aanbeveling van die kerk, waar so 'n persoon woon, asook 'n aanbeveling van die kerk en klassis, waar hy uit die amp is, nodig.

Oor die opheffing van *skorsing* sal dié vergadering wat dit toegepas het, moet besluit. In die geval van 'n predikant mag die advies van die klassis en deputate van die partikuliere sinode ook benodig word.

Opheffing van die tug en hertoelating tot die bediening moet in alle gevalle met groot versigtigheid

geskied. Dit mag egter nooit gedoen word sonder die oortuiging van opregte berou nie. Daar moet ook steeds ten volle rekening gehou word met die eer van God en die welsyn van die kerk.

SAMEVATTING

In die Heilige Skrif word groot waarde aan die gedagte van tug geheg. Hoewel die spesifieke *uitdrukking* "kerklike tug" as sodanig nêrens in die Skrif voorkom nie, kom die *saak* wel voor. Dit word aangedui deur verskillende woorde en begrippe, waarvan "die sleutels van die koninkryk van die hemele" die mees fundamentele is.

Dat daar tussen die kerk en die koninkryk van die hemele wel 'n noue verband bestaan, blyk veral uit die feit dat Jesus in Matthéüs 16:18-19 die begrippe "kerk" en "koninkryk van die hemele" in dieselfde situasie opeenvolgend gebruik.

Tussen die "gewone" tug, volgens artt. 76 en 77 K.O. en die tug oor ampsdraers, volgens art. 79 K.O., moet duidelik onderskei word. Vir die ampsdraers kom daar by die "gewone" tug nog 'n tweetal spesiale tugmiddels. Hiermee word nie bedoel dat die ampsdraers mense van 'n hoër orde is nie, maar slegs dat daar gewaak moet word teen 'n sondige aanranding van die amp.

Wanneer die tug volgens art. 79 en artt. 76 en 77 K.O. op 'n ampsdraer toegepas moet word, gaan die tug

volgens art. 79 K.O. normaalweg voorop. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle kan daar 'n toestand ontstaan dat 'n ampsdraer van die nagmaal afgehou word *terwyl hy nog in die amp staan*.

Die kerklike tug, insluitende die tug oor ampsdraers, is 'n merkteken van die ware kerk en dit is noodsaaklik vir die wese van die kerk. Tugverval lei ont-eenseglik tot kerkverval. Dit geld in 'n baie belangrike mate ook die tug oor ampsdraers.

Opmerklik is die feit dat die woord "ekklésia" ("kerk", "gemeente") in die evangelies slegs in Mattheüs 16:18 en 18:17 voorkom. In albei gevalle is dit Jesus wat die woord gebruik en in albei gevalle kom dit juis op daardie plekke voor waar van tug oefening sprake is. In Mattheüs 16:18 word van die *universele* kerk gepraat en in 18:17 van die plaaslike kerk. Die plaaslike kerk is nie slegs 'n afdeling van die kerk "in sy geheel" nie, maar dit is die kerk soos dit plaaslik tot openbaring kom.

In die plaaslike kerk is daar nog huigelaars. Dit is een van die redes vir die belangrikheid van die tug, ook oor ampsdraers. Want die tug, oor lidmate en ampsdraers, word toegepas om die heerskappy van God en die mens se vrywillige aanvaarding van en gehoorsaamheid aan daardie heerskappy te handhaaf.

Dit lê onmiddellik die noue verband tussen die kerk en die koninkryk van die hemele. Die rede hiervoor is dat die heerskappy van God en die mens se gewillige

onderwerping daaraan, soos dit in die kerk tot openbaring (behoort te) kom, juis kenmerkend is van die koninkryk van die hemele (ook genoem "die koninkryk van God" of "van Christus").

Die kerk kan dan ook genoem word die *volk* van die koninkryk, 'n *openbaring* van die koninkryk en 'n *instrument* waardeur die koninkryk kom.

Van hierdie kerk is Jesus Christus die Hoof, wat alleen heers en regeer. In sy regering gebruik Hy egter ook die diens van mense, soos 'n ambagsman gereedskap gebruik. In die kerk is daar dus slegs een gesag en dit is die gesag van Christus. Die gesag van die amp is dus altyd aan Christus gebonde. Dit is nooit *heersend* nie maar altyd *dienend*.

Die ampte kom nie uit die gemeente op nie, maar die drieënige God stel dit in die gemeente.

Die ampsdraers word deur Christus, die Hoof van die kerk, *inwendig* en *uitwendig* geroep. Eers waar die inwendige en uitwendige roeping ooreenstem, word die roeping van die Here duidelik kenbaar. Vir elke afsonderlike amp geld 'n afsonderlike roeping, waarsonder niemand tot die amp toegelaat mag word nie.

Die roeping staan in noue verband met die verskillende *gawes* wat Christus tot opbou van die liggaam (die kerk) gegee het. Daardie gawes word onder leiding van die Heilige Gees by bepaalde persone *herken*

en erken.. S6 word iemand tot die amp geroep.

Tussen die *buitengewone* ampte (apostels, profete en evangeliste) en die *gewone* ampte (predikante, teologiese professore, ouderlinge en diakens) moet duidelik onderskei word. Die *apostelamp*, wat onoordraagbaar en onherhaalbaar is, is die oorsprong van elke geestelike amp in die kerk.

In die Nuwe Testament word daar vir diegene, wat in die regeeramp dien, die name "presbuteros" en "episkopos" gebruik. Dit is *twee benaminge vir dieselfde ampsdraers*, naamlik die ouderlinge. In hierdie ouderlingamp het 'n differensiëring ontstaan, waaruit die predikantsamp en later dié van teologiese professor, gebore is.

Verder het ook nog die amp van diaken as 'n afsonderlike, selfstandige amp ontstaan.

Hierdie gewone ampte, onderskeie van die algemene amp van die gelowige, is aan die *plaaslike* kerk verbonde. Tussen die algemene amp van die gelowige en die besondere ampte is daar egter geen teenstelling en geen verhouding van onderdaan/owerheid nie. Almal is organe van *Christus*, geroepe om *dienswerk* te verrig. Die benaming "amp" en "diens" het dan ook etimologies presies dieselfde betekenis.

Nadruk moet egter daarop gelê word dat dit ampte (of dienste) in die kerk is en nie in die *koninkryk van die hemele* nie, hoewel daar tussen kerk en konin-

kryk van die hemele 'n baie noue verband bestaan.

Die *sleutels* van die koninkryk van die hemele is deur Christus aan sy apostels gegee, maar nie sō dat die *gemeente* heeltemal daarvan uitgesluit is nie. Petrus het in hierdie opsig geen *primaat* onder die apostels nie, maar hy tree in Matthëüs 16:13-19 slegs na vore as *verteenwoordiger* van die apostels.

Hierdie sleutelmag beteken bekleding met gesag, outoriteit om oop en toe te sluit. Christus is egter die absolute Sleuteldraer. Wat Petrus en die ander apostels (en later die ouderlinge) op aarde *voorlopig* doen, doen Christus in die hemel *finale*. Dit gee aan die tug oefening 'n geweldige krag.

Hierdie krag van die tug oefening lê ook opgesluit in die woorde "bind" en "ontbind". Dit beteken eerstens om iets as "verbode" en "geoorloof" te verklaar en in aansluiting hierby ook "die tug toepas" en "die tug ophef". Hiervolgens behels die sleutelmag "*potestas docendi*" sowel as "*potestas disciplinae*".

Die betekenis van hierdie twee woorde maak dit verder duidelik dat die tug oor ampsdraers ook *sleutelmag* is. Tussen die "gewone" tug oor lidmate en die tug oor ampsdraers is daar geen verskil in *wese* nie, maar slegs in *wyse*.

Die *doel* van die tug oor ampsdraers is vierledig:

- dat die eer van God daardeur gedien sal word;

- dat die heil van die gemeente daardeur bevorder sal word;
- dat die behoud van die sondaar daarin gesoek sal word;
- dat die reinheid van die bediening daarin nagestreef sal word.

Dit kwalifiseer ook reeds die *aard* van die tug oor ampsdraers. Die tug geskied naamlik *uit liefde*, sodat 'n kerk wat dit nalaat, 'n kerk sonder liefde is wat sy lidmate oorlaat aan die eindoordeel van God. Die tug, *as sleutelmag*, is egter ook *geestelik*, in onderskeiding van die owerheid se *swaardmag*.

Die geestelike aard van die tug oor ampsdraers blyk ook daaruit dat dit vermaning en bestraffing en/of skorsing en/of afsetting is, afhange van die aard van die sonde en die blyke van berou of verharding. *Al drie* hierdie tugmiddels hoef nie noodwendig in *alle* gevalle toegepas te word nie.

Sedert Martin Bucer word daar in die protestantse kerkreg onderskei tussen sondes wat slegs *vermaning* verdien en sondes wat met skorsing en/of afsetting getug moet word.

Benewens die skorsing en afsetting van ampsdraers, praat art. 79 K.O. ook nog van *voorlopige* skorsing. Dit is 'n *voorlopige* tughandeling deur die kerkraad, voordat die naburige kerkraad ingeroep kan word.

Ook is daar 'n nie-dissiplinêre voorlopige skorsing. Dit word nie in art. 79 K.O. genoem nie, maar vloei tog logies uit bepaalde omstandighede voort, soos wanneer 'n kerkraad voor 'n Sondag geen geleentheid gehad het om 'n beweerde oortreding te ondersoek nie.

In gevalle waar 'n openbare growwe sonde gepleeg is, mag daar nie volstaan word met 'n blote vermaning of die uitspraak van 'n blote oordeel oor die begane sonde nie. In hierdie verband moet die onderskeid tussen die sogenaamde "judisiële" en "justisiële" tug oor ampsdraers verwerp word. Selfs die gebruik van die *terme* "judisieël" en "justisieël" moet afgekeur word.

Aan die ander kant mag daar nie voor die voet geskors en afgesit word, selfs by minder-ernstige oortredings nie. Art. 81 K.O. maak juis ruimte vir onderlinge vermanings tussen ampsdraers, in gevalle waar daar nog nie tot skorsing en/of afsetting oorgegaan moet word nie. As sodanig is dit dus 'n maatreël wat juis die tug volgens art. 79 K.O. wil voorkom. Dit is dus ten volle in ooreenstemming met die doel en aard van die tug oor ampsdraers.

Ook die *lidmate* moet die ampsdraers in gevalle van minder-ernstige oortredings vermaan, om die eintlike tug volgens art. 79 K.O. te voorkom. Want sowel die lidmate as die ampsdraers is lede van die liggaam van Christus. As sodanig is die lidmate dus "subjekte" van 'n voorlopige, indirekte tug oefening oor

ampsdraers, naamlik die onderlinge vermaning.

Dit maak nie van die lidmate mederegeerders van die ouderlinge nie, maar slegs medewerkers. Hierdie medewerking bring dan ook die *onderlinge liefde* in die gemeente op 'n besondere wyse aan die lig.

Christus, as die absolute Sleuteldraer, is ook die *absolute* Subjek van die tug oor ampsdraers. In die uitoefening van die sleutelmag maak Hy van menslike instrumente gebruik. Die Nuwe Testament en die Belydenis gee egter geen steun aan die gedagte dat die *owerheid* die regering en die tug oefening in die kerk moet behartig, soos wel dikwels in die geskiedenis van die kerk gebeur het nie.

Die instrumente, wat Christus gebruik as die *eintlike bedienende* subjekte van die tug oor ampsdraers, is die ouderlinge. Hulle voer hierdie opdrag finaal *gesamentlik, as kerkraad*, uit.

Volgens die Skrif en die Kerkorde het die diakens geen taak in die tug oefening volgens art. 79 K.O. nie.

Hierdie taak of opdrag van die kerkraad, om die tug volgens art. 79 K.O. uit te oefen, is egter deur die plaaslike kerke onderling in kerkverband vrywillig, maar nie opsioneel nie, begrens, sonder om daardeur hul selfstandigheid in te boet.

Die doel van hierdie begrensing is om groter objektiwiteit en regssekerheid in die tughandeling te verseker. Dit geskied deur die inskakeling van meerdere kerklike vergaderings in die tugproses.

Voordat daar ondersoek ingestel kan word na die tugreg van meerdere vergaderings, moet daar eers "inleidend" aandag gegee word aan verskeie aspekte van kerkverband en mindere en meerdere vergaderings.

Die volgende punte kan in hierdie verband aangestip word:

- kerkverband is 'n goddelike roeping kragtens die eenheid van die liggaam van Christus. Dit is geen opsioneel-vrywillige saak vir elke plaaslike kerk nie;
- kerkverband en algemene kerk is nie identies nie. Die algemene kerk gaan aan die plaaslike kerk vooraf, terwyl die plaaslike kerk aan die kerkverband voorafgaan;
- die plaaslike kerk sal ten volle kerk kan wees selfs al is daar geen kerkverband nie;
- die kerkverband hef nie die selfstandigheid van die plaaslike kerk op nie;
- kerkverband is nie *kerk* soos die plaaslike kerk nie;

- die verbinding van plaaslike kerke in kerkverband kom uitwendig tot openbaring in die instelling van verskillende samekomste. Hierdie samekomste is *meerdere* vergaderings en nie *hoëre* vergaderings nie;
- van hierdie meerdere vergaderings word 'n prototipe in Handeling 15 gevind, hoewel nie in alle uitgewerkte besonderhede nie;
- op grond van Handeling 15 kan beweer word dat die stelsel van meerdere vergaderings berus op 'n voorskriftelike goddelike reg;
- uit Handeling 16:4 blyk duidelik dat 'n meerdere vergadering besluite met bindende krag vir al die plaaslike kerke neem;
- 'n meerdere vergadering is 'n vergadering van *kerke* en nie van *kerkrade* of *ampsdraers* nie;
- hierdie kerke word in die meerdere vergaderings verteenwoordig deur afgevaardigdes met behoorlike geloofsbriewe. Omdat die plaaslike kerke juis ter wille van die *kerkregering* in meerdere vergaderings saamkom, is die bogenoemde afgevaardigdes diegene wat in die *regeeramp* staan, naamlik die predikante en ouderlinge. In die lig van art. 79 K.O., dat die *kerkraad*, dit is volgens art. 37 K.O. die predikante(e) en ouderlinge, die tug oor ampsdraers uitoefen, is bogenoemde reëling van groot betekenis by die oor-

weging van die tugreg van meerdere vergaderings. In *uitsonderlike gevalle* kan 'n plaaslike kerk ook diakens en selfs lidmate as hulp-ouderlinge na die klassis afvaardig;

- die geloofsbriewe van die afgevaardigdes dien as bewys dat hulle wettig gestuur is as verteenwoordigers van die kerke en as gesante van Christus. In die geloofsbriewe wat in die G.K.S.A. gebruik word, word die gesag van Gods Woord en die krag van die Belydenisskrifte pertinent erken. Die afgevaardigdes mag slegs daarvolgens oordeel en besluit;
- in die geloofsbrief ontvang afgevaardigdes 'n *algemene* opdrag. Hulle kan egter ook *besondere* opdragte ontvang. Elke beskrywingspunt of beswaarskrif wat 'n afvaardiging namens die afvaardigende vergadering in die meerdere vergadering moet stel, is *in wese* 'n besondere opdrag, ook genoem 'n "mandat impératif", waaraan hy hom moet hou. Anders word die *beginnel* en die *wese* van afvaardiging in sy kern aangetas;
- omdat daar slegs één gesag in die kerk is, naamlik die gesag van Christus, is dit beter om te praat van gesag *in* kerklike vergaderings in plaas van gesag *van* kerklike vergaderings;
- die gesag in meerdere vergaderings ten aansien van die mindere vergaderings is, volgens Voetius, nie *privatief* (berowend) nie, maar *kumulatief* (daarnaas bestaande). Die gesag in die verskil-

lende vergaderings is dieselfde, omdat dit die gesag van Christus is. Dit verskil nie *wesentlik* van mekaar nie, maar slegs in *omvang* en *duurte*. Meerdere vergaderings kan dus nooit hiërargiese *kerkbesture* wees sonder om Christus as Hoof van sy kerk uit te skuif nie;

- meerdere vergaderings mag slegs kerklike sake op kerklike wyse behartig. Verder mag slegs sake, wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie, of wat by 'n meerdere vergadering tui shoort, deur meerdere vergaderings behandel word. Meerdere vergaderings mag nie hiërargies in die sake, wat 'n mindere vergadering kan afhandel, ingryp nie;
- 'n belangrike beginsel in die Gereformeerde kerkreg is dat Gods Woord die grens van alle gesag is (kyk art. 31 K.O.);
- as iemand meen dat 'n bepaalde besluit van 'n kerklike vergadering nie aan die bepalinge van art. 31 K.O. beantwoord nie, moet hy daarvan afdoende bewys lewer, of by die vergadering wat die besluit geneem het, of by die meerdere vergadering op wie 'n beroep gedoen word. Intussen bly so 'n besluit vas en bindend, met die voorbehoud dat Handeling 5:29: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as die mense." altyd voorop gaan. Die eenheid in kerkverband mag egter nie onnodig in gevaar gestel word nie;

- hierdie eenheid van kerke in kerkverband maak dit noodsaaklik dat die kerke op mekaar sal ag gee in die gees van Hebreërs 10:24, en soos bepaal in art. 44 K.O., waar kerkvisitasie gereël word. Hierdie reëling van kerkvisitasie kan 'n belangrike middel wees om die tug oor ampsdraers te voorkom.

Wanneer nou meer in besonder die tugreg van meerdere vergaderings ondersoek word, moet noukeurig daarteen gewaak word om nie voorbeelde uit die verlede en standpunte van persone vanselfsprekend as gesagvolle presedente te aanvaar nie. In die Gereformeerde Kerke geld naamlik geen "*presedensiële*" kerkreg nie, maar 'n *skriftuurlike* kerkreg. Elke voorbeeld en standpunt moet eers aan die Skrif en die regte beginsels van die Gereformeerde kerkreg getoets word.

Op grond van artt. 77 en 79 K.O. kan gesê word dat meerdere vergaderings wel tugreg het, hoewel slegs in sekere gevalle ooreenkomstig die beperking in art. 30 K.O.. Daardeur word meerdere vergaderings egter nie hoëre besture nie, terwyl die selfstandigheid van die plaaslike kerk ten volle gehandhaaf word.

Voetius stel dit baie duidelik dat die tug deur elke plaaslike kerk, deur middel van die kerkraad, uitgeoefen word. In drie gevalle het meerdere vergaderings tugmag: in geval van wanbestuur, ongeneeslike bederf en hoër beroep.

As 'n meerdere vergadering onder "normale" omstandighede die tug sou uitoefen met verbygang van die plaaslike kerk, sou dit neerkom op blatante kollegialisme. Voetius lê nadruk daarop dat die reg en die uitoefening van die mag vir elke plaaslike kerk ongeskonde bewaar moet word. Wanneer die hele kerk nie hopeloos bedorwe is nie, sê hy, strek die tugreg van meerdere vergaderings nie verder as net om voor te berei en te besluit nie. Die *uitvoering* van die tug-handeling berus by die kerkraad.

Die sleutel tot die oplossing van die probleem van die tugreg van meerdere vergaderings in verhouding tot die plaaslike kerk lê in die beginsel van art. 30 K.O.. Wanneer 'n saak nie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, al is dit ook as gevolg van *onwil*, en wanneer dit by die meerdere vergadering tui shoort, dan, maar ook *slegs* dan, mag *en moet* die meerdere vergadering dit behandel. Dit is die logiese konsekwensie van die eenheid en verbondenheid van die plaaslike kerke in kerkverband. S6 bepaal die beginsel in art. 30 K.O. die inisiatief, uitoefening en omvang van die tugreg van meerdere vergaderings. Verskillende tuggevalle wat in hierdie studie bespreek is, het aan die lig gebring dat hierdie beginsel in art. 30 K.O. nie altyd konsekwent eerbiedig is nie.

Volgens Voetius mag 'n meerdere vergadering 'n hele kerkraad afsit as daar hardnekkige wanbestuur is. Die mag word dan aan een of meer naburige kerkrade

opgedra totdat die orde herstel en 'n nuwe kerkraad ingestel is. Die alternatief is dat die hele gemeente in so 'n geval buite die kerkverband geplaas word. Dit sou egter onregverdig wees teenoor die "gesonde" deel van die gemeente.

'n Meerdere vergadering mag ook, in die alleruiterste gevalle van slegte beheer en ongeneeslike bederf, die ekskommunikasie toepas. Voetius verwys hiervoor na die voorbeeld van Coolhaes. So 'n ekskommunikasie moet egter steeds volgens die beginsel van art. 30 K.O. en ooreenkomstig artt. 76 en 77 K.O. geskied. Dit moet 'n liefdeshandeling van geestelike aard wees, met die doel onder andere om die sondaar tot bekering te bring.

Voetius praat egter ook van 'n *indirekte* of *analogiese* tug, wanneer 'n plaaslike kerk buite die kerkverband geplaas word. Dit word egter aangewend waar die eintlike of direkte tug nie uitgeoefen kan word nie. So 'n kerk word afgesny van die liggaam van Christus. Hierdie ekskommunikasie van 'n hele gemeente moet, ooreenkomstig die doel en aard van die tug as sodanig, voorafgegaan word deur herhaalde vermanings.

Wanneer daar onherstelbare bederf by die kerkraad is, *en die kerkverband kan of wil nie help nie*, moet die gemeente, volgens Voetius, *self* optree, sonder hulp van buite. Die veronderstelling is egter dat toestande so gou moontlik na normaal sal terugkeer.

Die tugreg van meerdere vergaderings is inderdaad 'n belangrike en delikate aangeleentheid. In die beoordeling van gevalle in die verlede moet rekening gehou word met alle omstandighede, sodat tot 'n gebalanseerde gevolgtrekking gekom kan word. 'n Goeie voorbeeld in hierdie opsig is die skorsing en afsetting van predikante deur die Sinode van Dordrecht, 1618-1619, en ander meerdere vergaderings in daardie tyd. Hoewel dit voorkom asof die meerdere vergaderings hul bevoegdheid oorskry het, sê Voetius tereg dat die kerkregering en tug in buitengewone gevalle van skeurmakery, verdeeldhede en partyskappe nie altyd gewoon kan verloop nie.

Wanneer die tugreg van meerdere vergaderings nie suiwer volgens Skrif en Kerkorde uitgeoefen word nie, lei dit tot oneer van God, tot nadeel en verskeuring van die kerk van Christus en tot skade van die beskuldigde ampsdraers. Hiervan is tragiese voorbeelde in die geskiedenis bekend.

'n Gevaar waarteen ook gewaak moet word, is dat die tug nie *eensydig* toegepas word nie. Leer en lewe is *albei* aan tug oefening onderhewig. Tug oor leer en tug oor lewenswandel is ewe belangrik en mag ook nooit van mekaar geskei word nie. In *albei* gevalle is die wet van die Here die enigste maatstaf.

Die Skrif tipeer die kerk as 'n *heilige* tempel van God. Ook word op verskeie plekke, per implikasie asook eksplisiet, tug veronderstel en/of voorgeskryf

in geval van sekere oortredings. In verskerpte mate is dit van toepassing op ampsdraers, wat onberispelike voorbeelde vir die gemeente moet wees.

Ook art. 80 K.O. noem spesifieke sondes in lewenswandel wat strafbaar is met skorsing en/of afsetting. Duidelik is in hierdie verband ook die vereistes waaraan 'n ampsdraer in sy lewenswandel moet beantwoord, soos dit in die Nuwe Testament gestel word.

'n Ampsdraer moet egter ook getug word as hy oortree ten opsigte van leersuiwerheid. Die kerk is immers 'n pilaar en grondslag van die waarheid. Die noodsaaklikheid van leertug kom herhaaldelik in die Skrif na vore, direk en indirek.

In die Nuwe Testament word ook die belangrikheid van die suiwere leer en Belydenis beklemtoon, terwyl die afwykende leer veroordeel word.

Sonder die suiwere leer kan die kerk nie ware kerk wees nie (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29). Die kerk moet nougeset waak oor die suiwere leer en Belydenis, soos dit inderdaad in artt. 4, 5, 9, 44, 53-54 en 79-80 K.O. gereël word.

Vir Calvyn was die nougesette ondersoek met betrekking tot leer en lewenswandel, by die toelating tot die amp en daarna, een van die hoofsaake.

Die Belydenis, as interpretasie van wat die Skrif oor bepaalde sake leer, is aan die Skrif ondergeskik.

As akkoord van kerklike gemeenskap het dit egter gesag, omdat dit met die Skrif ooreenkom. *As sodanig* moet ampsdraers in die Gereformeerde Kerke dit dan ook onderteken. Weiering om dit te doen, word gevolg met skorsing en afsetting.

Hierdie binding aan die Belydenis, as waarborg dat die ampsdraers van harte die regte leer toegedaan is, het juridiese krag en is vir die voortbestaan van die ware kerk in hierdie leuenagtige wêreld van kardinale belang.

Hoewel daar dan ook in die Gereformeerde Kerke ruimte gelaat word vir beswaarskrifte teen die Belydenis, vir die vryheid van profesie en vir die verdraagsaamheid, word leervryheid hoegenaamd nie daardeur toelaatbaar gemaak nie. Vryheid van profesie en verdraagsaamheid word ook nie geduld in sake wat die grondslae van die leer raak nie.

Noukeurige ondersoek na leer en lewe, asook binding aan die Belydenis, is belangrik vir die toelating tot die bediening van Woord en sakramente (kyk artt. 3, 4 en 9 K.O.). Een van die implikasies hiervan is dat kanselruil tussen predikante van kerke, wat nie in kerkverband met mekaar leef nie, uitgesluit is.

Die nougesette waaksaamheid ten opsigte van die suiwerheid van leer by die toelating tot die bediening van Woord en sakramente is belangrik as 'n voorkomende maatregel in die proses van die toepassing van leertug.

In die verskillende gevalle van leertug, wat in hierdie studie bespreek is, is die konsekwente toepassing van leertug in sommige gevalle, byvoorbeeld in die gevalle van Coolhaes, die Dordtse Sinode van 1618-1619 en daarnā, Geelkerken en die Kerke in die Kaap in die 19e eeu, verblydend.

Die periodes rondom 1834 en 1886 is egter tragiese tydperke in die kerkgeskiedenis, omdat die "leertug" misbruik is om die suiwere leer te onderdruk.

Soms, veral in die geval van Schilder en Greijdanus, is leeruitsprake rigoristies afgedwing en die "vryheid van profesie" nie ruim genoeg toegepas nie. Die kerkskeuring wat hierop gevolg het, is 'n tragedie, wat selfs nie deur die ootmoedige belydenis van die Sinode van Amsterdam (1967-1968) ongedaan gemaak kon word nie.

Die huidige verslapping in die leertug in die G.K.N., soos afgelei kan word uit die herroeping van die besluit van die Sinode van Assen (1926), maar veral uit die hantering van die besware teen Kuitert en Wiersinga, kan waarskynlik herlei word na bogenoemde kerkskeuring. Dit is met leedwese dat die Gereformeerde Kerke vandag moet aanskou hoedat leervryheid in die G.K.N. geduld word. Die "spanning" tussen waarheid en eenheid, wat tipies is van die volkskerk en wat veral in die Kuitert-geval merkbaar is, is die tragedie van die hedendaagse G.K.N..

Dié kerk, wat waarlik 'n heilige tempel van God en 'n pilaar en grondslag van die waarheid wil wees, moet omvattend erns maak met die konsekwente toepassing van die tug, oor lidmate en oor ampsdraers ... of daar nou ten opsigte van die suiwerheid van die leer of die vroomheid van lewenswandel gesondig is. Die praktiese toepassing van die tug moet ook in alle opsigte korrek geskied.

In hierdie verband moet deeglik rekening gehou word met die skriftuurlike en kerkordelike onderskeid tussen geheime en openbare sondes. Volgens art. 79 K.O. moet 'n ampsdraer getug word as hy 'n openbare growwe sonde bedryf het. Dit gebeur dus nie as gevolg van onbenullighede nie.

Die "sondelys" in art. 80 K.O. behels net die *vernaamste* growwe sondes. 'n Volledige kasuïstiese katalogus van moontlike tugwaardige sondes is onmoontlik en onnodig. Elke geval moet volgens sy eie omstandighede beoordeel word.

Voordat 'n kerkraad 'n tugsak teen 'n ampsdraer ter tafel neem, moet daar objektief seker vasgestel word of die beginsel in I Timotheüs 5:19 eerbiedig is. Hierdie beginsel is in die vroeë geskiedenis van die G.K.S.A. verskeie kere verontagsaam.

Wanneer 'n tugsak nou formeel ter tafel geneem is, moet daar deur middel van 'n *voorlopige* ondersoek vasgestel word of daar 'n "prima facie"-saak is. Indien so 'n saak *nie* uitgemaak is nie, gaan die kerkraad

nie met die saak voort nie. Indien *wel*, moet so 'n ampsdraer dadelik voorlopig in sy diens geskors word. Dit is 'n voorlopige dissiplinêre maatreël waardeur so 'n ampsdraer verbied word om enige ampsfunksies te verrig.

Daarna moet die hulp van een of twee naburige kerk-rade ingeroep word, wat in wese 'n "classis contracta" is. Hierdie "classis contracta" het bevoegdheid tot skorsing en afsetting van ouderlinge en diakens en skorsing van predikante. Die *afsetting* van predikante berus by die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode. Die rede hiervoor is nie omdat predikante hoër in rang as ouderlinge en diakens is nie, maar slegs omdat daar met die afsetting van 'n predikant soveel meer op die spel is as in die geval van 'n ouderling of diaken.

'n Teologiese professor is ook 'n predikant, slegs met 'n spesifieke leer-opdrag. Daarom word die tug oor hom uitgeoefen deur die kerkraad van die gemeente waar hy woon, met behulp van die betrokke meerdere vergaderings (art. 79 K.O.). Ontslag as professor berus by die Kuratorium van die Teologiese Skool. Afsetting as predikant hou vanself ontslag as professor in.

Skorsing van 'n ampsdraer beteken tydelike opskorting van die *bediening* van die amp. *Afsetting* van 'n ampsdraer is egter 'n oneervolle "uitsetting" uit die amp self.

’n Beskuldigde ampsdraer moet in alle gevalle die volste geleentheid hê om homself te verdedig. Hy het ook, binne redelike perke, reg van insae in, uit-treksels uit en afskrifte van stukke wat op sy saak betrekking het.

Wanneer die plaaslike kerkraad en die naburige kerkraad of kerkrade ’n tugsaaak behandel, moet hulle afsonderlik tot ’n onafhanklike beslissing kom. Dieselfde geld ook as die klassis en die deputate van die partikuliere sinode oor die afsetting van ’n predikant moet besluit. By gebrek aan ooreenstemming moet die saak in die eerste geval na die klassis en in die tweede geval na die partikuliere sinode vir beslissing verwys word.

Van die skorsing en afsetting van predikante moet vertroulik aan alle kerke in die kerkverband kennis gegee word. Ook die gemeente moet paslik kennis kry waar tug op ampsdraers toegepas is.

Tydens die skorsing van ’n predikant mag sy traktement nie gedeeltelik of geheel van hom weerhou word nie, omdat dit prinsipieel buite orde is.

Die tug volgens artt. 76 en 77 K.O. volg nie *vanselfsprekend* op die tug volgens art. 79 K.O. nie. Dit hang van verskeie faktore af. Indien ’n ampsdraer egter volgens art. 79 sowel as artt. 76 en 77 K.O. getug moet word, gaan die tug volgens art. 79 K.O. voorop.

'n Gevaar waarteen gewaak moet word, is dat die "ontslag" wat in art. 11 K.O. genoem word, nie in die plek van art. 79 K.O. gebruik word nie.

In geval daar tug toegepas moet word op 'n predikant wat nie lidmaat van sy "roepende" kerk is nie, moet dit geskied by wyse van onderlinge oorlegpleging deur die twee kerkrade. Die "roepende" kerkraad moet die tug ooreenkomstig art. 79 K.O. toepas en die kerkraad van die kerk waar die predikant woon, die tug ooreenkomstig artt. 76 en 77 K.O.. By gebrek aan ooreenstemming tussen die twee kerkrade moet die saak verwys word na die klassis waaronder die "roepende" kerkraad ressorteer.

Wanneer 'n persoon eiewillig sy amp neerlê of die gemeenskap met die kerk opsê, al is dit ook per implikasie deur verhuising sonder losmaking en attestasie-aanvraag, kan hy nie getug word volgens art. 79 K.O. nie. In sulke gevalle moet die verantwoordelike vergaderings die amp vervalde verklaar.

Sekere tuggevalle wat bespreek is, het bepaalde foutiewe optredes aan die lig gebring, waarteen gewaak moet word.

'n Afgesette ampsdraer kan weer tot die bediening toegelaat word. Elke geval moet egter versigtig volgens eie omstandighede en op eie verdienste beoordeel word.

Van "ampsherstel" kan daar slegs gepraat word ná die opheffing van skorsing en nadat 'n appèl teen 'n besluit tot afsetting geslaag het. Opheffing van die afsetting van 'n ouderling of diaken (behalwe in die geval van 'n suksesvolle appèl) is geen "ampsherstel" nie, maar dit word in praktyk gebring deur 'n *nuwe verkiesing* tot die amp. Opheffing van die afsetting van 'n predikant (behalwe in die geval van 'n suksesvolle appèl) geskied by wyse van herberoepbaarstelling ooreenkomstig art. 4 K.O. deur die partikuliere sinode in wie se ressort hy uit die amp is. Daarvoor word 'n oordeel en aanbeveling van die kerk waar so 'n persoon woon, asook 'n aanbeveling van die kerk en klassis waar hy uit die amp is, benodig.

Oor die opheffing van *skorsing* sal dié vergadering, wat dit toegepas het, moet besluit. In die geval van 'n predikant mag die advies van die klassis en deputate van die partikuliere sinode ook benodig word.

Opheffing van die tug en hertoelating tot die bediening moet in alle gevalle met groot versigtigheid geskied. Dit mag egter nooit gedoen word sonder die oortuiging van opregte berou nie. Daar moet ook steeds ten volle rekening gehou word met die eer van God en die welsyn van die kerk.

Afsluitend kan gesê word dat die kerk, in sowel die *toepassing* van die tug op ampsdraers as die *opheffing* daarvan, steeds gedryf moet word deur hierdie gesindheid: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Handelinge

9:6).

Hy is immers die Hoof van sy kerk!

BIBLIOGRAFIE

- ALAND, Kurt, BLACK, Mathew, MARTINI, Carlo M.,
METZGER, Bruce M., WIKGREN, Allen. 1970.
The New Testament Greek and English. New York,
American Bible Society.
- AARTS, Jan. 1972. Die Lehre Martin Luthers über das
Amt in der Kirche. Helsinki.
- BANNERMAN, James. 1974. The Church of Christ.
Volume 1, 2. Edinburgh en Carlisle, Pennsylvania,
The Banner of truth trust.
- BAVINCK, H. 1929. Gereformeerde Dogmatiek. Derde
Deel. Kampen, Kok.
- BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Vierde
Deel. Kampen, Kok.
- BEHM, J. 1964. anathéma. (In Kittel, Gerhard, ed.
Theological dictionary of the New Testament,
I: 354-355. Grand Rapids/London, Eerdmans).
- BEHM, J. 1967. noutheteoo. (In Kittel, Gerhard,
ed. Theological dictionary of the New Testament,
IV: 1019-1022. Grand Rapids, Eerdmans).
- BERKHOF, H. 1950. Geschiedenis der kerk. Nijkerk,
Callenbach.
- BERKOUWER, G. C., MILO, W. L., HOEK, J., KRAAN,
E. D. s.j. Toelichting op het synode-besluit
tot schorsing van prof. dr. K. Schilder.
- BERTRAM, G. 1967. paideuoo, paideia, paideutés,
apaideutos, paidagoogos. (In Friedrich, Gerhard,
ed. Theological dictionary of the New Testament,
V: 596-625. Grand Rapids, Eerdmans).

BESTER, G. B. C. 1979. Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal insake art. 79 K.O. (In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die veertigste sinode. p. 560).

1) x BIESTERVELD, P. en KUYPER, H. H. 1905. Kerkelijk handboekje. Kampen, Bos.

BORNKAMM, G. 1968. presbus, presbuteros, presbutés, sumpresbuteros, presbuterion, presbeuoo. (In Friedrich, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, VI: 651-683. Grand Rapids, Eerdmans).

BOS, F. L. 1939. Archiefstukken betreffende de Afscheiding van 1834. Eerste deel. Kampen, Kok.

BOS, F. L. 1940. Archiefstukken betreffende de Afscheiding van 1834. Tweede deel. Kampen, Kok.

BOS, F. L. 1942. Archiefstukken betreffende de Afscheiding van 1834. Derde deel. Kampen, Kok.

BOS, F. L. 1946. Archiefstukken betreffende de Afscheiding van 1834. Vierde deel. Kampen, Kok.

BOS, F. L. 1950. De orde der kerk. 's Gravenhage, Guido de Bres.

BOUMA, C. 1942. De Brieven van den apostel Paulus aan Timotheus en Titus. (In Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amsterdam, Van Bottenburg).

BOUWMAN, H. 1912. De kerkelijke tucht. Kampen, Kok.

BOUWMAN, H. 1918. De beteekenis van de Synode van Dordrecht. (In Bouwman, H., Landwehr, J. H., Kaajan, H., Rullmann, J. C.: De Dordtsche Synode van 1618-1619. Geref. Traktaatgenootschap "Filippus").

- BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd kerkrecht. Eerste deel. Kampen, Kok.
- BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd kerkrecht; het recht der kerken in de practijk. Tweede deel. Kampen, Kok.
- BOUWMAN, M. 1937. Voetius over het gezag der synoden. Amsterdam, Bakker.
- BOUWMAN, M. 1944. Tweërlei kerkrecht? Het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch gereformeerd. Amsterdam, Bakker.
- BOUWMAN, M. 1945. Geen rechtskrenking; het tuchtvonnis over dr. K. Schilder getoetst aan de normen van het gereformeerde kerkrecht. Amsterdam, Bakker.
- BRINK, William P. en DE RIDDER, Richard R. 1979. Manual of christian reformed church government. Grand Rapids, Board of Publications of the Christian Reformed Church.
- BRONKHORST, A. J. 1947. Schrift en kerkorde. Den Haag.
- BÜCHSEL, F. 1964a. deoo (luoo). (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, II: 60-61. Grand Rapids, Eerdmans).
- BÜCHSEL, F. 1964b. paradosis. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, II: 172-173. Grand Rapids, Eerdmans).
- BÜCHSEL, F. 1964c. elegchoo. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, II: 473-475. Grand Rapids, Eerdmans).
- BULTMANN, R. 1964. aischunoo, epaischunoo, kataischunoo, aischunē, aischros, aischrotēs. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, I: 189-191. Grand Rapids/London, Eerdmans).

- BULTMANN, R. 1967. *merimnaoo, promerimnaoo, merimna, amerimnos*. (In Kittel, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, IV: 589-593. Grand Rapids, Eerdmans).
- CALVIN, J. 1849. Commentary on the epistle of Paul the apostle to the Corinthians. Translated from the original Latin, and collated with the author's French version. By the Rev. John Pringle. Volume Second. Edinburgh, Calvin Translation Society.
- CALVIN, J. 1854. Commentaries on the epistles of Paul to the Galatians and Ephesians. Translated from the original Latin, by the Rev. William Pringle. Edinburgh, Calvin Translation Society.
- CALVIN, J. 1856. Commentaries on the epistles to Timothy, Titus and Philemon. Translated from the original Latin, by the Rev. William Pringle. Edinburgh, Calvin Translation Society.
- CALVINI, Ioannis. 1866. *Opera quae supersunt omnia. Volumen V. Ediderunt G. Baum, E. Cunitz, E. Reuss. Brunsvigae, Schwetschke et Filium (Bruhn)*.
- CALVYN, J. 1900. *De Handelingen der apostelen. Opnieuw uit het Latijn vertaald, naar de editie van Baum, Cunitz en Reuss door ds. G. Wielenga. Tweede deel. Kampen, Kok*.
- CALVYN, Johannes. 1949? *Instituatie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. Uit het Latijn vertaald door dr. A. Sizoo. Tweede en Derde dele. Delft, Meinema*.
- CALVYN, Johannes. 1950. *Uitlegging van de Zendbrief van Paulus aan de Romeinen. Opnieuw vertaald uit het Latijn naar de uitgave van Baum, Cunitz en Reuss door dr. D. J. de Groot. Amsterdam, Van Bottenburg*.
- CASWELL, R. N. 1960. *The theory and practice of Calvinistic church discipline. Ongepubliceerde Ph.D.-proefskrif. Belfast, Queens University*.

- COETZEE, J. C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom, Pro Rege.
- COETZEE, J. V. 1943a. Onkunde of wat? *Die Hervormer*, xxxv(3): 12-13, Mei.
- COETZEE, J. V. 1943b. Neo-Calvinisme; verbastering of regte ontwikkeling? Potchefstroom, Calvyn Jubileum Boekefonds.
- COETZEE, J. V. 1947. Geskiedenisversaking. Potchefstroom, Calvyn Jubileum Boekefonds.
- CONRING, Enno. 1965. Kirche und Staat nach der Lehre der niederländischen Calvinisten in der ersten Hälfte des 17. Jahrhunderts. Neukirchener Verlag.
- DE BRUIN, J. L. 1955. Insake artikels 41 en 44 K.O. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hande-linge van die 32ste sinodale vergadering.* p. 179-186).
- DE BRUYN, P. J. 1979. Beskrywingspunt Part. Sinode Noord-Transvaal insake naam van G.K.S.A. (*In Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hande-linge van die veertigste sinode.* p. 560-561).
- DE JONG, J. 1918. Verklaring van de kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619. College-voordrachten van prof. dr. F. L. Rutgers over Gereformeerd kerkrecht, Deel IV. Rotterdam, Libertas.
- DE KLERK, P. J. S. 1954. Gereformeerde simboliek. Pretoria, Van Schaik.
- DELLING, G. 1972. tassoo, tagma, anatasoo, apotassoo, diatassoo, diatagê, etitagê, prostassoo, hupotassoo, hupotagê, anupotaktos, ataktos (ataктоos), atakteoo. (*In Friedrich, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, VIII: 27-48, Grand Rapids, Eerdmans*).
- DE VRIES, H. J. 1945. De Doleantie moreel veroordeeld. *De Reformatie*, 20(46): 5, Julie.

- DIJK, K. 1936. Het kerkbegrip der Doleantie. (In De reformatie van '86; gedenkboek bij het halve eeuwgetij der Doleantie. Kampen, Kok).
- DONNER, J. H. en VAN DEN HOORN, S. A. s.j. Acta of handelingen der Nationale Synode, in den Naam onzes Heeren Jezus Christus, gehouden door autoriteit der hoogmogende heren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlanden te Dordrecht, ten jare 1618 en 1619. Leiden, Donner.
- DOORNBOS, K. 1967. De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- DU PLESSIS, A. J. en DE WEERDT, P. 1976. Rapport (en minderheidsrapport) deputate vir advies: verhouding diakens tot meerdere vergaderings. (In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die nege-en-dertigste sinode. p. 26-45).
- DU PLESSIS, A. J. 1979. Rapport van die deputate vir kerkregtelike sake. (In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die veertigste sinode. p. 549-557).
- DU PLESSIS, H. L. M. 1966. Afdeling I. Oor die dienste. (In Kruger, L. S., Du Plessis, H. L. M., Spoelstra, B., Spoelstra, T. T. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. p. 47-171. Potchefstroom, Pro Rege).
- DU PLOOY, A. Le Roux. 1979. Ekklësia en meerdere vergaderinge. Ongepubliseerde Th.M.-Verhandeling - PU vir CHO.
- DU PREEZ, A. B. 1955. Kerkherstel en kerklike tug. *Die Gereformeerde Vaandel*, xxiv(4): 6-22, Desember.
- DU TOIT, J. D. 1961. Die sensuur. (In Versamelde werke van J. D. du Toit, VI: 445-454. Johannesburg, Dagbreek).

- DUVENAGE, S. C. W. 1962. Kerk, volk en jeug. Deel I. Die verhouding van kerk tot volk. Zaandijk.
- DUVENAGE, S. C. W. 1969. Die verhouding van kerk en koninkryk. (In Du Toit, S., Van der Walt, T., Snyman, W. J., Duvenage, S. C. W., Bingle, H. J. J., Du Plessis, H., red. Die koninkryk van God. p. 113-132. Potchefstroom).
- ENGELBRECHT, S. P. 1943a. Dogmatiese studies oor die Nederl. Geloofsbelydenis. Art. V. *Die Hervormer*, xxxiv(11): 7 en 9, Januarie.
- ENGELBRECHT, S. P. 1943b. Dogmatiese studies oor die Nederl. Geloofsbelydenis. Art. VII. *Die Hervormer*, xxxv(1): 7, Maart.
- ENGELBRECHT, S. P. 1943c. Antwoord aan ds. J. V. Coetzee. *Die Hervormer*, xxxv(3): 15-16, Mei.
- ENGELBRECHT, S. P. 1945. Neo-Calvinisme; ontwikkeling en afwyking. Pretoria, De Bussy.
- FEENSTRA, J. G. 1950. Onze Geloofsbelijdenis. Kampen, Kok.
- FLOOR, L. 1969. Die plek van die diaken in die koninkryk van God. (In Du Toit, S., Van der Walt, T., Snyman, W. J., Duvenage, S. C. W., Bingle, H. J. J., Du Plessis, H. red. Die koninkryk van God. p. 234-246. Potchefstroom).
- FLOOR, L. 1976a. Die presbiter by Lukas en Paulus. *In die Skriflig*, 10(37):22-33, Maart.
- FLOOR, L. 1976b. Die Hervorming: geen verhuising maar opruiming. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, Reeks F1, Studiestuk nr. 107, Oktober.
- GASSMANN, B. 1968. Ecclesia Reformata. Die Kirche in den reformierten Bekenntnisschriften. Freiburg-Basel-Wien, Herder.

- GELDENHUYS, F. E. o'B. 1951. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika. Pretoria, Van Schaik.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1926a. Acta der buitengewone Generale Synode van de ... gehouden te Assen van 26 Januari tot 17 Maart 1926. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1926b. Memoirie-boek behorende bij de Acta der buitengewone Generale Synode van de ... gehouden te Assen 1926. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1939 (insluitende 1940-1943). Acta van de voortgezette Generale Synode van de ... van Sneek 1939. p. 70, 79, 81, 83-84, 87, 90, 95-97, 100-101, 117-118, 122, 124-126, 132, 134, 137, 143-144, 158-159, 256-257, 263-264, 259-261, 272-273, 279-293. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1943-1945. Acta van de Generale Synode van de ... gehouden te Utrecht 1943-1945. p. 82, 101, 111-115, 118, 121, 124-125, 132, 134, 141-143, 148-154, 366, 376. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1967 en 1968a. Acta van de Generale Synode van Amsterdam 1967 en 1968 van de ... p. 70, 99-100, 137-141, 151-152, 154-156, 223-225, 265. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1967 en 1968b. Bijlagen bij de Acta van de Generale Synode van de ... van Amsterdam 1967 en 1968. p. 165-168, 248-269, 420-424. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1969 en 1970a. Acta van de Generale Synode van Sneek 1969 en 1970 van de ... p. 144-145, 150-152, 182, 361-365, 367-377. Kampen, Kok.

- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1969 en 1970b.
Bijlagen bij de Acta van de Generale Synode
van Sneek 1969 en 1970 van de ... p. 686-698.
Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1971. Kerk-
orde van de ...
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1971 en 1972a.
Acta van de Generale Synode van Dordrecht 1971
en 1972 van de ... p. 143-147, 158-161, 167-
171, 191-194, 212-214, 231-235, 249-252, 257-
260, 296-302, 307-309, 358-371, 376-377, 380-
382. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1971 en 1972b.
Bijlagen bij de Acta van de Generale Synode
van Dordrecht 1971 en 1972 van de ...
p. 138-141, 236-251. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1973/1975.
Acta van de Generale Synode van Haarlem 1973/
1975 van de ... p. 200-201, 206-211, 217-
222, 275-281, 328-329, 350-352. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1977/1979a.
Acta van de Generale Synode van Zwolle 1977/
1979 van de ... p. 40-45, 60. Kampen,
Kok.
- GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND. 1977/1979b.
Bijlagen bij de Acta van de Generale Synode
van Zwolle 1977/1979 van de ... p. 83-89.
Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1907. Hande-
lingen van de vyftiende algem. synodale kerk-
vergadering. p. 47.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1936. Hande-
linge van die vyf-en-twintigste sinodale ver-
gadering. p. 93-94.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1945? Kerk-
orde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-
Afrika.

- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1958. Hande-
linge van die 33ste sinodale vergadering.
p. 127-128, 134.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1961. Kerk-
orde van die ...
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1973. Hande-
linge van die agt-en-dertigste sinodale ver-
gadering. p. 453-454.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1976. Hande-
linge van die nege-en-dertigste sinode.
p. 296-301.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1979. Kerk-
orde van die ...
- GOUMAZ, Louis. 1964. Het ambt bij Calvijn. Fran-
ker, Wever.
- GREIJLDANUS, S. 1929. De Brieven van de apostelen
Petrus en Johannes, en de Brief van Judas.
(In Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amster-
dam, Van Bottenburg).
- GREIJLDANUS, S. 1937. Over vragen van gereformeerd
kerkverband. *De Reformatie*, 17(42): 341-343,
Julie.
- GREIJLDANUS, S. 1938a. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, I.
De Reformatie, 18(31): 281, April.
- GREIJLDANUS, S. 1938b. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, II.
De Reformatie, 18(32): 289-290, Mei.
- GREIJLDANUS, S. 1938c. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, III.
De Reformatie, 18(33): 297-298, Mei.
- GREIJLDANUS, S. 1938d. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, IV.
De Reformatie, 18(34): 305-306, Mei.

- GREIJLDANUS, S. 1938e. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, V.
De Reformatie, 18(35): 313-314, Mei.
- GREIJLDANUS, S. 1938f. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, VI.
De Reformatie, 18(36): 322-323, Junie.
- GREIJLDANUS, S. 1938g. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, VII.
De Reformatie, 18(37): 333-334, Junie.
- GREIJLDANUS, S. 1938h. Het wezen der meerdere kerke-
lijke vergaderingen volgens Voetius, VIII.
De Reformatie, 18(38): 341-342, Junie.
- GREIJLDANUS, S. 1940. Het heilig Evangelie naar de
beschrijving van Lucas. I. Hoofdstukken 1-12.
(In *Kommentaar op het Nieuwe Testament*. Amster-
dam, Van Bottenburg).
- GREIJLDANUS, S. 1950. De beide Brieven van den apos-
tel Petrus. (In *Korte verklaring der Heilige
Schrift*. Kampen, Kok).
- GREIJLDANUS, S. 1953. De Brief van den apostel Paulus
aan de Galaten. (In *Korte verklaring der Hei-
lige Schrift*. Kampen, Kok).
- GREIJLDANUS, S. s.j.a. Mijne schorsing door de Gene-
rale Synode van de Gereformeerde Kerken in
Nederland.
- GREIJLDANUS, S. s.j.b. Schriftbeginselen van kerk-
recht inzake meerdere vergaderingen. Enschede,
Boersma.
- GROENEWALD, E. P. 1954. Die kerklike tug oefening
volgens I Kor. 5. *Die Gereformeerde vaandel*,
xxiii(4): 3-11, Desember.
- GROSHEIDE, F. W. 1934. De Afscheiding en de theo-
logie. (In *Van's Heeren wegen*. Uitgegeef deur
"Het Comité tot herdenking van de Afscheiding
van 1834". Kampen, Kok).

- GROSHEIDE, F. W. 1948. De handelingen der apostelen. II. Hoofdstukken 15-28. (*In* Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amsterdam, Van Bottenburg).
- GROSHEIDE, F. W. 1950. Het heilig Evangelie volgens Johannes. I. Hoofdstukken 1-7. (*In* Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amsterdam, Van Bottenburg).
- GROSHEIDE, F. W. 1952. Wat leert het Nieuwe Testament inzake de tucht? (*In* Exegetica. Eerste reeks, derde deel. Delft, Keulen).
- GROSHEIDE, F. W. 1953. De openbaring Gods in het Nieuwe Testament. Kampen, Kok.
- GROSHEIDE, F. W. 1954. Het heilig Evangelie volgens Mattheus. (*In* Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen, Kok).
- GROSHEIDE, F. W. 1957. De eerste Brief aan de Kerk te Korinthe. (*In* Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen, Kok).
- GROSHEIDE, F. W. 1959. De tweede Brief aan de Kerk te Korinthe. (*In* Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen, Kok).
- HANEKOM, T. N. 1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika. Stellenbosch, Christen-Studentevereniging Maatskappy van Suid-Afrika.
- HAUCK, F. 1967. moomos, amoomos, amoomētos. (*In* Kittel, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, IV: 829-831, Grand Rapids, Eerdmans).
- HELBURG, J. L. 1979. Rapporte van deputate vir korrespondensie met buitelandse kerke. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die veertigste sinode. p. 130-133).
- HENDRIKS, A. N. 1977. Kerk en ambt in de theologie van A. A. van Ruler. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.

- HEPP, V. 1936. De Doleantie en de leertucht. (*In De Reformatie van '86; gedenkboek bij het halve eeuwgetij der Doleantie. Kampen, Kok*).
- HOOIJER, C. 1865. Oude kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten. Zalt-Bommel, Noman en Zoon.
- JACOBS, D. 1927. De verhouding tusschen de plaatselijke en de algemeene kerk in de eerste drie eeuwen. Leiden, Ginsberg.
- JANSEN, Joh. 1913. De kerkelijke tucht. Nijverdal, Bosch.
- JANSEN, Joh. 1928. Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen.
- JANSEN, Joh. 1952. Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken. Kampen, Kok.
- JANSEN, Joh. en POL, D. 1946. Kerkenordening van de Geref. Kerken in Nederland. Wageningen, Gebr. Zomer en Keuning.
- JANSSEN, G. 1963. Schorsing en kerkverband. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn.
- JEREMIAS, J. 1965. kleis. (*In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, III: 744-753. Grand Rapids, Eerdmans*).
- JONKER, W. D. 1959. En as jou broeder sondig ...; enkele aspekte van die kerklike tug. Kaapstad en Pretoria, N.G. Kerk.
- JONKER, W. D. 1965. Om die regering van Christus in sy kerk. Pretoria.
- JOOSTE, J. P. 1946. Die verhouding tussen kerk en staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu. Bloemfontein, SACUM.
- JOOSTE, J. P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom.

- JOOSTE, J. P. s.j. Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. (Ongepubliseerde klasdiktat - Teologiese Skool, PU vir CHO).
- KAAJAN, H. s.j. De groote Synode van Dordrecht in 1618-1619. Amsterdam, De Standaard.
- KAMPHUIS, J. 1966. Verkenningen III. Goes, Oosterbaan en Le Cointre.
- KAMPHUIS, J. 1977. De kerkelijke tucht IV. *De Reformatie*, 52(29): 453-454, April.
- KEIL, C. F. 1951. The twelve minor prophets. Volume II. (In Biblical Commentary on the Old Testament by C. F. Keil and F. Delitzsch. Translated from the German by the Rev. James Martin. Grand Rapids, Eerdmans).
- KEIZER, G. 1934. De Afscheiding van 1934. Kampen, Kok.
- KLEYN, H. G. 1888. Algemeene kerk en plaatselijke gemeente. Dordrecht, Morks.
- KLEYNHANS, E. P. J. 1974. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. N. G. Sendingpers.
- KRUGER, L. S. 1966. Afdeling IV. Die kerklike tug. (In Kruger, L. S., Du Plessis, H. L. M., Spoelstra, B., Spoelstra, T. T. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. p. 423-487. Potchefstroom, Pro Rege).
- KÜNG, H. 1976. The Church. London.
- KUYPER, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken. Amsterdam, Höveker.
- KUYPER, A. 1892a. E voto Dordraceno; toelichting op den Heidelbergschen Catechismus, Derde deel. Kampen, Kok.
- KUYPER, A. 1892b. *De Heraut*, 751, Mei.

- KUYPER, A. 1898. Van het kerkelijk ambt. (*In Gereformeerde stemmen uit vroeger en later tijd. 2e Serie. No. 1. September, Rotterdam*).
- KUYPER, A. 1901. Kerkelijke vertegenwoordiging, II. *De Heraut*, 1248, Desember.
- KUYPER, H. H. 1899? *De Post-Acta. Amsterdam, Höveker en Wormser*.
- KUYPER, H. H. 1919. Het conflict te Middelburg. *De Heraut*, 2157, Mei.
- KUYPER, H. H. 1923. Deel III-VI. De bevoegdheid der meerdere vergaderingen. *De Heraut*, 2355, Maart; 2356, Maart; 2357, Maart; 2358, April.
- KUYPER, H. H. 1931-32. De synoden der kerken en de macht die zij bezitten. (*In College-dictaten. Gereformeerd kerkrecht. Ongepubliceerd*).
- KUYPER, H. H. 1932. Napleiten, V. *De Heraut*, 2834, Mei.
- KUYPER, H. H. 1936. De Doleantie en de organisatie. (*In De Reformatie van '86; gedenkboek bij het halve eeuwgetij der Doleantie. Kampen, Kok*).
- KUYPERS, G. 1949a. Abraham Kuiper over het gezag der synoden, I. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 49. p. 16-40. Kampen, Kok.
- KUYPERS, G. 1949b. Abraham Kuiper over het gezag der synoden, slot. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 49. p. 100-129. Kampen, Kok.
- LANDWEHR, J. H. 1918. De handhaving der leer. (*In Bouwman, H., Landwehr, J. H., Kaajan, H., Rullmann, J. C.: De Dortsche Synode van 1618-1619. Geref. Traktaatgenootschap "Filippus"*).
- LANDWEHR, J. H. 1924. Handboek der kerkgeschiedenis. Vierde gedeelte. Kampen, Kok.

- LESSING, J. C. 1973. Beswaarskrif Klassis Vryburg:- Kerklidmaatskap. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die agt-en-dertigste sinodale vergadering.* p. 164-168).
- LIDDELL, H. G. en SCOTT, R. 1961. A Greek-English lexicon. Oxford.
- LOHMAN, A. F. DE SAVORNIN en RUTGERS, F. L. 1887. De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken. Amsterdam, Wormser.
- MALAN, C. J. 1979. Rapport van deputate insake hervertaling van die belydenisskrifte en verkorting van die formuliere. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die veertigste sinode.* p. 476-528).
- MENTZ, J. F. 1950. Die praktyk van die tug in ons Kerk. *Die Gereformeerde vaandel*, xvii(5): 7-9, Oktober.
- METZGER, Bruce M. 1971. A textual commentary on the Greek New Testament. United Bible Societies.
- MEYER, H. A. W. 1873. Critical and exegetical commentary on the New Testament. From the German translated, revised and edited by W. P. Dickson. Part VII. The epistle to the Galatians. Edinburgh, Clark.
- MEYER, H. A. W. 1879. Critical and exegetical commentary on the New Testament. Part I. The Gospel of St. Matthew. Volume II. Edinburgh, Clark.
- MONSMA, Martin. 1967. The new revised church order commentary. Grand Rapids, Zondervan.
- MOORREES, A. 1937. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging.
- MOULTON, W. F. en GEDEN, A. S. 1957. A concordance to the Greek Testament. Edinburgh, Clark.

- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen, Kok.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1978? Die kerkorde van die ... Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1981. *Die Kerkbode*, 133(33): 14, Augustus.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. 1979. Wet en bepalinge van die ...
- PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvyn. Kampen, Kok.
- PLOOY, C. P. 1948. Kerk en koninkryk Gods. *Gereformeerde Teologiese Tijdschrift*, 48(4): 210-218.
- POLMAN, A. D. R. s.j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Eerste, Derde en Vierde dele. Franeker, Wever.
- POP, F. J. 1962. De tweede Brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk, Callenbach.
- POP, F. J. 1965. De eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk, Callenbach.
- POSTMA, F. 1939. Beknopte woordeboek Latyn-Afrikaans. Pretoria, De Bussy; Kaapstad, H.A.U.M.
- POSTMA, J. 1970. Een eksamen vir toelating van bedienaars van die Woord. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die sewe-entertigste sinodale vergadering. p. 122-128*).
- REID, S. 1976. Covenant and kingdom: a christian view of history. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, Studiestuk nr. 99, Februarie.
- REITSMA, J. 1949. Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden. 's Gravenhage, Nijhoff.

- RENGSTORF, K. H. 1964. didaskoo, didaskalia, didaché. (In Kittel, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, II: 135-148; 160-163; 163-165. Grand Rapids, Eerdmans).
- RENGSTORF, K. H. 1971a. sêmeio-oo. (In Friedrich, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, VII: 265-266. Grand Rapids, Eerdmans).
- RENGSTORF, K. H. 1971b. stelloo. (In Friedrich, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, VII: 588-590. Grand Rapids, Eerdmans).
- RIDDERBOS, Herman. 1950. De komst van het koninkrijk. Kampen, Kok.
- RIDDERBOS, Herman N. 1957. When the time had fully come. Grand Rapids, Eerdmans.
- RIDDERBOS, Herman. 1971. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen, Kok.
- ROELEVELD, L. 1980. Die Gereformeerde kerkverband as societas van plaaslike gemeentes. *In die Skriflig*, 14(56): 5-26, Desember.
- ROGGE, H. C. 1869. Caspar Coolhaes en zijne geestverwanten. (In Geschiedenis der christelijke kerk in Nederland, Tweede deel. *Ed.* Ter Haar, B., Moll, W., Swalue, E. B. Rotterdam, Bolle).
- RULLMAN, J. C. 1928. De strijd voor kerkherstel in de Nederlandsch Hervormde Kerk der XIX^e eeuw. Kampen, Kok.
- RULLMAN, J. C. 1929. De Doleantie in de Nederlandsch Hervormde Kerk der XIX^e eeuw. Kampen, Kok.
- RULLMAN, J. C. 1930. De Afscheiding in de Nederlandsch Hervormde Kerk der XIX^e eeuw. Kampen, Kok.
- RUTGERS, F. L. 1889. Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. 's Gravenhage, Nijhoff.

- RUTGERS, F. L. 1890. De geldigheid van de oude kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. Amsterdam, Wormser.
- RUTGERS, F. L. 1921. Kerkelijke adviezen. ^{Tweede} Eerste deel. Kampen, Kok.
- SADLER, T. H. N. 1979. Die kerklike tughandeling. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel.
- SCHILDER, K. 1934. Beginsel, recht en beteekenis der Afscheiding. (In Van's Heeren wegen. Uitgegeve deur "Het Comité tot herdenking van de Afscheiding van 1834". Kampen, Kok).
- SCHILDER, K. 1945. Het kerkrecht "kent" de schorsingen van den laatsten tijd niet. *De Reformatie*, 20(53): 414, Augustus.
- SCHILDER, K. 1946. Persschouw. *De Reformatie*, 22(12): 95, Desember.
- SCHILDER, K. 1960. Leertucht. (In Verzamelde werken. De kerk I. Goes, Oosterbaan en Le Cointre).
- SCHLIER, H. 1964. hairesis. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, I: 180-184. Grand Rapids/London, Eerdmans).
- SCHLIER, H. 1965. kerdos, kerdainoo. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, III: 672-673. Grand Rapids, Eerdmans).
- SCHMIDT, K. L. 1964. basileia. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, I: 579-590. Grand Rapids/London, Eerdmans).
- SCHMIDT, K. L. 1965. ekklésia. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, III: 501-536. Grand Rapids, Eerdmans).
- SCHOKKING, H. 1902. De leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620. Amsterdam, Clausen.

- SCHWEIZER, E. 1968. pneuma, pneumatikos. (*In* Friedrich, Gerhard, *ed.* Theological dictionary of the New Testament, VI: 396-451. Grand Rapids, Eerdmans).
- SILLEVIS SMITT, P. A. E. 1910. De organisatie van de christelike kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam, De Vries.
- SNYMAN, W. J. 1977. Nuwe en ou dinge. Potchefstroom, Pro Rege.
- SOHM, R. 1923. Kirchenrecht. Erster Band. München und Leipzig, Von Duncker & Humblot.
- SPOELSTRA, B. 1963. Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Nasionale Boekhandel.
- SPOELSTRA, B. 1966. Die tweede afdeling. Oor die kerklike samekomste of vergaderinge. (*In* Kruger, L. S., Du Plessis, H. L. M., Spoelstra, B., Spoelstra, T. T. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. p. 175-419. Potchefstroom, Pro Rege).
- SPOELSTRA, B. 1967. Die gesag van meerdere kerkvergaderings. *In die Skriflig*, (3): 23-24, Mei-Junie.
- SPOELSTRA, B. 1970. Koninkryk en kerk. *In die Skriflig*, 4(13): 44-57, Maart.
- SPOELSTRA, B. 1971. Diskussie. Die begrip kerkverband. *In die Skriflig*, 5(18): 52-55, Junie.
- SPOELSTRA, B. 1976a. Die diens van ouderling vandag. *In die Skriflig*, 10(37): 41-48, Maart.
- SPOELSTRA, B. 1976b. Is die "ouderlingamp" in Hand. 6 ingestel? *In die Skriflig*, 10(38): 52-57, Junie.
- SPOELSTRA, B. 1980. Die beginsel in art. 30 K.O. *In die Skriflig*, 14(55): 3-12, September.

- STÄHLIN, G. 1964. aiteoo, aitéma, apaiteoo, exaiteoo, paraiteomai. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, I: 191-195. Grand Rapids/London, Eerdmans).
- STÄHLIN, G. 1968. proskoptoo, proskomma, proskopé, aproskopos. (In Friedrich, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, VI: 745-758. Grand Rapids, Eerdmans).
- STAUFFER, E. 1965. Theos. (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, III: 94-119. Grand Rapids, Eerdmans).
- STEIN, Wolfgang. 1974. Das kirchliche amt bei Luther. Wiesbaden, Steiner.
- STRACK, H. L. en BILLERBECK, P. 1922. Das Evangelium nach Matthäus erläutert aus Talmud und Midrash. Erster (Doppel) Band. (In Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrash. München, Beck).
- STRATHMANN, H. 1967. martus, ... (In Kittel, Gerhard, ed. Theological dictionary of the New Testament, IV: 474-514. Grand Rapids, Eerdmans).
- TROMMIUS, Abraham. s.j. Nederlandsche concordantie des Bijbels. Rotterdam, Voorhoeve.
- VAN ANDEL, J. 1897. Paulus' eerste Brief aan de Corinthiërs. Leiden, Donner.
- VAN ANDEL, J. 1903. Paulus' tweede Brief aan de Corinthiërs. Leiden, Donner.
- VAN ANDEL, J. 1932. Het Evangelie naar de beschrijving van Lukas. Kampen, Kok.
- VAN DAALLEN, Aleida G., VAN DOOREN, J. P., DIJK, J., KORLVINKE, J., SCHWEITZER, C. J. 1953. Woordgebruik in zes Bijbel-vertalingen; het Nieuwe Testament; supplement behorende bij Abraham Trommius: Nederlandsche concordantie des Bijbels. Bussum, Voorhoeve.

- VAN DALE. 1950. Handwoordenboek der Nederlandse taal. 's Gravenhage, Nijhoff.
- VAN DELLEN, I. en MONSMA, M. 1954. The church order commentary. Grand Rapids, Zondervan.
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom, Pro Rege.
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1968. Dordt en die kerkreg. *Die Kerkblad*, 71(1972): 11-13, Oktober.
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1969. Die koninkryk van God en die kerkreg. (*In* Du Toit, S., Van der Walt, T., Snyman, W. J., Duvenage, S. C. W., Bingle, H. J. J., Du Plessis, H., red. Die koninkryk van God. p. 215-223. Potchefstroom).
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1977. Kerkregering. Die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Deel IV. Oor die kerklike tug. Artikels 71-86. (Ongepubliseerde klasdikaat - Teologiese Skool, PU vir CHO).
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1977/8. Die kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Deel I en II. (Ongepubliseerde klasdikaat - Teologiese Skool, PU vir CHO).
- VAN DER LINDE, G. P. L. 1978a. Die betekenis van die verhouding tussen die koninkryk van die hemele en die kerk vir die kerkreg. PU vir CHO., Potchefstroom. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H. Inouguerele redes nr. 45.
- 1) VAN DER LINDE, G. P. L. 1978b. Die koördinasie van die drie ampte met die oog op die uitbreiding van die koninkryk van God. *In die Skriflig*, 12(47): 41-45, September.
- VAN DER MERWE, D. C. S. 1973. Beswaarskrif ... teen Afrikaanse vertaling van art. 36, N.G.B. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hande-linge van die agt-en-dertigste sinodale vergadering. p. 191-193).

- VAN DER VYVER, G. C. P. 1958. Professor Dirk Postma 1818-1890. Potchefstroom, Pro Rege.
- VAN DER VYVER, G. C. P. 1964. Rapport i.s. her-siening van Kerkorde. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die vyf-en-dertigste sinodale vergadering.* p. 52-73).
- VAN DER VYVER, G. C. P. s.j. Dordtse kerkorde. (Ongepubliseerde kladiktaat - Teologiese Skool, PU vir CHO. Bladsye ongenommer).
- VAN DER WALT, B. J. 1980. Koninkryk, kerk, wêreld. *In die Skriflig*, 14(55): 27-32, September.
- VAN DER WALT, J. J. 1967. Rapport van deputate i.s. artikel 4, 13, 14, 21, 28 van die kerkorde. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die ses-en-dertigste sinodale vergadering.* p. 45-67).
- VAN DER WALT, J. J. 1970. Rapport oor kerkorde-artikels 18, 13, 82, 80. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die sewen-dertigste sinodale vergadering.* p. 425-431).
- VAN DER WALT, J. J. 1971. Kerk en kerkverband. *In die Skriflig*, 5(17): 22-32, Maart.
- VAN DER WALT, J. J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom, Pro Rege.
- VAN DER WALT, J. J. 1978. God se Woord die moderne antwoord. *In die Skriflig*, 12(46): 31-39, Junie.
- VAN DER WALT, T. 1962. Die koninkryk van God-naby! Kampen, Kok.
- VAN ES, W. A. 1946. Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diakenen. Kampen, Kok.
- VAN LEEUWEN, J. A. C. 1926. Paulus' Zendbrieven aan Efeze, Colosse, Filémon en Thessalonika. Amsterdam, Van Bottenburg.

- VAN LONKHUYZEN, J. 1932. Geen "napleiten", maar een tijdig waarschuwen. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 33(5): 182-212, September.
- VAN LONKHUYZEN, J. 1933. Debat niet mogelijk. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 33(12): 529-543, April.
- VAN LONKHUYZEN, J. 1937a. Apollonius' uitspraak geen bewijs. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 38: 19-40, Januarië. Aalten, De Graafschap.
- VAN LONKHUYZEN, J. 1937b. Dr. M. Bouwman's dissertatie nader getoetst, I. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 38: 513-531. Aalten, De Graafschap.
- VAN LONKHUYZEN, J. 1937c. Dr. M. Bouwman's dissertatie nader getoetst. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 38: 569-620. Aalten, De Graafschap.
- VAN LOON, J. C. A. 1942. Het Algemeen Reglement van 1816. Wageningen. Gebr. Zomer en Keuning.
- VAN ROOYEN, E. E. 1950. Gedagtes oor die kerklike tug van meer prinsipiële aard. *Die Gereformeerde vaandel*, xviii(5): 10-18, Oktober.
- VAN RULER, A. A. 1945. Religie en politiek. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. 1947a. Visie en vaart. Amsterdam, Holland Uitgeversmaatschappij.
- VAN RULER, A. A. 1947b. De vervulling van de Wet. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. 1948. Het apostolaat der kerk en het ontwerp-kerkorde. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. 1952. Bijzonder en algemeen ambt. Nijkerk, Callenbach.

- VAN RULER, A. A. 1965. Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome. Hilversum, Antwerpen, Paul Brand.
- VAN RULER, A. A. 1967. Is er een ambt van de gelovigen? *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 67: 169-193.
- VAN RULER, A. A. 1968. Ik geloof. De Twaalf Artikelen van het geloof in morgenwijdingen. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. 1971. Theologisch werk, III. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. 1972. Theologisch werk, V. Nijkerk, Callenbach.
- VAN RULER, A. A. s.j. Hoe functionneert de Belijdenis? Wageningen, Veenman en Zonen.
- VAN STEMPVOORT, P. A. 1961. De Brief van Paulus aan de Galaten. Nijkerk, Callenbach.
- VAN 'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen, Kok.
- VAN WYK DE VRIES, K. S. 1970. 'n Oriëntering in breë trekke: begrips- en plekbepaling van die koninkryk van God ten opsigte van en in verhouding tot die uitverkiesing, die kerk, die verbond en die maatskappy. *In die Skriflig*, 4(15): 5-17, September.
- VAN WIJK, N. 1929. Franck's Etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal. 's Gravenhage, Nijhoff.
- VEENHOF, C. 1949. Om de "Unica Catholica". Goes, Oosterbaan en Le Cointre.
- VENTER, H. 1955. Die naam van ons Kerk. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die 32ste sinodale vergadering. p. 70-79; 80-82*).

VENTER, W. F. 1958. Afvaardiging na meerdere vergaderings. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die 33ste sinodale vergadering. p. 37-43).

VISSER, J. 1973. Rapport van die deputate insake studie van die hersiene kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, losmaking van professore, eiewillige ampsneerlegging deur predikante en beroepbaarstelling van predikante wat bedank het. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Handeling van die agt-en-dertigste sinodale vergadering. p. 314-318).

VISSER, Jan. 1980. Kerklike tug; wat sê die Nuwe Testament? Noordbrug (Potchefstroom), Calvyn-Jubileumboekefonds.

VOETII, Gisberti. 1663. *Politicae ecclesiasticae. Partis primae. Libri duo priores.* Amstelodami, ex officina Joannis à Waesberge.

VOETII, Gisberti. 1676. *Politicae ecclesiasticae. Pars tertia et ultima. Quatuor libris adornata.* Amstelodami, apud Johannem Jansonium à Waesberge.

VOETII, Gisberti. 1885. *Tractatus selecti de politica ecclesiastica. Series prima.* Edidit F. L. Rutgers. Amstelodami, apud J. H. Kruyt.

VOETIUS, Gijsbertus. 1902. *Verhandeling over de zichtbare en georganiseerde kerk.* Uit het Latijn vertaald door R. J. W. Rudolph en F. F. C. Fischer. Kampen, Kok.

VORSTER, J. D. 1950. Die tug. *Die Gereformeerde vaandel*, xviii(5): 2-4, Oktober.

VORSTER, J. D. 1954. Die herstel van die tug in ons kerk. *Die Gereformeerde vaandel*, xxiii(4): 20-27, Desember.

VORSTER, J. D. 1956. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie 1652-1792. Potchefstroom, Pro Rege.

WHITE, John T. 1913. A complete Latin-English and English-Latin dictionary. London - New York - Bombay - Calcutta, Longmans, Green and Co.

WEIJLAND, H. B. 1965. Augustinus en de kerkelijke tucht. Kampen, Kok.

WESTERINK, H. J. 1948. Kerk en koninkrijk Gods.
Gereformeerd Theologisch Tydschrift, 48(3):
163-181.

WIELENGA, B. 1947. Onze Catechismus. Kampen, Kok.